Dertig jaar voor Conradie se analise, skryf die Christen-filosoof, Loren Wilkinson en medeskrywers, dat die geopenbaarde evangelie van Christus 'n veel sekerder riglyn vir aksie bied as wat die moderne wêreld met eeue se konflikterende filosofiese en godsdienstige idees kan bereik.[10] Wilkinson erken dat dit dikwels moeilik is in die praktyk om Christelike beginsels te onderskei van ander waarhede, half-waarhede en foute waarmee Christene hulle optrede rig. Ons het "hierdie skat [...] in kleipotte" (Kol. 4:7) skryf hy, maar desnieteenstaande gaan hy tog voort om waardevolle beginsels en riglyne in Christene se behandeling van die skepping aan te toon. Die eerste is om versigtig te wees dat die evangelie nie maar net gebruik word as gereedskap vir 'n omgewingsideologie of omgewingsprogram wat alreeds om ander redes ontstaan het nie. Enige sorg vir God se skepping moet uit die kern van die Christen se geloof spruit – nie uit die omvang van omgewingsprobleme of uit ander ideologieë vir omgewingsbewaring nie. Die tweede riglyn is dat Christene nie kan optree asof daar enige deel van die skepping of menslike optrede is wat buite die reikwydte van die evangelie val nie (Kol. 1:15–23). Beide beginsels word in hierdie boek ook as riglyn beskou en veronderstel 'n eerbiedige luister na die volle evangelie soos in God se geopenbaarde Woord neergeskryf is.

9. Steven Bouma-Prediger, *For the Beauty of the Earth. A Christian Vision of Creation Care* (Grand Rapids: Baker Academic, 2008).

10. Loren Wilkinson, ed., *Earthkeeping in the Nineties. Stewardship of Creation*. Rev. Ed. (Grand Rapids: William Eerdmans, 1991), 344–345.

Dit is op hierdie punt waar die grootste motivering vir hierdie boek lê. Die gesonde beginsels wat deur Wilkinson voorgestel is, het sedertdien ongelukkig nie die hoofagenda vir die ekoteologie bepaal nie. In reaksie op die kritiese aanklag in die sestigerjare van die vorige eeu dat die Christendom medeverantwoordelik is vir die omgewingskrisis,[11] word in sekere dominante stromings van die ekoteologie 'n alternatiewe kritiese "ekologiese hermeneutiek" voorgestel, waar nuwe betekenis gemaak moet word uit die teks in die lig van die huidige konteks en kwessies wat ons tans in die gesig staar.[12] Die beginpunt van so 'n "ekologiese hermeneutiek" is agterdogtigheid dat die bybelse teks in wese behep is met menslike welstand ten koste van ander skepsels.[13] Die Bybel sou te veel op mense (antroposentrisme) gerig wees, en moet in die huidige tyd met sy omgewingskrisis met agterdog gelees en radikaal anders geïnterpreteer word. So 'n hermeneutiese beginposisie is kwesbaar deurdat dit te veel ruimte skep vir die gesag van die leser.[14] Die gesag van God se Woord is egter in so 'n benadering in die gedrang.[15]

## Probleemstelling

'n Onderliggende probleem, ook in die besinning oor die omgewingskrisis en die verhouding tussen mens en die res van die skepping, is wanneer die Bybel nie as God se geopenbaarde en betroubare woord gelees en gehoor word nie. Dit geld net soveel vir Christene wat hulle nie in alles aan God se wil onderwerp soos in sy Woord geopenbaar is, of vir die teologie wat vervorm word na 'n pluralisme van subjektiewe insigte van die mens self. Die teoloog, James I. Packer, som die situasie op:

> Teologie het bloot uitsprake geword van enige bespreking van enige en elke idee oor God en godsdiens – goed of sleg, oud en nuut, bekend en vreemd, konvensioneel en eksentriek, waar en onwaar …[16]

Die enigste waarheid vir die verhouding tussen die mens en die res van die skepping begin by die Woord van God self. Dit is na daardie lewegewende Woord wat elke keer weer teruggekeer moet word.

---

11. Lynn White Jr., "The Historical Roots of Our Ecological Crisis", *Science* 155 (1967): 1203–1207.

12. David G. Horrell, *The Bible and the Environment. Towards a Critical Ecological Biblical Theology* (London: Equinox, 2010).

13. Norman C. Habel, "Introducing Ecological Hermeneutics", in *Exploring Ecological Hermeneutics*, eds. Norman C. Habel and Peter Trudinger (Atlanta: Society of Biblical Literature, 2008), 1–8.

14. Douglas J. Moo and Jonathan A. Moo, *Creation Care. A Biblical Theology of the Natural World* (Grand Rapids: Zondervan, 2018), 33.

15. Lesers wat hulself wil oriënteer ten opsigte van die saak van skeppingsorg in wisselwerking met 'n gelowige omgang met die Skrif, word veral verwys na Moo and Moo, *Creation Care*.

16. Packer, "*Wisdom*", 1–2.

## Doel

Met soveel uiteenlopende sienings onder Christene oor hoe om te reageer op die omgewingskrisis en sonder goeie leiding vanuit ’n pluralistiese teologie, is daar heelwat onderskeidingsvermoë nodig vir die Christen wat gehoorsaam wil bly aan die gesag van God se hele Woord en getuie wil wees vir Christus in die wêreld. Die oproep van die Reformasie om terug te keer na die bronne (*ad fontes*) – die Woord van God – is in die huidige tyd met sy ongekende omgewingkrisis nog net so geldig. Woordbedienaars wat aan die bybelse tekste in Ou en Nuwe Testament getrou wil bly, het dikwels nodig om veel in te haal om die betroubare Woord rakende Christene se verhouding met die res van die skepping te bedien. Die blinde kolle van kontemporêre Christelike vroomheid, asook die pluralistiese geroesemoes van die teologie moet deur die Skrifgetroue prediker, dosent, onderwyser en Christene raakgesien, beproef, en waar nodig, ontmasker word vir dit wat werklik betroubaar of onbetroubaar is. Die doel van hierdie boek is om ’n uitgewerkte eksegese van geselekteerde Bybeltekste rondom skeppingsorg te voorsien om veral bedienaars van die Woord, dosente in seminaries en die akademie, asook onderwysers en Christene in die alledaagse lewe te ondersteun in die bybelse begronding en uitlewing van skeppingsorg.

## Ontwerp

Die mees toepaslike tipe studie om die probleem en doel van die boek te ondersoek, is bybelse eksegese. Eksegese kan gedefinieer word as die “deeglike, analitiese studie van ’n bybelgedeelte wat gedoen word om by ’n bruikbare interpretasie van die teks uit te kom”.[17] ’n Bestudering van die tekswoorde en die verhouding waarin hulle tot mekaar en tot die groter literêre eenhede staan, gee betekenis aan die teks.[18] Alhoewel die proses van eksegese (en die lees daarvan) vir baie lesers dalk tegnies mag oorkom, kan die resultate opwindend wees en kan dit “werklike praktiese waarde” hê.[19] God se Woord is nie net daar om op ’n afstand bestudeer te word nie, maar spreek tot elke leser en hoorder.

## Metodologiese verantwoording

Vooraf moet gestel word dat geen eksegese sonder vooronderstellings gedoen kan word nie. Bybelse eksegese is nie ’n neutrale, objektiewe

17. Douglas Stuart, *Old Testament Exegesis. A Handbook for Students and Pastors*, 4th Ed. (Louisville: Westminster John Know Press, 2009), 1.

18. Vanhoozer et al., *Dictionary*, 203.

19. Stuart, *Exegesis*, 1.

wetenskap wat teenoor teologie as subjektiewe geloof staan nie. Die eksegese van tekste en die interpretasie van die Bybel is ’n teologiese taak, juis omdat die Bybel as objektiewe bron van kennis van God aan die mensheid geopenbaar is. Vir die Christen as menslike subjek beteken dit dat “die mens se belydenis van Christus … die belangrikste feit van jou lewe [*word*]”.[20] Die epistemiese fondasie berus dan op bewyse van die Gees en krag van God (1 Kor. 2:4–5). Dit is die Gees wat in gelowiges getuig dat die Woord waar is.[21] So gesien, en ’n sienswyse wat deur die skrywer van hierdie boek gedeel word, begin ’n bybels-verantwoordelike eksegese by die aanvaarding van die gesag van die Bybel as woorde wat van God self afkomstig is (1 Pet. 1:19–21). Die interpreteerder se verhouding met God word dan gekenmerk deur ’n begeerte om te luister, ’n verwagting dat God sal spreek en om te bly bid vir die leiding van die Heilige Gees.[22] Eksegese is in die eerste plek onderwerping aan die Heilige Gees, sodat nie die natuurlike mens van die eksegeet nie, maar Christus in hom of haar sy werk kan doen. Alhoewel die uitgangspunt gehandhaaf word dat interpretasie in geloof begin, is dit op sigself geen waarborg dat die Skrifte dan ook korrek geïnterpreteer word nie.[23] Die uiteindelike beheer van die eksegese berus nie by die eksegeet self nie, maar by die gesag van die Skrif en is ’n gesamentlike verantwoordelikheid van die gemeenskap waarin die eksegese gedoen word.[24]

Die eksegese van die Skrif het ’n lang geskiedenis. God werk met sy kerk deur alle eeue heen. Geloofsbelydenisse uit die geskiedenis, naamlik dié wat deur gereformeerdes wêreldwyd gehandhaaf word, word vrymoedig in hierdie boek ingespan om God se openbaring deur die Woord asook deur die skepping, onderhouding en regering van die wêreld te bevestig. Geloofsbelydenisse kan nie gebruik word om vooraf sekere teologiese standpunte in die tekste in te lees nie, maar slegs vir die doel waartoe dit geformuleer is, naamlik as ’n belydende *Amen* op die Woord van God deur die kerk.[25] Die hermeneutiese uitgangspunt bly dat die finale gesag by God se Woord self berus en dat die Skrif die beste verklaarder is, waarna die resultaat van die eksegese met die belydenisse bespreek word. Daar bly

20. James M. Houston and Jens Zimmermann, *Sources of the Christian Self. A Cultural History of Christian Identity* (Grand Rapids: Eerdmans, 2018), xvi.

21. *Nederlandse Geloofsbelydenis*, Art. 5.

22. Moisés Silva, *Has the Church Misread the Bible? The History of Interpretation in the Light of Current Issues*, Foundations of Contemporary Interpretation, Vol. 1 (Grand Rapids: Zondervan, 1987), vi.

23. Ibid.

24. Richard J. Erickson, *A Beginner’s Guide to New Testament Exegesis. Taking the Fear out of Critical Method* (Downers Grove: InterVarsity Press, 2005), 25–27.

25. Jakob van Bruggen, *Het Amen der Kerk. De Nederlandse Belijdenis Toegelicht*, Derde druk (Goes: Oosterbaan and Le Cointre N.V., 1968).

egter wel ’n onontkombare noodsaak vir teologiese sienings van Bybeltekste as getuienis van God se “teenwoordigheid en optrede in die geskiedenis”.[26] Die eenheid van die Skrif en God se optrede deur die geskiedenis, soos deur mense kronologies in die tyd ervaar, word geneem as ’n hermeneutiese uitgangspunt.

Hierdie boek begin met eksegese uit die NT voordat teruggekeer word na die OT. Die NT getuig van die volheid van God se openbaring in Christus as erfgenaam van alle dinge, deur wie die wêreld geskep is, wie, as God se ewebeeld, God se heerlikheid uitstraal, in wie alles in stand gehou word, deur wie die sondes gereinig is, en wie nou as Koning aan God se regterhand heers (Heb. 11:1). Dit is in die NT waar die leer van die skepping en die mens se rol daarin, sterk Christologies (dit is Trinitaries in die korrekte gebruik) geprojekteer word. Daarom begin hierdie boek met eksegese vanuit die NT, naamlik die briewe van Paulus. In die tweede afdeling word God se openbaringslig oor die OT teruggeprojekteer, maar nie alvorens die Ou-Testamentiese tekste eers binne eie konteks gelees en geïnterpreteer word nie.[27]

# Eksegetiese metode

## Eksegetiese bronne, gereedskap en proses

Eksegese is nie ’n mistieke taak nie; dit word deur basiese reëls en standaarde van ’n spesifieke metode uitgevoer. Die groot belang van die eksegetiese metode word veral beklemtoon omdat dit teologiese implikasies het wat uiteindelik, al is dit dikwels deur ’n gedissiplineerde, akademiese metode soos wat in hierdie boek aangebied word, op die prediking gerig is.[28]

In hierdie boek word daar eksegeties drie hoofvrae gevra wat elk in meer besonderhede bespreek word, naamlik *Wat sê die teks?*, *Wat beteken die teks?*, en *Hoe is die teks van toepassing?*[29] Ter voorbereiding van hierdie boek is Logos 9.17 sagteware gebruik om die eksegetiese werk te ondersteun. Die gereedskap en interpretasie vir eksegese wat gebruik is, sluit die volgende bronkategorieë in:

- Kritiese teks apparatus wat die woorde in die teks koppel aan oorspronklike manuskripte en teksvariante, indien enige.

26. Vanhoozer et al., *Dictionary*, 20.

27. ’n Oorsig oor hoe die verhouding tussen OP en NT teologies in verskeie benaderings uitgewerk word, word beplan vir ’n volgende boek.

28. Kyk P.A. Verhoef, *Metodiek van die Eksegese* (Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers, 1973), 11.

29. Long, *Exegesis*, supported by Stuart, *Exegesis*, and Erickson, *Beginner’s Guide*.

- Konkordansies wat die woorde in die Bybel alfabeties lys en verwys waar dit in die teks gebruik word.
- Leksikons wat definisies en betekenisse gee vir bybelse woorde in Grieks en Hebreeus, met 'n voorkeur vir die semantiese domein in kombinasie met ander konsepte en woorde.
- Woordeboeke en ensiklopedieë wat artikels en definisies bevat van woorde en terme wat in die Bybel gebruik word.
- Bybelse atlasse en bronne oor die histories-kulturele konteks van die tyd waarin Bybelskrywers en hoorders geleef het.
- Bybelse kommentare om die uitkoms van die eksegese mee te vergelyk en onder mekaar te bespreek.
- Teologiese boeke en tydskrifartikels soos wat dit in die eksegese en toepassing benodig word.

Verwysings na die spesifieke bronne wat gebruik is, word per teks-eksegese aangetoon.

## ❑ Eksegese en die moderne Bybelwetenskap

Die situering van eksegese in die moderne Bybelwetenskappe, soos wat dit in hierdie boek hanteer word, verdien 'n paar opmerkings. Daar word veral op twee aspekte gelet, naamlik die nuwe insigte in die literatuurwetenskappe en die ontwikkeling oor die afgelope 200 jaar in die godsdiensbeskouing van ou Israel. Beide hierdie aspekte verdien 'n kort bespreking, omdat albei die Bybels-eksegetiese taak ten diepste bevraagteken of kan ondermyn.

Nuwe insigte in die literatuurwetenskappe bevraagteken of woordstudies 'n plek het in die eksegese. Woord- en konsepstudies speel egter 'n belangrike rol in die eksegese wat in hierdie boek aangebied word, maar nie sonder dat daar wel enkele kritiese opmerkings geplaas word wat die moontlikheid en beperkings van sulke woordstudies beter sal belig nie. Die nuwe literêre kritiek het ontwikkel in reaksie op twee uiteenlopende sienings oor taal: enersyds, die wat taalverskynsels in 'n buitetalige werklikheid sien en kategoriseer; en andersyds, die wat poneer dat taal die struktuur is wat die wêreld indeel volgens die kategorieë wat die taal self verskaf. James Barr het in die middel van die 20ste eeu (myns insiens) korrek aangedui dat beide hierdie sienings nie op die werklike bestudering van taal berus nie.[30] Barr lewer kritiek op die destydse oorheersende gedagtes in die Bybelwetenskappe dat die woordeskat en struktuur van die Hebreeuse taal iets sou reflekteer oor die Hebreeuse volk se teologiese

30. Berthe Siertsema, "Taal en Wereldbeeld – Een Stukje Betekenisleer," *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift* 68 (1968): 257–282.

denke sowel as oor die idee dat die Hebreeuse en Griekse mentaliteit skerp sou verskil. Tereg voer Barr aan dat mense se mentaliteit nie regstreeks van hulle taal afgelei kan word nie. Daarvoor is woorde veels te arbitrêr; dit korrespondeer nie noodwendig met die ding wat benoem word nie. Barr se belangrike insig staan in teenstelling met die tradisionele etimologie wat vir 'n lang tyd in Ou-Testamentiese woordstudies gebruik is om 'n soort teologiese substruktuur te soek in die Hebreeuse denke.[31] Die probleem met so 'n etimologiese aanpak is dat woorde nie in die lig van hulle konteks geïnterpreteer word nie. Barr het daarop gewys dat die sin, en nie die woord nie, die vlak is waar semantiese betekenis onderskei moet word. Sover kan daar nog instemmend op Barr se bydrae gereageer word.

Barr soek wel betekenis in die groter konteks van die sinne waarin die woorde voorkom, maar wou die studie van bybelse tale met algemene liguistiek integreer.[32] Om die implikasie daarvan te begryp, is dit nodig om te verstaan waar Barr se sienings vandaan kom en watter kritiese reaksies dit ontlok het. Die meeste van Barr se kritiek bou op die insigte van die taalfilosoof, Ferdinand de Saussure, die vader van die moderne semiotiek. De Saussure het aangevoer dat taal 'n stelsel van tekens is wat idees uitdruk. Daar is egter verskille tussen De Saussure se siening, naamlik dat die aard van taaltekens afhang van 'n sosiale konvensie in 'n bepaalde gemeenskap en dus in wese *arbritêr* is, en ander sienings dat daar wel universele aspekte van taal is wat, ten spyte van groot verskille, tog vir verskillende tale geld. In laasgenoemde siening is taaltekens nie willekeurig nie, maar onderhewig aan tekens wat *vrywillig* voortgebring is.[33] In ooreenstemming met hierdie argument kan daar sosiale aspekte in enige taal onderskei word wat deur 'n lang historiese erfenis gevorm is. Belangrik vir die Bybelwetenskappe is hoe die betekenis van woorde en sinne in verband staan tot 'n betekenis wat deur die geskiedenis en tradisie gevorm word.[34]

Opsommend kan gestel word dat die nuwer insigte in die liguistiek wel met vrug geïntegreer kan word met die studie van bybelse tale, maar dat dit nog nie beteken dat spesifieke sienings, naamlik om taaltekens as willekeurig te sien sonder duidelikheid oor hoe dit met sosiaal-historiese

31. 'n Goeie voorbeeld van so 'n tipe aanpak wat geld vir beide OT en NT woordstudies word gevind in Gerhard Kittel et al., *Theological Dictionary of the Old Testament and New Testament Bundle (TDOT/TDNT)* Logos Research Edition, 26 vols. (Grand Rapids: W.B. Eerdmans, 1964–2018). Hierdie bron moet daarom met versigtigheid in samewerking met ander bronne gebruik word.

32. James Barr, *The Semantics of Biblical language* (Oxford: Oxford University Press, 1961).

33. Siertsema, *Taal*.

34. Childs verwoord hierdie kritiek in 'n bespreking van Barr se bydrae deur spesifiek te verwys na 'n tradisie van mondelinge oordrag. Kyk B.S. Childs, "Review. The Semantics of Biblical Language by James Barr", *Journal of Biblical Literature* 80, no. 4 (1961): 374–377.

ontwikkeling van 'n taal verband hou, aanvaar hoef te word nie.[35] Die verband tussen taaltekens en betekenis van die inhoud spruit nie uit 'n bepaalde gedagtewêreld voort nie, maar deur dit wat in die loop van die geskiedenis gegroei het.

Die belangrike insig is dat woordstudies wat soek na betekenis, nie prysgegee hoef te word nie, maar dat dit wel in die groter literêre konteks van sinne en perikope asook in die histories-kulturele konteks van 'n relevante situasie gedoen moet word. Verskeie nuwe bybelse leksikons, waarop ook grotendeels in hierdie boek staatgemaak word, probeer om die betekenis van Griekse en Hebreeuse woorde te beskryf binne hulle semantiese domein. Die reël vir produktiewe woordstudies bly dat die aanvanklike outeur die woord gekies het omdat dit presies die betekenis dra van wat gekommunikeer word. Daar is egter geweldig baie uitsonderings moontlik wat nie altyd vir die moderne leser so voor die hand liggend is nie, en 'n kritiese benadering tot woord- en konsepstudies vereis.[36] Verskeie Hebreeuse stylvorms soos herhaling, parallelisme, ritme, en rym moet byvoorbeeld in berekening gebring word. Die melodie van sinne speel ook 'n veel groter rol by die oorspronklike Hebreeus as wat in hedendaagse vertalings merkbaar sou wees. Poëtiese en idiomatiese uitdrukkings kom veelvuldig voor. Die outeur, genre, tydsperiode, en omstandighede kan ook 'n belangrike rol speel. Dit is nie die eksegeet se vrye keuse om 'n semantiese betekenis op 'n bepaalde gebruik van 'n woord toe te pas, of om aan te neem dat die woord verskeie betekenisse in 'n bepaalde teks het nie.[37] Woord- en konsepstudies moet met groot omsigtigheid gedoen word. Eenduidige gevolgtrekkings oor die betekenis van woorde en konsepte sal nie altyd moontlik wees nie. Alhoewel 'n belangrike onderdeel, bly woordstudies slegs een stap in 'n verantwoordelike eksegese. Uiteindelik is die gesag van die teks nie in die woorde nie, maar in die inhoud van die boodskap.

'n Tweede aspek wat aandag verdien, is die ontwikkeling van die godsdiens van ou Israel in die laaste 200 jaar. Met die opkoms van kritiek op die bronne ("*source criticism*") vanaf die middel tot die einde van die 19de eeu (aangedryf deur Wellhausen se aanvanklik invloedryke 'dokumentêre hipotese' oor die oorsprong van die Torah), het die vraag oor

35. Die implikasie van hierdie invloedryke idee in die postmoderne taalfilosofie is dat dit onnodig en selfs onmoontlik is om enige voorgenome betekenis van die outeur in 'n teks te probeer ontdek. Die pertinente vraag wat opkom is of enige geskrewe woorde nog vertrou kan word, met die gevolg dat die teks heeltemaal aan die illusies van die lesers oorgelaat moet word. Eksegese daarenteen is om onderworpe te wees aan 'n dissipline om die voorgenome betekenis van die menslike outeurs en goddelike Outeur van die Bybel so goed as moontlik na te speur.

36. John H. Walton, "Principles for Productive Word Study", in *The New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis*, Vol. 1 ed. W. Van Gemeren (Grand Rapids: Zondervan, 1997), 161–171.

37. Ibid.

die verhouding van die Pentateug (*Penta* = vyf) tot die res van die OT begin ontstaan. Vroeëre konsensus oor die dokumentêre hipotese het intussen al begin vervaag. Gerard von Rad het vroeg in die 20ste eeu 'n Hexateug (*hexa* = ses) voorgestel waar Joshua by die eerste vyf boeke sou behoort. Martin Noth se invloedryke teorie in die middel van die 20ste eeu oor Israel se vroeëre geskiedenis impliseer 'n "Deuteronomistiese Geskiedenis" wat teoretiseer dat die huidige boeke, Joshua, Rigters, Samuel en Konings, een literêre werk was, wat deur die boek Deuteronomium ingelei is en deur een outeur geskryf sou wees wat in Juda gebly het tydens die ballingskap rondom 550 v.C. Latere weergawes dateer 'n eerste weergawe van hierdie denkbeeldige boek in die tyd van Josia in die sewende eeu v.C. Die wetkodeks sou deur die priesters van Siloah, op Josia se aandrang, geskryf wees om die koning en Levietiese priesterskap te regverdig. Die tweede weergawe van die boek sou geskryf wees om die val van Juda te verklaar. Genesis tot Numeri sou dan 'n Tetrateug (*tetra* = vier) word. Noth se teorie was vir baie so oortuigend dat dit tot onlangs toe wyd aanvaar is in die kritiese Bybelwetenskappe, en nog steeds gewig dra in verskeie aangepaste weergawes. Die implikasie van hierdie teorie is onder andere dat die gebeurtenisse wat in Konings beskryf word, as verhale en nie as geskiedenis gesien word nie. Sommige teoloë gaan so ver om die OT as 'n "uitgedinkte geskiedenis" van veel latere Joodse gemeenskappe te sien.

Een teenargument is dat sulke teoretiese konstruksies nog in 'n spekulatiewe vakuum kon inbeweeg voordat die argeologie wetenskaplik aangepak is, met weinig ander vergelykende dokumentasie uit die Antieke Nabye Ooste.[38] Enige poging om die historiese studie van die Bybel oor duisende jare te karteer, is 'n geweldige breë en uitdagende taak. Dit verg harde werk om bewyse te versamel uit dissiplines soos Assirilogie, Egiptologie, parallelle studies oor die Antieke Nabye Ooste, regionale argeologie, en die vergelyking van dokumente uit verskillende tydsvakke in die geskiedenis. Data in die Hebreeuse Bybel sou dan vergelyk kan word met die vermeende wêreld. Sekere navorsers voer aan dat die resultate van hierdie soektog, wat ook sterk op sekulêre wetenskaplike dissiplines staatmaak en nog steeds in volle swang is, aantoon dat die bybelse beeld met Palestina se vroeëre geskiedenis versoen kan word.[39] Daarmee is die laaste woord nog nie gesê nie. Daar heers tans nog geen konsensus oor die

38. Kenneth A. Kitchen, *On the Reliability of the Old Testament* (Grand Rapids and Cambridge: William B. Eerdmans, 2003). Vir 'n vroeëre bydrae in hierdie benadering kyk William F. Albright, "Archaeology Confronts Biblical Criticism", *AmSch* 7 (1938): 176–188.

39. Vir 'n invloedryke vroeëre bydrae kyk Werner Keller, *The Bible as History* (Hodder and Stoughton: London, 1955) waarin die skrywer tot die gevolgtrekking kom dat die waarheid van die Bybel onafhanklik van enige godsdiens of geloof op grond van die argeologie aangedui kan word.

argeologiese rekord en die resultate van die gebruik van antieke dokumente as bevestiging van die geskiedkundige waarde van die Hebreeuse Bybel nie.

’n Ander meer genuanseerde teenargument is om uit die staanspoor meer krities te wees oor die gebruik en gewig van die positivistiese wetenskaplike benadering tot die beskrywing van die geskiedenis.[40] Waarom sou dit van die argeologie moet afhang om te “bewys” dat die Hebreeuse Bybel se geskiedenisbeskrywing werklik betroubaar is? Is die argeologie of ander eksterne bronne selfs by magte om die bybelse geskiedenis te “bewys”? ’n Beter argument is dat dit nie redelik is om skeptisisme as uitgangspunt te neem waar die Bybel sogenaamd onbetroubaar is nie, tensy dit deur eksterne bronne bevestig is. Inteendeel, die Bybel kan veel eerder as betroubaar aanvaar word, totdat dit sou blyk om vals te wees. Veel groter vrae, wat die filosofie van die wetenskap insluit, sal egter in so ’n bespreking geweeg moet word. Die ideologie van die moderne “wetenskaplik-kritiese” denke wat dikwels neerslag in akademiese denkskole vind en waarby ander kritiese denke uitgesluit word, is ook hierby ingesluit.

Die kompleksiteit van so ’n debat hoef intussen nie verlammend op die eksegetiese taak te werk nie. Wat bevestig word, is dat die Hebreeuse Bybel nie *noodwendig* as “uitgedinkte geskiedenis” van ’n later tydstip gesien hoef te word nie. Daarby laat dit volle ruimte om die bybelse data in kritiese eksegese saam te neem as geopenbaarde geskiedenis.[41]

## Keuse van die tekste en genres

Die 25 tekste wat in hierdie boek bespreek word, is die uitkoms van ’n seleksieproses wat aan die volgende kriteria onderhewig was:

- tekste beslaan die belangrikste oorhoofse genres in die bybelse kanon, en
- tekste word erken en bespreek in toonaangewende boeke oor die verhouding tussen die Bybel en die skepping, ekologie, natuur, en die omgewing.[42]

In die NT is aanvanklik ongeveer 70 tekste geïdentifiseer waarvan 10 geselekteer is. In die OT is byna 250 tekste geïdentifiseer waarvan 15 uiteindelik geselekteer is. Veel meer tekste sou gekies kon word op grond

40. Iain Provan, V. Philips Long, and Tremper Longman III, *A Biblical History of Israel*, 2nd Ed. (Louisville: Westminster John Knox Press, 2015).

41. Verdere kommentaar kan gevind word in die besprekings van die Historiese Narratief en die Wet as genres.

42. Toonaangewende boeke sluit in Richard Bauckham, *Bible and Ecology. Rediscovering the Community of Creation* (Waco: Baylor University Press, 2010); Moo and Moo, *Creation Care*; Horrell, *Critical*; en Steven Bouma-Prediger, *Beauty*.

van die kriteria wat gestel is.[43] Die seleksieproses is verder gelei deur die keuse om verskillende teologiese temas so breed as moontlik in te sluit ter ondersteuning van verdere uitbreiding in teologiese sintese en toepassing. Die beperking van 25 tekste is gedoen om met verantwoordelikheid binne die tydsraamwerk van die boekprojek te kan bly.

Oorhoofse genres is gebaseer op die identifikasie wat gepubliseer is in *How to Read the Bible for all its Worth*[44] en *Reading the Bible with Heart and Mind*.[45] Die volgende nege oorhoofse genres is gebruik: Historiese narratief, Wet, Profesie, Wysheid, Psalms en Poësie, Evangelies, Handelinge, Briewe, en die Apokalips.

## ■ Teologiese posisie en implikasies

Uit die voorafgaande behoort die skrywer se teologiese posisie aangaande die Bybel se gesag as deel van God se openbaring, al duidelik te wees. Die inhoud en implikasies van so 'n teologiese posisie vir die eksegetiese analise en die kennis wat daardeur verwerf word, veral vir 'n Afrikaanssprekende gehoor, moet egter duideliker gemaak word. Die uitgangspunt wat gehandhaaf word, is dat die Bybel deel van God se geopenbaarde woord is wat deur die woorde van mense weergegee is. Kritiese denke is egter nodig om te probeer verstaan wat die skrywers wou sê, om daardeur die karakter van God en sy werke so duidelik as moontlik te maak. Die harde werk van bybels-wetenskaplike eksegese waak enersyds teen 'n oormatige subjektiewe lees van tekste, waar die lesers se eie gevoelens en emosies gou die bo-toon kan voer in interpretasie. Andersyds beteken bybelse eksegese nie dat die Bybel as 'n stel objektiewe waarhede gelees moet word nie; in so 'n rasionele benadering word "foute" aangewys indien dit nie met 'n moderne interpretasie van wetenskaplike of historiese "feite" op sigself ooreenkom nie.[46] Nie die oriëntering van die leser of koue "feite" van buite beheer die uitleg nie, maar die Skrif definieer haar eie gesag.[47]

43. Kyk bv. Gen. 1:1–25; 2:4–20; Job 38:1–39:30; Ps. 19; 29; 95; 96; 147; Spr. 3:19–20; 12:10, 30:18–19; 24–28; Pred. 3:18–21; Jes. 11:6–9; 24:1–23; 41:18–19; 42:5, 9–10; 43:19–20; 44:24; 45:7, 18, 54:9; 55:12–13; 66:1, 17, 22; Jer. 4:23–28; Eseg. 31:3–9; 32:2–8; 38:19–22; Dan. 2:38; Joël 4:15–18; Amos 4:6–13; 5:8; 9:13–14; Miga 1:4; Nah. 1:5; Hab. 3:3–19; Sef. 1:2–5; Hag. 1:11; 2:17; Matt. 8:23–27; 10:16; 29; 13:31–32; 27:45; 51–53; 28:18; Mark. 1:12–13; 4:35–41; Joh. 1:1–14; 2:9–10; Hand. 4:24; Rom. 1:20–23; 1 Kor. 8:6; 10:26; 15:37–49; 2 Kor. 5:17; Gal. 6:15; Ef. 1:8–10; 1 Tim. 4:4; Heb. 1:10; 11:3; Jak. 3:7–8; 1 Pet. 1:24–25; Jud. 12–13; Op. 4:11; 6:12–14; 7:1; 9:2–10; 11:18; 14:7; 22:1–2, 14.

44. Gordon D. Fee and Douglas Stuart, *How to Read the Bible for All Its Worth*, 3rd Ed. (Grand Rapids: Zondervan, 2003).

45. Tremper Longmann III, *Reading the Bible with Heart and Mind* (Colorado Springs: NavPress, 1997).

46. 'n Voorbeeld is dat die Bybel sogenaamd onwetenskaplike taal sou gebruik (kyk Ps. 96:10; Pred. 1:5), terwyl moderne wetenskaplike bevestigings heeltemal nie in die visier van die Bybelskrywers was nie.

47. Alles wat in die Skrif staan, is deur God self geïnspireer; die teks asem die gesag van God wat spreek (2 Tim. 3:16). Vir verdere bespreking kyk Arnold Huygens, *Lezen en laten Lezen. Gelovig omgaan met die Bijbel* (Utrecht: Kok Boekencentrum, 2019).

Daar mag tekste wees wat nie goed verstaan word nie of selfs duister mag lyk deur die gebruik van bepaalde taalelemente. Waar kennis beperk is, moet dit dan ook erken word. Dit veronderstel egter nie dat die teks met ’n skeptiese bril gelees moet word nie. Die uitgangspunt wat gehandhaaf word, is dat die Heilige Gees, as inspireerder van die hele Skrif, waaragtig en nie ’n skeptikus is nie. Die hermeneutiese uitgangspunt is dat die Skrif haar eie beste verklaarder is. Die inhoud van die Skrif getuig volkome van Jesus Christus wat deur die Heilige Gees se werking ook die hedendaagse leser en hoorder ontmoet. God spreek tot ons deur sy Seun (Heb. 1:1). Dit is daardie selfde Christus wat die leser en hoorder in die Skrifte ontmoet, waarvan ook hierdie versameling van teks-eksegeses in ’n geringe mate probeer getuig.

Die nuwe kennis wat vanuit hierdie teologiese posisie en analitiese benadering verwerf word, se waarde lê daarin om ’n aansluiting by Christene te vind wat vervreemd is of dreig om vervreemd te raak van die skepping en die Skepper-God,[48] sonder om ’n manier van Skrifuitleg of ’n teologie by te voeg wat in stryd met die geloofsbelydenis van die kerk sou kon wees. Die skrywer glo self dat die Drie Formuliere van Eenheid en ander Bybelgetroue belydenisse in alles met God se Woord ooreenkom en ’n duidelike gesag het wat daaruit afgelei is. Belydende Christene onderteken ook dikwels hierdie belydenisse by die aanvaarding van ampte in die kerk en ook as dosente en professore by sekere teologiese skole en instellings. Hierdie Christene funksioneer dus in die akademie sowel as in die kerk. Veral belydende Afrikaanssprekende Christene benodig eksegetiese ondersteuning in ’n eie geloofstaal oor die roeping tot ’n sorgvuldige omgaan met God se skepping. Die wins van die eksegese oor Christene se verhouding tot die natuurlike omgewing, mag egter veel wyer strek as hierdie doelgroep alleen.

## ■ Hoe om die boek te gebruik

Hierdie boek kan die beste gebruik word as naslaanboek. Die inleiding, opsommings by elke teks, en gevolgtrekkings aan die einde van die boek mag veral vir lesers wat oorhoofs wil verstaan wat die Bybel ons leer oor die skepping en die mens se rol in die skepping, waardevol wees. Vir bydraes tot oorhoofse genres, spesifieke onderwerpe en spesifieke tekste, kan die leser die inhoudsopgawe, die lyste van onderwerpe en name, en van bybelse tekste aan die einde van die boek as beginpunt gebruik.

48. Vir ’n analise vir die redes en gevolge van vervreemding van God in die belewing van die werklikheid, kyk Cor van der Leest, *Leven in Gods wereld. Handreiking tegen God-loosheid* (Kampen: Brevier, 2016).

Vyf-en-twintig tekste wat oor die skepping en die mens se rol in die skepping handel, is alreeds in die boek geïdentifiseer en eksegeties uitgewerk. Vir ander tekste gee die benadering 'n vertrekpunt oor hoe om eksegeties te werk te gaan, maar die werk van eksegese sal deur die leser self onderneem moet word. Om hierdie taak te vergemaklik, is kruisverwysings na verskeie tekste in die register van Bybeltekste aan die einde van die boek ingesluit. So 'n register van Bybeltekste bied 'n gemaklike manier om die konteks en moontlike kommentaar op verskeie tekste wat in die boek aangehaal word, na te slaan. Dit mag ook wees dat die leser eerder belangstel in hoe sekere onderwerpe in verskeie tekste hanteer word. Daarvoor is die onderwerpregister aan die einde van die boek 'n goeie beginpunt.

Die leser word aanbeveel om vas te stel in watter oorhoofse literatuursoort die teks val waarmee gewerk word en dan die algemene inleiding op daardie oorhoofse genre te lees. Lesers wat goed bekend is met die oorhoofse genres wat in die Bybel gebruik word, kan die inleidende besprekings oorslaan.

Die inhoudsopgawe kan gebruik word vir oriëntering. Nie alle Bybelboeke kon in hierdie boek bespreek word nie en daarvoor word die leser na ondersteunende literatuur oor oorhoofse genres verwys.[49] Let egter daarop dat elke Bybelboek nie eenvoudig in een genre geplaas kon word nie. Sulke gevalle word in die eksegese uitgelig.

Indien die leser spesifiek wil werk met die 25 tekste wat in hierdie boek geselekteer is, word dit aanbeveel om eers die algemene inleiding tot die oorhoofse genre te lees en daarna die kort opsomming aan die begin van die tekseksegese. Uit die aard van hulle spesifieke roeping, word veral woordbedienaars aangemoedig om die eksegese wat hier aangebied word slegs as hulp by die lees en uitleg te gebruik, terwyl die eksegetiese werk onder gebed vir die Heilige Gees se leiding, self in eie verantwoordelikheid verrig word.

49. Fee and Stuart, *How to Read*, en Longmann III, *Reading*.

Hoofstuk 2

# Briewe

## Inleiding

Met die eerste oogopslag mag dit voorkom asof die Nuwe-Testamentiese briewe nie juis veel in die planeet Aarde belangstel nie, en ook nie veel het om by te dra tot 'n teologie van skeppingsorg nie. Die lemma[50] "*ge*" (Gr: γῆ), wat as "aarde" vertaal word, kom maar net 35 keer in alle Nuwe-Testamentiese briewe voor.[51] Deur egter te "streef na dit wat daarbo is, waar Christus aan die regterhand van God sit" (Kol. 3:1), kom die briewe met verrassende perspektiewe oor die reikwydte van Christus se persoon en werk: die Seun is ook Skepper, die verlossing en Christus se koningskap het 'n kosmiese omvang, letterlik *alle dinge* word deur sy Woord in stand gehou, Christus is selfs 'n kosmies en eskatologies universele persoonlikheid en sy wederkoms gaan met katastrofiese oordeel sowel as triomfantelike vernuwing gepaard. Die OT vind vervulling in Christus met die uiteindelike heerlike implikasies vir die hele skepping. Sonder Christus is daar geen werklike Christelike skeppingsorg nie en sonder 'n bybelse verwagting van sy wederkoms is daar die gevaar dat die mens se sorg vir die skepping enersyds oorskat of andersyds misken word. Alhoewel die Nuwe-Testamentiese briewe geen direkte antwoord gee op die vraag *hoe*

50. In die taalkunde gedefinieër as "die kanonieke of woordeboekvorm van 'n woord", besoek 22 Maart 2024. https://af.wiktionary.org/wiki/lemma.

51. In vergelyking met 250 keer in die hele NT, waarvan 100 keer in die Evangelies, 82 keer in Openbaring en 33 keer in Handelinge.

**How to cite:** De Wit, MP 2024, 'Briewe', *Skeppingsorg: 'n Aanset tot interpretasie van sekere Bybeltekste oor die mens se verhouding tot die natuurlike omgewing*, ITUTA Books, Cape Town, pp. 15–50. https://doi.org/10.4102/aosis.2024.BK502.02

Christene sorg moet dra vir die skepping nie, gee dit 'n grootse beeld van Jesus Christus en sy dade, hoe gelowiges met Hom verbonde is deur die Gees, en watter implikasies sy gemeenskap met ons het vir 'n lewe in hierdie gebroke wêreld, asook vir 'n ewige lewe op 'n nuwe aarde waar geregtigheid sal woon. In hierdie afdeling word eerstens 'n kort agtergrond gegee oor die Nuwe-Testamentiese briewe-genre self, voordat vier tekste (Heb. 1:1–3; Kol. 1:13–20; Rom. 8:18–27 en 2 Pet. 3:10–13) eksegeties verklaar word, waarna die belangrikste toepassings vir die saak van skeppingsorg uitgelig word.

## ■ Wat is die briewe?

Een-en-twintig van die 27 boeke in die NT is briewe wat 35% van die Nuwe-Testamentiese teks uitmaak. Dertien van hierdie briewe is van Paulus. Briewe was gerieflik en noodsaaklik om die vinnig groeiende Christengemeenskappe te bly onderrig en ook op 'n persoonlike vlak pastoraal by te staan.[52] Die doel van die briewe was om spesifieke instruksies vir spesifieke omstandighede te gee, waarin die geadresseerdes en skrywers hulleself bevind.[53] Die feit dat dit in die kanon opgeneem is, beteken dat die briewe nie net vir daardie spesifieke omstandighede geld nie, maar dat dit deel van die Woord van God uitmaak vir alle tye en plekke. Die briewe is intens persoonlik – nie net die hoof nie, maar ook die hart van die skrywer en dus ook die hart van God, word blootgelê.[54] Die briewe kan selfs verstaan word as 'n substituut vir die skrywer se eie teenwoordigheid.[55] In die briewe praat God met die leser op 'n baie persoonlike manier.

## ■ Hoe interpreteer ons die briewe?

Alle Nuwe-Testamentiese briewe dateer uit die eerste eeu n.C. en is dokumente wat aanvanklik voorkom of bestem is vir 'n spesifieke geleentheid. Die meeste probleme by die interpretering van die briewe spruit uit die feit dat dit geleentheidsdokumente is. Daarom is dit eerstens belangrik vir die eksegese om die historiese konteks van die geadresseerdes en die skrywer so goed as moontlik te verstaan.[56] Tweedens is die briewe

52. Donald A. Carson and Douglas J. Moo, *An Introduction to the New Testament*, 2nd Ed. (Grand Rapids: Zondervan, 2005), 331.

53. Jerry L. Sumney, "Letter", in *Eerdmans Dictionary of the Bible*, eds. David Noel Freedman, Allen C. Myers and Astrid B. Beck (Grand Rapids: W.B. Eerdmans, 2000), 802.

54. Longmann III, *Reading*, 201.

55. Sumney, *Letter*, 801.

56. Ibid., 802.

op 'n sekere literêre manier geskryf. Dit beteken in wese dat woorde net betekenis het in sinne, en dat sinne se duidelike betekenis net begryp kan word in verhouding met die voorafgaande en daaropvolgende sinne in die paragrawe.[57] Laastens, die briewe bevat ook heelwat teologie en leerstellings soos wat dit op die bepaalde geleentheid van toepassing is, maar dit kan nie as teologiese verhandelings gelees word nie.[58] Dit sluit nie uit dat die teologie wat in die briewe voorkom, wel sistematies aangebied kan word nie.[59] Juis omdat dit *briewe* is, is die hele konteks nie altyd so maklik om af te lei nie – iets waarmee rekening gehou moet word in die eksegese.[60]

Om die betekenis van die teks goed te hoor in die konteks van ons eie tyd, bring dit die belangrike vraag na vore watter aspekte spesifiek by die kultuur van die eerste eeu hoort, en watter aspekte universeel bo daardie kultuur uitstyg. Gesonde verstand kan al heelwat onderskeidingsvermoë aan die dag lê, maar die werklike probleem is 'n gebrek aan konsekwentheid. Die leser is egter geneig om die eie teologie, kerktradisies, kulturele norme en persoonlike bekommernisse in ag te neem wanneer die briewe gelees word, wat beteken dat daar selektief met sekere tekste omgegaan word. Enkele voorbeelde kan genoem word[61]: Waarom wel die wenkbroue lig oor manne met lang hare (1 Kor. 11:14), of manne wat bid met 'n hoed op (v. 4), maar nie oor vroue wat geen hoede dra as hulle bid (v. 5) of hulle hare kort sny nie (v. 15)? En op watter gronde kan daar geoordeel word teen diegene wat wel wyn gebruik soos Paulus Timoteus adviseer (1 Tim. 5:23)? Of, dalk meer kontroversieel, dat vroue op alle tye en plekke in die gemeente moet swyg (1 Kor. 14:34–35), terwyl die spreek in tale (vv. 26–33) wel spesifiek as iets van die eerste eeu gesien word? 'n Selektiwiteit word ook openbaar wanneer tekste ter sprake kom wat oor die skepping handel. Waarom word gefokus op Christus se verlossing vir sondaars, maar nie op die toekomstige heerlikheid wat ook op die hele skepping wag nie (Rom. 8:18–23)? Waarom wel bely dat God voorsien in ons eie lewens, maar nie werklik uitwerk dat *alle* dinge in Christus stand hou nie (Kol. 1:17)? Die leser se eie kulturele konteks en gepaardgaande blinde kolle in moderne teologie en filosofie wat die visie op die briewe vertroebel, moet ook krities ondersoek word in 'n deeglike eksegese.

Daar moet dus vanuit die staanspoor duidelik na die die teks geluister word om die betekenis reg te probeer verstaan. Daar mag inderdaad sekere

57. Fee and Stuart, *How to Read*, 27.

58. Ibid., 58 and Longmann III, *Reading*, 201.

59. Fee and Stuart, *How to Read*, 86.

60. Longmann III, *Reading*, 201–202.

61. Voorbeelde uit Fee and Stuart, *How to Read*, 72–73.

kultuurspesifieke elemente wees wat uitgeken moet word en wat nie as bindende norme vir vandag gelees kan word nie. Daar mag ook kultuurspesifieke lense wees waardeur die moderne leser in 'n bepaalde kultuur die teks benader. Die radikale alternatief om die eerste-eeuse kultuur as goddelike norm te verhef, misken die feit dat alle mense in sonde geval en dus alle kulture oor alle tye hierdeur gekenmerk word. Die belangrike punt is egter wel dat daar baie belangrike spesifieke dinge en lewensituasies is wat oor al die kulture van die eerste eeu en die moderne tyd heen gedeel word. Sonde bly sonde oor alle kulture heen (bv. 1 Kor. 6:9–10), maar so ook God se blywende genade in Christus. God se Woord spreek ons vandag net so aan as in die eerste eeu en roep net so op tot geloofsgehoorsaamheid binne die moderne kultuur en tyd waarin ons leef. Die Skrif neem ook standpunt in *teen* die kultuur van die eerste eeu, soos om uitgesproke te wees teenoor die aanvaarding van "mans wat met mans intiem verkeer",[62] en die ondergeskikte posisie van vroue in 'n patriargale kultuur.[63] Net so neem die Skrif 'n posisie in teen verskeie aspekte van die moderne kultuur waarin ons leef, soos byvoorbeeld teen individualisme en die outonome oorheersingsdrang deur die ekonomie en tegnologie.[64]

## ■ Wat leer ons uit die briewe vir ons tyd?

'n Probleem wat voortdurend opduik in die toepassing van die eksegese, is hoe om absolute beginsels te laat geld in spesifieke toepassings in 'n bepaalde tyd.[65] Die belangrikste moet egter altyd voor oë gehou word: Dit gaan altyd heel eerste oor *wie God is in sy openbaring aan ons*, en nie om beginsels uit 'n teks te probeer aflei nie.[66] In die reeds genoemde skrifgedeelte oor die gedrag in die erediens, argumenteer Paulus dat die goddelike orde van skepping en verlossing absoluut is (1 Kor. 11:3) en dat niks gedoen moet word wat die aandag van die eer van God kan aflei tydens aanbidding nie (vv. 7, 10). In spesifieke omstandighede sal die konvensies van 'n sekere tyd 'n duidelike rol speel en die toepassing is dus relatief (1 Kor. 11:6, 13–14). Verder moet daar voortdurend gewaak word dat die teks in samehang met die res van die Skrif gelees word om te bepaal of daar eenvormigheid is oor die spesifieke toepassing. Goeie Bybelgetroue eksegese is onmisbaar om die briewe se belang in die huidige tyd helder te kan uitlig.

62. 1 Kor. 6:9 en 1 Tim. 1:10. Kyk ook Lev. 8:22 en 20:13, asook Mark. 10:5–9 oor Jesus se bevestiging dat God man en vrou van die begin af in die skepping gemaak het.

63. Rom. 16:1–7 noem byvoorbeeld dat verskeie vroue dienaresse en medewerkers in die gemeente was, waarvan sekeres hoog aangeskrewe by die apostels was.

64. Craig M. Gay, *The Way of the (Modern) World. Or, Why It's Tempting to Live as If God Doesn't Exist* (Grand Rapids: W.B. Eerdmans, 1998).

65. Fee and Stuart, *How to Read*, 83.

66. Erickson, *Beginner's Guide*, 206.

# Hebreërs 1:1–4: Christosentriese eksegese in alles

## Opsomming

God se bekendmaking van sy wil het ’n finaliteit bereik in die openbaring deur sy Seun. In Christus is alles geskep en in Hom hou alles stand. Hy is die allesomvattende openbaring van God en dra oppergesag oor alles. God is intiem aan die Seun verbonde; die verheerlike Seun werk net so intiem-persoonlik in ons. Die Skepperseun is ook die Gesalfde Christus, die Verlosser van sondes en die ewige Koning wat alles in stand hou en wat op die troon van Dawid aan die regterhand van God sit. Ons mag nooit te klein oor die Seun dink deur aan Hom net sekere werk soos byvoorbeeld verlossing toe te skryf nie. Verlossing het ’n kosmiese omvang wat so groot is soos die skepping. Ou-Testamentiese tekste wat oor die skepping handel, of tekste oor die mens se heerskappy op aarde, kan nie los van God se finale openbaring in Christus geïnterpreer word nie.

## Inleiding

Die boek Hebreërs beklemtoon Jesus Christus se oppergesag oor alles. Die openingsverse noem egter iets wat groot implikasies het vir eksegese in die algemeen. In die eindtyd waarin ons leef, openbaar God Homself deur sy Seun. Die profete en die hele OT wys heen na die Seun en moet nou deur die lens van die Seun se identiteit geïnterpreteer word. In die openingsverse van Hebreërs word die lyne vanuit die OT onmiddellik skerp getrek: Christus is die erfgenaam van alles, in Hom is alles geskape, Hy is die ware beeld van God, Hy regeer oor alles as Koning en hou alles in stand, en sy werk van verlossing en versoening het ’n kosmiese omvang. ’n Groter visie op die allesomvattende openbaring van God kan nie bedink word nie.

## Eksegese

### Wat sê die teks?

Die meeste van Hebreërs se grondteks het goed bewaar gebly, alhoewel daar in die boek wel ’n paar teksvariante is wat aandag nodig het.[67] In Hebreërs 1:3 is daar een so ’n teksvariant. Die woorde “nadat Hy die reiniging van sondes” (AFR20, AFR83) verskil van “nadat Hy *deur Homself* die reiniging van *ons* sondes” (AFR33/53). Die oudste manuskripte sluit egter nie die woorde “*deur Homself*” en “*ons*” in nie; dit is moontlik

67. Die belangrikste grondteks van Hebreërs is oorweldigend Aleksandryns (Carson and Moo, *Introduction*, 612).

later bygevoeg.[68] Die eksegetiese implikasie van hierdie teksvariant is egter gering.

Meer opvallend is die gebruik van die woordjie “wêreld” in Hebreërs 1:2 (AFR20; AFR83, AFR33/53). ’n Gesaghebbende voorstel wat in baie vertalings nagevolg word, is om “wêreld” in die sin van ’n “ruimtelike” konsep te lees.[69] Die Griekse woord wat gebruik word is egter “*aiõnas*” (Gr: αιωνασ), met die lemma “*aiõn*” (Gr: αιων), wat oor die algemeen as “eon”, of as ’n baie lang tydperk sonder begin of einde, of as segment van tyd vertaal kan word. Net twee maal in die Bybel (Heb. 1:2 en 11:3) word die woord wat vir “wêreld” gebruik is in ’n bepaalde vorm gebruik.[70] In hierdie geval is die betekenis van die woord dan waarskynlik “alles wat op enige plek bestaan, moontlik met ’n tydsgebonde fokus”.[71,72]

Die eksegetiese implikasie is dat ’n vertaling van “wêreld” ’n té beperkte beeld kan gee van die omvang van alles wat geskape is. Vertalings wat daarna verwys dat God “alles” of “hemel en aarde” (ABD07), of die “heelal” (NIV en NLT gebruik *universe*)[73] geskape het, is duideliker in hierdie konteks. In só ’n vertaling word die sentrale punt duidelik, naamlik dat in of deur Christus werklik *alles* geskep is.

## Wat beteken die teks?

### Vorm en struktuur

Die algemene tema van Hebreërs word breedweg aanvaar as die oppergesag van die Seun van God, dit is Jesus Christus.[74] Die individuele eenhede van Hebreërs is oor die algemeen goed omskryf, alhoewel daar heelwat debat is oor hoe die hiërargiese vorm van die struktuur van die boek as geheel moet lyk. Die strukturele indeling van die boek word duideliker wanneer in gedagte gehou word dat die boek aanvanklik

68. Vir verdere bespreking, kyk Bruce Manning Metzger, *A Textual Commentary on the Greek New Testament, Second Edition a Companion Volume to the United Bible Societies’ Greek New Testament*, Fourth revised edition (London; New York: United Bible Societies, 1994), 592.

69. William Arndt et al., *A Greek-English Lexicon of the New Testament and Other Early Christian Literature* (Chicago: University of Chicago Press, 2000), 33.

70. In die akkusatiewe naamval, in die meervoud en in manlike vorm.

71. James Swanson, *Dictionary of Biblical Languages with Semantic Domains: Greek (New Testament)* (Oak Harbor: Logos Research Systems, Inc., 1997).

72. Kyk Johannes P. Louw and Eugene Albert Nida, *Greek-English Lexicon of the New Testament: Based on Semantic Domains* (New York: United Bible Societies, 1996), xxiii.

73. Die KJV behou die meervoud van die grondteks en vertaal die woord as “*worlds*”, wat ooglopend ander moeilikhede oproep.

74. Carson and Moo, *Introduction*, 597.

geskryf is aan Christene wat aangemoedig word om vas te hou aan hulle belydenis en om in volle geloofsvertroue op God se beloftes te bly staatmaak (Heb. 3:6; 14; 4:14; 10:23). Tydens vervolging (Heb. 10:32; 12:4) is daar die dreigende gevaar om Christus se offer en priesterlike werk te relativeer en selfs te ontken.[75,76] Die doel van die boek is om hierdie afvalligheid pertinent in oënskou te neem.

Die brief se aanhef (Heb. 1:1–4) benadruk die uitnemende grootheid en finaliteit van God se openbaring in die Seun van God, Jesus Christus.[77] Hierdie tema van Christus se oppergesag word verder gevoer deur sy verhewenheid bo die engele, Moses, Josua en die Ou-Testamentiese priesterskap aan te toon, terwyl afvalligheid ook ondersoek word – in wat as 'n "komplekse samespel van uiteensetting en vermaning"[78] beskryf word. Dit is dus heeltemal van pas om Christus as die allesomvattende openbaring van God voor te stel en daarmee sy gesag oor en voortdurende bemoeienis met die skepping te erken.

## Grammatika

Die lemma vir Seun, "*huios*" (Gr: υἱός), kom 302 keer voor in die Bybel, waarvan 24 keer in Hebreërs alleen is. Die posisie van die Seun word in Hebreërs 1:2 ingelei deur die voorsetsel "*en*" (Gr: εν). In die datiewe naamval waarin die voorsetsel "*en*" hier gebruik word, is dit 'n merkteken van agentskap, en word dit dan ook dikwels gelees as per implikasie synde 'n *instrument* wat die vertaling van die voorsetsel "deur" sou regverdig.[79] In die moderne tyd klink so 'n instrumentele vertolking heeltemal voor die hand liggend: *deur* iemand se optrede word iets bereik. Dit is egter nie die enigste of beste uitleg nie.

'n Vertaling van "*in* die Seun" in plaas van "*deur* die Seun" is ook moontlik.[80] In Hebreërs 1:2 is die Griekse lemma vir Seun *huios* in die datiewe naamval, enkelvoudig en manlik.[81] 'n Ontleding van die morfologie wat gebruik word, dui aan dat dieselfde vorm van die lemma

75. George Eldon Ladd, *A Theology of the New Testament* (Cambridge: Lutterworth Press, 1987), 571.

76. Carson and Moo, *Introduction*, 612.

77. Ibid., 598.

78. George H. Guthrie, *The Structure of Hebrews: A Text-Linguistic Analysis*, Nov TSup 73 (Leiden: Brill, 1994), soos aangehaal in Carson and Moo, *Introduction*, 598.

79. Louw and Nida, *Lexicon*, 796.

80. Kyk ook die eksegese van Kolossense 1:13–20.

81. Andi Wu and Randall Tan, *Cascadia Syntax Graphs of the New Testament: SBL Edition* (Bellingham: Lexham Press, 2010).

vir Seun nie onbekend is nie en in 15 tekste in die NT gevind word.[82] 'n Fokus op dieselfde grammatikale konstruksie,[83] toon aan dat bo en behalwe Hebreërs 1:2 en 1:3, vyf ander tekse in die NT genoem word (Joh. 14:13; Ef. 2:2; 1 Joh. 2:24; 5:11, 20). In Afrikaanse vertalings van hierdie tekste word oorwegend voorkeur gegee aan 'n vertaling "*in* ... Seun", alhoewel die meer instrumentele vertaling van "*deur* ... Seun" ook voorkom.[84,85]

Die eksegetiese implikasie is dat die verbintenis van God die Vader met die Seun deur die vertaling "*in* ... Seun" sterker uitgebeeld word as wat met die meer instrumentele "*deur* ... Seun" bereik kan word. Die verhouding van God met sy Seun as erfgenaam van alle dinge is *so naby* dat God die Vader *in Hom* alles geskape het. Die skepping van alles was werklik 'n daad van die drie-*enige* God wanneer in ag geneem word dat die Gees ook aktief teenwoordig was (Gen. 1:2).

## Literêre konteks

Bybelgeleerdes is dit nie eens oor die outeurskap, geadresseerdes, herkoms en datum van die Hebreërboek nie. Sommige betwyfel dat die boek se genre 'n "brief" is gegewe die afwesigheid van 'n gebruiklike aanhef, en dat dit meer soos 'n preek of aantal preke klink. Die boek sluit egter wel af op 'n manier wat eie is aan 'n brief uit die Grieks-Romeinse tyd. Hebreërs moet dus as 'n brief gelees word, maar nie in die gewone sin van die woord nie. Die baie persoonlike "boodskap van aansporing" (Heb. 13:22) word in ons deur die Seun Jesus Christus bewerk "aan wie die heerlikheid behoort, vir ewig en ewig!" (Heb. 13:21). Deur die literêre briefvorm te gebruik word die intiem-persoonlike manier waarop die verheerlikte Seun in mense werk net nog beter beklemtoon.

## Histories-kulturele konteks

Die Hebreërboek dateer tussen 60 en 90 n.C., met 'n oorwig van bewyse vir 'n datum voor 70 n.C.[86] Die interne data van die Hebreërbrief dui aan dat die datering ten minste vir tweede-generasie gelowiges moet geld

82. Anon, *Morphology Charts* (Bellingham: Faithlife, 2014).

83. Naamval: datief, lemma: Gr: υἱός en voorsetsel: Gr: εν.

84. Die vertaling van Joh. 14:13 is "in ... Seun" (AFR33/53); "deur ... Seun" (AFR83), en "deur ... Seun" met voetnota: "kan ook vertaal word as 'in'" (AFR20). Die vertaling van 1 Joh. 2:24; 5:11 en 20 lees "in ... Seun" (AFR20, AFR33/53). AFR83 lees ook "in ... Seun", behalwe in 1 Joh. 5:11 wat met "deur ... Seun" vertaal is.

85. Ef. 2:2 is vertaal met "*in* die mense" (AFR83) of "*in* die kinders" (AFR33/53), maar as "*onder* die seuns" (AFR20).

86. Carson and Moo, *Introduction*, 608. Kyk ook William L. Lane, *Hebrews* (Dallas: Word Books, 1991).

(Heb. 2:3) – dus ten minste tussen 50 en 60 n.C. Die redenering in Hebreërs 10:2 kan ook veronderstel dat dit voor 70 n.C. kon wees omdat offerrituele nog plaasgevind het tydens die skryf van die boek. Die eerste Joodse opstand teen Romeinse oorheersing het in 66 n.C. begin, gevolg deur die verwoesing van Jerusalem in 70 n.C. en Massada in 74 n.C. Die groot brand in Rome was in 64 n.C. en Nero se selfmoord in 68 n.C. Ná 'n oorsig oor die beskikbare data, konstateer die teoloog, Powell, egter dat "[*d*]ie slotsom is dat ons minder weet van die historiese omstandighede vir hierdie brief [...] as vir byna enige ander Nuwe Testament boek".[87] Vir die doeleindes hier is dit genoeg om te weet dat die brief reeds binne die eerste paar dekades ná Jesus Christus se sterwe en opstanding opgeteken is en in die konteks van die eerste eeu gelees moet word.

## Verhouding met die res van die Bybel

Die Hebreërboek is saam met Matteus die nouste aan die OT verbind. Hebreërs is uniek in die gebruik van die OT met konsekwente en noukeurige aanhalings. Reeds in Hebreërs 1:1–4 is daar al talle sinspelings op die OT. Die Seun se aanstelling as erfgenaam (Hebreërs 1:2) is 'n sinspeling op Psalm 2:8 (sien ook Heb. 1:5 waar na Ps. 2:7 verwys word). Die sentrale tema van Psalm 2 is dat God die Messias salf as die Koning van alles. Psalm 2:8 is eskatalogies en dui uiteindelik op Christus se totale heerskappy (sien ook Heb. 2:5–9 se direkte verwysing na Ps. 8). Psalm 2:8 se "volke" en "uithoeke van die aarde" word verder uitgebrei in Hebreërs 1:2 deur te beskryf dat "alle dinge" die Seun as erfgenaam toekom. Die begrip "erfenis" is 'n kerntema in die Hebreërboek (Heb. 1:14; 6:12, 17; 9:15; 11:7–8; 12:17).[88]

Dat Hy aan die regterhand van God in die hoogtes gaan sit (Heb. 1:3) is 'n duidelike sinspeling op Psalm 110:1 en 'n sleutel tot die verdere strukturele ontwikkeling van die boek (Heb. 1:13; 8:1; 10:12; 12:2).[89] Die verwysing na "naam" in Hebreërs 1:4 is 'n sinspeling op die ewige verbond met Dawid soos wat dit in 2 Samuel 7 beskryf word, waar die naam van Dawid sowel as die Naam van die Here genoem word (2 Sam. 7:9, 13, 23, 26).[90] In die boek se fokus op Christene se volharding in die geloof en die gevaar van

87. Mark Allan Powell, *Introducing the New Testament. A Historical, Literary and Theological Survey* (Grand Rapids: Baker Academic, 2009).

88. George H. Guthrie, "Hebrews", in *Commentary on the New Testament Use of the Old Testament* (Grand Rapids; Nottingham: Baker Academic; Apollos, 2007), 923–924.

89. Ibid.

90. Ibid.

afdwaling, sluit Hebreërs ook nou aan by ander Nuwe-Testamentiese boeke (sien bv. 1 Joh.).[91]

Die Skepperseun is ook die gesalfde Christus, die Verlosser van sondes en die ewige Koning wat op die troon van Dawid aan die regterhand van God sit en alles in stand hou. Christus se oppergesag oor alles word nog duideliker as die gegewens in die teks met die res van die Bybel in verband gebring word.

## ☐ Teologiese belang

### ○ 'n Hoë Christologie

Hebreërs 1:1–3 beklemtoon 'n hoë Christologie.[92,93] God se spreke deur sy Seun is die "afsluitende hoogtepunt ... van God se vroeëre spreke deur [*die*] profete"[94] (kyk Heb. 1:1). Deur hierdie Seun, wat ook die ewebeeld van God is, is alles geskape (Ps. 33:6; Joh. 1:3; Rom. 11:36). Deur sy Woord word alle dinge in stand gehou (Kol. 1:16). Hy het die reiniging van sondes bewerk en Hy het 'n posisie van voorrang vanwaar Hy alles regeer.

Daar is dus 'n baie noue verband tussen skepping en verlossing: *omdat* Hy geskep het *kan* Hy ook Verlosser wees.[95] Hy is die Een "vir en deur wie alles bestaan" (Heb. 2:10), wat dit gepas maak dat Hy ook baie kinders tot heerlikheid lei deur hulle te verlos. Die Seun, as Wêreldheerser, sluit waarlik alles in, gesien vanaf die begin tot die einde.[96] Die teologiese implikasie is om nooit klein te dink aan die Seun deur aan Hom net sekere werke soos verlossing toe te skryf nie.

In die res van die Hebreërboek word sy *goddelik verhewe heerskappy* verder bevestig: Jesus, die Seun van God is HERE soos Hy in die OT na verwys word (Heb. 7:21; 8:8, 11; 10:16, 30), asook met verwysing na Jesus van die geskiedenis (Heb. 2:3; 7:14). Die boek beklemtoon ook die *menslikheid* van Jesus (Heb. 2:14, 17, 18; 4:15; 5:7, 8).[97,98] Die eerste "seun van God",

91. Carson and Moo, *Introduction*, 615.

92. Ladd, *Theology*, 577.

93. 'n Hoë Christologie verwys na die betroubare getuienis dat Jesus Christus ook God is.

94. Hendrik R. van de Kamp, *Hebreën. Geloven is volhouden* (Kampen: Kok, 2010), 47.

95. Frederik W. Grosheide, *De Brief aan de Hebreeën en de Brief van Jakobus*, Tweede herziene druk (Kampen: J.H. Kok, 1966), 66.

96. Van de Kamp, *Hebreën*, 47.

97. Ladd, *Theology*, 574.

98. Die voorkeurbenaming "Seun" en die sterk verbintenis met veral Johannes verdien verdere aandag in die tematiese ontwikkeling van 'n bybelse teologie (Carson and Moo, *Introduction*, 615).

naamlik Adam as erfgenaam van alle goeie dinge, het alles verloor wat net in die eenheid met Christus weer herstel kan word.[99]

### God se openbaring deur sy Seun en hermeneutiek

Teologies is dit belangrik om kennis te neem dat God se bekendmaking van sy wil ’n finaliteit in die openbaring deur sy Seun bereik. Die Hebreërboek is ’n belangrike sleutel tot die verstaan van die verhouding tussen die OT en NT, en gee goeie insigte tot ’n bybelgetroue hermeneutiek. Die ou openbaring, soos opgeteken in die OT, moet altyd teen die lig van die Seun se openbaring verstaan word. In die plek van die Ou Verbond kom ’n nuwe uitnemender verbond (Heb. 8:7–13 met verwysing na Jer. 31:31–34). Christelike eksegese moet op die verlossingsgeskiedenis gefokus bly,[100] maar ook op *alles* wat hemel en aarde raak.

## Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Hoe spreek hierdie teks tot ons aangaande die vraag oor skeppingsorg?

Eerstens, ’n belangrike insig is dat verlossing ’n kosmiese omvang het wat so groot is soos die skepping self. Die bevestiging dat alles deur Christus geskape is, waak teen die beperking van Christus se werk tot verlossing en versoening. Skeppingsorg moet begin by ’n hoë Christologie – nie om die skepping en verlossing teen mekaar af te speel nie.

Tweedens, Hebreërs 1:1–4 is ’n belangrike hermeneutiese sleutel met groot eksegetiese implikasies. Ou-Testamentiese tekste kan nie los gelees word van die feit dat God in die eindtyd deur sy Seun praat nie (Heb. 1:2). Christelike eksegese van die OT moet gedoen word in die lig van die openbaring in die Seun. Profete in die Ou Verbond kan nie primêr as voorspellers van die toekoms gesien word nie, maar vorm deel van die geskiedenis op die weg na God se finale openbaring deur sy Seun.

Derdens, die implikasie is dat die gebruik van sogenaamde proeftekste vir skeppingsorg opgegee moet word in ’n Christosentriese benadering tot eksegese. Ou-Testamentiese tekste wat oor die skepping handel, of tekste oor die mens se heerskappy op aarde (bv. Gen. 1:26; 2:15; Ps. 8:7) kan nie los van God se finale openbaring in Christus geïnterpreteer word nie. Die mens se bemagtiging om te antwoord op God se openbaring lê in die gemeenskap met Christus wat Hy in ons bewerk, onder die kragtige werking van die Heilige Gees.

99. “Commentary on Hebrews”, John Calvin, besoek 03 Februarie, 2022. https://biblehub.com/commentaries/calvin/hebrews/1.htm.

100. Carson and Moo, *Introduction*, 615.

# Kolossense 1:13–20: Die Seun-Koning heers oor alles

## Opsomming

Daar is groot blydskap en vreugde dat die Vader die heiliges geskik gemaak het vir die Seun se koninkryk. Die teks dui op die koninkryk van die Seun wat in reikwyde oor alles heers, en wat alreeds vir die heiliges in die universele kerk manifesteer, waar God se volheid en wysheid reeds begin woon het, maar wat eendag tot volkome volheid moet kom. In die OT word vermeld dat die komende koningskap ewig sal wees. Hier lees ons dat hierdie belofte finaal in Christus vervul word. Christus se soewereine koningskap is nie net geldig oor die eerste skepping nie, maar ook oor die nuwe orde – die tweede nuwe skepping. Die hele skepping kom saam in Hom. Christus as universele persoon is histories teenwoordig en het die nuwe skepping alreeds ingewy en bring dit tot ’n eskatologiese voleinding. God bly getrou aan sy hele skepping deur alles onder die koningskap van sy geliefde Seun te plaas. Hierdie Seun is die hemelse beeld van die laaste Adam – ’n beeld wat Christene by sy wederkoms ten volle sal reflekteer. Intussen is sorg vir die skepping ’n *deelname* aan sy heerskappy vanuit die tempel waar God woon – dit is in die universele kerk.

## Inleiding

Die welbekende verse in Kolossense 1 bevat ’n ongeëwenaarde loflied aan die Seun met ’n kosmiese reikwydte wat in weinig ander plekke in die Bybel gevind kan word. Omdat hierdie loflied so besonders is, word dit dikwels afsonderlik aangehaal, wat op sy beurt weer kan meebring dat die breër konteks van die verband tussen koninkryk en die universele kerk oorskadu word. ’n Noukeurige studie van die teks en konteks dui op die sentrale gedagte van die koninkryk van die Seun wat in reikwydte oor alles heers, en wat reeds al vir die heiliges in die universele kerk manifesteer.

Christus se kosmiese regering mag nie van sy koninkryk en die universele kerk losgemaak word nie. God bly getrou aan sy hele skepping deurdat alles nou al onder die koningskap van sy geliefde Seun geplaas is. Skeppingsorg is deelname aan die Seun se heerskappy wat reeds in die universele kerk en in die individuele gelowige plaasvind en eendag volmaak sal plaasvind op ’n aarde en hemel waar alles met Homself versoen is.

# Eksegese

## Wat sê die teks?

### Teksvariante

In Kolossense 1:18 is daar ’n belangrike teksvariant wat die interpretasie van die daaropvolgende verse kan beïnvloed. Van die oudste manuskripte wat beskikbaar is,[101] sluit hier ’n lidwoord “die”, in wat ook in die meeste Afrikaanse vertalings ingesluit is (AFR33/53, AFR83, AFR20). Daar staan letterlik in hierdie vers “… wie in wese (of ‘is’) *die* oorsprong …”.[102] Sodra die lidwoord ontbreek soos in die getuienis van ’n ander groep manuskripte,[103] kan dit maklik suggereer dat die bedoeling van hierdie vers is dat “Christus nie net die kerk se begin en bron is nie, maar [*dat*] hy die hoofoorsaak van alle lewe is, die *arche* van die heelal”.[104] Die woord “*arche*” (Gr: ἀρχή), vertaal as “oorsprong”, beteken die Een (met verwysing na Christus) by wie die proses begin het.[105] Die AFR83-vertaling het die woord “daarvan” bygevoeg om duidelik te maak dat Hy *die oorsprong van die kerk* is. AFR33/53 gebruik ’n kommapunt “;” om toe te lig wat die Hoof *van die kerk* beteken.[106] Die eksegetiese implikasie van so ’n uitleg is belangrik omdat Kolossense 1:18–20 binne die konteks is van die aankondiging in vers 18a, dat Christus die Hoof is van die liggaam, dit is die kerk.

## Wat beteken die teks?

### Genre

In verskeie bronne word na Kolossense 1:15–20 verwys as ’n lied wat deur die skrywer ingevoeg en verwerk is. Daar is egter geen eenstemmigheid waar so ’n lied begin en waar dit eindig nie. Die gedrukte NA26 toon Kolossense 1:15–18a in poëtiese formaat, terwyl die NA27 en NA28, sowel as

101. 𝔓$^{46}$ B 075 0278 1739

102. Gr: “ὅς ἐστιν η ἀρχή”

103. ℵ A C D

104. Philip W. Comfort, *New Testament Text and Translation Commentary: Commentary on the Variant Readings of the Ancient New Testament Manuscripts and How They Relate to the Major English Translations* (Carol Stream: Tyndale House Publishers, Inc., 2008), 622.

105. Arndt et al., *Lexicon*, 138.

106. NIV en NRSV gebruik ook ’n “;”. Die KJV gebruik ’n “:”.

verskeie moderne vertalings Kolossense 1:15–20 in poëtiese formaat afdruk.[107]

Opvallend is dat die AFR20-vertaling Kolossense 1:13–20 in poëtiese formaat afdruk[108] – 'n besluit wat deur meer onlangse klousale analises ondersteun word.[109] 'n Studie van die Griekse sintaksis toon aan dat Kolossense 1:13–20 deel uitmaak van een sin met verskillende segmente wat met die woorde "Met blydskap ..." aan die einde van vers 11 ingelei word.[110]

Samevattend, die lied wat in Kolossense 1:13–20 (of in verse 15–20) geïdentifiseer word, vorm deel van 'n groter diskoers wat vanaf die einde van vers 11 loop. Die poëtiese lied vorm 'n onderdeel van die groter brief aan die Kolossense.

## Sintaksis en diskoers

Gegewe die onduidelikheid oor die poëtiese formaat van die teks, mag 'n verdere analise van sintaksis en diskoers opheldering gee. Deur gebruik te maak van 'n analise van die sintaksis[111] en die Griekse teks,[112] word hier aangetoon dat Kolossense 1:11b–20 een lang sin is met vier verskillende segmente, verskeie bysinne en ander sintaktiese eenhede.

107. Roger L. Omanson and Bruce Manning Metzger, *A Textual Guide to the Greek New Testament: An Adaptation of Bruce M. Metzger's Textual Commentary for the Needs of Translators* (Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft, 2006), 412.

108. AFR33/53 en AFR83 druk nie in poëtiese formaat af nie. In die Verklarende Bybel (1983) word daar wel in die voetnote verwys na die lied van verse 15–20 wat in twee strofes verdeel is, nl. 15–18a en 18b–20.

109. Dean Deppe, *The Lexham Clausal Outlines of the Greek New Testament: SBL Edition* (Bellingham: Lexham Press, 2011).

110. Albert L. Lukaszewski, Mark Dubis, and Ted Blakley, *The Lexham Syntactic Greek New Testament, SBL Edition: Sentence Analysis* (Bellingham: Lexham Press, 2011).

111. Ibid.

112. Michael W. Holmes, *The Greek New Testament: SBL Edition* (Lexham Press; Society of Biblical Literature, 2011–2013).

11b **Met blydskap**
12 **gee vreugdevol [*dank aan*] die Vader**

<u>Segment 1:</u>
12b **wat julle bekwaam gemaak het**
om die erfenis [*van*] sy heilige[*s*] te deel
in die lig
13 **Hy het ons gered**
uit die mag van die duisternis
**en gebring**
**in die koninkryk [*van*] die Seun** wat Hy liefhet,
14 in wie [*on*s] die **verlossing** het,
die vergifnis van sondes.
15 [*Die*] Seun is [*die*] **beeld** [*van*] die onsigbare God
[*die*] **Eersgeborene** [*van*] **die hele skepping;**
16 **want deur [*of in*] Hom** [*is*] **alles geskape**
in die hemel
en op aarde,
sigbaar en onsigbaar
hetsy trone of magte of heersers of owerhede

<u>Segment 2:</u>
**alles [*is*] geskep**
**deur Hom** en
**tot Hom**

<u>Segment 3:</u>
17 **Hy is**
**voor alles,**
**alles**
**hou in Hom stand.**

<u>Segment 4:</u>
18 **En Hy is die Hoof [*van*] die liggaam, die kerk**;
**Hy is [*die*] begin, Eersgeborene**
uit die dood,
sodat Hy
in alles
die eerste word.
19 Want [*God het*] **goedgevind** [*dat*]
**in Hom** woon
al die volheid
20 **deur Hom**
alles te versoen
met Hom
deurdat Hy
vrede maak
deur die bloed, die kruis
**deur Hom**
hetsy
op aarde
hetsy
in hemel.

## ○ Literêre konteks

Die sintaksis-analise soos hierbo aangetoon, wys duideliker die literêre konteks aan. Blydskap en vreugde dat die Vader die heiliges geskik gemaak het vir die Seun se koninkryk is die inleidende en toonaangewende gedagte in die teks. Dit sluit ook goed aan by die voorafgaande verse in Kolossense 1:3–11 se sentrale gedagte van dank aan God. *Die loflied van Kolossense 1:13–20 staan in die konteks van oorvloedige dankbaarheid.*

Die Seun se koninkryk waarin die heiliges gebring is, is alle blydskap en vreugde werd. 'n Loflied aan God se geliefde Seun pas inderdaad baie goed in hier. Die perikoop se segmente kan soos volg opgedeel word:

- *Hoe lyk die Seun se koninkryk?* (Kol. 1:14–16a). Hier regeer die Seun-Koning wat bo alles verhewe is en uitermate bevoeg is deurdat hy verlossing bring, 'n werklike beeld van God is, aansienlike status het omdat Hy voor die skepping bestaan het, en omdat alles in Hom geskape is: aarde en hemel, die sigbare en onsigbare en alle vorms van heerskappy.
- *Wat is alles onder die Seun se heerskappy?* (Kol. 1:16b–17). Hy het voor alles bestaan. In Hom is alles geskape en alles hou in Hom stand. Die koningskap, skepping en onderhouding van *alles* val onder die Seun se oppergesag. Sy koninklike regering is werklik *allesomvattend*.
- *Hoe neem heiliges deel aan die koninkryk van die Seun?* (Kol. 1:18–20). Die Seun se koninkryk manifesteer reeds in die universele kerk. Hy lei sy heiliges in die kerk as eerstes in die opstanding wat nuwe lewe bring. Dit is in die kerk waar alle volheid te vinde is, dit is in die kerk waar versoening is, dit is in die kerk waar vrede is. Die Seun-Koning dra God die Vader se goedkeuring weg. Om deur hom regeer te word, is rede vir groot blydskap en dank.

Opsommend: Die literêre konteks van Kolossense 1:13–20 dui op die koninkryk van die Seun wat in reikwyde oor alles heers, maar wat reeds vir die heiliges in die universele kerk manifesteer.

## ○ Woordstudies

Twee woorde waaraan meer spesifiek aandag geskenk moet word, is "Eersgeborene" (Kol. 1:15, 18) en "kerk" (Kol. 1:18). Die Griekse woord "*prõtotokos*" (Gr: πρωτότοκος) het betrekking op 'n eersgebore kind wat in Israel aansienlike status en aansien gehad het, soos byvoorbeeld om op 'n dubbele erfporsie geregtig te wees (Deut. 21:15–17). Deur die eersgeborene word die familielyn voortgesit. Die figuurlike betekenis van "*prõtotokos*" in die messiaanse titel, "Eersgeborene oor die hele skepping"[113] (Kol. 1:15), kan gelees word as "bestaande voor die hele skepping", of "bestaande bo die

113. Gr: "πρωτότοκος πάσης κτίσεως."

hele skepping".[114] In dieselfde sin van "eerste" wees, lees ons in Kolossense 1:18 dat die Seun voorrang het in die opstanding. Dit is opvallend dat die nominatiewe naamval in die Griekse teks, wat aantoon dat die "Eersgeborene" *self* die aksie verrig, net in Kolossense 1:15 en 18 en in Openbaring 1:5 gevind word.[115] Die korrekte gebruik van hoofletters in hierdie verse vir die woord "Eersgeborene" beklemtoon dat daar na die Seun, Jesus Christus verwys word.

In Kolossense 1:18a is daar verskillende vertalings vir die Griekse woord "*ekklesia*" (Gr: ἐκκλησία), wat met "kerk" vertaal word. In hierdie konteks word daar na alle Christengemeentes verwys – dit is die *universele kerk* in dieselfde sin as in Matteus 16:18: "op hierdie rots sal ek my kerk bou". Voorkeur word hier dus verleen aan die AFR83- en AFR20-vertalings wat op die universele kerk en nie op 'n plaaslike gemeente dui nie.[116,117]

## ○ Grammatika

Opvallend is die verskillende gebruike van die voorsetsel "in" of "deur" (Gr: ἐν) soos in Kolossense 1:16a gevind. Dit is interessant dat die hoogste frekwensie vir "ἐν" in die boek Kolossense voorkom.[118] In die hele Kolossenseboek kom hierdie voorsetsel 88 keer voor, terwyl dit in Kolossense 1 reeds 31 keer voorkom – wat dit die derde hoogste aantal kere per hoofstuk in die NT maak.[119]

Daar moet vermeld word dat "[*d*]ie gebruike van hierdie voorsetsel so baie en so verskillend is, en dikwels so maklik verwar word, dat 'n streng sistematiese behandeling onmoontlik is".[120] "ἐν" word dikwels vertaal met "deur" (AFR20; AFR83)[121] of met "in" (AFR33/53).[122] Die betekenis van 'n voorsetsel is egter afhanklik van die naamval van die woord wat daarop volg (die objek van die voorsetsel) wat in hierdie geval 'n agent in die datiewe vorm is.[123] Dieselfde vorm kom in Kolossense 1:17 voor waar dit wel met "in" vertaal word (AFR20; AFR33/53), maar met "deur" in AFR83.

---

114. Louw and Nida, *Lexicon*, 116.

115. Anon, *Morphology Charts*.

116. Louw and Nida, *Lexicon*, 126.

117. Arndt et al., *Lexicon*, 304.

118. 55.6 per 1000 woorde gevolg deur 50.3 in Efesiërs en 40.5 in Filippense.

119. Die woord kom 35 keer in Handelinge 7 en 32 keer in Lukas 1 voor.

120. Arndt et al., *Lexicon*, 326.

121. Engelse vertalings: "through" in NLT en "by" in ESV.

122. Engelse vertalings: "in" in NIV en NRSV.

123. Louw and Nida, *Lexicon*, 796.

Die woorde "in Christus" ("*en Christṓ*") is eie aan Paulus. Oor die algemeen word lidmaatskap in Christus en sy kerk met hierdie woorde aangedui (Fil. 1:13; 2 Kor. 12:2; 1 Tess. 4:16; Rom. 8:1; 16:11). Daar is egter ook heelwat ander vorms waarin "ἐν" gebruik word. Spesifiek in Kolossense 1:16–17 word die "samekoms van baie in een aangedui"[124] (kyk Rom. 12:5; Gal. 3:28; Ef. 1:10; 2:21–22). In Kolossense 1:16–17 word na die samekoms van die hele skepping in Hom verwys, en op soortgelyke manier word in Efesiërs 1:10 na die samekoms van die ganse kosmos onder een Hoof in Christus verwys.[125]

Hierdie ryke gebruik van die woorde "in Christus" berus nie op mistieke opvattings nie, maar is gebaseer op "die siening van Christus as 'n kosmies en eskatologies universele persoonlikheid". Die "outeur van die tweede skepping [*is*] histories teenwoordig en [*het*] die nuwe skepping ingewy".[126]

Samevattend: Die feit dat Christus as universele persoon histories teenwoordig is en die nuwe skepping alreeds ingewy het en na eskatologiese voleinding bring, kommunikeer 'n dieper betrokkenheid as wat met 'n instrumentale optrede, "deur Christus", bereik word.

## ○ Historiese en kulturele konteks

Kolossense is een van Paulus se vier briewe wat hy in die gevangenis geskryf het in 61 n.C.,[127] of op die vroegste, aan die einde van die vyftigerjare n.C. 'n Latere datum word oor die algemeen uitgesluit omdat Kolosse sy kulturele belangrikheid verloor het in 'n aardbewing in 61 n.C. Die ontdekking van manuskripte wat die vroegste bekende kopie van Paulus se briewe bevat, bevraagteken ook bevindings van moontlike latere datums waarop die brief geskryf is.[128]

Die brief is geskryf teen valse leraars, wie se lerings nie op Christus gebaseer is nie en wie nie aan Hom as Hoof van die kerk vashou nie.[129] Romeinse munte uit Kolosse dui op die aanbidding van talle gode en die brief mag sinspeel op aspekte van hierdie sinkretistiese omgewing wat die

124. Gerhard Kittel, Gerhard Friedrich, and Geoffrey William Bromiley, *Theological Dictionary of the New Testament, Abridged in One Volume* (Grand Rapids: W.B. Eerdmans, 1985), 233–234.

125. Ibid.

126. Ibid.

127. Andreas J. Köstenberger, "Colossians", in *CSB Study Bible: Notes*, eds. Edwin A. Blum and Trevin Wax (Nashville: Holman Bible Publishers, 2017), 1893.

128. John McRay, *Archeology & the New Testament* (Grand Rapids: Baker Academic, 2008), 360.

129. David M. Hay, "Colossians, Letter to the," in *Eerdmans Dictionary of the Bible*, eds. David Noel Freedman, Allen C. Myers and Astrid B. Beck (Grand Rapids: W.B. Eerdmans, 2000), 271.

gemeente binnegesluip het.[130] Dit is kenmerkend dat, in die konteks van sinkretisme, die hoogste loflied ter ere van die Seun in wie alles stand hou, opgeteken is.

## Verhouding met die res van die Bybel

Kolossense 1:13–20 is vol verwysings na en sinspelings op die OT. Die melding van ’n “geliefde seun” saam met “koninkryk” (Kol. 1:13) is ’n unieke assosiasie met 2 Samuel 7.[131] In 2 Samuel 7:10–16 word vermeld dat die komende koningskap ewig sal wees. In Kolossense 1:13 lees ons dat hierdie belofte wat gedeeltelik in Salomo vervul is, nou finaal in Christus vervul word (kyk ook Heb. 1:5; Hand. 2:30; 13:23).[132]

Verder verwys die Seun as die beeld van God na Genesis 1:27 waar genoem word dat God die mens na sy beeld geskape het. Kolossense 3:10 borduur verder hierop voort deur aan te toon dat Christene na die beeld van die Skepper vernuwe word (Rom. 8:29; 2 Kor. 3:18). Die begrip “seunskap” is direk aan Genesis 5:1–4 verwant waar Adam se skepping na die beeld van God beteken dat hy God se seun was (Luk. 3:38). Christus, die Seun, is die hemelse beeld van die laaste Adam, wat Christene by sy wederkoms ten volle sal reflekteer (1 Kor. 15:45–49).[133]

Die benaming “Eersgeborene” in Kolossense 1:15 is ’n vervulling van Psalm 88:26–28 se verwysing na die komende messiaanse Koning van Israel waarvan die gemeente van eersgeborenes eskatologies erfgename sal wees (Heb. 12:23). Christus se soewereine koningskap is nie net geldig vir die eerste skepping nie, maar ook vir die nuwe orde – die tweede nuwe skepping – wat deur sy titel as “Eersgeborene uit die dode” ingelei word (Kol. 1:18; Heb. 1:2–5; 2:5–9).[134]

In Kolossense 1:15–20 kom die frase “alle dinge” of “alles” 7 keer voor. ’n Moontlike verbinding kan gemaak word met Genesis 9:8–17 waar God sy verbond met *alle* lewende wesens sluit, en waar die woorde “alle lewende wesens” of “alle vlees” ook meermale voorkom. Weinig kan egter direk uit so ’n verbinding gelees word. In die teks word wel herbevestig dat God

130. Scott Nash, “Colossae”, in *Eerdmans Dictionary of the Bible*, eds. David Noel Freedman, Allen C. Myers and Astrid B. Beck (Grand Rapids: W.B. Eerdmans, 2000), 270.

131. Gregory K. Beale, “Colossians”, in *Commentary on the New Testament Use of the Old Testament* (Grand Rapids; Nottingham: Baker Academic; Apollos, 2007), 850.

132. Ibid., 851.

133. Ibid., 852.

134. Ibid.

getrou sal bly aan sy hele skepping op 'n besondere manier, naamlik dat *alles* onder die koningskap van sy geliefde Seun geplaas word.[135]

In Kolossense 1:19 word genoem dat God dit "goedgevind" het om die hele volheid in Hom te laat woon. Hierdie unieke bewoording word verder net in Psalm 68:17a gevind, waar na God se keuse om in die tempel te woon (sien ook Hag. 1:8; 2:7), verwys word.[136] Kolossense 1:19 maak duidelik dat Christus nou die tempel van God se teenwoordigheid is. Dit is opvallend dat Kolossense 1:19 'n klousule binne die sin is wat in Kolossense 1:18 begin het, waar Christus as Hoof van die universele kerk aangedui word (Ef. 2:20–22; 1 Kor. 3:17). Die tempel is afgebreek en in drie dae weer opgebou, maar die Gees van Jesus sit die aardse teenwoordigheid van die mensgeworde Christus voort in die universele kerk, as die werklike vorm van die tempel ná Christus se hemelvaart.[137] Die universele kerk is die tempel van God, maar so ook elke gelowige (1 Kor. 3:16; 6:19). *Dit is in hierdie tempel – die universele kerk as geheel en elke gelowige afsonderlik – waar God se volheid en wysheid reeds woon, maar wat eendag tot volheid moet kom.*

## Teologiese belang

### Hoë Christologie

Hierdie gedeelte getuig van 'n hoë Christologie – 'n sterk bevestiging van die oppergesag van Christus oor alles. Die koningskap van die geliefde Seun het groot teologiese belang: Christus is die geliefde Seun wat die mens se sonde vergewe het, wat alles geskape het, wat dit onderhou en regeer, wat in die plek van Adam as volmaakte beeld van God staan, en wat 'n tempel is as Hoof van die universele kerk waar God wil woon.

### Teologie van die koninkryk

Die kerkvader, Chrysostomus, skryf oor Kolossense 1:13 dat dit 'n "[*g*]root ding is ... om ... uit die duisternis verlos te word; maar om ook in 'n koninkryk ingebring te word, is ... veel groter".[138] Die heiliges wat bly volhard, sal selfs

135. Vanhoozer et al., *Dictionary*, 120.

136. Beale, "*Colossians*", 856.

137. Ibid., 857.

138. John Chrysostom, "Homilies of St. John Chrysostom, Archbishop of Constantinople, on the Epistle of St. Paul the Apostle to the Colossians", in *Saint Chrysostom: Homilies on Galatians, Ephesians, Philippians, Colossians, Thessalonians, Timothy, Titus, and Philemon*, eds. Philip Schaff, trans. J. Ashworth and John Albert Broadus, Vol. 13, A Select Library of the Nicene and Post-Nicene Fathers of the Christian Church, First Series (New York: Christian Literature Company, 1889), 266.

saam met Hom regeer (2 Tim. 2:12). Daardie koninkryk behoort aan die Seun en het die grootste reikwydte denkbaar.

### ○ Teologie van skepping en onderhouding

Letterlik *alles* is in Hom, deur Hom en tot Hom geskape, en in Hom hou alles stand. 'n Teologie van skepping en onderhouding moet Christosentries en dus ook drie-enig wees, met 'n allesomvattende reikwydte.

## □ Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Wat leer die teks oor skeppingsorg? Direkte voorskrifte oor hoe om die skepping te bewerk en te bewaar word nie in die teks gevind nie. Tog leer die teks ons 'n paar baie belangrike punte oor wat dit beteken om deel te neem aan die sorg vir die skepping as heiliges wat na die Seun se koninkryk verplaas is.

Eerstens, sorg vir die skepping deur God se kinders gebeur nadat ons uit die mag van die duisternis gered en na die koninkryk van sy geliefde Seun verplaas is (Kol. 1:13), soos dit reeds in sy universele kerk op aarde manifesteer. Skeppingsorg, net soos ander sake wat voortvloei uit 'n nuwe lewe in Christus, word gevoed uit die heiliges se verbintenis aan Christus as Hoof van die liggaam, die kerk.

Tweedens, is dit belangrik om te konstateer dat God oor *alles* regeer. God se geliefde Seun is Koning op die ewige troon van Dawid. God het 'n verbond met *alle lewende wesens* gesluit (Gen. 9) wat ook onder die heerskappy van Christus val. Sy hele skepping is in die veiligste hande moontlik.

Derdens, God se kinders is nie passief van hierdie regering uitgesluit nie. Die Vader maak die heiliges *geskik* vir die Seun se koninkryk. Die heiliges mag nou al deel hê aan die allesomvattende kosmiese erfdeel van die Eersgeborene deur met Hom versoen te wees en deel te vorm van sy liggaam, die universele kerk. Sorg vir die skepping is *deelname* aan sy heerskappy vanuit die tempel waar God woon – in die universele kerk en in die individuele gelowige, onder die getuienis van die Gees. Die heiliges in Christus sorg dus primêr vir die skepping omdat God self vir die skepping sorg. In diepe afhanklikheid mag ons deelneem aan sorg vir die skepping in die wete dat alles in Hom standhou.

# Romeine 8:18–27: Van swaarkry na heerlikheid – vir die hele skepping!

## Opsomming

God onderwerp die skepping aan verganklikheid as gevolg van die mens se sonde, maar daar sal ’n tyd kom wanneer Hy die skepping uit slawerny sal bevry. Dit is goeie nuus, omdat sy verbondsbeloftes aan die skepping onwrikbare hoop gee. Die vloek oor die skepping was nooit finaal nie. Die gehoorsame versugting van die skepping is nie maar net ’n sinlose swaarkry nie, maar soos geboortepyne wat na nuwe lewe uitsien. Die lyding wat nou in die skepping sowel as vir gelowiges plaasvind, baan die weg na die heerlikheid wat nog gaan kom. Die omvang van die nuwe skepping is verder nie beperk tot individuele gelowiges en hulle geloofsgemeenskappe nie, maar strek uit na die heelal. Die skepping verlang daarna om iets van ons nuwe status as God se kinders en erfgename te sien. Die opdrag om die skepping te bewerk en daarvoor te sorg, geld nog steeds. Gehoorsame skeppingsorg is deel daarvan om ’n lewe te lei wat uitdrukking gee aan gelowiges se nuwe bestaan in Christus.

## Inleiding

’n Nuwe lewe in Christus maak ons vry van die sonde en die dood wanneer die Gees in ons woon, wat getuig dat ons as God se kinders aangeneem is. Hierdie nuwe status sluit nie lyding uit nie. Die hele skepping is deur God self onderwerp, maar daarin lê die hoop tot ’n nuwe lewe opgesluit. Ons sug saam met die hele skepping en wag hoopvol in volharding op die heerlike vryheid van volmaakte aanneming. Die ekologiese verwoesting in die skepping moet teen die agtergrond van gehoorsame versugting en onwrikbare hoop gesien word. Die sorg vir die sugtende skepping is ’n daad van volharding in hoop.

## Eksegese

### Wat sê die teks?

In Romeine 8:21 is daar ’n teksvariant wat die vloei van die sinne en ook die betekenis beïnvloed. Die oudste en beste teksgetuienis[139] lees “dat” of “omdat” (Gr: ὅτι), en kan selfs met “want” vertaal word. Die woordjie “want” lees egter anders (Gr: διότι) en in die teksvariant[140] kon dit per ongeluk deur

139. 𝔓$^{27}$ 𝔓 A B C D$^{2}$ Ψ 0289 Maj

140. ℵ D* F G

dittografie ontstaan het.[141] Die ouer weergawe verbind die laaste twee woorde in Romeine 8:20 duideliker met die begin van vers 21 en kan dan soos volg gelees word:

> [...] want die skepping is onderwerp aan 'n sinlose bestaan, nie uit eie keuse nie, deur Hom *onderwerp, in hoop dat* die skepping self vrygemaak word van verslawing aan die verganklikheid.

Die besluit om die teks op so 'n manier te vertaal, het implikasies vir die plasing van die leestekens aan die einde van Romeine 8:20. Die breuk voor die woorde "in hoop" word verkies op grond van die ouer teksgetuienis – 'n vertolking wat deur verskeie vertalings gevolg word (AFR33/53; Engels: NRSV, ESV, NASB, NIV e.a.).[142]

Die eksegetiese implikasie is dat so 'n vertaling duideliker aantoon dat dit *God* is wie die skepping aan nutteloosheid onderwerp het (Gen. 3:17), en dat daar 'n tyd sal kom wanneer *Hy* die skepping uit sy slawerny sal bevry wanneer Hy sy kinders ook uit die sterflikheid sal bevry.[143] Die onderwerping van die skepping deur God aan die verganklikheid as gevolg van die mens se sonde, bevat alreeds die saad van hoop tot bevryding. Die gehoorsaamheid van die skepping is uit hoop gebore. Die skepping sug daarom nooit sonder hoop nie. Die versugting van die skepping is nie maar net 'n sinlose swaarkry nie, maar is soos geboortepyne wat na die nuwe lewe uitsien.

## ☐ Wat beteken die teks?

### ☐ Sintaksis en diskoers

Die betekenis van die teks word duideliker as die vloei van die sinne in die oorspronklike Grieks nagegaan word.[144] Romeine 8:18–27 vorm deel van die groter diskoers oor hoe lyding deel uitmaak van 'n nuwe lewe onder die Gees. Romeine 8:18 begin met die toonaangewende stelling vir die res van die gedeelte, naamlik dat die skrywer oortuig is dat die huidige lyding nie opweeg teen die heerlikheid wat nog gaan kom nie. Dit is in hierdie eskatologiese konteks dat daar na die sinloosheid in die skepping verwys kan word (Rom. 8:20; Pred. 1:2), maar wat nooit 'n siniese fatalisme sonder uitsig is nie. Die onderwerping is deur God self gedoen. Dit is goeie nuus, omdat sy verbondsbeloftes aan die skepping (Gen. 9:10, 15) 'n onwrikbare hoop laat. Die skepping getuig self daarvan – die hele skepping ly en sug,

141. Dit beteken dat 'n kopieerder die laaste letters van die vorige woord herhaal het: ἐλπίδι ὅτι word ἐλπίδιδι ὅτι (Omanson and Metzger, *Textual Guide*, 304).

142. Comfort, *Variant Readings*, 451.

143. Ibid.

144. Lukaszewski et al., *Sentence Analysis*.

maar daar is telkemale weer nuwe geboortegroei wat plaasvind (Rom. 8:22). Net so sien God se kinders gretig uit na die aanneming tot seunskap wat alreeds bevestig is (Rom. 8:15), maar in heerlikheid volmaak sal word wanneer ons bevry word van ons gebroke liggame (Rom. 8:23).

## Woordstudies

Die woord wat verskeie kere in hierdie gedeelte gebruik word vir skepping is "*ktisis*" (Gr: κτίσις), oftewel "... die heelal as die produk van God se aktiwiteit in die skepping".[145] Hierdie woord dui die *totale fisiese heelal* aan. Dieselfde woord word in 2 Korintiërs 5:17 en Galasiërs 6:15 ook gebruik om aan te dui dat iemand in Christus 'n nuwe skepping is. Die teks in Romeine 1:18–27 impliseer egter dat die omvang van 'n nuwe skepping nie tot individuele gelowiges of hulle gemeenskappe beperk is nie, maar dat dit die ganse heelal insluit (Jes. 65:17; Op. 21–22).[146]

'n Verdere belangrike woord is "*huiothesia*" (Gr: υἱοθεσία) wat "aanneming tot seuns" beteken (Rom. 8:23, kyk ook Rom. 8:15, 9:4; Gal. 4:5; Ef. 1:5). Hierdie woord beskryf die handeling om 'n nie-biologiesverwante kind groot te maak. Die aangenome kind is geregtig op alle voorregte wat ook aan 'n natuurlike kind sou behoort. Paulus gebruik die term in die brief Romeine om "die verhouding tussen God en die volgelinge van Jesus te beskryf".[147] Dit is betekenisvol dat die woord wat hier gebruik word, die woord "*huios*" (Gr: υἱὸς), wat "seun" beteken, insluit – nie om daardeur manlikheid uit te beeld nie,[148] maar omdat dit in direkte verwantskap staan met die Seunskap van Jesus Christus self, wat die openingsverse van die brief inlei (Rom. 1:3). In Romeine 8:23 is daar goeie gronde om die woorde, "aanneming tot seuns", te behou soos wat in die bronteks vermeld word (al sou dit wel alle kinders insluit soos die voetnoot van AFR20 vermeld). Die rede daarvoor is dat die begrip "seunskap" kan help om die aard van aanneming beter te verstaan in die konteks van die Seunskap van Christus as eerste erfgenaam.

## Grammatika

Grammatikaal is dit opvallend dat in Romeine 1:18, die woord "*doxa*" (Gr: δόξα) wat "heerlikheid" beteken, in die akkusatiewe naamval saam met

145. Louw and Nida, *Lexicon*, xxiii.

146. Yongbom Lee, "New Creation", in *The Lexham Bible Dictionary*, eds. John D. Barry et al. (Bellingham: Lexham Press, 2016).

147. Michelle J. Morris, "Adoption", in *The Lexham Bible Dictionary*, eds. John D. Barry et al. (Bellingham: Lexham Press, 2016).

148. Ibid.

die voorsetsel "*pros*" (Gr: πρός) wat "aan" beteken, gebruik word. In so 'n geval word daar 'n *sterk rigting aangedui* – in hierdie geval na die heerlikheid wat deur die aksie van lyding ontvang word (kyk ook 2 Kor. 1:20; 8:19). Deur hierdie grammatika te gebruik, word dit nogmaals benadruk dat die lyding wat nou gebeur in die skepping sowel as vir gelowiges, die pad baan na die heerlikheid wat nog gaan kom.

## ☐ Literêre konteks

Die sterk teologiese inhoud van Romeine is ingebed in 'n brief wat aan 'n spesifieke gehoor en in 'n spesifieke situasie geskryf is (Rom. 1:1–7; 15:14–16:27). In hoofstukke 1–13 word die gehoor egter nie individueel nie, maar in die algemeen hanteer. Die brief kan gesien word as 'n traktaatbrief wat teologiese argument(e) bevat en in verskillende literêre subgenres geskryf is.[149] Op 'n baie intiem-persoonlike manier, wat deur 'n brief bereik word, openbaar God ook die ware teologiese leer.

## ☐ Histories-kulturele konteks

Die boek aan die Romeine is geskryf in die winter van 55 tot 56 of van 56 tot 57 n.C.[150] Een van die belangrikste vrae wat die jong kerk in die eerste eeu gehad het, was hoe daar kontinuiteit in die kerk kan wees tussen God se eerste en die tweede woord, tussen Israel as die volk van die eerste woord, en hulle as mense van die tweede woord.[151] Die boek Romeine verklaar hoe die eerste woord en die verhaal van die eerste volk deur die koms van Jesus Christus herlees en herinterpreteer moet word. Die sinloosheid van die natuurlike bestaan wat Prediker so intens oorweeg en nagevors het en nie werklik kon verklaar nie, anders as om na die opdrag om God te vrees, te wys en sy gebooie na te kom,[152] vind in Christus, 'n diepere betekenis vir God se kinders en vir die hele skepping.

## ☐ Verhouding met die res van die Bybel

Die Romeine-brief is in die eerste plek evangelieverkondiging tot verlossing vir elkeen wat glo (Rom. 1:15–16). Dit is dieselfde evangelie wat deur die profete in die Skrifte beloof is aangaande God se mensgeworde Seun uit die nageslag van Dawid (Rom. 1:2–3). Paulus se boodskap aan die kerk in

149. Carson and Moo, *Introduction*, 402–403.

150. Ibid., 394.

151. Ibid., 410.

152. Kyk eksegese van Prediker 1:2–7.

Rome is "niks meer as 'n verkondiging van die Skrifte wat vervul is in die vleesgeworde, gekruisigde en opgestane Christus nie".[153]

Die ongeveer 60 aanhalings uit die OT – wat meer is as in enige ander boek van Paulus – word oorskadu deur die aantal sinspelings op die OT. Paulus herskryf en herinterpreteer God se bemoeienis met sy kinders en met die hele skepping in die lig van Christus van wie Paulus self 'n geroepe apostel is. Christus, die Seun van God, word voorgehou as Skepper sowel as Verlosser. Die aankondiging van die evangelie staan in verband met die aankondiging deur die skepping self (Rom. 1:20; 10:18 as verwysing na Ps. 19:4). Kennis en eer van God, die Skepper is om te bely dat Hy ondeurgrondelik is in wysheid en optrede. In Romeine 8:18–27 word ook na die Skepper en sy onderworpe skepping verwys om van 'n onwrikbare hoop ten tye van lyding te getuig. Al lyk die skepping ook hoe verganklik en nutteloos, bly die ganse heelal tog met hoop getuig van die bevryding wat nog gaan kom.

## Teologiese belang

### Kosmiese verlossing

Verlossing is nie tot mense beperk nie; die ganse skepping is deel daarvan. Teologie kan nie tot antropologie beperk word nie, omdat dit ook kosmies is. Menslike liggame is net so deel van die materiële en die fisiese as wat die res van die skepping is. Die bevryding van mense se liggame deur die opstanding uit die dood en die heerlike vryheid wat dit meebring as aangenome kinders van God, staan in direkte verband met die skepping se bevryding uit verganklikheid en sinloosheid.

### Vloek oor die skepping

Die vloek oor die skepping was nooit finaal nie. God se vloek is 'n onderwerping van die skepping wat spoedig ná die sondvloed met 'n verbond met "alle lewende wesens" opgevolg is – 'n belofte van God wat ook in Christus vervul word. Die nuwe lewe van geregtigheid voor God in die Gees, wat reeds in hierdie lewe vir sy aangenome kinders begin, sal eendag volmaak wees. Die huidige lyding en toekomstige heerlikheid bly 'n kenmerk van hierdie tussentyd, vir God se aangenome kinders sowel as vir die res van die skepping.

153. Mark A. Seifrid, "Romans", in *Commentary on the New Testament Use of the Old Testament* (Grand Rapids and Nottingham: Baker Academic and Apollos, 2007), 607.

## Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

"Wat sal ons dan van hierdie dinge sê?" (Rom. 8:31). Hierdie vraag sou mens ná elke teks kan stel, maar hier staan dit as direkte verlenging van die bestudeerde teks. Wat leer die Bybel in Romeine 8 oor skeppingsorg? 'n Paar kernsake word uitgelig:

Eerstens, die teks bevestig wat gelowiges se status in Christus is. God se eerste gawe of eerstelinge van die Gees en aanneming as kinders is alreeds bekend. Tog sien gelowiges ook steeds uit na die volle aanneming as kinders. As God se kinders en erfgename staan gelowiges in verhouding tot God en tot die res van sy skepping.

Tweedens, bevestig dit watter aanspraak deur die skepping op gelowiges gemaak word. Die skepping verlang vurig dat die "kinders van God openlik bekend gemaak sal word" (Rom. 8:19 – AFR20). Die skepping verlang daarna om iets van die nuwe status as God se kinders en erfgename te begin sien, alhoewel dit tans nog maar ten dele kan wees. In 'n tyd waar die effek van menslike sonde so rampspoedig in die omgewings- en klimaatkrisis deurwerk, is hierdie aanspraak nog duideliker geprojekteer as in die eerste eeu toe die boek Romeine onder leiding van die Gees opgeteken is.

Derdens word daar 'n plek vir gelowiges se eie lyding en swaarkry in die skepping gegee. Swaarkry en lyding weeg nie op teen toekomstige heerlikheid nie en kan nie die onwrikbare hoop wegneem wat in die vervulling van God se beloftes in Christus veranker is nie. Die omgewingskrisis mag God se kinders nie sonder hoop laat nie, maar roep hulle eerder op tot volharding. Die opdrag om die skepping te bewerk en te bewaar, geld nog steeds, dikwels in stryd met 'n pragmaties-ekonomiese kultuur wat die waarde van betrokkenheid in terme van uitkomste en resultate meet.

Vierdens, gelowiges se lewe in die Gees het 'n bepaalde inhoud. Regverdiging deur geloof is nie waar die brief aan die Romeine stop nie. Die boek beklemtoon verder dat geloofsgehoorsaamheid tot 'n vernuwing van denke lei (Rom. 12:2), en ook hoe ons leef (vv. 3–15:13). Die teoloog, George Ladd, som dit mooi op: "Omdat gelowiges in Christus is, behoort hulle tot die nuwe skepping (indikatief), en hulle moet [*dan ook*] 'n lewe lei wat uitdrukking gee aan die nuwe bestaan (imperatief)".[154]

Romeine 12–15 fokus daarop dat gelowiges na mekaar se belange omsien. Kan hierdie beginsel van die versorging van mekaar, teen die agtergrond van die kosmiese omvang van God se vernuwing, nie ook spesifiek op skeppingsorg toegepas word nie?

154. Ladd, *Theology*, 480.

# Petrus 3:10–13: ’n Nuwe, gesuiwerde aarde

## Opsomming

Die vertaling aan die einde van 2 Petrus 3:10, “ontbloot sal word”, bly die naaste aan die teksgegewens wat in die oudste teksgetuienisse beskikbaar is. Die betekenis lê veral daarin om, nadat gesoek is, iets te vind of te ontdek. Die oordeel oor die aarde kom nadat ondersoek is wat daar gedoen is. Die oordeelsdag van die Here gaan katastrofiese oordeel sowel as triomfantlike vernuwing bring. Daar is verbranding en ook die belofte van ’n nuwe hemel en nuwe aarde waar geregtigheid woon. Vuur is ’n simbool van God se teenwoordigheid en krag, van goddelike oordeel en van reinigingswerk. Verbranding, in watter vorm ook al, maak deel uit van God se regverdige oordeel wat die pad oopmaak tot ’n triomfantelike vernuwing van die skepping. Sekere fisiese dinge kan voortbestaan ná die aanbreek van ’n nuwe hemel en aarde, net soos wat gelowiges se liggame in ’n verheerlike vorm uit die dode opgewek sal word. Die teologiese belang is dat die teks standpunt inneem teenoor die oorbeklemtoning van kontinuïteit (geen radikale vernuwing) sowel as van diskontinuïteit (vernietiging) van die huidige hemel en aarde. Die verwagting van die wederkoms en ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde affekteer hoe gelowiges nou reeds in verhouding met die aarde leef.

## Inleiding

Wanneer die aarde op die dag van die Here gaan verbrand en vergaan, hoekom word sorg vir die skepping dan nog van ons gevra? Is die etiese oproep in 2 Petrus 3 nie eerder ’n “heilige wandel en godsvrug” (2 Pet. 3:11 – AFR33/53) waar ons “vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede” (2 Pet. 3:14 – AFR33/53) nie? Behalwe vir belangrike teksvariante wat moontlik op die gebrekkige verstaan van hierdie teks kan inspeel, is so ’n simplistiese teenstelling tussen die skepping en ons eie heilige wandel, nie korrek nie. Volgens God se belofte kom daar ’n “nuwe hemele en ’n nuwe aarde waarin geregtigheid woon” (2 Pet. 3:13 – AFR33/53). Die nuwe aardsheid van ons ewige lewe mag dalk vreemd oorkom indien ’n mens altyd gedink het dat die ewigheid uitsluitlik hemels is. 2 Petrus 3 gee belangrike insigte oor die aard van die ewige lewe ná die wederkoms van Christus. Om te groei in genade en kennis van die waarheid soos wat die wederkoms nader kom, is belangrik, maar dit geld ook vir ’n goeie blik op die regte verhouding van gelowiges met God se skepping.

# Eksegese

## Wat sê die teks?

Die laaste woord in 2 Petrus 3:10 is onderhewig aan heelwat teksvariante.[155] Ons sien dit ook in verskillende Afrikaanse vertalings waar genoem word dat die aarde en werke daarop of "sal verbrand" (AFR33/53), of "ontbloot sal word" (AFR20), of sal "vergaan" (AFR83), of dat Hy hulle sal "oordeel" (ABD07). Die oudste teksgetuienis[156] lees "*heurethēsetai*" (Gr: εὑρεθήσεται), wat letterlik beteken dat iets "gevind (of geopenbaar) sal word", en word as "ontbloot" in AFR20 vertaal (Engelse vertalings: NRSV, ESV, NIV, TNIV, NEB, REB, NAB, NLT, HCSB en NET).[157] Die eerste teksvariant[158] lees "*katakaiōtai*" (Gr: κατακαησεται), oftewel "sal verbrand word", en word in die AFR33/53-vertaling gebruik (Engelse vertalings: KJV, NKJV en RSV). Die tweede teksvariant[159] lees "*aphanisthēsontai*" (Gr: αφανισθησονται), oftewel "sal verdwyn", en word net in die Engelse TEV gebruik. 'n Derde teksvariant[160] lees "vernietig gevind sal word" (Gr: ευρεθησεται λυομενα), en 'n vierde variant[161] laat die laaste woord heeltemal uit. Die derde en vierde variante word nie in moderne Afrikaanse of Engelse vertalings gebruik nie.

Die rede waarom die eerste teksvariant, "sal verbrand word", vir so lank 'n populêre vertaling was, is waarskynlik omdat dit intuïtief makliker is om te verstaan, en omdat dit op die oog af beter korrespondeer met die verwysing na die verbranding van die hemel in 2 Petrus 3:12.[162] Die oudste uitleg het egter bewaar gebly in 'n goeie aantal getuies en kan ook goed verstaan word in die sin om *deur God gevind te word*[163,164]; dit is in goddelike oordeel soos wat in verskeie ander teksgegewens bedoel word. In Job 20:27 staan "die hemel *ontbloot* sy sondeskuld" (AFR 20) of "die hemel *openbaar* sy ongeregtigheid" (AFR33/53) en in 1 Korintiërs 3:13 staan: "... elkeen se werk sal duidelik word ... deur vuur sal dit g*eopenbaar* word" (AFR20) of "... elkeen se werk sal aan die lig kom ... omdat dit deur vuur

155. Comfort, *Variant Readings*, 768.

156. א B P 0156$^{vid}$ 1739$^{txt}$

157. Rick Brannan and Israel Loken, *The Lexham Textual Notes on the Bible*, Lexham Bible Reference Series (Bellingham: Lexham Press, 2014), 2 Pet. 3:10.

158. A 048 33 1739

159. C

160. 𝔓$^{72}$

161. Ψ 1891 vg$^{mss}$

162. Comfort, *Variant Readings*, 768.

163. Omanson and Metzger, *Textual Guide*, 500–501.

164. Comfort, *Variant Readings*, 768.

*openbaar* gemaak word" (AFR33/53). Die vertaling "ontbloot sal word" (AFR20) bly die naaste aan die teksgegewens wat in die oudste teksgetuienisse beskikbaar is. Meer aandag sal gegee word aan hierdie woord in 'n spesifieke woordstudie.

## Wat beteken die teks?

### Struktuur en vorm

Die groter perikoop waarin die teks te vinde is, is 2 Petrus 3:1–13 waar vals profete en leraars se ontkenning van die wederkoms en die gepaardgaande oordeel in oënskou geneem word.[165] Hierdie perikoop vorm weer 'n onderdeel van die hoofdeel van die brief (2 Pet. 1:3–3:13) wat tussen die inleidende (2 Pet. 1:1–2) en die slotwoorde (2 Pet. 3:14–18) ingebed is. Die hele hoofstuk 2 gee 'n beskrywing van die verwerping van vals leraars en profete.

### Genre en groter literêre konteks

Die tipiese begroeting wat in die briewe van die apostels voorkom (2 Pet. 1:1–2) en die verwysing na 'n tweede brief (3:1), toon aan dat 2 Petrus as 'n brief gestuur is.[166] Die outeur van die boek word aanvaar as Petrus op grond van sy eie *prima facie* verklaring (2 Pet. 1:1).[167] Petrus het die brief kort voor sy dood geskryf (2 Pet. 1:14).

Dit is opvallend hoe daar in die opening sowel as die slot na "genade" en "kennis" verwys word (2 Pet. 1:2; 3:18). Die tema van groei na volwassenheid in kennis en genade van God in Christus kom sterk na vore in die brief se literêre konstruksie (kyk veral 2 Pet. 1:5–8 asook Gal. 5:22 e.v.), wat teenoor mense as "redelose diere" gestel word (2 Pet. 2:12).[168] Die verwagting van die wederkoms en gepaardgaande oordeel is "stewig in die bestaande waarheid gevestig" (2 Pet. 1:12), en is iets waaraan die brief se lesers blywend herinner moet word. Alhoewel die teks van 2 Petrus 3:8–12 literêr as "apokaliptiese onderwysing" getipeer word, kan dit nie afsonderlik gelees word van die literêre tipe "vermaning" wat oor die grootste deel van die boek (2 Pet. 1:12–3:13) strek nie.[169]

165. 'n Ander logiese indeling op grond van klousale analise verwys na 3:1–10 as 'n ware verstaan van die laaste tye en 3:11–18 as die eskatologiese etiek wat uit hierdie begrip na vore kom (Deppe, *Clausal*).

166. John H. Elliott, "Peter, Second Epistle of", in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman (New York: Doubleday, 1992), 283.

167. Vir 'n oorsig oor en verwerping van die redes waarom Petrus nie die outeur kon gewees het nie, kyk Carson and Moo, *Introduction*, 659–663.

168. Carson and Moo, *Introduction*, 654.

169. Douglas Mangum, *The Lexham Glossary of Literary Types* (Bellingham: Lexham Press, 2014).

## ☐ Woordstudie

Die lemma "*heurískō*" (Gr: εὑρίσκω) in 2 Petrus 3:10 wat as "ontbloot" (AFR20) vertaal is, is nie onbekend in die NT nie. Die betekenis van die woord soos dit in 2 Petrus gebruik word, naamlik om ontdek of gevind te word, kom ook op hierdie manier in heelwat tekste in Openbaring voor (Op. 5:4; 12:8; 14:5; 16:20; 18:21, 22, 24; 20:11, 15). Die betekenis lê veral daarin om "nadat gesoek is iets te vind of te ontdek".[170] Die oordeel oor die aarde kom nadat ondersoek is wat daar gedoen is.

Die woord "*stoicheion*" (Gr: στοιχεῖον), oftewel "elemente" (2 Pet. 3:10, 12) mag vreemd vir die moderne leser oorkom. Die lemma "*stoicheion*" kom net in sewe tekste in die NT voor, terwyl daar tot drie moontlike betekenisse van die woord voorgehou word: (1) die stof waaruit die aarde en die heelal saamgestel is (2 Pet. 3:10, 12),[171] (2) basiese beginsels of elementêre waarhede wat die aard van iets onderlê (Gal. 4:3, 9; Kol. 2:8, 20; Heb. 5:12; 2 Pet. 3:12),[172] en vir 'n ander interpretasie van Kolossense 2:20 (3) as bonatuurlike kragte.[173]

Teen die einde van die 19de eeu kon nog geskryf word dat elemente in 'n primêre sin na die "eerste beginsels of bestanddele van dinge" verwys (met verwysing na 2 Pet. 3:10), terwyl dit in 'n sekondêre sin na die "eerste beginsels van enige kuns of wetenskap" verwys, soos die eerste beginsels van die Joodse godsdiens (met verwysing na Gal. 4:3, 9; Kol. 2:8, 20).[174] Daar was sedertdien 'n langdurige debat oor die betekenis van die woord in al genoemde verse in die NT (met die uitsondering van Heb. 5:12) waar die woord "elemente" voorkom.[175] In Grieks verteenwoordig die begrip "basiese beginsels of elementêre waarhede" egter 'n "hoogs generiese woordeskat, en in baie tale is die naaste ekwivalent hoe om die eenvoudige waarhede te verstaan".[176] Die verwysing na elemente in 2 Petrus 3:10 en 12 dui egter wel op die ontbinding van die fisiese wêreld. In die konteks van 2 Petrus 3:7 word na die fisiese aarde verwys (Gr: γῆ) "wat vir vuur opsy gesit" word. Die voorstel dat "*hemele* en aarde" na "noodsaaklike kenmerke

170. Arndt et al., *Lexicon*, 411.

171. Louw and Nida, *Lexicon*, 18.

172. Ibid., 587.

173. Swanson, *Dictionary*. Let daarop dat Swanson in teenstelling tot Louw en Nida 2 Petrus 3:12 saam met 2 Petrus 3:10 lys onder die eerste betekenis: "die materiaal waaruit die aarde en die heelal saamgestel is".

174. Matthew G. Easton, *Illustrated Bible Dictionary and Treasury of Biblical History, Biography, Geography, Doctrine, and Literature* (New York: Harper and Brothers, 1893), 219.

175. Richard E. DeMaris, "Element, Elemental Spirit," in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman (New York: Doubleday, 1992), 444.

176. Louw and Nida, *Lexicon*, 587.

van die heelal, naamlik die sterre of planete" mag verwys,[177] is waarskynlik 'n anakronistiese vertolking (veral wanneer, soos later aangetoon sal word, 'n vroeëre datum vir die skrywe van 2 Petrus gehandhaaf word). Die assosiasie van "elemente" met hemelliggame blyk eerder 'n kenmerk van sekere geskrifte uit die tweede tot derde eeu n.C. te wees.[178]

Let daarop dat die verwysings in 2 Petrus 3:10 en 12 na einde en vergaan deur verbranding op die "hemele" dui, dat verwysings na uitbrand, vergaan en wegsmelting op die "elemente" dui, en dat die verwysing na ontbloting (2 Pet. 3:10) op die "aarde" dui. Om vir vuur opsygesit te word op die oordeelsdag, mag beteken dat sekere fisiese dinge vernietig sal word en ander nie – kyk spesifiek 2 Petrus 3:7 waar na die vernietiging van goddeloses verwys word.

## ☐ Histories-kulturele konteks

Die boek 2 Petrus se datering moet voor 65 n.C. wees omdat Petrus tydens Nero se vervolging gedood is. Petrus skryf self dat sy einde naby is (2 Pet. 1:13–14). Die brief is dus na alle waarskynlikheid in Rome geskryf – moontlik tydens Nero se vervolging wat alreeds begin het.[179]

## ☐ Verhouding met die res van die Bybel

In 2 Petrus 3:10–13 is daar ten minste drie sinspelings op die OT, naamlik 'n verwysing na die algemene "dag van die Here", die bespoediging daarvan (Jes. 60:22) en, die belangrikste vir ons doel hier, die sin dat die oordeelsdag van die Here "beide katastrofiese oordeel en triomfantlike vernuwing" gaan bring.[180] Daar is verbranding sowel as die belofte van 'n "nuwe hemel en 'n nuwe aarde, waar geregtigheid woon" (2 Pet. 3:12b–13).[181] Ook word daar na Jesaja verwys: "Ja, ek gaan 'n nuwe hemel en nuwe aarde skep. Aan die vroeëres sal nie meer gedink word nie [...]" (Jes. 65:17) en "[*w*]ant soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek gaan maak, voor My sal bly voortbestaan" is die uitspraak van die HERE, "so sal julle nageslag en julle

177. DeMaris, "*Elemental*", 444.

178. Ibid.

179. Carson and Moo, *Introduction*, 663.

180. D.A. Carson, "2 Peter", in *Commentary on the New Testament Use of the Old Testament* (Grand Rapids and Nottingham: Baker Academic and Apollos, 2007), 1060.

181. Die woord "geregtigheid" in Grieks is "dikaiosynē" (Gr: δικαιοσύνη), oftewel "wat reg is". Die AFR20 vertaling se woordelys stel dit so:

> Dit verwys na God se regverdige optrede as regeerder en regter, en ook na Sy trou aan die verbond wat Hy met Sy volk gemaak het. Daarom kan die geregtigheid van God die aspek van troue liefde insluit (Ps. 89:15; Rom. 1:17).

naam bly voortbestaan" (Jes. 66:22). Die beeld van 'n nuwe hemel en nuwe aarde word ook in Openbaring 21:1 gebruik. Die toekomsverwagting van 'n ewige lewe met geregtigheid was al in die OT teenwoordig (bv. Jes. 1:24–26; Dan. 9:24), en word in 2 Petrus 3:13 herbevestig en verder uitgewerk.

In die Bybel word "vuur" dikwels genoem as 'n simbool van God se teenwoordigheid en krag (bv. Eks. 3:2; Hand. 2:3), as instrument en simbool van sy goddelike oordeel,[182] en as 'n simbool van God se reinigingswerk.[183] Daar is geen aantoonbare rede waarom Petrus nie al drie hierdie aanduidings voor oë sou gehad het nie, des te meer omdat daar duidelike sinspelings in die teks op die OT is. In alle gevalle is verbranding, in watter vorm ook al, deel van God se regverdige oordeel wat die pad na 'n triomfantelike vernuwing van die skepping oopmaak.

## Teologiese belang

### Eskatologie

Die teologiese belang van hierdie teks lê hoofsaaklik in die eskatologiese leer oor die wederkoms en laaste oordeel.[184] Jesus Christus gaan weer kom soos Hy belowe het. Sy oordeel gaan gepaard met 'n suiwerende vuur wat dien tot "vernietiging van die goddeloses" (2 Pet. 3:7b), en wat die begin is van 'n nuwe hemel en aarde vir die wat 'n "heilige lewe lei en godvresend leef" (2 Pet. 3:11b). In die konteks van die brief wat lesers oproep om by die evangelie te bly, vorm hierdie lering die kern van die boek se teologiese bydrae.

### Teologie van vernuwing en vernietiging

Hoe daardie transformasie van ou na nuwe wêreld presies gaan lyk, is egter nie duidelik uit die teks nie.[185] Aan die een kant is daar die taal van verbranding en vernietiging (diskontinuïteit) van ten minste die fisiese hemele (lug en uitspansel) en die elemente, asook die taal van 'n aarde wat vir vuur opsy gesit word. Selfs as die vertaling in 2 Petrus 3:10 gevolg word dat die aarde en wat daarop gedoen is, "ontbloot" sal word, neem dit nie weg dat die huidige hemel en aarde vir vuur opsygesit word (2 Pet. 3:7),

182. Kyk Gen. 19:24; Lev. 10:2; Num. 11:1; 16:35; Deut. 4:24; Jes. 33:14; 66:15–16, 24; Jer. 5:14; 48:45; Eseg. 22:20; Amos 1:4; Mal. 4:1; Matt. 3:12; 18:8; 25:41; 1 Kor. 3:15; 2 Thess. 1:7–8; Op. 14:10–11; 20:10.

183. Kyk 1 Pet. 1:7; Num. 31:23; Jes. 48:10; Sag. 13:9; Mal. 3:2; 1 Kor. 3:13; Op. 3:18.

184. "Eskatologie (Gr. éschatos, 'laaste') handel oor verwagtinge van 'n eindtyd, hetsy die einde van die geskiedenis, die wêreld self of die huidige tyd." (John T. Carroll, "Eschatology," in *Eerdmans Dictionary of the Bible*, eds. David Noel Freedman, Allen C. Myers, and Astrid B. Beck. (Grand Rapids: W.B. Eerdmans, 2000).

185. Carson and Moo, *Introduction*, 666.

dat die hemel tot ’n einde sal kom en sal verbrand, en dat die elemente sal uitbrand, vergaan en wegsmelt nie (2 Pet. 3:10, 12). Aan die ander kant is daar verskeie ander tekste in die Bybel wat nie totale vernietiging nie, maar eerder transformasie suggereer (Matt. 19:28; Hand. 3:21; Rom. 8:19–22).

Die begrip “vernietiging” kan egter wel na oordeel sonder uitwissing verwys. Ondersteuning vir so ’n voorstel kan in 2 Petrus 3:6 gevind word waar na die antieke wêreld wat deur die vloed “vergaan” het, verwys word. ’n Bestudering van die begrip “vuur” in die res van die Bybel gee ook ondersteuning aan so ’n uitleg. “Vuur” kan ’n instrument sowel as simbool van God se oordeel wees asook ’n manier om die aarde en alles wat daarop gedoen is te reinig van goddeloosheid en onreg. Die implikasie is dat *sekere fisiese dinge kan voortbestaan* ná die aanbreek van ’n nuwe hemel en aarde, net soos wat ons *liggame* in ’n verheerlike vorm uit die dode opgewek sal word.

Die onduidelikheid oor hoe so ’n vernietiging of transformasie gaan lyk, het ook al aweregs deurgewerk in hoofstroomteologie en is tot vandag toe baie invloedryk. Die kerkvader Augustinus skryf byvoorbeeld:

> [/]emand sal miskien die vraag stel: As die wêreld, na die oordeel uitgespreek is sal moet brand, waar sal die heiliges wees tydens die verbranding, voordat dit vervang word deur ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde, aangesien hulle iewers moet wees, want hulle het materiële liggame? Ons kan antwoord dat hulle in die boonste streke sal wees waarin die vlam van daardie brand nie sal opgaan nie …[186]

Calvyn waarsku egter pertinent dat ons by die kern van Petrus se argument moet bly: “Want dit was nie sy doel om verfynd van vuur en storm en ander dinge te praat nie …”, maar eerder om te vermaan. Calvyn gaan verder op sy kenmerkende spottende manier oor spekulasies wat van die teks afwyk: “Ondeund is dus daardie interpreteerders wat baie arbeid verbruik op verfynde spekulasies, aangesien die apostel sy leerstelling toepas op godvrugtige vermanings”. Calvyn noem verder dat “[…] hemel en aarde deur vuur *gereinig* moet word en dat die “verdorwenheid van hemel en aarde […] deur vuur *gesuiwer* [*sal*] word” (*skuinsdruk toegevoeg*) en dat die elemente “verteer moet word, net sodat hulle gerenoveer kan word terwyl hulle substansie nog dieselfde bly, soos dit maklik uit Romeine 8:21 en uit ander gedeeltes afgelei kan word”.[187] Die teoloog, Charles Hodge, stem saam met Calvyn:

186. Augustine of Hippo, “The City of God”, in *St. Augustin’s City of God and Christian Doctrine*, ed. Philip Schaff, trans. Marcus Dods, vol. 2, A Select Library of the Nicene and Post-Nicene Fathers of the Christian Church, First Series (Buffalo: Christian Literature Company, 1887), 437.

187. “Commentary on 2 Peter”, John Calvin, besoek 25 April 2022, https://biblehub.com/commentaries/calvin/2_peter/3.htm.

> Die wêreld moet verbrand word; maar verbranding is nie 'n vernietiging van stof nie. Dit is bloot 'n verandering van toestand [...] Die vernietiging waarvan gepraat word, word elders 'n wedergeboorte genoem (Matt. 19:28); 'n herstel (Hand. 3:21) of 'n verlossing uit die slawerny van verdorwenheid (Rom. 8:21).[188]

Die teologiese belang van hierdie teks is bowenal om die duidelike leer van die komende wederkoms en oordeel op die dag van die Here teenoor valse lering te bly bevestig, maar ook om standpunt in te neem teenoor die oorbeklemtoning van kontinuïteit (geen radikale vernuwing nie) sowel as diskontinuïteit (vernietiging) van die huidige hemel en aarde.

## Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Die volgende kernpunte kan uitgelig word:

Eerstens, leer die teks dat teologiese foute vinnig morele foute kan word. Die immorele lewenstyl van die valse leraars en profete staan in direkte verband met hulle teologie: Hoekom nog heilig en godvresend leef as daar tog nie 'n komende oordeel is nie?[189] Vir gelowiges bring die wederkoms egter 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waar geregtigheid woon.

Tweedens, indien die sorg vir die skepping gemotiveer word vanuit die behoud van die fisiese aarde soos dit min of meer in die bestaande vorm ná die aanbreek van 'n nuwe hemel en nuwe aarde (kontinuïteit) is, kan daar gou te veel gemaak word van 'n gerealiseerde eskatologie in die hier en nou sonder om vuur as instrument van God se vernietigende oordeel te sien. Om die planeet met mag en krag te wil red, mag belangriker raak as om werklik uit te sien na die aanbreek van die dag van God waar Hy self volgens sy belofte 'n nuwe hemel en aarde gaan skep. Die uiteinde is dat die eskatologiese oriëntering van die lewe verlore gaan. Alhoewel so 'n posisie nie direk met die antinomianisme van die valse profete en leraars in 2 Petrus vergelyk kan word nie, is dit wel kwesbaar vir 'n nuwe (groen) legalisme, oftewel die "streng uitwaartse konformering tot morele of godsdienstige praktyke en die verwagting dat ander ook so optree".[190] Allerlei (eko)teologiese stromings en praktyke om die planeet te red, kan dan as merkteken vir 'n morele godsdiens begin figureer.

188. Charles Hodge, *Systematic Theology*, vol. 3 (Oak Harbor: Logos Research Systems, Inc., 1997), 852.

189. Carson and Moo, *Introduction*, 665.

190. Faithlife Corporation, "Legalism", in *Logos Bible Software, Computer Software, Logos Bible Software Factbook* (Bellingham: Faithlife Corporation, 2022).

Indien die sorg vir die skepping egter misken word vanuit die gedagte dat die aarde en alles wat daarop is goddeloos is en in elk geval verbrand gaan word (diskontinuïteit), kan daar te veel vanuit 'n uitsluitlik toekomstige eskatologie gedink word sonder om die vuur in ag te neem as simbool van God se reinigingswerk in die skepping op pad na 'n nuwe hemel en aarde waar geregtigheid woon. 'n Heilige en godvresende lewe word dan gou vergeestelik en inwaarts gerig op die self en op eie gemeenskappe sonder om bruikbaar te wees in God se allesomvattende koninkryk – "soos in die hemel, so ook op die aarde" (Matt. 6:10). Kennis van God word dan konseptueel en op tydlose waarhede gemik eerder as om die historiese en toekomstige gerigtheid van die lewe en die skepping te begryp. Die uiteinde is dan ook dat die eskatalogiese oriëntering van die lewe verlore gaan. 'n Verwagting van die wederkoms soos wat in 2 Petrus 3 geleer word, werk beide sulke stromings direk teë.

Derdens, die verwagting van die wederkoms en 'n nuwe hemel en nuwe aarde beïnvloed gelowiges se leefwyse. Om deur Hom "in vrede, vlekkeloos en onberispelik bevind te word" (2 Pet. 3:14) en om aan te hou "groei in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus" (2 Pet. 3:18) sluit in om daagliks met verwagting te leef in die skepping wat Hy goed gemaak het en wat Hy uit die slawerny van verdorwenheid gaan bevry. Om te groei in genade en kennis van die waarheid, kan nie losgemaak word van hoe ons leef op hierdie aarde nie.

Hoofstuk 3

# Evangelies

## Inleiding

Wat het die Evangelies eintlik te sê oor sorg vir die skepping? Is die Evangelies nie volkome op Jesus gefokus sonder enige werklike belangstelling in die nie-menslike skepping nie? ’n Mens sou verkeerdelik by so ’n gevolgtrekking kon uitkom indien daar net oppervlakkig na die teksgegewens gekyk word. Die Evangelies sluit egter baie nou by die OT aan en wys op ’n ewige, allesomvattende koninkryk onder die heerskappy van Jesus Christus, waaraan gelowiges reeds deel en eendag in volmaaktheid sal leef. Die openbaring van wie God is, wie Christus is, wat Hy gedoen het en nog steeds doen, hoe die koninkryk reeds op aarde manifesteer en eendag vervolmaak sal word, en hoe gelowiges en alle skepsels daarin ’n plek het, is alles deel van die goeie nuus van die evangelie. ’n Dieper soektog in die goeie nuus van die Evangelies, al is dit hier maar in drie tekse (Joh. 3:14–21; Matt. 6:9–11; Luk. 12:24–27), gee genuanseerde en ook bemoedigende insigte op die vraag wat skeppingsorg behels.

## Wat is die Evangelies?

Evangelie kom van die Griekse woord “*euangelion*” wat “goeie nuus” beteken. Die vier Evangelies kan breedweg in die Sinoptiese (d.i. ooreenstemmende) Evangelies van Matteus, Markus en Lukas, en die

**How to cite:** De Wit, MP 2024, ‘Evangelies’, *Skeppingsorg: ’n Aanset tot interpretasie van sekere Bybeltekste oor die mens se verhouding tot die natuurlike omgewing*, ITUTA Books, Cape Town, pp. 51–78. https://doi.org/10.4102/aosis.2024.BK502.03

Evangelie van Johannes opgedeel word. Die genre "Evangelie", soos in die bybelse kanon opgeneem, sluit die unieke aspekte van historiese narratief en prediking ("*kerygma*") in. Die Evangelies belig die ware Jesus in aansluiting by en vervulling van Israel se verbondsgeskiedenis in die laaste dinge. Deur sommige word die Evangelies binne die genre van die Grieks-Romeinse antieke biografie verstaan. Daar is egter wel beduidende verskille met laasgenoemde:

> Anders as die meeste ander antieke biografieë, is die evangelies anoniem; by hulle ontbreek die literêre pretensies wat kenmerkend is van die meeste biografieë; en bowenal, kombineer hulle lering en handeling in 'n predikingsgerigte werk wat los staan van enigiets anders in die antieke wêreld.[191]

Alhoewel die Evangelies nie opgeteken is om gedetailleerde besonderhede van Jesus se lewe op aarde te gee nie,[192] kan hulle wel maklik in 'n geskiedkundige konteks gesien word, omdat voldoende verwysings na historiese persoonlikhede soos Herodus, Antipas en Pontius Pilatus, gegee word (Matt. 27:2; Luk. 23:6–12).[193] Die verskille in kronologie en inhoud wat daar tussen die Evangelies bestaan, hoef geen bron van twyfel te wees nie, maar verskaf gesamentlik eerder 'n ryker verstaan van wie Jesus is.

## ■ Hoe interpreteer ons die Evangelies?

God het vier Evangelies op so 'n manier aan ons geopenbaar dat die historiese narratief sowel as Jesus se lering met mekaar verweef is. Dit mag probleme skep vir diegene met vooropgestelde idees oor hoe literêre genres hanteer moet word, maar dit hoef nie so te wees nie.[194] Die Evangelies staan langs mekaar en berig "die feite oor Jesus, die leringe van Jesus en getuig van Jesus",[195] 'n intrinsieke aard wat as riglyn vir Bybelgetroue interpretasie dien. 'n Begrip van die historiese konteks waarin Jesus geleef en gepreek het, asook van die evangeliste wat 'n paar dekades ná sy kruisiging en opstanding die eerste Evangelie onder leiding van die Gees opgeteken het, is ook 'n belangrike onderdeel van verantwoordelike interpretasie. Net so moet daar genoeg aandag aan die literêre konteks van die teks in 'n groter perikoop, in die hele boek self, tussen die vier Evangelies en in samehang met die hele Skrif, gegee word (2 Pet. 1:20).

---

191. Carson and Moo, *Introduction*, 115.

192. Ibid., 123.

193. Ibid., 124.

194. Fee and Stuart, *How to Read*, 128.

195. Ibid., 130.

## Wat leer ons uit die Evangelies vir ons tyd?

Die onderrig van Jesus is net so geldig in ons tyd, maar moet wel duidelik verstaan word in die konteks waarin dit geskied het. 'n Goeie blik op die verhouding met die OT is onontbeerlik omdat so baie van Jesus se lerings 'n uiteensetting en vervulling van die OT is.[196] Verder is die narratiewe in die Evangelies nie morele stories nie, maar illustrasies van hoe "die krag van die koninkryk inbreek deur Jesus se eie bediening".[197] Ook in die 21ste eeu leef ons in die spanningsveld tussen die inbreking en voleinding van die koninkryk. Jesus se volgelinge is alreeds vrygekoop en vergewe, en tot 'n lewe in sy koninkryk verbind, maar wat eers eendag volbring sal word. In hierdie spanningsveld blyk die vier Evangelies van onskatbare waarde: "In retrospek het die aanvaarding van 'n viervoudige Evangelieversameling [...] 'n magdom metafore [*verskaf*] vir die beskrywing van die koninkryk".[198]

## Johannes 3:14–21: God se liefde vir 'n vyandige kosmos

### Opsomming

'n Duideliker vertaling van Johannes 3:16 sou wees: "[...] want *op hierdie manier* het God die wêreld liefgehad [...]". Nie die graad van God se liefde vir die wêreld nie, maar die manier waarop dit gebeur (deur Sy Seun) is die sentrale gedagte in die teks. Dít teen die tendens om Johannes 3:16 as 'n enkele vers te lees om God se liefde vir sy geskape "*kosmos*" aan te dui, wat dan deur gelowiges opgevolg moet word. Jesus se koningskap behoort nie aan hierdie wêreld nie en kan slegs deur diegene wat glo, gesien word. Die grootste fout van Israel, Nikodemus en elkeen wat die duisternis liefhet, is juis om 'n slaaf in die fisiese, alledaagse werklikheid van die "*kosmos*" te wees sonder om "van bo" gebore te word deur in Hom te glo. In die Johannese gebruik (met belangrike uitsonderings), verwys "*kosmos*" nie neutraal na die planeet Aarde nie, maar na die ryk van menslike, vyandige aangeleenthede wat in kontras met die koninkryk van God gestel word. Dit beteken egter nie dat die "*kosmos*" intrinsiek boos is nie. Die aarde bly God se goeie skepping, maar die "*kosmos*" is aan die heerser van hierdie wêreld verslaaf. Christelike skeppingsorg "sien" in geloof op na die God wat deur Sy Seun verlos – 'n "van bo", en kan nie op die materiële gerig wees sonder *geloof in Hom* nie. Sonder geloof in Christus verval sorg vir die skepping in

196. Ibid., 143–144.

197. Ibid., 144.

198. Vanhoozer et al., *Dictionary*, 268.

die duisternis van "*kosmos*"-verering. Aan die ander kant waak geloof in Christus ook teen die vermyding van 'n kwansuis bose, materiële wêreld, en word dit deur 'n lewe *in* die wêreld gekenmerk, deur die liefde van God gemotiveer eerder as deur 'n liefde vir die "*kosmos*" self.

## Inleiding

Die liefde van God vir die wêreld word in die skeppingsorg-beweging dikwels voorop gestel om die mense se eie gebreklike verhouding met die skepping aan te toon.[199] God het die hele wêreld ("*kosmos*") tog so lief dat Hy sy enigste Seun gegee het. Hoe kan gelowiges se verhouding met planeet Aarde dan anders wees? Johannes 3:16 word dan dikwels ingespan om die belang van skeppingsorg as liefdesdaad bybels te bevestig. Eksegese van die teks wys egter op 'n meer genuanseerde gevolgtrekking oor wat "*kosmos*" hier beteken. Skeppingsorg word nie hierdeur uitgesluit nie, maar kry hierdeur 'n ander fokus.

## Eksegese

### Wat sê die teks?

In hierdie teksgedeelte is daar geen beduidende teksvariante nie, maar wel 'n verskil in die segmentering wat in verskeie vertalings gehandhaaf word. Jesus se antwoord aan Nikodemus wat by Johannes 3:10b begin, word in sommige vertalings by vers 15 afgesluit (AFR20, ABD07; Engels: RSV, NIV), maar by die meeste ander Bybelvertalings aan die einde van vers 21 (bv. AFR83).[200] AFR33/53 sluit geen aanhalingstekens in nie. Alhoewel daar goeie aanduidings is dat Johannes 3:16–21 deel uitmaak van Jesus se antwoord aan Nikodemus en in sy geheel gelees moet word, moet genoem word dat verskeie interpretasies wel hier moontlik is.[201]

### Wat beteken die teks?

#### Grammatika, sintaksis, literêre konteks en diskoers

Die betekenis van die teks in sy geheel word duideliker wanneer sinsontleding gedoen word. Johannes 3:16 word ingelei met die Griekse woord "οὕτως"

199. Die verwysing na Joh 3:16 om God se liefde vir die kosmos as fisiese wêreld aan te dui, word breedweg gedeel deur Christelike organisasies wat omgewingsbewaring steun. Vir 'n onlangse bydrae, kyk Dave Bookless, *Making a World of Difference* (Teddington, UK: Tearfund, 2023).

200. Omanson and Metzger, *Textual Guide*, 169.

201. Craig L. Blomberg, *The Historical Reliability of John's Gospel. Issues & Commentary* (Downers Grove.: IVP Academic, 2001), 91–95.

wat as “so”, “dus” of “op hierdie manier” vertaal kan word.[202,203] Hierdie bywoord word heelwat kere in die boek Johannes gebruik, nie om graad aan te dui nie, maar *die manier waarop* (Joh. 3:8, 14; 5:21, 26; 7:46 e.a.). Die eerste sinsnede in Johannes 3:16: “[*w*]ant so lief het God ...” is ’n klousule wat korreleer met ’n onafhanklike klousule wat die vers voorafgegaan en konteks verskaf.[204] ’n Duideliker vertaling van Johannes 3:16 sou dus wees: “[...] want *op hierdie manier* het God die wêreld liefgehad [...]”. Nie die graad van God se liefde vir die wêreld nie, maar die manier waarop dit gebeur, is in so ’n uitleg die sentrale gedagte in die teks.

Johannes 3:14–16 kan dan soos volg gelees word[205]:

> En net soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die Mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe sal hê. Want op hierdie manier het God die wêreld liefgehad dat Hy [as gevolg van Sy liefde] Sy unieke Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

Bybelwetenskaplikes erken toenemend dat die literêre vaardigheid van die vierde evangelis bo verdenking is.[206] Die perikoop van Johannes 3:1–21 waarbinne die teks val, is daarby geen uitsondering nie. Die korrekte plasing van aanhalingstekens asook die vertaling van bywoorde wat korrelasie met die voorafgaande konteks aandui, kan ’n groot rol speel om Johannes 3:1–21 beter as een literêre geheel te lees.

Die groter diskoers rondom Johannes 3:14–16 is Jesus se gesprek met Nikodemus: Indien iemand nie “van bo” (of “weer”) gebore word nie, kan die persoon nie die koninkryk van God sien nie (Joh. 3:3). Johannes is bekend daarvoor om woorde te gebruik wat dubbelsinnig is. Die belangrikste voorbeeld is die woord “*anōthen*” (Joh. 3:3, 4) wat “van bo” of “weer” of “van die begin af” kan beteken. Nikodemus verstaan die woord “weer” in sy aardse konteks, terwyl Jesus die woord “van bo” bedoel. Dit gee Jesus dan die geleentheid om verder te verduidelik. Die herhaling van so ’n patroon deur die Johannesevangelie maak dit vir die leser duidelik dat mense so geheg aan die fisiese en alledaagse werklikheid van hulle bestaan kan wees “dat hulle verblind is vir die

202. Louw and Nida, *Lexicon*, 610.

203. Arndt et al., *Lexicon*, 741.

204. Lukaszewski et al., *Sentence Analysis*.

205. Kyk ook Colin G. Kruse, “John”, in *The Tyndale New Testament Commentaries*, ed. Leon Morris (Grand Rapids and Cambridge: William B. Eerdmans, 2003), 113–114.

206. Robert Kysar, “John, The Gospel of”, in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman (New York: Doubleday, 1992), 915.

geestelike dimensie van die lewe, en nog belangriker, die openbaring van God in Christus."[207]

Jesus maak dus baie duidelik dat sy koningskap nie aan hierdie wêreld behoort nie (Joh. 3:12; 8:23; 17:16; 18:36) en slegs deur diegene wat glo, gesien kan word (Joh. 3:16; 8:14). Net soos die koperslang van Moses verhoog is en die Israeliete, wat deur giftige slange gebyt is, se lewens gespaar is omdat hulle in geloof na die koperslang opgekyk het, so word die Seun verhoog, sodat elkeen wat in Hom glo die ewige lewe sal hê (Joh. 3:15). Iemand word "van bo" gebore en presies op só 'n manier kan hy die koninkryk van God sien (Joh. 3:4). Die uitdrukking "om te verhoog" het hier 'n dubbele betekenis, naamlik Jesus se verhoging op die kruis en die glorieryke verhoging wat Jesus van God ontvang deur sy gehoorsame onderwerping aan God se wil op pad na die kruis.[208] Die motief van heerlikheid is sentraal in die Evangelie van Johannes, wat beteken dat die lyding en kruisiging ook in daardie lig gesien moet word.[209] *Die tendens om Johannes 3:16 te lees as 'n enkele vers om God se liefde vir sy geskape "kosmos" aan te dui, word nie deur die literêre konteks ondersteun nie.*

## ☐ Woordstudie

Die woord "*kosmos*" (Gr: κόσμος) wat deurgaans in Afrikaanse vertalings met die woord "wêreld" vertaal word, is 'n woord wat gereeld in die Evangelie van Johannes gebruik word. Met hierdie woord word dikwels na die planeet Aarde verwys as 'n plek om te woon, of kortliks die wêreld, en dikwels in kontras met die hemel wanneer daar spesifiek na die voorafbestaande Christus verwys word wat van elders ("van bo") na die wêreld kom (Joh. 3:17a; 10:36; 17:18).[210] Dit is dus die planeet Aarde wat besoek word deur 'n aktiewe, handelende God wat sy eie Seun stuur.

Om die woord "*kosmos*" egter algemeen met die planeet Aarde gelyk te stel, is nie korrek nie. Die betekenis van die woord "*kosmos*" is nie eenduidig nie en moet van die konteks afgelei word.[211] In sekere tekste moet die woord figuurlik gelees word, byvoorbeeld as *mense* van die wêreld (vgl. 1 Kor. 6:2).[212] Andersinds is daar die idee dat "*kosmos*" na die totaliteit van "alle dinge"

207. Ibid., 916.

208. Andreas J. Köstenberger, "John", *Commentary on the New Testament Use of the Old Testament* (Grand Rapids and Nottingham: Baker Academic and Apollos, 2007), 436.

209. Phillipus J. du Plessis en Bernard C. Lategan, *Agtergrond en geskiedenis van die Nuwe Testament* (Pretoria, Kaapstad, and Johannesburg: Academia, 1983), 78.

210. Arndt et al., *Lexicon*, 562.

211. Kyk afdeling 1.6.2 vir 'n algemene bespreking oor die beperkings van woordstudies.

212. Louw and Nida, *Lexicon*, 106.

verwys soos wat dit uitdrukking vind in verse soos Johannes 1:10: "Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom onstaan [...]" (AFR20).[213] 'n Meer neutrale gebruik vind 'n mens in Johannes 16:21.

Die gebruik van "*kosmos*" in die Johannese skrywe dui meestal op 'n metonomiese gebruik van die woord;[214] dit is byvoorbeeld die heelal waarvan Christus die lig is (Joh. 8:12) en waarheen Hy kom of gestuur word (Joh. 3:17; 10:36; 11:27 e.a.). Christus en sy koninkryk is nie van die "*kosmos*" nie (Joh. 8:23; 18:36), en in sy "goddelike liefde het Hy dit kom red (Joh. 3:16–17)".[215] Christus en die "*kosmos*", oftewel die bose wat dit regeer (1 Joh. 4:3; 5:19), is dus eerder teenstanders (Joh. 14:27; vgl. 1 Joh. 4:4; 5:18–19). Die "*kosmos*" verwys na die ryk van menslike aangeleenthede wat in kontras met die koninkryk van God gestel word.[216] In só 'n Johannese gebruik is daar 'n *negatiewe assosiasie met die woord "kosmos*"; dit is vol boosheid (Joh. 7:7), en erken nie God (Joh. 17:25) of Christus nie (Joh. 1:10).[217]

Dit beteken steeds *nie dat hieruit afgelei kan word dat die "kosmos" intrinsiek boos is nie*. Die aarde bly God se goeie skepping, maar die "*kosmos*" is aan die heerser van hierdie wêreld verslaaf (Joh. 12:31; 14:30; 16:11). Die mense het die duisternis bo die lig liefgehad, omdat hulle dade boos was (Joh. 3:19). Die woord "lig" dui op "enige voorwerp wat as 'n bron van verligting dien".[218] Deur die Seun se koms het die lig in die wêreld gekom (Joh. 3:19). Hy is die bron van lig wat reeds vroeg in die boek Johannes met *Woord* en *lewe* geassosieer is (Joh. 1:1–5),[219] en deur wie diegene wat volgens die waarheid leef, kom (Joh. 3:21).

Die hoogtepunt van Johannes 3:16 lê dus by die manier waarop die verhoogde Seun van God lig in 'n donker, verslaafde "kosmos" gebring het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie.

---

213. Kittel et al., *Dictionary*, 462.

214. Metonomie is "'n spraakbeeld wat bestaan uit die gebruik van die naam van een ding vir dié van 'n ander waarvan dit 'n eienskap is of waarmee dit geassosieer word (soos 'kroon' in 'lande wat aan die kroon behoort')" (https://www.merriam-webster.com/dictionary/metonymy). Vir meer oor die *metonomiese* gebruik van die woord "*kosmos*" kyk Ladd, *Theology*, 225–226.

215. Kittel et al., *Dictionary*, 464.

216. Ladd, *Theology*, 216.

217. Ibid., 226.

218. Faithlife Corporation. "Light (source of)", in *Logos Bible Software, Computer software. Logos Bible Software Bible Sense Lexicon* (Bellingham: Faithlife Corporation, 2022).

219. Kittel et al., *Dictionary*, 1297.

## ☐ Histories-kulturele konteks

Die Evangelie van Johannes dateer waarskynlik tussen 90 en 95 n.C, wat beteken dat dit die laaste van die evangelies is.[220] Sommige Bybelwetenskaplikes argumenteer dat enige datum tussen 55 en 95 n.C. moontlik is, waarvan tussen 80 en 85 n.C. die waarskynlikste is.[221] Dat die evangelie nie die produk kan wees van die tweede-eeuse Hellenisme nie, word in die laaste dekades algemeen erken nadat drie ouer papirusse ontdek is wat alles of dele van Johannes bevat.[222]

Net so kan daar nie geargumenteer word dat Johannes ’n gnostiese teologie met ’n kosmologiese dualisme gehandhaaf het waarin daar ruimte is vir ’n bose materiële wêreld nie. Intern verskaf die evangelie genoeg bewyse daarteen (kyk bv. Joh. 1:3). In die taal van Johannes: Duisternis is daar waar die lig nie geliefd is nie (Joh. 3:19), en die duisternis is magteloos teenoor die lig en kan dit nie uitdoof nie (Joh. 1:5). Johannes hou die volle evangelie voor met die doel dat “julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en dat julle deur te glo, die lewe in Sy Naam kan hê” (Joh. 21:31). In God se voorsienigheid kon die kerk die Evangelie van Johannes eerder gebruik in sy verdediging teen die gnostiek.[223]

## ☐ Verhouding met die res van die Bybel

Die Evangelie van Johannes bevat ’n “buitengewone aantal sinspelings”[224] op die OT. Die belangrikste in hierdie teks is Johannes 3:14–15 se toespeling op Numeri 21:8–9 wat op ten minste twee vlakke uitspeel. Eerstens, net soos slanggif ongedaan gemaak is en die fisiese lewe behou word deur na Moses se koperslang te kyk, so ontvang die mense nou die ewige lewe deur in geloof na die Seun van die Mens op te “sien” (Joh. 3:15–18). Let daarop dat dit nie die geloof self is wat red nie, maar die God in wie die geloof geplaas word: “elkeen wat *in Hom* glo, [*sal*] nie verlore gaan nie” (Joh. 3:16).[225]

Tweedens, die patroon van sonde en murmurering van Israel word weereens deur Nikodemus, die Sanhedrin en ander Jode (en moontlik deur sekere lesers van Johannes) herhaal. Net soos die Israeliete van weleer, of Nikodemus in Jesus se tyd op aarde, is geen mens in ’n posisie om objektief

220. Kysar, “John”, 919.

221. Carson and Moo, *Introduction*, 264–267.

222. Ladd, *Theology*, 217

223. Irenaeus of Lyons, “Irenaeus against Heresies”, in *The Apostolic Fathers with Justin Martyr and Irenaeus*, eds. Alexander Roberts, James Donaldson, and A. Cleveland Coxe. Vol. 1. The Ante-Nicene Fathers (Buffalo: Christian Literature Company, 1885).

224. Carson and Moo, *Introduction*, 278.

225. Köstenberger, “John”, 435.

'n oordeel oor Jesus se uitsprake te vel nie. Inteendeel, almal word aangespreek deur Jesus om die Woord te hoor en te glo en daardeur die ewige lewe te beërwe (Joh. 5:24), of om die doodsoordeel oor hulleself te bevestig (Joh. 3:18b–21).[226] In sy kommentaar op Johannes 3 verwys Calvyn na 2 Konings 18:4 waar Israel sover gegaan het om die koperslang van Moses self te aanbid,[227] in plaas daarvan om in geloof na God wat verlossing gee, te bly kyk. Die grootste fout van Israel, Nikodemus en elkeen wat die duisternis liefhet, is juis om 'n slaaf te bly in die alledaagse werklikheid van die "*kosmos*", sonder om "van bo" gebore te word deur in Hom te glo.

'n Ander belangrike toespeling op die OT is die taal van "verhoog" word, wat op die verheerliking in die konteks van die dienskneg van die HERE sinspeel (Jes. 52:13 e.v., kyk ook Joh. 8:28; 12:32, 34).[228] Die uitdrukking "om verhoog te word", het 'n dubbele betekenis:

> [*M*]et verwysing (i) na die opheffing van die koperslang in die woestyn en tot Jesus se opheffing aan die kruis, en (ii) figuurlik tot die verhoging wat Jesus van God sal ontvang as gevolg van Sy gehoorsame onderwerping aan God se wil [...] in die pad na die kruis.[229]

Die heerlikheid sal bekend word; "alle mense sal dit gelyktydig sien" (Jes. 40:5). Hy sal verhoog word sodat elkeen wat in Hom glo die ewige lewe sal hê. Wie nie glo nie en die duisternis liefhet, is alreeds veroordeel.

## Teologiese belang

### Teologie van God se liefde vir 'n vyandige kosmos

Die teks is van groot belang vir die Christelike geloof. Dit word hier baie duidelik gemaak dat mense deel is van 'n wêreld wat sy Skepper vyandiggesind geword het. God wys egter sy liefde vir die vyandige "*kosmos*" op 'n besondere manier deur sy Seun op te offer vir hulle wat teen Hom gerebelleer het (Joh. 3:16). Die sonde van die wêreld is deur die Lam weggeneem (Joh. 1:29). Die verhouding met God is herstel deur Hom "na bo" te sien in geloof (Joh. 3:16b, 18a). Geloof in Christus is die enigste weg na God toe. "Van bo" word gelowiges gebore tot 'n nuwe lewe wat beteken dat gelowiges die koninkryk kan sien (Joh. 3:3) – 'n koninkryk wat reeds in hierdie lewe begin en na die ewige lewe toe deurgaan (Joh. 5:24; 11:26; 12:44–45).[230]

226. Ibid., 435–436.

227. John Calvin, "John", in *The Crossway Classic Commentaries*, eds. Alistair McGrath and James I. Packer (Wheaton and Nottingham: Crossway Books, 1994), 75.

228. Köstenberger, "John", 436.

229. Ibid.

230. Craig R. Koester, "John, Gospel of", in *Eerdmans Dictionary of the Bible*, eds. David Noel Freedman, Allen C. Myers and Astrid B. Beck (Grand Rapids: W.B. Eerdmans, 2000), 725.

### Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Kortliks kan nou saamgevat word wat Johannes 3:16 oor skeppingsorg leer.

Eerstens, die gebruik van Johannes 3:16 as proefteks vir skeppingsorg deur op God se liefde vir die wêreld te wys – waarby dan aan ’n goed geskape aarde gedink word – wat per implikasie deur gelowiges opgevolg word, moet in hierdie konteks afgewys word.

Daar kan, tweedens, tog wel veel geleer word uit hierdie teks vir die konteks en houding van Christelike skeppingsorg:

- Skeppingsorg in ’n Christelike sin kan nie plaasvind sonder om “die koninkryk van God [*te*] sien” nie (Joh. 3:3). Die “*kosmos*” (in metonomiese gebruik van die woord) hou op om ’n vyandige “*kosmos*” te wees sodra dit versoen en verlos word – net dan is die “*kosmos*” deel van God se koninkryk.[231] Die sorg vir die skepping mag nie in verslawing ontaard binne die vyandige “*kosmos*” nie. Christelike skeppingsorg “sien” in geloof op die God wat verlos deur sy Seun – ’n geboorte “van bo”, en kan nie op die materiële gerig wees sonder *geloof in Hom* nie – soos wat met afgodediens aan die koperslang gebeur het.
- Om vir die skepping te sorg, vorm in daardie Christene se lewens wat “van bo” gebore word. Skeppingsorg sonder geloof in Christus verval in die duisternis van “*kosmos*”-verering. Sorg vir die skepping kan nooit ’n vereenselwiging met die “*kosmos*” wees nie, gegewe die “*kosmos*” se natuurlike vyandigheid teenoor die Skepper.
- Skeppingsorg is nie die vermyding van die materiële wêreld nie (omdat dit kwansuis self boos sou wees soos wat die gnostiek aanvoer), maar ’n lewe *in* die wêreld, gemotiveer deur die liefde van God, eerder as ’n liefde vir die wêreld self.[232]

## Matteus 6:9–11: ’n Broodnodige aarde

### Opsomming

Die eerste drie petisies van die Onse Vader-gebed gaan oor die verheerliking van God, en die volgende drie oor die mens se behoeftes. Die koninkryk kom “soos in die hemel, so ook op die aarde.” Die bevestiging van aardsheid word deurgaans in die NT gehandhaaf, en dikwels – soos in die Onse Vader-gebed – in dieselfde gedagte as die hemel. Die bede vir die koninkryk om ook op aarde te kom, sluit mense in wat daaglikse, noodsaaklike voedsel benodig. Die voorsiening van daaglikse brood is vir Hom ook ’n aardse

231. Kittel et al., 464.

232. Ladd, *Theology*, 227.

realiteit. Die struktuur van die gebed ondersteun die gedagte dat "daaglikse brood" deel is van fisiese behoeftes wat ons hier op aarde benodig. Daaglikse brood verwys na fisiese brood wat deur God se goeie sorg daagliks aan sy kinders voorsien word. Hier moet nie aan luukses gedink word nie; 'n porsie brood is meer as genoeg. In hierdie gebed leer ons God ken as die een wat ons liefdevol versorg en op wie ons volledig moet vertrou. Binne 'n liefdevolle en sorgsame Vader-kind verhouding mag Christene dan ook skeppingsorg sien – dit is om in volle vertroue en dikwels in verborgenheid saam te werk op die akkers van die Koning. Dankbaar en tevrede kom ons tot ruste as ons God dank vir sy goedheid en voorsienigheid vir elke maaltyd. Sorg vir die skepping is om dankbaar in God se voorsieningswerk te mag deel.

## Inleiding

Die omgewingskrisis kan 'n mens dalk besorgd of selfs angstig maak. Vrae of God werklik omgee en sorg dra vir die aarde, en watter verpligtings op mense rus, word dikwels gevra. Dat mense die opdrag het om oor die skepping te heers, is seker, maar die vraag hoe dit uitgevoer word, word al hoe meer pertinent. Skeppingsorg kan vinnig die karakter van 'n dwingende en resultaatgerigte werksaamheid begin dra. Hierdie teks bepaal ons weer by die Vader se sorgsame liefde en voorsienigheid in ons daaglikse behoeftes, en die belang van ons kinderlike vertroue en dankbaarheid vir wat Hy aan ons toebedeel. Die bede, "gee ons vandag ons daaglikse brood", skep die bepalende konteks vir die mens se bruikbare deelname aan God se sorgsame "onderhouding en regering van die hele wêreld".[233] Die aarde is werklik broodnodig om in God se blywende sorg te voorsien.

## Eksegese

### Wat sê die teks?

Daar is geen beduidende teksvariante in Matteus 6:9–11 nie. Hier is wel verskille in woorde wat in verskillende vertalings gebruik word soos wat verder in die woordstudies bespreek word.

### Wat beteken die teks?

#### Genre, diskoers en literêre konteks

Die genre is deel van 'n gebed (Matt. 6:9b–13), wat in die groter diskoers van die Bergrede (Matt. 5:3–7:27) opgeneem is. Die Bergrede vorm op

233. Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 2.

sy beurt weer een van vyf groot diskoerse in die boek Matteus wat "[...] so duidelik gemerk [*is*], vanuit 'n literêre oogpunt, dat dit byna onmoontlik is om te glo dat Matteus dit nie beplan het nie".[234] Die diskoers in Matteus 6:1–18 neem egter 'n besondere wending ná Jesus se aandrang op volmaaktheid in 5:48. Jesus maak dit baie duidelik dat volmaaktheid nie oor skynheiligheid gaan wat met range en stande gepaard gaan nie. Hier is die fokus op drie manifestasies van tradisionele Joodse vroomheid, naamlik aalmoese (Matt. 6:2–4), gebed (vv. 5–15) en vas (vv. 16–18),[235] maar dan wel sonder die pretensie van hulle wat in aansien wil wees en wie beloning by mense soek. 'n Sentrale gedagte in die groter diskoers is dat vroomheid by uitstek iets is wat in die "verborgenheid" gebeur (Matt. 6:3–4, 6, 18).

Jesus se instruksies hoe om te bid, het tydens die Bergrede plaasgevind. Groot skares het geluister (Matt. 4:25) en deelgeneem aan wat deur die teoloog, John Stott as 'n "Christelike teen-kultuur" beskryf is.[236] Die agtergrond is Jesus se verkondiging dat die koninkryk se koms op hande is en dat bekering nodig is (Matt. 4:17, 23). Die Bergrede en by implikasie die instruksie hoe om te bid, moet in die konteks van die oproep tot bekering gesien word (*metanoia* as totale verandering van denke), die regverdigheid wat met die koninkryk gepaard gaan, en wat reeds op aarde begin gebeur met menslike lewe en menslike gemeenskappe wanneer dit onder die genadige heerskappy van God val.[237] Dit is dáárdie koninkryk wat ons bid dat God sal laat kom "soos in die hemel so ook op die aarde" (Matt. 6:10). Die koninkryk manifesteer reeds op hierdie aarde. Hulle wie in geloof God as Vader aanspreek, is deel daarvan.

## Sintaksis, vorm en struktuur

'n Analise van die sintaksis dui aan dat die gebed (Matt. 6:9b–13) uit verskillende segmente opgebou is, naamlik een oorhoofse sin wat grammatikaal as 'n "aanstellingsklousule" beskryf word.[238,239] Die hele

234. Carson and Moo, *Introduction*, 136.

235. Carson and Moo, *Introduction*, 137.

236. John R.W. Stott, *The Message of the Sermon on the Mount (Matthew 5–7): Christian Counter-Culture*, in The Bible Speaks Today, eds. J.A. Motyer and J.R.W. Stott (Leicester and Downers Grove: InterVarsity Press, 1985), 14–15.

237. Ibid., 18.

238. Lukaszewski et al., *Sentence Analysis*.

239. "In grammatika word gesê dat 'n element in aanstelling [Engels: *apposition*] met 'n ander element geplaas word as dit 'n ekstra laag van beskrywing daaraan verskaf", besoek, 09 Maart 2022. https://www.grammarly.com/blog/appositive/.

gebed word dus grammatikaal naby die inleidende frase van Matteus 6:9a geplaas, wat in die imperatief geskryf is – dit beteken dat daar uitdruklik ’n opdrag gegee word: “Só [*of: ‘Op hierdie manier’*] moet julle dan bid.” Die woord “*houtōs*” (Gr: οὕτως) wat in Matteus 6:9 (AFR20) vertaal is met “[*s*]ó” dui op die voorafgaande; dit is geen gebed vir skynheiliges om gesien te word (Matt. 6:5) en geen gebed met ’n stortvloed van woorde soos van die heidene nie (v. 7). Ons Vader, wat in die verborgenheid sien, beloon en weet alles voor ons vra. Die Griekse vorm van die gebed is een sin[240] wat in ses imperatiewe petisies (in die derde persoon) verdeel is[241] – die eerste drie op die verheerliking van God gerig en die volgende drie op die mens se eie behoeftes. Die struktuur van die gebed ondersteun daarom die gedagte dat die “daaglikse brood” in Matteus 6:11 deel is van die mens se eie fisiese behoeftes wat hier op aarde benodig word.

## ☐ Woordstudies en grammatikale analise

Die Afrikaanse vertalings is verdeeld oor die gebruik van die woord “hemel” of “hemele” in Matteus 6:9. Sommige lees “in die hemele” (AFR20; AFR33/53) terwyl ander “in die hemel” lees (AFR83; ABD07). Daar is geen semantiese onderskeid in die NT oor die enkel- of meervoudsvorms van die woord “*ouranō*” (Gr: οὐρανῷ) nie.[242] In navolging van die meeste grondtekste word voorkeur verleen aan die woord “hemel” in sy datiewe en enkelvoudige vorm, wat die (geestelike) plek aandui waar God is. Alhoewel die term “in die lug” sowel as “hemel” kan aandui, gaan dit primêr oor die “blyplek van God”.[243,244]

Die woord “*gēs*” (Gr: γῆς), vertaal as “aarde” in Matteus 6:10, verwys na die “oppervlak van die aarde as die woonplek van die mensdom” en staan “in kontras tot die hemel.”[245] In die genitiewe naamval (wat besit aandui) kom die Griekse lemma “ἐπί γῆ” voor, wat in Afrikaans met woorde soos “op aarde”, of “op die aarde”, of “op die land”, of “op die grond”, of “van die aarde”, of “aan land” vertaal is. Die lemma “ἐπί γῆ” kom 63 keer in die NT voor wat aandui dat die bevestiging van aardsheid

240. Lukaszewski et al., *Sentence Analysis*.

241. Deppe, *Clausal*.

242. Louw and Nida, *Lexicon*, 2.

243. Ibid., 2–3.

244. Kyk ook Deut. 10:14; Ps. 148:4 en 2 Kor. 12:2 wat mag dui op verskillende vorms van hoe die hemele in die antieke tyd verstaan is.

245. Arndt et al., *Lexicon*, 196.

in die NT gehandhaaf word, en dikwels, soos in Matteus 6:10, in dieselfde gedagte is as die hemel.[246]

Die woorde "daaglikse brood" het al heelwat kontroversie opgelewer. Die lemma "*epiousios*" (Gr: ἐπιούσιος) kom net twee keer in die Griekse NT voor (Matt. 6:11; Luk. 11:3), en word ook nie genoeg in ander Hellenistiese literatuur gevind nie, wat dit moeilik maak om die betekenis vas te stel.[247] Origenes het al gesê dat dit heel moontlik is dat die term deur die Evangelieskrywers self geskep is.[248] Die woord "daaglikse" in Matteus 6:11 is in verskeie Ou Latynse en Koptiese getuienisse met een of verskillende ander woorde vervang om iets "superwesenlik, beligd, ewig of toekomstig" aan te dui.[249] Voorkeur moet egter aan meer betroubare teksgetuienisse verleen word vir die behoud van die oorspronklike betekenis van die woord "daaglikse". Moderne interpretasies fokus oorwegend op 'n betekenis wat dui op dit wat vir ons bestaan noodsaaklik is, of dit wat in ons daaglikse behoefte voorsien.[250,251] Die kerkvader, Chrysostomus, het homself al duidelik hieroor uitgespreek: "Wat is 'daaglikse brood'? Dit vir een dag."[252] Hy noem dat die bede vir die koninkryk om ook op aarde te kom, ook mense insluit wat noodsaaklike voedsel benodig. Die bede maak dit verder duidelik dat dit oor "vandag" gaan: "Gee ons *vandag* ons daaglikse brood [...]" (Matt. 6:11). Calvyn wys op die *deurgaande* kenmerk van die woord "*epiousios*" wat op God se goeie sorg dui – *elke* dag weer.[253]

Argumentsonthalwe is die selfstandige naamwoord "*artos*" (ἄρτος), wat vertaal word as "brood", belangriker as die byvoeglike naamwoord "*epiousios*". Die lemma "*artos*" is redelik algemeen,[254] en oorwegend in die

246. Kyk bv. Matt. 5:18, 35; 6:10; 16:19; 18:18; 24:35; Mark. 13:31; Luk. 2:14; Joh. 12:32; Hand. 2:19; 4:24; Ef. 1:10; Kol. 1:16; 2 Pet. 3:5, 7, 10, 13; Op. 21:1; en andere. Besoek, 8 Maart 2022. https://biblehub.com/greek/1093.htm.

247. Comfort, *Variant Readings*, 15 met verwysing na Metzger, B.M. "How Many Times Does 'Epiousios' Occur Outside of the Lord's Prayer?", *Expository Times* 69 (1957): 52–54.

248. Arndt et al., *Lexicon*, 376.

249. Comfort, *Variant Readings*, 15.

250. Arndt et al., *Lexicon*, 376.

251. Comfort, *Variant Readings*, 15.

252. John Chrysostom, "Homilies of St. John Chrysostom, Archbishop of Constantinople on the Gospel according to St. Matthew", in *Saint Chrysostom: Homilies on the Gospel of Saint Matthew*, ed. Philip Schaff, trans. George Prevost and M.B. Riddle, vol. 10, A Select Library of the Nicene and Post-Nicene Fathers of the Christian Church, First Series (New York: Christian Literature Company, 1888), 135.

253. Volgens Calvyn suggereer die woord "*epiousios*" 'n bede soos volg: "O Lord, since our life needs every day new supplies, may it please thee to grant them to us without interruption". Besoek 09 Maart 2022. https://biblehub.com/commentaries/calvin/matthew/6.htm.

254. Die woord kom 97 keer in die Griekse NT voor. Kyk *Morphology Charts*.

fisiese sin van "enige soort kos of voeding".[255] Woordstudies kan egter te beperk wees om die vraag of "brood" dalk meer as net 'n fisiese betekenis kan hê, te beantwoord. In verskeie ander Skrifgedeeltes word "brood" ook figuurlik verstaan as heenwysend na Christus (Joh. 6:41, 48, 50, 58).[256] Jesus Christus het na homself as die brood van die lewe verwys (Joh. 6:25–35, 41–59).[257] Woordstudies moet gesif word om ongeoorloofde insette uit ander kontekste uit te sluit.[258] In hierdie geval word die vergeesteliking van hierdie teks deur Calvyn as "absurd" bestempel. Ook Luther verwys na brood as simbolies van alles wat nodig is vir die fisiese, materiële onderhoud van die lewe. Stott voeg by dat dit in hierdie teks oor die noodsaaklikhede eerder as die luukse van die lewe gaan.[259] Samevattend kan gestel word dat in Matteus 6:11 na fisiese brood verwys word wat deur God se goeie sorg daagliks aan sy kinders voorsien word.

## Histories-kulturele konteks

Die betekenis van 'n woord, teks, 'n objek, of gebeurtenis is deels 'n funksie van die histories-kulturele konteks. Die vraag wat begrippe soos "brood" beteken het in die tyd toe Jesus op aarde was en in die tyd dat die boek opgeteken is, kan help om die teks beter te verstaan. Gedokumenteerde aanhalings wat Ignatius uit die boek Matteus gemaak het, suggereer dat die boek op die laatste tussen 80 en 100 n.C. geskryf is. 'n Datum voor 70 n.C. is egter meer waarskynlik wanneer in ag geneem word dat Matteus self ook as 'n evangelis beskou kan word.[260]

In die *koine* Grieks wat in die eerste eeu gebruik is, dui die woord "*artos*" op brood, maar dit kan ook vir kos in die algemeen gebruik word. Brood was 'n basiese voedselsoort van daardie tyd. In die NT was brood nie soos ons dit vandag ken nie, maar eerder 'n kleinerige, ronde broodjie.[261] Die werkers in daardie tyd het ook merendeels op 'n daaglikse basis gewerk en is daagliks betaal (kyk Matt. 20:1–16). In daardie tyd was die meeste kos daagliks voorberei en uitgedeel.[262] Die uitdrukking "om brood te breek",

255. Louw and Nida, *Lexicon*, 47.

256. Arndt et al., *Lexicon*, 136.

257. Stephen A. Reed, "Bread", in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman (New York: Doubleday, 1992), 780.

258. Vanhoozer et al., *Dictionary*, 432–433.

259. Stott, *Sermon*, 148–149. Stott skryf verder in geen onsekere terme: "We should be thankful for the greater, down-to-earth, biblical understanding of the Reformers."

260. Carson and Moo, *Introduction*, 156.

261. Louw and Nida, *Lexicon*, 49.

262. Reed, *Bread*, 779.

het dikwels na die begin van 'n maaltyd verwys (Joh. 21:13; Luk. 24:35), maar was ook simbolies van Jesus Christus se dood (Matt. 26:26–29). Net soos vandag het die begrip "om hulle eie brood te verdien", beteken om 'n bestaan te maak (1 Tess. 3:12).[263] In Joodse seremonies sowel as in die Christelike nagmaal (1 Kor. 11:23–26), het brood nie net 'n simboliese en godsdienstige funksie gehad nie, maar is ook as voedsel bedien en geëet.[264] Die begrip "brood" in die middel tot die einde van die eerste eeu was dus welbekende kleinerige broodjies wat ook Joodse en Christelike godsdienstige funksies gehad het.

## Verhouding met die res van die Bybel

Matteus se gebruik van die OT word as "besonder ryk en kompleks" bestempel.[265] Tipologiese sowel as *a fortiori*[266] argumente word ingespan in 'n sterk Christologiese genuanseerde lees van die OT. Daardeur word ook 'n model vir 'n Bybelgetroue hermeneutiek voorgehou, wat die OT en NT nie van mekaar skei nie.

Wat Matteus 6:9–11 betref, herinner die petisie vir "daaglikse brood" sterk aan die wysheid van Agur soos in Spreuke opgeteken[267]: "[*m*]oet my nie armoede of rykdom gee nie; breek my porsie brood vir my af, sodat ek nie oorversadig raak en U misken [...] nie" (Spr. 30:8–9a – AFR20). 'n Porsie brood is meer as genoeg.

Verder kan verskeie wraakpsalms as pleidooie vir reg, geregtigheid en volmaakheid gesien word, wat 'n sinspeling is op die bede "[*l*]aat U koninkryk kom, laat U wil geskied, soos in die hemel, so ook op die aarde" (Matt. 6:10). God se wil is om geluk en vreugde by Hom te vind (Ps. 1:1–2), onder die koningskap van Hom wat Hy gesalf het (Ps. 2:6).[268] Die finale vervulling van hierdie bede vind plaas wanneer die Nuwe Jerusalem na die aarde neerdaal (Op. 21:2).

263. Ibid.

264. Ibid.

265. Carson and Moo, *Introduction*, 163.

266. Definisie van *a fortiori*: "met groter rede of meer oortuigende krag—gebruik om 'n gevolgtrekking te maak wat afgelei word as selfs sekerder as 'n ander". Besoek, 10 Maart 2022. https://www.merriam-webster.com/dictionary/a%20fortiori.

267. Craig L. Blomberg, "Matthew", in *Commentary on the New Testament Use of the Old Testament* (Grand Rapids and Nottingham: Baker Academic and Apollos, 2007), 29.

268. Vanhoozer et al., *Dictionary*, 648–649.

## ☐ Teologiese belang

### ○ Teologie van wie God is

Hierdie teks is belangrik om beter te verstaan wie God is. Hy is die Vader en sy kinders volg Hom na volmaaktheid (Matt. 5:48). Die Vader weet wat sy kinders nodig het (Matt. 6:8). Calvyn skryf dat hy "die gebed deur sy geliefde Seun aan ons oorgelewer het en waaruit ons sy onmeetlike goedheid en sagmoedigheid te wete kan kom".[269] Deur ons die woorde in die mond te lê, word ons "verstand van alle weifeling vry[*ge*]stel".[270] In die vierde bede spesifiek, "gee ons ons aan sy sorg oor en ons vertrou ons aan sy voorsienigheid toe om ons te voed, te koester en te bewaar".[271] Ons bely, volgens die Heidelbergse Kategismus, dat God die "enigste Bron is van alles wat goed is, en dat al ons sorg en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie".[272] Ons leer God ken as die een wie ons liefdevol versorg en op wie ons volledig mag vertrou.

### ○ Teologie van die aarde

Die teks gee ook 'n insig op 'n teologie van die aarde. Christus het die afstand tussen hemel en aarde oorbrug. Die koninkryk kom "soos in die hemel, so ook op die aarde". Die bevestiging van aardsheid manifesteer duidelik in die gebed. Jesus kom nie "as idees nie, maar as een wat gevorm is uit die stof van die aarde en die bloed van menslike lewe".[273] Die voorsiening van daaglikse brood is vir Hom ook 'n aardse realiteit.

### ○ Teologie van brood

Die teks leer ons verder iets oor 'n teologie van brood. Brood is 'n geskenk van God. Veral in jare van droogte en honger word die gawe van die daaglikse brood wat redding skenk, soveel duideliker. Israel het baie goed geweet dat fisiese grond, vrugbaarheid, reën en produktiewe arbeid noodsaaklik was vir die produksie van brood, maar dat dit grootliks buite hulle beheer is, en dat hulle afhanklik is van God se seëninge.[274]

269. Johannes Calvyn, *Institusie van die Christelike Godsdiens Deel 3*, vertaal H.W. Simpson met medewerking van C.M.M. Brink (Potchefstroom: CJBF, 1988), 1131.

270. Ibid., 1132.

271. Ibid., 1143.

272. Heidelbergse Kategismus, Sondag 50, 125.

273. Vanhoozer et al., *Dictionary*, 182.

274. Dit mag kenmerkend wees dat in Egipte met sy vooruitspelbare seisoenale rivier-veranderings, die afhanklikheid van God moeiliker was om in te skat as in Kanaän met sy sterk klimatologiese teenstellinge (Frank C. Fensham en Johannes P. Oberholzer, *Bybelse Aardrykskunde, Oudheidkunde en Opgrawings* [Pretoria, Potchefstroom and Kaapstad: Interkerklike Uitgewerstrust, 1972], 48).

Moeisame arbeid om kos te verkry, is tevergeefs; Hy gee dit vir sy geliefdes in hulle slaap (Ps. 127:1–2).[275]

## Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Wat spesifiek leer die Bybel ons hier oor skeppingsorg? Weereens gee die Bybel geen bloudruk vir skeppingsorg nie, maar gee wel 'n konteks en bepaal ons houding ten opsigte van Christelike skeppingsorg, soos in die volgende drie kerngedagtes saamgevat:

Eerstens, die teks spreek ons aan oor ons diepe afhanklikheid van en noodsaaklike vertroue op God. Dit is God se skepping en Hy sal sy kinders se porsie daaglikse brood bly voorsien. Ons mag God se onfeilbare woord só vertrou dat ons Hom selfs sterk mag aanmoedig vir ons daaglikse voorsiening. In hierdie konteks van 'n liefdevolle en sorgsame Vader-kind verhouding mag Christene dan ook skeppingsorg sien – dit is om in volle vertroue (dikwels in die verborgenheid) saam te werk op die akkers van die Koning. Die uitoefening van afhanklikheid is om met 'n oop hand te ontvang en te gee. Trotse selfstandigheid lei net weg van God af.

Tweedens, ons Vader is onmeetlik goed vir en sagmoedig met sy kinders. Sy koninkryk en sy wil, soos dit in die hemel is, word ook op aarde bevestig. Wat reeds begin is deur sy geliefde Seun, duur tot in ewigheid. Skeppingsorg is daarom ook koninkrykswerk met 'n ewige perspektief. Die enigste manier om op aarde werklik bruikbaar te wees in God se koninkryk, is om "in Christus" te wees, wat alreeds die afstand tussen hemel en aarde oorbrug het en dit eendag sal vervolmaak.

Derdens, die teks leer ons om dankbaar en tevrede te wees vir die porsie brood wat God vir ons skenk (1 Tim. 6:8). Ons kom tot ruste as ons God dank vir sy goedheid en voorsienigheid vir elke maaltyd. 'n Moeisame geswoeg in God se skepping met die doel om skatte op aarde bymekaar te maak (Matt. 6:19), is tevergeefs. Sorg vir die skepping is om dankbaar in God se voorsieningswerk te mag deel. By implikasie beteken dit om nie meer as ons daaglikse porsie by ander te neem, of om meer uit die skepping te haal as wat nodig is nie. Dit beteken ook om nie dit wat God aan ons toevertrou het, te mors nie. Die uitwerking van hierdie teologie in die praktyk vra groot wysheid en insig.[276]

275. Reed, *Bread*, 779.

276. "When we reach the end of our hoarded resources, our Father's full giving is only begun." – Annie Johnson Flint.

# Lukas 12:24–27: Kyk baie mooi na die kraaie en die lelies!

## Opsomming

"Let op" beteken om iets baie noukeurig te oorweeg. Die verpligting om op die natuur te let, is 'n oproep van Jesus Christus self. Kraaie saai en maai nie, lelies swoeg en spin nie. Sekere waarhede is eenvoudig hoe dit is en Jesus se verwysing na die natuur is een van hulle. Die onrein kraaie in die OT word nie net met wildernis en aasvretery geassosieer nie, maar ook met God se goeie sorg. Die spesie van die blom wat in die teks beskryf word, is moeilik om vas te stel, maar die strekking is dat dit mooi en goed is – só besonder goed dat dit deel van God se heilige woonplek uitmaak, dat dit in die konteks van die liefde tussen 'n man en vrou beskryf word, en dat dit in profesieë van die herskepping vermeld word, waar Israel en die wildernis sal juig en in volle bloei staan. Deur baie mooi te let op die blomme, mag ons alreeds iets sien van hoe die werklike koninkryk besig is om te vorm en eendag in sy volheid gaan lyk. Gras en blomme word dikwels as beelde van verganklikheid gesien wat met die koms van die somer verskroei. Net so is daardie ongelooflike prag waarmee Salomo gekleed was opeens weg. Salomo met al sy wysheid, besittings en oorlaaide tafels met kos en drank word ondergeskik gestel aan 'n kortstondige lelie. Met dank mag ons God se sorg ervaar; in rykdom of armoede sal Hy bly sorg. Geen prag en praal van aardse konings of geboude tempels van klip en steen is nodig nie, maar onbesorgde groei in volle afhanklikheid van God. Om werklik onbevange te kan sorg vir iets of iemand anders, is daar 'n heilige onbesorgdheid oor ons eie lewens nodig.

## Inleiding

Kraaie en lelies? Wat is nou so besonder daaraan? Lelies dalk nog vir hulle prag, maar kraaie? Daardie swart, skor, skreeuende aasvreters wat ook nog dikwels met siekte en dood geassosieer word? Jesus dink egter anders: "Let op ..." sê Hy twee maal ná mekaar (Luk. 12:24, 27). Hierdie woord beteken om 'n saak "baie noukeurig te oorweeg".[277] Om met meer noukeurige oë na die skepping, en in hierdie geval na kraaie en lelies, te kyk, lewer verrassende resultate op. Die noukeuring bestudering en oorweging van die skepping staan nie los van God nie; inteendeel, ons leer juis hieruit iets van die onsigbare eienskappe van God, naamlik sy "ewige krag en goddelikheid" (Rom. 1:20; NGB, Art. 2).

---

277. Louw and Nida, *Lexicon*, 349. Die woord is "*katanoeō*" (Gr: *κατανοέω*).

# Eksegese

## Wat sê die teks?

Daar is ’n belangrike teksvariant in Lukas 12:27 wat verdere ondersoek verdien. Die vertolking dat “hulle groei, hulle swoeg nie [*of werk nie hard nie*], en hulle spin nie”[278] word ondersteun deur verskeie teksgetuienisse[279] en is ook so met klein verskille in die Afrikaanse vertalings opgeneem (AFR20, AFR83, AFR33/53, ABD07).[280] Die teksvariant “*hulle spin of weef nie*”[281] word deur ander (Westerse) getuienisse ondersteun[282] en is in sekere ander vertalings opgeneem (Engels: NJB, NEB; Nederlands: HTB1988, NBG1951, BB2013, LV1914).[283] Laasgenoemde teksvariant word egter as ’n “stilistiese verbetering” gesien wat tydens kopiëring gemaak is “met die oog op die volgende verwysing na Salomo se kleredrag”.[284] bekend vir sy reeds-genoemde “skilderagtige uitwerkings”.[285] Die inleiding tot die NA26 Griekse teks waarsku ook: “[*w*]anneer D sy eie gang gaan teen hulle (dit is teen die ander unsiale getuienisse), moet die betrokke motiewe altyd noukeurig oorweeg word”.[286] Voorkeur word dus hier verleen aan die woorde “*hulle swoeg nie [of werk nie hard], en hulle spin nie*”. Die eksegetiese betekenis van “swoeg” is ook beter verbind met die voorafgaande bekommernisse (Luk. 12:26) wat ondersoek word, as wat deur die meer kreatiewe “spin en weef” veronderstel word. Lukas 12:27 vra nie om op die pragtige kleding van Salomo te let nie, maar om op die lelies van die veld te let.

## Wat beteken die teks?

### Genre en diskoers

Die boek Lukas is in die eerste plek Evangelie; dit is die goeie nuus van Jesus Christus. Saam met die ander Evangelies berig Lukas oor die feite van Jesus, die lerings van Jesus en getuig dit van Jesus.[287] Die boek het die

278. Gr: “*αὐξάνει· οὐ κοπιᾷ οὐδὲ νήθει.*”

279. $\mathfrak{P}^{\underline{45}}$ $\mathfrak{P}^{75}$ א A B L W Maj.

280. Metzger, *Textual Commentary*, 136.

281. Grieks: “*οὔτε νήθει οὔτε ὑφαίνει.*”

282. D syr$^{s}$ (it$^{a}$ Marcion$^{\text{according to Tertullian}}$) Clement.

283. Vir ’n vergelyking van die Nederlandse vertalings kyk: https://bible.hispage.nl/.

284. Omanson and Metzger, *Textual Guide*, 135.

285. Carson and Moo, *Introduction*, 216.

286. Kurt Aland et al., “Introduction”, in *Novum Testamentum Graece*, eds. Erwin Nestle, Barbara Aland, Kurt Aland, Johannes Karavidopoulos, Carlo M. Martini, and Bruce M. Metzger (Stuttgart: Deutsche Bibelstiftubg, 1979), 49.

287. Fee and Stuart, *How to Read*, 130.

kenmerke van ’n historiese weergawe, maar is nie daartoe beperk nie, omdat daar meer kere na “vervulling” verwys word.

Lukas 12 maak deel uit van ’n reisverhaal. Jesus is op pad Jerusalem toe (Luk. 9:51–19:28), alhoewel daar weinig presiese liggings gegee word.[288] Tussendeur word Jesus se lerings beklemtoon, soos wat in Lukas 12 aan die orde is. Lukas 12:1–12 is gerig aan die skare en begin met die oproep om nie bang te wees nie (Luk. 12:7) asook die waarskuwing dat wie Hom verloën, voor God verloën sal word (Luk. 12:9). Dit word gevolg deur die onderrig aan die skare oor die regte gebruik van geld (sien ook Luk. 16:1–18; 18:18–30), wat as berisping vir arrogante rykes dien wat alreeds ’n oorvloed van besittings het, en nog steeds al hoe meer opgaar.[289] In Lukas 12:22–34 beweeg die diskoers weg van die skare na Jesus se dissiples toe. Hulle word eers op God se voorsienende sorg gewys, gevolg deur ’n oproep om gereed te wees vir die terugkoms van die Seun van die mens (Luk. 12:40). Op die vraag van Petrus vir wie die oproep tot waaksaamheid bedoel is (Luk. 12:41), antwoord Jesus dat die dissipels wat weet wat God wil hê en dit dan nie doen nie, baie swaarder gestraf sal word as diegene wat dit nie weet nie (Luk. 12:47–48). God se voorsienende sorg is ’n realiteit, en ’n noukeurige oorweging van wat in die natuur gebeur, help om dit te bly verstaan.

## Sintaksis en grammatikale analise

’n Analise van die sintaksis dui aan dat Lukas 12:22b–40 een dialoog is wat, op sy beurt, literêr opgebou is uit 17 sub-eenhede van dialoog (elke teks is ’n dialoog, behalwe Luk. 12:33–34 en 12:35–36 wat as een dialoog elk gelees word).[290] Die kenmerkende “Let op ...” van Lukas 12:24 en 12:27 is ’n goeie voorbeeld van ’n sub-genre, wat as ’n “geneigdheid om op te roep” beskryf word en waar die teks “verpligtinge op die spreker of ’n ander persoon plaas”.[291] Die *verpligting om op die natuur te let*, is ’n oproep van Jesus Christus self.

In Lukas 12:26 kom ’n interessante grammatikale kenmerk voor waar die betekenis van ’n toestand of ’n waarheid aanvaar word ter wille van die (voorafgaande) argument. Met ander woorde, daar moet voldoen word aan ’n “voorwaarde [...] in reaksie op die aksie van die hoofklousule”.[292] Lukas 12:26 verwys na die waarheid van orde en beperkings in die natuur

288. Carson and Moo, *Introduction*, 200.

289. Ibid.

290. Lukaszewski et al., *Sentence Analysis*.

291. Jeremy Thompson, *Longacre Genre Analysis of the Bible Dataset Documentation* (Bellingham: Faithlife, 2016).

292. Kyk beskrywing van “First Class Conditional Clause”, in *Faithlife Greek Grammer Ontology*, Logos Research Edition, ed. James Parks (Bellingham: Faithlife, 2020).

en wat die betekenis daarvan is. Wat aanvaar moet word, is afhanklik van die waarheid van die voorafgaande argumentering: "Wie van julle kan, deur hom te bekommer, een el by sy lewe voeg?" (Luk. 12:25), in verwysing na die voorafgaande uitsig op die natuur wat deur God versorg word. *Sekere waarhede is eenvoudig hoe dit is, en Jesus se verwysing na die natuur is een van hulle*. Jesus leer soos een met gesag. *Let op die orde en beperkings in die natuur, dit is 'n vanselfsprekende waarheid wat sonder meer aanvaar moet word*.

## ☐ Woordstudies

### ○ Kraai

Die woord "*korax*" (Gr: κόραξ) word as kraai of raaf vertaal. Daar is agt soort rawe in Israel en hulle was oral welbekend.[293] Die raaf is 'n bietjie groter as die kraai en is ook meer geneig om dooie diere te eet.[294,295] Die lemma κόραξ kom net in nege tekse in die LXX voor in 'n verskeidenheid van kontekste: een keer toe Noag 'n kraai losgelaat het wat heen en weer bly vlieg het (Gen. 8:7), twee keer in verband met die voeding van Elia deur kraaie by die spruit Krit (1 Kon. 17:4, 6), twee keer in verband met God se sorg vir die kraaie (Job 39:3; Ps 147:9), twee keer waar bont kraaie in verlate plekke in die wildernis woon (Jes. 34:11; Sef. 2:14), een keer waar die kraai oë uitpik (Spr. 30:17), en een keer om die swart kleur van hare mee te vergelyk (Hoogl. 5:11).[296]

Die kraai word verder ook beskryf as 'n dier wat kinders, lammertjies of ander swak diere se oë uitpik, en 'n geneigdheid het om graangewasse te stroop – alles gewoontes wat hulle baie ongewild maak by die boere.[297] Vir die Jode was die kraai 'n onrein voël wat nie geeët mag word nie (Deut. 14:14).[298] Kraaie is selfs as 'n "gruwel" (AFR33/53) of as "afstootlik" (AFR20) gesien (Lev. 11:15).[299]

293. Swanson, *Dictionary*.

294. Louw and Nida, *Lexicon*, 44.

295. James Hope Moulton and George Milligan, *The Vocabulary of the Greek Testament* (London: Hodder and Stoughton, 1930), 355.

296. Op grond van morfologiese ontleding met gebruikmaking van die LXX (Swete).

297. "Corvidae", *Brittanica*, besoek 18 Maart 2022. https://www.britannica.com/animal/Corvidae.

298. Arndt et al., *Lexicon*, 559.

299. Dit is opvallend dat verwysings na kraaie as onrein voëls nie in die LXX (Swete) voorkom nie.

Dit is dus duidelik dat kraaie “nie die mees geliefde voëls [*is*] nie, maar tog vertel die Bybel hoe God hulle versorg”.[300] Die kraai word nie net met wildernis en aasvretery geassosieer nie, maar ook met God se sorg.

## ○ Krinon

Dit is opvallend hoeveel variasie daar in die vertaling van die blom is waarop gelet moet word in Lukas 11:27. Die woord “*krinon*” (Gr: κρίνον) is in Afrikaanse vertalings as “lelies” (AFR33/53, AFR83), as “wilde narsings” (AFR20) en as “blomme in die veld” (ABD07) vertaal. AFR20 se keuse vir “wilde narsings” is opvallend uniek, nie net in vergelyking met ander Afrikaanse vertalings nie, maar ook met Engelse en Nederlandse vertalings.[301] Die AFR20 vertaling se voetnoot verwys wel na veldblomme wat algemeen in die lente in die Meditereense gebiede voorkom.

Watter blom hier presies bedoel word, is nie duidelik nie. Daar word 128 verskillende plante in die Hebreeuse Bybel en NT genoem.[302] Hierdie bybelse plante is oor die algemeen moeilik om uit te ken omdat dit dikwels te beperk beskryf word. Baie keer is die naam van die plant die enigste waarop ’n mens kan reken “in die oorspronklike tale in die bybelse tekste, sowel as in ander tale wat daardie tekste vertaal”.[303]

Tradisioneel is daar na lelies verwys in hierdie teks, maar Bybelwetenskaplikes is verdeeld.[304] Opsies wat genoem word sluit lelies soos die herfskrokus, *Lilium superbum*, anemone of gladiool[305] (of selfs siklaam[306]) in, maar ook ander tipe blomme soos die papawer, ’n “onopvallende soort madeliefie”,[307] of meer algemene tiperings soos “enige van die vele pragtige bloeisels in die streek”.[308] In die *koine* Griek, soos wat gewone mense die woord sou verstaan, sou “*krinon*” “gemaak van lelies” beteken, soos op mirre en olie toegepas, en dit word ook as “een van die

300. Laurie Smith en Jannie Botha, *Die Bybelse Omgewing* (Pretoria: LAPA Uitgewers, 2001), 72.

301. Engelse vertalings: “wild flowers” (NIV), “lilies” (KJV, ESV, RSV, NRSV, NLT, ASV 1901), “flowers” (NET). Nederlandse vertalings: “lelien” (Staten Vertaling, Leidse Vertaling, NBG) of “leliën” (Lutherse Vertaling) of “lelies” (Het Boek, NBV, NBV 2021) en “bloemen” (Bijbel in Gewone Taal).

302. Irene Jacob and Walter Jacob, “Flora”, in *The Anchor Yale Bible Dictionary,* ed. David Noel Freedman (New York: Doubleday, 1992), 803.

303. Ibid., 804.

304. Louw and Nida, *Lexicon*, 31.

305. Arndt et al., *Lexicon*, 567.

306. Smith en Botha, *Bybelse Omgewing*, 9.

307. Louw and Nida, *Lexicon*, 31.

308. Swanson, *Dictionary*.

sewe blomme van die sewe sterre" beskou.[309] 'n Mens sou daaruit moontlik versigtig kon aflei dat dit 'n blom was wat met die goeie van die skepping (mirre en olie) of iets groters in die skepping (blomme van die sterre) vereenselwig word. Wat ook al die blom is, die strekking is dat dit mooi en goed is.

Die studie van die vorms waarin "*krinon*" oor die hele Skrif gebruik word, mag dalk meer oor hierdie blom vertel waarop Jesus ons aandag vestig. Die lemma "*krinon*" kom in 17 tekse in die Griekse OT voor[310]: agt keer in Hooglied wat die onbevange liefde tussen 'n jong vrou en haar minnaar beskryf (Hoogl. 2:1, 2, 16; 4:5; 5:13; 6:1, 2; 7:2), vier keer in 'n verwysing na die lampstaander in die tabernakel (Eks. 25: 30, 32, 33; Num. 8:4), drie keer na die tempel (twee keer na die kapitele wat op die kop van die twee brons pilare gevorm is soos "*krinon*" [1 Kon. 7:19, 22]), en een keer na die rand van die brons waskom wat soos die kelk van "*krinon*" gevorm is (2 Kron. 4:5), asook twee keer deur die profete (Jes. 35:1; Hos. 14:6). Dit is opvallend dat 11 van hierdie 17 verwysings direk met Salomo geassosieer word – hetsy met die bou van die tempel of in die Hooglied van Salomo.[311]

'n Paar opmerkings kan nou gemaak word op grond van hierdie woordstudie. Eerstens, die woorde dat selfs Salomo in al sy prag nie soos een van die "*krinon*" geklee was nie, neem in hierdie Ou-Testamentiese verwysings groter inhoud aan. Tweedens, dit is opmerklik dat "*krinon*" só besonder goed is dat dit deel van God se heilige woonplek uitmaak, eers in die tabernakel en later in die tempel. Derdens, die liefde tussen 'n vrou toon iets besonders van die mooiheid en goedheid waarmee God die mens se liggaam gemaak het (bv. soos 'n "*krinon*" is my liefling [Hoogl. 2:2], sy lippe is "*krinon*" [5:13]). Vierdens, die profetiese woorde dat Israel sal bloei soos "*krinon*" (Hos. 14:6) en dat die wildernis sal juig en bloei soos "*krinon*" (Jes. 35:1), plaas Jesus se woorde, om baie mooi op die "*krinon*" te let (Luk. 12:27; Matt. 6:28), in 'n groter Ou-Testamentiese konteks.

Let daarop dat in die visie van Jesaja, selfs die wildernis, die plek waar die bont*kraaie* woon, gaan juig en bloei soos die "*krinon*". Sê dit nie iets van die meesterlike gebruik van "kraaie" en "*krinon*" in een dialoog nie? Dalk gaan dit oor meer as net die orde van die natuur wat deur Jesus as vanselfsprekende waarheid voorgehou word. Selfs in die verwysing na die natuur, kom Jesus om die visie van herskepping in vervulling te bring.

309. Moulton and Milligan, *Vocabulary*, 360.

310. LXX (Swete, uitgesluit apokriewe boeke).

311. Let op dat die woord wat in die Hebreeuse teks vir die blom gebruik word verskillend is in die verskillende tekste. Die kernpunt gaan nie oor die identiteit van die blom self nie, maar dit waarmee die blom in die OT geassosieer word.

## ☐ Literêre konteks

Die literêre konteks kan verder help met die teks se eksegese. In Lukas is daar twee strukturele komponente wat die narratief vorm, naamlik geografie en profesie. Geografies beweeg Lukas van Galilea op pad na Jerusalem, aangedui deur 'n "reeks van reis aankondigings" (Luk. 9:51, 53, 56, 57; 10:1; 13:22, 31, 33; 14:25; 17:11; 18:31, 35; 19:1, 11, 28).[312] Een van Lukas se primêre oogmerke is om "'n verhaal saam te stel oor dit wat onder ons tot *vervulling* gekom het" (Luk. 1:1). Wat profesie betref, is Lukas se verwysings na Ou-Testamentiese tekste en gebeure egter meer algemeen en nie so direk soos Matteus nie.[313] Tog gebruik Lukas die term "moet" in verskeie situasies om aan te toon dat gebeure so vervul *moet* word (Luk. 2:49; 4:43; 9:22; 13:16; 17:25; 21:9; 24:7). Jesus self is die direkte vervuller van alles wat oor Hom in die Wet en die Profete en die Psalms geskryf is (Luk. 24:44), en dit is Hy wat sy dissipels se verstand geopen het om die Skrifte te verstaan (Luk. 24:45). Teen die agtergrond van die Ou-Testamentiese gegewens (Jes. 35:1) is dit betekenisvol dat die wildernis waar kraaie woon en die "*krinon*" juig oor die sorg in die hele skepping, vervul is en vervul sal word onder die heerlike regering van Jesus Christus.

## ☐ Histories-kulturele konteks

Gras en blomme word dikwels as beelde van verganklikheid genoem (Ps. 37:2; 90:5–6; 103:15–16; Jes. 37:27). Net soos die kortstondige blommeprag in die Wes- en Noord-Kaap in Suid-Afrika, verdwyn Israel en Palestina se blomme met die aanbreek van die warm, Mediterreense somer. Die gras en blomme word met die koms van die somer, figuurlik gesien, in 'n oond gegooi (Luk. 12:28). Daardie ongelooflike prag waarmee selfs Salomo nie gekleed was nie, is dan meteens weg. Teen die beeld van die abrupte Mediterreense wisseling van lente na somer, wat vir hedendaagse Suid-Afrikaners ook nie vreemd is nie, sou hierdie woorde onmiddellik 'n indruk op Jesus se dissipels gemaak het.

## ☐ Verhouding met die res van die Bybel

God se sorg vir die kraaie is 'n sinspeling op die lofprysing in Psalm 147:9; indien God selfs vir onrein diere sorg, hoeveel te meer vir sy dissipels?[314] Die

312. Luke Timothy Johnson, "Luke-Acts, Book of", in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman (New York: Doubleday, 1992), 409.

313. Ibid., 410.

314. David W. Pao and Eckhard J. Schnabel, "Luke", in *Commentary on the New Testament Use of the Old Testament*, eds. Gregory K. Beale and Donald A. Carson (Grand Rapids and Nottingham: Baker Academic and Apollos, 2007), 330.

verwysing na Salomo se prag (Luk. 12:27) eggo tekste in die OT wat sy enorme rykdom beskryf (1 Kon. 10:4–23; 2 Kron. 9:13–21). Salomo in al sy prag kom nooit by die "*krinon*" van die veld uit nie. Meer nog, in die onmiddelike konteks van Lukas 12:13–21 is dit eerder dwaas om te swoeg, rykdom op te gaar en oor kos en drank besorg te wees. Die woord "swoeg" (Luk. 12:27; Pred. 1:3, 8; 2:18; 4:6; Ps. 127:1) asook die verwysing na oordadige voedsel, drank en kleding (1 Kon. 4:20, 22; 10:5; 2 Kron. 9:4) word ook met Salomo verbind. Lukas 12:27 maak duidelik dat daar veel meer prag is as Salomo se destydse prag en praal.

In die begin van sy regering het Salomo wysheid en oordeelvermoë gevra, maar rykdom is ook aan hom gegee (2 Kron. 1:12). As geskenk van God se voorsienende sorg is rykdom goed en kan dit ook goed aangewend word; as vrug van 'n geswoeg, misken dit God se versorging en is die gebruik daarvan 'n bittere besorgdheid. Hulle wat die koninkryk van God soek, sal ook in hulle fisiese behoeftes voorsiening ontvang.[315]

## ☐ Teologiese belang

### ○ Teologie van die skepping

Jesus bevestig in hierdie teks die Hebreeuse siening dat die geskape wêreld op sigself nie boos is nie.[316] Jesus gebruik dikwels beelde uit die natuur om sy onderrig te illustreer. Die orde en reëlmaat in die natuur, sowel as baie spesifieke verwysings na beelde uit die natuur, word as bewys voorgehou van God se voortdurende sorg vir alle skepsels, selfs vir skepsels wat die mens dalk die minste ag.

### ○ Teologie van die natuur

Die skepping is nie 'n algemene grootheid nie, maar is iets baie spesifiek en besonders. Verskeie faktore dui daarop dat die spesifieke gebruik van "kraaie" en "*krinon*" in ons teks 'n groter teologiese belang het. "*Krinon*" word regdeur die OT raakgelees in assosiasie met God se heilige woonplekke (tabernakel en tempel) en speel 'n beskrywende rol in die liefde tussen 'n jongman en -vrou. Die "*krinon*" van die veld is inderdaad skitterend deur God beklee en word net met die beste hier op aarde geassosieer. Kraaie, daarenteen, is onrein aasvreters wat in verlate wildernisse gevind word. In baie kulture word kraaie met siekte en dood geassosieer. Die kontras tussen wilde kraaie en "*krinon*" kon nie skerper gestel word nie. Tog is dit alles deel

315. Ibid.

316. Ladd, *Theology*, 54.

van God se goeie skepping wat onder sy sorg staan. Dit is kraaie wat vir die profeet Elia voed en deur God self ook gevoed word. Die natuur is nie inherent boos nie (ook nie die wildernis en verlate plekke nie); selfs die onhebbelike kraaie word deur God versorg en word ingespan om sy doel te bereik. Die verwysing na "*krinon*" beweeg van die Ou-Testamentiese simboliek na die vervulling deur Christus in die NT. Deur baie mooi te let op die "*krinon*", mag ons reeds al iets sien van hoe die werklike koninkryk besig is om te vorm en eendag in sy volheid gaan lyk: Geen prag en praal van aardse konings, of geboude tempels van klip en steen vir God om in te woon nie, maar onbesorgde groei in volle afhanklikheid van God wat eendag by die mense in sy nuwe skepping kom woon (Op. 21:3).

### ○ Teologie van rykdom en besittings

Die mens se hoogste goed kan nie in die skepping gevind word nie. As besittings, kos en drank die hoogste doel raak, word God en sy koninkryk verdring en word dit 'n "instrument van sonde en die dood."[317] Salomo met al sy wysheid, besittings en oorlaaide tafels met kos en drank word, by wyse van voorbeeld in hierdie teks, ondergeskik gestel aan 'n kortstondige "*krinon.*"[318] Met dank mag ons God se sorg ervaar; in rykdom of armoede sal Hy bly sorg.

### ○ Teologie van werk

Nie ons werk of geswoeg bring prag voort nie, God doen dit. Ons hoef werklik nie besorg te wees oor wat ons eet, drink of aantrek nie. Ons moenie met besorgdheid werk om meer en meer te verdien nie, maar eerder met 'n oop hand kan gee uit die oorvloed waarmee God vir ons sorg.

## □ Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Hoe sluit die teks aan by skeppingsorg? Hierdie teks maak dit baie duidelik dat dit nie mense is wat sorg vir die skepping nie, maar dat God sy aarde bly onderhou en regeer. Die hoofpunte kan soos volg saamgevat word:

Eerstens, skeppingsorg beteken primêr dat God sorg vir sy skepping. "Let op!", kyk baie mooi na die natuur en verstaan wat sorg is. Ondersoek, bestudeer en ontdek wat God in sy skepping doen en werk daarmee saam

317. Ibid.

318. Graeme Goldsworthy, *Christ-Centered Biblical Theology. Hermeneutical Foundations and Principles* (Nottingham: Apollos, 2012), 163.

in plaas daarvan om outonoom en arrogant eie projekte, ook in die sorg van die skepping, aan te pak.

Tweedens, met beelde uit die natuur leer ons iets van die ekonomie van ons eie huishoudings. “Let op!”, kyk spesifiek na wat in die natuur gebeur – die kraai en *krinon* verstaan wat onbesorgdheid is. Om werklik onbevange te kan sorg vir iets of iemand anders, is daar ’n heilige onbesorgdheid oor ons eie lewens nodig.

Derdens, die oproep om eers die koninkryk te soek, vra gehoorsaamheid. Dit is ’n oproep tot ’n totale lewensverandering van ongelowige opgaardery na gelowige genoegsaamheid. “Let op!”, weet ons nog werklik wat genoeg is in die materialistiese kultuur waarin ons leef?

Hoofstuk 4

# Handelinge

## Inleiding

Die boek Handelinge openbaar hoe God se werk in Jesus in die kerk voortgaan. Die goeie nuus van verlossing deur die Seun is soos ’n lig wat na alle nasies tot aan die einde van die aarde uitgaan. Die verkondiging gaan voort in plekke waar ’n mens dit allermins verwag. Dit maak gebruik van die volle openbaring van God wat ook sy skepping insluit. Die verwysing na Skepper en skepping word selfs aangehaal in die boek Handeling as onlosmaaklik aan die geloof verbonde. In hierdie afdeling kyk ons spesifiek na een teks waar Paulus sy verkondiging begin met “[...] die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here is van hemel en aarde” (Hand. 17:24–28).

## Wat is die boek Handelinge?

Die boek Handelinge is die tweede deel van Lukas oor die Christelike aanvangsgeskiedenis.[319] Die woord “handelinge” (“*praxeis*”) verwys na ’n herkenbare genre in die antieke wêreld waarin die groot dade van mense of stede beskryf is.[320] Alhoewel baie Bybelwetenskaplikes die boek Handelinge as (antieke Hellenistiese) geskiedskrywing kategoriseer, is dit egter nie daartoe beperk nie. Handelinge is ’n openbaring van hoe God se

319. Carson and Moo, *Introduction*, 285.

320. Ibid.

**How to cite:** De Wit, MP 2024, ‘Handelinge’, *Skeppingsorg: ’n Aanset tot interpretasie van sekere Bybeltekste oor die mens se verhouding tot die natuurlike omgewing*, ITUTA Books, Cape Town, pp. 79–89. https://doi.org/10.4102/aosis.2024.BK502.04

aktiwiteit wat met Jesus begin het, deurgevoer word onder leiding van die Heilige Gees in die kerk – 'n verhaal wat alreeds in die OT begin het.[321] Streng gesproke is dit die Handelinge van die Heilige Gees deur sy apostels wat in hierdie boek openbaar word. Buiten die historiese, mag die teologiese perspektiewe van die boek en die verhouding met die Lukasevangelie nie uit die oog verloor word nie.[322] Die genre, "*teologiese geskiedenis*", is dalk die beste beskrywing vir hierdie kombinasie.[323] Die verlossing wat die herders en Simeon al gesien het, gaan in vervulling deur 'n lig vir die nasies te word (Jes. 42:6; Luk. 2:11, 32; Hand. 28:28). Die vervulling van die opdrag om "in Sy Naam bekering tot vergewing van sondes aan alle nasies [te] verkondig" (Luk. 24:47), word in die boek Handelinge verder beskryf.

## ■ Hoe interpreteer ons die boek Handelinge?

Die boek Handelinge maak "onmiskenbare, historiese aansprake op die waarheid".[324] In die inleiding tot Lukas, wat ook vir Handelinge geld, word vermeld hoe Lukas sy inligting van "mense wie van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was" gekry het (Luk. 1:2) en hoe hy dit goedgedink het om "self alles stap vir stap van voor af noukeurig te ondersoek en dit in volgorde vir u neer te skryf" (Luk. 1:3).[325] Die boek kan egter nie net as 'n historiese narratief gelees word nie. 'n Alternatief om die boek te lees as 'n normatiewe model vir die kerk van alle tye en plekke, is ook te beperk. Beide sodanige vertolkings kan maklik die groter doel mis van God se verlossing deur sy Seun, wat tot aan die eindes van die aarde gebring word. Binne hierdie oorhoofse doel mag daar verskeie intensies wees wat ondersoek kan word, maar dit moet aan die oorhoofse doel gekoppel bly.[326] Eksegeties is dit daarom verantwoordelik om te vra "wat" gebeur het (geskiedenis), asook "hoekom" dit gebeur het (teologie).[327]

321. Fee and Stuart, *How to Read*, 109.

322. Carson and Moo, *Introduction*, 301.

323. Blomberg in V. Phillips Long, "The Art of Biblical History," in *Foundations of Contemporary Interpretation*, vol. 5, ed. Moisés Silva (Grand Rapids: Zondervan, 1994), 51.

324. Long, "Biblical History", 93.

325. Ladd, *Theology*, 312–313.

326. Kyk bespreking in Carson and Moo, *Introduction*, 301–306.

327. Fee and Stuart, *How to Read*, 110.

# Wat leer ons uit die boek Handelinge vir ons tyd?

Handelinge gee 'n goeie beeld van God se hand in die geskiedenis, wat tot vervulling gekom het in Jesus Christus, en verder deur die werk van die Heilige Gees in die geskiedenis van die vroeë kerk ontvou word. Die apostels se proklamering van die Woord van God aan verskeie gehore in verskeie plekke, is dieselfde Woord wat Jesus geleer en vervul het.[328] Die verlossing wat die herders en Simeon reeds gesien het, gaan verby die ongelowige deel van Israel na die heidene toe in verskeie streke tot in die hoofstad van die Romeinse ryk. Terwyl Jerusalem en die Jode (ook in Rome) die evangelie verwerp en Paulus wou doodmaak, is dit die verteenwoordigers van die heidense Rome wat hom beskerm.

Die identiteit van Christene as die volk van God lê net in Christus wat verlossing aan sommige Jode (Hand. 28:24) en aan die heidene (Hand. 28:28) gee. Die afsluiting van Handelinge is kenmerkend van die Heilige Gees se werk deur Paulus in die heidense Rome: "Hy het die koninkryk van God verkondig en hulle met alle vrymoedigheid en ongehinderd oor die Here Jesus Christus onderrig" (Hand. 28:31). Ook in ons tyd gaan God se werk voort op plekke waar 'n mens dit dalk die minste sou verwag. God se hele skepping val onder sy koninkryk.

# Handelinge 17:24–28: Die prediking moet Skepper en skepping insluit

## Opsomming

God se roeping van Jesus deur die Gees om die evangelie in Europa, die hartland van die Griekse en Romeinse kultuur, te verkondig, word in hierdie teks deur Paulus se prediking aan die heidene beskryf. Die frases "alles wat daarin is", asook "hemel en aarde" wat in Paulus se preek gebruik word, verwys na aardse begrippe soos wêreld, aarde, land of see en die totaliteit van God se skepping. Die plek waar mense en diere leef, die planeet Aarde, maak 'n belangrike onderdeel van die Ou sowel as die Nuwe Verbond uit. God het verder "uit een" al die nasies gemaak. Hierdie feit is bepalend vir almal se houding teenoor God en tot mekaar. Die vleeslike opstanding van 'n dooie liggaam is in stryd met die Griekse filosofie van 'n bo-fisiese, verhewe rede(likheid) of aardse plesier, sowel as vir die politiek om sulke ideale te bereik. Die aardse skepping is egter 'n manier om God te ken deur dit wat God self geskep is. Die probleem is wanneer insig in God se skepping nie in die regte verhouding met God se verdere openbaring gestel word nie.

328. Carson and Moo, *Introduction*, 321.

Vir die mens is dit onmoontlik om deur die lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God te kom en hom of haar tot God te bekeer. Vir gelowige gehore in die verbond gaan die vooronderstelling van die skepping verlore indien die Bybel nie in sy geheel gelees, geïnterpreteer en gepredik word nie.

## Inleiding

In Handelinge 17:22–31 word beskryf hoe die Gees deur Paulus die evangelie na Athene toe bring. Dit is opmerklik hoe daar na die Skepper en die skepping in die prediking verwys word. Dit wil uit hierdie teks blyk dat die verwysing na Skepper en skepping 'n onmisbare onderdeel van geloof uitmaak. Paulus se prediking by die Areopagus gee 'n goeie insig hoe om mense, wat deur rede, plesier of die politiek gelei word, op God se skeppingsdaad te wys wanneer hulle tot bekering na die opgestane Christus opgeroep word.

## Eksegese

### Wat sê die teks?

In die teks is daar twee teksvariante wat nie wesenlike probleme vir die eksegese veroorsaak nie. Die eerste variant is in Handelinge 17:26 waar die woord "bloed" (Gr: αιματος; lemma: "*haíma*")[329] (AFR33/53, KJV, NKJV) of "mond" (Gr: στοματος; lemma: "*stóma*")[330] in twee verskillende variante ingevoeg is. Die standaardteks, met goeie ondersteuning uit vroeëre manuskripte, lees: "hy het gemaak uit een [...]",[331] sonder om direk die substansie te benoem waaruit God die mensdom gemaak het.[332] Verskeie moderne vertalings (AFR20, ABD07, AFR83; Engels: NIV, ESV, NLT, NASB)[333] voeg egter die woord "mens" op grammatikale en kontekstuele gronde toe aan hierdie Griekse grondteks. Of hierdie toevoeging korrek is, word hier buite rekening gelaat omdat dit niks aan Paulus se argument, dat uit *een* nasie alle nasies van die mensdom gemaak is, verander nie.

Die tweede variant is in Handelinge 17:27 waar "God" (Gr: θεόν), met goeie ondersteuning uit vroeëre manuskripte (soos vertaal in AFR20, ABD07, AFR83; Engels: NIV, ESV, NLT, NRSV),[334] deur "Here" (Gr: κυριον) in

329. D E Maj it syr.

330. Ψ.

331. 𝔓[74] ℵ A B 33 1739 cop, Gr: "*ἐποίησεν τε ἐξ ἑνός*."

332. Comfort, *Variant Readings*, 403.

333. Die NRSV voeg die woord "ancestor" ("voorvader") in.

334. 𝔓[74] ℵ A B L Ψ 33 1739 syr cop.

latere manuskripte (soos vertaal in AFR33/53, Engels: KJV, NKJV),[335] of "dit wat goddelik is" ("*that which is divine*") (Engels: NJB vertaal met "*so that they seek the deity*")[336] vervang word.[337] Een verklaring is dat die afkortings vir "God" en "Here" en die woorde vir "God" (Gr: θεόν) en "goddelike" (Gr: θεῖον) baie na aan mekaar is en maklik in die proses van kopieëring verwar kon word.[338] Paulus se vroeëre verwysing na "God" in Handelinge 17:24, asook die doelbewuste inklusiwiteit van Paulus se toespraak om die Atheners aan te spreek, dui ook eerder op die gebruik van "God" in plaas van die veel spesifieker "Here" (Jesus Christus).[339]

Samevattend: Met uitsondering van die addisionele woord "mens" wat in Handelinge 17:26 bygevoeg is, word hier voorkeur aan die AFR20 vertaling verleen.

## Wat beteken die teks?

### Literêre konteks

Daar is verskillende voorgestelde strukturele indelings van die boek Handelinge, gegrond op geografie (Hand. 1:8 – "getuies wees in Jerusalem, in die hele Judea en Samaria, en tot aan die einde van die aarde"), persoonlikhede (Hand. 1–12 – Petrus; Hand 12–28 – Paulus) asook verskeie literêre aanduidings deur die boek wat die groei in die kerk aantoon. Die volgende sesvoudige indeling wat die meeste reg laat geskied aan al hierdie indelings, is voorgestel: (1) vroeë kerk in Jerusalem (Hand. 1:12–6:7); (2) na Judea en Samaria (Hand. 6:8–9:31); (3) na die heidene (Hand. 9:32–12:24); (4) na Asië (Hand. 12:25–16:5); (5) na Europa (Hand. 16:6–19:20); en (6) na Rome (Hand. 19:21–28:30).[340] Paulus se optrede in Athene vorm deel van God se roeping deur die Gees van Jesus om die evangelie in Europa, die hartland van die Griekse en Romeinse kultuur, te verkondig (kyk Hand. 6: 7, 10). Wat die toesprake in die boek betref, is daar ooreenkomste, maar ook groot verskille. Die toesprake hoef nie woordelikse korrekte weergawes te wees om wel akkurate opsommings van die vroegste prediking deur die apostels te gee nie.[341] Een van hierdie preke aan 'n heidense gehoor vind ons in Handelinge 17.

335. E Maj.

336. Omanson and Metzger, *Textual Guide*, 269.

337. D (it).

338. Brannan and Loken, *Textual Notes*, Ac 17:27.

339. Comfort, *Variant Readings*, 404.

340. Fee and Stuart, *How to Read*, 111–112.

341. Ladd, *Theology*, 313–314.

## Sintaksis, diskoers en grammatika

Handelinge 17:22–31 vorm een dialoog in die Grieks wat uit verskeie onderdele bestaan.[342] In die AFR20-vertaling word hierdie perikoop as een aanhaling weergegee. Interessante grammatikale vorms wat in die teks voorkom, is die frases "alles wat daarin is" asook "hemel en aarde" (Hand. 17:24). Eersgenoemde kom net 16 keer in die hele Bybel voor (14 keer in die OT), waarvan 11 keer na *aardse begrippe* soos wêreld, aarde, land of see verwys word.[343] Die frase "hemel en aarde" kom 27 keer in die Bybel voor (waarvan 19 keer in die OT), en dit verwys na die "totaliteit van God se skepping".[344] Die "hemel" in hierdie frase moet nie as God se woonplek gesien word nie, maar dien as verwysing na die "lug en die aarde", oftewel alles wat fisies bestaan.[345] Wanneer soortgelyke frases soos "hemel en *die* aarde", "hemele en *die* aarde", "*aarde en* hemel" of "*aarde en* die hemele" bygevoeg word, is daar 49 verwysings in die Bybel waarvan ses in Lukas–Handelinge voorkom. *In die grammatika wat gebruik word, blyk dat verwysings na die totaliteit van God se fisiese skepping duidelik ingesluit is.*

## Woordstudie

Handelinge 17:24 bied 'n unieke venster tot die bestudering van die woorde "wêreld," "hemel" en "aarde" omdat al hierdie woorde saam in een teks voorkom. Daar is 'n belangrike onderskeid wat gemaak moet word tussen die woorde "*kosmos*" (Gr: κοσμος), oftewel "wêreld", en die lemma "aarde" (Gr: γῆ). Die woord "wêreld" word gebruik in die sin van 'n geskape ryk wat ruimtelik en tydelik van aard is en van 'n hemelse ryk onderskei word.[346] Die woord "aarde" dui die plek aan waar mense en diere leef – dit is die planeet self.

Die OT en NT beklemtoon hierdie woorde op verskillende wyses. Die lemma "aarde" (Gr: γῆ) kom meer as 3000 keer in die OT voor,[347] terwyl die lemma "*kosmos"* (Gr: κοσμος) slegs 28 keer in die OT voorkom (waarvan 10 keer in Jesaja). Die woord "*kosmos*" kom egter 186 keer in die NT voor, waarvan 102 keer in die Johannese boeke alleen: Johannes (78), 1 Johannes (23) en 2 Johannes (een). Die lemma "aarde" (Gr: γῆ) kom egter meer as "*kosmos*" in die NT voor, naamlik 250 keer, waarvan die meeste in

342. Lukaszewski et al., *Sentence Analysis*.

343. Deut. 10:4; Ps. 24:1; 98:7; Jer. 8:16; 47:2; Eseg. 12:19; 30:12; 32:15; Amos 6:8; Hand. 17:24; 1 Kor. 10:26.

344. Louw and Nida, *Lexicon*, xxiii.

345. Ibid.

346. Kyk ook die eksegese van Johannes 3:16.

347. Soos in die LXX (Swete).

Openbaring (82), gevolg deur Lukas-Handelinge (58) en Matteus (43) (in die vier Evangelies en Handelinge saam 133 keer, en in Handelinge alleen 33 keer). Die gevolgtrekking kan gemaak word dat, alhoewel die NT die woord "wêreld" ("*kosmos*") heelwat meer beklemtoon as die OT, die vele verwysings na die planeet "Aarde" in die OT en NT 'n belangrike aanduiding is dat *die plek waar mense en diere leef, die planeet Aarde, 'n belangrike onderdeel van die Ou en Nuwe Verbond uitmaak.*

## Histories-kulturele konteks

Die boek Handelinge is deur Lukas vir 'n "gesofistikeerde, skeptiese en heidense" gehoor geskryf.[348] "Heidense" verwys hier waarskynlik na *gelowiges* wat uit die heidene kom. Net soos die boek Lukas, is Handelinge aan 'n sekere Teofilus gerig (Luk. 1:3; Hand. 1:1), wat "moontlik die beskermheer [*was*] wat die komposisie geborg het".[349] Wie Teofilus egter presies was, is minder belangrik as die doel waarvoor die boek geskryf is, naamlik om 'n "betroubare verslag [*te*] voorsien van wat Jesus gedoen en geleer het en [...] hoe dit in die vroeë Kerk voortgesit is" (Luk. 1:4; Hand. 1:1–2).[350]

Die evangelie gaan na alle nasies en oral waar dit gepreek word, word wêreldbeelde en kulture, of dit nou Joods of Grieks-Romeins was, uitgedaag. In Athene is Griekse filosowe en politieke owerhede aan die beurt. Die strekking van Paulus se prediking by die Aeropagus is ten diepste konfronterend, wat duideliker word wanneer die inhoud van die Epikuriese en Stoïsyne filosofieë verstaan word (Hand. 7:18). Vir die Epikureërs was plesier "die regte doel van die lewe [...] waarmee hulle die gebrek aan fisiese pyn en emosionele versteuring bedoel het".[351] Die Stoïsyne het "geglo dat *logos*, of rede, die materie waaruit die heelal bestaan het, gestruktureer het".[352] Vir hulle was dit die noodlot wat jou bestemming bestuur en die beste wat mens kan doen, is om met 'n kalm houding jou omstandighede te probeer beheer. Terwyl Paulus se verwysings na die skepping en die feit dat God nie deur mensehande bedien word nie, tog wel aanklank by die Stoisynse filosowe sou gevind het,[353] is dit sy argument oor die opstanding van die dooies wat negatiewe reaksie uitlok. Die Grieke

348. Carson and Moo, *Introduction*, 300.

349. Johnson, "Luke-Acts", 404.

350. Robert F. O'Toole, "Theophilus (Person)", in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman (New York: Doubleday, 1992), 512.

351. Craig S. Keener and John H. Walton, eds., *NIV Cultural Backgrounds Study Bible: Bringing to Life the Ancient World of Scripture* (Grand Rapids: Zondervan, 2016), 1913.

352. Ibid.

353. Ibid., 1914.

het nie geglo in 'n "eskatologiese klimaks" of in 'n "liggaamlike opstanding" nie. Die meeste wat wel in 'n hiernamaals geglo het, het "óf geglo dat die siel 'n skaduryke onderwêreld sou ervaar, óf dat dit na die hemel sou opvlieg, bevry van die swarighede van 'n liggaamlike bestaan".[354] Die bevestiging van die vleeslike opstanding van 'n dooie liggaam, wat ook die hart van die eerste aangetekende Christelike prediking was (Hand. 2:24–32),[355] is teenstrydig met die Griekse filosofie van 'n bo-fisiese, verhewe rede (-likheid) of aardse plesier, en die politiek om dit te bereik.

## Verhouding met die res van die Bybel

Die verwysing in Handelinge 7:24 na God se skepping van die wêreld en "alles wat daarin is" en dat hy Here is van "hemel en aarde", is op die OT gebaseer. Alhoewel die term "*kosmos*" nie in hierdie sin in die skeppingsverhaal voorkom nie (soos in die kanonieke LXX opgeteken), is hier wel ooreenkomste met Jesaja 42:5: "So sê die ware God, die HERE, wat die hemel geskep en oopgespan het, wat die aarde uitgebrei het, en dit wat daaruit voortkom [...]".[356] Dat God die bron is van alles wat leef en asemhaal, is ook direk deel van die Ou-Testamentiese skeppingsverhaal (Gen. 1:30; 2:7; Jes. 42:5; 57:15–16).[357] Die beklemtoning van God die Skepper wat afsonderlik van die geskape orde staan, is ook reeds al so uitgespreek in vroeëre toesprake in Handelinge deur Petrus en Johannes (Hand. 4:24), deur Stefanus (Hand. 7:48–50), en deur Paulus in Listra (Hand. 14:15).[358]

## Teologiese belang

### Natuurlike teologie en haar beperkings

Die teologiese belang van hierdie teks lê in die relatiewe belangrikheid van die aardse skepping as onderdeel van die verdediging van die geloof en 'n proklamering van die evangelie. Sou mens op grond van Handelinge 17:22–29 kan aanvoer dat die "natuurlike teologie"[359] 'n plek het in die

354. Ibid.

355. Ladd, *Theology*, 317.

356. I. Howard Marshall, "Acts", in *Commentary on the New Testament Use of the Old Testament* (Grand Rapids and Nottingham: Baker Academic and Apollos, 2007), 594.

357. Ibid., 594–595 (Nota: Marshall sluit nie verwysing na Genesis 1:30 in nie.)

358. Mikeal C. Parsons, "Acts", in *Paideia Commentaries on the New Testament*, eds. Mikeal C. Parsons and Charles H. Talbert (Grand Rapids: Baker Academic, 2008), 246.

359. "Natuurlike teologie word oor die algemeen gekenmerk as die poging om godsdienstige waarhede vas te stel deur rasionele argument en sonder om op beweerde openbarings te vertrou. Dit het tradisioneel gefokus op die onderwerpe van die bestaan van God en die onsterflikheid van die siel." Besoek 4 April 2022. https://www.britannica.com/topic/natural-theology-philosophy.

Christelike teologie? Op die oog af mag dit so lyk. Die belang wat die skepping het om God te ken, word ruimskoots in die Bybel en in gereformeerde belydenisgeskrifte erken. Romeine 1:20 lees: God se "onsigbare eienskappe, naamlik Sy ewige krag en goddelikheid, word van die skepping van die wêreld af in Sy werke begryp en is duidelik sigbaar" (AFR20). Die Nederlandse Geloofsbelydenis stel dat ons God ken "deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld".[360] Dit is soos "[...] 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein die letters is wat ons die onsigbare dinge van God [...] duidelik laat sien" (met 'n aanhaling van Rom. 1:20) wat "[...] genoegsaam is om die mense te oortuig en hulle hul verontskuldiging te ontneem". Die aardse skepping is 'n duidelike bron van kennis van wie God is. Dit is 'n middel om God te ken deur dit wat God self geskep het.

Die probleem ontstaan egter wanneer die rasionele verstaan van die vasgestelde tye en grense, die orde van God se skepping, *nie in die regte verhouding met God* se verdere openbaring, as bron van kennis, gestel word nie. Romeine 1:21 gee duidelikheid: "[...] want alhoewel hulle God ken, het hulle Hom nie as God geëer of gedank nie. Inteendeel hulle denke het sinloos geword [...]". God se openbaring in die natuur bevestig die verantwoordelikheid van mense vir hulle sondes.[361] In die mens se gevalle, totaal verdorwe staat bring ons nie aan God die eer en dank wat hom toekom nie. 'n Verlosser is nodig. Die Dordse Leerreëls stel dit onomwonde: "Vir die mens is dit egter onmoontlik om deur hierdie lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer".[362]

## Teologie van die skepping

'n Teologie van die skepping waar alle skepsels van een God af kom, dus 'n broederskap van alle mense (of selfs van alle skepsels), is iets waarmee die Stoisynse filosowe nog sou kon saamstem. 'n Teologie van die skepping kan egter nooit losgemaak word van 'n teologie van verlossing nie. Indien dit wel losgemaak word, word die mens se natuurlike, verdorwe aard misken. Dat alle mense van nature van God af kom, is nie net 'n status nie, maar het konsekwensies; hierdie feit moet "bepalend wees vir hul houding teenoor God en hul verhouding tot mekaar".[363] Die vasgestelde tye en grense in die skepping (Hand. 17:26) kan saam met ongelowiges bestudeer word en kan gedeelde verwondering bring, maar gebeur dit werklik sodat "hulle God kon soek, en miskien na Hom sou uitreik en Hom sou vind"?

360. Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 2.

361. Ladd, *Theology*, 160.

362. Dordtse Leërreels, Hoofstuk 3/4:4.

363. Ladd, *Theology*, 160.

(Hand. 17:27). Só 'n verhoudingsgerigtheid buite onsself, is nie in ooreenstemming met 'n afsydige, objektiewe rede of met selfgerigte plesier as die hoogste goed nie. Deur die genade van die Gees wat van bo 'n nuwe geboorte skenk aan wie Hy wil,[364] kan ook rasionele filosowe, plesiersoekers en politieke owerhede tot geloof kom – selfs iemand soos "Dionisius, 'n lid van die Areopagus" (Hand. 17:34).

Waarom dan so 'n prominente verwysing na die skepping toe die evangelie na Athene gebring is? 'n Aanneemlike verklaring is dat die antwoord in die gehore lê waarvoor gepreek word. Die prediking met verwysing na die Skepper en die skepping neem groter prominensie aan wanneer Grieks-Romeinse gehore toegespreek word. Net soos in Athene, lê die prediking in Listra die klem op die lewende Skepper-God en sy skepping (Hand. 14:15–17). Wanneer mense toegespreek word wat wel toegang tot die Joodse geskrifte gehad het, begin die prediking "met die spesifieke geskiedenis en verbond van die volk Israel".[365] (Hand. 3:13; 7:2, 13:16–17). Dit beteken nie dat die skepping vir sulke gehore onbelangrik was nie, inteendeel:

> [*d*]ie rede was dat in die boek Genesis, gesien as die eerste boek van die volk Israel, die skeppingsverhaal in die eerste hoofstuk die raamwerk gevorm het van, en die vooronderstelling was vir, die geskiedenis van die verbond.[366]

*Dit is hierdie vooronderstelling van die skepping as raamwerk wat verlore gaan as die Bybel nie in sy geheel gelees, geïnterpreteer en gepredik word nie.*

## Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Wat beteken die teks vir skeppingsorg? Hier volg 'n kort samevatting van die belangrikste punte:

Eerstens, die *skepping moet 'n voorveronderstelling bly in die leer en lewe van gelowiges in Christus*. Wat eens die vanselfsprekende aard van die skepping vir die verbondsgeskiedenis was, kan gou uit die oog verloor word. Wanneer rede, plesier en politieke mag die hoogste goed word, moet die Skepper en sy skepping weereens sterk benadruk word. Dit was eens nodig in die Grieks-Romeinse wêreld van Athene en Listra en is deesdae nog steeds net so nodig. Dit geld nie net vir sekulêre gehore in stede met

364. Kyk die eksegese in Johannes 3:16.

365. Jaroslav Pelikan, "Acts", in *Brazos Theological Commentary on the Bible* (Grand Rapids: Brazos Press, 2005), 196–197.

366. Ibid.

universiteite, plesiersoekers of politieke mag nie, maar ook vir Christelike kerke wat begin dwaal het deur bekering en verlossing van God se skepping, onderhoud en regering los te maak van alles wat bestaan. Die vleeslikheid van ons alledaagse bestaan hier op aarde word dikwels op 'n tipies Grieks-filosofiese manier losgemaak van 'n verhewe geestelikheid, wat vir sekere tye en plekke geld. Daar is geen groter bevestiging van skeppingsorg as die opstanding van vleeslike liggame uit die dood nie, die hart van die Christelike prediking en 'n boodskap waarteen van nature met spot gerebelleer word (Hand 17:32).[367]

Tweedens, die reikwydte van skeppingsorg sluit die totaliteit van God se skepping in – die hemel, oftewel die lug en die aarde; dus die aardse, die atmosferiese, ander planete, die ruimte ... alles.

Derdens, Christelike skeppingsorg kan nie net op 'n teologie van die skepping gegrond word wat die broederskap tussen alle mense of tussen alle skepsels benadruk nie. 'n Bestudering en verwondering oor die skepping sonder om die Skepper-God daarvoor te eer en te dank, is sinloos. Christelike skeppingsorg is by uitstek volle eerbetoon en danksegging aan God. Ook hiervoor het ons, in ons natuurlike, verdorwe staat, 'n Verlosser nodig wat die opdrag tot ware skeppingsorg vir die sondige mens kan dra.

Vierdens, die natuurlike teologie, met die fokus op rasionele argumente om godsdienstige waarhede te formuleer, bied geen vaste grond vir skeppingsorg nie. Die bron van alle kennis bly God self.

Vyfdens, Christene se sorg vir God se skepping, sonder om die skepping self te aanbid, getuig van die Skepper en die skepping se belang vir almal se lewe, beweging en bestaan (Hand. 17:28).

Sesdens, Christelike skeppingsorg bevestig die bybelse leer van die skepping waardeur bekering vir die mees geharde natuurlike filosowe, plesiersoekers en politieke owerhede moontlik gemaak word deur die werking van die Heilige Gees. 'n Model vir prediking word in Handelinge 17 voorgehou, waarby 'n bybelse teologie van die skepping sowel as van verlossing deel vorm.

367. Die tema van verheerlikte liggame wat nie net kontinuiteit nie, maar ook diskontinuiteit met die fisiese aantoon, word nie in hierdie teks aangetoon nie. Daarvoor is ook ander Skrifgegewens nodig om tot 'n geheelbeeld te kom.

Hoofstuk 5

# Apokalips

## Inleiding

Die boek Openbaring roep beelde op van massavernietiging van die aarde en alles wat daarop woon. Die aarde, bome, gras, berge, see, water, son, maan en sterre lyk of dit erg gaan deurloop wanneer God se oordeel begin. Wie kan nog met ’n eerlikheid oor skeppingsorg praat as God self toelaat dat die skepping op so ’n massiewe skaal vernietig word? (Op. 8:6–13). Moet al daardie moeite wat ook deur Christene gedoen word om die aarde te bewaar en te versorg, nie veel liewer bestee word om ander met die goeie nuus van die evangelie te bedien nie? Alhoewel hierdie vrae algemeen is, gee die boek Openbaring self ’n heel ander toon aan. God gaan self by die mense kom woon. Deur sy oordeel word die aarde voorberei sodat Hy by ons kan kom intrek (Op. 21:1–3). Geen valse teenstellings mag gemaak word tussen die versorging van ons huis (sorg vir die skepping) en uitgaan om ander hiervan te vertel nie (evangelisasie). Beide is deel van Christen- en kerkwees. God gaan by ons kom woon. Kry die huis reg en vertel almal daarvan.

## Wat is Apokaliptiese literatuur?

Die term “apokalips” kom van die Griekse woord “*apokálypsis*” wat letterlik openbaring of openbaarmaking beteken. Iets wat bedek was, word bekend gemaak. Dit is ook die eerste woord in die Griekse teks van die

**How to cite:** De Wit, MP 2024, ‘Apokalips’, *Skeppingsorg: ’n Aanset tot interpretasie van sekere Bybeltekste oor die mens se verhouding tot die natuurlike omgewing*, ITUTA Books, Cape Town, pp. 91–111. https://doi.org/10.4102/aosis.2024.BK502.05

boek Openbaring, wat die boek se benaming verklaar.[368] In die OT word veral Daniel 7–12, maar ook Sagaria 9–14; Joël; Amos 7:1–9, 8:1–3; Jesaja 24–27, 56–66; Jeremia 1:11–16 en Esegiël 37–48 in hierdie genre ingesluit. In die NT word Matteus 24, dele van Markus 13 en Lukas 21 apokalipties genoem.[369] Hierdie geskrifte gaan almal oor "visioene en profesieë van die eindtyd of die tyd wat kom".[370] Die apokaliptiese literatuur is in tye van vervolging of onderdrukking gebore en is op 'n tyd gefokus wanneer God 'n einde sal maak aan die geskiedenis.[371]

## Hoe interpreteer ons die Apokaliptiese literatuur?

Dit word algemeen aanvaar dat die boek Openbaring tydens 'n tydperk van vervolging geskryf is. Daar is onsekerheid of die boek tydens die regering van Nero (54 tot 68 n.C.) of Domitius (81 tot 96 n.C.) geskryf is. Met die ondersteuning van die meeste kerkvaders, naamlik Irenaeus, en andere is die tendens om die boek aan die einde van die regering van Domitius te dateer. 'n Datum net ná die regering van Nero het egter ook ondersteuning. Die omstandighede van die sewe gemeentes bevestig wel eerder 'n Domitiaanse datum.[372] Johannes is deelgenoot in hierdie verdrukking (Op. 1:9) wat alreeds 'n medegelowige se dood veroorsaak het (Op. 2:13). Die kerk en 'n onheilige drie-eenheid van die maghebbers van die aarde, die valse profete en die draak loop op 'n botsing uit. Verdrukking en dood maak duidelik deel uit van wat die kerk verduur het en nog moet verduur. God bly egter in beheer van alle dinge en sal sy oordeel voltrek oor sy vyande terwyl Hy sy kinders beskerm en bewaar (Op. 6:9–11, 7:14; 2 Tess. 1:3–10).

Die boek Openbaring het herkenbare eienskappe van 'n brief aan sewe gemeentes van die eerste eeu, maar ook 'n ryk en diverse simboliek en 'n heenwysing na toekomstige gebeure.[373] Die tipe literatuur in Openbaring is uniek: dit is 'n apokalips (Op. 1:1), maar funksioneer ook in kombinasie met 'n profesie (Op. 1:3; 22:18–19) en met 'n brief (Op. 1:4–5). Geen noue parallel bestaan in ander literatuur nie.[374] Die boek is apokalipties omdat dit tydens

368. Longmann III, *Reading*, 216.

369. Allen C. Myers, *The Eerdmans Bible Dictionary* (Grand Rapids: Eerdmans, 1987), 64.

370. Ibid., 63.

371. Fee and Stuart, *How to Read*, 251.

372. Carson and Moo, *Introduction*, 710.

373. Fee and Stuart, *How to Read*, 249.

374. Carson and Moo, *Introduction*, 716.

'n tyd van lyding geopenbaar en opgeteken is en omdat dit simboliek en beelde gebruik om gelowiges aan te moedig, deur op die uiteindelike realiteite van oordeel en redding te fokus. Die boek is profeties omdat dit deur die Gees geïnspireer en op die huidige omstandighede van God se kinders gemik is. Die boek is ook 'n brief, omdat dit 'n spesifieke oorsaak vind in die kerke wat aangespreek word. Die genre van die boek kan dalk die beste beskryf word as 'n "profetiese apokalips in epistolêre gedaante".[375]

Dit is nie verrassend dat daar geen ooreenstemming oor die literêre konteks van die brief is nie. Soms word die brief literêr ingedeel op grond van frases wat deurgaans herhaal word soos byvoorbeeld "in die Gees" (Op. 1:10; 4:1; 17:3; 21:10),[376] of deur wat "ek sal jou wys" beteken (Op. 4:1; 17:1; 21:9). Soms word die drie reekse van sewes (seëls, trompette en bakke) gebruik as 'n basis vir die literêre struktuur.[377] Daarby word dan ook dikwels die sewe kerke en sewe tekens (Op. 12:1–14:20) gevoeg. Bo en behalwe hierdie reekse van sewe, sien ander kenners ook sewe hemelse visies in Openbaring 4:1–22:5.[378] Ander kommentators deel weer die hele boek in sewe afdelings waar "elkeen handel oor die hele huidige eeu of bedeling, van die eerste eeu tot die wederkoms van Christus".[379] Die basiese organisering van Openbaring in sewevoudige stelle mag dalk logies lyk, maar in sekere eenhede waar dit nie deur Johannes self so benoem word nie, wil dit voorkom asof sewevoudigheid eerder die produk van kreatiewe kommentators is as wat dit uit teksgetrouheid voortspruit.[380] Bowenal moet die literêre konteks aan die aktualiteit van die lewende Jesus Christus in die eindtyd ondergeskik gestel word (Op. 1:1; 22:6).[381]

'n Besondere kenmerk van apokaliptiese literatuur is die ruim gebruik van simboliek. Die visoene in Openbaring sluit simbole in wat historiese werklikhede bevat.[382] Simbole kan gedefinieer word as "[*v*]oorwerpe, aksies

375. Rikk E. Watts, *Revelation* (Regent College: Unpublished Notes, 2014).

376. Kyk Ladd, *Theology*, 619 en Bauckham in Carson and Moo, *Introduction*, 697.

377. Elisabeth S. Fiorenza, *The Book of Revelation. Justice and Judgement* (Philadelphia: Fortress Press, 1985), 174–177, soos aangehaal in Carson and Moo, *Introduction*, 698.

378. Robert C. Sproul, ed., *The Reformation Study Bible: English Standard Version (2015 Edition)* (Orlando: Reformation Trust, 2015), 2304.

379. Joel R. Beeke, "Revelation", in *The Lectio Continua Expository Commentary on the New Testament*, eds. Joel R. Beeke and Jon D. Payne (Grand Rapids: Reformation Heritage Books, 2016), 10–11.

380. Dennis E. Johnson, *Triumph of the Lamb: A Commentary on Revelation* (Phillipsburg: P&R Publishing, 2001), 40.

381. Kyk T.J. Boersma, *Middenin de Eindstrijd. Een praktische uitleg van Openbaring* (Barneveld: De Vuurbaak, 1985).

382. Richard D. Phillips, "Revelation", in *Reformed Expository Commentary*, eds. Richard D. Phillips, Philip Graham Ryken and Daniel M. Doriani (Phillipsburg: P&R Publishing, 2017), 276.

of wesens wat 'n dieper betekenis het en so verstaan word deur diegene wat dit sien of gebruik".[383] Die simbole sal egter eers reg verstaan moet word om dit wat gesimboliseer word as werklikheid in die geskiedenis raak te sien. Johannes gebruik simbole en temas uit die OT en dit moet dus teen daardie historiese agtergrond verklaar word en beslis nie uit die meer onlangse geskiedenis of uit hedendaagse wêreldgebeure nie.[384] Byvoorbeeld, wanneer daar beelde van basterdiere opgeroep word, is dit in weersinwekkende teenstelling met God se goeie skepping van diere, elkeen na sy aard (Gen. 1:20, 24, 25).[385] Die beeldspraak wat gebruik word, is feitlik uitsluitlik uit die OT afkomstig.[386] Die OT speel so 'n belangrike rol dat Openbaring nie daarsonder begryp kan word nie.[387]

Daar is twee basiese maniere om Openbaring te interpreteer. Die eerste is om simboliese beelde met die werklikheid te vergelyk, met verwysing na historiese persone en gebeure. Die boek gee self sekere insigte oor hoe om die betekenis van apokaliptiese beelde te vertolk (Op. 1:20, 4:3, 17:9, 18). Wanneer Openbaring gelees word as 'n profesie oor die geskiedenis van die kerk (of van Israel in sekere dispensasionalistiese opvattings), moet gekonstateer word dat daar buite Skrifgegewens om gespekuleer word, en dat daar daarom ook *geen konsensus oor die werklike lyne van die geskiedenis* is nie.[388] In hierdie metode van interpretasie word daar ook weinig aandag gegee aan die profetiese vooruitskouing op die voleinding van God se doel van verlossing.[389]

Die tweede tipe interpretasie is om die beelde slegs metafories te gebruik. Die beelde word as simbole van geestelike kragte gesien wat in die wêreld aan die werk is, of wat nog gaan kom. Op hierdie manier fokus die Openbaringboek nie net op diegene wat in die laaste dae leef nie, maar ook op die geestelike lewe van elke generasie.[390] Die probleem met hierdie

383. Martin H. Manser, *Dictionary of Bible Themes: The Accessible and Comprehensive Tool for Topical Studies* (London: Martin Manser, 2009).

384. Phillips, "Revelation", 277.

385. Longmann III, *Reading*, 218.

386. G.K. Beale and Sean M. McDonough, "Revelation", in *Commentary on the New Testament Use of the Old Testament* (Grand Rapids and Nottingham: Baker Academic and Apollos, 2007), 1081.

387. Ibid., 1082.

388. Die sg. "historiese metode" identifiseer spesifieke gebeure, nasies en persoonlikhede in die geskiedenis van die kerk. Sekere Hervormers het bv. Die Pousdom gesien as die Dier en die Valse Profeet. In sekere ekstreme "futuristiese" interpretasies word die sewe kerke van Openbaring as sewe opeenvolgende periodes in die kerk se geskiedenis gesien, waarby die finale periode as een van afvalligheid en geestelike apatie gekenmerk word.

389. Ladd, *Theology*, 622.

390. Vanhoozer et al., *Dictionary*, 53.

benadering is die *oorvergeesteliking van die simboliek* wat wel ook werklike gebeure in die geskiedenis beskryf.

Om Openbaring goed te verstaan, moet daarteen gewaak word om nie uiterste standpunte in een van hierdie tipe interpretasies in te neem nie. 'n Goeie insig in die verhouding tussen die sewe historiese kerke en die kerk van Christus te alle tye en plekke, die rol van Ou-Testamentiese apokaliptiese werklikheidsimboliek van historiese gebeure en persone, asook 'n profetiese vooruitskouing op die voleinding van God se plan van verlossing, oordeel en herskepping word benodig. Dit is geen maklike taak nie; enige lees en interpretasie van Openbaring vereis nederigheid.[391] So 'n nederigheid begin deur na die Een te luister wat die openbaring gegee het, naamlik Jesus Christus, wat dit aan sy dienskneg duidelik gemaak het (Op. 1:1–2).

'n Kort oorsig oor die hele boek is nodig om spesifieke tekste beter te kan verstaan. Daar is 'n redelike mate van ooreenstemming met die proloog in Openbaring 1:1–8 (of Op. 1:1–20) en die epiloog in 22:6–21 (of 22:10–21) van die boek, asook die briewe aan die sewe kerke (2:1–3:22) as afsonderlike eenhede. Die verdere strukturering van Openbaring 4:1–22:5 word egter op baie verskillende maniere gedoen.[392]

Die ontsluiting van die boek Openbaring lê alreeds in 1:1: "Hier volg 'n openbaring deur Jesus Christus wat God aan Hom gegee het om aan Sy diensknegte te toon wat binnekort moet gebeur". En ook weer in Openbaring 22:6: "Hierdie woorde is betroubaar en waar. Die Here, die God van die geeste van die profete, het Sy engel gestuur om aan Sy diensknegte te wys wat binnekort moet gebeur".

Die visioen begin deurdat die Gees van Johannes op Patmos besit neem (Op. 1:10–11) en dan "beweeg na geleidelik dieper of groter uitbeeldings van wat God in Jesus gedoen het, doen en gaan doen".[393] Die Seun van die Mens is in die middel van die sewe gemeentes (Op. 1:13) waar Hy deur sy boodskappers waarskuwings, lof en toekomstige belonings oordra (Op. 2:1–3:22). Sy waardigheid word vanuit die hemelse troonsaal bevestig waar die hele skepping rondom die troon draai en juigend voor Hom staan (Op. 4:4–7). Hy alleen mag die boekrol oopmaak waarin opgeteken staan wie die aarde sal beërwe. Die hele skepping besing sy lof, eer en heerlikheid (Op. 5:13). Die sewe seëls kondig God se oordeel oor die nasies aan. Die heiliges sal heers as konings oor die aarde (Op. 5:10), nie die nasies nie. Intussen beloof God dat sy kinders gespaar gaan word (Op. 7:1–14) voordat

391. Fee and Stuart, *How to Read*, 250.

392. Vir verskillende oorsigte kyk Carson and Moo, *Introduction*, 967–700 en Ladd, *Theology*, 619–621.

393. M. Robert Mulholland Jr., "Revelation", in *Cornerstone Biblical Commentary: James, 1–2 Peter, Jude, Revelation*, ed. Philip W. Comfort (Carol Stream: Tyndale House Publishers, 2011), 414–416.

die inhoud van die oordeel oor die nasies in die sewe trompette en sewe bakke losbars. Ten spyte van geweldige plae en verwoesting (Op. 8:1–9:19) is daar, net soos in die tyd van Farao, geen bekering onder die mense nie (Op. 9:20–21). Weer bevestig God dat Hy sy kinders, sy nuwe tempel, sal bewaar te midde van vertrapping en dood, voordat die voleinding bereik word waar Christus oor die wêreld sal heers (Op. 11:15).

Die konflik lê egter op 'n dieper vlak. Die geskiedenis speel op 'n kosmiese skaal af, naamlik in die stryd tussen Satan en die vrou. Alhoewel die kind, Jesus, vir Satan oorwin het en nou in die hemel is (Op. 12:5) word die vrou in die woestyn versorg terwyl die draak teen die res van haar nageslag oorlog voer (Op. 12:17). Agter die grootpraterige en godslasterlike maghebbers van die aarde soos Rome (Op. 13:1–10) en die valse profete (Op. 13:11–18), staan die draak – 'n onheilige drie-eenheid. Weer is daar die gerusstelling dat, wie losgekoop is deur die Lam, nie hoef te vrees nie. Al moet dit die heiliges se lewens kos, sal die oes ingesamel word (Op. 14:1–20). Sewe bakke met plae van toorn volg (Op. 15:1–16:21), wat op die finale oorlog by Armageddon uitloop (Op. 16:16).

Die finale oordeel word gevel oor "Babilon die Grote, die moeder van die prostitute, en van al die afskuwelikhede van die aarde" (Op. 17:5). Getooi in moedswillige luuksheid, staan sy in direkte kontras met die bruilofsmaal van die ware Lam en sy Bruid (Op. 19:1–10). Die finale slag word gelewer deur die ruiter op die wit perd, wie se "naam is die Woord van God" (Op. 19:13). Hy word "getrou en waar genoem, en met regverdigheid oordeel Hy en voer Hy oorlog" (Op. 19:11). Die dier en die konings van die aarde se leërs word vernietig. Die dier en die vals profeet word in "die vuurpoel met brandende swael gegooi" (Op. 19:20). Die Duiwel word eers vasgeketting en dan weer losgelaat. Hy sal nog mag hê om die nasies op 'n dwaalspoor te lei (Op. 20:8), en die laer van die heiliges en die geliefde stad te omsingel (Op. 20:9). Dan volg ook die oordeel oor Satan waar hy ook in die poel van vuur en swael gegooi word (Op. 20:10), met die laaste oordeel, daarna voor die groot wit troon tussen ewige lewe en die tweede dood (Op. 20:11–15).

## ■ Wat leer ons uit die Apokaliptiese literatuur vir ons tyd?

Een belangrike vertrekpunt is dat die boek Openbaring apokaliptiese literatuur bevat, maar nie daartoe as genre beperk is nie. Ten spyte van vervolging en onderdrukking is daar hoop vir God se kinders. Daardie hoop bly in God se beloftes en werking in die geskiedenis gevestig, om die bestaande orde te suiwer en nuut te maak, en nie in 'n apokaliptiese "kosmiese dualisme" tussen 'n huidige bose tyd en die hemelse goeie tyd

wat nog gaan kom nie.[394] 'n Uitsluitlike apokaliptiese siening is dat "hy in wraak [*sou*] kom om die bestaande orde te vernietig en vir Sy volk 'n nuwe, hemelse koninkryk te vestig".[395] Die verwagte toekoms waarvan in Openbaring gelees word, is egter veel omvangryker as dit. Die beklemtoning van die gelowiges se verheffing (wat hulleself as die oorblyfsel beskou), wat met die apokaliptiese siening saamgaan, is 'n veels te radikale breuk met 'n profetiese besorgdheid oor bekering, geestelike verlossing en die versoening vir sondes. Dit is bowenal 'n breuk met die openbaring van Jesus Christus in die wêreld, sy menswording, dood en opstanding, en die gevolg van sy wederkoms (Op. 22:6–20). God bevestig die aardsheid en mensheid wat Hy goed gemaak het, en sal nie die werk van sy hande laat vaar nie. Die onheilige drie-eenheid van die maghebbers van die aarde, die valse profete en die draak, asook almal wat nie in die boekrol van die lewe opgeteken is nie, is hulle wat vernietig gaan word. *Nie die bestaande orde nie, maar die valse orde sal vernietig word*. Daarna, wanneer die aarde geheilig is ná die finale oordeel deur Jesus Christus, *daal die hemel neer* sodat God sy woonplek by die mense maak (Op. 21:1–3). Terwyl sy geroepenes nog op hierdie aardse wêreld en midde-in die geskiedenis is, is die slotwoorde van Openbaring kenmerkend van God se grootse liefde vir sy kerk, ten spyte van vervolgings en aanvegtings wat in hierdie apokalipties-profetiese brief vermeld word: "Die genade van die Here Jesus bly by julle almal" (Op. 22:21).

## Openbaring 21:1–3: God kom by die mense woon!

### Opsomming

Die finale verhoring van die gebed om sy koninkryk te laat kom, "soos in die hemel so ook op die aarde" (Matt. 6:10), vind plaas wanneer God finaal sy woonplek by die mense gaan maak. 'n Beter hemel en aarde gaan kom. Dat God by die mense kom woon, is die vervulling van 'n verbondsbelofte met Israel, wat 'n toekomstige tempel waarnatoe God sal terugkeer, insluit. Verskeie beloftes wat deur die profete uitgespreek is, vind vervulling in hierdie nuwe kosmos. Die visie op die ewigheid is nie in 'n hemelse sfeer weg van die aarde nie. Die mens se geskiedenis kom tot 'n klimaks op die plek waar dit ook begin het, naamlik hier op aarde. God gaan 'n nuwe aarde skep wat so volmaak is dat Hy nie 'n tempel nodig het nie. Die hele nuwe skepping word voorberei sodat sy woonplek by die mense sal wees. Wat

394. Myers, *Dictionary*, 64.

395. Ibid.

God presies op hierdie aarde skeppend gaan vernuwe, is in sy soewereine hande en is nie volledig aan ons geopenbaar nie. Wat wel duidelik is, is dat die huidige skepping gerespekteer moet word. ’n Drang na oordadige luuksheid en meegaande skeppingsverwoesting staan onder die oordeel, en dit moet vandag as waarskuwing vir ons dien.

## Inleiding

Wat beteken ’n “nuwe hemel en nuwe aarde”? Gaan gelowiges nie net eendag hemel toe om by God te woon nie? Is Openbaring nie in elk geval so vol beeldspraak dat ons hierdie tekse nie te letterlik moet lees nie? In hierdie eksegese kyk ons spesifieke na die begrippe “nuwe hemel en nuwe aarde”, die “nuwe Jerusalem” en die aankondiging dat God se woonplek by die mense is. God gaan ’n nuwe aarde skep wat so volmaak is dat Hy nie ’n tempel nodig het nie. Die hele nuwe skepping word voorberei om sy woonplek by die mense te wees. Skeppingsorg staan in verhouding tot gepaste respek vir die skepping, asook aanbidding en lofprysing aan God wat alles geskep het en weer sal herskep.

## Eksegese

### Wat sê die teks?

Daar is ’n paar klein teksvariante in hierdie gedeelte waarvan die meeste nie beduidend is nie.[396] In Openbaring 21:2 is dit wel opvallend dat die naam “Johannes” tot sekere getuienisse toegevoeg is[397] en ook so in die AFR33/53-vertalings (Engelse: KJV en NKJV) oorgeneem is. Hierdie interpolasie kom met Openbaring 1:9 en 22:8 ooreen, maar daar is geen Griekse grondteks wat so ’n toevoeging ondersteun nie.[398] Die vertaling in die AFR20 wat “Johannes” uitsluit, word as getrouer aan die Griekse grondtekste aanvaar.[399] Die implikasie in hierdie geval is byna nie noemenswaardig nie, maar ondersteun die uitgangspunt dat latere toevoegings of vertalings aan beter beskikbare getuienisse ondergeskik moet bly.

396. Comfort, *Variant Readings*, 865–866.

397. Soos in die *Textus Receptus* (TR).

398. Comfort, *Variant Readings*, 865–866.

399. Soos in die WH NU teks gebaseer op א A 051 Maj.

# Wat beteken die teks?

## Struktuur en vorm

Openbaring 21:1–3 val in die groter eenheid waar die val van Babilon, die prostituut, teenoor die oorwinning van die Nuwe Jerusalem, die Bruid, geplaas word (Op. 17:1–21:8). Noudat Babilon vernietig is en die laaste oordeel verby is, kan die langverwagte neerdaling van die heilige stad, die Nuwe Jerusalem uit die hemel, plaasvind (Op. 21:1–8). God maak nou finaal sy woonplek by die mense (Op. 21:3). Die finale verhoring van die gebed om sy koninkryk te laat kom, soos in die hemel so ook op die aarde, vind dan plaas. Die heilige stad Jerusalem is die Bruid, die vrou van die Lam (Op. 21:9–10), getooi met die ongelooflike prag van die nuwe kosmos (Op. 21:9–27), waar ’n rivier van lewe en die boom van genesende lewe vir die nasies voorkom (Op. 22:1–5). Om hierdie boek te verseël, is ’n groot fout; die bestemde tyd is naby (Op. 22:10). Jesus Christus se wederkoms is op hande; Hy kom gou terug (Op. 22:12, 20).

## Woordstudies

Die lemma “*kainós*” (Gr: καινός)[400] wat met “nuwe” vertaal word, soos gebruik in “*nuwe* hemel en *nuwe* aarde” (Op. 21:1), beteken “nuut van aard” (met die implikasie van “beter”). Die woord moet van “*néos*” onderskei word wat “nuut in tyd” beteken.[401] Die woord “*kainós*” word gebruik in die sin dat dit wat oud is, uitgedien geraak het, en met dit wat nuut is, vervang moet word, veral in ’n eskatalogiese gebruik van die “nuwe hemel en nuwe aarde” (Jes. 65:17, 66:22; 2 Pet. 3:13; Op. 21:1).[402] Daar is ’n duidelike onderskeid tussen die ou en die nuwe; net soos nuwe wyn nie in ou leersakke gegooi word nie, kan dit nie vermeng word nie (Mark. 2:21–22).[403] In die teologiese gebruik, verwys die woord na die nuwe en wonderbaarlike dinge wat verlossing meebring. Behalwe vir die “nuwe hemel en nuwe aarde”, is daar die nuwe Jerusalem (Op. 3:12; 21:2), nuwe wyn (Matt. 9:17; Luk. 5:38; Mark. 14:25), ’n nuwe gebod (Joh. 13:34; 1 Joh. 2:7–8; 2 Joh. 5), die nuwe leer (Hand. 17:19), die Nuwe Verbond (1 Kor. 11:25; 2 Kor. 3:6; Heb. 8:8, 13), die nuwe mens (Ef. 4:24), die nuwe naam (Op. 2:17; 3:12), die nuwe lied (Op. 5:9; 14:3) en die nuwe skepping

400. Die lemma van “*kainós*” kom 42 keer voor in die NT waarvan die meeste in Op. (9), gevolg deur Luk. (5), Mark. (5) en Matt. (4) en 2 Kor. (3) en Heb. (3). Die woord kom 58 keer in die Griekse Septuagint (LXX [Swete]) voor – die meeste in die profesie van Jes. (12), gevolg deur die Ps. (6), 1 Kon. (5) en die profesie van Eseg. (5).

401. Louw and Nida, *Lexicon*, 593.

402. Arndt et al., *Lexicon*, 497.

403. Kittel et al., *Dictionary*, 388.

(Op. 21:5). Hierdie nuwe skepping vind alreeds uitdrukking as iemand in Christus is (2 Kor. 5:17; Gal. 6:15; Ef. 2:15).[404] Die "nuwe" is iets van 'n veel beter aard as wat die oue ooit was.

'n Ander belangrike woord is "tent" (Gr: σκηνή) (Op. 21:3) – ook vertaal as "woonplek" (AFR20) of as "tabernakel" (AFR33/53), en wat ook gebruik word om die transendente hemelse woonplek aan te dui (Op. 13:6; Heb. 8:2). Terwyl die aardse tabernakel in die OT eens 'n afbeelding en afskaduwing van die ware, hemelse woonplek was (Heb. 8:5), kom hierdie ware tabernakel nou af na die mense toe; God sal by hulle kom woon (Op. 21:3). Die lemma vir "*skēnḗ*" is die mees gebruikte vertaling in die LXX,[405] van die Hebreeuse "*miškān*" (Heb: מִשְׁכָּן) wat as "tabernakel" of "woonplek" vertaal word.[406]

## ☐ Histories-kulturele konteks

In die Joodse konteks verwys "heilige stad" na Jerusalem, omdat dit die plek was waar God se heilige tempel staan. Alhoewel sekere Joodse denkers "... bloot 'n herstelde en verhewe Jerusalem in die vooruitsig gestel het, het ander gedink aan 'n tans verborge stad wat uiteindelik geopenbaar sal word". In sommige tradisies sou "God self Jerusalem herbou [...]".[407] Vir Jode sowel as vir sommige Christene word die stad Jerusalem beskou as "'n aardse argetipe van die ewige, hemelse stad".[408] Volgens die teksgegewens is dit nie korrek nie. Die Nuwe Jerusalem is nie gelyk aan die hemel nie. Die Nuwe Jerusalem daal van God af uit die hemel neer. God kom by die mense woon (Op. 21:3), wat die uiteindelike vervulling van die verbondsbelofte met Israel is[409] en wat 'n toekomstige tempel waarnatoe God sal terugkeer, insluit (Eseg. 43:7, 9). Die herstel van die tempel was deel van die Jode se hoop op 'n herstelde Jerusalem (Eseg. 37:26–28, 41:1–48:35), maar in Openbaring word daar spesifiek aangetoon dat daar geen tempel te vinde is nie, omdat die Here God en die Lam self die stad se tempel is (Op. 21:22). Die aardse stad Jerusalem word nie bloot gerestoreer

404. Ibid.

405. LXX (Swete).

406. Die lemma vir "*skēnḗ*" kom 425 keer in die OT LXX (Swete) en die apokriewe boeke voor, met meer as die helfte in Numeri (113), Eksodus (97) en Levitikus (51) alleen. In die NT kom die woord net 20 keer voor, die meeste in Hebreërs (10). In Openbaring kom die woord net 3 keer voor.

407. Keener and Walton, *Cultural*, 2265–2266.

408. Eugene E. Carpenter and Philip W. Comfort, *Holman Treasury of Key Bible Words: 200 Greek and 200 Hebrew Words Defined and Explained* (Nashville: Broadman and Holman Publishers, 2000), 344.

409. Eks. 25:8; 29:45–46; Lev. 26:12; 1 Kon. 6:13; Eseg. 37:27; Sag. 2:10–11.

nie, maar heeltemal nuut en gereed gemaak om "vol [*te kan wees*] van die heerlikheid van God" (Op. 21:11).[410,411]

## Verhouding met die res van die Bybel

Openbaring het meer sinspelings op die OT as al die ander boeke van die NT saam.[412] Die beeldspraak wat gebruik word, is feitlik uitsluitlik uit die OT afkomstig.[413] Die skepping en sondeval soos in Genesis beskryf, is grondliggend vir Openbaring in terme van die ontbinding van die geskape orde in Johannes se vroeëre visioene sowel as in terme van die vervulling: die seëninge van die nuwe Jerusalem as eskatologiese vervulling van Eden.

Die beloftes van eskatologiese seën in Jesaja 40–66 deurdring die visie van die nuwe hemel en die nuwe aarde in Openbaring 21–22. Openbaring 21:1 beeld die toekomstige vervulling van Jesaja se profesieë oor die skepping van 'n nuwe hemel en nuwe aarde uit (Jes. 65:17; 66:22). Die nuwe hemel en aarde is kwalitatief heeltemal anders en dit sal vir altyd bly voortbestaan.[414] Die taal van Jerusalem as "heilige stad" kom ook uit Jesaja 52:1b. Die huweliksbeelde wat in Openbaring 21:2 gebruik word, word ook in Jesaja 61:10 en 62:5 gebruik. Jesaja se beloftes vind vervulling in die nuwe kosmos.[415]

Openbaring 21:3 eggo die belofte in Esegiël 43:7 dat God vir altyd tussen die Israeliete sal woon. In Levitikus 26:11–12 en Esegiël 37:26–28 word hierdie woonplek van God met die koms van die latere tabernakel gelykgestel. Die visie van 'n nuwe skepping en 'n Nuwe Jerusalem in Openbaring 21:1–2 is die tabernakel van God by die mense (Op. 1:3).[416] Dat God by ons kom woon soos in Openbaring 21:3 aangeteken staan, is gekoppel aan die Ou-Testamentiese getuienis oor God se woonplek onder die mense in die tabernakel en later in die tempel.

410. Heb: כְּבוֹד יְהוָה, *kĕbôd YHWH* (kyk o.a. Jes. 40:5).

411. Benjamin M. Austin, "Divine Presence", in *Lexham Theological Wordbook*, Lexham Bible Reference Series, eds. Douglas Mangum et al. (Bellingham: Lexham Press, 2014).

412. Sproul, *Study Bible*, 2300.

413. Beale and McDonough, *Revelation*, 1081.

414. Ibid., 1150.

415. Ibid., 1150–1151.

416. Ibid.

## Teologiese belang

### Nuwe hemel en nuwe aarde

Die boek Openbaring eindig waar die boek Genesis begin het. God is die soewereine Skepper van hemel en aarde (Gen. 1 en 2), asook die soewereine Skepper van die nuwe hemel en die nuwe aarde (Op. 21 en 22).[417] Die visie op die ewigheid is waar God se kinders op 'n nuwe aarde is, nie in 'n hemelse sfeer weg van die aarde nie. Die mens se geskiedenis kom tot 'n klimaks op die plek waar dit ook begin het, naamlik hier op die aarde.[418] Die teologie dat daar 'n heeltemal nuwe wêreld kom sonder enige konneksie met die oue, of dat die ewigheid 'n hemel is sonder 'n aarde, verdien geen ondersteuning in die teksgegewens nie.[419] Dat Hy alles nuut maak (Op. 1:5) beteken verlossing van 'n totaal nuwe aard. Die visie van 'n nuwe hemel en nuwe aarde is nie suiwer apokalipties en simbolies van aard nie. Wat hier opgeteken staan, is *profetiese uitsprake met die gebruik van sterk apokaliptiese beelde oor 'n histories-werklike toekoms. 'n Wonderlik versierde nuwe hemel en aarde gaan werklik kom, en God kom werklik sy woonplek by die mense maak*.

## Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Op die vraag hoe hierdie teks ons ten opsigte van skeppingsorg raak, word in die volgende hoofpunte uitgelig:

Eerstens, die *aarde waarop ons nou woon is nie waardeloos* nie. Al is die wêreld tans nog diep deur die sonde geskend, sal dit in die toekoms radikaal vernuwe word. God sal sy beloftes nakom om weer daar by die mense te kan woon. 'n Nuwe Jerusalem gaan uit die hemel neerdaal. God gaan 'n nuwe aarde skep wat so volmaak is dat Hy nie 'n tempel nodig het nie. Die hele nuwe skepping word voorberei om sy woonplek by die mense te wees.

Tweedens, hierdie siening impliseer dat *Christene minstens die huidige skepping moet respekteer* omdat God die Skepper en Herskepper is. Die visie van die soewereine God op sy troon in heerlikheid, wat 'n nuwe hemel en nuwe aarde gaan skep en wat sal afdaal om by die mens op die nuwe aarde te kom woon, is 'n tydige herinnering dat Hy ons aanbidding en lofprysing waardig is – waarvan skeppingsorg deel is.

---

417. Sproul, *Study Bible*, 2299.

418. Gary T. Meadors, "New Heavens and a New Earth", in *Evangelical Dictionary of Biblical Theology*, electronic ed., Baker Reference Library (Grand Rapids: Baker Book House, 1996), 563–564.

419. Sproul, *Study Bible*, 2331.

Derdens hou die konteks ’n waarskuwing in. Babilon se handelaars en stuurmanne se *onbesonne drang na oordadige luuksheid, en die skeppingsverwoesting wat ongetwyfeld daarmee saamgaan, is vir almal tot groot waarskuwing*. Die waarskuwings wat aan die sewe gemeentes gerig is, maak dit duidelik dat Christus ook binne die sigbare kerk oordeel. Ons moet op ons hoede wees om nie deur die maghebbers van die aarde, die valse profete en die draak meegesleur te word nie, deur onder andere die ondeurdagte verwoesting van God se goeie skepping nie.

Vierdens, wat God presies uit hierdie aarde skeppend gaan vernuwe na die ewigheid toe, is in sy soewereine hande en nie volledig geopenbaar om ons moderne wetenskaplike nuuskierigheid te bevredig nie.

## Openbaring 8:7–13: Skeppingsorg te midde van natuurrampe?

### Opsomming

’n Derde van die aarde word verskroei. Om die geweldige impak op die natuur te begryp, moet die vorm van die boek met sy uiteindelike fokus op die nuwe skepping en die Ou-Testamentiese simboliek wat gebruik word, reg verstaan word. Die skrikwekkende beelde van rampspoed oor die natuur moenie as finale, letterlike gebeure gelees word wat direk na die einde van die wêreld verwys nie. Natuurlike en politieke rampe regdeur die geskiedenis kom hier in fokus. Die beelde wat gebruik word, is ’n eggo van die simboliek in die OT en verwys na tydelike oordele oor ’n nasie of volk. Die feit dat skade aan ’n derde deel van die aarde gedoen word, wys na ’n gedeeltelike oordeel wat dien om die wêreld te waarsku dat ’n groter, finale oordeel nog kom. *In hierdie wêreld stel God perke aan selfs die mees verskriklikste natuurrampe en oordele*. Die katastrofale omwentelings in die natuur wat die mensdom oor die verskriklike geestelike gevolge van sonde en oor die oproep tot bekering waarsku, word deur die arend verteenwoordig. *Die oordeel wat hier aangekondig word, is uiteindelik bevrydend vir almal wat aan Christus behoort*. In die boek lei die sewe trompette verder na die *vestiging van Christus se koninkryk op aarde*. Die feit dat hier nie van die finale oordeel gespreek word nie, en dat God lankmoedig is, maak oorvloedige sorg vir die skepping moontlik.

### Inleiding

Die eerste vier trompette in Openbaring 8:7–13 het op die oog af groot impak op die natuur. Dit wil voorkom of God se bitter oordeel oor die natuurlike orde losgebars het. Niks word ontsien nie. Die aarde, bome, gras, die see, lewende wesens in die see, riviere en fonteine, waterbronne en die

son, maan en sterre word almal getref. Mense kom net ter sprake wanneer daar na bitter water wat gedrink word en op 'n indirekte wyse na skepe wat vergaan, verwys word. Die bybelse teoloog, Donald A. Carson druk die gevoel wat 'n mens na die lees van hierdie tekste oorhou, goed uit: "Ek vind hierdie vier [*trompette*] onder die moeilikste in die boek Openbaring om te aanvaar wat plaasvind in terme van die werklikheid waarna hierdie dinge verwys."[420] Inderdaad, hoekom moet die natuur soveel verwoesting ontgeld? As die oordeel oor die natuur nodig is om God se raadsplan te voleindig, is skeppingsorg dan nie eerder 'n teenwerking van God se regverdige oordeel nie? Weereens lê die sleutel tot 'n goeie verklaring in die groter geheel van die boek en van die Skrif, en in hierdie geval, in die ruim gebruikmaking en goeie verstaan van Ou-Testamentiese simboliek.

## Eksegese

### Wat sê die teks?

Daar is 'n paar klein teksvariante in hierdie gedeelte waarvan die meeste onbeduidend is. Een het egter wel groter implikasies.[421] Dit is opvallend dat in Openbaring 8:7, die woorde "'n [*d*]erde van die aarde is verskroei" (AFR20) of "'n [*d*]erde van die aarde het verbrand" (AFR83), nie in die AFR33/53-vertaling voorkom nie. Die rede daarvoor is dat sommige manuskripte wel die klousule insluit, maar ander nie.[422] Die vroegste getuienisse sluit dit egter wel in.[423] Die weglating van hierdie klousule in latere getuienisse[424] word as 'n fout wat per ongeluk ingesluip het, gereken.[425] Hierdie verkorte teks is destyds in die TR gedruk en as sodanig deur die AFR33/53 (en Engelse KJV en NKJV) gebruik.[426] Die laaste frase "en op die fonteine" in Openbaring 8:10 is ook uit sekere manuskripte weggelaat,[427] maar wel korrek in die Afrikaanse en meeste ander Bybelvertalings ingesluit.[428]

420. D.A. Carson, "Revelation Part 13", in *D. A. Carson Sermon Library* (Bellingham: Faithlife, 2016), Re 8–10.

421. Comfort, *Variant Readings*, 865–866.

422. Brannan and Loken, *Textual Notes*, Re 8:7.

423. 𝔓[115] ℵ A C 046

424. 046* (2053) cop[sa].

425. Comfort, *Variant Readings*, 830–831.

426. Ibid.

427. Waarskynlik as gevolg van die foutiewe herhaling van woordeindes (*homeoteleuton*) in die oorskryfproses (Comfort, *Variant Readings*, 831).

428. Ibid.

Die grootste verskil tussen die vertalings lê in die gebruik van die woord "arend" of "engel" in Openbaring 8:13. Dit het wel eksegetiese implikasies en verdien verdere aandag. Die woord "*ángelos*" (Gr: αγγελου), soos met "engel" in AFR33/53 en AFR 20 (Engels: KJV en NKJV) vertaal, kom uit die sesde-eeuse getuienis van die Byzantynse Koine tradisie.[429] Die woord "*aetós*" (Gr: ἀετοῦ), wat met "arend" vertaal word, word deur vroeëre en ook goeie kwaliteit getuienisse ondersteun,[430] waaronder ook 'n onlangse gepubliseerde papirusteks van hoë kwaliteit (wat aansienlike gedeeltes van Openbaring bevat [Op. 8 ingesluit] en wat dateer uit die laat derde of vroeë vierde eeu).[431,432] Die woord "arend" is nie net in ander Afrikaanse vertalings (AFR83, ABD07), opgeneem nie, maar ook as "*eagle*" in verskeie Engelse vertalings.[433] Die AFR20-vertaling gebruik "engel", maar noem wel in 'n voetnota dat die bronteks na "arend" verwys. Sommige kommentare verwys daarna dat die gebruik van "engel" 'n moontlike assimilasie is met Openbaring 14:6 en maklik so in die oorskryfproses[434] oorgeneem kon gewees het. Interne data ondersteun egter ook die gebruik van "arend" omdat die gebruik van "engel" die getal engele in hierdie narratief op 'n totaal van agt sou bring, wat nie die numeriese belangrikheid van die getal sewe in die groter Openbaring sou volg nie.[435] Wanneer al hierdie data oorweeg word, word voorkeur aan 'n vertaling met die woord "arend" verleen. Die lees van "arend" is belangrik, omdat die beeld van 'n arend anders is as dié van 'n engel – 'n punt wat later verder bespreek word.

## Wat beteken die teks?

### Struktuur en vorm

Teksgedeeltes uit Openbaring moet met die bedoeling en boodskap van die hele boek in gedagte geïnterpreteer word. Openbaring 8:6–13 vorm deel van 'n perikoop oor die vier trompette wat 'n onderdeel vorm van die

429. P 1 Maj$^{A}$.

430. Soos die Codex Sinaiticus uit die 4e eeu en die Codex Alexandrinus uit die 5e eeu.

431. $\mathfrak{P}^{115}$ ℵ A 046 it syr cop.

432. David Parker, "A New Oxyrhynchus Papyrus of Revelation: P115 (P. Oxy. 4499)," *New Testament Studies* 46, no. 2 (2000): 159–174. https://doi.org/10.1017/S0028688500000102.

433. RSV, NRSV, ESV, NAS, NIV, TNIV, NEB, REB, NJB, NAB, NLT, HCSB, NET.

434. Metzger, *Textual Commentary*, 669.

435. Comfort, *Variant Readings*, 831.

narratief oor sewe trompette (Op. 8:2–11:19),[436,437] en op sy beurt weer ’n onderdeel is van die boek Openbaring. Ná die visioen van sewe seëls wat God se oordeel oor die nasies aankondig, volg daar nou die visioen van sewe trompette en daarna sewe bakke oor die inhoud van die oordeel. Om die plek en inhoud van die vier trompette, met die oënskynlike geweldige impak daarvan op die natuur, reg te verstaan, is dit belangrik om die struktuur en vorm van die boek, met sy uiteindelike fokus op die nuwe skepping, te verstaan.

## Woordstudies

Die lemma “*ángelos*” (Gr: ἄγγελος), oftewel engel, kom 175 keer in die NT voor waarvan 67 keer in Openbaring alleen is. Saam met Lukas 1 is Openbaring 8 die hoofstuk in die NT waarin die woord “engel” die meeste voorkom. In Openbaring 8 word na engele as boodskappers van God verwys,[438] net soos in die res van die NT waar na engele as “*goddelike* boodskappers en hemelse verteenwoordigers” [*skuinsdruk toegevoeg*] verwys word (Hand. 6:15; Gal. 4:14; Heb. 12:22).[439] Omdat God direk in Jesus teenwoordig is, is dit “natuurlik dat engele hom moet vergesel op hoogtepunte in Sy lewe en bediening”.[440] So ook hier waar die Lam die sewende seël oopmaak (Op. 8:1) en na ’n stilte in die hemel, sewe trompette aan die sewe engele gegee word om uit te basuin wat binnekort gaan gebeur. Engele het geen onafhanklike rol van God nie, en mag ook nie as sodanig aanbid word nie (Kol. 2:18).[441] Engele is “[...] almal dienende geeste, wat uitgestuur word ter wille daarvan om hulle wat die verlossing [...], beërf, by te staan [...]” (Heb. 1:14). Die implikasie hiervan is dat die oordeel wat hier aangekondig word uiteindelik bevrydend is vir almal wat aan Christus behoort.

Die woord “*Apsinthos*” (Gr: ἀψίνθιον), wat as “wilde-als” vertaal word, kom slegs twee keer in die NT voor – albei kere in Openbaring 8:11. Die algemene als is ’n kruidagtige plant met die botaniese naam *Artemisia absinthium*.[442] Hierdie kruidagtige plant het ’n bitter smaak wat medisinaal

436. Sproul, *Study Bible*, 2304.

437. Michael J. Gorman, *Reading Revelation Responsibly: Uncivil Worship and Witness: Following the Lamb into the New Creation* (Eugene: Cascade Books, 2011), 57.

438. Arndt et al., *Lexicon*, 8.

439. Kittel et al., *Dictionary*, 13–14.

440. Ibid.

441. Ibid.

442. John Hutton Balfour, *The Plants of the Bible* (London, Edinburgh and New York: T. Nelson and Sons, 1885), 246–247.

gebruik is om wurms in die ingewande mee te behandel.[443] In die res van Bybel word altyd figuurlik na wilde-als verwys om bitterheid en hartseer aan te dui.[444] Die water wat "*pikrós*" (Gr: πικραίνω), oftewel "bitter" geword het (sien ook Op. 10:9–10; Kol. 3:19), verwys ook na die OT – die bitter water van Mara (Eks. 15:23), die bitter lewe van Naomi wat eerder Mara genoem wil word (Rut 1:20), en die verbitterde, wrede Babiloniërs (Hab. 1:6[445]; kyk ook Job 27:2; Klaagl. 1:4). Bitterheid is 'n bewys van 'n sondige hart (Hand. 8:23; Rom. 3:10–18). Die oplossing vir bitterheid is vergifnis (Ef. 4:31–32).[446]

Die woord "*aetós*" (Gr: ἀετός), oftewel arend in Openbaring 8:13, kom ook meermale in die OT voor.[447] In die Bybel word die arend onder andere met spoed,[448] goeie visie (Job 39:39) en met krag (Eseg. 17) geassosieer.[449] Die arend kan van groot hoogtes afduik om sy prooi te verras (Job 9:26).[450] In Openbaring 12:14 word na die vrou verwys wat vlerke soos 'n arend ontvang het om weg van die draak na die woestyn te kan vlieg.[451] Die weeklag wat in Openbaring 8:13 oor die bewoners van die aarde uitgeroep word, sou met al hierdie kenmerke van die arend goed beskryf kan word.

## ☐ Histories-kulturele konteks

Soos in die inleiding vermeld is, moet die simbole wat gebruik word, veral in die historiese konteks van die OT, verklaar word. Die simbole en temas wat in Openbaring 8:6–13 gebruik word, kan soos volg verklaar word[452]:

- Openbaring 8:6: Trompette is 'n simbool van God wat spreek (Eks. 19:19).
- Openbaring 8:7: Hael is 'n aspek van God se finale goddelike oordeel (Op. 11:19; 16:21). God het hael op Israel se vyande laat neerkom (Jos. 10:11).

443. Louw and Nida, *Lexicon*, 697.

444. Deut. 29:18; Spr. 5:3–4; Jer. 9:15; 23:15; Klaagl. 3:15, 19; Amos 5:7; 6:12.

445. Kittel et al., *Dictionary*, 839.

446. Manser, *Bible Themes*.

447. Heb: נֶשֶׁר, "n*esher*."

448. Deut. 28:49; 2 Sam. 1:23; Jer. 4:13; Klaagl. 4:19.

449. Henry Chichester Hart, *The Animals Mentioned in the Bible* (London: The Religious Tract Society, 1888), 84.

450. Myers, *Dictionary*, 297.

451. Richard A. Spencer, "Eagle", in *Eerdmans Dictionary of the Bible*, eds. David Noel Freedman, Allen C. Myers and Astrid B. Beck (Grand Rapids: W.B. Eerdmans, 2000), 361.

452. Manser, *Bible Themes*.

- Openbaring 8:7–8: Bloed word dikwels gebruik as simbool van sonde en skuld, en die oordeel wat volg.[453]
- Openbaring 8:7: Bome is dikwels 'n simbool van langdurigheid of 'n lang lewe (Jes. 65:22).
- Openbaring 8:7: Gras is dikwels 'n simbool van die broosheid en kortstondigheid van die mens se lewe (Jes. 5:24; 15:6; Jer. 12:4).
- Openbaring 8:9: Lewende wesens verwys oor die algemeen na lewende wesens binne God se skepping, veral na die eksotiese diere wat in visioene gesien word, wat 'n diep simboliese betekenis het.
- Openbaring 8:10: Die hemel of lug word dikwels met ongewone verskynsels geassosieer.[454]
- Openbaring 8:10–11: Riviere en fonteine is waterlope, maar ook simboliese verwysings na dinge wat mense en nasies bedreig of oorweldig, soos invallende nasies, die vrede van God en die Heilige Gees. God as soewereine Skepper is ook heerser en regter van riviere en fonteine.[455]

## Verhouding met die res van die Bybel

Die skrikwekkende beelde van rampspoed oor die natuur in Openbaring 8:6–13 kan nie as letterlike gebeure gelees word wat direk na die einde van die wêreld verwys nie. Die beelde wat hier voorgehou word, is 'n eggo van die simboliek wat in die OT gebruik word om tydelike oordele oor 'n nasie of volk aan te dui.[456] Beelde van storms kan na historiese oordele oor die nasies verwys (Ps. 18:11–14; Jes. 28:1–3; 30:30–31). Berge wat in die see val (Op. 8:8) is 'n simbool van rampspoed wat 'n nasie of koninkryk tref (Ps. 46:3–7) – in hierdie geval 'n simbool van die uiteindelike vernietiging van Babel (Jer. 51:5–29, 63–64; Op. 18:21). Die ster wat uit die hemel val, kom uit Jes. 14:12–20 en dui ook die val van Babel aan.[457] Die son en maan wat in duisternis verander, kan die verowering deur buitelandse magte aandui (Eseg. 32:7–8, 11).[458] Duisternis beskryf die wegneem van God se seëninge wanneer daar onder die vloek van die sonde geleef word (Eks. 10:21–23; 1 Joh. 1:5).[459]

453. Hand. 2:19–20; Joël 2:30–31; Op. 6:12, 16:3–6.

454. Eks. 20:21–22; Jos. 10:13; Jes. 34:4; Jer. 10:2; Joël 2:10; 3:16; Matt. 24:29–30; Mark. 13:25; Op. 6:13–14; 9:1–2; 12:4; 20:11.

455. Ps. 74:15; 78:13–16; 107:33–35; Jes. 19:5–8; Op. 16:12.

456. Beeke, *Revelation*, 267.

457. Tim Chester, "Revelation for You", in *God's Word for You*, ed. Carl Laferton (Surrey: The Good Book Company, 2019), 70–71.

458. Beeke, "Revelation", 267.

459. Phillips, *Revelation*, 281.

Die feit dat skade aan net 'n *derde* van die aarde gedoen word (verwysing na 'n derde deel kom 12 keer voor [Op 8:7–12]) dui aan dat hierdie 'n *gedeeltelike oordeel* is wat die wêreld waarsku dat 'n veel groter en finale oordeel op pad is. Die meerderheid van die mensdom word toegelaat om te oorleef en kry nog kans om tot bekering toe kom.[460] Erger oordele gaan nog kom. Die arend wat hoog in die lug vlieg, is 'n metafoor van vernietiging wat in die OT die komende oordeel aangekondig het (Hos. 8:1; Deut. 28:49; Jer. 4:13).[461] Die arend se skril uitroep van drie weë waarsku teen die groot oordele wat deur die laaste drie trompette aangekondig word. Die arend verteenwoordig hier die katastrofale omwentelinge in die natuur (al is dit in God se voorsienigheid beperk) wat die mensdom waarsku oor die verskriklike geestelike gevolge van die sonde.[462]

Die beste voorbeeld in die OT oor hoe God sy vyande verslaan deur die kragte van die natuur, is die gebeure voor die eksodus uit Egipte.[463] Daar is duidelike parallelle tussen die plae wat deur die trompette in Openbaring 8 aangekondig word en die plae wat Egipte getref het, veral die eerste, sewende en negende plae wat met bloed, hael en duisternis gepaard gegaan het.[464] Net soos wat die plae in Egipte Farao tot bekering moes bring, het dit sy hart verhard en uiteindelik na sy finale vernietiging gestuur. Oor die algemeen gaan dit so met God se oordele in die geskiedenis: "nogtans het [...] die mense hul nie bekeer [...] nie" (Op. 9:20).

## Teologiese belang

### God is soewerein oor sy skepping

'n Belangrike teologiese punt is dat God soewerein is oor die skepping en in die geskiedenis, en dat Hy die aanslae van die natuur gebruik om sy vyande te verslaan. Die trompette in Openbaring 8:6–13 dui op natuurlike en politieke *rampe regdeur die geskiedenis* wat aandui dat God soewerein oor sy skepping is, dat Hy gesag het oor die mens se afgode, dat Hy toornig is oor die sonde en dat Hy in lankmoedigheid nog tyd bly gee vir bekering.

460. Ibid., 278.

461. Beale and McDonough, *Revelation*, 1113–1114.

462. Phillips, *Revelation*, 282.

463. Beale and McDonough, *Revelation*, 1112–1113.

464. Phillips, *Revelation*, 277.

## ○ Natuurrampe is onder God se beheer

Die vier trompette "toon dat daar [*streng gesproke*] geen *natuur*rampe is in 'n wêreld wat deur God beheer word nie".[465] Die natuurrampe wat ons sien ontvou, is embleme van die groot verlossing soos wat God die wil van wêreldse magte wat Christus teëstaan, verbreek.[466] *Die doel van natuurrampe is om as waarskuwing te dien, en is 'n blywende oproep tot bekering*. Die natuurkragte wat ontvou deur storms en brande sowel as deur besoedeling, pandemies en klimaatsverandering wat dikwels deur die mens se eie arrogansie en wanbestuur veroorsaak word, dien vir die sondige mensdom as waarskuwing. Groot dele van die mensdom mag swaarkry en sterf as gevolg van sulke tragedies.[467] Die teologiese vrae waarom God sulke dinge toelaat, word in hierdie teks direk in oënskou geneem: Dit is die toorn van God wat oor die sonde van die mensheid losbars,[468] maar selfs in sy toorn bly God lankmoedig. In hierdie wêreld stel God perke aan selfs die ergste oordele.[469] Die hele wêreld word nie vernietig nie totdat Christus terugkeer om die finale, groter oordeel te voltrek waar intense vernietiging, vuur en donkerheid sal wees.[470]

## ○ Ontmaskering van die mens se valse sekuriteite

Openbaring 11:15 gee 'n belangrike insig waarheen die sewe trompette lei, naamlik die vestiging van Christus se koninkryk op aarde. Alle menslike sosiale, politieke en ekonomiese utopias is al klaar tot mislukking gedoem. Alle magte en kragte sal aan Hom onderwerp wees. Veral in Openbaring 8:6–13 sien ons dat die natuurkragte ook ingesluit is – die aarde, bome, gras, berge, see, riviere en fonteine, die son, maan en sterre – alles bly aan Hom onderworpe. Alle fisiese lewe op aarde is van die son se lig en energie afhanklik, maar selfs dít kan in duisternis verval.[471] Ons mag nie op die natuur of op ons eie kragte en insigte vertrou om die natuurkragte te beheer nie. Die outonome mens moet homself aan 'n soewereine God wat alles gemaak het, onderwerp – ook die mens self.

465. Wilson in Phillips, *Revelation*, 282–283.

466. Phillips, *Revelation*, 283.

467. Ibid., 281.

468. Ibid., 282.

469. Matthew Henry and Thomas Scott, *Matthew Henry's Concise Commentary* (Oak Harbor: Logos Research Systems, 1997), Re 8:7.

470. Phillips, *Revelation*, 281.

471. Beeke, *Revelation*, 264.

## ☐ Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Hoe spreek so 'n teks oor die katastrofale oordeel wat die natuur affekteer tot ons rakende skeppingsorg? Die feit dat hier nie van die finale oordeel gepraat word nie en dat God lankmoedig is, maak oorvloedige sorg vir die skepping moontlik. Skeppingsorg is nie 'n teenwerking van God se oordeel nie. Twee kernpunte word hier uitgelig:

Eerstens, terwyl God 'n derde van die natuur aan allerhande plae en rampe onderwerp om die mensdom tot bekering te bly roep, gee Hy in sy groot voorsienigheid aan gelowiges die *voorreg om te bly sorg vir die ander simboliese twee-derdes van Sy skepping*. Daar is geen rede om nie goed te bly doen aan alles wat Hy in sy voorsienigheid aan sy kinders gee nie. Om dankbaar te wees te midde van soveel rampspoed in die natuur kan net gebeur wanneer ons God se Woord vertrou. Hy is besig met die vestiging van die Christuskoninkryk op die aarde. Dankbaar omdat Hy nog steeds twee-derdes aan sy kinders bly toevertrou, moet ons verder sorg vir Sy skepping.

Tweedens, God stel perke aan die impak van rampe op die natuur. God is soewerein oor die skepping en is besig met sy groot verlossingsplan. Ons mag weet dat Hy perke aan alle natuurrampe sal bly stel totdat Christus terugkom om die finale oordeel oor die mensdom te voltrek. In daardie tye wat Christene se sorg vir die skepping ook skade lei deur die rampe wat in die teks genoem word, is hierdie wete vertroostend en gee dit nuwe perspektief.

Hoofstuk 6

# Wysheidsliteratuur

## Inleiding

Die Bybel praat oor wysheid ("*khokma*") as die hoogste doel: "Verwerf wysheid, verwerf insig met alles wat jy besit!" (Spr. 4:7). Hierdie bybelse wysheid is nie intelligensie of die verwerwing van kennis as sodanig nie. Die wysheid wat die Bybel voorhou, is "beginsels vir 'n godvrugtige lewe en die denkraamwerk om dit toe te pas."[472] Die wysheidsliteratuur gee nie 'n stel wette of beloftes wat in elke situasie meganisties toegepas kan word nie. Inteendeel, 'n wyse persoon weet hoe om beginsels in verskillende kontekste toe te pas. Wysheid is nie maar net iets teoreties en kognitiefs nie, maar ontwikkel wanneer 'n persoon dink en optree volgens die waarheid wanneer daar keuses gemaak moet word.[473] Wysheid is 'n vorm van aksie in die wêreld wat gedagtes en woorde insluit. Die doel van bybelse wysheid is meer as net 'n goeie lewe; dit is die idee dat net keuses wat uit die vrees vir die Here spruit, werklik goed is (Ps. 111:10; Spr. 9:10). Die heel eerste stap in bybelse wysheid is om God te ken en die hele lewe aan Hom te wy – 'n totale lewensoriëntering wat dan ook groot praktiese implikasies het.

472. Longman III, *Reading*, 148.

473. Fee and Stuart, *How to Read*, 227.

**How to cite:** De Wit, MP 2024, 'Wysheidsliteratuur', *Skeppingsorg: 'n Aanset tot interpretasie van sekere Bybeltekste oor die mens se verhouding tot die natuurlike omgewing*, ITUTA Books, Cape Town, pp. 113–145. https://doi.org/10.4102/aosis.2024.BK502.06

## Wat is wysheidsliteratuur?

Die wysheidsliteratuur in die OT sluit die boeke van Job, Spreuke, Prediker en in sekere klassifikasies, ook Hooglied in. In die NT kom die brief Jakobus die naaste aan wysheidsliteratuur. Wysheid is 'n belangrike tema in baie Nuwe-Testamentiese boeke, omdat Jesus Christus se lewe op aarde self 'n verpersoonliking van wysheid was.[474] In hierdie afdeling is die fokus op wysheidsliteratuur van die OT.

## Hoe interpreteer ons die wysheidsliteratuur?

Die boek Spreuke word dikwels verkeerdelik gelees as 'n tipe simplistiese wysheid: Goeie gedrag lei tot voorspoed en swak gedrag tot armoede en dood. Die boeke Job en Prediker word dikwels verkeerdelik gelees as 'n "krisis in wysheid" omdat onskuldiges swaarkry en die verloop van die geskiedenis die dogma van Spreuke verkeerd sou bewys.[475] Oor die algemeen word goeie gedrag inderdaad beloon, maar dit is nie 'n vaste reël nie. Daar is uitsonderings en beperkings op die menslike verstand en die lewe wat in die boeke Job en Prediker in radikale vorms ondersoek word.

Bybelse wysheid is nie 'n handleiding vir 'n goeie lewe of morele verbetering nie, maar maak aanspraak op die hele werklikheid. Die klem op die totaliteit van wysheid spruit uit die feit dat *wysheid reeds van die begin van die skepping aanwesig* was (Spr. 8). Dit is God wat die aarde met wysheid gemaak het (Ps. 104:24; Spr. 3:19–20). Die belangrike implikasie is dat *bybelse wysheid nie sonder die skepping verstaan kan word nie*. Menslike optrede is net wys wanneer dit in harmonie met die wysheid is waarmee God die aarde geskape het. Menslike wysheid moet in God se kosmiese wysheid gewortel bly – 'n belangrike riglyn vir die interpretasie van wysheidsliteratuur.

Om die Skepper te ken, beteken om in 'n posisie te wees om mense en die res van die skepping se moontlikhede en beperkings te ken. 'n Teologie van die skepping stel nie die natuur en kultuur teenoor mekaar nie, maar onderwerp beide aan die orde wat God in die skepping geplaas het. Alle skepsels se spesifieke optrede en hulle verhoudings met mekaar in die groter geheel, asook die goddelike wette en norme wat vir hulle geld, is met wysheid geskape tot eer van God. Binne die beperkings van die skepping is daar heelwat vryheid vir spesifieke gemeenskappe en persone om in

474. Longman III, *Reading*, 158.

475. Vanhoozer et al., *Dictionary*, 847.

spesifieke omstandighede op te tree, byvoorbeeld 'n huwelik tussen 'n man en vrou is 'n algemene instelling wat onder 'n wyse norm van die skepping val (Gen. 2:24; Spr. 5:15–19; Matt. 19:3–9), maar die uitwerking daarvan in spesifieke situasies vereis kennis van individue en die omstandighede waarin 'n huwelik goed sal wees of nie. Werk is ook 'n algemene patroon vir die mens, maar elke spesifieke roeping verskil van persoon tot persoon. Net so bied die natuurlike omgewing vir mens en dier 'n woonplek met die algemene norm om dit te bewerk en te bewaar, maar wat in verskillende omstandighede en tye anders waargeneem kan word. Elke plant en dier vorm deel van 'n groter skepping waarvan die strukture, funksies, gedrag, doelstellings en rigtings van verandering logies en wetenskaplik ondersoek sou kon word om moontlik kousale verbande en wetmatighede op te spoor. Sulke insigte oor die moontlikhede in die geskape werklikheid is nodig om verantwoordelik oor die skepping te kan heers (sien Spr. 12:10), maar is onderhewig aan God se vryheid om dinge te laat gebeur wat teen ons eie wetenskaplike insigte of morele sensitiwiteite mag indruis.

'n Problematiese hermeneutiese ontwikkeling onder invloed van die historisisme en bybelse teologie is die tendens om die hele OT net as heilsgeskiedenis te lees, wat tot gevolg het dat die wysheidsliteratuur weinig teologiese aandag kry.[476] Die wysheidsboeke word dan in die praktyk eenkant gelaat, of net as riglyne gebruik vir goeie gedrag en moraal. So 'n tipe gebruik ondergrawe egter die kanonieke eenheid van die Skrif en ontken in wese die sterk verbintenis tussen wysheid en die skepping. Die wysheidsliteratuur *veronderstel* die geskiedenis van Israel en die koms van Christus, en moet komplementêr daartoe geïnterpreteer word.

Die NT staan nie teenoor wysheid nie, maar bly leer wat die bron van ware wysheid is. In Christus is alle skatte van wysheid en kennis verborge (Kol. 2:3; kyk ook Luk. 2:40, 47, 52). Die belangrike implikasie is dat *bybelse wysheid nie sonder Christus verstaan kan word nie*. Die Verlosser is die mensgeworde Woord of wysheid deur wie die Vader alles geskape het.[477] In sy lewe en onderwysing word wysheid beliggaam en bevorder (bv. Matt. 6:25–34). Eties word Christene nie net opgeroep om hulle kruis te dra en heilig te lewe nie, maar ook tot wysheid.[478]

Om die wysheidsliteratuur uitsluitlik vir geestelike groei en die ontwikkeling van Christelike deugde te lees, doen nie reg aan Christus se wyse teenwoordigheid by die skepping nie, en is op die minste, 'n tragiese verarming van die evangelie. Ware wysheid vloei uit die boodskap van die

476. Ibid.

477. Joh. 1:1–18; Kol. 1:15–20; Heb. 1:1–14; 1 Kor. 1: 24, 30.

478. Hand. 6:3, 10; 1 Kor. 2:6; Ef. 1: 8–9, 17; Kol. 3:16.

kruis (1 Kor. 1:18–2:16), en Christene se epistemiese fondasie[479] berus op bewyse van die Gees en die krag van God (1 Kor. 2:4–5). So 'n "denkwyse van Christus" staan egter nie teen nie, maar vir die uitbreiding van wysheid oor die skepping, en dit staan saam teen die wysheid van 'n wêreld sonder God.

## Wat leer ons uit die wysheidsliteratuur vir ons tyd?

Die wysheidsliteratuur maak aanspraak op ons hele menswees en gee algemene beginsels waarop wyse besluite in hierdie wêreld geneem kan word. In die uitvoer van daardie beginsels is daar vryheid vir interpretasie vir spesifieke persone, tye en plekke. Daardie beginsels ontstaan uit God se goeie skepping waar wysheid, as eienskap van Jesus Christus, teenwoordig was, en ook verder geleer en beliggaam is deur die mensgeworde Christus. Verskeie vrae kan help met die toepassing van wysheidsliteratuur in ons eie tyd: Is ons bereid om ons eie menslike geluk ("*eudaimonia*") wat so dikwels met selfgerigtheid en selfverlossing gepaard gaan, vir die liefde vir God en ons naaste op te gee? Is ons verder daartoe bereid om ons eie idees van menslike geluk ondergeskik te stel aan God se wyse norme en ordes in die skepping (wat ook niks minder God se liefde weerspieël nie)? Ontneem gedragsvoorskrifte en menslike tradisies die vryheid van die norme en ordes in die skepping, wat in God se wysheid lewe vir mense en ander lewende wesens bring? (sien bv. Kol. 2:16–18). Begin ons interpretasie van die werklikheid werklik by Christus in wie alles stand hou, en nie dalk by onsself nie? Beperk ons die navolging van Christus tot die groei van geestelike deugde, of sluit dit ook pertinent 'n groei in wysheid in die moontlikhede en beperkings van alle skepsels waarmee die mens in verhouding staan, in? Wat beteken dit om as nuwe mens "in Christus" te wees, vir die wyse omgang met die skepping? Watter implikasie het 'n bevestiging van die belang van bybelse wysheid op Christene se visie op die bestudering, bewerking, bewaring en bestuur van die skepping? Drie tekse uit die wysheidsliteratuur (Pred. 1:2–7; Spr. 8:22–31; Job 40:20–41:25) word hier verder geïnterpreteer, om 'n beter insig op die verhouding tussen bybelse wysheid en skeppingsorg te kry.

479. Dit is 'n antwoord op die vraag: "Hoe weet ek?"

# Prediker 1:2–7: ’n Sinlose natuur?

## Opsomming

Die Prediker verkondig wysheid aan die volk van God. Die woord “sinloos” of “tevergeefs” dui nie op die betekenisloosheid of nutteloosheid van alle dinge nie, maar op die kortstondige en vlugtige aard daarvan waaraan geen ontkoming in hierdie lewe op aarde moontlik is nie. ’n Lewe “onder die son” beteken nie om die aardse te probeer vermy nie. Die frustrerende effek van die sondeval op ons kortstondige lewens “onder die son”, kan ’n mens oral sien en ervaar, maar ten spyte daarvan is daar nog soveel goeie en mooi aardse dinge wat ons mag geniet en wat ons vrolik maak. Prediker bevestig ook dat om in wysheid te bly is om goed te doen, te werk en te investeer en om risiko’s goed te bestuur. Al hierdie alledaagse dinge gaan gou verby, maar dit beteken nog nie dat *alles* daarom sinloos is nie. Die boek se bevestiging van die genietings van die skepping en ’n lewe met God is ’n belangrike teenwig teen ’n misplaaste teologie wat sou aanvoer dat die sondevloek fundamenteel en onvermydelik is. Ware wysheid is om met blydskap die skepping en die lewe te kan geniet in die regte verhouding met God, in gehoorsaamheid aan sy gebooie, en met ’n goeie verstaan van die komende oordeel. Daar is ruimte vir dankbare skeppingsorg wat selfs baie inspanning mag verg in ’n wêreld wat in sonde geval het. Die vraag hoe ’n kortstondige lewe in wysheid lyk, word nog nie finaal in Prediker beantwoord nie, maar wys heen na God se finale verlossing in Jesus Christus. In Christus is ook die arbeid van skeppingsorg nie tevergeefs nie, ongeag die aardse resultate.

## Inleiding

Die son gaan op en die son gaan onder. Die wind waai en draai maar gaan eintlik nêrens heen nie. Water bly in die see invloei, maar die see word nie vol nie. Hierdie geworstel in die natuur is vir die Prediker ’n beeld van die sinlose bestaan van die mens self. Die mens swoeg, maar hoekom eintlik? Daar is niks nuuts nie en wat daar is, word net so weer vergeet. Die vraag of die natuur eintlik wel so waardevol is en wat ons nog op hierdie aarde soek, kan opduik. So ’n ontnugtering met die wêreld mag by die moderne skeptiese leser in ons hedendaagse kultuur dalk goeie aanklank vind. Alles lyk dan so sinneloos. Ook Christene kan maklik verwar word deur die boek. Hoe versoen ’n mens die idee van sinloosheid in die natuur met die res van die bybelse kanon wat spreek van ’n goeie God wat nie net die skepping goed geskape het nie, maar ook daarvoor bly sorg? Weerspreek die Prediker homself dan wanneer hy praat oor vreugde in werk (Pred. 3:22), die vreugde en genietings van die lewe (Pred. 5:17–19), en wysheid wat

die mens se gesig laat straal (Pred. 8:1)? ’n Beter strategie sou wees om te begin by die vraag of ons die teks wel reg verstaan. Is ons dalk so verblind deur ’n siniese kultuur dat moderne sienings in die teks ingelees word? ’n Nougesette eksegese van wie Prediker is en wat die konsepte “sinloosheid” en “onder die son” beteken, wys op ’n meer positiewe lees van die teks wat die oënskynlike spanning met die res van die boek Prediker en die bybelse kanon wegneem. Die belang vir skeppingsorg word vervolgens uit die resultate van die eksegese bevestig.

# Eksegese

## Wat sê die teks?

Daar is variasies in die verskillende vertalings, maar nie beduidende teksvariante wat aandag benodig nie. Die woord “sinloos” (AFR20) is ook met “tevergeefs” (AFR33/53), of “kom tot niks” (AFR83), of “niks is soos dit moet wees” (ABD07) vertaal. In Engels word die woord met “*meaningless*” (NIV, NLT) of “*vanity*” (ESV, KJV1900, NRSV, NKJV) vertaal. Die woorde “onder die son” word algemeen in Engelse vertalings (as “*under the sun*”) en in sekere Afrikaanse vertalings (AFR20; AFR33/53) gevind, maar is nie so in die AFR83- en ABD07-vertalings opgeneem nie. Alhoewel die benoeming “Prediker” algemeen in Afrikaanse en ook in verskeie Engelse vertalings (ESV, KJV1900, NKJV) as “Preacher” voorkom, is daar ook ’n alternatiewe benoeming as “*Teacher*” in sekere Engelse vertalings (NIV, NLT, NRSV). Hierdie woorde en konsepte vra dus ’n deegliker bestudering.

## Wat beteken die teks?

### Woord en konsepstudie

Die Hebreeuse woord “*qō·hĕ·lĕṯ*” (Heb: קֹהֶלֶת), oftewel *Qoheleth*, word dikwels as titel vir die boek gebruik en met Prediker (“*Preacher*”), Onderwyser (“*Teacher*”), of Spreker (“*Speaker*”) vertaal.[480] Die Hebreeuse stamwoord “*qâhal*” (Heb: קָהַל) beteken om “byeen te roep, saam te stel of te versamel”.[481] ’n Standaard leksikon verwys hier na ’n betekenis as ’n “versamelaar van sinne, of ’n prediker”.[482] In die meeste gevalle word

480. Swanson, *Dictionary*.

481. James Strong, *A Concise Dictionary of the Words in the Greek Testament and the Hebrew Bible* (Bellingham: Logos Bible Software, 2009), 102.

482. Francis Brown, Samuel Rolles Driver, and Charles Augustus Briggs, *Enhanced Brown-Driver-Briggs Hebrew and English Lexicon* (Oxford: Clarendon Press, 1977), 875.

na die betekenis verwys as ’n kommunikeerder van een of ander aard.[483] Die tradisie om *Qoholeth* as “Prediker” te vertaal, dateer terug na Martin Luther, terwyl die Engelse benaming “*Ecclesiastes*”, wat op die Latynse Vulgaat en die Griekse LXX gebaseer is, letterlik “’n lid van die vergadering” beteken.[484] Met hierdie agtergrond in gedagte “kry ons die idee dat die prediker of leraar die een is wat homself uitspreek voor die vergaderde volk van God”.[485] Die beeld wat hier van die Prediker geskep word, is nie soseer ’n onderwyser in ’n klaskamer nie, maar ’n prediker wat wysheid verkondig aan die volk van God.[486]

Die Hebreeuse woord “*hĕ·ḇĕl*” (Heb: הֶבֶל) wat met “sinloos” of “tevergeefs” vertaal is, beteken letterlik “damp, asem of sweempie van lug” (vgl. Ps. 39:5; Spr. 31:30; Jes. 57:13) en figuurlik dui dit op “iets wat vlugtig, sonder substansie, waardeloos of ydel is, soos by afgode” (vgl. Jer. 10:15, 16:19, 51:18).[487,488] ’n Interressante observasie is dat “*Hebel*” (ook Abel) verwys na die tweede seun van Adam en Eva.[489] Die konsep van “ydelheid” (“*vanity*”) soos in verskeie Engelse vertalings opgeneem is, kan baie verskillende dinge beteken, maar verwys deurgaans na die spanning wat met die sondeval gekom het tussen “die opsetlike begeertes van menslike dwaasheid en die welwillende oogmerke van ‘’n liefdevolle God’”.[490] Die spesifieke semantiese betekenis in Prediker 1:2 word geag om te verwys na iets “wat van geen nut is op grond van futiliteit en gebrekkigheid in inhoud”.[491] Woorde soos “alles is sinloos” word hiperbolies gebruik.[492] Dit is belangrik om daarop te let dat met *die woord “sinloos” of “tevergeefs” dus nie op die betekenisloosheid of nutteloosheid van alle dinge gewys word nie, maar veel eerder op die kortstondige en vlugtige aard daarvan*.

483. Swanson, *Dictionary of Biblical Languages with Semantic Domains: Hebrew (Old Testament)* (Oak Harbor: Logos Research Systems, Inc., 1997).

484. Sproul, *Study Bible*, 1073.

485. Walter C. Kaiser Jr, *Recovering the Unity of the Bible* (Grand Rapids: Zondervan, 2009), 213.

486. Douglas Sean O’Donnell, “Ecclesiastes”, in *Reformed Expository Commentary*, eds. Richard D. Phillips, Philip Graham Ryken and Iain M. Duguid (Phillipsburg: P&R Publishing, 2014), 6.

487. Richard Whitaker et al., *The Abridged Brown-Driver-Briggs Hebrew-English Lexicon of the Old Testament: From A Hebrew and English Lexicon of the Old Testament by Francis Brown, S.R. Driver and Charles Briggs, Based on the Lexicon of Wilhelm Gesenius* (Boston and New York: Houghton, Mifflin and Company, 1906).

488. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 210–211.

489. Strong, *Dictionary Hebrew*, 32.

490. Thomas D. Gledhill, “Vanity”, in *New Dictionary of Biblical Theology*, eds. T. Desmond Alexander and Brian S. Rosner, electronic ed. (Downers Grove: InterVarsity Press, 2000), 829.

491. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

492. Sproul, *Study Bible*, 1078.

Die frase "onder die son" kom 29 keer in 27 verse in die boek Prediker voor. Opvallend is dat daar geen vermeldings daarna in die laaste twee hoofstukke is nie.[493] Die frase "onder die son", verwys na die lewe in hierdie wêreld terwyl 'n mens leef (Pred. 6:12) en voordat 'n mens sterf (Pred. 9:3–16).[494] Dit is hierdie lewe wat nadelig beïnvloed word deur die sondeval, maar *beteken nie 'n sekulêre lewe sonder God* nie.[495] Alle gelowiges en ongelowiges is saam "onder die son", maar God is bo dit.[496] Wanneer alle teksverwysings na die frase "onder die son" in die boek nagegaan word, kom 'n mens gou agter dat dit nie net met die negatiewe geassosieer word nie, maar ook met dit "wat goed en mooi is" (Pred. 5:17), byvoorbeeld om te eet en te drink, om te geniet en vrolik te wees (Pred. 5:18, 8:15) asook om die lewe te geniet met die vrou wat jy liefhet (Pred. 9:9). 'n Lewe "onder die son" beteken nie om die aardse te probeer vermy nie. *Die frustrerende effek van die sondeval op ons kortstondige lewens "onder die son" kan 'n mens orals sien en ervaar, maar ten spyte daarvan is daar nog soveel goeie en mooi aardse dinge wat 'n mens mag geniet en vrolik maak.*

## Grammatika

In tale word dikwels gebruik gemaak van vergelykende grade om die semantiese effek aan te dui.[497] In Prediker 1:2 word 'n grammatikale konstruksie (wat as 'n "absolute superlatiewe (oortreffende) graad" bekend staan) gebruik om daarmee volslae sinloosheid aan te dui.[498] *Die taalgebruik hier bevestig ook dat daar geen ontkoming is aan die kortstondigheid en vlugtigheid van die lewe nie.*

## Genre

Wat die genre betref, is daar geen eksakte parallelle in die res van die Bybel of in die literatuur van die Antieke Nabye Ooste (ANO) nie.[499] Sekere kommentators wys na ooreenkomste met die "wysheids-outobiografieë"

493. Morphology as exported from Logos Bible Software, 10:38 AM 21 July 2022.

494. Sproul, *Study Bible*, 1074–1075.

495. Sproul, *Study Bible*, 1078.

496. O'Donnell, "Ecclesiastes", 17–18.

497. Christo Van Der Merwe et al., *A Biblical Hebrew Reference Grammar*, electronic ed. (Sheffield: Sheffield Academic Press, 1999), 235.

498. Bruce K. Waltke and Michael Patrick O'Connor, *An Introduction to Biblical Hebrew Syntax* (Winona Lake: Eisenbrauns, 1990), 267.

499. Tremper Longman III and Raymond B. Dillard, *An Introduction to the Old Testament*, 2nd Ed. (Grand Rapids: Zondervan, 2006), 283.

van Mesopotamië.[500] Ander kommentators verwys na die genre as ’n “vertelde outobiografie”[501] en ander weer as ’n “geraamde outobiografie” (ingeraam tussen die proloog en die epiloog).[502]

## Struktuur en vorm

Literêre analise beklemtoon in die proloog sowel as die epiloog (Pred. 12:8–14) die Prediker in die derde persoon (kyk Pred. 1:1, 2; 12:8), terwyl dit in ’n eerstepersoonsmonoloog in die res van die boek opgeteken is (Pred. 1:12–12:7). Prediker 1:2–7 vorm deel van ’n proloog tot die boek wat sekere temas oor die Prediker se denke inlei.[503] Die algemene struktuur van die boek is duidelik in ’n proloog, ’n lang monoloog en ’n epiloog opgedeel.

Die vorm waarin die proloog opgeteken is, is poëties van aard, wat beteken dat daar ruim gebruik gemaak word van figuurlike taalgebruik soos hiperbool, woordspeling en ander vorms wat “kunstig opgeteken is om ’n emosionele reaksie by die lesers op te roep”.[504] Verskillende wysheidstemas word ook aangeroer. Die res van die boek is ’n mengsel van poësie en prosa, en dit is nie altyd maklik om aan te dui waar die een eindig en die ander begin nie.[505]

## Literêre konteks

Die verhouding tussen die proloog en epiloog met die res van die boek, het die skarnier geword waarop die interpretasie van die boek begin draai het. Een siening is dat ’n tweede naamlose wyse man wat sonder naam is, Qoholeth se woorde in die epiloog evalueer vir sy seun. Sy ortodokse korreksie is in kontras met Qoholeth se lang monoloog van skeptiese vertwyfeling.[506] ’n Vroeëre tradisie is dat die monoloog van Qoholeth as siniese wysheid gelees moet word, wat met Salomo se ontrou saamgegaan het (vgl. 1 Kon. 11:1–13). In hierdie tradisie sou Prediker dan in sy geheel geskryf wees deur ’n ou en berouvolle Salomo wat die aandag op die boosheid van

500. Longman III and Dillard, *Introduction*, 283.

501. Sproul, *Study Bible*, 1074.

502. Longman III and Dillard, *Introduction*, 284.

503. Longman III and Dillard, *Introduction*, 282.

504. Douglas Mangum, *The Lexham Glossary of Literary Types* (Bellingham: Lexham Press, 2014).

505. Sproul, *Study Bible*, 1074.

506. Longman III and Dillard, *Introduction*, 282.

sy eie wêreldse wysheid sou vestig.[507,508] 'n Alternatiewe siening vind so 'n interpretasie ongemaklik en sonder presedent, en is bereid om Qoholeth as iemand anders as Salomo te verdedig.[509] Beide hierdie sienings behandel die hoofgedeelte van die boek as siniese wysheid, wat óf deur 'n berouvolle Salomo, óf deur 'n tweede wyse man gekorrigeer word.

## Histories-kulturele konteks

Daar is egter 'n meer positiewe uitleg moontlik wat deur die historiese konteks en interne data van die boek ondersteun word. In moderne gedrukte uitgawes van die Hebreeuse Bybel vorm die boek Prediker deel van wat as die *Meggiloth* bekend staan – dit is 'n versameling van vyf boeke (Hooglied, Rut, Klaagliedere, Prediker en Ester) binne die Geskrifte ("*kětûbîm*"). Die volgorde in die Hebreeuse Geskrifte reflekteer die tye waarop die Joodse feeste mekaar opgevolg het, met Prediker wat op die Loofhuttefees ("*sukkôt*") gelees is.[510]

Die Loofhuttefees gee 'n spesiale blik op hoe Prediker aanvanklik verstaan is, asook belangrike insigte oor hoe om die boek beter te kan verstaan. Dit is "gevier ten tye van die landbou-oes, in dankbaarheid vir Yahweh se huidige en historiese voorsiening".[511] Die Loofhuttefees is die laaste van sewe feeste wat vier dae na die Versoendag begin het. Die graan is gedors, die druiwe is gepars, en die volk is weer met God versoen. Die hutte word gebou om die volk "te herinner aan die tyd wat hulle in die woestyn deurgebring het".[512] Ten tyde van hierdie euforiese stemming, word die boek Prediker gelees. *'n Rondswerwery onder die woestynson sonder God was werklik sinloos, maar in die beloofde land kan die skepping en die lewe in dankbaarheid geniet word onder God se voorsienigheid*.

Interne data in die boek Prediker ondersteun ook so 'n positiewe uitleg omdat die boek baie te sê het oor blydskap: "die dwaasheid om bly te wees in dinge wat nie inhoud het nie (Pred. 2:1–2) en die wysheid om 'n gekwalifiseerde vreugde te vind in die goeie dinge wat God gee

507. Kyk Longman III and Dillard, *Introduction*, 280.

508. Matthew Henry and Thomas Scott, *Matthew Henry's Concise Commentary* (Oak Harbor: Logos Research Systems, 1997), Ec 1:1.

509. Vir 'n bespreking kyk Longman III and Dillard, *Introduction*, 281–282.

510. H. Eldon Clem, "Megilloth", in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman (New York: Doubleday, 1992), 680.

511. Benjamin M. Austin, "Booths, Feast of", in *The Lexham Bible Dictionary*, eds. John D. Barry et al. (Bellingham: Lexham Press, 2016).

512. Ibid.

(Pred. 2:25–26, 3:22, 5:18–20, 11:7–8)."[513] Hierdie vreugde en blydskap kan met groter vrug begryp word in die konteks van die kortstondigheid van 'n wêreld wat in sonde geval het.

## Verhouding met die res van die Bybel

Die boek Prediker bevraagteken die waarde van wysheid in 'n wêreld waar alles kortstondig en gou vergete is (Pred. 2:15–16). Waarom nog wys wil wees as daar geen blywende herinnering aan die wyse is nie? So 'n vraag kan ooglopende spanning veroorsaak met sekere tekste in die boek Spreuke met sy hoë agting vir wysheid (Spr. 3:13–18). Die gelukkige mens vind wysheid wat kosbaarder is as silwer, goud of koraal. Daarom is Prediker vir sommige verklaarders dan ook 'n "skokkende boek" wat vrae oproep oor die boodskap van die boek in verhouding tot die res van die kanon.[514]

Om die hoofdeel van Prediker te lees as sekulêre, siniese wysheid, laat egter nie reg geskied aan die Prediker se geloof in God wat uiteindelik die reg sal handhaaf nie (Pred. 3:16–17). Net soos Job te midde van lyding, bly Prediker glo in God te midde van "diepgaande bevraagtekening".[515] Die Prediker bevraagteken nie die bestaan van God of die pligte wat die mens aan Hom verskuldig is nie, maar stel bloot vrae oor die mate waarin die mens God se weë kan verstaan.[516] Net soos wat Job moes leer, is daar geen beslissende rasionele verklaring vir wie God is en wat Hy doen nie. Sulke ware woorde van wysheid is inderdaad positief, "deur een Herder ingegee" (Pred. 12:11), en hou 'n mens gebonde aan die vrees vir God en sy gebooie (Pred. 12:13). Sulke ware woorde van wysheid kan soos skerp stokke voel wat 'n mens as pynvol ervaar (Pred. 12:11). Menslike (eie)wysheid wat daarop uit is om beheer uit te oefen, is tot mislukking gedoem. *Ware wysheid is om met blydskap die skepping en die lewe te kan geniet in die regte verhouding met God in gehoorsaamheid aan sy gebooie, en in 'n goeie verstaan van die komende oordeel* (Pred. 12:13–14).[517]

Die verwysing na die skepping wat aan die verganklikheid onderworpe is in Romeine 8:20, sinspeel op Prediker 1:2 en op Genesis 3:17–19.[518] Die boek Prediker is aan gelowiges gerig wat God se weë ken, maar dit soms

513. John Goldingay, "Megilloth", in *The Lexham Bible Dictionary*, eds. John D. Barry et al. (Bellingham: Lexham Press, 2016).

514. Longman III and Dillard, *Introduction*, 284–285.

515. Iain Provan, *BIBL 501: Old Testament Foundations* (Regent College: Unpublished Notes, 2014).

516. Ibid.

517. Kyk ook Longman III and Dillard, *Introduction*, 287.

518. David A. Jones, *Old Testament Quotations and Allusions in the New Testament* (Bellingham: Logos Bible Software, 2009), Lk 12:35–Ro 8:20.

as frustrerend en verwarrend ervaar.[519] Dit geld ook vir die mens se werk wat oënskynlik niks nuuts voortbring nie en vergeet word (Pred. 1:3, 9, 11).[520] Prediker leer ons om die lewe ná die sondeval met al sy frustrasies in die oë te kyk, om vreugde en dankbaarheid te vind, en om God te vrees. Die vraag hoe dit gedoen word, word nog nie finaal in Prediker beantwoord nie, maar wys heen na God se finale verlossing in Jesus Christus.[521]

Prediker is nog nie duidelik oor wat na die dood gebeur nie (Pred. 2:12–16; 3:18–22; 12:1–7). Sy eie standpunt blyk te wees dat selfs indien die dood onafwendbaar is, ’n mens nog steeds die lewe ontvang as ’n geskenk van God (Pred. 3:12–14).[522] Alhoewel Prediker in volle vertroue na God wys, is dit eers Christus se opstanding uit die dood wat ons eie opstanding uit die dood waarborg, en waar God volledig openbaar dat ons arbeid in die Here nie tevergeefs is nie (1 Kor. 15:58).[523]

## Teologiese belang

### Teologie van ’n soewereine God en ’n teologie van menslike verantwoordelikheid

Die afstand tussen ’n soewereine God en die mens kan deur ’n bepaalde fatalistiese lees van die proloog en epiloog versterk word. Prediker raak egter ’n “diepgaande teologie [*aan*] wat die sleutel is om die lewe en ons verhouding met God te verstaan [...] *God is absoluut soewerein en die mens is absoluut verantwoordelik*” [*skuinsdruk toegevoeg*].[524] Prediker is nie ’n fatalis nie. God gee wysheid, kennis en vreugde aan “die mens wat Hy aanvaarbaar vind”, maar aan die een “wat verkeerd optree” word opdrag gegee om dit wat hulle het aan diegene wat wel vir God aanneemlik is, te oorhandig (Pred. 2:26). Wat vir ons dalk na ’n geheimenis lyk, is ’n vrye geskenk (nie ’n vasgestelde reël nie) van ’n soewereine God aan hulle wat na hulle menslike verantwoordelikhede omsien.[525]

519. Sproul, *Study Bible*, 1073–1074.

520. O’Donnell, “Ecclesiastes”, 21.

521. Sproul, *Study Bible*, 1076.

522. Fee and Stuart, *How to Read*, 244.

523. Sproul, *Study Bible*, 1076.

524. Ibid., 1075.

525. Ibid., 1075–1076.

### Teologie van die alledaagse lewe

Ten spyte van diepgaande bevraagtekening oor die kortstondigheid van die lewe, bevestig Prediker alledaagse dinge soos werk, eet, drink en die liefde tussen man en vrou. Prediker vestig pertinent ons aandag daarop om nie die realiteit van die kortstondige lewe wat in die dood eindig, te ignoreer nie. *Alledaagse dinge gaan gou verby, maar dit beteken nie dat alles daarom sinloos is nie.*

### Teologie van vreugde en dankbaarheid

Die sondeval het nie die moontlikheid tot vreugdevolle feesviering in dankbaarheid weggeneem nie. Dit is heeltemal van pas om die rykdom en besittings wat God gee, te geniet (Pred. 5:18). Die boek se assosiasie met die genietings van die skepping en lewe onder God is ’n belangrike teenwig teen ’n misplaaste teologie wat aanvoer dat die sondevloek fundamenteel en onvermydelik is. ’n Wêreld wat in sonde geval het, beteken nie dat alles sonder enige sin of betekenis is nie. Daar is nog steeds baie plek vir vreugde en dankbaarheid vir die goeie en mooie in die skepping.

### Teologie van werk

Ten spyte daarvan dat inspanning en die tydelikheid van werk diep bevraagteken word in die boek, bevestig Prediker die noodsaak van werk wat met oorgawe (Pred. 9:10) en met vlyt (11:6) gedoen word. Luiheid, daarenteen, lei tot ’n huis wat verwaarloos is (Pred. 10:18). Alhoewel ons nie die werke kan peil wat God alles doen nie (Pred. 3:11), roep Prediker ons wel op om in wysheid te bly goed doen, te investeer en om risiko’s goed te bestuur (Pred. 11:1–6). Wysheid, ook in werk, begin by ’n regte verhouding met God in gehoorsaamheid aan sy gebooie. In Christus neem ons werk nuwe betekenis aan.

## Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Hoe spreek die teks tot ons oor skeppingsorg? Indien die natuur sinneloos is, hoekom moet ons onsself nog daarvoor inspan? ’n Noukeurige eksegese van die woorde “sinneloos” en “onder die son” dui aan dat dit *nie beteken dat alles sonder betekenis i*s nie. Daar is ruimte vir dankbare skeppingsorg selfs in ’n wêreld wat in sonde geval het, al mag dit baie inspanning verg. Vier kernpunte word benadruk:

Eerstens, is dit duidelik dat die frustrerende effek van die sondeval vir alle mense ook deurwerk in skeppingsorg “onder die son”. Behalwe dat ons wysheid en inspanning as mense beperk en kortstondig is, gaan dit meer kere lyk of die skepping nie wil saamwerk nie (of dikwels anders gestel: buig

na ons wil nie). Die natuur bly aan die worstel; 'n mens kan dit eenvoudig soms nie in woorde omsit nie (Pred. 1:8).

Tweedens, al weet ons dat alles kortstondig is en al weet ons dat die dood vir ons wag, is die alledaagse lewe in hierdie skepping nog steeds 'n geskenk van God (Pred. 3:12–14). Hy gee wysheid, kennis en vreugde aan diegene wat Hy aanneemlik vind (Pred. 2:26). God besluit vir wie hy die geleentheid gee om te geniet (Pred. 5:18, 6:2). Ook in skeppingsorg mag die mens, by al ons inspanning, die goeie geniet as geskenk van God. *Die vloek oor die skepping mag nooit as so fundamenteel en onvermydelik gesien word dat die mooie en goeie daardeur uitgesluit word nie.*

Derdens, wysheid is nodig en waardevol in verantwoordelike skeppingsorg, maar terselfdertyd moet ons weet dat die mens nie God se weë kan verstaan nie. Daar is beperkings aan ons logika en rasionaliteit asook aan hoe ver ons self geregtigheid op aarde kan bring. In geloof mag ons weet dat God die reg sal handhaaf (Pred. 3:17). 'n Gelowige ontsag en vertroue in God, gehoorsaamheid aan sy gebooie en 'n gesonde visie op die oordeel, kenmerk die lewe van die gelowige (Pred. 12:13–14).

Vierdens, die mens se inspanning in die versorging van die skepping is nie verniet nie. In Christus is ook daardie arbeid nie tevergeefs nie ongeag die aardse resultate.

## Spreuke 8:22–31: Wat is wysheid?

### Opsomming

Wysheid is geen losstaande entiteit nie, maar is voortgebring uit 'n ewige verhouding tussen God en wysheid. In die NT word dit duideliker dat wysheid nie maar net 'n goddelike verpersoonliking is nie, maar een van al die goddelike eienskappe van die Persoon, Jesus Christus, self. In die gedig van Spreuke 8 word verskeie verwysings na die skepping gebruik. Toe God die aarde geskep het, het hy dit stewig gegrondves met wysheid wat getrou teenwoordig was. Wysheid is nie die kosmiese orde self nie, maar 'n aspek van die Skepper, en is soos 'n "lieflingskind", altyd getrou in sy skeppingswerk teenwoordig. Wysheid is iets bonatuurliks wat al van voor die skepping af voortgebring is. Deur die Persoon Christus, die Woord wat vlees geword het, is alles met wysheid geskape. Dat wysheid so sentraal is in die sukses van die lewe, word beklemtoon deur te verwys na wysheid se rol in die skepping self. Die belangrike punt is dat wysheid al daar was tydens die magsvertoon van God in die skepping, wat die besluit om nie te gehoorsaam nie, des te meer dwaas maak. Hierdie lewegewende wysheid is sentraal in die sukses van die lewe juis omdat dit as eienskap van Jesus Christus in die skepping self getrou teenwoordig was. Skeppingsorg moet

primêr in die lig van die wysheid van Jesus Christus gesien word, en nie in die lig van menslike wysheid nie. Die wetenskappe oor al die verskillende velde kan met vrug ingespan word in die soeke na wysheid as 'n eienskap van 'n persoonlike Jesus Christus, maar mag en kan nie van Hom geskei word in die drang na eie outonomiteit nie.

## Inleiding

Bybelse wysheid maak 'n totalitêre aanspraak, deur daarop te wys dat *wysheid alreeds van die begin van die skepping af teenwoordig* was. In Spreuke 8:22–31 word wysheid voorgestel as iets wat al van oudsher daar was, met verwysing na kragtige beelde uit die skepping. Deur bybelse wysheid op 'n heel ander grondslag as menslike wysheid te plaas, ontstaan belangrike vrae vir die praktiese sorg vir die skepping: Waar kom wysheid vandaan? Wat kan ons leer oor wysheid in bybelse konteks en hoe staan dit in verhouding met die skepping? Wat is die verhouding tussen wysheid, soos in die skepping teenwoordig, en die wysheid wat in Christus is? Hoe word die mens se wysheid in oënskou geneem en wat beteken dit vir skeppingsorg? Hierdie eksegese gee 'n verdere vertrekpunt in hierdie voortdurende debat.

## Eksegese

### Wat sê die teks?

'n Opvallende verskil in Afrikaanse vertalings kan gevind word in Spreuke 8:22 en 23. Die AFR33/53-vertaling lees dat wysheid "berei" is, terwyl die AFR20- en AFR83-vertalings lees dat dit "geskep" is. Die ABD07-vertaling lees "gemaak". Wysheid in Spreuke 8:23 word in die AFR33/53-vertaling beskryf dat dit "van ewigheid af ... geformeer" is, terwyl die AFR20-vertaling na "verre verlede" verwys en die AFR83- en ABD07-vertalings na "lankal daar". Veral omdat na wysheid as 'n persoon verwys word en tradisioneel as Christus verklaar is, is dit eksegeties belangrik om te verstaan wat hier bedoel word. Hierdie vers is byvoorbeeld al in die verlede deur die Ariërs gebruik in hulle argument dat Christus maar net 'n skepsel moet wees.

'n Ander opvallende verskil is hoe wysheid in Spreuke 8:30 beskryf word, naamlik as "lieflingskind" (AFR20), as "kunstenaar" (AFR33/53), of as iemand wat "my kennis by Hom gekry" [*het*] (AFR83) en dat "alles by Hom geleer" (ABD07) is.

Beide hierdie verskille is egter geen teksvariante nie, maar eerder die resultaat van verskillende betekenisse vir die Hebreeuse en Griekse woorde wat in die grondtekse gebruik word en dus goeie kandidate is vir verdere woordstudie.

# Wat beteken die teks?

## Woordstudie

Die Hebreeuse woord "*qānâ*" (Heb: קָנָה) wat in Spreuke 8:22 gebruik word, het 'n wye reeks betekenisse. Die algemene woord beteken om besittings te bekom, of om 'n soortgelyke objek voort te bring – om geboorte te gee is 'n figuurlike uitbreiding daarvan. Alhoewel hierdie werkwoord in die meeste gevalle gebruik word om aan te dui dat iets bekom word, is daar egter wel sekere gevalle waar dit beteken om te skep.[526] In verhouding tot die Een wat voortbring, word die Skepper ook as 'n titel van God gebruik (Gen. 14:19, 22; Deut. 32:6; Ps. 139:13), maar in hierdie kontekste is "die skepping van voorwerpe van 'n ander klas of soort".[527] nie. Dit is egter nie altyd duidelik in watter sin die woord gebruik word nie.[528] In die geval van Spreuke 8:22 sou 'n vertaling van "geskep" egter net aanvaarbaar kon wees as daarby verstaan word dat dít wat geskep is, geen losstaande entiteit is nie, maar iets soortgelyks is as wat voortgebring word, soos by 'n geboorte. Dit is 'n moeilike gedagtesprong vir die leser om te maak en kan maklik tot verwarring lei deur wysheid as 'n onafhanklike, geskape wese of entiteit met goddelike eienskappe voor te stel. Wysheid verklaar hier eenvoudig dat "daar 'n ewige verhouding tussen Hom en God was".[529] Voorkeur word hier gegee aan die Engelse vertalings "*brought me forth*" (NIV) of "posesses me" (ESV). Die AFR33/53-vertaling kom dalk die naaste met "berei". Die woord "voortgebring" (AFR20) of "gebore" (AFR33/53) soos wat in Spreuke 8:24 en 25 gebruik is, gee verdere konteks aan so 'n voorkeurvertaling.

Die gedig gebruik verskeie verwysings na die skepping. Die lemma vir "oerwaters" waarvan in Spreuke 8:22, 27 en 28 melding gemaak word, is *tehôm* (Heb: תְּהוֹם) wat na "die dieptes" verwys, dit wil sê 'n gebied onder die oppervlak van waterliggame – 'n donker, ontoeganklike, onuitputlike en geheimsinnige plek wat slegs beheer word deur voorwerpe met groot kragte".[530] Die lemma is nie onbekend in die OT nie: dit kom 36 keer voor waarvan 20 keer in die wysheidsliteratuur alleen.

Die semantiek (verhouding tussen inhoud en betekenis) word in hierdie teks sterk beïnvloed deur poëtiese kenmerke, naamlik deur woordspeling ("*paronomasia*"). Die woorde dat Hy die "horison afgemerk" het, is 'n

526. Michael E. Peach, "Creation", in *Lexham Theological Wordbook*, Lexham Bible Reference Series, eds. Douglas Mangum et al. (Bellingham: Lexham Press, 2014).

527. Swanson, *Dictionary Hebrew.*

528. Peach, "Creation".

529. Michael P.V. Barrett, *Beginning at Moses: A Guide to Finding Christ in the Old Testament* (Grand Rapids: Reformation Heritage Books, 2018), 170–171.

530. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

woordspel tussen die Hebreeuse woorde "*békhuqo*" (Heb: בְּחוּקוֹ), oftewel om af te merk, en *"khug"* (Heb: חוּג), oftewel horison of sirkel.[531]

Die "fondamente van die aarde" (Spr. 8:29) is figuurlike woordgebruik. Die lemma "*mosad*" (Heb: מוֹסָד) kom agt keer in die Hebreeuse Bybel voor,[532] en word telkens gebruik in die sin om fundamentele ondersteuning soos vir 'n struktuur uit te beeld.[533] *Toe God die aarde geskep het, het hy dit stewig gegrondves met wysheid getrou teenwoordig*.

Die verskil tussen "lieflingskind" (AFR20) en "kunstenaar" (AFR33/53) in Spreuke 8:30 verdien verdere aandag. Die betekenis van die woordjie *'amon* (Heb: אָמוֹן) wat hier gebruik word, is krities. Alhoewel die mees voor die hand liggende vertaling "argitek" of "meester-werker" is, en dit ook die ondersteuning van verskeie manuskripte het,[534] stel so 'n vertaling 'n heeltemal nuwe gedagte in die teksgedeelte bekend. Die woord kom slegs een keer in die hele OT voor, wat die betekenis daarvan moeilik maak om vas te stel.[535] 'n Meer aanvaarbare lees is die algemene werkwoord *'aman* wat letterlik "getrou" beteken. Die nou verbonde woord '*amen* wat in die sin van "Amen, getrou" gebruik word, gee verdere ondersteuning in die verwysing na "die getroue en ware getuie, die begin van God se skepping" (Op. 3:14, AFR20).[536] Die verwysing na '*amen* as ware getuie by die begin van die skepping kom sterk ooreen met die konsep dat wysheid die hele tyd getrou teenwoordig was.[537] Die rigting van interpretasie is dus dat wysheid nie "die kosmiese orde [*is*] nie; sy is [*wel*] 'n aspek van die Skepper, altyd teenwoordig by hom in Sy skeppingswerk".[538] Die vertaling van "lieflingskind" (AFR20), in die sin van getroue teenwoordigheid, word verkies bo die vertaling van "kunstenaar" (AFR33/53).

## ☐ Vorm en struktuur

Spreuke 1:1–24:22 is in poëtiese vorm opgeteken. Spreuke 8:22–36 is deel van 'n lofprysing aan wysheid wat vanaf Spreuke 8:1–36 strek en wat op sy

531. Biblical Studies Press, *The NET Bible First Edition Notes* (Biblical Studies Press, 2006), Pr 8:27.

532. Deut. 32:22; Ps. 18:8; 82:5; Spr. 8:29; Jes. 24:18; 58:12; Jer. 31:37; Miga 6:2.

533. Rick Brannan, ed. *Lexham Research Lexicon of the Hebrew Bible*, Lexham Research Lexicons (Bellingham: Lexham Press, 2020).

534. Naamlik die LXX, Vulgaat en Siriese teks (Biblical Studies Press, *NET Bible*, Pr 8:30.)

535. So 'n situasie word 'n *hapax legomenon* genoem (kyk Stuart, *Exegesis*, 178).

536. George M. Schwab, "The Book of Proverbs", in *Cornerstone Biblical Commentary, Vol 7: The Book of Psalms, The Book of Proverbs* (Carol Stream: Tyndale House Publishers, 2009), 515.

537. Kyk ook Engelse vertalings: "constantly at his side" (NIV), "was beside him" (ESV; NRSV).

538. Schwab, *Proverbs*, 515.

beurt weer deel vorm van die eerste deel van Spreuke (Spr. 1:9–9:18). In die eerste deel is die diskoers oor wysheid meer uitgebreid as in die tweede deel (Spr. 10:1–31:31) wat deur kort en kragtige gesegdes gekenmerk word.[539] Die tweedeling is ook al benoem as 'n oproep tot wysheid (Spr. 1:8–9:18) en 'n lewe van wysheid (Spr. 10:1–31:9). Dit word voorafgegaan deur 'n proloog (Spr. 1:1–7) oor die begin van wysheid, en 'n epiloog (Spr. 31:10–31) oor die skoonheid van wysheid.[540] Die proloog word in Spreuke 1:1–7 gevind wat as hermeneutiese raamwerk dien om die res van die boek te verstaan.[541] Die vooronderstelling van wysheid is die vrees van die Here (Spr. 1:7). Dit beteken dat individuele spreuke nie maar net as voorbeelde van goeie moraal of gedrag nie, maar met 'n "diepgaande teologiese nuanse" gelees moet word.[542] Verhouding gaan die etiese vooraf.[543]

Die gedig in Spreuke 8:1–36 word in vier dele verdeel (vv. 1–11, 12–21, 22–31, 32–36). In die eerste deel word wysheid midde-in die lewe voorgestel – daar waar die hoofpaaie bymekaar kom (Spr. 8:2). Die belangrikste sake in die lewe word bepaal deur die keuse of wysheid gretig ontvang of verwerp word.[544] In die tweede deel (Spr. 8:12–21) word die redes uitgespel hoekom dit goed is om wysheid te verkry, naamlik dat dit die politiek (Spr. 8:15–16), welvaart en ekonomie (Spr. 8:18–19; 21) sowel as die reg (Spr. 8:20) beïnvloed. In die derde deel (Spr. 8: 22–31), word uitgelig hoekom wysheid so sentraal is in die sukses van die lewe, deur te verwys na *wysheid se rol in die skepping self*.[545] *Wysheid self is nie die kosmiese orde in die skepping nie, maar is iets bonatuurliks wat al voor die skepping voortgebring is*. Die afsluiting (Spr. 8:32–39) keer terug na die verhouding van onderwyser en leerling, en beklemtoon dat die keuse vir of teen wysheid een van lewe en dood is (Spr. 8:35–36).[546]

## Literêre konteks

Spreuke 8:22–31 vorm deel van 'n uitgebreide diskoers oor die wysheid wat reeds in 1:8 begin en 'n hoogtepunt in 9:1–18 bereik. Die diskoers kom in twee kenmerkende vorms voor, naamlik onderwysing (Spr. 1:18–19) en 'n

539. Longman III and Dillard, *Introduction*, 268.

540. Sproul, *Study Bible*, 1013.

541. Longman III and Dillard, *Introduction*, 274.

542. Ibid.

543. Ibid., 269.

544. Ronald E. Clements, "Proverbs", in *Eerdmans Commentary on the Bible*, eds. James D.G. Dunn and John W. Rogerson (Grand Rapids and Cambridge: William B. Eerdmans Publishing Company, 2003), 444.

545. Ibid., 445.

546. Ibid.

verpersoonlikte wysheid wat vir haarself spreek (Spr. 1:20–33). Spreuke 8 is deel van die tweede vorm.

Die boek Spreuke is 'n bloemlesing van verskillende outeurs oor verskillende tydsperiodes. Die bronne van wysheid sluit "die wyses" (Spr. 22:17; 24:23), Agur (Spr. 30:1), koning Lemuel (Spr. 31:1), en Salomo (Spr. 1:1; 10:1; 25:1) in. Salomo (Spr. 1:1) het in die tiende eeu v.C. geregeer (970/960 tot 930/920 v.C),[547] en Hiskia (Spr. 25:1) het in die agtste en sewende eeu v.C. geregeer (rondom 715 tot 687/686 v.C).[548] Oor die ander outeurs is weinig bekend.[549] Dit is redelik om aan te neem dat die wysheidsliteratuur tydens Salomo se regering begin opbloei het (kyk bv. 1 Kon. 3–10) en vir die grootste deel van die Ou-Testamentiese tydperk betekenisvol was.[550]

## Histories-kulturele konteks

Die belangrikste histories-kulturele konteks waarin Spreuke 8:22–31 gelees moet word, is die verwysing na God se skepping van hemel en aarde soos in Genesis 1 en 2 geopenbaar is. Die "oerwaters" (Spr. 8:24, 27, 28) is tydens die skepping deur God self teruggedryf en geskei om lewe moontlik te maak (Gen. 1:2–7) sowel as om dit bruikbaar vir die mens te maak (Deut. 33:13, Ps. 104:6–15). Die see se grense is vasgestel (Spr. 8:29). *Die belangrike punt wat Spreuke 8 maak, is dat wysheid reeds daar was ten tyde van God se magsvertoon in die skepping – wat die besluit om nie te luister nie, des te meer dwaas maak* (kyk Spr. 8:32).

## Verhouding met die res van die Bybel

Die boek Spreuke verwys verskeie kere na die skepping (Spr. 3:19–20; 8:21–31; 25:3; 30:4). Die skepping spreek op sy beurt op verskeie maniere van God se aard en karakter, in hierdie geval van sy wysheid. Hy het met "insig die hemel gemaak … wat die aarde oor die waters uitgespan het …" (Ps. 136:5–6 e.v.).

Die boek Spreuke kan net soos enige ander Ou-Testamentiese boek nie los van die NT gelees word nie. In Spreuke 8:22–31 word die wysheid van God as 'n persoon of entiteit voorgestel wat God met die skepping bystaan.

547. Brandon Grafius, "Solomon, King of Israel", in *The Lexham Bible Dictionary*, eds. John D. Barry et al. (Bellingham: Lexham Press, 2016).

548. Jonathan Rosenbaum, "Hezekiah King of Judah", in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman (New York: Doubleday, 1992), 189.

549. Longman III and Dillard, *Introduction*, 267.

550. Graeme Goldsworthy, *Preaching the Whole Bible as Christian Scripture: The Application of Biblical Theology to Expository Preaching* (Grand Rapids and Cambridge: William B. Eerdmans Publishing Company, 2000), 184.

Hierdie teks is krities belangrik om die NT se gebruik van wysheidsbeelde en terme met verwysing na Jesus self, reg te verstaan.[551]

Soos reeds genoem, word in Openbaring 3:14 verwys na "die Amen, die getroue en ware getuie, die begin van God se skepping" wat sterk op Spreuke 8:22 sinspeel.[552] Openbaring 3:14 is ook 'n sinspeling op Jesaja 65:17–18 waar Christus, as betroubare getuie van sy eie opstanding, die begin van God se nuwe skepping, in vervulling van Jesaja se profesie, inwy.[553] Die vraag hoe Christus self in Spreuke 8 in die kollig is, word hierdeur meer pertinent.

By die poëtiese verpersoonliking van wysheid in Spreuke 8 is dit egter raadsaam om nie onmiddellik aan 'n bepaalde goddelike persoon (soos die Egiptiese *Ma'at*) te dink nie, maar eerder aan 'n "[...] metafoor vir die plek van wysheid in die beplanning van God vir die vorm van die heelal".[554] 'n Direkte verwysing na Christus as wysheid, kan nie op grond van die teks self ingelees word nie.

Om alternatiewelik in die rigting van 'n tipe inwonende, verborge (wyse) misterie in die wêreld te begin dink, is 'n stap in die rigting van panteïsme of panenteïsme. In die Joodse teologie van Jesus se tyd is wysheid as 'n "gekroonde goddelike wese in Yahweh se Goddelike Raad" voorgestel.[555] Sommige het geglo dat die Torah self wysheid is en goddelik moet wees. Hierdie alternatiewe opsies stem egter nie ooreen met die teksgegewens nie. Die seëninge van die lewe mag nie los gesien word van Christus se wyse regering en onderhoud van die wêreld nie (Joh. 5:17; NGB, Art. 2).

Omdat wysheid voor die skepping al bestaan het en by die skepping betrokke was (Spr. 3:19–20; 8:22, 30), en omdat dieselfde van Christus gesê word (Joh. 1:3; 1 Kor. 8:6; Kol. 1:15–16), word wysheid met Christus geïdentifiseer.[556] Wysheid is egter nie maar net 'n goddelike verpersoonliking nie, maar een van al die goddelike eienskappe van die Persoon, Jesus Christus, self.[557] Jesus Christus se wysheid is groter as Salomo se wysheid

551. John D. Barry et al., *Faithlife Study Bible* (Bellingham: Lexham Press, 2012, 2016).

552. Jeffrey Glen Jackson, ed., *New Testament Use of the Old Testament* (Bellingham: Faithlife, 2015).

553. Beale and McDonough, *Revelation*, 1098.

554. Graeme Goldsworthy, *Preaching*, 189.

555. Barry et al., *Study Bible*.

556. David K. Stabnow, "Proverbs", in *CSB Study Bible: Notes*, eds. Edwin A. Blum and Trevin Wax (Nashville: Holman Bible Publishers, 2017), 964.

557. Murray J. Harris, "Colossians", in *New Dictionary of Biblical Theology*, eds. T. Desmond Alexander and Brian S. Rosner, electronic ed. (Downers Grove: InterVarsity Press, 2000), 322.

(Matt. 12:42); "Hy is wysheid se bron en volmaakte uitdrukking".[558] In Lukas 11:49 identifiseer Jesus self wysheid met God die Vader. Jesus Christus is niemand anders nie as God se Medeskepper in wysheid wat deur Lukas eksplisiet as Yahweh, die God van Israel geïdentifiseer word.[559]

Die verhouding tussen wysheid en die Persoon, Jesus Christus, word egter die duidelikste in Johannes 1, waar God in menslike vorm as die Woord aangedui word. Calvyn skryf: "Woord beteken die ewige Wysheid wat by God woon, waaruit beide alle orakels en alle profesieë voortgaan".[560] Deur Hom is die wêreld geskep en deur Hom word alles in stand gehou (Heb. 1:2–3). Die teoloog Charles Hodge voeg by: "Die ewige Woord het in intieme eenheid met God bestaan. 'Die Woord was by God' soos daar gesê word dat Wysheid in die begin by Hom was (Spr. 8:30; Joh. 1:18)".[561]

Verskeie ander verwysings in die NT identifiseer Jesus ook met wysheid (1 Kor. 1:24, 30) en as Medeskepper (1 Kor. 8:6; Kol. 1:16).

## Teologiese belang

### Teologie van wysheid

Om die Here te vrees, is die begin van kennis (Spr. 1:7). Om te luister, te waak en te wag op wysheid bring lewe (Spr. 8:32–35; 9:1–12), terwyl diegene wat nie wysheid vind nie, in hulle dwaasheid na die dood gelei word (Spr. 8:36; 9:13–18). Wysheid is geen geskape intermediêre, vergoddelikte persoon nie, maar een van die eienskappe van die Persoon, Jesus Christus, self.[562] Hierdie *lewegewende wysheid is sentraal in die sukses van die lewe juis omdat dit, as eienskap van Jesus Christus, in die skepping self getrou teenwoordig was*.

Wysheid is 'n belangrike konsep om te verstaan in ons verhouding met die werklikheid. Omdat wysheid 'n eienskap is van die Persoon, Jesus Christus, kan dit nie tot die skepping alleen beperk word nie; dit sluit ook verlossing en koninklike regering in. Die uiteindelike doel van verlossing is 'n nuwe skepping; die eskatologie van wysheid wys na die wyse regering

558. Stabnow, "Proverbs", 964.

559. Barry et al., *Study Bible*.

560. John Calvin, "Institutes of the Christian Religion", in *The Library of Christian Classics*, vol. 1, ed. John T. McNeill, trans. Ford Lewis Battles (Louisville: Westminster John Knox Press, 2011), 129.

561. Charles Hodge, *Systematic Theology*, vol. 1 (Oak Harbor: Logos Research Systems, Inc., 1997), 505.

562. Die sogenaamde alternatiewe "*sophia teologie*" wat primêr gefokus is op die "seëninge van lewensprosesse – die geboortelike, groeiende moederlike gawes van God, waarvan die wêreld daagliks afhanklik is" gaan van die standpunt uit dat wysheid geskape is en 'n intermediêre plek tussen God en die skepping inneem (Walter Brueggeman, *Theology of the Old Testament* [Minneapolis: Fortress Press, 1997], 346).

van Jesus Christus.[563] Wysheid kan Christene op 'n besondere manier baie van God bewus maak, solank die drie-enige God daardeur aanbid word.[564]

### ○ Christologie

Jesus Christus, die Wysheid, bestaan reeds van voor die skepping af. Deur die Christus, die Woord, is alles geskape. Wysheid kan nie sonder die Woord geken word nie (Joh. 1). Die Woord is die ewige Wysheid wat by God woon.

## ☐ Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Skeppingsorg het baie wysheid nodig, maar kan baie gou verval in die verstaan dat wysheid nodig is om geluk en 'n goeie lewe te bewerk. Die belang van ware Wysheid as eienskap van die persoon van Jesus Christus, het egter ingrypende implikasies vir die mens se benadering tot skeppingsorg.

Eerstens, Christene is net so geneig daartoe om dwaas op te tree as enige iemand anders. Die verskil lê egter daarin dat ware wysheid "… wys op ons verantwoordelikheid om die *lewe en die werklikheid in die lig van Christus te probeer verstaan* sodat ons wyse besluite kan neem" [565] [*skuinsdruk toegevoeg*]. Daar is 'n noue verbintenis tussen die werklikheid van hoe die skepping en ons lewe funksioneer en ons eie verantwoordelikheid en wyse besluite wat in die lig van Christus geneem word. Om werklik as wys gereken te kan word, kan net gebeur deurdat ons Jesus Christus self ons wysheid maak. *Die uitgangspunt van skeppingsorg moet dus primêr in die lig van Jesus Christus se wysheid gesien word, en nie in die lig van menslike wysheid nie.*

Tweedens, in die lig van geloof in die Persoon, Jesus Christus, streef ons na groei in kennis na hoe die skepping in sy geheel funksioneer. Die wetenskappe van lewe en skepping is belangrike gebiede om in te groei in ons begrip van die werklikheid. Jesus Christus was self die lieflingskind wat by die skepping teenwoordig was. Hy was getrou teenwoordig toe alles geskape is. Oerwaters, fonteine, berge, heuwels, grond, weivelde, grondsoorte, die hemele, die horison, die watermassa, wolkehemel, see, die fondamente van die aarde (Spr. 8:24–29) – by die skepping van alles was Jesus Christus getrou teenwoordig met Wysheid. Al die verskillende wetenskapsvelde kan met vrug ingespan word in die soeke na wysheid *as 'n eienskap van 'n persoonlike Jesus Christus*, maar mag en kan nie

563. Goldsworthy, *Preaching*, 187.

564. "In the Name of Sophia", *Christianity Today*, besoek 15 Julie 2022. https://www.christianitytoday.com/ct/1994/november14/4td044.html.

565. Graeme Goldsworthy, *Preaching*, 188.

van Hom losgemaak word in die drang tot die mens se outonomiteit nie. Skeppingsorg begin by kennis van Jesus Christus en in sy lig mag ons groei in 'n wyse verstaan van die skepping. *In die lig van die geloof in 'n wyse God wat skep en herskep, moet die resultate van die mens- en natuurwetenskappe voortdurend geweeg en toegepas word as deel van 'n verantwoordelike sorg vir die skepping.*

## Job 40:20–41:25: Krokodil en leviatan: Kan die mens regtig sorg vir die hele skepping?

### Opsomming

Die beskrywings van die leviatan suggereer 'n skepsel wat geen mens werklik in staat is om te vang nie. Met leviatan word waarskynlik na magte van die bose verwys – 'n "anti-kosmos"-skepsel wat wel deur God beheer word, maar waarteenoor Job magteloos is. Job was (onwetend) in 'n stryd gewikkel met Satan (Job 1:6) oor wie hy geen mag het om dit te verslaan nie, maar wat God in staat is om soos 'n mak dier te behandel. God wys dat sy weë, net soos dié van sy geskape skepsels bo die begrip van mense is. Die heelal is ten diepste 'n raaisel wat nie net vir die mens geskep is nie, en waar die Skepper of skepping nie uitsluitlik volgens menslike standaarde beoordeel kan word nie. Enige iets kan in die skepping gebeur. Niks in die skepping is volkome vas of seker of betroubaar nie – net die Skeppergod self. Die boek Job is wysheidsliteratuur wat op lyding gefokus is, maar die eintlike hart van die boek is die vraag na die bron van wysheid. Wysheid is om die Here te vrees en is nie morele kundigheid wat van die natuurlike orde afgelei word nie. God se orde kan nie tot eenvoudige idees, soos dat sonde lyding veroorsaak, gereduseer word nie. Niemand kan regverdig wees voor God nie, en enige seëninge wat ontvang word, is God se genade vir diegene wat op Hom vertrou. Verder sorg God vir al sy skepsels. Daar is geweld en daar vloei bloed in hierdie onderhouding wat vir mense dalk immoreel mag voorkom. God se voorsienigheid pas nie noodwendig in die mens se eenvoudige morele en logiese sienswyses nie. 'n Diepe afhanklikheid van en volle vertroue op God gaan saam met skeppingsorg. Daar is radikale beperkings wanneer die mens in kontak kom met die oorweldigende vryheid wat aan God behoort. God is nie gebind aan die wetmatighede wat die mens in homself, in ander mense, of in die res van die skepping naspeur nie. Die hele skepping kan nie mak gemaak word sodat die mens dit kan beheer nie. 'n Onwrikbare vertroue op God in alles is eerder 'n kenmerk van wyse skeppingsorg.

## Inleiding

Is God werklik regverdig? Hoe moet ons reageer op onverdiende lyding? Die eeu-oue vraag waarom ’n goeie God die bestaan van boosheid toelaat, is nie net toepaslik op ons as mense nie, maar ook op dit wat in die res van die skepping gebeur. In die verwoesting van die skepping is daar soveel onskuldiges wat ly. Skeppingsorg kan ’n mens moedeloos en selfs kwaad maak. Net soos Job, kan ’n mens groot onsekerheid ondervind met God se oënskynlike onregverdigheid en met die dalk goedbedoelde, maar ontoereikende teologie wat gebruik word om die verwoesting van ’n goeie skepping te probeer verklaar. Die Here se antwoord aan Job met verwysing na die leviatan, gee vir ons belangrike insigte oor wie God is, wat sy verhouding met die skepping is, en wat ons menslike beperkings is. In die mens se sorg vir die skepping moet erken word dat die mens veels te onkundig is om die heelal te regeer. Geen wyse skeppingsorg is moontlik sonder goeie insig in God se sorg nie.

## Eksegese

### Wat sê die teks?

Daar is drie opvallende verskille in die vertalings. Die eerste gaan oor die vertaling van “krokodil” in verskeie ouer Afrikaanse vertalings (AFR33/53, AFR83, ABD07) of van “leviatan” (AFR20; Engels: NIV, ESV, NRSV, NLT, KJV1900, NKJV). Die tweede gaan oor die teksindeling, en die derde verskil gaan oor die vertaling van “rug” of “trots” in Job 41:6.

AFR20 se voetnoot meld dat leviatan “[*d*]ie naam [*is*] vir ’n mitiese seemonster of groot waterdier, in hierdie geval ’n krokodil”. Die vertaling vir krokodil of mitiese seemonster het ooreenkomste, maar verskil wel beduidend genoeg om dieper studie te noodsaak.

Die indeling van tekste verskil ook. In verskeie Afrikaanse vertalings (AFR20, ABD07, AFR83, AFR33/53) strek die perikoop oor die leviatan van Job 40:20–41:25, maar by verskeie Engelse vertalings (NIV, ESV, NLT, KJV1900, NRSV, NKJV) strek dit oor Job 41:1–34. Die ABD07 gebruik ’n opskrif “Die Krokodil” om Job 40:20 en verder te onderskei van die voorafgaande. Verskille in teksindeling tussen die bronteks en verskeie vertalings is egter algemeen in Job 39–41, wat ’n vergelyking tussen tekste bemoeilik. Vir hierdie eksegese word die AFR20 se teksindeling gebruik.

’n Teksvariant kom voor in Job 41:6 waar die woord “trots” (AFR33/53; Engels: KJV1900; NKJV) of “rug” (AFR20, AFR83, ABD07; Engels: NIV, ESV, NLT, NRSV) gebruik word. Die Hebreeus lees egter “trots” eerder as “rug”. Laasgenoemde vereis ’n aanpassing van die Hebreeuse woord wat

deur die LXX en Vulgaat ondersteun word.[566] Ten spyte van die moeiliker verstaanbaarheid word hier voorkeur verleen aan die oorspronklike bedoeling van die MT. Die woord "trots" of "verwaandheid" (soos in 'n voetnoot van AFR20) is die naaste aan die betekenis van die Hebreeuse teks en gee iets weer van die eienskappe van die dier waarmee ons in die teks te doen het (kyk ook Job 41:25).

## Wat beteken die teks?

### Woord en konsepstudie

Wat met die leviatan bedoel word, het implikasies vir die interpretasie van die teks. Die Hebreeuse lemma *liw·yā·ṯān* [Heb: לִוְיָתָן] word in standaard leksikons as leviatan, seedier of krokodil aangedui. Die woord se semantiese betekenis word dikwels in Job 40:20 verstaan as 'n krokodil, of "'n reptiel-wese wat in 'n rivier of vleilande woon".[567] In ander tekste word dit verstaan as "'n draak, oftewel 'n reptiel, slangagtige skepsel van die see wat mitologiese afmetings aanneem (Job 3:8; Ps. 74:14; Jes. 27:1)".[568] In nog 'n ander teks word dit as 'n "seedier, 'n relatief groot swemmer wat op die oppervlak van die oop waters leef, dit wil sê 'n walvis soogdier of dolfynvis (Ps. 104:26)" verstaan.[569]

Die idee dat in Job 40–41 spesifiek na die krokodil verwys word, is deur verskeie kommentators oorgeneem in navolging van die invloedryke siening van Bochart wat al in 1663 gepubliseer is.[570] Daar is egter probleme met sodanige interpretasie. Krokodille is beslis wilde en angswekkende diere met harte soos klip (Job 41:15), maar daar is genoeg aanduidings dat dit wel al in die destydse Egipte gejag en gevang is.[571] Die leviatan deel sekere kenmerke met die Nylkrokodil, maar as dit by sy tong (Job 40:20),[572] en veral sy vurige asem (Job 41:10–12) kom,[573] is daardie identifikasie nie letterlik geldig nie. Daarby kan gevoeg word dat krokodille met hulle kort pote fisies gaan sukkel om neer te sien op alles wat hoog is (Job 41:25).

566. Brannan and Loken, *Textual Notes*, Job 41:13–Ps.

567. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

568. Ibid.

569. Ibid.

570. Samuel Bochart, *Hierozoicon, Sive, Bipertitum Opus De Animalibus Sacrae Scripturae* (Londini: Excudebat Tho. Roycroft ... impensis Jo. Martyn et Jac. Allestry, 1663).

571. Kyk bv. Samuel R. Driver, and George B. Gray, *A Critical and Exegetical Commentary on the Book of Job* (Edinburgh: T.&T. Clark, 1964).

572. Andrew R. Fausset, *A Commentary, Critical, Experimental, and Practical, on the Old and New Testaments: Job–Isaiah*, vol. III (London and Glasgow: William Collins, Sons, & Company, Limited, n.d.), 100–102.

573. Keener and Walton, *Cultural*, 871–872.

Mitologiese beskrywings soos veelvuldige koppe (Ps. 74:14) kom ook nie in Job voor nie; inteendeel, daar word eerder na een tong (Job 40:20), een neus (Job 40:21), en een kop (Job 40:26) verwys. Die beskrywings van die leviatan is eerder suggestief van 'n skepsel wat geen mens werklik in staat is om te vang nie – dit kan dieselfde leviatan wees waarvan in ander Ou-Testamentiese tekste getuig word,[574] maar dit hoef nie noodwendig so te wees nie. In Psalm 104:26 word eerder na die leviatan verwys as 'n groot seedier wat mak en lustig in die see speel. Gegewe die poëtiese taalgebruik in die boek Job, is die vraag of hier 'n werklike of mitiese dier uitgebeeld word, veel minder relevant. 'n Opsie is dalk "om hulle te beskou as gehiperboliseerde voorstellings van iets werkliks in die natuurlike ryk".[575] *Die leviatan kan 'n werklike dier wees wat die beskrywing min of meer sou kon pas, maar wat simbolies is vir iets veel groters*.

'n Onoorwinlike leviatan, in plaas van 'n wilde maar nie heeltemal ontembare krokodil nie, pas ook veel beter in die argument wat deur God met Job gevoer word. Die belangrike punt van God se argument "blyk te wees dat aangesien Job nie die leviatan kan oorwin nie, hoeveel minder kan hy hoop om in [*sy*] argumentering die God wat hom verslaan het, te oorwin[*?*]".[576] In die konteks van die verwysing na die leviatan in Job 3:8 waar Job sy geboortedag vervloek, pas by die beskrywing van 'n leviatan wat opgeroep word in die ommekeer van die skepping van lewe na 'n stikdonker nag van diepe duisternis (Job 3:4–10). Met leviatan word waarskynlik verwys na magte van die bose wat deur God beheer word, maar waarteenoor Job magteloos is. Die beste woord om in Job 40:20 te gebruik, is dus "leviatan" wat eerder by die eienskap van volslae ontembaarheid van hierdie skepsel pas as "krokodil", ten spyte van die vrae wat bly ontstaan oor hierdie skepsel se werklike identiteit.

Dat die leviatan in die konteks van geskrifte in die ANO 'n simbool van chaos, dood en boosheid is,[577] het ooreenkomste met bybelse gegewens, maar dit is nie heeltemal bevredigend nie. Die voorstel om die leviatan eerder te sien as 'n "anti-kosmos skepsel" en nie as 'n skepsel wat chaos uitbeeld nie, moet sterk oorweeg word.[578] Die skepping kom met kosmiese orde, maar dit beteken nie dat die hele kosmos as 'n totaal geordende

574. John Day, "Leviathan", in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman (New York: Doubleday, 1992), 296.

575. Sproul, *Study Bible*, 821–822.

576. Day, "Leviathan", 296.

577. Sproul, *Study Bible*, 821–822.

578. Keener and Walton, *Cultural*, 871–872.

sisteem gesien kan word nie. Die slang ("*nachash*"; Heb: נָחָשׁ) van Genesis 3, is die beste voorbeeld van so 'n "anti-kosmos skepsel".[579]

## Struktuur, vorm, genre en literêre konteks

Die teks vorm deel van God se antwoord aan Job uit 'n stormwind (Job 38:1–42:6). God se antwoord kom in twee toesprake (Job 38:1–39:35 en 40:1–41:15) met Job se antwoorde in 39:36–38 en 42:1–6 respektiewelik.

Die boek Job bevat 'n verskeidenheid vorms in Ou-Testamentiese literatuur. Een daarvan wat in die dele gebruik word wat die teks voorafgaan, is wat bekend staan as "onomastia", oftewel georganiseerde lyste van natuurlike fenomene, wat *gedeeltelike* literêre agtergrond van toesprake uit die stormwind verskaf.[580] Sulke lyste is gesien as "vertonings van wysheid in die antieke wêreld" en sou in Job 38–39 herken kon word as Yahweh wat sy wysheid tentoonstel.[581] Tog verskil hierdie vorm grootliks omdat antieke wysheid deur analogie "aanvaar dat dieselfde wette die heelal, diere en mense beheer".[582] Daardie beperking is nie in Job teenwoordig nie. *Die idee van Job 38–39 is eerder God se sorg vir al sy skepsels, nie net vir mense nie, en dat hulle uniekheid bo menslike begrip is, net soos wat God se weë is*.[583]

Die tipe literatuur van die boek Job kan ook in ander bronne in die ANO gevind word, maar is heeltemal uniek in verskeie opsigte.[584] Job is wysheidsliteratuur gefokus op lyding, wat 'n moeilike vraagstuk vir alle godsdienste is.[585] Die genre van die boek Job moet egter nie in enige vooropgestelde vorm geplaas word nie.[586] Dit sou beskryf kon word as 'n "wysheidsdebat" omdat die vraag na die bron van wysheid, die hart van die boek is.[587]

579. Ibid.

580. William Sanford Lasor, David Allan Hubbard and Frederic W.M. Bush, *Old Testament Survey. The Message, Form and Background of the Old Testament* (Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company, 1982), 581.

581. Keener and Walton, *Cultural*, 868.

582. James L. Crenshaw, "Job, Book of", in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman (New York: Doubleday, 1992), 865.

583. Katharine J. Dell, "Job", in *Eerdmans Commentary on the Bible*, eds. James D.G. Dunn and John W. Rogerson (Grand Rapids and Cambridge: William B. Eerdmans Publishing Company, 2003), 361.

584. Longman III and Dillard, *Introduction*, 226.

585. Ibid., 231.

586. Lasor et al., *Survey*, 574.

587. Longman III and Dillard, *Introduction*, 232–233.

Literêr is die boek van hoogstaande artistiese kwaliteit met beskrywings van die skepping in "ongeëwenaarde poëtiese krag" (sien bv. Job 38:28; 39:25).[588] Verder maak die taal van die boek meer gebruik van skaarser Hebreeuse woorde as enige ander bybelse werk, wat dit uitdagend maak om goed te begryp. Die gereelde verwysings na obskure diere en natuurlike voorwerpe bevorder ook nie die verstaanbaarheid van die boek nie.[589] Dit is daarom nie vreemd nie dat die histories-kulturele konteks van die boek nougeset ondersoek word om die boek so goed as moontlik te kan interpreteer.

## Histories-kulturele konteks

Daar is weinig informasie beskikbaar om die boek korrek te dateer.[590] Dit word wel algemeen aanvaar dat die boek antiek is, en waarskynlik dateer uit die (pre)patriargiese tydperk.[591,592] Job is 'n historiese persoon wat in Esegiël (14:14, 20) saam met Noag en 'n persoon genaamd Danel (dikwels ook vertaal as Daniël) genoem is as voorbeelde van besondere geregtigheid.

In die antieke wêreld was daar 'n vasgeankerde geloof in die "morele regering van die heelal" wat "aanleiding gegee [*het*] tot die vertroue dat sekere handelinge die meeste van die tyd welstand verseker".[593] Die gode kan gemanipuleer word deur mense se gedrag. Wanneer sake verkeerd loop, word die gode se welwillendheid betwyfel, wat dan literêre tekse oplewer wat soortgelyk is aan die boek Job.[594] Die teologiese bydrae van die boek Job is egter geheel anders as wat in hierdie geskrifte gevind kan word en die ooreenkomste word oorskadu deur wesenlike verskille.

## Verhouding met die res van die Bybel

Die boek Job, en spesifiek die teks oor die leviatan, kan nie sonder die res van die Bybel verstaan word nie. Die vraagstuk oor die verhouding tussen God en menslike lyding vind sy ontsluiting in die NT waar Jesus Christus die ware onskuldige en sondelose Lam is wat lyding vrywillig op Hom neem.

588. Lasor et al., *Survey*, 576.

589. Crenshaw, "Job", 864.

590. Ibid., 863.

591. Ibid., 858.

592. Longman III and Dillard, *Introduction*, 226.

593. Crenshaw, "Job", 864.

594. Ibid.

Die Here self het alle uitwerkings van boosheid op Hom geneem, wat dan ook die finale antwoord op Job se lyding is.[595]

Indien ander bybelse teksgegewens en buite-bybelse kontekste in berekening gebring word, kan tot die slotsom gekom word dat "die slang geleidelik as 'n metafoor of simbool vir Satan begin funksioneer [*het*]".[596] Die leviatan is deel van 'n ontwikkelingsgang soos wat dit in profetiese en eskatologiese bybelse literatuur verwoord word. Die Here sal rekenskap eis van die leviatan, die slang wat ook met die monster in die see gekoppel word (Jes. 27:1),[597] en wat later gelykgestel word aan Satan: die sewe-koppige draak en sewe-koppige dier van Openbaring 12:3, 9; 13:1, en 17:3.[598] Die uitbeelding van die twee diere in Openbaring 13 is gebaseer op Job 40–41 "wat die enigste plek in die OT is wat twee sataniese diere uitbeeld wat God teëstaan."[599] Uiteindelik loop dit op die oordeel oor Satan uit (Op. 20:10).

Die konteks van die boek Job en die res van die Bybel gee dan die finale gevolgtrekking oor die leviatan as die slang – die Satan:

> Job was (onwetend) in 'n stryd gewikkel met Satan, vir wie hy geen mag het om te verslaan nie. Satan en sy magte van die bose het egter nie meer mag as wat God hulle toelaat nie. Hy is in staat om hulle soos mak huishoudelike troeteldiere te behandel.[600]

Die leviatan is moontlik 'n werklike dier wat hiperbolies beskryf is, maar bowenal as simbool van die dood en boosheid as Satan, dui dit enersyds op die beperkings van Job as mens, en andersyds God se volslae beheer oor selfs hierdie "anti-kosmos skepsel" wat soveel lyding in die wêreld veroorsaak.

## Teologiese belang

### Teologie van wysheid

Nadat Job letterlik die dieptes deursoek het, kom hy tot die slotsom dat *dit ware wysheid is om die Here te vrees en om van die kwaad weg te bly* (Job 28:28). Die maklike antwoorde wat wêreldse wysheid bied oor die

---

595. Longman III and Dillard, *Introduction*, 236.

596. Elaine A. Phillips, "Serpent", in *The Lexham Bible Dictionary*, eds. John D. Barry et al. (Bellingham: Lexham Press, 2016).

597. Ibid.

598. John L. McLaughlin, "Leviathan", in *Eerdmans Dictionary of the Bible*, eds. David Noel Freedman, Allen C. Myers and Astrid B. Beck (Grand Rapids: W.B. Eerdmans, 2000), 803.

599. Beale and McDonough, *Revelation*, 1127.

600. Sproul, *Study Bible*, 822–824.

verhouding tussen God en mense en oor die vraag van onskuldige lyding word in die boek Job omvergewerp. Die vrae wat God aan Job vra, forseer hom om te erken hoe onkundig hy werklik is. Job moes leer om te leef binne die beperkings van wat hy weet,[601] en nie om God se weë te bevraagteken nie. Die funksionering van die skepping word nie deur menslike begeertes beheer nie.[602] Ten diepste is "die heelal ... 'n raaisel; dit is nie net vir menslike gebruik geskep nie, en dus kan nie dit of sy Skepper uitsluitlik volgens menslike standaarde beoordeel word nie".[603] Die skepping is veel groter; dit is niks minder nie as die "plek waar sterflinge vir God ontmoet".[604] Enige iets kan hier gebeur; "niks is vas of seker of betroubaar nie, behalwe die oorweldiging van God".[605] Die regte menslike reaksie is bekering en onderwerping.[606] 'n Diepe afhanklikheid van en volle vertroue op God gaan saam met die status om God op aarde te verteenwoordig.[607]

## ○ Teologie van lyding

As mense is ons onmagtig om lyding in die wêreld te verklaar. Voeg daarby die lyding wat met die verwoesting van die skepping saamgaan, en die vraag "Hoekom, Here?" word dikwels gevra. Die boek Job bied geen logiese of netjies teologiese antwoord op hierdie vraag nie. In sy verskyning aan Job, noem God nie eens sy lyding nie en gee nog minder redes daarvoor. Wat God wel sê, is veel belangriker as Job se lyding. Job moet leer dat hy sy begeerte om regverdig verklaar te word in God se soewereine en goeie hande moet laat rus.[608] Wysheid is om die Here te vrees en nie morele kundigheid wat van die natuurlike orde afgelei word nie.[609] As Job nie eens die gang van die natuur behoorlik verstaan of die wilde leviatan kan beheer nie, moet hy beslis nie verwag dat hy God, die Skepper en Onderhouer van alles, kan beheer nie. God is vry en onafhanklik van enige menslike reëls.[610]

601. August H. Konkel and Tremper Longman III, *Cornerstone Biblical Commentary, Vol 6: Job, Ecclesiastes, and Song of Songs* (Carol Stream: Tyndale House Publishers, 2006), 228.

602. Ibid., 237.

603. Dell, "Job", 361.

604. Konkel and Longman III, *Commentary Vol 6*, 237.

605. Bruegemann, *Theology*, 391.

606. Longman III and Dillard, *Introduction*, 234.

607. Konkel and Longman III, *Commentary Vol 6*, 230.

608. Sproul, *Study Bible*, 816.

609. Crenshaw, "Job", 867.

610. Greg W. Parsons, "Job, Theology of", in *Evangelical Dictionary of Biblical Theology*, electronic ed., Baker Reference Library (Grand Rapids: Baker Book House, 1996), 418.

Mense vind net vryheid, ook van die las wat lyding bring, wanneer hulle God se vryheid erken.[611]

## Teologie van regverdigheid

Die leer van vergelding soos deur Job se vriende verwoord, kom daarop neer dat indien daar sonde is, daar ook lyding sal wees. Die Bybel leer inderdaad dat gehoorsaamheid en sonde konsekwensies het (bv. Deut. 28), maar dit is foutief om te redeneer dat alle lyding verklaar word deur sonde.[612] God se orde kan nie tot "eenvoudige beginsels van vergelding" gereduseer word nie.[613] Verlossing is nie op die beginsels van vergelding gebaseer nie; geen sterfling kan regverdig wees voor God nie (Job 9:2).[614] Enige seëninge wat ontvang word, is God se genade vir diegene wat op Hom vertrou.[615]

## Teologie van Satan

Ten spyte van sy boosheid is Satan maar net 'n skepsel wat onder God se soewereine heerskappy staan. Die teoloog, Karl Barth, beklemtoon dit sterk:

> Tog moet onthou word dat satan hoegenaamd niks sonder God se toestemming kon gedoen het nie, en dat hy nooit toegelaat word om hom [*Job*] te vernietig nie. Selfs in die ergste beproewinge wat hy ondergaan, is Job dus in die heersende en beskermende hand van God, en word daardeur bewaar.[616]

Dit is kenmerkend dat Satan se strategie nie was om Job in sekere sondige dade soos immoraliteit, oneerlikheid of geweld te laat val nie, maar om hom te verlei om sy lojaliteit, vertroue en getrouheid aan God prys te gee.[617] Die kern is dat die verhouding tussen Job en God nie verbreek is nie; dit is wat hom tot geregtigheid gereken word (Eseg. 14:14, 20).

## Teologie van voorsienigheid

God is nie passief of ver verwyderd van sy skepping nie, maar by alles betrokke wat Hy gemaak het. God ken sy skepsels by die naam. In Job 38–41

611. Lasor et al., *Survey*, 583.

612. Longman III and Dillard, *Introduction*, 235.

613. Konkel and Longman III, *Commentary Vol 6*, 240.

614. Ibid.

615. Ibid., 241.

616. Karl Barth, Geoffrey William Bromiley and Thomas F. Torrance, *Church Dogmatics: The Doctrine of Reconciliation, Part 3.1*, Vol. 4 (London and New York: T&T Clark, 2004), 385.

617. Lasor et al., *Survey*, 583.

word duidelik hoe dit geld vir die fisiese skepping, vir die diere wat hy gemaak het – selfs vir die wildste onder hulle (sien ook Ps. 104:20–27; 147:9; Matt. 10:29). Daar is geweld en daar vloei bloed in hierdie onderhouding. Leeus en kraaie word versorg, terwyl arende se kuikens bloed opslurp (Job 39:33). Die leviatan val selfs mense aan (Job 40:27). Dit vorm alles deel van God se sorg: "Vrugbaarheid en gewelddadige vernietiging is tweelingkragte wat saamwerk in die onbetwisbare geheimenisse van hoe God vir Sy wêreld sorg".[618] Dit mag vir mense dalk immoreel oorkom, maar nie vir God nie. Ander diere soos die volstruis wat sy eiers in die sand los (Job 39:17), daag weer alle menslike logika uit. God se voorsienigheid pas nie noodwendig in die mens se eenvoudige morele en logiese sienswyses nie.[619]

## Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Hierdie teks plaas die idee van mense wat vir God se skepping sorg in 'n baie spesifieke perspektief.

Eerstens, plaas die boek Job *die mens op sy plek*. Skeppingsorg moet hand aan hand gaan met 'n diepe afhanklikheid van en vertroue in God. Christelike skeppingsorg moet deel wees van bekering en onderwerping aan God. *Die plek waar sterflinge en God ontmoet, is 'n plek van God se oorweldigende vryheid; 'n plek waar ons eenvoudige logiese, wetenskaplike, teologiese, of morele oplossings nie die werklikheid bevat nie*. Met gebruikmaking van die wetenskappe kan die mens die orde en norms in die skepping ondersoek en selfs vorder in sy opdrag om die aarde te bewerk en te bewaar, maar daar is radikale beperkings aan die mens se outonomie wanneer dit in kontak kom met die oorweldigende vryheid wat totaal en al aan God behoort. God is nie gebind aan die wetmatighede wat die mens in homself, in ander mense, of in die res van die skepping naspeur nie.

Tweedens, skeppingsorg mag nie gemotiveer word uit 'n begeerte vir beloning, uit vrees vir straf, of 'n begeerte om aan sekere menslike of goddelike standaarde te voldoen nie. Alhoewel dit algemeen geldig is dat harde werk in die bewerking en bewaring van die skepping beloon sal word, is dit geen algemene wet of reël nie. Skeppingsorg vloei uit ware wysheid wat God vrees en in alles op Hom bly vertrou.

Derdens, die skepping en ook alle diere, is die voorwerp van God se sorg. Die skepping hoef nie mak gemaak te word sodat die mens dit kan beheer nie. Vrugbaarheid sowel as gewelddadige bloedvergieting is deel van God

618. Konkel and Longman III, *Commentary Vol 6*, 225–226.

619. Ibid., 226–227.

se voorsienige sorg; selfs die leeu en die wilde leviatan staan onder God se beheer en voorsienigheid.[620]

Vierdens, die teenswoordige lyding in die skepping is ook in God se goeie hande. Ons kan vryheid daarin vind wanneer ons God se vryheid werklik aanvaar en erken. Satan en alle boosheid is onder God se beheer. 'n Onwrikbare vertroue op God te alle tye mag wyse skeppingsorg kenmerk.

620. Keener and Walton, *Cultural*, 869.

Hoofstuk 7

# Psalms en poësie

## Inleiding

Die poëtiese genre kan as "literêre komposisies wat gekenmerk word deur figuurlike taal, woordspel, ritme, balans en emosionele uitdrukking, wat geskep is om 'n emosionele reaksie by die leser te produseer", gedefinieer word.[621] Die poëtiese vorm spreek kragtig en direk tot die hart. Baie van die taal wat gebruik word, is emosioneel en stimuleer 'n antwoord by die hoorder wat verder as die denke gaan.[622] Poëtiese materiaal in die Bybel, veral die Psalms, is liedere wat in Israel destyds en steeds vandag gebruik word in aanbidding. Kennis van die verskeie poëtiese vorms en strukture kan bydra om die betekenis van die Psalms en ander bybelse poësie duideliker te maak en rykdom toe te voeg aan die aanbidding van God.

## Wat is die Psalms en poësie?

'n Groot deel van die OT is in poëtiese vorm opgeteken waarvan die grootste deel in die Psalms voorkom. Die wysheidsboeke is ook grotendeels poëties, terwyl die profete ook dikwels in poëtiese vorm kommunikeer. Selfs historiese boeke en die wet sluit gedigte in. Ten minste 'n derde van

621. Mangum, *Literary Types*.

622. Fee and Stuart, *How to Read*, 227.

**How to cite:** De Wit, MP 2024, 'Psalms en poësie', *Skeppingsorg: 'n Aanset tot interpretasie van sekere Bybeltekste oor die mens se verhouding tot die natuurlike omgewing*, ITUTA Books, Cape Town, pp. 147–181. https://doi.org/10.4102/aosis.2024.BK502.07

die Hebreeuse Bybel is in poëtiese vorm.[623] Die NT bevat ook poëtiese materiaal. As alle poëtiese materiaal in die Bybel bymekaargesit word, sou dit langer as die hele NT wees.[624]

## Hoe interpreteer ons die Psalms en poësie?

As ons die Psalms lees, moet ons daarmee rekening hou dat dit in poëtiese vorm opgeteken is wat dikwels gekenmerk word deur parallele woorde en sinne met heelwat herhaling, beeldspraak, bondigheid en die gebruik van Hebreeuse vorms en moontlike metrum wat nie in hedendaagse vertalings direk raakgelees kan word nie.[625] Psalms en ander poëtiese materiaal in die OT het 'n basiese strategie nodig vir verantwoordelike interpretasie, omdat die patroon van Hebreeuse poësie aan sekere konvensies onderhewig is wat vir die moderne leser vreemd mag wees. Die twee mees prominente kenmerke van Hebreeuse poësie is beeldspraak en balans (of simmetrie) – wat in die algemeen "parallelisme" genoem word.[626] 'n Derde belangrike kenmerk is die bondigheid van poëtiese taal.

Beeldspraak beteken dat iets figuurlik voorgestel word. Die implikasie is dat beelde wat gebruik word nie letterlik gelees kan word nie. Beeldspraak kan 'n verskeidenheid van vorms aanneem. Algemene beelde kan gebruik word om vergelykings te maak (*simile*) (bv. "soos 'n boom" (Ps. 1:3) en "my hart het geword soos was" (Ps. 22:15), of om te dien as beskrywing van iets wat nie letterlik so is nie, maar wel die betekenis oordra (*metafoor*) (bv. "Die Here is my herder" [Ps. 23:1]). Soms word 'n woord of frase vervang met 'n ander wat 'n noue assosiasie het (*metonomie*) (bv. "hulle kele is 'n oop graf" [Ps. 5:9]). 'n Ander vorm van metonomie is waar 'n deel vir die geheel of die geheel vir 'n deel gebruik word (*sinekdoge*) (bv. "nie boog of swaard" as beeld vir alle wapens [Ps 44:7]). Oordrewe beelde word soms gebruik vir beklemtoning (*hiperbool*) (bv. "see se golwe wat oprys na die hemel" [Ps. 107:26]). Die verskeidenheid en aanskoulikheid van die beeldspraak in die Psalms is 'n bewys van die lewendige verbeelding wat hierdie poëtiese vorm vul.[627]

623. Kim Williams Bodenhamer, "Poetry, Biblical", in *The Lexham Bible Dictionary*, eds. John D. Barry et al. (Bellingham: Lexham Press, 2016).

624. Longman III, *Reading*, 131.

625. Die vraag rondom Hebreeuse metrum lok heelwat debat uit en groot kundigheid word vereis in hierdie veld. Kyk Longman III and Dillard, *Introduction*, 26–29.

626. Sproul, *Study Bible*, 751–753.

627. James Limburg, "Psalms, Book of", in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman (New York: Doubleday, 1992), 531.

Parallelisme verwys na die aansluiting wat tussen die segmente van 'n poëtiese reël bestaan. Hierdie aansluiting kan op die vlak van grammatika of op die vlak van betekenis wees. Slegs laasgenoemde is sigbaar in vertalings, terwyl eersgenoemde deur grammatikale studie aan die lig gebring kan word. Parallelisme kan sinoniem (dieselfde gedagte word twee maal genoem, bv. Ps. 8:4; 19:2; 24:1; 114:1), antiteties (staan teenoor mekaar, bv. Ps. 1:6; 37:21–22; Spr. 10:1, 27–28) of sinteties ('n beweging van eerste na tweede segment, bv. Ps. 100:3; Spr. 15:3) wees.[628, 629]

Die poëtiese vorm, ook in Hebreeuse gedigte, word gekenmerk deur baie te sê met weinig woorde. Dit beteken dat woorde en sinne met betekenis gelaai is en daarom vir die beste resultate stadig en deeglik gelees en oorweeg moet word.

Die Psalms en ander poëtiese materiaal in die Bybel is verder nie maar net 'n vrye vloei van woorde nie, maar is ook sorgvuldig gestruktureer. Die strofes in Hebreeuse Psalms en ander gedigte is op verskillende maniere gerangskik en funksioneer as 'n literêre eenheid wat as geheel geïnterpreteer moet word. Individuele verse moet binne die konteks van die hele Psalm gelees word.[630] Strofes in die Psalms is lineêr (A B C D), in parallel (A B A B) of simmetries (*chiasties*) (A B B' A') gerangskik. Sommige Psalms is so saamgestel dat lyne of strofes met opeenvolgende letters van die Hebreeuse alfabet begin (*akrosties*) (bv. Ps. 9; 119; 145).

## ■ Wat leer ons uit die Psalms en poësie vir ons tyd?

Daar moet moeite gedoen word om die Psalms en ander bybelse poësie reg te interpreteer, maar die beloning kan groot wees. Die Psalms gee nie maar net kennis wat toegepas word in die lewe nie, maar gee riglyne vir aanbidding met gebruikmaking van God se eie geïnspireerde woorde.[631] Die Psalms kan met vrug stadig en meditatief gelees word en nooi uit tot gebed. God ken ons smarte in die dieptes van ons hart. Selfs ons sterkste emosies en gevoelens vind 'n plek in 'n eerlike verhouding met God.[632] In die donkerste momente en ten spyte van ons wisselende gevoelens, kan ons op God bly vertrou. Te midde van swaarkry en klagte bly danksegging en lofprysing aan God moontlik, net soos by Dawid wat soveel teleurstellings

628. Sproul, *Study Bible*, 751–753.

629. Bodenhamer, *Poetry*.

630. Fee and Stuart, *How to Read*, 210.

631. Longman III, *Reading*, 135.

632. Fee and Stuart, *How to Read*, 223.

in sy lewe gehad het. Die Psalms gebruik ook goddelike woorde om God te loof vir die grootsheid, prag en wonderbaarlike onderhouing van die skepping. Die verbeeldingryke vorm van God se woorde in ons hart en mond spoor ons aan tot kreatiwiteit tot eer van God.

# Psalm 8: Wat is die mens?

## Opsomming

God se koningskap en die hele skepping is onlosmaaklik aan mekaar verbonde, en kom noodwendig in konfrontasie met aardse konings, heersers en regters wat teen die magtige Naam van Yahweh oor die hele aarde saamspan. Die skepping spreek van God se heerlikheid oor die hele aarde, en is nie die plek vir aardse konings se oorheersing nie. Opvallend is dat die waardig geskape Adam nie sigbaar is nie, maar wel die gevalle en sterflike mensekind. Dawid se vraag neem nou meer duidelikheid aan: Wie is hierdie soort mens wat so ver verwyderd is van die goed geskape Adam dat U aan hom dink? Die waardige mens was geskape na God se beeld, net minder as ’n hemelse wese, om oor die skepping te heers. Die idee dat die mens kragtig oor die hele skepping heers en dit beheer, word nie uit die tekstuele gegewens ondersteun nie, maar eerder dat die mens onderregeerders is met beperkte mag oor sekere skepsels, wat deur genade aan die mens gegee word deur God om in sy lewensbehoeftes te voorsien. Die mens se verhewe rol as koninklike heersers oor die skepping word egter nooit ongedaan gemaak deur die mens se swakheid nie. Hebreërs 2:6–8 se aanhaling uit Psalm 8 dui daarop dat die goddelike opdrag van Adam as koning oor God se skepping uiteindelik vervul is in Christus, die eskatologiese laaste Adam. Die heerlike vooruitsig in Psalm 8 om met heerlikheid en eer gekroon te wees as heersers oor die skepping, is deur Jesus Christus vervul. ’n Houding wat by onderheersers in Christus pas, sluit in goeie versorging vir God se skeppingsgawes, om ’n diep respek te hê vir alle skepsels omdat hulle God se almag en heerlikheid aandui, en om dankbaar te wees vir al die goeie gawes wat God in die skepping aan die mens skenk. Enige versoeking om kragtig oor die skepping te heers en na die mens se eie wil te laat buig, sal die Christen tot groot versigtigheid moet stem. Aardse konings en regters staan dikwels in konfrontasie met die enigste ware Koning, Jesus Christus.

## Inleiding

Wat is die mens? Hierdie vraag sal die mensdom seker tot op die laaste dag besig hou. Verwonderd oor God se duiselingwekkende heerlikheid in die hemel en op die aarde, het koning Dawid ook eens hierdie vraag gevra. Wanneer Psalm 8 gelees word, wil dit met die eerste oogopslag

voorkom of die mens oor geweldige magte beskik om oor die skepping te heers. Saam met die kultuurmandaat van Genesis 1 word Psalm 8 dikwels aangewend om die mens se oorheersing van die aarde te regverdig. Die mens is tog die heerser aan wie se voete alles onderwerp is, of nie? Diere, voëls en visse is tog almal daarby ingesluit. Moet Christene nie eerder die stemme wat bewaring en sorg vir die skepping beklemtoon, teenstaan nie?

Die onderwerp van hierdie skeppingslied is egter die *majesteit van God* "soos geopenbaar in die geskape orde en die majesteit van die mensdom, God se hoogste skepping".[633] Alles wat oor die mens en die res van die skepping genoem word in hierdie Psalm staan binne die konteks van God se heerlikheid. 'n Studie van Psalm 8 in verhouding tot die res van die Psalms en die res van die kanon, lewer insiggewende resultate op oor die aard van sterflike mensekinders se heerskappy oor die skepping. Die eer en majesteit wat die mens te beurt val, is 'n afgeleide heerlikheid wat uiteindelik net in Christus vervul en vervolmaak is.

## Eksegese

### Wat sê die teks?

Daar is twee teksvariante wat verklaar kan word deur die gebruik van die Griekse LXX as alternatiewe bronteks tot die Hebreeuse MT. Die eerste is Psalm 8:3 waar die LXX die woord "lof" (Gr: αἶνος, "*ainos*") bevat in die plek van "krag" (Heb: עֹז, "*oz*"). Dit lyk of so 'n vertolking ook in Matteus 21:16 gevolg word.

In Psalm 8:6 word "hemelse wesens" in die LXX met die Griekse woord "engele" (Gr: ἀγγέλους, "*angelous*") vervang – 'n vertolking wat ook in Hebreërs 2:7 gevolg word. Die Hebreeuse woord (Heb: אֱלֹהִים, "*ĕlō·hîm*") wat in Psalm 8:6 gebruik word, beteken letterlik "God" of "gode". Dit is egter ook moontlik dat laasgenoemde na "engele" verwys.[634] Indien God self hier uitgebeeld word, sou 'n mens redelik kon verwag dat Hebreërs 2:7 na God en nie na engele verwys nie.[635]

Die Afrikaanse vertalings van "mag" (AFR20) en "sterkte" (AFR33/53) in Ps. 8:3, asook "hemelse wese" (AFR20; AFR83) of "goddelike wese" (AFR33/53) in Ps 8:6, word hier aanvaar.

633. Sproul, *Study Bible*, 838.

634. Brannan and Loken, *Textual Notes*, Ps. 8:2–5.

635. Sproul, *Study Bible*, 838.

# Wat beteken die teks?

## Vorm en struktuur

Psalm 8 is in poëtiese vorm opgeteken en chiasties gerangskik: die majesteit van God se Naam (Ps. 8:2a), hemele (vv. 2b–4), die sentrale vraag (v. 5), die aarde (vv. 6–9) en weer die majesteit van God se Naam (v. 10). Hierdie struktuur beeld "die sentraliteit van die mensdom en die ultieme van die godheid" uit.[636]

Psalm 8 vorm deel van die eerste boek van die Psalms (Ps. 1–41), en volg op Psalm 1 van die Torah en die messiaanse Psalm 2 wat beide die hele boek van die Psalms inlei. God se Wet sowel as sy Messias bring dubbele seën vir God se volk, maar bring konflik met die goddeloses en onregverdiges. Boek 1 van die Psalms is die "eerste versameling Psalms … wat die ontwikkeling van hierdie konflik naspeur".[637]

Daar is verskeie verbindings tussen Psalm 2 en 8. In Psalm 8:1 word Yahweh (HERE) as *'adon* [Heer] aangespreek wat Koning beteken.[638] Hierdie spesifieke uitdrukking "ons Heer" (*'aḏōnênû*) kom net 12 keer in die OT voor, waarvan ses keer vir Yahweh en vier keer in die Psalms (Neh. 8:10; 10:29; Ps. 8:1, 9; 135:5; 147:5). Die empatiese vorm "my Heer" (Heb: אֲדֹנָ֥י, *'ă-ḏō-nāy*), kom in Psalm 2:4 voor, wat die verbinding tussen hierdie twee Psalms onderstreep.[639] *God se koningskap en die hele skepping is onlosmaaklik aan mekaar verbonde*, en kom noodwendig in konfrontasie met aardse konings, heersers en regters (Ps. 2:2, 10) wat teen die magtige Naam van Yahweh oor die hele aarde (Ps. 8:2a, 10) saamspan. *Die skepping spreek van God se heerlikheid oor die hele aarde, en is nie die plek vir aardse konings se oorheersing nie.*

## Woordstudies en grammatika

Dit is opvallend dat in Psalm 8:5 na "mens" (Heb: אֱנוֹשׁ, *'ĕnôš*) en "mensekind" (Heb: וּבֶן־אָ֝דָ֗ם, *ûḇẹn-'āḏām*), oftewel letterlik "seun van die mens", verwys word. Die woorde *'ĕnôš* en *'āḏām* het 'n duidelike oorvleueling in betekenis, maar die vraag is hoekom verskillende woorde gebruik word. 'n Deel van die verklaring is dat *'ĕnôš* slegs 42 keer in die OT voorkom en die meeste kere daarvan in poëtiese konteks. 'n Ander deel van die verklaring is dat,

636. Ibid.

637. O. Palmer Robertson, *The Flow of the Psalms: Discovering Their Structure and Theology* (Phillipsburg: P&R Publishing, 2015), 61–62.

638. Mark D. Futato, "The Book of Psalms", in *Cornerstone Biblical Commentary, Vol 7: The Book of Psalms, The Book of Proverbs* (Carol Stream: Tyndale House Publishers, 2009), 52.

639. Ibid.

net soos *’ādām*, *’ĕnôš* generies na die mens verwys, dit dikwels in ’n konteks is wat die kontras tussen die sterflike mens en God aandui.[640] Die verwysing na *’ĕnôš* as sterflik verskil van die meer waardige gebruik van *’ādām*,[641] en druk “die mens in sy broosheid, swak [*en*] sterflik [*sterker uit*]”.[642] Enos was die seun van Set, met die belangrike toevoeging dat die mense die Here in sy tyd begin aanroep het (Gen. 4:26). Enos kan ook ’n “simboliese verwysing vorm na daardie lyn waaruit die hele mensdom na die vloed sou kom. Enos kom dus voor as ’n parallelle of nuwe Adam”.[643]

Formeel gesien, beteken “seun van die mens” (*ûḇẹn-’āḏām*) ’n persoon met laer status (in die sin van armoedig), of ’n persoon wat in die “klas van die mensdom is, in teenstelling met ander klasse van bonatuurlike wesens”.[644] Gegewe die poëtiese parallelisme wat in hierdie Psalm gebruik word, is dit dus opmerklik dat verwys word na die sterflike mens*’ĕnôš* (verpersoonlik as Enos), en na ’n mens met ’n laer status *ûḇẹn-’āḏām*, en nie na die mens *’ā·ḏām* (verpersoonlik as Adam) by die skepping nie. *Die waardig geskape Adam is nie sigbaar in Psalm 8:5 nie, maar wel die gevalle en sterflike mens.* Met baie goeie rede kan God so ’n tipe Enos-mens verag, maar dit gebeur nie. Die glorieryke Skepper “wie se majesteit skitterend in die hemele skitter, verneder hom genadiglik om ’n skepsel so ellendig en gemeen soos die mens met die grootste heerlikheid te versier”.[645] Dawid se vraag word nou duideliker: *Wie is hierdie soort mens, wat so ver weg van die goed geskape Adam af is, dat U aan hom dink?*

’n Deel van die antwoord volg in Psalm 8:6. Die waardige mens *’ā·ḏām* is na God se beeld geskape – net minder as ’n hemelse wese – om oor die skepping te heers. Teen die grootsheid van die skepping lyk die mens na niks, maar is tog in werklikheid verhewe in status en vol majesteit omdat hy of sy na die beeld van God geskape is.[646] God se mag word selfs in pragtige poëtiese vorm deur kleuters en suiglinge (*ʿôlᵉlîm wᵉyōnᵉqîm*)[647]

640. Tamra Hernandez, “Men”, in *Lexham Theological Wordbook*, Lexham Bible Reference Series, eds. Douglas Mangum et al. (Bellingham: Lexham Press, 2014).

641. Strong, *Dictionary*, 14.

642. Stelman Smith and Judson Cornwall, *The Exhaustive Dictionary of Bible Names* (North Brunswick: Bridge-Logos, 1998), 69.

643. David Noel Freedman, ed., “Enos (Person)”, in *The Anchor Yale Bible Dictionary* (New York: Doubleday, 1992), 526.

644. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

645. John Calvin and James Anderson, *Commentary on the Book of Psalms*, Vol. 1 (Bellingham: Logos Bible Software, 2010), 99–101.

646. Sproul, *Study Bible*, 838.

647. “*Hebrew Transliteration*”, Charles Loder, die laaste keer gewysig 25 August 2022. https://hebrewtransliteration.app/#.

bevestig (Ps. 8:3). God het die mens met "eer en heerlikheid" (*wᵉḵāḇôḏ wᵉhāḏār*) gekroon. In die Psalms word hierdie twee woorde gereeld gebruik vir koninklikes – goddelik (Ps. 24:7–10, 96:6, 104:1, 111:3, 145:4–13) sowel as menslik (Ps. 21:6; 45:4).[648] Heerlikheid behoort uiteindelik net aan God. Hy gun egter die heerlikheid wat van Hom af kom aan sy skepsels.

Hoe gaan hierdie spanningsveld tussen die gevalle, sterflike mens wat steeds hoog verhewe is, in die koninklike heerskappy uitspeel? Weereens is die Hebreeuse grammatika en woordgebruik baie insiggewend. Die mees algemene stam (*Qal*) van die werkwoord "heers" (Heb: מָשַׁל, *mā·šăl*) beteken om te regeer en om in beheer te wees,[649] maar die stam (*Hiphil*) wat in Psalm 8:7 gebruik word, dui pertinent die status van onderheerser aan en word ook korrek as "laat hom heers" (Heb: תַּמְשִׁילֵהוּ, *tamšîlēhû*) vertaal.[650] (Kyk Dan. 11:39 vir die enigste ander teks waar hierdie stam by die werkwoord "heers" gebruik word.)[651] Die woordkeuse is duidelik verskillend as wat met die veel kragtiger "heers" (Heb: וּרְדוּ, *ûrᵉḏû*) in Genesis 1:28 bedoel word, wat "heers oor, oorheers, rig, lei, beheer, onderwerp, d.w.s. bestuur of regeer 'n entiteit, mense of regering met aansienlike of kragtige gesag" beteken.[652] In Arabies en Siriese Arabies het die woord selfs die konnotasie om te vertrap of te tugtig.[653] *Die kragtige oorheersing wat aan die mens by die skepping gegee is, word in Psalm 8 baie versigtiger gestel as gedeeltelike heersing wat die mens uit genade toelaat om net as onderregeerders in beheer te kan wees*.

Om te heers uit genade van die Koning, gee perspektief oor dit waaroor die mens heers. Gegewe die bondigheid van die Hebreeuse digkuns kan ons Psalm 8 nie lees in die verwagting van 'n volledige lys skepsels waaroor die mens wel kan heers of nie kan heers nie. Tog is daar belangrike gegewens in die teks. Die diere wat hier genoem word, is "kleinvee" (Heb: צֹנֶה, *ṣōnẹ*), oftewel "'n trop van klein soogdiere soos skape en bokke",[654] "beeste"

648. Sproul, *Study Bible*, 838.

649. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

650. "The *hifʿîl* stem indicates the causative sense of verbs. That is, the subject of the verb in the *hifʿîl* stem causes the object of the verb to participate in the action of the verb as a sort of 'undersubject' or 'secondary subject'. In the sentence 'Bob caused the car to crash', the direct object [*car*] participates in the action that the subject [*Bob*] caused." (Michael S. Heiser and Vincent M. Setterholm, *Glossary of Morpho-Syntactic Database Terminology* (Bellingham: Lexham Press, 2013)).

651. Ludwig Koehler et al., *The Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament* (Leiden: E.J. Brill, 1994–2000), 648.

652. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

653. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 921–922.

654. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

(Heb: וַאֲלָפִים, *'alāpîm*) wat ook as "os" gelees kan word,[655] "diere" (Heb: בַּהֲמוֹת, *bahamôṯ*)[656] van die veld, "voëls" (Heb: צִפּוֹר, *ṣīppôr*) en "visse" (Heb: וּדְגֵי, *ûḏᵉḡê*). Die "veld" is "[*d*]aardie gedeelte van die Israelitiese landskap wat nie vir menslike bewoning gebruik word nie [*en*] oor die algemeen aangrensend is aan die dorp waaraan dit toegeken is".[657] Met "diere" word hier bedoel "'n klas lewende wesens wat nie menslik is nie (en wat nie vlieg, kruip of in swerms voorkom nie)" (Gen. 6:7). Dit kan ook na mak diere soos troppe vee of beeste verwys (Gen. 47:18). Verwysings na wilde diere is soms ter sprake (Deut. 28:26; Jes. 18:6; Miga 5:7),[658] maar is skaars in die OT, veral wanneer daar na karnivoriese diere verwys word.[659] Die indruk word daarom geskep dat dit nie hier oor alle skepsels gaan nie, maar veral oor daardie diere wat vir die mens bruikbaar is. Die belangrike punt is dat deur God se voorsienigheid sekere diere "hul diens aan die mense lewer [...] hulle van voedsel voorsien [...] selfs uit hul eie vlees".[660] Die komplekse vraag bly egter die pertinente stelling in Psalm 8:7 dat "alles onder sy voete gestel" word. Die moontlikheid om oor wilde diere te heers, bly egter meestal streng beperk.

> *Psalm 8:8–9 ondersteun nie die gedagte dat die mens kragtig oor die hele skepping heers en dit oorheers nie, maar veel eerder dat die mens, in die eerste plek, onderregeerders is wat, tweedens, beperkte seggenskap oor sekere skepsels het wat, derdens, uit genade deur God aan die mens gegee word om, vierdens, in lewensbehoeftes te voorsien. Hierdie werklikheid staan in ooglopende kontras met die visie van allesomvattende en kragtige heerskappy van die kultuurmandaat soos in Genesis 1 verwoord.*

## Historiese konteks

Kennis oor die historiese konteks toon dikwels aan dat die Psalms oor veel meer gaan as bloot 'n geestelike hulpmiddel om aan persoonlike gebede uiting te gee. Die gesalfde koning Dawid, as outeur van byna alle Psalms in Boek 1, is persoonlik en intens betrokke by die kosmiese konfrontasie met sy vyande "om die messiaanse koninkryk van geregtigheid en vrede te vestig".[661] Die agtergrond is dat God 'n verbond met Dawid as messiaanse

655. Ibid.

656. Die woord kom hier in die vroulike vorm voor en moet onderskei word van die manlike vorm vir "behemoth", oftewel 'n baie groot, sterk grasvreter, soos 'n seekoei of olifant (krokodil word ook genoem, maar kan kwalik as grasvreter gereken word). (Swanson, *Dictionary Hebrew*)

657. Myers, *Dictionary*, 381.

658. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

659. Whitaker et al., *Abridged*.

660. Calvin and Anderson, *Psalms*, 107–108.

661. Robertson, *Psalms*, 65.

koning gesluit het met die belofte van 'n ewige ryk (2 Sam. 7).[662] Die Psalms gaan egter nie oor Dawid as persoon alleen nie, maar per implikasie raak dit almal wat deel van sy messiaanse koninkryk uitmaak. Dat Dawid op die oog af die sentrale persoon in baie van die Psalms is, "berus op die realiteit dat soos die gesalfde koning vaar, so vaar die geheel van God se uitverkore volk".[663] As messiaanse koning is Dawid by uitstek as eerste keuse as onderregeerder aangestel, maar hy kan ook nie wegkom van die feit dat hy self nie 'n vredesryk kan bewerk nie. Die spanningsveld tussen die gevalle, sterflike Enos-mens en die heerlikheid van die waardige, heersende Adam-mens bly ook vir die messiaanse koning, Dawid, op eksistensiële en korporatiewe vlak relevant vir die hele volk.

## Verhouding met die res van die Bybel

Psalm 8:5–7 word in Hebreërs 2:6b–8a aangehaal in 'n sterk Christologiese gebruik van die OT. Hebreërs 2:5 beklemtoon die onderwerping van 'n *komende* wêreld, 'n vertolking wat noodsaaklik is om te begryp hoe die aanhaling in Psalm 8 van toepassing is op onderwerping aan Jesus.[664] Die negatiewe verwysing na die onderwerping van die wêreld aan die engele (Heb. 2:5) verwys terug na die argument oor die Seun se verhewenheid bo die engele (Heb. 1:5–13) en wat sit aan die Vader se regterhand (Ps. 110:1). Alle vyande sal eendag in die toekoms aan Christus onderwerp word, maar terselfdertyd het dit alreeds gebeur (Ps. 8:7 soos in Heb. 2:8; kyk ook Ef. 1:20–22). Die werklikheid van die inhuldiging van Christus as messiaanse Koning, bestaan reeds, maar die voleinding daarvan moet nog kom.[665]

Die waardige koningskap van die mens, Adam (die Adamitiese koningskap), wat in teenstelling is met die swakte van die "seun van die mens", oftewel die Enos-mens, kom in Hebreërs 2 ter sprake. Die mens se verhewe rol as koninklike heersers oor die skepping is nooit ongedaan gemaak deur die mens se swakheid nie. Die komplekse vraag wat die mens dan wel is, deur terselfdertyd verheerlikte messiaanse koning en gevalle, sterflike mens te wees, word hier ontknoop. Hebreërs 2:6–8 se aanhaling uit Psalm 8 dui daarop dat "die goddelike opdrag van Adam as koning oor God se skepping uiteindelik vervul is in Christus, die eskatologiese laaste Adam". Aan Hom is alles nou onderwerp (Heb. 2:8) en Hy word met "heerlikheid en eer" gekroon nadat hy vir 'n kort rukkie "minder as engele" gemaak is (Heb. 2:9), en deur sy kruisiging die dood en die sonde oorwin het. Deur sy

662. Ibid., 63.

663. Ibid., 65.

664. Guthrie, *Hebrews*, 944.

665. Ibid., 946–947.

menswording het Jesus met die lae status van "seun van die mens" gelyk geword. Deur Hom word die waardigheid van die Adam-mens vervul. Die Ou-Testamentiese begrip van "korporatiewe verteenwoordiging" word veronderstel. Net soos Adam, verteenwoordig Christus sy volk (kyk 1 Kor. 15:24–27 vir verdere duidelikheid). Die heerlike vooruitsig in Psalm 8 om met heerlikheid en eer gekroon te wees as heersers oor die skepping, is deur Jesus Christus vervul.[666]

### Teologiese belang

#### *Teologie van heerlikheid en eer*

Die mens se "heerlikheid en eer" ontstaan uit God se heerlikheid. Sonder bemiddeling sou God se heerlikheid sy skepsels vernietig. God verneder Homself genadiglik om gevalle skepsels met heerlikheid te kroon. Jesus Christus, wat tot die dood verneder is, is die uiteindelike en permanente uitdrukking van hierdie goddelike heerlikheid.[667]

#### *Teologie van heers*

God laat die mens heers; die mens heers nooit outonoom nie. Die mens is onderheerser deur die genade van die Koning wat in sy voorsienigheid diere vir die gebruik van en soms ook as voedsel vir die mens gee. Daar is geen aanduiding in Psalm 8 dat "heers" beteken om die skepping op 'n kragtige manier te onderwerp en te oorheers nie.

#### *Teologie van die Koninkryk*

Die mens se skeppingsopdrag om te heers oor die skepping staan in die raamwerk van die menslike waardigheid wat met die Adamitiese koningskap gepaard gaan. Vir gevalle en sterflike "seuns van Adam", word hierdie opdrag nie ongedaan gemaak nie, maar vervul deur ons Verlosserkoning, Jesus Christus, die tweede Adam. Die gesalfde Koning Christus is met heerlikheid en eer gekroon, Hy heers oor alles, en alles is reeds aan Hom onderwerp, terwyl daardie onderwerping eendag volmaak sal wees.

## Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Die implikasie van hierdie teks vir skeppingsorg word nou van nader beskou:

666. Roy E. Ciampa and Brian S. Rosner, "1 Corinthians", in *Commentary on the New Testament Use of the Old Testament* (Grand Rapids and Nottingham: Baker Academic and Apollos, 2007), 745–746.

667. Richard B. Gaffin Jr., "Glory", in *New Dictionary of Biblical Theology*, eds. T. Desmond Alexander and Brian S. Rosner, electronic ed. (Downers Grove: InterVarsity Press, 2000), 508.

Eerstens, word verskeie skepsels uit genade aan swak, sterflike mense gegee in God se goeie voorsienigheid. Die goeie sorg van God se skeppingsgawes, 'n diep respek vir alle skepsels in die hemel en op die aarde wat God se almag en heerlikheid aandui, en dankbaarheid vir al die goeie wat God in die skepping aan die mens skenk, is 'n houding wat by *onderheersers in Christus* pas.

Tweedens, enige versoeking om die skepping te oorheers en na die mens se wil te laat buig deur wetenskaplike, tegnologiese, ekonomiese kragte of watter manier ook al, moet die Christen tot groot versigtigheid stem. Aardse konings en regters is maklik in konfrontasie met die enigste ware Koning, Jesus Christus, wat in werklikheid oor alles heers. Die onderwerping van die skepping behoort nie meer by die "seuns van Adam" nie; dit is net waardig in Christus, die laaste Adam, vervul.

## Psalm 148:1–14: Skeppingskoor tot lof van die HERE

### Opsomming

Die totale skepping, die hemel en die aarde, is by die lofprysing betrokke. Selfs seemonsters, vuur, hael, sneeu, newels en stormwinde wat magtig en destruktief kan wees, is deel van God se goeie skepping wat opgeroep word om God te prys. Geen skepsel, ongeag hoe hemels of onsigbaar, of hoe wild of vreesaanjaend, is uitgesluit uit die skeppingskoor nie. Die rede vir hierdie lofprysing van die skepsels is omdat hulle op God se bevel geskape is en omdat alleen die HERE se Naam hoog verhewe is oor aarde en hemel. Die hele skeppingskoor word as voorlaaste crescendo ingespan om die HERE te loof wat oor alles regeer. Die skeppingskoor is daar tot die heel laaste vers van die Psalms – alles wat asem het moet die Here loof. In God se heiligdom het die skeppingskoor 'n reikwydte groter as die ryke van menslike konings en regeerders, en 'n bestemming wat veel verder in die toekoms strek as die tyd van oordeel oor ongehoorsame nasies en konings. Die skepping se natuurlike kragte is wel onderhewig aan 'n vaste orde. Hier moet nie gedink word aan skeppingsordes of vaste natuurwette nie, maar eerder aan perke wat soewerein deur God aan die kragte van die natuur gestel word. Psalm 148 openbaar God as soewereine Skepper, onderhouer en Koning van sy volk en getroue volgelinge. Ons moet in ons aanbidding bewus bly van God se ware Koningskap en van die grootsheid en onderhouding van die skepping deur die Skepper. Skeppingsorg is in die konteks van aanbidding en lofprysing aan die HERE saam met die hele skepping. Die pragtige werk van skeppingsorg is verder om "koorbegeleiding" te doen met die wete

dat elke deelnemer, ongeag hoe angswekkend en wild, skepsels is wat die HERE loof.

## Inleiding

Die lofprysing aan die HERE in die boek Psalms kom tot 'n crescendo in Psalm 146 tot 150, wat ook wel die "Groot Lofprysing" genoem word. Opvallend is hoeveel keer daar in hierdie lofpsalms (veral in Psalm 147, 148 en 150) na die skepping verwys word. Om egter hierdie lofpsalms te gebruik om die mens se verhouding tot die natuur daaruit af te lei, is veels te simplisties. Die verhouding met die Here behoort altyd daarby.[668] In Psalm 148 is daar 'n groot skeppingskoor met 'n verskeidenheid van deelnemers vanuit die hemel en vanaf die aarde *wat die HERE loof*. Wat kan ons leer uit die skepsels se lof in hierdie kosmiese koor? Hoe staan ons eie lofprysing aan die HERE in verhouding tot hierdie skeppingskoor? Wat is die implikasie van al hierdie skepsels wat die HERE so uitbundig loof vir ons omgang met en sorg vir die skepping?

## Eksegese

### Wat sê die teks?

Daar is geen beduidende teksvariante in Psalm 148 nie.[669] Tog is daar wel opvallende verskille in vertalings. Hoe moet ons die uitdrukking van water wat bo die "hemelkoepel" (AFR20), of die "hemele" (AFR33/53), of die "hemelruim" (AFR83) is, voorstel? Verwys die "vaste orde" (AFR20) of "wet" (AFR33/53), of "orde [*wat*] neergelê" is (AFR83) in Psalm 148:6 na natuurwette of dalk na iets anders? Wat moet ons aflei van die terme "seemonsters" (AFR20) of "groot seediere" (AFR33/53) in Psalm 148:7?[670] Hoekom is daar, vir ons dalk vreemde, onderskeid tussen wilde diere, vee, kruipende diere en voëls in Psalm 148:10? En wat beteken dit om 'n "horing te verhef" (AFR33/53) in Psalm 148:14? Die skepsels wat aanmeld in die skeppingskoor en wat daarop volg, het duidelik meer spesifieke aandag nodig.

668. Kyk Cas Vos en Julian Müller, *God, Mens en Wêreld. Mens en Omgewing* (Halfway House: Orion, 1991), 158.

669. In vers 3 lees die Griekse Septuagint "τὰ ἄστρα καὶ τὸ φῶς" (Gérard E. Weil, K. Elliger and W. Rudolph, "Deutsche Bibelgesellschaft", in *Biblia Hebraica Stuttgartensia*, 5. Aufl., rev. (Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft, 1997), 1225. Dit kan beteken dat sterre en die lig as afsonderlike skepsels gesien word.

670. Die Engelse KJV vertaal selfs met "dragons" (drake).

# Wat beteken die teks?

## Vorm

Psalm 148 vorm deel van 'n literêre kategorie wat as himnes (of gesange) bekend staan,[671] en wat ook beskryf word as Psalms "wat God met vreugde verheerlik en Sy grootheid, krag, majesteit, vriendelikheid en barmhartigheid beklemtoon".[672] Die himnes spesifiek is tipiese lofliedere aan die HERE vir wat Hy as Skepper en Verlosser is.[673]

## Struktuur

Die struktuur van Psalm 148 druk die betrokkenheid van die totale skepping, die hemel (Ps. 148:1–6) en die aarde (Ps. 148:7–14), goed uit by die lofprysing. Hierdie twee strofes is taalkundig baie goed gestruktureerd wat weer die idee van 'n "hoogs gestruktureerde heelal wat op God se bevel en vir sy lof bestaan" onderstreep.[674] Die parallelle met die skeppingsverhaal in Genesis 1 is onmiskenbaar: Van hemelse wesens in die hoogtes tot seemonsters in die dieptes, asook mense, van konings tot kinders, is almal skepsels wat saam met die res van die skepping bestaan om lofprysing aan hulle Skepper te bring.[675] Selfs vuur, hael, sneeu, newels en stormwinde (Ps. 148:8), wat baie destruktief kan wees, is aspekte van God se goeie skepping wat opgeroep word om God te prys.[676]

Die rede vir hierdie lofprysing van die skepsels is omdat hulle op God se bevel geskape is (Ps. 148:5) en omdat alleen die HERE se Naam hoog bo die aarde en hemel verhewe is (Ps. 148:13). Opvallend is dat die Psalm ingelei en afgesluit word met "Halleluja" wat letterlik "Prys die HERE" beteken, en die raamwerk bied waarin Psalm 148 geïnterpreteer moet word.[677] Die Hebreeuse titel vir die versameling gesange vir die tempeldiens, is "*tehillim*" wat "lof" beteken. Ten spyte van 'n groot verskeidenheid Psalms

671. Ander himnes is Ps. 8; 19; 29; 33; 65; 67; 68; 93; 96; 98; 100; 103; 111; 113; 114; 117; 135; 145; 146; 147; 149; 150. Baie van hierdie Psalms bevat uitsonderlike verwysings na die natuur.

672. Mangum, *Literary Types*.

673. Sproul, *Study Bible*, 827.

674. Futato, *Psalms*, 435.

675. Ibid., 436.

676. Hierdie kragte, net soos aardbewings, mag geassosieer word met God se oordeel oor morele boosheid, maar dit hoef nie so te wees nie (kyk Iain Provan, *Seriously Dangerous Religion. What the Old Testament Really Says and Why it Matters* [Waco: Baylor University Press], 109).

677. Kyk Vos en Müller, *God, Mens en Wêreld*, 158 vir bespreking van Psalm 147 en 150.

is hierdie term wel van toepassing, omdat die meeste Psalms ’n element van lofprysing bevat.[678]

Om die rol van hierdie skeppingskoor beter te kan verstaan, is dit raadsaam om die hele boek Psalms as ’n eenheid te beskou. Psalm 148 is deel van ’n doksologie (lofprysing) wat aan die einde van elkeen van die vyf boeke in die Psalms opgeneem is.[679] Die plasing van die lofpsalms (Ps. 146–150) aan die einde van die boek verwys ook duidelik terug na die opening van die boek met sy tweeledige fokus op die Torah en koningskap in Psalms 1 en 2. Dit is veral Psalm 2 wat met Psalm 149 en 148 in gedagte gelees moet word. In Psalm 148:11 word die konings en alle volke (soos in Ps. 2:1, 2, 10) nog ’n laaste keer opgeroep om die HERE, die Regeerder van die hele wêreld, te loof. Konings, al speel hulle ’n belangrike rol in die godsdiens van Israel en in die Psalms, is maar net menslike diensknegte van God.[680] Ook hulle mag nie op die pad van sondaars stap nie (Ps. 1:1), en ook hulle kan net hulle vreugde vind in die wet (v. 2). Die hele skeppingskoor word nog as voorlaaste crescendo ingespan om die HERE te loof wat oor alles regeer. Psalm 2 se komplekse vrae bly op die agtergrond. Wat gaan finaal gebeur met die nasies se nuttelose planne (Ps. 2:1) en met die konings wat nie geluister het na die waarskuwings nie (v. 10)? Israel moet hom bly verheug in sy Maker en juig oor sy Koning (Ps. 149:2) – ’n lofprysing wat met tweesnydende swaarde gepaard gaan om die nasies te oorwin (Ps. 149:7–8; 2:3–9) en om die vonnis te voltrek oor die nasies en die konings (Ps. 149:9; 2:12).[681] Psalm 150 eindig op ’n hoogtepunt vir Israel en alle getroue volgelinge van die HERE se lofprysing. Die skeppingskoor is nog steeds daar tot die heel laaste vers van die Psalms: “alles wat asem het moet die Here loof” (Ps. 150:6). God, die ware Koning en Skepper roep op tot lofprysing. *In God se heiligdom het die skeppingskoor ’n reikwydte groter as die ryke van menslike konings en regeerders, en ’n bestemming wat veel verder in die toekoms strek as die tyd van oordeel oor ongehoorsame nasies en konings.*

## Woord en konsepte in konteks

Sekere woorde en konsepte het verdere toeligting nodig om die aard van die skeppingskoor beter te verstaan. Die beskrywing van “water wat bo die hemelkoepel is” (Ps. 148:4) mag dalk vreemd oorkom vir die hedendaagse mens. Dit verwys na die manier hoe die kosmos se werking verstaan is in

678. Sam Storms, *Biblical Studies: Psalms* (Edmond: Sam Storms, 2016).

679. Die vyf boeke in die Psalms is: Ps. 1–41; 42–72; 73–89; 90–106 en 107–150. Kyk Sproul, S*tudy Bible*, 828.

680. Longman III and Dillard, *Introduction*, 260.

681. Cas J.A. Vos, *Theopoetry of the Psalms* (Pretoria: Protea Book House, 2005), 75.

die antieke tyd (kyk ook Gen. 1:6–7): As God die “vensters van die hemel” (Gen. 7:11; 8:2) oopmaak begin dit reën. Die lug is blou omdat dit die kleur is van die waters wat deur die gewelf heen gesien word. In Esegiël 1:26 word God voorgestel as sittende op ’n troon van lasuursteen (AFR20) of saffiersteen (AFR53/53) met ’n blou of turkoois kleur wat die kleur van diep water of die lug is.[682] In hierdie beeld word die hemelkoepel as iets solieds beskou wat die waters moet terughou.[683] Die kernpunt is dat ook hierdie hemelse waters die HERE moet loof.

Die lemma vir “*ḥōq*” (Heb: *חֹק*) word vertaal met “vaste orde” (AFR20) of “wet” (AFR33/53) in Psalm 148:6. Dit beteken dat iets, soos ’n statuut of ordinansie, voorgeskryf is.[684] Dikwels verwys “*ḥōq*” breedweg na ’n voorskrif, en nie na die wetlike terminologie van ’n reël nie.[685] Nie net mense nie, maar ook die skepping ontvang voorgeskrewe beperkings of grense van ’n soewereine God wat beheer oor die kosmos uitoefen[686]: die see (Job 38:8–11; Spr. 8:22; Jer. 5:22), die water (Job 26:10), en ook die hemele (Ps. 148:6).[687] *In Psalm 148:6 se verwysing na “vaste orde” of “wet” moet daar nie in die eerste plek aan natuurwette gedink word nie, maar aan God se soewereine inperking van die natuurlike kragte in sy skepping.*

Ook ’n paar aardse skepsels in die skeppingskoor het nadere toeligting nodig. Die lemma vir “*tănnîn*” (Heb: תַּנִּין), wat na ’n slang, seemonster of draak verwys (Ps. 148:7), kom slegs 14 keer in die Hebreeuse Bybel voor, waarvan nege na ’n see- of riviermonster verwys.[688] Hierdie groot waterdier lewe in die diep waters en kan alleen met groot kragte beheer word.[689] Tog is die “*tănnîn*” nie ’n oermonster wat chaos uitbeeld nie, maar ’n skepsel met ’n bepaalde rol in God se skepping.[690] Die kernpunt is dat *lofprysing aan die HERE ook hierdie magtige seemonster wat in die diep waters woon, insluit*.

682. Timothy P. Jenney, “Water”, in *Eerdmans Dictionary of the Bible*, eds. David Noel Freedman, Allen C. Myers and Astrid B. Beck (Grand Rapids: W.B. Eerdmans, 2000), 1367.

683. Keener and Walton, *Cultural*, 6.

684. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 349.

685. Timothy A. Gabrielson, “Law”, in *Lexham Theological Wordbook*, Lexham Bible Reference Series, eds. Douglas Mangum et al. (Bellingham: Lexham Press, 2014).

686. Kevin R. Warstler, “Psalms”, in *CSB Study Bible: Notes*, eds. Edwin A. Blum and Trevin Wax (Nashville: Holman Bible Publishers, 2017), 942.

687. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 349.

688. Gen. 1:21; Job 7:12; Ps. 74:13; 148:13; Jes. 27:1; 51:9; Jer. 51:34; Eseg. 29:3; 32:2.

689. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

690. Keener and Walton, *Cultural*, 5.

Die klassifikasie van wilde diere, vee en kruipende diere is nie duidelik vir die hedendaagse leser nie. Die woord "*ḥăyyā*" (Heb: חַיָּה) is die mees algemene term vir 'n dier (bv. Gen. 8:17; Lev. 11:47), maar is gewoonlik 'n wilde dier (bv. Gen. 7:21; Sef. 2:15; Jes. 56:9).[691] Die lemma kom 96 keer in die Hebreeuse Bybel voor, waarvan 31 keer in Esegiël met sy surrealitiese visioene wat die betekenis van wildheid verder beklemtoon. Die woord "*bĕhēmâ*" (Heb: בְּהֵמָה) word meestal gebruik vir diere wat mak gemaak is,[692] dikwels in teenstelling met wilde diere.[693] Soms word die woord wel gebruik om na wilde diere te verwys as diere van die land of aarde (Deut. 28:26; Jes. 18:6; Jer. 7:31) of as diere van die woud (Miga 5:7 – AFR33/53). Die woord "*remeš*" (Heb: רֶמֶשׂ) verwys na bewegende diere. Dit is kleiner diere in water of op land wat rondbeweeg.[694] Ander wys daarop dat dit 'n kollektiewe benaming is vir kruipende en bewegende diere.[695] Ander weer is meer spesifiek en verwys na 'n groep diere wat laag op die grond kruip soos slange en reptiele.[696]

Die belangrike punt is dat alle skepsels in die hemele en op aarde die HERE prys. Geen skepsel, ongeag hoe hemels of onsigbaar, of hoe wild of angswekkend ook al, is uitgesluit uit die skeppingskoor nie. Die behoefte om uit te vind watter skepsels presies in Psalm 148 genoem word, gaan verder as wat die poëtiese vorm toelaat.

In die finale vers word verwys na 'n horing wat deur die HERE vir sy volk verhef is (Ps. 148:14 – AFR33/53). Die Hebreeuse woord vir horing, naamlik "*qĕrĕn*" (Heb: קֶרֶן), word dikwels met status, krag en vermoë geassosieer.[697] In hierdie teks word 'n Hebreeuse idioom gebruik om "'n soewereine, weldadige heerser" aan te dui – 'n Koning oor wie Israel juig (Ps. 149:2).[698]

## Verhouding met die res van die Bybel

Die boek Psalms het die hoop vir die volk Israel bly bevestig dat daar eendag 'n messias sal kom wat op die troon van Dawid sal sit. Vandag weet ons dat Christus deur die Heilige Gees se werking in die kerk en oor die

691. James Swanson, *Dictionary Hebrew*.

692. Benjamin M. Austin, "Animals", in *Lexham Theological Wordbook*, Lexham Bible Reference Series, eds. Douglas Mangum et al. (Bellingham: Lexham Press, 2014).

693. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 97.

694. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

695. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 943.

696. Austin, "Animals".

697. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

698. Robertson, *Psalms*, 230–231.

skepping regeer. Vandag lees en sing ons nog steeds dieselfde Psalms ter versterking van die hoop op sy wederkoms.[699] Christus het self aangekondig dat alles wat in die Wet, Profete *en Psalms* oor Hom geskryf staan, vervul moet word (Luk. 24:44).[700] Die Psalms moet dus gelees en gesing word in Christologiese perspektief.[701] Alle lofprysings (insluitend Ps. 148) is ter verheerliking van die Skepperkoning en Verlosser, Jesus Christus.[702]

## Teologiese belang

### *Teologie van die Psalms*

Die teologie van die Psalms is nie sistematies of abstrak nie, maar eerder konfessioneel en doksologies. Alhoewel die boek meestal uit gebede bestaan, kan dit nie gereduseer word tot ’n menslike reaksie op ’n ontmoeting met God nie. Die Psalms vorm deel van die kanon en is deel van die Woord van God.[703] Die konfessioneel-doksologiese aard van die Psalms moet help waak teen oormatige teologiese abstraksie.

### *Teologie van wie God is*

Die teologie van die Psalms is so groot soos die OT self. Die Psalms beeld God uit as Koning, as Skepper en as Verlosser. Die Psalms gee een van die omvangrykste openbarings van wie God is, wat Hy gedoen het, en hoe die mens daarop moet reageer. Psalm 148 openbaar God duidelik as soewereine Skepper (v. 5), onderhouer (vv. 8–10) en Koning (v. 14) van sy volk en getroue volgelinge.[704]

### *Teologie van aanbidding*

Die mens aanbid op ’n ander manier as die skepping omdat ons bevoorregte skepsels van die Skepper is. Op geen ander manier kan die mens sy identiteit verstaan nie. Daardie aanbidding vind plaas in die wete dat God se regering oor alles ’n fundamentele realiteit is wat eendag vervolmaak sal word, en wat plaasvind oor die volle breedte van die skepping en die volle lengte van die geskiedenis. ’n Uitgebreide teologie van aanbidding moet getuienis gee van die feit dat God alles geskep het en eendag sy hele

699. Sproul, *Study Bible*, 829.

700. Ibid.

701. Longman III and Dillard, *Introduction*, 262.

702. Ibid., 264.

703. Ibid., 256.

704. Kyk Robertson, *Psalms*, 230–231.

skepping nuut gaan maak.[705] Laat Israel hom verheug oor sy Maker en oor sy Koning (Ps. 149:2). Aanbidding sonder die besef van ware Koningskap en van die grootsheid en onderhouding van die Skepper laat sy skepping in oorvergeestelike, innerlike piëtisme of pliggedrewe, moralistiese uiterlike vertoon verval. Die Groot Doksologie van Psalms 146–150 beweeg heeltemal weg van so 'n selfbeheptheid met ons eie gebrekkige gehoorsaamheid en gedrewe pligmatigheid na 'n volledige, afhanklike oorgawe aan God wat sy klimaks in 'n liriese lofsang van vreugde vind (Ps. 150).[706]

### ○ *Teologie van die skepping*

Die skepping het deur God se bevel tot stand gekom (Ps. 148:5). Die skepping is 'n fundamentele waarheid waarop die wetenskap of die rede nie volledige versekering kan bied nie. Die bewys vir die leerstuk van die skepping kan uiteindelik net in geloof in die Skrif gevind word (Heb. 11:3).[707] Die lering van kreatuurlike skepsels is in direkte konflik met enige vergoddeliking van die natuur (soos wat in panteïsme of in die natuurmistiek gevind word).[708]

### ○ *Teologie van voorsienigheid*

Die voorsienigheid van God strek ook oor die hele natuur.[709] Natuurkragte soos vuur, hael, sneeu, newels en stormwind (Ps. 148:8), maar ook alle lewende en nie-lewende aspekte van die skepping staan onder sy voorsienigheid (Ps. 148:9).

### ○ *Teologie van God se ewige voorneme en skeppingsorde in die natuur*

In God se soewereine krag bepaal Hy wat in die hemel en op aarde gebeur. Die vraag of die sondeval ook reeds in God se plan was by die skepping, word deur sekere gereformeerde teoloë positief (supralapsaries) en ander negatief (infralapsaries) beantwoord.[710] Die meeste gereformeerde

705. Provan, *Old Testament*.

706. James I. Packer, *Concise Theology: A Guide to Historic Christian Beliefs* (Wheaton: Tyndale House, 1993), 21.

707. Augustus Hopkins Strong, *Systematic Theology* (Philadelphia: American Baptist Publication Society, 1907), 374.

708. Gerrot C. Berkouwer, *General Revelation. Studies in Dogmatics* (Grand Rapids: W.B. Eerdmans Pub. Co., 1955), 121–122.

709. Archibald Alexander Hodge, *Outlines of Theology: Rewritten and Enlarged* (New York: Hodder and Stoughton, 1878), 265.

710. Philip C. Holtrop, "Decree(s) of God", in *Encyclopedia of the Reformed Faith* (Louisville and Edinburgh: Westminster/John Knox Press and Saint Andrew Press, 1992), 98.

konfessies spreek hulleself infralapsaries uit deur die sondeval as ’n toestemming van God te sien, maar sonder om die supralapsariese posisie te veroordeel. Of ons ooit God se gedagtes hieroor kan ken, is ’n meer nederige en toepaslike vertrekspunt.[711] Een aanneemlike teologiese voorstel is om God se voornemens te sien as doeltreffend om sy eie doel te bereik sowel as toegeeflik aan die vrye optrede van sy skepsels.[712]

’n Soortgelyke gedagtegang word ook oorgedra na ’n teologie oor God se sogenaamde dekrete of ewige wetmatighede in die natuur.[713] Hierna word soms verwys as “skeppingsordes” wat gedefinieer word as ’n “[*w*]etlike struktuur of orde wat gewortel is in God se bedoelings met die skepping”.[714] Die woord- en konsepstudie oor Psalm 148:6 se verwysing na God se vaste orde wat by die skepping bepaal is, toon egter aan dat dit nie vaste natuurwette is wat as ewige voorneme in die skepping bepaal is nie, maar eerder perke wat gestel word aan die kragte van die natuur (soos vuur, hael en stormwind) wat sy bevel uitvoer (Ps. 148: 8). So ’n uitleg bring groter berusting in die wil van God en verwyder die las wat op die wetenskap geplaas word, om, volgens ’n bekende ontslape fiskikus, werklik die denke van God te kan ken.[715]

Die spanningsveld wat daar vir hedendaagse mense in Psalm 148 mag wees oor angswekkende seemonsters, diep waters, onordelike natuurkragte en wilde diere wat verslind, maar wat nog steeds deel uitmaak van God se goeie skepping, word nie filosofies-wetenskaplik nie, maar doksologies opgelos. Ken ons werklik God se gedagtes? Nee, gee eerder alles oor aan God in volle afhanklikheid. Verheug jou in jou Maker, en laat alles wat asem het die HERE loof.

## ☐ Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Die implikasie van hierdie teks vir skeppingsorg word nou van nader beskou:

711. John M. Frame, “Infralapsarianism”, in *Encyclopedia of the Reformed Faith* (Louisville and Edinburgh: Westminster/John Knox Press; Saint Andrew Press, 1992), 193–194.

712. Kyk Easton, *Dictionary*, 191.

713. Kuyper skryf: “[*W*]e can and must acknowledge and confess unconditionally that *all of creation* in its origin, existence, and progress constitutes one rich, integrated revelation of what *God in eternity thought* and *established in his decree*” [*skuinsdruk toegevoeg*] (Abraham Kuyper, *Wisdom & Wonder: Common Grace in Science & Art*, eds. Jordan J. Ballor, Melvin Flikkema and Stephen J. Grabill, trans. Nelson D. Kloosterman (Bellingham: Lexham Press, 2015). Van Til skryf: “[…] as a Calvinist looks upon *God’s decree as the foundation and origin of the natural laws* …” (Cornelius Van Til and Eric H. Sigward, *The Pamphlets, Tracts, and Offprints of Cornelius van Til*, electronic ed. (New York: Labels Army Company, 1997).

714. C. Stephen Evans, *Pocket Dictionary of Apologetics & Philosophy of Religion* (Downers Grove: InterVarsity Press, 2002), 30.

715. “The Mind of God: Top Quotes from Stephen Hawking”, besoek 25 Augustus 2022. https://phys.org/news/2018-03-mind-god-quotes-stephen-hawking.html.

Eerstens, sorg vir die skepping kan nie losgemaak word van God as Koning, as Skepper en as Verlosser nie, soos geopenbaar in Jesus Christus deur die werking van die Heilige Gees. Sorg vir die skepping moet inherent deel bly van die verhouding tussen die drie-enige God en die mens, en is nie iets wat die mens op enige manier kan aanpak sonder God nie.

Tweedens staan skeppingsorg in die konteks van aanbidding en lofprysing aan die HERE; nie afsonderlik van die hele skepping nie, maar saam daarmee. Skeppingsorg is ook "koorbegeleiding" in die wete dat elke deelnemer, ongeag hoe angswekkend en wild, die HERE loof. Hoe spits ons ons ore vir die lofsange van elke deelnemer in die skeppingskoor van die heelal? Weerspieël individuele en gesamentlike aanbidding en lofgesange God se koninklike heerskappy oor alles? Vind dit plaas oor die volle breedte van die skepping en die volle lengte van die geskiedenis?

Derdens, sorg vir die skepping mag nie uitsluitlik bepaal word deur filosofies-wetenskaplike interpretasies van natuurlike wette en wetmatighede nie. Skeppingsorg is gebaseer op God se voorsienige inperkings van natuurkragte, maar dit is nie nodig om verslae te wees as sulke kragte wel groot verwoesting aanrig nie. God gee vryhede aan sy skepsels in sy soewereine wysheid, wat ons as mense dalk nie aan ander skepsels sou gegun het nie.

## Psalm 104: Vertel jouself om die Skepper-Koning te loof!

### Opsomming

Psalm 103 en 104 is aan mekaar verbind deur gesamentlike lofprysing aan die Verlosser wat sondes vergewe en die Skepper wat bly voorsien. Beide is 'n uitdrukking van die HERE se Koningskap. Op hulle beurt vorm Psalms 104 tot 106 saam 'n lofprysing aan God vir sy werk in die natuur (Ps. 104) en in die geskiedenis (Ps. 105; 106). Die verlossing van sondes, die skepping en onderhouding van die natuur, en die verbondsgeskiedenis vorm alles deel van God se koninklike regering wat met lofprysing besing word. Die struktuur van die Psalm beeld die parellelle met die skeppingsverhaal in Genesis 1 treffend uit. Dit is opvallend dat verwysings na die skepping van die heersende mens na die beeld van God in Psalm 104 beperk is om uitdrukking te gee aan die gebroke harmonie in die skepping wat die gevolg van die mens se sonde is. Die lofprysing aan die Skepper sluit die versoek in dat die sonde van die aarde af mag verdwyn. Die primêre rede om die skepping goed te oordink, lê nie by die skepsels self nie, maar dat hulle die mens lei na lofprysing aan die Skepperkoning. Om deeglik op die skepping te let, bring lofprysing voort. Alle diere is ingesluit in God

se goeie skepping en onderhouding. Die skrikwekkende leviatan is ook deur God gemaak om in die see te speel. God het die hoë berge en rotse, plekke waar mense maar min kom en nie kan bly nie, gemaak as blyplek vir die wilde bokke en die dassies. Selfs die aggressiewe jong leeu is deur God goed gemaak en word ook deur God onderhou. Alle skepsels het hulle eie doel, deur God bepaal, onafhanklik van hulle verhoudings met mense. Die bron van die versteurde harmonie in God se goeie skepping is die sonde, nie die goed geskape mens nie. Vir die swak, sterflike mens is daar genadiglik nog baie vreugde en oorvloed in die skepping. Gras, plante en alle voedsel vir die mens is deur God geskep en word deur Hom in oorvloed voorsien tot versadiging en blydskap van die mens. Die mens is net so deel van die skepping en sal saam met die diere terugkeer na stof. Skeppingsorg moet daardeur gekenmerk word dat die mens sy plek as skepsel ken. Skeppingsorg, net soos enige ander faset van die Christen se lewe, bly ’n voortdurende stryd teen die boosheid en sonde – ook die boosheid en sonde wat teenoor ander skepsels begaan word. Aan die einde van hierdie Psalm oor God se skepping is dit die eerste keer dat “Halleluja!” – daardie “opregte uitroep van die siel” – in die Psalms gebruik word. Skeppingsorg is deel van ons diepste lofprysing aan ’n God wat vir alles sorg.

## Inleiding

“Loof die HERE, o, my siel!” Hierdie unieke manier van selfvermaning kom nêrens anders in die Bybel as in Psalm 103 en 104 voor nie.[716] Die innerlike self wat ’n mens se denke, gevoel, wil en begeertes insluit, word opgeroep om die HERE te loof.[717] Met “alles wat in my is” (Ps. 103:1) word die verlossing van sondes (Ps. 103), maar ook die skepping waarin God se koninklike majesteit so duidelik afgeteken staan (Ps. 104), in diepte bepeins. In hierdie twee Psalms openbaar God Homself as Verlosser, Koning en Skepper. Psalm 104 gee die unieke geleentheid om meer in diepte te kyk na die skepsels wat God se groot almag en sy koninklike majesteit en heerlikheid weerspieël. Die lofsang wat op hierdie nadere beskouing van God se skepping volg, gee die toon vir skeppingsorg aan.

716. Futato, *Psalms*, 330–331.

717. Die Hebreeuse woord vir siel (Heb: נַפְשִׁי, *nap̄šî*) dui op die innerlike self, alle lewende wesens, maar meestal met verwysing na ’n persoon, of na die mens self. Elke greintjie van die psalmis se wese is gerig op die lof aan die HERE.

# Eksegese

## Wat sê die teks?

Daar is geen beduidende teksvariante nie, maar wel opvallende verskille in die vertalings. In Psalm 104:6 word na "oerwaters" (AFR20) of "wêreldvloed" (AFR33/53) verwys, terwyl verskeie Engelse vertalings eerder "diepte" benadruk ("*deep*" [ESV, KJV1900, NRSV, NKJV] of "*watery depths*" [NIV]).

"Wilde diere" in Psalm 104:11 word verskillend vertaal (AFR83, ABD07; Engels: "*wild animal*" [NRSV]) of "diere van die veld" (AFR20, AFR33/53; Engels: "*beast(s) of the field*" [NIV, ESV, KJV1900, NKJV]).

In Psalm 104:14 word na "voedsel" (AFR20), "kos" (AFR83) of "broodkoring" (AFR33/53) verwys. Die frase, "bome word versadig" (AFR20, AFR33/53) in vers 16, word ook vertaal as "kry volop reën" (AFR83).

Die variasie in die vertaling van sekere spesifieke diere is opvallend. In Psalm 104:17 word verwys na "ooievaar" (AFR20, AFR33/53, ABD07; Engels: "*stork*" [NIV, ESV, NLT, KJV1900, NRSV, NKJV]), of na "reier" (AFR83). Psalm 104:18 verwys na "klipbokke" (AFR20, AFR83), "steenbokke" (AFR33/53), of in verskeie Engelse vertalings na "*wild goats*" (NIV, ESV, NLT, KJV1900, NRSV, NKJV).

Die verwysing in Psalm 104:20 na die maan wat gemaak is "vir feestye" (AFR20) en "sodat ons sal weet wanneer dit tyd is om fees te vier" (ABD07) is 'n ander gedagte as "om vaste tye mee aan te gee" (AFR83), of "vir die vaste tye" (AFR33/53). In Engelse vertalings word na die maan verwys om seisoene aan te dui ("*to mark the seasons*" [NIV, ESV, NRSV, NLT] of "*for seasons*" [KJV1900, NKJV]).

Laastens, in Psalm 104:33 word "besing" verskillend vertaal (AFR20, AFR83; Engels: "sing praise" [NIV, ESV, KJV1900, NRSV, NKJV), "musiek maak" (ABD07) of "psalmsing" (AFR33/53).

## Wat beteken die teks?

### Vorm

Psalm 104 (net soos Ps. 148) vorm deel van 'n literêre kategorie wat as himnes (of gesange) bekend staan, en wat ook beskryf word as Psalms "wat God met vreugde verheerlik en Sy grootheid, krag, majesteit, vriendelikheid en barmhartigheid beklemtoon".[718,719]

718. Mangum, *Literary Types*.

719. Kyk ook die eksegese van Psalm 148.

## Struktuur

Psalm 104 maak deel uit van Boek IV van die Psalms (Ps. 90 tot 106) wat saam met Boek V God se volk weer kollektief op God as Koning laat fokus. In ses Psalms word die HERE se koninklike regering gevier (Ps. 93, 95 tot 99) wat daarna deur Dawid opgevolg word deur sy koninklike huis se verbondstrou te onderstreep (Ps. 101).[720] Die stem van Dawid in Boek IV is beperk tot Psalm 101 en 103,[721] maar sommige verklaarders sluit Psalm 102 hierby in.[722] Psalm 103 en 104 is aan mekaar verbind deur gesamentlike lofprysing aan die Verlosser wat sondes vergewe en die Skepper wat bly voorsien. Beide is 'n uitdrukking van die HERE se koningskap (Ps. 103:19–22; 104:1–2, 31).[723,724]

Op hulle beurt vorm Psalm 104 tot 106 saam 'n lofprysing vir God se werk in die natuur (Ps. 104) en in die geskiedenis (Ps. 105 en 106).[725] Die woord "halleluja" kom vir die eerste keer voor in Psalm 104:35 en daarna weer ter afsluiting van Psalm 105 in vers 45, asook om Psalm 106 te begin in vers 1a en af te sluit in vers 48. *Verlossing van sondes, die skepping en onderhouding van die natuur, en die verbondsgeskiedenis vorm alles deel van God se koninklike regering wat met lofprysing besing moet word*.

Daar word dikwels na Psalm 104 as die beste voorbeeld van 'n skeppingspsalm verwys. Alhoewel Psalm 104 op die skepping fokus, kan dit nie net as beskrywend van die natuur gelees word nie, maar is dit hoofsaaklik 'n lofprysing aan die Skepper.[726] Die psalmis se bepeinsings oor God se skeppingswerk lei tot aanbidding. Die bevel om die HERE te loof (Ps. 104:1a, 35b) is die raamwerk waarbinne die hele Psalm 104 gelees moet word.[727]

720. Douglas Mangum, ed., *Lexham Context Commentary: Old Testament*, Lexham Context Commentary (Bellingham: Lexham Press, 2020), Ps. 90:1–106:48.

721. Ibid.

722. Fausset, *Commentary*, 323.

723. Futato, *Psalms*, 330–331.

724. Kyk die eksegese van Psalm 148 en 104 oor die gebruik van koninklike taal: "luister en glans" (AFR20), "majesteit en heerlikheid" (AFR 33/53)

725. Fausset, *Commentary*, 323.

726. Futato, *Psalms*, 330–331.

727. Willem S. Prinsloo, "The Psalms", in *Eerdmans Commentary on the Bible*, eds. James D.G. Dunn and John W. Rogerson (Grand Rapids and Cambridge: William B. Eerdmans Publishing Company, 2003), 415.

Met verwysing na dit wat geskape is, word op karakteristieke wyse na die hemel (Ps. 104:2–4) sowel as die aarde (Ps. 104:5–9) verwys.[728,729] Die struktuur van die Psalm beeld die parellelle met die skeppingsverhaal in Genesis 1 treffend uit[730]: skepping van lig en duisternis op die eerste dag (Ps. 104:2; Gen. 1:3–5), skepping van die uitspansel op die tweede dag (Ps. 104:4–5; Gen. 1:6–8),[731] skepping van droë land en see (Ps. 104:6–9; Gen. 1:9–10), skepping van gras, plante en bome op die derde dag (Ps. 104:10–18; Gen. 1:11–13), skepping van son, maan en sterre wat skeiding maak tussen lig en duisternis op die vierde dag (Ps. 104:19–23; Gen. 1:14–19),[732] skepping van lewende wesens in die see (Ps. 104:24–26; Gen. 1:20–23), en die voëls (Ps. 104:12, 17; Gen. 1:20–23) op die vyfde dag. Deurentyd word na die skepping van lewende wesens op die aarde op die sesde dag verwys: vee (Ps. 104:14; Gen. 1:24–25), wilde diere (Ps. 104:11, 20; Gen. 1:24–25) en kruipende diere (Ps. 104:18, 20; Gen. 1:24–25).

Die einde van die sesde en die begin van die sewende dag lyk egter beduidend anders in Psalm 104 as in Genesis 1. Opvallend is dat verwysings na die skepping van die heersende mens na die beeld van God (Gen. 1:26–31) in Psalm 104 beperk is tot opmerkings oor voedsel (Ps. 104:14–15), werk (Ps. 104:23), bote op die see (Ps. 104:26), en sonde (Ps. 104:35). Die psalmis is bewus van 'n gebroke harmonie in die skepping wat die gevolg van die mens se sonde is: "sondaars is 'n teenstrydige noot in die HERE se skepping en moet daarom verwyder word".[733] In die Psalm word verder wel gesinspeel (Ps. 104:31) op die begin van die sewende dag waarop God gerus het (Gen. 2:1–3),[734] maar dit is duidelik dat die volle rus nog nie bereik is nie. Die stemming van die werkwoord "verheug" in die frase "Mag die HERE Hom verheug" (Ps. 104:31) word voorafgegaan deur die woord "mag". Hierdie handeling is nog besig om te ontvou.[735]

*Die struktuur van Psalm 104 verwys na die skepping en roep op tot lofprysing aan God die Skepper op 'n manier wat die hele innerlike menswees betrek. Die gebrek aan volledige harmonie wat daar tans in die skepping is, is die gevolg van die sonde van die mens. Lofprysing aan die Skepper sluit die versoek in dat die sonde van die aarde af mag verdwyn.*

728. Futato, *Psalms*, 331.

729. Kyk die eksegese van Psalm 148 vir 'n bespreking oor hemel en aarde.

730. Fausset, *Commentary*, 323.

731. Barry, *Study Bible*, Ps. 104:2–4.

732. eSilva Sproul, *Study Bible*, 953.

733. Prinsloo, *Psalms*, 415.

734. Fausset, *Commentary*, 323

735. Heiser and Setterholm, *Database*.

## Woord en konsepte in konteks

Die skepsels in Psalm 104 wat God se koninklike eer en heerlikheid aantoon, verdien nou verdere aandag. Die primêre rede om die skepping goed te oordink, lê nie by die skepsels self nie, maar dat hulle die mens lei om die Skepperkoning te loof en te prys. ’n Verskeidenheid van skepsels word nou verder toegelig oor hoe die volgorde in die skeppingsverhaal min of meer voorkom (Gen. 1:1–2:3).

### *Lig en wind*

Net soos in Psalm 104:2 aangedui word, het die skepping ook begin met "lig" (Heb: אֽוֹר, *’ôr*) (Gen. 1:3–5), wat in kontras met duisternis is.[736] Net soos in Psalm 104:3–4 die wind (Heb: רְוּחַ, *rûaḥ*) en die winde (Heb: רוּחֽוֹת, *rûḥôṯ*), teenwoordig was, het die Gees (Heb: רְוּחַ, *rûaḥ*) van God by die skepping op die waters gesweef (Gen. 1:2).

### *Waters en oerwaters*

Die "water" (Heb: בַּמַּ֫יִם, *ḇammayīm*) in Psalm 104:3 en die "waters" (Heb: יַֽעַמְדוּ־מָֽיִם, *yaʿamḏûmāyīm*) in Psalm 104:6 is beide verbuigings van die lemma vir "water" (Heb: מַ֫יִם, *mă·yim*); dit wil sê "die vloeistof wat algemeen is vir alle lewe".[737] Die verwysing na "oerwater" (Heb: תְּהוֹם, *tᵉhôm*) (Ps. 104:6) is egter anders; dit is poëtiese taalgebruik vir die dieptes, vir die see of ’n afgrond.[738,739]

### *Droë grond en die see*

Totdat God by die skepping ’n skeiding gemaak het tussen die oerwaters en die droë land en grense gestel het vir die waters, was lewe nog nie moontlik nie (Gen. 1:2–7). Die oerwater het weer oopgebreek by die groot vloed (Gen. 7:11) en is weer daarna ingeperk (Gen. 8:2). Die feit dat daar ’n grens (Heb: גְּבוּל, *gᵉḇûl*) gestel word aan die waters van die dieptes of aan die see, word verskeie kere in die OT herhaal (sien Job 38:8, 11; Ps. 104:9; Jer. 5:22).[740,741]

736. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

737. Ibid.

738. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 1062.

739. Kyk die eksegese van Spreuke 8.

740. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 148.

741. Sommige verklaarders meen dat die sondvloed ’n tydelike uitsondering was op die beperking wat op die oerwaters geplaas is (Fausset, *Commentary*, 325). Die kragte by die skepping en by die sondvloed staan egter nie in verhouding tot mekaar nie. Die sondvloed was, ten spyte van die feit dat die antieke wêreld vergaan het (2 Pet. 3:6), nie die totale vernietiging van die fisiese aarde nie, terwyl die skepping van die uitspansel soos in Genesis beskryf, wel deeglik enorme kosmiese veranderings aandui.

## *Gras, plante en voedsel*

Die gras (Heb: חָצִ֑יר, *ḥāṣîr*) in Psalm 104:14 is letterlik 'n "plant wat eetbaar is vir diere".[742] Die plante (Heb: וְעֵ֫שֶׂב, *weʿēśęḇ*) in dieselfde vers verwys spesifiek na "groen plante, plantegroei, kruie; dus enige kruie, grasse, saaddraende plantegroei vir menslike of diereverbruik".[743] Dit is moontlik 'n toespeling op die plante wat as voedsel vir mens en dier by die skepping gegee is (Gen. 1:11, 12, 29, 30; 2:5). Die woord "voedsel" (Heb: לֶ֫חֶם, *lęḥęm*) verwys na voedsel in die algemeen of brood as gewone kos van die vroeë Hebreërs, en hier in Psalm 104:14 kan dit ook meer spesifiek verwys na die produkte waarvan brood gemaak word soos koring of gars[744] (kyk ook Jes. 28:28; 30:23; 36:17). Die "hoofprodukte van Kanaän [...] was koring, wyn en olie".[745] Wyn is gegee om vir blydskap te sorg. Die mens se gesig wat blink is met olie, is 'n figuurlike beskrywing van God se oorvloedige voorsiening van ryk voedsel.[746] *Gras, plante en alle voedsel vir die mens is deur God geskep en word deur Hom in oorvloed voorsien tot versadiging en blydskap van die mens*.

## *Bome, seders en sipresse*

Bome (Heb: עֲצֵ֣י, *ʿaṣê*; lemma in Heb: עֵץ, *ʿēṣ*) in Psalm 104:16 verwys na enige houtagtige plant in teenstelling tot kruidagtige plante (Ps. 104:14),[747] maar soms ook, in figuurlike sin, na 'n bron van lewe en geluk (bv. Spr. 3:18).[748]

Die "seders van die Libanon" (Heb: אַרְזֵ֥י לְ֝בָנ֗וֹן, *'arezê lebānôn*) is deur die HERE geplant (Ps. 104:16). Die lemma vir seder (Heb: אֶ֫רֶז, *'ęręz*), kom 73 keer in die Hebreeuse OT voor, met 20 vermeldings in 1 Konings alleen. Sederhout is so duursaam en waardevol dat dit selfs gebruik word in die bouproses van die tempel en die koninklike paleise (1 Kon. 5, 6 en 7).[749] Die seder van die Libanon (*Cedrus libani* in die orde *Coniferæ*)[750] is 'n wydspreidende, immergroen boom van nagenoeg 15 tot 25 m hoog met heelwat groot

742. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

743. Ibid.

744. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 537.

745. Fausset, *Commentary*, 325.

746. Kevin R. Warstler, "Psalms", in *CSB Study Bible: Notes*, eds. Edwin A. Blum and Trevin Wax (Nashville: Holman Bible Publishers, 2017), 909.

747. Andrew Lewis, "Plants", in *Lexham Theological Wordbook*, Lexham Bible Reference Series, eds. Douglas Mangum et al. (Bellingham: Lexham Press, 2014).

748. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 781–782.

749. John D. Barry et al., eds., "Cedar", in *The Lexham Bible Dictionary* (Bellingham: Lexham Press, 2016).

750. Balfour, "Plants", 21.

horisontale takke.[751] Die boom staan stewig in die grond geanker en kan die geweld van storms goed weerstaan.[752] Die seder is met reg ’n simbool van mag, statigheid en majesteit (bv. Ps. 80:11).[753]

Die sipres (Heb: בְּרוֹשׁ, *b*ᵉ*rôš*) in Psalm 104:17 is ’n waardige,[754] immergroen boom (Hos. 14:9) van gemiddelde grootte wat in die tempel se bouprosesse gebruik is (1 Kon. 5:8, 10; 6:15; 9:11; 2 Kron. 2:7; 3:5), wat vir musiekinstrumente gebruik is (2 Sam. 6:5), en wat dikwels saam met seders genoem word (2 Kon. 19:23; Jes. 14:8; 37:24; 41:19; 60:13; Eseg. 27:5; 31:8; Sag. 11:2). Seders sowel as sipresse word ook elders na verwys as staande in die “tuin van God” (Eseg. 31:8). God se skepping en sorg reik ook na die onbewerkte dele van die aarde[755] wat vir sy koninklike woning bewaar word. Die psalmis het alle bome hier in die oog, maar noem in harmonie met die res van die OT, twee van die beste soorte denkbaar in die tuin van God.

## Die ligte

Die maan (Heb: יָרֵחַ, *yārēaḥ*) sowel as die son (Heb: שֶׁמֶשׁ, *šě·měš*) is deur God gemaak (Gen. 1:14–16; Ps. 8:4) en, in teenstelling met wat onder die Egiptiese Farao, Akhnaton, gebeur het,[756] mag nie aanbid word nie (Deut. 17:3; 2 Kon. 23:5). Die son gee hitte, lig en lewe,[757] en dui die tyd aan, terwyl die siklusse van die maan die maande se begin en einde sowel as die seisoene aangedui het.[758] Die woord wat hier vertaal is met seisoene of feestye (lemma in Heb: מוֹעֵד, *mô·ēḏ*), beteken letterlik “vasgestelde tyd” deur iemand wat die gesag daartoe het (kyk Lev. 23:4).[759]

## Waterdiere en die leviatan

In Psalm 104:25 dui die woord “dier” (Heb: חַיּוֹת, *ḥayyôṯ*) ’n algemene dier aan. Hierdie diere is “in die meeste gevalle diere wat nie makgemaak is

751. Ibid., 24.

752. Ibid.

753. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 72.

754. Ibid., 141.

755. Robert Jamieson, A.R. Fausset and David Brown, *Commentary Critical and Explanatory on the Whole Bible*, Vol. 1 (Oak Harbor: Logos Research Systems, Inc., 1997), 376.

756. Keener and Walton, *Cultural*, 982.

757. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

758. Jonathon Lookadoo, “Celestial Bodies”, in *Lexham Theological Wordbook*, Lexham Bible Reference Series, eds. Douglas Mangum et al. (Bellingham: Lexham Press, 2014).

759. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

nie, wat in hul eie habitat leef,"[760] in hierdie geval waterdiere.[761] Die leviatan (Heb: לִוְיָתָן, *līwyāṯān*) in Psalm 104:26 is 'n groot seedier soos 'n walvis of dolfyn.[762] Dit is in teenstelling met ander tekste waar die leviatan wel die vorm van 'n draak of seeslang aanneem (Job 3:8; Ps. 74:14; Jes. 27:1; 51:9),[763] maar wat dan op die enigste ware God geheroriënteer word.[764] Daar was volgens die mites van die ANO 'n vyandige chaos-monster wat teen 'n oorwinnende god sou gestry het. Psalm 104 egter, in verwysing na die skeppingsverhaal in Genesis, ontken dit: "Die enigste seemonsters wat Genesis in sy skeppingsverhaal toelaat, is wesens van God, wat in die oseane kan baljaar."[765] *Die ooglopend skrikwekkende leviatan is ook deur God gemaak om in die see te speel*.

## ○ *Voëls en ooievaars*

Die voëls (Heb: צִפֳּרִים, *ṣīpporîm*) (lemma in Heb: צִפּוֹר, *ṣīppôr*) in Psalm 104:17 verwys na die hele "groep gevleuelde diere, mak of wild, gewoonlik met die vermoë om te vlieg".[766] Dieselfde woord kan ook meer spesifiek na mossies verwys (Heb: צִפּוֹר, *ṣīppôr*) (Ps. 84:4; Matt. 10–29, 31; Luk. 12:6–7).[767]

Die woord wat met ooievaar (Heb: חֲסִידָה, *ḥasîḏâ*) vertaal is, kom net ses keer in die Hebreeuse Bybel voor, waar dit voorgestel word as 'n dier wat nie geëet mag word nie (Lev. 11:19; Deut. 14:18), wat sy vasgestelde tye ken (Jer. 8:7), wat geken word aan sy pragtige en groot vlerke (Job 39:16; Sag. 5:9), en wat sy tuiste in sipresse het (Ps. 104:17). Oor die algemeen word dit gesien as 'n watervoël, en "waarskynlik 'n waadvoël van die *Ciconiidae*- of *Ardeidae*-families"[768] wat in die meeste weergawes as ooievaar (of reier) vertaal word. Die ooievaar is 'n trekvoël wat bedags hoog in die lug vlieg sodat hulle aankoms vir almal baie duidelik is. By hulle aankoms gaan hulle na dieselfde nes toe terug, oorstelp van vreugde om weer tuis te wees.

760. Koehler et al., *Lexicon*, 310.

761. Ibid.

762. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

763. Kyk die eksegese van Job 40–41.

764. Provan, *Religion*, 433 n22.

765. Ibid., 179–180.

766. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

767. John D. Barry et al., eds., "Sparrow", *The Lexham Bible Dictionary* (Bellingham: Lexham Press, 2016).

768. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

Ooievaarouers is verder bekend vir hulle liefdevolheid en waaksaamheid teenoor hulle kleintjies.[769,770]

## ◯ *Wilde diere en vee*

In Psalm 104:11 en 20 sinspeel die woord, wat met 'n poëtiese einde vir dier (Heb: חַיְתוֹ, *ḥayṯô*) gebruik word, meestal op 'n wilde dier wat nie makgemaak is nie en in sy eie habitat woon (ook in Gen. 1:24; Ps. 50:10; 79:2; Jes. 56:9). In teenstelling hiermee, verwys die woord wat vir "vee" (Heb: לַבְּהֵמָה, *labbᵉhēmâ*) in Psalm 104:14 gebruik word na "diere wat vir gebruik aangehou word, hetsy vir werk of vir kos".[771] God gee voedsel en water aan al die diere. *Alle diere is in God se goeie skepping en onderhouding ingesluit.*

## ◯ *Wilde donkies*

In Psalm 104:11 word na "wilde donkies" (Heb: פְּרָאִים, *p̄ᵉrā'îm*) verwys. Die lemma (Heb: פֶּרֶא, *pęrę'*) kom 10 keer in die Hebreeuse OT voor.[772,773] Nie wilde donkies of esels word hier bedoel nie, maar 'n spesifieke dier, naamlik 'n "... Asiatiese soogdier verwant aan die perd".[774] Die genus *Equus* waarna verwys word, sluit perde, donkies en sebra's in (die spesie hier ter sprake is waarskynlik die *Equus hemionus onager*).[775] 'n Ander Hebreeuse woord word ook met "wilde donkies" (Heb: עָרוֹד, *ʿārôḏ*) vertaal (Dan. 5:21; soms ook Job 39:5), wat verwys na 'n donkie wat nie makgemaak is nie (dit word deur sommige geïdentifiseer as die *Equus asinus hemippus*[776] wat dalk eerder bekend staan as die uitgesterfde Siriese wilde-esel,[777] *Equus hemionus hemippus*[778]). Wat habitat en gedrag betref kan Suid-Afrikaners

769. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 339.

770. Hart, *Animals*, 205–208.

771. Brannan, *Research Lexicon*.

772. Gen. 16:12; Job 6:5; 11:12; 24:5; 39:5; Ps. 104:11; Jes. 32:14; Jer. 2:24; 14:6; Hos. 8:9.

773. Isaiah Hoogendyk, *The Lexham Analytical Lexicon of the Hebrew Bible* (Bellingham: Lexham Press, 2017).

774. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

775. D.E. Wilson, and D.M. Reeder, eds., *Mammal Species of the World: A Taxonomic and Geographic Reference*, 3rd Ed., besoek 07 September 2022. http://www.departments.bucknell.edu/biology/resources/msw3/browse.asp?id=14100027.

776. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

777. "Syrian Wild Ass", Wikipedia, besoek 07 September 2022. https://en.wikipedia.org/wiki/Syrian_wild_ass#Extinction.

778. Wilson and Reeder, *Mammal Species*.

"wilde donkies" van Psalm 104 dalk die beste vergelyk met bergsebras (*Equus zebra*) om so 'n tipe dier te beskryf. Sonder om die spesie self te identifiseer, kan ons wel aflei uit ander teksgegewens dat hierdie dier 'n wilde woestynbewoner is (Job 11:12; 24:5; Jes. 32:14; Jer. 2:24; 14:6), wat in figuurlike sin getuig van moedswilligheid (Hos. 8:9), van wellustigheid (Jer. 2:24) (met verwysing na Israel se afgodery), en met armoedige woestynbewoning (Job 24:5).[779] Soos wat die wildheid, moedswilligheid en armoedige voortvlugtigheid van hierdie dier is, so sou, volgens die profesie, Ismael ook wees (Gen. 16:12).

## ○ *Wildebokke en dassies*

Psalm 104:18 se "klipbokke" (AFR20) of "steenbokke" (AFR33/53) beteken letterlik "wilde bokke" (Heb: יְעֵלִים, *yᵉʿēlîm*).[780] Die lemma (Heb: יָעֵל, *yāʿēl*) verwys na 'n "manlike bergbok, 'n wildebok of Ibex, dit wil sê 'n dier van die Capra-familie",[781] en kom net drie keer in die Hebreeuse OT voor (1 Sam. 24:3; Job 39:4; Ps. 104:18). Die Hebreeuse woord vir die rein, eetbare bok (Heb: אַקּוֹ, *'aqqô*) van Deuteronomium 14:5[782] verwys waarskynlik na 'n ander spesie, maar dit kan nie met sekerheid bepaal word nie.[783] Hierdie diere is "baie skaam en woon in die minder toeganklike vestings tussen die berge"[784] wat sou kon verklaar waarom dit onbekend is wanneer hierdie bokke lam (Job 39:4).

In Psalm 104:18 word in die meervoud na "dassies" verwys (Heb: שְׁפַנִּים, *šᵉpannîm*) (lemma: Heb: שָׁפָן, *šāpān*). Die dier waarna hier verwys word, kom die naaste aan Suid Afrika se klipdas, alhoewel algemeen na "dassie" (*Procavia capensis* in die orde *Hyracoidea*) verwys word.[785] 'n Subspesie (*Procavia capensis syriaca* Schreber, 1784) kom in die Midde-Ooste voor.[786] Die dassie word as onrein beskou (Lev. 11:5; Deut. 14:7), maar word ook as besonder wys beskou deurdat hulle hul blyplek in die rotse maak (Spr. 30:26). *God het die hoë berge en rotse, plekke waar mense min kom en nie kan bly nie, as blyplek vir die wilde bokke en die dassies gemaak.*

779. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 825.

780. Ibid., 418.

781. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

782. John D. Barry et al., eds., "Ibex", in *The Lexham Bible Dictionary* (Bellingham: Lexham Press, 2016).

783. Kyk Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 70 en Hart, *Animals*, 119.

784. Hart, *Animals*, 119.

785. J. Shoshani, "Order Hyracoidea", in Wilson and Reeder, *Mammal Species*.

786. Ibid.

### ○ *Jong leeus*

Die jong leeus (Heb: כְּפִירִים, *kᵉpîrîm*) in Psalm 104:21 is 'n meervoudsvorm van leeu (Heb: כְּפִיר, *kᵉpîr*) wat verwys na 'n "kwaai, sterk leeu, d.w.s. 'n leeu in die laat adolessente stadium van die lewe tussen 'n welpie en volwassene [...] sterk en aggressief".[787] Hierdie dier is oud genoeg om sy eie prooi te jag (Jes. 11:6; Jer. 25:38; Sag. 11:3).[788] Die leeus se gebrul word in Psalm 104 gesien as 'n versoek aan God vir kos.[789] *Selfs die aggresiewe jong leeu is een van die wilde diere (Ps. 104:11, 20) wat deur God goed gemaak is (Gen. 1:24) en ook deur God onderhou word.*

### ○ *Die mens*

Die Hebreeuse woorde wat vir "mens" in Psalm 104:14, 15 en 23 gebruik word, is opvallend. In Psalm 104:14 en 23 word na die geskape Adam-mens (Heb: אָדָם, *'āḏām*) verwys wat met die skepping die plante as voedsel ontvang het (Gen. 1:29) en die opdrag kry om die tuin te bewerk en op te pas (Gen. 2:15). Vir die Adam-mens is voedsel en werk deel van die goeie skepping. Psalm 104:15 verwys egter na die Enos-mens (Heb: אֱנוֹשׁ, *'ęnôš*), oftewel die "verswakte en sterflike mens".[790,791] Tog voorsien God genadiglik aan die Enos-mens in sy swakheid wyn om sy hart bly te maak (lemma in Heb: שׂמח, *śmḥ*) (kyk Rig. 9:13; Spr. 31:6, 7; Joh. 2:10; 1 Tim. 5:23) en olie om sy gesig te laat blink (lemma in Heb: צהל, *ṣhl*). Hierdie goeie gawes aan die swak, sterflike mens word poëties benadruk deur die herhaling van konsonante in hierdie vers (wat verwant is aan alliterasie in die digkuns).[792] Dit staan in teenstelling met die sondaar (Heb: חַטָּא, *ḥaṭṭā'*) en goddelose persoon (Heb: רָשָׁע, *rāšā῾*) in Psalm 104:35 wat nie meer mag bestaan nie. *Die bron van die versteurde harmonie in God se goeie skepping is die sonde, nie die goed geskape Adam-mens self nie. Vir die swak, sterflike Enos-mens is daar genadiglik nog baie vreugde en oorvloed in die skepping.*

## ☐ **Verhouding met die res van die Bybel**

Psalm 104:4 word in Hebreërs 1:7 aangehaal, alhoewel "boodskappers" met "engele" vervang is om die oppergesag van Jesus oor die engele aan te

787. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

788. Ibid.

789. Biblical Studies Press, *NET Bible*, Ps. 104:21.

790. Fausset, *Commentary*, 325.

791. Kyk die eksegese van Psalm 8.

792. "*Hebrew Poetry*", besoek 08 September 2022. https://www.encyclopedia.com/religion/encyclopedias-almanacs-transcripts-and-maps/hebrew-poetry.

dui.[793] Die LXX het "boodskappers" (Heb: מַלְאָךְ, *mal'āḵ*) met "engele" (Gr: ἀγγέλους) in Psalm 104:4 vertaal.[794] Hebreërs spreek tot 'n gehoor wat:

> respek [*het*] vir die rol van engele as bemiddelaars van God se openbaring [*en dit*] het 'n verwysingspunt verskaf om van die veel hoër status (en dus gesag) van die Seun van God te praat.[795]

## Teologiese belang

### *Teologie van lofprysing en aanbidding*

Die skepping is die sigbare manifestasie van die Skepperkoning se majesteit, eer en heerlikheid (Ps. 19:1–4). Saam met die psalmis mag ons bid dat God se heerlikheid vir ewig sal voortduur in die skepping, sodat Hy Hom in sy werke kan verheug en ander Hom kan bly prys. Dit is opvallend dat, aan die einde van hierdie pragtige Psalm 104 oor God se skepping, dit die eerste van 23 keer is dat "Halleluja!" – daardie "opregte uitroep van die siel" – in die Psalms gebruik word.[796]

### *Teologie van die skepping*

Psalm 104 is 'n model van lofprysing aan God, die Skepper, "vanweë die wonderlike orde, verskeidenheid en skoonheid van Sy werke".[797] Alles, selfs die karnivore (Ps. 104:24), is met groot wysheid gemaak.[798] Psalm 104 leer dat die skepping in die Bybel op verskeie maniere uitgebeeld kan word.[799]

### *Teologie van die mens*

Psalm 104 benadruk dat die mens 'n skepsel is, net soos alle ander skepsels. Die mens is volkome deel van die skepping (Gen. 1:26–27; Ps. 104:23)[800]; mense is enersyds ook maar net stof en sal saam met ander diere terugkeer

793. Guthrie, *Hebrews*, 933.

794. Henry Barclay Swete, *The Old Testament in Greek: According to the Septuagint* (Cambridge: Cambridge University Press, 1909), Ps 103:4.

795. Guthrie, *Hebrews*, 936.

796. Futato, *Psalms*, 332.

797. Packer, *Concise*, 22.

798. Provan, *Religion*, 232.

799. Sien ook Gen. 1:1–2:3; 2:4–3:24; Job 38–41; Spr. 8:21–33; Pred. 2:1–11; 12:1–7; Jes. 40–55 (John E. Anderson, "Creation", in *The Lexham Bible Dictionary*, eds. John D. Barry et al. (Bellingham: Lexham Press, 2016).

800. Provan, *Religion*, 86–87.

na stof toe (Ps. 104:29). *Alle skepsels het hulle eie doel deur God bepaal en is onafhanklik van hulle verhoudings met mense* (Ps. 104:10–23).[801]

### ○ *Teologie van onderhoud en voorsiening*

Die psalmis wys dat alle lewe afhanklik is van 'n persoonlike Skepper vir hulle onderhoud. God is persoonlik betrokke by die dag-tot-dag sorg vir sy skepping deur die siklusse van dood (Ps. 104:29) en van lewe (Ps. 104:30).[802] God regeer en sorg vir sy skepping in heiligheid en wysheid en met groot krag.[803] Elke ding, goed of sleg, groot of klein, wild of mak, rasioneel of irrasioneel, en elke gebeurtenis word "gerig en beheer deur die voorsienigheid van God".[804] Dit wat ons natuurlike prosesse noem, staan ook onder beheer van God.[805,806] Christene mag weet dat hulle nooit in die mag van onsigbare kragte is nie.[807]

### ○ *Teologie van boosheid*

Boosheid het geen onafhanklike bestaan nie.[808] Die mens se dood is die gevolg van sonde (Rom. 5:12), en die land wat vervloek is, is die gevolg van menslike uitbuiting. God se skepping sluit ook jong leeus in wat hulle voedsel van God verwag (Ps. 104:21). Die belangrike punt is dat "die bose, wat die geskiedenis betree het, [*ook*] in die geskiedenis oorwin [*word*] deur volmaakte goedheid".[809]

## □ Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Die implikasie van hierdie teks vir skeppingsorg word nou nader beskou:

Eerstens, die grootsheid van God in die orde, verskeidenheid en skoonheid van die skepping en sy onderhouding daarvan roep ons op tot

801. Ibid., 223.

802. Futato, *Psalms*, 332.

803. Westminster Assembly, *The Westminster Confession of Faith: Edinburgh Edition* (Philadelphia: William S. Young, 1851), 176–177.

804. Zacharias Ursinus and George W. Williard, *The Commentary of Dr. Zacharias Ursinus on the Heidelberg Catechism* (Cincinnati: Elm Street Printing Company, 1888), 156.

805. Iain Provan, *Religion*, 356.

806. Calvin, *Institutes*, 205–206.

807. Packer, *Concise*, 56.

808. H.A.G. Blocher, "Evil", in *New Dictionary of Biblical Theology*, eds. T. Desmond Alexander and Brian S. Rosner, electronic ed. (Downers Grove: InterVarsity Press, 2000), 466.

809. Ibid., 467.

lofprysing uit die diepste van ons menswees. Om deeglik op die skepping te let, bring lofprysing voort. In sang en lied wil ons God prys vir elke skepsel en die hele natuur. Skeppingsorg is deel van die mens se diepste lofprysing aan 'n God wat vir alles sorg.

Tweedens, die mens is 'n skepsel en deel van die skepping. Skeppingsorg moet gekenmerk word deur die mens se aanvaarding van sy plek as skepsel. 'n Groot respek vir elke skepsel se aard en onafhanklike doel in God se wyse skepping moet die mens se opdrag tot skeppingsorg kenmerk.

Derdens, skeppingsorg sluit ook die uitbuiting van ander skepsels uit. Die realiteit is dat die boosheid die skepping binnegedring het deur die sonde. Skeppingsorg, net soos enige ander faset van die Christen se lewe, bly 'n voortdurende stryd teen die boosheid en sonde – ook die boosheid en sonde wat teenoor ander skepsels begaan word.

Hoofstuk 8

# Wet

## Inleiding

Die bybelse wet het vandag blywende waarde vir die gelowige (Matt. 5:17–20; Rom. 3:31). Dit beteken egter nie dat die wet direk in elke situasie toegepas kan word nie. Gelowiges lewe volgens die NT – in die Nuwe Verbond in Christus. Die blywende waarde van die wet word egter deur Jesus self duidelik gemaak: "Ek [*het nie*] gekom om die Wet of die Profete af te skaf nie. Ek het nie gekom om af te skaf nie, maar om dit te vervul" (Matt. 5:17). Die Ou-Testamentiese Wet bly waardevol vir die Christen, maar kan net verstaan word vanuit die openbaring in die NT.

## Wat is die Wet?

Die Wet verwys spesifiek na die meer as 600 wette wat God aan Israel gegee het in die tyd van Moses en opgeteken staan in die Pentateug, oftewel die eerste vyf boeke van die OT.[810] Die Wet is egter nie sinomiem met die Pentateug nie. Die Wet bestaan uit die Tien Gebooie en die Boek van die Verbond (Eks. 24:7) wat uit die basiese beginsels van die Tien Gebooie voortvloei.[811] Die boeke in die Pentateug bevat ook heelwat narratiewe om duidelik te maak dat die verbondswet tussen Yahweh

810. Longman III, *Reading*, 115.

811. Ibid., 75.

**How to cite:** De Wit, MP 2024, 'Wet', *Skeppingsorg: 'n Aanset tot interpretasie van sekere Bybeltekste oor die mens se verhouding tot die natuurlike omgewing*, ITUTA Books, Cape Town, pp. 183–211. https://doi.org/10.4102/aosis.2024.BK502.08

en Israel nie verstaan kan word buite die historiese narratief waarin dit plaasvind nie. Die boek Genesis bevat net 'n paar "wette" (bv. Gen. 1:28; 9:4–6; 17:9) wat nie spesifiek tot die verbondsgemeenskap tussen Yahweh en Israel beperk is nie.[812]

## Hoe interpreteer ons die Wet?

Die Wet, ook in die OT, is nie vir verlossing gegee nie, maar as vereistes hoe om te leef op 'n manier wat die Verlosser waardig is. Verhoudings tussen God en die volk, tussen mekaar en met ander skepsels, en die skeiding met heidense kulture, is in hierdie wette vasgestel.[813] Om die Wet goed te verstaan, moet die rol daarvan in Israel se geskiedenis verstaan word, veral ook omdat die regte verstaan van die profete en die Nuwe Verbond in Christus daarvan afhang.[814] 'n Belangrike aspek in die interpretasie van die Wet is dat God se voortdurende voorsienigheid wel afhanklik blyk te wees van die volk se gehoorsaamheid, maar dat sy verlossing nooit afhanklik was van die volk se vermoë om die wet te hou nie.[815]

## Wat leer ons uit die Wet vir ons tyd?

Christene se verhouding tot God vandag staan onder die Nuwe Verbond in Christus. Die Wet in die OT moet binne die geskiedenis van die verbond tussen Yahweh en Israel gelees word. Die Ou Verbond is met die Nuwe Verbond in Christus vervul. Die bepalings van die OT kan nie in eie tyd en omstandighede direk toegepas word nie. Verskeie "seremonies en heenwysings van die Wet" het met die koms van Christus tot 'n einde gekom, sonder om die waarheid en inhoud daarvan vir Christene op te hef.[816] Jesus se soenoffer wat eenmaal gebring is, is die enigste middel om met God te versoen en vir altyd volmaak te word (Heb. 10:14).[817] Sekere aspekte van Ou-Testamentiese etiese wette, naamlik die Tien Gebooie, word pertinent in die NT herhaal in die konteks van die tweërlei gebod om God en die naaste lief te hê (Matt. 5:21–37; 22:37–40; Joh. 7:23; Deut. 6:5; Lev. 19:18). Die etiese wette bly nog steeds relevant, maar moet in vandag se tyd en omstandighede op verskillende gevalle

812. Fee and Stuart, *How to Read*, 163–165.

813. Ibid.

814. Ibid.

815. Longman III, *Reading*, 115.

816. Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 25.

817. Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 21.

geïnterpreteer word. Die uitlewing van die Wet verg daarom studie, refleksie en wysheid.

## Deuteronomium 28:4–53: Die genadeverbond sluit die vrug van liggaam, grond en diere in

### Opsomming

Die rede vir die eis tot gehoorsaamheid in die verbond is nie 'n plig wat opgelê word nie, maar om 'n goeie lewe te verseker. Die genadeverbond, met al die bepalings wat die HERE met sy volk Israel hernu, is ten goede van die Israeliete self. Net soos in Deuteronomium is die goeie lewe saam met God – aanvanklik in die Paradys, daarna in die beloofde land Kanaän, tans in die Koninkryk wat alreeds begin het, en eendag in die ewige Koninkryk wat nog tot vervolmaking sal kom – die gevolg van gehoorsaamheid aan God. In die OT sowel as in die NT is gehoorsaamheid 'n dankbare antwoord deur hulle wie alreeds verlos is soos deur Christus bewerk; dit is 'n uitdrukking van verbondsverhouding en nie van plig nie. Seëninge in die OT sowel as in die NT hou verband met God se genadige, vriendelike en vrygewige optrede. Die karakter van God is sodanig dat Hy graag wil seën. Seëninge moet nie gesien word as belonings vir die onderhouding van die Wet nie, maar berus op God se beloftes en is die uitkoms daarvan om in verhouding met Hom te mag wees. Die hart van die boek Deuteronomium is 'n verhouding met die lewende God en nie die vasgestelde toepassing van belonings en strawwe nie. Die laaste woorde van die Pentateug word nie deur legalistiese vervloeking gekenmerk nie, maar deur genadige vergifnis en seën na die betoning van berou. Al die seëninge, maar ook al die vervloekings is egter in die verbondsbepalings ingesluit. Selfs die vrug van die liggaam, die moederskoot, sal vervloek wees indien daar nie na God geluister word nie. Ten spyte daarvan dat die betekenis van die woorde wat met liggaam, grond, diere en aarde vertaal is heelwat kan verskil, is dit wel die fisiese nageslag van mense en mak veediere en die opbrengs van die land wat deur seëninge en vervloekings geraak word. Die hoogste seën is egter nie materieel van aard nie, alhoewel dit wel dikwels so uitgedruk en beleef mag word. Die hoogste seën is die verbondsverhouding met God self. Die vervloekings manifesteer ook in materiële terme, maar is veel minder 'n straf as 'n illustratiewe beskrywing van wat dit beteken om buite 'n verhouding met God en sonder sy seën te wees. Die profete se vooruitsig van 'n Nuwe Verbond is die verwesenliking van God se oorspronklike verbond met Abraham dat Hy vir Hom 'n erfdeel soek uit alle nasies oor die hele aarde. In die Nuwe Verbond neem liggaam, grond en diere nie nuwe geestelike dimensies aan nie. Om die drie-enige God met hart en siel lief te hê en my naaste soos myself, beteken dat

die mens opgeroep word tot ’n “reeks regte verhoudings” met al God se skepsels op aarde – die aarde wat Hy gee om in te woon en oor te heers. Etiese optrede moet voortspruit uit ’n verbondsverhouding met God in Christus deur die werking van die Heilige Gees. Skeppingsorg begin daarom by verhoudings, gekenmerk deur liefde in hart en siel: eerstens, die regte verhouding met God in gemeenskap met Christus deur die werking van die Heilige Gees; tweedens, die regte verhouding met ons naaste; en derdens, ’n regte verhouding met ons eie liggame, met die grond waarop ons woon, en met al die ander skepsels.

## Inleiding

In die boek Deuteronomium word geloof en die werklike lewe konkreet gemaak. Geloofsgehoorsaamheid en die vrug van die goeie skepping word met mekaar verweef. Seëninge en vervloekings blyk sterk aardse verbintenisse te hê. As die vrug van die skepping ’n seën op gehoorsaamheid is, en die wegneem daarvan ’n vloek op ongehoorsaamheid is, hoe moet ons natuurrampe, peste en plae verstaan? Indien hierdie dinge ’n oordeel is van God oor verbondsverlating, hoekom dan nog sorg dra vir God se skepping? Werk skeppingsorg dan nie juis teen God se oordeel in nie? Sulke vrae mag dalk oortuigend klink, maar ontstaan uit ’n verkeerde lees van hierdie teks. Die Sinaïtiese Verbond wat in Deuteronomium bevestig word net voordat die volk die beloofde land binnegaan, moet enersyds binne die konteks van daardie tyd en andersyds ook binne die konteks van die Nuwe Verbond in Christus verstaan word. Alhoewel die wet deur Christus vervul is, bly die onderliggende beginsels vandag steeds geldig. Gehoorsaamheid aan God se wet sluit vandag ook in dat ons sorg dra oor die vrug van die skepping, naamlik die vrug van die liggaam, van die land en van diere, maar in die veel duideliker geopenbaarde gemeenskap met die mensgeworde en opgestane Here, Jesus Christus deur wie ons alles is deur die werking van die Heilige Gees.

## Eksegese

### Wat sê die teks?

Deuteronomium 28:4 en 11 verwys na die vrug van jou liggaam, grond en diere as seëninge, terwyl vers 18 na die vervloeking van dieselfde vrugte verwys wat in vers 51 en 53 verder toegelig word. Opvallend is dat sekere Afrikaanse vertalings van Deuteronomium 28:4 by die letterlike uitspraak “vrug van jou liggaam”, die vrug (of vrugte) van jou grond (of land) en die vrug van jou diere (of vee) (AFR20, AFR33/53) bly, terwyl ander die uitspraak eerder as “nageslag”, “opbrengs” en “aanteel” (AFR83) interpreteer, of net na “vrugbaar maak” verwys (ABD07).

## ❑ Wat beteken die teks?

### ○ Vorm

Die vorm waarin Deuteronomium 27:1–30:20 opgeteken is, staan bekend as *paranesis*, oftewel "[...] 'n [*t*]eks waarin die skrywer poog om hul gehoor te onderrig, te oorreed of aan te spoor".[818] Binne hierdie onderrig, bevat Deuteronomium 28:1–29:2 'n *vermaning*, oftewel "[...] 'n [*w*]aarskuwingsverklaring oor potensiële wangedrag of 'n sagte herinnering watter gedrag verwag of goedgekeur word".[819] Binne hierdie vermaning is daar *seën* in Deuteronomium 28:1–14, oftewel "[...] 'n [*v*]erklaring wat geluk, voorspoed en welsyn vir iemand toewens".[820]

### ○ Struktuur

Die boek Deuteronomium word dikwels met 'n vasal-verdrag van die ANO vergelyk.[821] Alhoewel daar ooreenkomste is, is die parallelle ver van eksak.[822] Die verdrae van Esarhaddon (gedateer 672 v.C.) wat in 1956 ontdek is, gee 'n beter insig in die struktuur van die boek Deuteronomium, maar is nog steeds nie presies dieselfde nie. Die boek is nie 'n verbond tussen twee partye nie, maar kan eerder gelees word as 'n "eed van lojaliteit wat deur 'n soewerein op sy vasal opgelê word".[823] Die eis van lojaliteit word in Deuteronomium en in hierdie verdrae identies beskryf as om met "hart en siel" lief te hê (Deut. 5:6). Tog is daar ook weer pertinente verskille tussen Deuteronomium en so 'n lojaliteitseed. Die rede vir die eis tot gehoorsaamheid is nie 'n plig wat opgelê word aan 'n vasal nie, maar om 'n goeie lewe te verseker: "sodat dit altyd met ons goed sal gaan en sodat Hy ons in die lewe sal hou ... [*wat*] ons tot heil [*sal*] strek ..." (Deut. 6:24). Die verbond (Heb: בְּרִית, *b*ᵉ*rîṯ*) (Deut. 29:1), met al sy bepalings wat die HERE met sy volk Israel hernu, is heeltemal tot voordeel van die Israeliete self. Dit is 'n hernuwing van die Sinaïtiese verbond en uiteindelik ook 'n verlenging en vervulling van die verbond met Abraham en die voorvaders (Deut. 29:10–13).[824]

---

818. Mangum, *Literary Types*.

819. Ibid.

820. Ibid.

821. Myers, *Dictionary*, 281.

822. Longman III and Dillard, *Introduction*, 111.

823. Moshe Weinfeld, "Deuteronomy, Book of", in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman (New York: Doubleday, 1992), 170.

824. Vanhoozer et al., *Dictionary*, 168.

## ○ Literêre konteks

Die boek se naam kom van die Griekse vertaling van Deuteronomium 17:18 wat "herhaling van die wet" beteken.[825] Hierdie vertaling stem nie heeltemal ooreen met die Hebreeuse teks wat as "afskrif" van die wet vertaal word nie (AFR20, AFR33/53). Deuteronomium word wel as 'n tweede weergawe van die wet wat op die berg Sinaï gegee is (en opgeteken is in Eksodus, Levitikus en Numeri), gelees.[826] Die boek is die hoogtepunt van die Pentateug en verskaf 'n "kenmerkende teologiese perspektief" vir die res van die OT.[827]

In die laaste paar dekades het die Bybelwetenskappe begin wegbeweeg van die histories-tradisioneel en vorm-kritiese metodes – wat die boek opgedeel het volgens veronderstellings oor die geskiedenis van hoe die boek saamgestel is en oor die verskeidenheid van bronne – na 'n beskouing waar die boek eerder as 'n literêre eenheid aanvaar word.[828] Eerder as om verskeie redaksionele lae te probeer onderskei, kan die boek se komplekse teologiese sake met so 'n interpretasie ook met groter vrug as 'n eenheid hanteer word.[829]

## ○ Woordstudie en grammatika

Daar is 'n paar belangrike woorde wat verdere toeligting nodig het om die teks reg te verstaan:

## ○ Seën

Die lemma vir seën (Heb: ברך, *ḇrḵ*) is goed bekend en kom 327 keer in die Hebreeuse OT voor. Die *Qal* werkwoordstam wat spesifiek in Deuteronomium 28:3–6 gebruik word (kyk ook Gen. 9:26 – AFR 33/53) dui aan om *passief geseën te wees*.[830] Die lemma vir vloek (Heb: ארר, *ʾrr*) kom slegs 63 keer in die Hebreeuse OT voor. Weereens word die *Qal* werkwoordstam in Deuteronomium 28:16 en 19 gebruik (kyk ook Gen. 3:14) wat aandui dat daar *passief vervloek word*. Buiten die opvallende feit dat die konsep van "seën" vyf keer meer as die konsep van "vloek" in die Hebreeuse OT vermeld word, hou seën in die OT sowel as die NT "hoofsaaklik verband met die

825. Myers, *Dictionary*, 280–281.

826. Longman III and Dillard, *Introduction*, 102.

827. Ibid.

828. Die hoeveelheid literatuur in die bybelwetenskappe oor Deuteronomium is enorm met geen duidelike konsensus op die meeste sake nie (Longman III and Dillard, *Introduction*, 105–114 vir 'n kort oorsig).

829. Longman III and Dillard, *Introduction*, 109. Kyk afdeling 1.6.2 vir 'n oorhoofse bespreking.

830. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

situasie wat mense geniet as gevolg van God se genadige, vriendelike en vrygewige optrede".[831] *Die karakter van God is sodanig dat Hy graag wil seën: "elke goeie ding kan net uit daardie een bron kom*".[832]

## Al of alles

'n Ander belangrike woord is "al" of "alles" (Heb: כֹּל, *kōl*) wat 34 keer in Deuteronomium 28 voorkom – die derde meeste van al die hoofstukke in die Hebreeuse OT.[833] Die betekenis is die geheel of alles,[834] oftewel die totaliteit.[835] In Deuteronomium 28:3 en 6 word beeldspraak gebruik wat 'n "*merisme*" genoem word. Dit beteken dat "[...] 'n [*u*]itdrukking [...] kontrasterende dele gebruik om totaliteit aan te dui, bv. 'kop tot tone' of 'hemel en aarde'".[836] Die uitdrukking "in die stad en [...] in die veld" (Deut. 28:3 – AFR33/53) dui seëninge aan sonder enige geografiese beperkings. Die uitdrukking "by jou ingang en ... by jou uitgang" (Deut. 28:6 – AFR33/53), suggereer dat daar geen tydelike beperkings op seëninge is nie; "God wil die gehoorsames hul hele lewe lank seën".[837] Al die seëninge (Deut. 28:2), maar ook al die vloeke (Deut. 28:15) is ingesluit. Selfs die vrug van die liggaam, die moederskoot sal vervloek wees indien daar nie na God geluister word nie (Deut. 28:18, 53). Die latere beleg van Samaria en Jerusalem was inderdaad so erg dat mense hulle selfs tot kannibalisme gewend het (2 Kon. 6:28; Jer. 19:9; Klaagl. 2:20, 4:10; Eseg. 5:10).[838,839]

## Vrug

Die lemma vir vrug (Heb: פְּרִי, *p*ᵉ*rî*) kom redelik algemeen (119 keer) in die Hebreeuse OT voor, waarvan 13 keer in Deuteronomium 28 alleen. In hierdie hoofstuk word die woord "vrug" gebruik in die sin van nageslag

831. Joshua G. Mathews, "Blessing", in *Lexham Theological Wordbook*, Lexham Bible Reference Series, eds. Douglas Mangum et al. (Bellingham: Lexham Press, 2014).

832. John Calvin and Charles William Bingham, *Commentaries on the Four Last Books of Moses Arranged in the Form of a Harmony*, Vol. 3 (Bellingham: Logos Bible Software, 2010), 220.

833. Die ander hoofstukke is Levitikus 11 (40) en 1 Kon 8 (36).

834. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 481.

835. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

836. Douglas Mangum, *The Lexham Glossary of Theology* (Bellingham: Lexham Press, 2014).

837. Eugene H. Merrill, "Deuteronomy", in *CSB Study Bible: Notes*, eds. Edwin A. Blum and Trevin Wax (Nashville: Holman Bible Publishers, 2017), 302.

838. Sproul, *Study Bible*, 292.

839. Merrill, *Deuteronomy*, 304.

(van mense) (Deut. 28:4, 11, 18, 53), in die sin van opbrengs (vv. 4, 11, 18, 33, 42, 51) en in sin van jongetjies (by diere) (vv. 4, 11, 51).

## ○ Liggaam of baarmoeder

Die lemma vir baarmoeder (Heb: בֶּ֫טֶן, *bęṭęn*) is in byna alle gevalle met "liggaam" vertaal, met die uitsondering van Deuteronomium 28:53 waar dit as "moederskoot" vertaal is (AFR20). Die vrug van die baarmoeder – dit is die fisiese deel van die vroulike liggaam waar 'n nageslag verwek word en ontwikkel – is letterlik wat in Deuteronomium 28 bedoel word. God skep binne in die moederskoot (Ps. 139:13–16). Alhoewel nie 'n vasgestelde wet nie, kan 'n "onvrugbare baarmoeder 'n aanduiding wees van God se misnoeë of 'n toets van geloof, terwyl 'n vrugbare baarmoeder 'n teken van Sy guns kan wees"[840] (Gen. 20:18; 30:22–23; Deut. 7:13).

## ○ Grond

Die lemma vir grond word in Deuteronomium 28 gebruik in die sin van land as grondgebied (Deut. 28:11, 21, 33, 42, 63) of as grond self (vv. 4, 11, 18, 51). Hierdie woord moet onderskei word van die meer gebruiklike lemma vir aarde, land of grond (Heb: אֶ֫רֶץ, *ʾęręṣ*) wat talle kere in die Hebreeuse OT voorkom. In Deuteronomium 28 kom die woord *ʾaḏāmâ* tot 15 keer voor, waar dit in die sin van aarde (Deut. 28:1, 10, 25, 49, 64 [2x]), land (Deut. 28:8, 12, 24, 52 [2x]) of grondgebied (Deut. 28:23, 26, 56) gebruik word.

## ○ Diere

Die lemma vir diere (Heb: בְּהֵמָה, *bᵉhēmâ*) kom vier keer in Deuteronomium voor: drie keer in die sin van mak veediere[841] (Deut. 28:4, 11, 51), en een keer in die sin van 'n landdier (v. 26).[842]

> *Ten spyte daarvan dat die betekenis van die woorde wat met liggaam, grond, diere en aarde vertaal is heelwat kan verskil, is dit duidelik uit hierdie woordstudies dat dit die fisiese nageslag van mense en mak veediere, en die opbrengs van die land is wat deur seëninge en vervloekings geraak word.*

840. Manser, *Bible Themes*.

841. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

842. Ibid.

## Verhouding met die res van die Bybel

Die boek Deutoronomium is al as die spilpunt van die OT beskryf.[843] Dit is ook een van die boeke waarna die meeste in die NT verwys word. Die boek Deuteronomium "[...] funksioneer as 'n teologiese manifes wat Israel oproep om met onvoorwaardelike lojaliteit en liefde op God se genade te reageer".[844]

Die Profete kan nie los van die vervloekings in Deuteronomium 28 en die beloftes van vernuwing in Deuteronomium 30 gelees word nie. Die laaste woorde van die Pentateug word nie gekenmerk deur legalistiese vervloeking nie, maar bly een van genadige vergifnisse na berou (Deut. 30) en seën (Deut. 33). In die laaste woorde van die OT eindig Maleagi (4:4) ook met 'n oproep om terug te keer na die "wet van Moses, my dienskneg, die vaste voorskrifte en bepalings wat ek Hom by Horeb beveel het" wat vir die hele Israel geld. Die Profete kom nie met iets nuuts nie, maar roep op tot trou aan die God van die verbond.

Ook die Psalms word ingelei deur die gedagte dat geluk te vinde is by die Here se wet en om by Hom te skuil (Ps. 1:1–2; 2:12).[845]

In die NT word die vrug van Maria se moederskoot as die hoogste seën beskryf (Luk. 1:42) in 'n eggo van die seëninge wat in Deuteronomium 28:1 en 4 beloof word aan die gehoorsames. Wanneer die verband tussen verbondseëninge en Maria se bevrugting gesien word, is dit duidelik dat daar nie net 'n besorgdheid is "met Maria as 'n individu [...] nie, maar met God se volk as 'n geheel".[846]

Jesus self verwys ook na seën en vloek in sy saligsprekings en aankondiging van die weë (Matt. 5:1–12; 23:13–36; Luk. 6:20–26).[847] Die saligsprekings help om te verstaan wat dit beteken om deel te wees van die koninkryk[848] – 'n lewe wat getuig van sout en lig en daardeur "die Vader wat in die hemel is, kan verheerlik" (Matt. 5:16). Buiten hierdie twee gedeeltes in Matteus en Lukas kom die saligsprekings nog 28 keer in die NT voor (bv. Joh. 20:29; Rom. 4:7–8; Jak. 1:12).[849]

843. Wenham (1985) in Longman III and Dillard, *Introduction*, 102.

844. Vanhoozer et al., *Dictionary*, 165.

845. Kyk die eksegese van Psalms 8 en 148.

846. Pao and Schnabel, "Luke", 260.

847. Kyk William J. Urbrock, "Blessings and Curses", in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman (New York: Doubleday, 1992), 757.

848. Jason C. Kuo, "Beatitudes", in *The Lexham Bible Dictionary*, eds. John D. Barry et al. (Bellingham: Lexham Press, 2016).

849. Ibid.

Deuteronomium 28 voorspel dat Israel met die plae van Egipte besoek sal word as straf vir hulle afgodery, wat sal veroorsaak dat hulle van "hul kop af raak" (Deut. 28:34). Openbaring 9:6 beskryf 'n soortgelyke reaksie op pyniging.[850] Deuteronomium 28:49 verwys verder na 'n nasie wat afduik soos 'n arend – 'n "metafoor van vernietiging in OT aankondigings van komende oordeel",[851] wat in Openbaring 8:13 herhaal word.[852] Die finale boek in die Bybel sluit af met sewe saligsprekings (Op. 1:3; 14:13; 16:15; 19:9; 20:6; 22:7, 14) waarvan twee in die finale hoofstuk verskyn langs 'n voorwaardelike vloek met verwysing na die boom van die *lewe* (Op. 22:19).[853]

> *Net soos in Deuteronomium is die goeie lewe met God – aanvanklik in die Paradys, daarna in die beloofde land Kanaän, tans in die Koninkryk wat alreeds begin het, en eendag in die ewige Koninkryk wat nog vervolmaak sal word – die doel van gehoorsaamheid aan God (Deut. 6:24).*

## Teologiese belang

### Hermeunetiese uitgangspunte

Voor daar oor die teologiese belang van Deuteronomium 28 besin kan word, moet sekere hermeneutiese uitgangspunte eers bevestig word. Die boek Deuteronomium, met sy klem op die implikasies van die verbond net voor die rus van die beloofde land ingegaan word met spesifiek die klem op fisiese, aardse seëninge en vervloekings, is deel van die geopenbaarde waarheid. Die implikasie is dat Deuteronomium nie vandag deur Christene gelees moet word met die uitsluitlike doel om te soek wat die NT eksplisiet bevestig, of dit as uitgediend verklaar nie, maar minstens dat die beginsels, onderliggend aan alle gebooie en bepalings in die Wet, geldig bly.[854] Nadat die teks in die oorspronklike Hebreeuse konteks beter verstaan word, moet gevra word wat die betekenis is in die lig van Christus wat die Wet vervul het (Matt. 5:17; Mark. 1:15; Luk. 24:44).[855] So 'n uitleg is in direkte teenstelling met die Marsionisme wat die getuienis in die OT deur 'n liefdevolle God, soos deur Jesus geopenbaar, verwerp en dit verkeerdelik teenoor die God van die OT plaas.[856]

---

850. Beale and McDonough, *Revelation*, 1114.

851. Ibid., 1113–1114.

852. Kyk die eksegese van Op 8.

853. Urbrock, "Blessings", 760.

854. Vanhoozer et al., *Dictionary*, 169.

855. Ibid.

856. Stanley Grenz, David Guretzki and Cherith Fee Nordling, *Pocket Dictionary of Theological Terms* (Downers Grove: InterVarsity Press, 1999), 75.

## ○ Teologie van seën en vloek

Met die eerste oogopslag kan Deuteronomium 28 gelees word as dwang tot gehoorsaamheid, met gepaardgaande vergelding in geval van ongehoorsaamheid. Die probleem met so 'n legalistiese uitleg is dat dit in konteks van 'n verdrag met pligte, en nie as genadeverbond gelees word nie. Verskeie ander gedeeltes in die OT (bv. Job; Ps. 73) maak duidelik dat daar nie 'n "eenvoudige korrelasie tussen gehoorsaamheid en seën, en [tussen] dislojaliteit en rampspoed" is nie.[857] Die hoogste seën is nie materieel van aard nie, alhoewel dit wel dikwels so uitgedruk en beleef mag word, maar is die verbondsverhouding met God self. Die vervloekings manifesteer ook in materiële terme, maar is "nie soseer 'n straf nie, [*maar eerder*] 'n illustratiewe beskrywing van wat dit beteken om buite 'n verhouding met God te wees en om te ontbreek in God se seën".[858] God is en bly soewerein en Hy toon genade wanneer Hy wil en aan wie Hy wil.

## ○ Teologie van die verbond

Die verbondsverhouding tussen Israel en God, soos opgesom in die Shema (Deut. 6:4–5), staan sentraal in die teologie van Deuteronomium. Die hernuwing van die Sinaïtiese verbond wat in Deuteronomium 27–30 beskryf word, is nie iets nuuts nie, maar volg op die verbond met Abraham en sy nageslag (Gen. 15; Deut. 7:8; 29:13–15), met Noag en die hele skepping (Gen. 9), en is die voorloper van die verbond met koning Dawid (2 Sam. 7). In sy genade werk God om die hele skepping te verlos. Die Mosaïese Verbond en die Sinaïtiese Verbond is die verlenging van vroeëre verbonde deurdat dit na seëninge, vrug en land verwys, maar word onderskei deur 'n fokus op die Wet.[859] Die Wet wat op Sinaï gegee is, dui aan hoe 'n lewe met God bewerkstellig word. Seëninge moet nie gesien word as 'n beloning vir die onderhouding van die Wet nie, maar berus op God se beloftes en is die gevolg van 'n verhouding met Hom. Die kern van die boek is 'n "verhouding met die lewende God, nie die meganistiese toepassing van belonings en strawwe nie".[860]

Ook in die NT word seën en vloek as 'n verhouding gesien:

857. John W. Rogerson, "Deuteronomy", in *Eerdmans Commentary on the Bible*, eds. James D.G. Dunn and John W. Rogerson (Grand Rapids and Cambridge: William B. Eerdmans Publishing Company, 2003), 170.

858. M.J. Evans, "Blessing/Curse", in *New Dictionary of Biblical Theology*, eds. T. Desmond Alexander and Brian S. Rosner, electronic ed. (Downers Grove: InterVarsity Press, 2000), 398–399.

859. Brian Collins, "The Mosaic Covenant", in *Lexham Survey of Theology*, eds. Mark Ward et al. (Bellingham: Lexham Press, 2018).

860. Evans, "Blessing/Curse", 398–399.

> [*d*]ie wat aan God behoort, wat deel is van die koninkryk van God, wat die woorde van God bewaar, wie se sondes vergewe is, wat na die bruilofsfees genooi word – dit is diegene wat geseën is.[861]

Hierdie seëninge staan nie afsonderlik van mekaar nie en behoort nie net aan een koning of een volk nie, maar dit is "Jesus wat deur Sy lewe, dood en opstanding Jood en nie-Jood in staat stel om die seëninge te beërwe wat deur Abraham belowe is".[862] In die NT word die Shema behou en terselfdertyd radikaal verander deur "een Here, Jesus Christus, deur wie alles is," en wat gelykstaande is aan "een God, die Vader, uit wie alles is" (1 Kor. 8:6). Om God onder die Ou Verbond met "hart en siel" lief te hê (Deut. 6:5; 10:12), beteken in die Nuwe Verbond ook om Jesus Christus met "hart en siel" lief te hê (Rom. 13:8–10).

Die Nuwe Verbond, wat met die een spesifieke mens en Koning Jesus Christus vervul is, kan in en deur Hom nou ook weer na alle mense (Gal. 1:16; 2:7; 3:26–28) en na die ganse skepping toe uitkring (Rom. 8:18–22).[863] Die verbondstaal is nog steeds van toepassing en dui aan dat Christene se bestaan in die wêreld 'n kwessie van 'n verhouding met God is met die implikasie dat ons geroep word tot 'n reeks opregte verhoudings. *Etiese optrede is nie gebaseer op dit wat natuurlik is nie,*[864] *maar spruit uit 'n verbondsverhouding met God in Christus deur die werking van die Heilige Gees*.

So 'n reeks opregte verhoudings ontvang werklike substansie in God se genadige verhouding met sy kinders wat Hy oorlaai met "geestelike en ewige seëninge".[865] Wetlike gehoorsaamheid kan nooit gesien word as voorwaarde van verlossing nie. Ook die Wet is ondergeskik aan die verbond van genade (Eks. 20:2; Deut. 5:6; Rom. 3:20; Gal. 3:24). In die OT sowel as NT is gehoorsaamheid 'n dankbare reaksie deur hulle wat alreeds verlos is (Deut. 6:20–25) – verlossing wat deur Christus bewerk word.[866] Dit is 'n uitdrukking van die verbondsverhouding en nie van plig nie. Onvoorwaardelike toewyding aan die drie-enige God en gehoorsaamheid aan sy wet, bring vreugde vir sy kinders (Ps. 119:77).[867]

861. Ibid.

862. Ibid., 400–401.

863. Provan, *Foundations*.

864. Ibid.

865. L. Berkhof, *Systematic Theology* (Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans, 1938), 299–300.

866. Heidelbergse Kategismus, Sondag 32, 86.

867. Kyk Vanhoozer et al., *Dictionary*, 172.

## ○ Teologie van land

Die land wat aan Israel gegee word, is 'n blywende geskenk (Gen. 13:15; 17:8; 48:4; Deut. 4:21), nie as gevolg van hulle eie regverdigheid nie, maar op grond van God se verbondsbeloftes aan Abraham en die voorvaders (Deut. 9:4–6). Hierdie land is goed in vele aspekte: dit bevat goeie water, landbou en minerale (Deut. 8:7–10). Dankbaarheid aan God word gewys deur die eerste opbrengs na God te bring (Deut. 26).[868]

Teologies is daar egter meer op die spel as 'n goeie land wat aan Eden herinner, naamlik dat 'n intimiteit met God herstel word.[869] Die land is die lokus vir die verhouding met God en is die plek waar Israel gehoorsaam kan wees (Deut. 6:1; 27:1–3). Die geskenk van die land is nie die doel op sigself nie, maar 'n manier om die verhouding wat God met sy volk, sy eie erfdeel, het, verder te ontwikkel (Deut. 4:20; 32:8–9).[870]

Israel moes wel die land wat aan hulle gegee word in besit gaan neem, maar in hierdie opdrag was Israel nie gehoorsaam nie (Jos. 13:1).[871] Dit het nie net meegebring dat 'n deel van die land nie ingeneem is nie, maar bowenal dat die verhouding met God versteur is.[872] Hoe die land verder sal reageer op Israel se bewoning gaan afhang van hulle getrouheid (Deut. 28:1–26), wat uiteindelik op die ballingskap uitloop (Jer. 25:1–11). Die wegvoering uit die land was nie net ontheemding uit 'n bepaalde plek nie, maar het vir Israel groot teologiese vrae meegebring oor die onaantasbaarheid van die verbondsverhouding met God, waarin die land as 'n wesenlike deel gesien is.[873] Toe Israel weggevoer is uit die land as gevolg van hulle sonde, is die verbond egter nie opgehef nie. God se verbondsbeloftes aan die voorvaders bly en Hy sal Israel terugbring na die land (Deut. 30:1–10). Deur die spesifieke idee van land as 'n bepaalde geografiese plek weg te laat, is die pad gebaan vir die insluiting van alle nasies oor die hele aarde op 'n manier wat Israel self nooit kon voorsien nie (Jes. 60:3–16; Eseg. 47:21–23; Sag. 2:11). Die verhouding met die Gewer, en nie die geskenk van enige spesifieke geografiese land self nie, is van belang. Sy jurisdiksie oor die ganse aarde, alle land en alle grond is wat uiteindelik werklik saak maak.

868. Richard S. Hess, "Joshua", in *New Dictionary of Biblical Theology*, eds. T. Desmond Alexander and Brian S. Rosner, electronic ed. (Downers Grove: InterVarsity Press, 2000), 166–167.

869. J. Gary Millar, "Land", in *New Dictionary of Biblical Theology*, eds. T. Desmond Alexander and Brian S. Rosner, electronic ed. (Downers Grove: InterVarsity Press, 2000), 623–627.

870. Ibid.

871. Ibid.

872. Ibid.

873. Ibid.

Die Profete gebruik verskeie skeppingstemas om te profeteer oor die verlossing wat duidelik nie deur die vorige eksodus bereik is nie (Jes. 51:3; 65:17; Eseg. 36:35–38; 47:1–12). Die Profete se vooruitsig van ’n nuwe (Jer. 31:31–34) of ewige (Eseg. 16:60) verbond, is die:

> volle verwesenliking van God se oorspronklike verbond wat met Abraham gesluit is (en wat by Horeb bekragtig en uitgewerk is), wanneer die grense van fisiese en geestelike Israel uiteindelik sal saamloop.[874]

Die hele aarde (nie net ’n bepaalde geografiese gebied nie) behoort aan die Here en Hy soek vir Hom ’n erfdeel uit alle nasies (nie net uit een volk nie). Sy verlossingsplan gaan voort soos Hy beloof het. Die teologie van die land is ’n onderdeel van ’n teologie van die aarde. Soos die Profete al aangedui het, is dit die skepping en nuwe skepping wat die patroon van die koninkryk van God bepaal.[875]

Alhoewel ’n teologie van land weinig direkte aandag in die NT ontvang, is dit die “relasionele idees wat met land geassosieer word”[876] wat wel pertinent is. In die taal van seunskap het Israel hulle erfdeel ontvang. ’n Goeie land wat oorloop van melk en heuning word aan die seun van God gegee om in te woon en oor te heers.[877] Adam was die eerste seun van God (Luk. 3:38), Israel die eersgebore seun (Eks. 4:22), koning Dawid se seun (2 Sam. 7:14), en uiteindelik Jesus Christus wat ook Seun van God is (sien bv. Matt. 3:4, 6; Rom. 1:4; Heb. 4:14; Op. 2:18).[878] Almal wat deur die Gees na Hom toe gelei word, is ook seuns van God (Rom. 8:14), en dus ook erfgename van God en mede-erfgename in Christus (Rom. 8:17; Gal. 3:29–4:7; Ef. 2:11–3:6). Die teologie van land “[...] verskaf dus ’n basis vir die NT leer van aanneming; dit was as God se seuns dat die volk Israel hulle erfdeel ontvang het”. In die NT is die seuns van God mede-erfgename in Christus; in gemeenskap (*koinonia*) met Hom in sy erfgenaamskap.

Dit beteken nie dat die teologie van land in die NT vergeestelik word of dat ’n nuwe “geografie van geloof” die belangrikste nalatenskap van die OT se teologie van land is nie.[879] Die OT se veelvuldige verwysings na aarde, land en grond kan ook nie beskou word as getransformeer deur ’n

874. Vanhoozer et al., *Dictionary*, 172.

875. Kyk Graeme Goldsworthy, “The Son of God and the New Creation”, in *Short Studies in Biblical Theology*, eds. D.C. Ortlund and Miles V. van Pelt (Wheaton: Crossway, 2015), 90.

876. Millar, “Land”, 623–627.

877. Goldsworthy, “Son of God”, 89.

878. Ibid., 30–35.

879. Kyk vir bespreking: Waldemar Janzen, “Land”, in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman (New York: Doubleday, 1992), 150–153.

"Christendom aangedryf deur Griekse denke" nie.[880] Binne die raamwerk van opeenvolgende verbonde en land as plek vir verhouding, is daar ander moontlikhede wat die integriteit van die hele Skrif beter toelig. 'n Teologie van land kan nie afsonderlik van 'n teologie van die aarde en die skepping geïnterpreteer word nie. Die mandaat om oor die skepping te heers en die Ou-Testamentiese teologie van land as plek om in 'n gehoorsame verhouding met God te staan, vind vervulling in die nuwe skepping wat deur Christus, wat ons in sy koninkryk inbring, bewerkstellig word (Kol. 1:13–20).[881,882] Dit is hierdie nuwe skepping wat uiteindelik sal aanbreek wanneer God, soos in die tuin van Eden, weer by sy kinders kom woon (Op. 21:1–3), en waar werklike rus is (Heb. 4:1–11).[883]

> *In die NT moet die fisies en aardse seëninge van "die vrug van jou liggaam, die vrug van jou grond en die vrug van jou diere", asook die vervloeking wanneer dit weggeneem word, nog steeds binne die ewige genadeverbond van God met sy kinders wat nou in Christus vervul is, geïnterpreteer word. In die Nuwe Verbond neem liggaam, grond en diere geen nuwe geestelike dimensies aan nie. Om die drie-enige God met hart en siel lief te hê en my naaste soos myself, beteken dat ons opgeroep word tot 'n "reeks regte verhoudings" tot al God se skepsels op die aarde wat hy vir ons gee om in te woon en oor te heers.*

## ☐ Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Die implikasie van hierdie teks vir skeppingsorg word nou van nader beskou:

Eerstens, skeppingsorg word deur verhoudings van liefde in hart en siel gekenmerk: in die eerste plek, 'n opregte verhouding met God in gemeenskap met Christus deur die werking van die Heilige Gees; tweedens, 'n opregte verhouding met ons naaste; en derdens, 'n opregte verhouding met ons eie liggame, die grond waar ons woon en met al die ander skepsels.

Tweedens, sorg vir die skepping is deelname aan Christus se vestiging van die nuwe skepping onder Hom. Die seuns van God tree op as aangenome mede-erfgename in gemeenskap met Christus. Die gelowige se verlange na God is vervat in Christus se verlange na God. Om ingeplant te wees in Christus, beteken dat skeppingsorg nie onafhanklik van Christus kan geskied nie.

Derdens, skeppingsorg mag met groot dankbaarheid en met 'n geruste hart uitgevoer word, omdat dit gevul is met God se liefde vir sy kinders.

880. Vanhoozer et al., *Dictionary*, 181–182.

881. Millar, "Land", 623–627.

882. Kyk eksegese van Kolossense 1.

883. Kyk eksegese van Openbaring 21.

Ons hoef nooit gedwonge te voel om ons liefde vir God, of die aarde wat aan Hom behoort, te bewys nie. Christus, die Middelaar, is die werklike onderhouer van die skepping van die begin tot die einde toe.

Vierdens, in gemeenskap met Christus kan die seuns en dogters van God die wysheid van wetenskap, kennis en tegnologie gebruik om die aarde met omsigtigheid te bewerk en te bewaar sodat dit vrug bly lewer. Om met hart en siel lief te hê, beteken om te fokus op die onderhouding en herstel van onderlinge verhoudings tussen mense en die aarde, die natuur, en ander skepsels.

## Eksodus 20:8–11: Die Wet as bevrydende rus vir mens en dier

### Opsomming

God self openbaar die Tien Gebooie in ’n unieke en ongeëwenaarde vorm. Die Israelitiese praktyk om God se rus te gedenk, en daarom sy beheer en heerskappy oor die geordende kosmos te erken, staan in sterk teenstelling met die kulturele konteks van daardie tyd. Die sewende dag is deur God geseën en heilig verklaar as hoogtepunt van die skepping wat universeel vir elke mens as beeld van God geld, en wat almal betrek om te rus. Die Sabbat is deel van die grondslag van God se werk en nie ’n latere toevoeging om te rus na die geswoeg van ses dae nie. Die verlossing uit slawerny in Egipte is ’n daad van herskepping. Die mens moet op die sewende dag rus omdat die Skepper ’n voorbeeld van rus aan mense stel (Eks. 20:11), maar ook omdat die Verlosser die voorbeeld stel dat rus van slawerny van toepassing is op almal (Deut. 5:15). Sabbatsrus was van die skepping af bedoel as seën vir die hele skepping sodat seuns en dogters, slawe en slavinne, diere en vreemdelinge ook God se seën van rus kan ontvang. Dit is duidelik dat alle diere wat daagliks hard werk vir hulle eienaars, sorgsaam deur God se wette beskerm word. Hierdie diere moet ook op die Sabbatdag rus. Alhoewel vee, donkies en beeste vandag ’n minder belangrike ekonomiese rol speel as in die destydse landbou-ekonomie van Israel, bly die beginsel van goeie sorg en barmhartigheid teenoor diere, beginnende by dié wat ons eiendom is. Verdere ondersoek laat blyk dat nie net ’n bepaalde dag en net sekere ekonomies bruikbare diere bedoel word nie, maar ook dat die land elke sewende jaar moet rus tot voordeel van behoeftiges en wilde diere. Jesus hef ook nie later die Sabbat op nie, maar herstel dit tot sy regmatige posisie. Werke van barmhartigheid, soos om goed te doen en lewens te red, kry weer ’n plek op die Sabbat. Sorg vir en barmhartigheid aan diere is eerbaar en dus hierby ingesluit. Dit is duidelik uit die NT dat die volkome Sabbatsrus nog moet kom. Die weeklikse Sabbatsrus kombineer dus skepping-herdenking, verlossing-ervaring en eskaton-afwagting, terwyl die geloofsgemeenskap na die finale voleinding van totale herstel en rus beweeg.

Om as mense te heers oor die skepping, beteken dus nie om diere en die natuur sonder enige beperking te gebruik en uit te buit nie. Ook diere moet beskerm word teen die sondige mens se wil soos wat in die Sabbatsgebod gedoen word. Die mens het 'n verantwoordelikheid teenoor diere en die natuur wat in die huidige konteks van die moderne globale, nimmer-rustende ekonomie met sy gepaardgaande omgewingskrisis pertinent aandag nodig het.

## Inleiding

Die Sabbatsgebod vra ook aandag aan diere. Mens en dier wat uit die slawerny in Egipte bevry is, geniet die nuwe vryheid wat deur die Tien Gebooie moontlik gemaak word. Hoe moet ons dit op vandag se omstandighede toepas? Wat beteken dit dat diere geen werk doen nie? Geld dit nog so in die tyd van die Nuwe Verbond waarin ons leef? Hierdie vrae kan nie beantwoord word sonder om eers 'n groter insig te hê op wat vandag met die Sabbatsgebod bedoel word nie en daarna te bespreek wat dit vir diere beteken. In die moderne tyd waarin ons leef waar diere dikwels gesien word as 'n ekonomiese kommoditeit wat produksie, soms in haglike omstandighede moet lewer, is sulke vrae meer pertinent as ooit.

## Eksegese

### Wat sê die teks?

Die verskille tussen Eksodus 20:8–11 en Deuteronomium 5:12–15 is opvallend. Eksodus 20:10 verwys na "diere" (AFR20) of "vee" (AFR33/53), terwyl Deuteronomium 5:14 meer spesifiek na "bees", "donkie" en "enige van jou diere" verwys (AFR20). In die AFR33/53-vertaling word na "os", "esel", of "enige dier van jou" verwys. Eksodus 23:12 noem "beeste en donkies" (AFR20) of "os en esel" (AFR33/53).

Die grootste verskil tussen die twee tekste is egter die rede wat genoem word vir die onderhouding van die Sabbatdag. In Eksodus 20:11 word terugverwys na die skepping, maar in Deuteronomium 5:15 na die eksodus uit Egipte.

### Wat beteken die teks?

#### Vorm

Die genre van die boek Eksodus kan beskryf word as "profetiese of teologiese geskiedenis – geskiedenis met die doel om die aard van God in Sy dade te openbaar".[884] Narratiewe sowel as wetlike materiaal is goed

884. Longman III and Dillard, *Introduction*, 72.

geïntegreer in die boek. Die vorm van Eksodus 20:1–17 is "Wet, Apodiktiek – 'n regsvereiste wat gewoonlik onvoorwaardelik waar is of altyd van toepassing is, wat beteken dat die wet in feitlik alle gevalle dieselfde geld".[885] Die apodiktiese vorm van die Tien Gebooie wat duidelik sê wat 'n mens moet en nie moet doen nie, kom nie werklik in die wette van die ANO voor nie (wel in die wysheidsliteratuur). Laasgenoemde gebruik eerder, net soos baie ander bybelse wette, die kasuïstiese reg wat fokus op die vraag wat die uitspraak sal wees wanneer sekere spesifieke misdade gepleeg word.[886]

Die Tien Gebooie is deur God self op twee kliptafels ingegraveer en aan Moses gegee by die berg Sinaï.[887] *God self openbaar die Tien Gebooie in 'n unieke en ongeëwenaarde vorm.*

## Struktuur en literêre konteks

Die boek Eksodus beskryf God se wonderbaarlike verlossing van Israel uit die slawerny in Egipte, en die reis na die berg Sinaï waar God 'n verbond met sy volk sluit en waar Hy hulle leer hoe om Hom te aanbid en gehoorsaam te wees.[888] Die boek Eksodus is deel van 'n groter literêre eenheid wat as die Torah of Pentateug bekend staan, en het 'n sterk verbintenis met Genesis, veral in die openingsverse (Eks. 1:1–5; kyk Gen. 35:23–26; 46:1, 26–27), terwyl die laaste deel (Eks. 40:34–38) goed aansluit by Levitikus en Numeri.[889] Eksodus 20 vorm deel van die volk se ervarings by Sinaï (Eks. 19:1–40:30).[890]

## Histories-kulturele konteks

Die mees algemene verstaan van die datering van hierdie bybelse gegewens is dat die uittog in die 15de eeu v.C. plaasgevind het (1 Kon. 6:1), maar 'n alternatiewe latere datum in die tweede helfte van die 13de eeu v.C. word ook soms voorgestaan (kyk Eks. 1:11–14).[891] Historiese en argeologiese gegewens word dikwels gebruik om die bybelse kronologie wat die uittog in

885. Mangum, *Literary Types*.

886. Keener and Walton, *Cultural*, 304.

887. Matthew S. Beal, "Ten Commandments", in *The Lexham Bible Dictionary*, eds. John D. Barry et al. (Bellingham: Lexham Press, 2016).

888. Douglas Stuart, "Exodus, Book of", in *The Lexham Bible Dictionary*, eds. John D. Barry et al. (Bellingham: Lexham Press, 2016).

889. Nahum M. Sarna, "Exodus, Book of", in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman (New York: Doubleday, 1992), 690.

890. Ibid., 691.

891. Vir 'n bespreking, kyk Kitchener, *Reliability*, 241–313.

die tweede millenium v.C. plaas, te bevraagteken,[892] maar dit moet ook aan kritiese analise onderwerp word.[893] Vir die doeleindes van hierdie boek is die datering van die uittog histories interressant, maar het dit geen wesenlike impak op die eksegetiese betekenis en toepassing van die teks nie.[894]

Die onderhouding van die sewende dag, selfs die gebruik van 'n sewe-dag week, was uniek in Israel.[895] In teenstelling met 'n God wat die son en die maan geskape het en bepaal het wat die tydritme moet wees, het amper elke antieke kultuur die maan aanbid.[896] Die meeste tydmetings in die ANO was op die siklusse van die maan en van die son gebaseer. Verskeie kulture, nie net die Mesopotamiërs en later die Romeine nie, maar ook verskeie ander kulture soos die Inka's in Peru en die Bantoe in suidelike Afrika se week was tussen vyf en tien dae, wat moontlik in verband kon staan tot die inherente bioritmes van die menslike liggaam.[897] Die sewedagweek is eers veel later in 700 v.C. in Babilon aanvaar. Die Israelitiese praktyk om God se rus te gedenk, en daarom "Sy beheer en heerskappy oor die geordende kosmos" te erken, vind sekere parallelle in die ANO,[898] maar staan in sterk teenstelling met die kulturele konteks van daardie tyd.

## Woorde en konsepte

Daar is 'n paar belangrike woorde en konsepte wat verdere toeligting nodig het om die teks en sy toepassing reg te verstaan:

### Sabbat

Die Hebreeuse woord vir Sabbat (Heb: שַׁבָּת, *šabbāṯ*) kom 111 keer in die Hebreeuse OT voor, waarvan 47 keer in die Pentateug alleen. Die Griekse woord vir Sabbat (Gr: σάββατον, "*sábbaton*") kom 68 keer in die Griekse NT voor. In die Hebreeuse sowel as die Griekse tekste dui die Sabbat die sewende of laaste dag van die week aan – dit is Saterdag.[899,900] In 'n paar

892. Kyk bv. Eric H. Cline, *From Eden to Exile. Unravelling Mysteries of the Bible* (Washington: National Geographic, 2007), 71–73.

893. Longman III and Dillard, *Introduction*, 67–69.

894. Vir 'n oorhoofse bespreking, kyk afdeling 1.6.2.

895. Keener and Walton, *Cultural*, 146–147.

896. Dawid E. Duncan, *The Calender. The 5000-Year Struggle to Align the Clock and the Heavens – And What Happened to Those Missing Ten Days* (London: Fourth estate, 1998), 13.

897. Ibid., 61.

898. Vir 'n bespreking kyk Keener and Walton, *Cultural*, 146–147.

899. Koehler et al., *Lexicon*, 1410–1411.

900. Louw and Nida, *Lexicon*, 651.

gevalle verwys die Griekse woord vir Sabbat na ’n periode van sewe dae, oftewel ’n week (bv. Matt. 28:1; Mark. 16:2, 9; Luk. 18:12; 24:1; Joh. 20:1, 19; 1 Kor. 16:2).[901] Die sewende dag van die week, die Sabbat, het duidelik ’n belangrike status in die hele Bybel, soos veral in die Wet, Profete en die Evangelies benadruk word.

Die sewende dag is deur God geseën en heilig verklaar as die hoogtepunt van die skepping (Gen. 2:1–3), wat universeel geld vir elke mens as beeld van God en wat almal betrek om te rus.[902] Die rede waarom die Sabbatdag herdenk moet word, is omdat dit ’n instelling van God reeds by die skepping en lank voor Sinaï was (Eks. 20:11; 31:17).[903] Die woord “sabbat” kom vir die eerste keer in die OT voor in Eksodus 16:22–30 in die konteks van die versameling van manna,[904] en word daar al genoem met verwysing na “gebooie en wette” (Eks. 16: 28) – nog voor die Tien Gebooie en verbondsbepalings op Sinaï aan die volk gegee is. Calvyn skryf dat, op grond van hierdie teksgedeelte, waarskynlik vermoed kan word dat die heiligmaking van die Sabbat voor die Wet iets was

> [...] wat in die verdorwenheid van die menslike natuur heeltemal uitgesterf was onder heidense nasies, en byna verouderd was met die ras van Abraham, het God vernuwe in Sy Wet: dat die Sabbat geëer moet word deur heilige en onaantasbare onderhouding.[905]

In hierdie selfde trant moet daarop gelet word dat die “[...] Sabbat die grondslag van God se werk is en nie ’n addendum om die kankeragtige geswoeg wat later in Genesis 3 aangegaan is, teë te werk nie”.[906]

Sabbatsrus word later ’n bepaling van die Sinaïtiese verbond (Eks. 23:10–12) wat dien as teken tussen God en die volk (Eks. 31:13) en wat gevier moet word as ’n ewige verbond (v. 16) – selfs in die besige ploeg en oestye (Eks. 34:21). Sabbatsrus was van die skepping af bedoel as seën vir die hele skepping, veral dat seuns en dogters, slawe en slavinne, diere en vreemdelinge ook God se seën van rus kan ontvang – “[*d*]ie Sabbat

901. Ibid., 650.

902. Die sewende dag is verwant aan die ander ses, maar ook anders omdat dit geen beperkings ken nie. Die presiese aard daarvan moet nog verder ontvou. Soos die geskiedenis beweeg na voleinding, beweeg dit ook na die doel van God se ewige rus (kyk vir verdere bespreking Andrew T. Lincoln, “From Sabbath to Lord’s Day. A Biblical and Theological Perspective”, in *From Sabbath to Lord’s Day*, ed. Donald A. Carson (Eugene: Wipf and Stock, 1999), 345–349.

903. Gerhard F. Hasel, “Sabbath”, in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman (New York: Doubleday, 1992), 851–852.

904. Ibid., 851.

905. Calvin and Bingham, *Books of Moses*, 439–440.

906. Dru Johnson, “The Universal Story: Genesis 1–11”, in *Transformative Word*, eds. Craig G. Bartholomew et al. (Bellingham: Lexham Press and St. George’s Centre, 2018), 26–27.

was God se waarborg dat werkers en vee 'n dag af sou kry."[907] God is baie ernstig hieroor: oortreding deur te werk op die sabbat moes met die dood gestraf word (Eks. 31:15; 35:2b; Num. 15:32–36). Die uitwerking van die vierde gebod in die die Boek van die Verbond laat blyk dat nie net 'n bepaalde dag en sekere diere bedoel word nie, maar ook dat die land oor die algemeen elke sewende jaar moet rus tot voordeel van die behoeftiges en die "wilde diere" (Heb: חַיָּה, *ḥayyâ*) (Eks. 23:10).

Die rede vir die viering van die Sabbatdag is ook omdat die volk slawe in Egipte was (Deut. 5:15), en dat God hulle daaruit gelei het. Dit is nie in teenstelling met die instelling by die skepping om te rus op die sewende dag nie, maar eerder ter verlenging daarvan. Die klem op verlossing en vrywording van slawerny in Deuteronomium 5:15 en die klem op die skepping en vrywording van werk in Eksodus 20:11 dui op 'n sterk interafhanklikheid tussen die twee gebeure:

> [*d*]ie mens moet op die sewende dag rus omdat YHWH, as rus-voorsienende Skepper, 'n voorbeeld van rus vir mense stel, en omdat YHWH as bevrydende Verlosser 'n voorbeeld stel van rus van slawerny sodat almal in staat is om te rus.[908]

Die verlossing uit slawerny is 'n daad van herskepping. Die literêre eenheid van die Pentateug ondersteun die teologiese implikasies: God het die volk in Egipte vrugbaar gemaak en laat vermeerder (Eks. 1:7), wat 'n vervulling van die skeppingsmandaat is (Gen. 1:28).

## ○ Werk

Die lemma vir werk (Heb: מְלָאכָה, *m*ᵉ*lā*ʾ*ḵâ*) kom talle kere in the Hebreeuse OT voor (167 keer), waarvan die meeste in Eksodus (33 keer). Dit verwys na 'n beroep of na werk waar iets gedoen of gemaak word deur God in die skepping (Gen. 2:2, 3), of deur die mens. Vir ses dae word daar gewerk en op die Sabbat, wat 'n heilige byeenkoms is, mag geen werk gedoen word nie (Lev. 23:3). Om sommer enige werk te doen, word verbied op die Sabbat (Jer. 17:22, 24).[909]

## ○ Dier, bees en donkie

Die Hebreeuse lemma vir "dier" (Heb: בְּהֵמָה, *b*ᵉ*hēmâ*) kom 190 keer in die Hebreeuse OT voor, waarvan 103 keer in die Pentateug alleen. Die woord

907. Philip Graham Ryken and R. Kent Hughes, *Exodus: Saved for God's Glory* (Wheaton: Crossway Books, 2005), 753.

908. Hasel, "Sabbath", 851–852.

909. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 521–522.

word 52 keer gebruik in die sin van "vee" en 138 keer in die sin van "land-dier." In die Tien Gebooie (in Eks. 20:10 en Deut. 5:14) word spesifiek na "vee" verwys. In Deuteronomium 5:14 word met die woorde "enige van jou diere" benadruk dat dit hier letterlik alle, of elke soort dier insluit wat aan iemand behoort.[910] Dit sluit 'n "bees" (ook "bul" of "os") (Heb: שׁוֹר*, šôr*) in wat iemand se eiendom is.[911] Hier moet aan 'n "[*g*]root mak dier wat gebruik word vir boerderypligte soos ploeg en meulstene draai", gedink word.[912] Die os was die belangrikste dier in die plaaslike ekonomie van die antieke Israeliete.[913] Omdat die bees so 'n sentrale rol gespeel het in die alledaagse lewe word daar in die verbondsbepalings talle kere na hierdie dier verwys (in Eks. 21 alleen kom die woord "bees" 16 keer voor uit 'n totaal van 24 keer in die hele boek).

Die lemma vir donkie (Heb: חֲמֹר, *ḥamōr*; Gr: ὄνος, "*onos"*) verwys na 'n mak eselhings; "[…] kleiner as 'n perd met lang ore, 'n groot soogdier […] om vragte te dra, van die Afrikaanse *Equus asinus*".[914] Hierdie dier is ook as waardevolle eiendom gesien.[915] Dit is gebruik om op te ry (Gen. 22:3), as lasdier (Gen. 42:26) en om mee te ploeg (Deut. 22:10).[916] Die donkie word verder beskryf as 'n "geduldige maar hardnekkige mak lasdier".[917]

Dit is duidelik dat alle diere wat daagliks hard werk vir hulle eienaars sorgsaam deur God se wette beskerm word.[918] Hierdie diere moet ook op die Sabbatdag rus. God het die diere se welsyn op die hart en sy Wet sorg dat daar ook reg teenoor diere opgetree word. Ander voorbeelde van God se bepalings vir Israel se werksdiere is dat die bees nie gemuilband mag word as hy graan trap nie (Deut. 25:4), en dat daar nie geploeg mag word met 'n bees en donkie in dieselfde span nie (Deut. 22:10). 'n Donkie wat onder sy eie vrag lê, moet gehelp word, selfs al is die eienaar jou vyand (Eks. 23:5). *Dit is deel van God se verbondsbepalings dat barmhartigheid aan diere voorkeur moet bly kry ten spyte van swak menseverhoudings*.[919]

---

910. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

911. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 1004.

912. John D. Barry et al., eds., "Ox", in *The Lexham Bible Dictionary* (Bellingham: Lexham Press, 2016).

913. Hart, *Animals*, 52.

914. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

915. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 331.

916. Koehler et al., *Lexicon*, 327.

917. Brannan, *Research Lexicon*.

918. Hart, *Animals*, 53.

919. James M. Freeman and Harold J. Chadwick, *Manners & Customs of the Bible* (North Brunswick: Bridge-Logos Publishers, 1998), 118.

### ○ Rus

Die Hebreeuse lemma vir rus (Heb: נוח, *nwḥ*) wat in Eksodus 20:11 gebruik word, beteken om "[...] in 'n toestand of proses [*te wees*] om fisiese energie in die liggaam te herstel"[920] – veral om te rus na arbeid.[921] 'n Ander beskrywing is "om 'n blaaskans van 'n mens se aktiwiteite te neem om verfris te word", wat beteken om te ontspan (wat slegs in Eks. 20:11; Deut. 5:14 en Jes. 57:2 voorkom).[922] Rus word versteur deur gejaagdheid (Ps. 39:7), deur konflik (2 Kor. 7:5), deur siekte (Job 30:17), deur hartseer (Jer. 45:3), en deur onbelyde skuld (Ps. 32:3–5).[923]

## ☐ Verhouding met die res van die Bybel

### ○ Sabbat

In die Evangelies word agt insidente wat op die Sabbat plaasgevind het, beskryf waarvan ses omstrede was: die pluk van are (Matt. 12:1–8; Mark. 2:23–28; Luk. 6:1–5), genesing van die man met die verdorde hand (Matt. 12:9–14; Mark. 3:1–6; Luk. 6:6–11), genesing van 'n kreupel vrou (Luk. 13:10–17), genesing van die man met watersug (Luk. 14:1–6), genesing van die man by die bad van Betsata/Betésda, en die genesing van die blindgebore man (Joh. 9:1–41). Die enigste twee insidente sonder ooglopende omstredenheid is die genesing van die besetene (Mark. 1:21–28; Luk. 4:31–37) en die genesing van Simon se skoonmoeder (Mark. 1:29–34).[924]

Die gebod tot die onderhouding van die Sabbat word nie deur Jesus opgehef nie. Dit is opvallend dat Jesus uit gewoonte op die Sabbat na die sinagoge gegaan het en ook daar gepreek het (Luk. 4:16–30). Dit is die rabbynse *halakhah* van minute kasuïstiek wat verwerp word,[925] waarin dit, met verwysing na die pluk van are op die Sabbat "[...] verbode was om op die sabbat te maai, te dors, uit te waai, en te maal".[926] Die Sabbatsgebod was algemeen gesien as bindend en van toenemende belang in die vorming

920. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

921. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 628.

922. Hoogendyk, *Analytical Lexicon*.

923. Manser, *Bible Themes*.

924. Hasel, *Sabbath*, 854.

925. Dit wil voorkom of "[*i*]ets soos die uitgebreide kasuistiese Sabbatswette van die latere Talmoed [...] blykbaar reeds in die intertestamentele tye ontwikkel [*het*]" (Craig L. Blomberg, "Matthew", in *Commentary on the New Testament Use of the Old Testament* [Grand Rapids and Nottingham: Baker Academic; Apollos, 2007], 41).

926. Hasel, "Sabbath", 855.

van die Joodse identiteit. Omdat daar soveel ruimte vir interpretasie was, is die vraag nie alleen na dit wat wettige uitsonderings is nie, maar veral na die persoon wie se interpretasie gesaghebbend is.[927]

Jesus maak duidelik dat Hy gesag het oor die Sabbat, en nie die Fariseërs nie. Soos in die Bergrede, eis Jesus die reg op om die Wet se "soewereine interpreteerder" te wees.[928] Jesus is daarop uit om "die sabbat [*te reformeer*] en [*te*] herstel [...] tot sy regmatige plek *soos ontwerp in die skepping*, toe die sabbat gemaak is vir die hele mensdom en nie spesifiek vir Israel nie"[929] [*skuinsdruk toegevoeg*]. Die Sabbat is ingestel om "die mensdom te seën en sy welstand te verbeter".[930] Die Sabbat is daar vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie (Mark. 2:27). Nie die mensgemaakte *halakhah* regeer oor die Sabbat nie, maar die Seun van die Mens is ook Here van die Sabbat (Matt. 12:8; Mark. 2:28; Luk. 6:5).[931] Die onderhouding van die Sabbat is om hierdie Here God te eer.

Die genesings op die Sabbat dui aan dat Jesus die Sabbat herstel tot voordeel vir die mensdom teenoor "enige verdraaiings van menslike godsdienstige en/of kultiese tradisies".[932] Dit is toelaatbaar om goed te doen en lewens te red op die Sabbat (Matt. 12:12; Mark. 3:4; Luk. 6:9). Skape word tereg op die Sabbat uit die sloot gehaal (Matt. 12:11), donkies word uitgelei om te drink (Luk. 13:15) en 'n os uit die put gehaal (Luk. 14:5)[933] – alles aktiwiteite wat heel moontlik in solidêre teenstelling met die sektariese Qumram was wat nie toegelaat het dat selfs 'n dier op die Sabbat gered word nie.[934] Hoekom nie barmhartigheid bewys aan ander mense nie? Op daardie vraag volg beskaamdheid (Luk. 13:17) en geen antwoord nie (v. 6).

> *Jesus hef nie die sabbat op nie, maar herstel dit tot sy regmatige posisie. Werke van barmhartigheid, soos om goed te doen en lewens te red, kry weer 'n eerbare plek op die Sabbat. Sorg vir en barmhartigheid aan diere is eerbaar en dus hierby ingesluit.*

927. Rikk E. Watts, "Mark", in *Commentary on the New Testament Use of the Old Testament* (Grand Rapids and Nottingham: Baker Academic and Apollos, 2007), 140.

928. Blomberg, "Matthew", 41.

929. Hasel, "Sabbath", 855. eSilva James R. Edwards, *The Gospel according to Mark*, The Pillar New Testament Commentary (Grand Rapids and Leicester: Eerdmans and Apollos, 2002), 97.

930. Edwards, *Mark*, 96.

931. Verwysing na die goddelike gesag en krag van Jesus se unieke roeping (kyk Dan. 7:13–14). (Edwards, *Mark*, 96–97)

932. Hasel, "Sabbath", 855.

933. Lisa Michelle Wolfe, "Ass", in *Eerdmans Dictionary of the Bible*, eds. David Noel Freedman, Allen C. Myers and Astrid B. Beck (Grand Rapids: W.B. Eerdmans, 2000), 117.

934. Blomberg, *Matthew*, 40.

## Rus

Daar is twee teksgedeeltes in die NT wat die tema van rus aanraak, naamlik Matteus 11:28–30 en Hebreërs 3:11, 18; 4:1, 3, 5, 10, 11.[935] Die rus (Gr: ἀναπαύω) in Matteus 11:28–30 beteken om te laat rus, te verfris, of te verkwik (1 Kor. 16:18; Fil. 20). Dieselfde woord word in Eksodus 23:12 gebruik met die betekenis om 'n mens se rus te benut.[936] Die unieke woord vir rus (Gr: καταπαύω) wat in Hebreërs 4:4, 8 en 10 gebruik word, verskil van 'n ander woord vir rus (Gr: κατάπαυσις) (Hand. 7:49; Heb. 3:11, 18; 4:1, 3 [2x], 5, 10, 11) met die klem op 'n "staking van aktiwiteit wat lei tot rus eerder as op die blote herstellende karakter van rus".[937] In die LXX kom dieselfde unieke woord vir rus (Gr: καταπαύω) 48 keer voor,[938] in die meeste gevalle met God as subjek.[939] Die wortel van die Griekse woord "om te stop of op te hou" (Gr: παυω, *"pauõ"*), is egter onderliggend aan al hierdie tekste.

Die volkome Sabbatsrus, soos deur God by die skepping ingestel (Heb. 4:4; Gen. 2:2–3) en waarop nog nie ingegaan is nie (Heb. 4:5 en Heb. 3:11 met verwysing na Ps. 95:11), moet nog kom (Heb. 4:9). Josua het die volk in die beloofde land gelei, maar dit het nie rus gebring nie (Heb. 4:9). Die rede daarvoor was dat "hulle vanweë ongeloof nie in staat was om in die rus in te gaan nie" (Heb. 3:19).

Diegene wat tot geloof gekom het, gaan egter nou al die rus in (Heb. 4:3) met die wete dat die toekomstige realiteit van rus nog gaan kom (v. 11). Die patroon van ongehoorsaamheid wat toegang tot die rus verhoed, kan vandag deurbreek word deur na sy stem te luister (Heb. 3:15; 4:7), in Hom te glo en deelgenoot van Christus te word (Heb. 3:14). Die fisiese onderhouding van die Sabbat "toon die staking van werke (Heb. 4:10) ter herdenking van God se rus by die skepping (Heb. 4:4; Gen. 2:2) en dit openbaar geloof in die verlossing wat deur Christus voorsien is".[940]

Die weeklikse sabbatsrus kombineer dus "skepping-herdenking, verlossing-ervaring en eskaton-afwagting terwyl die geloofsgemeenskap beweeg na die finale voleinding van totale herstel en rus".[941] Die verordening van die Sabbat kyk terug na God se goeie skepping en herskeppende

935. Jon C. Laansma, "Rest", in *New Dictionary of Biblical Theology*, eds. T. Desmond Alexander and Brian S. Rosner, electronic ed. (Downers Grove: InterVarsity Press, 2000), 727.

936. Arndt et al., *Lexicon*, 69.

937. Louw and Nida, *Lexicon*, 260.

938. LXX (Swete), uitgesl. Apokriewe boeke.

939. Kittel et al., *Dictionary*, 419–420.

940. Hasel, "Sabbath", 855–856.

941. Ibid.

bevryding (Deut. 4:32–38), maar ook vorentoe na "[...] die finale verlossende Sabbatsrus vir God se volk".[942] Die Sabbat wys uiteindelik "[...] na Christus, ons Skepper en Verlosser, wie rus bring vir God se kinders (Matt. 11:28; Kol. 2:16, 17)".[943]

## Teologiese belang

### Teologie van die wet en vervulling

Christus het nie gekom om die wet af te skaf nie, maar om dit te vervul (Matt. 5:17). Deur die wet ken ons die sonde (Rom. 3:20), en verlang ons na vergewing van sondes en geregtigheid in Christus (vv. 24–25).[944] God se wil is onveranderlik; die wet is blywend en wys nou nog na God se wil.[945] God se wet is geen lys van pligte nie, maar werk tot seën van die mensdom deurdat dit help waak teen die straffelose uitbuiting van die swakkes deur die sterkes.[946] Die wet simboliseer die herstel van die orde en is 'n getuienis daarvan dat Christus die sondige kosmos herskep.[947]

Wat beteken vervulling dan in konteks van die Sabbat en wat beteken dit vir diere spesifiek? Die Sabbat plaas beperkings op produksie en verbruik in die ekonomie en beskerm kwesbare werkers[948] en diere wat vir die mens werk. Die Mosaïese wette, naamlik die gedetailleerde verbondsbepalings skets wette vir spesifieke gevalle wat heenwys na God se wil. *Alhoewel vee, donkies en beeste vandag 'n minder belangrike ekonomiese rol speel as in die destydse landbou-ekonomie van Israel, bly die beginsel van goeie sorg en barmhartigheid teenoor diere, beginnende by dié wat ons eiendom is.*

Die uiterlike navolging van 'n nuwe stel reëls is egter nie waaroor dit in die Nuwe Verbond gaan nie. Jesus se vervulling van die wet beteken eerstens 'n houding van die hart wat deur liefde gekenmerk word. Dit is nie 'n nuwe gebod nie. In die Tien Gebooie word al vermeld dat 'n mens niks van jou naaste mag begeer nie – insluitende beeste, donkies en saaigrond (Eks. 20:17; Deut. 5:21). Die dinge wat van binne af onrein

942. Sproul, *Study Bible*, 125.

943. Ibid.

944. Heidelbergse Kategismus, Sondag 44, 115.

945. Tim Chester, "Exodus for You", in *God's Word for You*, ed. Carl Laferton (Surrey: The Good Book Company, 2016), 166.

946. Ibid., 168.

947. Ibid., 172–173.

948. Ibid., 168.

maak (Mark. 7:15, 23), byvoorbeeld begeertes tot hoër winste of 'n groter markaandeel wat mens en dier tot oorwerking en uitbuiting kan dryf, word deur Jesus in vervulling van die wet beredder. Jesus se vervulling van die wet beteken dat Hy self aan die eis voldoen wat die wet stel. Dit is Christus self wat ons deur sy Heiliges Gees tot sy beeld vernuwe.[949]

## ○ Teologie van die rusdag

Die viering van die rusdag vandag is 'n verlengstuk van die Ou-Testamentiese Sabbat soos deur Jesus Christus tot sy regmatige plek in die skepping herstel, as herinnering aan die verlossing deur Christus wat reeds rus bring vir God se kinders, en heenwysend na die volkome rus wat nog gaan kom. Die rusdag mag nie vandag 'n verlengstuk wees van enige vorm van legalistiese kasuïstiek nie. Dit wil ook voorkom uit die NT dat dit ook nie meer in die vorm van 'n verpligte Sabbat funksioneer nie (Rom. 14:5; Kol. 2:16–17). Die vroeë kerk het nie meer op die sewende dag nie, maar op die eerste dag van die week, die Sondag, vir aanbidding bymekaargekom (Hand. 20:7; 1 Kor. 16:2).[950]

Net soos die res van die Wet, is die gebod om die Sabbat te gedenk deur dit heilig te hou, ingestel vir die eer van God en die welsyn van die mensdom. Dit is so aangetoon deur Jesus Christus se heiliging van die Sabbat deur die bywoning van die erediens, deur prediking, gemeenskap, dade van genesing, voedselvoorsiening en selfs net om saam te stap met sy vriende deur die gesaaides buite die stad in weerwil van die Fariseërs se regulasies op die aantal treë wat 'n mens op 'n Sabbat sou mag reis.

Die sabbat moet heilig gehou word, omdat God self een dag spesifiek heilig verklaar het. Dit beteken om dit af te sonder vir die Here, sodat dit geniet kan word deur in sy rus te deel en sy skeppingswerk en verlossing te vier.[951] Heiligheid lê nie in moraliteit, gebruike en regulasies nie, maar in gelowige heiligmaking deur Gees en Woord in 'n gemeente wat deur die Seun van God uit die hele menslike geslag tot die ewige lewe uitverkies is (Ef. 1:9–13).[952] Hierdie heilige geloof is lewendig en gaan deur die liefde oor tot dade (Gal. 5:6). Werke van barmhartigheid en wat nodig is vir die heiligheid van die rusdag, kan beteken dat "[*w*]erk van baie soorte inderdaad vereis [*kan*] word".[953]

949. Heidelbergse Kategismus, Sondag 31, 86.

950. Beal, "Commandments".

951. Sproul, *Study Bible*, 125.

952. Heidelbergse Kategismus, Sondag 21, 54.

953. Blomberg, "Matthew", 41–42.

## ○ Teologie van die ekonomie

Die rusdag plaas ’n beperking op ekonomiese aktiwiteite van produksie en verbruik. ’n Rusdag, afgesonder tot die eer van God en tot welsyn van mens en dier, vloei voort uit die heiliges se dankbaarheid vir hulle verlossing. Dit beteken dat daaglikse, nie-noodsaaklike ekonomiese werk plek moet maak vir werke van barmhartigheid, om goed te doen, en vir daardie aktiwiteite wat lewe bring. Daar is weinig grond om aan te voer dat alle besighede en die vermeerdering van ekonomies produktiwiteit onder die Nuwe Verbond op die rusdag geoorloof sou wees. Die noodsaak vir werk (analoog aan donkies wat water moet kry), eerder as werk wat tot voordeel vir ekonomiese akkumulering en groei is, moet daarby rigtinggewend wees.

## ○ Teologie en etiek van diere en natuur

Die wet straal sorg uit deur die Sabbatsrus vir die verhoudings tussen mense en die res van die natuur, ook in die alledaagse lewe. God self gebruik die wet om te sorg vir diere (Eks. 23:12) en vir die land self (Lev. 25:5).[954] Die sorg vir diere word deur Jesus herhaal (Matt. 12:11–12; Luk. 13:15; 14:5). Die mens se verantwoordelikheid vir die welsyn van sy diere word mooi opgesom in Spreuke 12:10: “’n Regverdige ken die behoeftes van sy diere”. Sekere basiese verpligtings wat mense onder mekaar het, is dus ook aan diere verskuldig.[955] Die Profete oordeel Israel oor die gebrek aan eerbied vir die Sabbat, en sodoende word ook geregtigheid bevorder (Jes. 56:1–2; Jer. 17:21–27).[956] Christus se werk om alle dinge te skep, te onderhou en in stand te hou, sluit ook die natuur en die diere in (Kol. 1:16–17).[957]

’n Christelike omgewingsetiek wat die saak van behoorlike sorg en barmhartigheid vir diere en die natuur in oënskou neem, verdien veel meer aandag onder Christene.[958] Moderne denke waar God nie meer manifesteer in die sorg vir die skepping nie, los ’n enorme en ondraaglike las by die mens.[959] Om God heeltemal verantwoordelik te hou, is egter nie bybels regverdigbaar nie; die mens is ook verantwoordelik vir gedrag teenoor

954. Charles Sherlock, “The Doctrine of Humanity”, in *Contours of Christian Theology*, ed. Gerald Bray (Downers Grove: InterVarsity Press, 1996), 116.

955. Paul Trebilco, “Animals”, in *Evangelical Dictionary of Biblical Theology*, electronic ed., Baker Reference Library (Grand Rapids: Baker Book House, 1996), 25.

956. Johnson, *Universal*, 27–28.

957. Trebilco, “Animals”, 24–25.

958. Jay E. Adams, *Compassionate Counseling* (Cordova: Institute for Nouthetic Studies, 2020), 91–92.

959. Sherlock, “Humanity”, 121.

ander mense en die natuur (kyk Gen. 6:3–6). Sorg vir die natuur en vir diere beteken nie dat die mens die messiaanse rol kan speel om die aarde te red nie.[960] Om as mense te heers oor die skepping, beteken ook nie om diere en die natuur sonder enige beperking te gebruik en uit te buit nie.[961] Ook diere moet beskerm word teen die sondige mens se wil soos wat in die Sabbatsgebod gedoen word.

## Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Die implikasie van hierdie teks vir skeppingsorg word nou nader beskou:

Eerstens, skeppingsorg vir God se kinders begin met ’n hart wat deur liefde gekenmerk word. Só verstaan, word skeppingsorg gekenmerk deur die voorkoming van die geringste begeertes of gedagte wat teen *God se gebod tot die goeie sorg en ontferming oor diere* ingaan. Al is die begin hoe gering, moet ’n ernstige voorneme gemaak word om volgens hierdie gebod van God te lewe.[962]

Tweedens, sorg vir die skepping is ’n eis van die wet wat deur Christus self volbring is. Deur die werking van die Heilige Gees word sy kinders vernuwe na Christus se beeld – ook wat sorg vir en ontferming oor diere betref.

Derdens, die heiliging van die rusdag plaas ’n beperking op die uitbuiting van mens, dier en die res van die natuur. Die rusdag plaas ’n beperking op produksie en verbruik, en is ’n daad van sorg vir die skepping. Mens en dier kan ontspan en ook beter leer om God se vreugde in sy skepping te deel.

Vierdens, sorg vir die skepping beteken dat die mens sekere basiese verpligtings teenoor diere en die natuur het. Die mens het ’n verantwoordelikheid teenoor diere en die natuur wat in die huidige konteks van die moderne globale ekonomie met sy gepaardgaande omgewingskrisis pertinent aandag nodig het. Die uitwerking van ’n Christelike omgewingsetiek verdien veel meer aandag ter ondersteuning van ’n verantwoordelike sorg vir die skepping.

960. Johnson, *Story*, 108–109

961. Trebilco, “Animals”, 25.

962. Heidelbergse Kategismus, Sondag 44, 114.

Hoofstuk 9

# Historiese narratief

## Inleiding

Geskiedenis is die mees algemene tipe literatuur wat in die Bybel gevind word.[963] Omdat die Bybel vertel van werklike gebeurtenisse kan daar ook soms in ander geskrifte van die ANO en die argeologie, bevestiging van bybelse tekste gevind word.[964] Die beskrywing van die geskiedenis is egter nie 'n oninteressante opeenvolging van name van persone, feite en gebeurtenisse nie. Die bybelse geskiedenis word in die vorm van 'n narratief geopenbaar. 'n Narratief is 'n verhaal wat die historiese gebeurtenisse oorvertel met die voorneme om betekenis en rigting vir mense in die hede te gee.[965] Die geïnspireerde skrywers van Bybelverhale het *teologiese interpretasies van historiese gebeure* opgeteken.[966] Die hele Bybel vorm saam God se groot verhaal van sy hele skepping. Die opteken, aanhoor en vertelling van verhale is fundamenteel tot geloof. Dit is betroubaar en waar en uiters belangrik om te weet wie Jesus Christus is, wie ons as mense is, en wat ons posisie in sy skepping is. Hierdie groot verhaal word op 'n ander vlak bekend gemaak deur spesifieke aandag aan die individuele verhale van persone soos Adam, Enos, Noag, Moses, Dawid, Salomo en nog vele meer.

963. Longman III, *Reading*, 98.

964. Ibid., 102.

965. Fee and Stuart, *How to Read*, 90.

966. Vanhoozer et al., *Dictionary*, 528.

**How to cite:** De Wit, MP 2024, 'Historiese narratief', *Skeppingsorg: 'n Aanset tot interpretasie van sekere Bybeltekste oor die mens se verhouding tot die natuurlike omgewing*, ITUTA Books, Cape Town, pp. 213–246. https://doi.org/10.4102/aosis.2024.BK502.09

## Wat is historiese narratief?

Die volgende Ou-Testamentiese boeke bestaan grootliks uit historiese narratief: Genesis, 1 en 2 Kronieke, Esra, Nehemia, Ester en Daniel. Boeke in ander genres soos Eksodus en Numeri, asook Levitikus en Deuteronomium bevat ook historiese narratiewe. Die vroeëre profete Josua, Rigters, Rut, 1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings is ook grotendeels histories. Van die latere profete bevat Jesaja, Jeremia, Esegiel, Jona en Haggai groot dele historiese materiaal. Baie van die NT is ook narratief (die Evangelies en veral Handelinge). Die fokus in hierdie afdeling is op Hebreeuse historiese narratiewe as 'n spesifieke genre.

## Hoe interpreteer ons historiese narratief?

Historiese narratief is 'n ware getuienis van God se dade in die geskiedenis. Die Christen se geloof is begrond op dinge wat gebeur het en wat nog gaan gebeur binne ruimte en tyd. Geloof is nie 'n abstrakte stel idees nie, maar is gewortel in dinge wat werklik gebeur het. Nêrens is dit duideliker as in die geboorte, kruisiging, opstanding en hemelvaart van Christus wat op 'n spesifieke plek en op 'n spesifieke tyd in die geskiedenis plaasgevind het. God se ander magtige dade in die geskiedenis wat as bepalend vir ons geloof dien, sluit die historiese gebeurtenisse van die skepping, beloftes, verbondsluitings, geskenk van die land Kanaän, ballingskap en terugkeer, die uitstorting van die Heilige Gees, die kerk, en die wederkoms van Christus in.

Historiese narratief kan gou verkeerd geïnterpreteer word. Een van die gevare is om 'n paar morele voorbeelde van wat reg en verkeerd is uit die Bybelverhale te haal. Sulke *moralisering* van tekste ignoreer die historiese konteks van die verhaal en reflekteer nie op die rede waarom so 'n verhaal in die kanon opgeneem is nie en hoe die verhaal verbonde is aan die vervulling in Christus nie.[967] 'n Verdere gevaar is om *verborge* betekenisse wat *allegories* verklaar moet word, in bybelse verhale te probeer vind, byvoorbeeld as Moses op die berg Sinaï klim, is dit nie 'n allegorie van die opstyging van die siel na God toe nie.[968] Nog 'n gevaar is om werklike bybelse gebeurtenisse in die geskiedenis te *vergeestelik* deur 'n konneksie te maak vanuit die verhaal na gelowiges se verhouding met Jesus. 'n Ander verwante gevaar is om bybelse verhale *dogmaties* te veralgemeen na aspekte van die Christelike leer. Sekere boeke, naamlik

967. Christopher J.H. Wright, *How to Preach & Teach the Old Testament for All Its Worth* (Grand Rapids: Zondervan, 2016), 120.

968. Fee and Stuart, *How to Read*, 92.

die Nuwe-Testamentiese briewe, is vol van Christelike leer, maar dit is ’n verarming wanneer die hele Bybel net as ’n leerboek hanteer word.

Die probleem met hierdie gebrekkige maniere van lees is dat God se betrokkenheid by *werklike* gebeurtenisse, wat met *werklike* mense in die *werklike* geskiedenis gebeur het, uit die prentjie verdwyn. Daar is soveel wette en verhale oor die lewe in die land van Israel wat ons vandag nog steeds baie kan vertel oor hoe om te leef op God se aarde. Die moralisering, allegorisering, vergeesteliking, en dogmatisering van die Ou-Testamentiese geskiedenis verskuif die aandag na minder belangrike aspekte van die verhaal: na ons eie goeie optrede, of na ons verhouding met Jesus, of na sentrale leerstukke van die geloof. Daardeur word weinig aandag gegee aan al God se magtige werke in en deur die geskiedenis en op hierdie aarde. ’n Goeie visie op verlossing en versoening in Christus, die belydenis van die Christelike leer en uitwerking in die lewe, vind juis in die werklike ruimte en tyd plaas. God se geskiedenis gaan voort tot by die wederkoms en ons is deel daarvan.

## Wat leer ons uit die historiese narratief vir ons tyd?

Bybelse geskiedenis verander ons eie geskiedenis vandag. Die bybelse geskiedenis is nie alleen interessante antieke verhale nie, maar help om ons eie lewens betekenis te gee.[969] Elke mens leef ’n basiese verhaal, of dit nou op eie insigte, gevoed deur valse filosofieë, of op die ware verhaal van God se openbaring gebaseer is. Die vraag wat die werklike verhaal is waarvan ons lewens deel vorm, word pertinent vanuit die bybelse historiese narratiewe belig. Ons eie verhaal begin in die boek Genesis (geskape na God se beeld) en word vervolmaak in die visie van die boek Openbaring (God kom by ons woon). Ons pas nie maar net rasionele insigte uit bybelse verhale toe in ons eie tyd en lewens nie. Sulke denke is eerder afkomstig uit ’n moderne kultuur met die klem op menslike rasionaliteit.[970] Inteendeel, ons is deel van God se groot verhaal deur die geskiedenis op hierdie aarde. Ons deel in sy magtige dade in die “skepping, onderhouding en regering”[971] van die hele wêreld, en deur genade is ons met God die Vader versoen deur die verlossende werk van sy Seun onder waarborg van die getuienis van die Heilige Gees. God se groot verhaal gee betekenis aan die lewe in sy geheel. Die bybelse verhaal is die enigste ware verhaal, nie net om ons geloof as

969. Longman III, *Reading*, 111.

970. Craig C. Bartholomew and Michael W. Goheen, *The Drama of Scripture. Finding our Place in the Biblical Story* (Grand Rapids: Baker Academic, 2004), 19.

971. Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 2.

individue of as kerkgemeenskap te voed nie (hoe belangrik ook al), maar dit is die *enigste ware verhaal van die hele wêreld*, oor alle tye en plekke heen. So ’n verhaal dwing ’n mens om betrokke te wees met al ons gawes en tekortkomings in God se werk hier op aarde.

# Genesis 1:26–28: Heers die beeld van God wel oor die aarde?

## Opsomming

Genesis 1:27 is in die vorm van Hebreeuse digkuns opgeteken om die skepping van die unieke mens te beklemtoon. Die skepping van die mens vorm deel van die geskiedenis wat deur die struktuur van die boek (die *Toledoth*-formule) ondersteun word. Die mens se skepping na God se beeld staan in radikale teenstelling met die wispelturige heidense gode van Babel en Egipte wat skep uit stof wat reeds bestaan het, en wat mense as hulle slawe sien. Die skepping van die mens as beeld van God beteken om ’n konkrete voorstelling van God te wees. Die woord “afbeelding” dui daarop dat God wel van mense onderskei kan word. ’n Goeie verstaan van die beeld en gelykenis van God teen die agtergrond van die bybelse teks neig in die rigting van die hele menslike natuur, en nie net in sekere vermoëns of hoedanighede van die mens nie. Verder, man-vrou-verhoudings binne die eenheid van mensheid sowel as die beheersing van die skepping, is aspekte wat sterk met God se beeld in verband gebring kan word. In God se oë is alle mense geskape om konings te wees, en die hele mensheid is in verhouding met Hom. Die terme om “te onderwerp” en “te heers”, dui op ’n aktiewe mag of beheersing wat fisiese krag of inspanning behels. Pogings om die impak van hierdie sterk woorde te versag, kan nie vanuit die teks self afgelei word nie. As gevolg van die mens se mislukte poging om te heers, kan die mens nie meer God se verteenwoordiger en plaasvervanger op aarde wees nie. In die NT word die beeld van God vervul in Jesus Christus. Net Jesus Christus is die een wat onderwerp en heers oor die skepping as God se ware beeld. Mense kan die kultuuropdrag om vrugbaar te wees en die land te onderwerp dikwels maar net met groot moeite uitvoer. ’n Werklike koninklike heerskappy kan net in en deur Christus vervul word. Deur die evangelie te hoor, word die aarde met groot vrug gevul, en deur die regering van Christus word die aarde beheers en onderwerp na sy goeie orde. Net Christus neem leiding in wat werklik mens is. Net in Christus kan gelowiges deelneem aan sy meesterskap en onderwerping van die skepping. Alle mense word voortdurend opgeroep tot bekering. Nuutgebore bekeerlinge identifiseer met Christus wat die beeld van God vir die gevalle mensdom herwin en die koninkryk vestig wat die eerste Adam moes opgerig het. Die werklikheid van die mens se opdrag om te heers oor die aarde is al in Christus bevestig, maar die voleindig daarvan, die volle onderwerping, kom

nog. Intussen moet gelowiges in Christus se heerskappy oor die skepping heers soos God vir sy skepping sou sorg – met liefde en besorgdheid oor die welsyn daarvan.

## Inleiding

Die kultuurmandaat wat die mens opdrag gee om die aarde te onderwerp en oor die hele aarde en die diere te heers, kan groot probleme veroorsaak as die teks nie reg gelees en binne die konteks van die hele Bybel verstaan word nie. Wat beteken dit om beeld van God te wees? Om te heers en te onderwerp? Om vrugbaar te wees, te vermeerder en die aarde te vul? Is dit nie juis die mens se oorheersingsdrang en bevolkingsgroei wat soveel ekologiese probleme veroorsaak nie? Is hierdie teks dan nie eerder olie op die vuur nie en moet ons die Bybel nie liewer met agterdog begin lees nie? Wanneer die strekking van die hele geopenbaarde Woord van God in oorweging geneem word, kom daar egter verrassende perspektiewe na vore. Christus wys wat dit beteken om beeld van God te wees. Christus het alreeds die kultuurmandaat vervul en sal dit eendag vervolmaak. Die implikasie van hierdie heilsfeit op skeppingsorg is radikaal.

## Eksegese

### Wat sê die teks?

Daar is 'n belangrike teksvariant in Genesis 1:26 waar die Siriese Pesjitta die woorde "oor al die wilde diere van die aarde", in plaas van "oor die hele aarde", invoeg.[972] Laasgenoemde word deur verskeie Afrikaanse vertalings gevolg (AFR20, AFR33/53, ABD07), terwyl AFR83 die frase "oor die hele aarde" uitlaat en net verwys na "wilde diere" in kontras tot "mak diere" (Engelse vertalings: "*over all the earth*" [KJV1900; NKJV; ESV]; "*over all the wild animals*" [NIV], "*all the wild animals on the earth*" [NLT], en "*over all the wild animals of the earth*" [NRSV]). Die spesifieke verwysing in AFR83 na "wilde diere" word verklaar deur te verwys na die ooreenkoms met die groepe diere wat in Genesis 1:24 en 25 beskryf word.[973] Die LXX[974] verwys egter ook na die frase "oor die hele aarde" (Gr: πάσης τῆς γῆς). Die Hebreeuse teks (Heb: וּבְכָל־הָאָ֫רֶץ, *ûḇᵉḵŏl-hāʾārẹṣ*),[975] soos vertaal met "oor die hele aarde", word, met ondersteuning van die LXX, hier as gesaghebbend gebruik.

---

972. Brannan and Loken, *Textual Notes*, Genesis 1:26.

973. Verklarende Bybel (1983-vertaling) (Lux Verbi: Kaapstad, 1989), 5.

974. Beide LXX (Swete) en Logos LXX.

975. Logos Software, *The Lexham Hebrew Bible* (Bellingham: Lexham Press, 2012), Genesis 1:26–28.

# Wat beteken die teks?

## Vorm

Die boek Genesis se algemene literêre tipe of genre kan beskryf word as ’n geskiedeniswerk.[976] In ’n grondige reaksie op diegene wat die geskiedenis van antieke Israel dood verklaar en as ’n blote uitvinding bestempel, skryf die Ou-Testamentiese teoloog, Iain Provan en medeskrywers dat “… die dood van die bybelse geskiedenis … nie oortuigend of samehangend [*is*] nie”.[977] ’n Tipe geskiedenis kan geskryf word “… wat sterk en met goeie rede afhang van die bybelse getuienis oor Israel se verlede”.[978] Vroeëre pogings om Genesis se genre anders as ’n geskiedenisbeskrywing te kenmerk,[979] kan die beklemtoning van die historiese opset van die boek benadeel.[980] Wat wel duidelik gemaak moet word, is dat Genesis nie met moderne positivitiese opvattings van geskiedenis ooreenkom nie.[981] Die skeppingsverhaal is nie ’n rekord van die menslike geskiedenis nie, omdat daar geen mense by die skeppingsdade teenwoordig is nie. Die verteller het ’n teologiese agenda wat heeltemal anders is as die van die moderne historikus.[982] Die genre kan daarom meer spesifiek as “teologiese geskiedenis”, oftewel “geskiedenis … met ’n goddelike doel”,[983] omskryf word.

Genesis 1:26–28 vorm deel van die skeppingsverhaal in Genesis 1:1–2:25. Om die genre te benoem as sage, in die sin van “’n verhaal wat bonatuurlike gebeure beskryf”,[984] kan net aanvaarbaar wees as dit verstaan word as deel van geskiedenisbeskrywing met ’n goddelike doel. Die praktyk wys egter dikwels anders, en verwysings na die genre van Genesis 1 as sage word afgeraai as gevolg van die verwarring wat dit skep.

976. Longman III and Dillard, *Introduction*, 54.

977. Iain Provan, V. Philips Long and Tremper Longman III, *A Biblical History of Israel*, 2nd Ed. (Louisville: Westminster John Knox Press, 2015), 10. Vir oorhoofse bespreking, kyk afdeling 1.6.2.

978. Ibid., 410.

979. Voorbeelde sluit in: Sage, novelle, legende, fabel, etiologie en mite (Mangum, *Literary Types*). Die woord “mite” het verskeie definisies, maar word algemeen verstaan om iets voor te stel wat “vol fanatasie of onwaar is.” Daardeur word die integriteit van die verteller en gesonde teologie ondermyn (kyk Bruce Waltke and Cathi J. Fredericks, *Genesis: A Commentary* [Grand Rapids: Zondervan, 2001], 74).

980. Longman III and Dillard, *Introduction*, 55.

981. Waltke and Fredericks, *Genesis*, 75.

982. Ibid., 77.

983. Longman III and Dillard, *Introduction*, 19.

984. Mangum, *Literary Types*.

Dit is opvallend dat Genesis 1:27 in die vorm van Hebreeuse digkuns opgeteken is om die skepping van die unieke mens te beklemtoon.[985]

## Struktuur

Die historiese impuls word deur die struktuur van die boek ondersteun. Die *Toledoth*-formule, afgelei van die Hebreeus frase (Heb: אֵלֶּה תּוֹלְדוֹת, *ʾēllẹ̄ ṯôlᵉḏôṯ*) en vertaal as "dit is die geskiedenis", of "hier volg … die familiegeskiedenis" kom 11 keer in die boek Genesis voor (Gen. 2:4; 5:1; 6:9; 10:1; 11:10, 27; 25:12, 19; 36:1, 9; 37:2). Die frase word elke keer deur 'n persoon se naam gevolg, met die uitsondering van die eerste keer (Gen. 2:4) waar die "hemel en aarde" genoem word.[986] Die boek se proloog (Gen. 1:1–2:3) word dus opgevolg met tien episodes[987] wat, respektiewelik, die begin en die verloop van die verhaal ondersteun.

Die oorgange in terme van inhoud en styl van die boek gee ook 'n aanduiding van die boek se struktuur. Eerstens is daar die oergeskiedenis vanaf die skepping tot die toring van Babel (Gen. 1:1–11:32). Daarna skuif die fokus na Abraham en sy familie oor vier generasies (ook bekend as die patriargiese narratiewe) (Gen. 12:1–50:26). Beide begin met skepping deur die krag van die woord: in Genesis 1:1, die hemel en aarde, en in 12:1, 'n spesiale volk.[988]

## Literêre kenmerke

Ná 200 jaar se selfversekerde oorheersing van die "klassieke dokumentêre hipotese" oor die vraag hoe die Pentateug saamgestel is, is gevind dat konsensus nie bereik is ten opsigte van die omskrywing van die Pentateugbronne nie.[989] Die teologiese verskille wat in die verskeie bronne raakgelees word, mag veel eerder die resultaat wees van die invloedryke Wellhausen se "'Hegeliaanse voorveronderstellings' oor die ewolusionêre gang van Israel se godsdiens" en sy "Romantiese begeerte om 'n ideale, primitiewe verlede te herstel".[990] Die kriteria wat gebruik is om bronne van mekaar te skei, word ook betwyfel, asook die ongegronde gevolgtrekkings wat gemaak word oor herhalings in sekere tekste.[991]

985. Ibid.

986. Provan et al., *History*, 157.

987. Longman III and Dillard, *Introduction*, 53.

988. Ibid.

989. Ibid., 49.

990. Ibid.

991. Vir 'n oorsig oor die historiese-kritiese benaderings en alternatiewe kritiese benaderings asook 'n evaluering van die probleme met hierdie benaderings, kyk Longman III and Dillard, *Introduction*, 42–51.

Sedert die 20ste eeu gee die Bybelwetenskappe veel meer aandag aan die finale samestelling van die Pentateug, asook aan die gesofistikeerde literêre kunstenaarskap van die boek Genesis. Verhale is literêr sterk met mekaar verbind: "[*d*]iegene wat glo dat God doelgerig in die geskiedenis optree, kan Sy hand agter die teks sien terwyl hy self die gebeure vorm".[992] Die historiese teoloog, Justo González, skryf dat "[*d*]ie Bybel die verhaal van God se openbaring in die lewe en geskiedenis van die volk van God [*vertel*]. Sonder daardie verhaal, is dit onmoontlik om daardie openbaring te ken".[993] 'n Visie vir literêre eenheid en goeie teologie gaan hand aan hand. Dit wil voorkom of weinig Bybelwetenskaplikes vandag hulleself nog as Wellhausiaans sien,[994] maar die teologiese voordeel van die literêr-teologiese benadering moet nog vollediger begin posvat.

## ☐ Histories-kulturele konteks

Die skrywer van Genesis kon ander bronne geraadpleeg het (kyk bv. Num. 21:14). Daar is verskeie pogings aangewend (bv. deur die teoloog Herman Gunkel) om aan te toon dat die kosmologieë van verskeie nasies, veral die Babiloniese verhaal oor die skepping, naamlik die *Enuma Elish* (ook bekend as *Die sewe tafels van die skepping*) as *bronne* gedien het vir verskeie Bybelskrywers.[995] Meer spesifiek word die bybelse teks dan gesien in die stroom van 'n bepaalde tradisie wat moontlik van mondeling na geskrewe vorm ontwikkel het.[996] Ná 400 jaar in Egipte en 'n patriargiese begin in Mesopotamië, is dit aanneemlik om te veronderstel dat die skrywer van Genesis en die res van die Pentateug (en dalk ook baie van die Hebreërs van daardie tyd) geweet het van die antieke epiese mites en die heidense gode wat daarmee vereenselwig word.

Tog mis hierdie redenering belangrike bybelse gegewens. Iets radikaals gebeur in Egipte: Geïnspireer deur God, word die volk Israel geroep om 'n heilige nasie te wees vir Hom (Eks. 19:4–6). Die waarheid van die enigste ware God, Skepper van hemel en aarde deur sy woord, sy soewereine

992. Longman III and Dillard, *Introduction*, 48.

993. Justo L. González, *The Story of Christianity. Volume I. The Early Church to the Dawn of the Reformation* (New York: HarperCollins, 1984), xv.

994. Longman III and Dillard, *Introduction*, 43.

995. Gerard van Groningen, *From Creation to Consummation* (Sioux Centre: Dordt College Press, 1996), 84.

996. Daar is kontroversie oor die datering van die *Enuma Elish*; sommige dateer dit uit die vroeë eerste millennium (kyk Wilfred G. Lambert, "Enuma Elish", in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman [New York: Doubleday, 1992], 527 en John Anthony Dunne, "Enuma Elish", in *The Lexham Bible Dictionary*, eds. John D. Barry et al. [Bellingham: Lexham Press, 2016]), ander veel vroeër uit die 17e eeu v.C. ("Enuma Elish – The Babylonian Epic of Creation", besoek 27 Oktober 2022. https://www.worldhistory.org/article/225/enuma-elish---the-babylonian-epic-of-creation---fu/).

regering, en die skepping van die mens na sy beeld, staan in radikale teenstelling met die wispelturige heidense gode van Babel en Egipte wat skep uit stof wat alreeds bestaan het, en wat mense as hulle slawe sien.[997] Hierdie *waarheid word direk aan Moses bekend gemaak* (Eks. 33:11; Num. 12:6–8). Hy is 'n profeet (Deut. 18:18)[998] van wie veel later getuig word dat die Pentateug nie sy wil was nie, maar geïnspireer deur die Heilige Gees het Moses woorde wat van God afkomstig was, uitgespreek (2 Pet. 1:21).[999]

## ☐ Woorde en konsepte

Daar is 'n paar belangrike woorde en konsepte wat verdere toeligting nodig het om die teks en sy toepassing reg te verstaan.

### ○ Beeld en afbeelding/gelykenis

Die lemma vir "beeld" (Heb: צֶ֫לֶם, *ṣęlęm*) kom slegs 15 keer in die Hebreeuse Bybel voor en verwys na 'n "beeld, gelykenis of ooreenkoms".[1000] Dit wil sê, "dit wat 'n patroon, model of voorbeeld van iets is".[1001] Die gebruik van die woord *ṣęlęm* in die Bybel verwys na konkrete voorstellings, soos in standbeelde, afbeeldings en afgodsbeelde (Num. 33:52; 1 Sam. 6:5; 11; 2 Kon. 11:18; 2 Kron. 23:17; Eseg. 7:20, 16:17; 23:14; Amos 5:26). Die mens as konkrete voorstelling van die beeld van God is geen uitsondering nie (Gen. 1:26, 27; 5:3; 9:6), 'n stelling wat nie ligtelik afgemaak moet word nie.[1002]

Die lemma (Heb: דְּמוּת, *dᵉmûṯ*), wat met "afbeelding" of "gelykenis" vertaal kan word, kom 25 keer in die Hebreeuse Bybel voor waarvan die oorgrote meerderheid in Esegiël is. Die betekenis verwys na "dit wat 'n ooreenkoms of vergelyking het".[1003] Die woord "afbeelding" dui daarop dat God wel van mense *onderskei* kan word, in teenstelling met die ANO waar die beeld van 'n god met die god self gelykgestel word.[1004]

Die twee woorde "beeld" en "gelykenis" word grotendeels as sinonieme gesien,[1005] alhoewel die presiese betekenis van hierdie terme nie duidelik

997. Kyk Van Groningen, *Creation*, 84 asook Longman III and Dillard, *Introduction*, 52.

998. Kyk ook Erik van Alten, *Proe die Profete* (Pretoria: Die Boekuitgewers, 2022), 26–27.

999. Kyk ook Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 3.

1000. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 853–854.

1001. Swanson, *Dictionary*.

1002. Myers, *Dictionary*, 515.

1003. Swanson, *Dictionary*.

1004. Vir 'n bespreking oor die Beeld van God, kyk Waltke and Fredericks, *Genesis*, 69–70.

1005. Sproul, *Study Bible*, 94.

is nie.[1006] Verskeie interpretasies word genoem: Aan die een kant, die konkrete en fisiese, en aan die ander kant, vergeestelike interpretasies soos die onsterflikheid van die siel, intelligensie, die vrye wil, rasionaliteit, selfbewustheid, emosies, singewing, kreatiwiteit, die vermoë tot kommunikasie, die vermoë tot moraliteit en etiese keuse, byvoorbeeld om goed en kwaad te onderskei, ensovoorts. Hierdie gedagtes kom veel eerder uit filosofiese en antropologiese spekulasies as uit bybelse teksgegewens.[1007] Om goed en kwaad te onderskei, is 'n kenmerk van na die sondeval, nie van die skepping nie.[1008] Diere toon ook intelligensie, het ook emosies, en kan ook kommunikeer, maar is nie na die beeld van God geskape nie.

In die Hebreeuse antropologie word die mens as 'n psigosomatiese eenheid beskou. Liggaam en gees kan nie van mekaar geskei word nie. 'n Beter begrip van die beeld en gelykenis van God teen die agtergrond van die bybelse teks neig eerder in die rigting van die hele menslike natuur, nie net in sekere vermoëns of hoedanighede van die mens nie.[1009] In hierdie sin is die hele mens, Set, Adam se seun, ook 'n beeld van Adam (Gen. 5:3) (soos Adam seun van God is), en word moord verbied omdat die beeld van God in die slagoffer teenwoordig is en aan die persoon waardigheid verskaf (Gen. 9:6). Tog is daar 'n verskil in die taal van beeldskap in Genesis 1:26–27. Set het wel soos Adam gelyk in sy hele menslike natuur, maar hy was nooit Adam se verteenwoordiger op aarde nie.[1010]

Die mens het lewe ontvang van die God wat hy verteenwoordig – ook deur te heers op aarde.[1011] Man-vrou verhoudings (Gen. 1:27) binne die eenheid van mensheid (Gen. 5:1–2)[1012] sowel as die beheersing van die

1006. Edward M. Curtis, "Image of God (OT)", in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman (New York: Doubleday, 1992), 389.

1007. "Die meerderheid Christelike tradisie om die beeld te lees in terme van rasionaliteit of een of ander soortgelyke intellektuele vermoë blyk meer aan Griekse filosofiese antropologie te danke as enige bybelse of teologiese tradisie". (Vanhoozer et al., *Dictionary*, 318–319)

1008. Michael S. Heiser, "Image of God", eds. Barry et al., *Dictionary*.

1009. Myers, *Dictionary*, 515–516.

1010. Heiser, *Image*.

1011. Sekere vertalings impliseer sterker as ander dat die beeld van God, sy afbeelding beteken om te heers ("*sodat* hulle kan heers …" Gen. 1:26, AFR20, kyk ook Engelse NIV waar die werkwoord as 'n gebod (in die jussiewe vorm) vertaal word – contra Von Rad wat heerskappy as 'n konsekwensie van die beeldskap sien).

1012. Die mees algemene uitleg in die meer onlangse teologie is dat die vermelding van manlik en vroulik op die onherleibare relasionele aard van die menslike lewe wys. Om na die beeld van God gemaak te wees, is dan om op een of ander manier God se eie verhoudingslewe as Vader, Seun en Heilige Gees te deel of te herhaal. (Vanhoozer et al., *Dictionary*, 318–319)

skepping (Gen. 1:26, 28)[1013] is aspekte wat in so 'n benadering sterker met God se beeld in verband gebring kan word. In die ANO is konings as die beeld van hulle god gesien; hulle was hulle god se verteenwoordigers en het die aarde namens hulle geregeer.[1014] Die sterk teenstelling met die skeppingsverhaal is egter dat elke mens, man en vrou ingesluit, die beeld van God is, nie net die konings nie.[1015] In God se oë is alle mense geskape om konings te wees en die hele mensheid is in verhouding tot Hom.[1016] Met die mens se mislukking om te heers oor die slang, wat plaasgevind het as gevolg van ongehoorsaamheid (Gen. 2:16–17; 3:1–7), kan hulle nie meer God se verteenwoordigers en plaasvervangers op aarde wees nie. Net Jesus Christus alleen kan heers as God se ware beeld.[1017]

## ○ Heers en onderwerp

Die Hebreeuse woord vir "heers" (Heb: וְיִרְדּוּ֩, *w$^{e}$yīrdû*) se lemma (Heb: רדה, *rdh*) kom net 22 keer in die Hebreeuse Bybel voor, en beteken "om te trap, d.w.s. onderwerp",[1018] in die betekenis van "heers oor, oorheers, rig, lei, beheer, onderwerp, dit wil sê, bestuur of regeer 'n entiteit, mense of regering met aansienlike of kragtige gesag".[1019] In die konteks van Genesis 1:26 en 28 gaan dit oor die "mensdom se beheersing van die natuur".[1020]

Die woord "onderwerp" (Heb: כבשׁ, *k̲b̲š*) kom net 15 keer in die Hebreeuse Bybel voor en slegs een keer in Genesis. Die woord beteken: "onderwerp,

1013. Calvyn ken weinig waarde toe aan die mens se regering oor die skepping as uitdrukking van die beeld van God:

> Die uiteensetting van Chrysostomus is nie meer korrek nie, wat verwys na die heerskappy wat aan die mens gegee is sodat hy in 'n sekere sin kan optree as God se plaasvervanger in die regering van die wêreld. Dit is waarlik 'n gedeelte, hoewel baie klein, van die beeld van God. (Calvin and King, *Genesis*, 94)

1014. Curtis, "Image", 389–391.

1015. Gordon J. Wenham, "Genesis", in *Eerdmans Commentary on the Bible*, eds. James D.G. Dunn and John W. Rogerson (Grand Rapids and Cambridge: William B. Eerdmans Publishing Company, 2003), 39.

1016. Van Groningen, *Creation*, 37–45.

1017. Die meeste kerkvaders het die beeld van God as die Seun self gesien, met die mens as afgeleide beeld van God, soos herskep na die beeld van die Seun. Met Augustinus het 'n omwenteling gekom in die leer oor die beeld van God:

> die idee van die Seun as die Beeld is as ondergeskik afgemaak en die mens se siel is as 'n direkte beeld van die Heilige Drie-eenheid beskou, wat in 'n drievoudige struktuur in geheue, begrip en wil (*memoria, intelligentia, voluntas*) manifesteer (F. L. Cross and Elizabeth A. Livingstone, eds., *The Oxford Dictionary of the Christian Church* (Oxford and New York: Oxford University Press, 2005), 825.

1018. Strong, *Dictionary*, 107.

1019. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

1020. Frank M. Hasel, "Dominion", in *Eerdmans Dictionary of the Bible*, eds. David Noel Freedman, Allen C. Myers, and Astrid B. Beck (Grand Rapids: W.B. Eerdmans, 2000), 352.

oorkom, verslaaf, dit wil sê, oorwin en beheer ’n omgewing of mense”.[1021] In die konteks van Genesis 1:28 beteken dit om die aarde te onderwerp en daaroor te heers.[1022]

Die terme om te “onderwerp” en te “heers” dui op ’n “aktiewe mag of beheersing wat fisiese krag of inspanning behels”.[1023] Die woord “onderwerp” wat ’n kragtiger betekenis het as “heers”, word selfs direk verbind met geseënd wees. Pogings om die impak van hierdie sterk woorde te versag, kan nie vanuit die teks self afgelei word nie. Hierdie woorde kan beter verstaan word teen die agtergrond van die idee om die beeld van God te verstaan deur God se verteenwoordigers op aarde te wees: “Die mensdom het die taak om God se skepping te bestuur asof God fisies teenwoordig was om self die plig te aanvaar”.[1024] ’n Deel van heers en onderwerp beteken om vrugbaar te wees en te vermeerder met kinders wat saam met Adam God se beeld dra en saam God se heerlike koninklike regering oor die aarde reflekteer.

## ☐ Verhouding met die res van die Bybel

Daar word reg deur die OT na die mandaat van Genesis 1:28 verwys.[1025] Die woorde “vrugbaar” of “vermeerder” kom in die meeste van hierdie tekse voor, terwyl ook verskeie tekste die frase “die hele aarde (of vertaal as land)” bevat (Gen. 17:8; 26:4; Ps. 8:10; Jes. 54:2–5).[1026]

In die NT word die beeld (Gr: εἰκών) van God vervul in Jesus Christus wat die beeld van God is (2 Kor. 4:4) – die beeld van die onsigbare God (Kol. 1:15) – en die ewebeeld van God se wese (Heb. 1:3). Die beeld van God in Christus staan op sigself nie los nie, maar is “gemik op die verlossing en herstel van die gevalle mensdom”.[1027] Gelowiges word na die beeld van Christus verander deur die Gees (2 Kor. 3:18), en word ’n nuwe skepping (2 Kor. 5:17), gelykvormig aan die beeld van die Seun (Rom. 8:29). Die evangelie, indien dit gehoor word, begin vrug dra deur elke goeie werk en groei in die kennis van God (Kol. 1:6, 10). Nuutgebore bekeerlinge identifiseer met Christus wie die “beeld van God vir die gevalle mensdom herwin (Kol. 1:15) en die koninkryk gevestig het wat die eerste Adam moes opgerig het (Kol. 1:13)”. Die groot

1021. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

1022. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 461.

1023. Barry et al., *Study Bible*, Ge 1:28.

1024. Heiser, “Image”.

1025. Gen. 9:1, 6–7; 12:2; 17:2, 6, 8; 22:17–18; 26:3, 4, 24; 28:3–4; 35:11–12; 47:27; Eks. 1:7; Lev. 26:9; Ps. 8:5–9; 107:38; Jes. 51:2; Jer. 3:16; 23:3; Eseg. 36:10–11; 29–30.

1026. Beale, “Colossians”, 843–845.

1027. Myers, *Dictionary*, 515–516.

kultuuropdrag van Genesis 1:28 word deur God se Woord aangevuur en maak mense nuut na die beeld van hulle Skepper (Kol. 3:10; vgl. Gen. 1:27) met die doel om God se heerlikheid te versprei.

Gelowiges "begin om in Christus te vervul wat deur die eeue heen onvervuld gelaat is in die oermandaat".[1028] By die opstanding van die liggaam sal gelowiges in Christus eskatologies die beeld van die "hemelse mens" dra (1 Kor. 15:49).[1029] Diegene wat nie die dier en sy *beeld* aanbid het nie, gaan saam met Christus regeer (Op. 20:4). Die werklikheid van die mens se opdrag om te heers oor die aarde, is reeds in Christus bevestig, maar die voleinding daarvan, die volle onderwerping, kom nog.[1030]

## Teologiese belang

### Teologie van die mens as beeld van God

Die uniekheid van elke mens is om geskape te wees na God se beeld. Mense is wel beelde van God, maar hoogstens net afbeeldings of gelykenisse. Mense is gevorm na wie God is (teomorfies), wat beteken dat mense, soos God, persone is. Mense kan die kultuuropdrag om vrugbaar te wees en die land te onderwerp dikwels met groot moeite uitvoer, maar werklike koninklike heerskappy kan net in en deur Christus vervul word. Net Christus neem leiding in wat werklik mens is.

### Teologie van beheersing en onderwerping

Die taak om te heers oor die skepping is aan elke persoon gegee, omdat almal gelyk is volgens die beeld van God. Die kragtige taal wat gebruik word om die heerskappy en onderwerping aan te dui, verwys na 'n mensdom wat nog nie in sonde geval het nie. Die mens se ongehoorsaamheid deur hom aan die slang te onderwerp, beteken dat net Christus alleen die aarde en alles wat daarop is, kan onderwerp. *Net in Christus kan gelowiges deelneem aan sy heerskappy en onderwerping van die skepping*. Gelowiges se "heerskappy oor die skepping [*moet*] uitgeoefen [*word*] soos God vir Sy skepping sou sorg – met liefde en besorgdheid oor die welsyn daarvan".[1031] Calvyn skryf: "Hy sal ons geensins sonder voedsel en ander

1028. Beale, "Colossians", 843–845.

1029. Myers, *Dictionary*, 515–516.

1030. Kyk Guthrie, *Hebrews*, 946–947, vir 'n bespreking oor Psalm 8 en Christus se koningskap as 'n eggo van Genesis 1:26–28.

1031. Naomi Noguchi Reese, "Humanity's Dominion over the Earth", in *Lexham Survey of Theology*, eds. Mark Ward et al. (Bellingham: Lexham Press, 2018).

lewensbehoeftes laat, noudat ons in die wêreld geplaas is nie".[1032] Dit geld ook vir die skepsels wat in ons sorg geplaas is.

### Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Die implikasie van hierdie teks vir skeppingsorg word nou nader beskou:

Eerstens, om na die beeld van God geskape te wees, is enersyds 'n gegewe in die skepping, en andersyds iets wat na Christus se beeld gevorm word. Ware, gelowige sorg vir die skepping kom deur gehoorsaamheid aan God se Woord wat begin vrug dra deur elke goeie werk van liefde en besorgdheid oor die welsyn van die aarde en die lewende wesens wat deur God daarop geplaas is.

Tweedens kan die heerskappy oor en onderwerping van die aarde nie gebaseer word word op die mens as plaasvervanger en God se verteenwoordiger op aarde nie. God het sy eie Seun gegee as mens om ook daardie rol van koning te vervul. Net in Christus se regering oor die aarde, wat alreeds begin het en eendag vervolmaak sal wees, vind gelowiges hulle rol as koninklike versorgers van die aarde.

Derdens, heers die beeld van God wel oor die aarde? Die antwoord is tweeledig: Ja, Christus as Beeld regeer; en nee, die gevalle mens heers en regeer lankal nie meer nie. Heerskappy oor die natuur en bevolkingsgroei gaan net saam met 'n kultuuropdrag wat in Christus sy ware betekenis vind. Deur te luister na die evangelie word die aarde met groot vrug gevul, en deur die regering van Christus word die aarde beheers en onderwerp na sy goeie orde. In ons deelname in gemeenskap aan Christus, onder leiding van die Gees, word gelowiges deurentyd geleer wat dit beteken om waarlik heersende mens te wees.

# Genesis 3:17–19: Vervloekte aarde?

## Opsomming

Die grond is deur die mens se toedoen vervloek – nie die planeet Aarde nie. Niks in hierdie teks dui daarop dat die aarde ontologies, dit is in die aard van die geskape wese van die aarde, vervloek is nie. Die grond is vervloek, wat beteken dat net met harde, pynlike werk daarvan geëet sal word. Die vervulling van die vloek is te vind in die veranderde karakter van die grond waarop die mens moes werk om vrug voort te bring en daarvan te eet. Die mens se sonde lê daarin dat hulle geëet het, en nou kom die oordeel ook oor die aspek om te eet. Op bewerkte stukke land, wat baie voorbereiding, onderhoud en swaarkry vereis, word voedsel geproduseer

1032. Calvin and King, *Genesis*, 96.

onder die vloek van die sondeval. Die vrugbaarheid en stabiliteit van die grond is nie meer verseker nie, en kan alleen deur 'n geswoeg en gesweet van die mens in sy lewensbehoeftes voorsien. Die vervloeking verander ook die kultuurmandaat en die lewe self. Die man en vrou wat saam die mandaat gekry het om vrugbaar te wees, te vermeerder en te heers oor die aarde, poog nou om mekaar te beheers. Die aarde word ook nie meer beheers nie, maar uitgebuit. Jesaja se profesie (24:4–5) spreek vandag nog boekdele: "die aarde verdroog en dit verskrompel, die bewoonde wêreld kwyn weg [...] die aarde lê besoedel onder sy inwoners". Die moeite en uitputting wat met die swaarkry van die lewe gepaard gaan, bly intens aards en prakties, en staan teenoor die aangename arbeid van die mens voor die vloek van die sondeval. Die kultuurmandaat met sy klem op vrugbaarheid, vermeerdering en heerskappy oor die skepping, hoe mooi ook al verpak in die versagtende terme van versorging, bewaring en herstel, kan nie die vloek oor die grond misken of probeer oorskadu nie. Enige verligting van pyn en swaarkry in die lewe is toe te skryf aan die barmhartigheid van God. Net so moet tye van oorvloed en genot met danksegging aanvaar word uit die hand van 'n God wat genadig en barmhartig is. Verder is mens en dier gelyk na die vloek omdat hulle uit stof gemaak is en tot stof sal terugkeer. Die mens is reeds sedert die skepping uit stof gemaak; daaraan verander niks nie, maar die terugkeer na stof is 'n nuwe gedagte. Daar is hoop dat die vloek gedra en die dood oorwin sal word. Dit is net Christus wat só vervloek is om die vervloeking wat op die mens rus, te kan dra. Deur sy opstanding is sy oorwinning oor die dood gedemonstreer. In Christus is die vloek van die sonde weggeneem en die dood oorwin vir almal wat in Hom glo. Sorg vir die skepping tydens ingrypende verwoesting van die skepping bring die besef duidelik na vore dat die aarde se verlossing nie in die hande van mense is nie, maar slegs by Christus. Die pad na skeppingsorg is 'n bekering van sekere lewenstyle wat gebroke verhoudings met die natuurlike wêreld, veral met diere, bly ondersteun en aanmoedig.

## Inleiding

Die aarde het nie skotvry van die mens se sondeval afgekom nie. Daar word selfs 'n vloek uitgespreek: "[...] vervloek is die aarde om jou ontwil" (AFR33/53). Wat beteken dit dat die aarde vervloek is? Is die hele planeet aarde hier in beeld, of net sekere dele daarvan? Is daar nog iets oor van 'n aarde wat goed geskep is? Watter implikasies het die vloek vir die mens, en meer spesifiek, watter implikasie het dit vir skeppingsorg?

# Eksegese

## Wat sê die teks?

In Genesis 3:17 kom ’n mens gou agter dat die vertaling van “aarde” net deur ’n paar vertalings gehandhaaf word (AFR33/53, AFR83). In die meeste gevalle word die woord vertaal met “grond” (AFR20, ABD07; Engelse “*ground*” in die NIV, ESV, KJV1900, NKJV, NRSV, NLT). In Genesis 3:19 kom dieselfde verskil voor, waar dit vermeld word dat die mens sal terugkeer “na die aarde” of “na die grond”.

’n Tweede verskil is dat met “moeite” (AFR33/53) of “swaarkry” (AFR20, AFR83) of met “baie swaar kry” (ABD07) die mens sal “eet” (AFR20, AFR33/53) of “’n bestaan maak” (AFR83) of “hard werk om genoeg kos te kry” (ABD07). Die Engelse vertalings verwys wel oorwegend na “eat” (’n uitsondering is “*scratch a living*” [NLT]), maar dit verskil met vertalings van “*painful toil*” (NIV), “*sorrow*” (KJV1900), “*in pain*” (ESV), “*in toil*” (NRSV, NKJV) of “*struggle*” (NLT). Op hierdie punt is daar volgens die BHS Apparatus wel ’n moontlike ander uitleg van Genesis 3:17. Een Hebreeuse uitleg (Heb: בְּעִצָּבוֹן֙ תֹּאכֲלֶ֫נָּה, *bᵉʿīṣṣāḇôn tōʾḵalęnnâ*) sluit in dat met harde, pynlike werk, *geëet* sal word, terwyl die alternatief lees as “*taʿaḇḏęnnâ tōʾḵalęnnâ*” (Heb: תַּעַבְדֶנָּה תֹּאכֲלֶ֫נָּה) wat *harde werk of selfs slawerny* in rymende Hebreeuse woorde beklemtoon. In die LXX staan die woord “*phagē*” wat as “eet” vertaal is.[1033] Die standaard vertolking in die MT van “eet”, met verdere ondersteuning van die LXX, word hier as die beste uitleg aanvaar.

## Wat beteken die teks?

### Vorm

Die genre van Genesis word as “teologiese geskiedenis”, oftewel “geskiedenis [...] met ’n goddelike doel”, omskryf.[1034] Die spesifieke teks in Genesis 3:17–19 vorm deel van die verhaal oor die sondeval in vers 1–24, en meer spesifiek as deel van die vervloekings wat vanaf vers 14–19 opgeteken is. Die vorm waarin hierdie gedeelte opgeteken is, staan bekend as ’n “vloek – (OT) ’n verklaring wat vra dat iemand seerkry of teëspoed moet tref”,[1035] wat in poëtiese vorm opgeteken is.

1033. Die Septuagint Apparatus vermeld dat die woord vir “eet” ingevoeg is op grond van die Codex Alexandrinus (inskrywing by vers 17: “αυτου Gra.] + εφαγες A”).

1034. Kyk die eksegese van Genesis 1:26–28.

1035. Mangum, *Literary Types*.

## Woorde en konsepte

Daar is ’n paar belangrike woorde en konsepte wat verdere toeligting nodig het om die teks en sy toepassing reg te verstaan:

### Vloek

Die lemma vir “vloek” (Heb: ארר, ʾrr) in Genesis 3:17 is nie onbekend nie en kom 63 keer in die Hebreeuse OT voor. Die *Qal*-stam met passiewe voorsetsel “*om* vervloek te wees” (“*to be cursed*”), kom 42 keer in die Hebreeuse OT voor, waarvan ses keer in Genesis (Gen. 3:14, 17; 4:11, 9:25; 27:29; 49:7). In hierdie geval word die aksie deur die subjek ontvang: *die slang, die vrou en die mens ontvang die vloek.* Dieselfde betekenis wat in die LXX vir “vervloek” (Gr: ἐπικατάρατος) gebruik word, kom net twee keer in die NT voor (Gal. 3:10, 13) waar diegene vervloek word wat nie die Wet in alles onderhou nie, ook met verwysing na Christus wat aan ’n “hout” hang.

Hierdie vervloeking het ’n deurgaande impak op die lewe, en verander die kultuurmandaat en goeie lewe van Genesis 1 en 2. Die vrou se swaarkry met swangerskap en geboorte, en die onderwerping aan haar man wat oor haar heers, hang soos ’n donker wolk oor die vroeëre seëning om vrugbaar te wees en te vermeerder, om as hulp in die huwelik en as haar man se gelyke op te tree (Gen. 2:20),[1036] om mekaar se welsyn te soek (Gen. 2:24), en intiem met mekaar te verkeer (Gen. 2:25).[1037] *Die man en vrou wat saam die mandaat gekry het om vrugbaar te wees, te vermeerder en te heers oor die aarde, poog na die sondeval om mekaar te oorheers*.[1038]

### Grond en eet

Die mens se swaarkry na die sondeval gaan met ’n geswoeg gepaard om genoeg te ete te kry omdat die grond vervloek is. Die woord vir “grond” (Heb: אֲדָמָה, ʾaḏāmâ) kom baie (222 keer) in die Hebreeuse OT voor, en kan in die sin van “grondgebied, aarde, grond, land, bewerkbare grond, grond wat besit word, land, nasie, of selfs as onderwêreld”, vertaal word.[1039] In hierdie geval is die betekenis een van “grond (soos bewerk, wat voedsel oplewer)”.[1040] In die semantiese domein van die teks word na “grond, stof,

1036. Vir “gelykenis” (Eng: “likeness”), kyk Hoogendyk, *Analytical Lexicon*.

1037. Kyk Wenham, *Genesis*, 40–41.

1038. Victor P. Hamilton, *The Book of Genesis. Chapters 1–17* (Grand Rapids: William B. Eerdmans, 1990), 202.

1039. Hoogendyk, *Analytical Lexicon*.

1040. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 9–10.

dit wil sê, grond as kluite, klei of fyn deeltjies" verwys.[1041] Die LXX tref egter veel minder semantiese onderskeid en vertaal (ook in Gen. 3:1, 14, 17, 19, 23) die woord met "aarde" (Gr: γῆ).[1042] Die woord "aarde" verwys egter na "die oppervlak van die aarde as die woonplek van die mensdom, in teenstelling met die hemele daarbo en die wêreld daaronder".[1043] In Genesis 3 word hierdie teenstelling nie werklik geprojekteer nie. Die betekenis van "grond" is in die Griekse NT verder ook nie onbekend nie.[1044,1045] Ook in Genesis 3:19 word die verbintenis tussen die mens (*ʾāḏām*) en die grond (*ʾaḏāmâ*) bevestig. *Die gevolgtrekking wat gemaak word, is dat die woord "grond" in Genesis 3:17 waarskynlik 'n beter vertaling is as die woord "aarde". Nie die planeet Aarde nie, maar die grond is deur die mens se toedoen vervloek*.

Die vervulling van die vloek is te vinde in *die* "veranderde karakter van die grond waarop [*die mens*] moes werk"[1046] om vrug voort te bring en daarvan te eet. Die mens se sonde lê daarin dat hulle *geëet* het, en nou kom die oordeel ook oor die aspek om te "eet".[1047] Vyf keer kom die woord "eet" in Genesis 1:17–19 voor. Die lemma vir "eet" (Heb: אכל, *ʾḵl*) is 'n belangrike tema in die OT en word deurgaans in die sin van "eet" of "voer",[1048] en soms in die kragtige sin om te verteer en te vernietig (bv. Eks. 3:2) gebruik. Om die aarde met seën te onderwerp en daaroor te heers, en vrylik ("na hartelus" [Gen. 2:16]) te eet van die bome van die land, is verby. Die vrugtebome as teken van God se "oorvloedige voorsiening" (Gen. 1:29; 2:16), word die voorwerpe van "aanhitsing tot rebellie" (Gen. 3:6), en die plek waar Adam en Eva vir God wegkruip (Gen. 3:8). 'n Boom word die plek van dood (kyk Deut. 21:22–23 waar die Hebreeuse woord [Heb: עֵץ, *ʿēs.*] "boom" beteken), maar wat later die plek van die geskenk van lewe word (Gal. 3:13).[1049] Die grond bring nou dorings – 'n "nie-vrugdraende bos bekend vir hul skerp, houtsplinteragtige stekels of tande",[1050] en distels – 'n "stekelrige plant wat geen waarde het om vrugte te produseer nie (Gen. 3:18; Hos. 10:8)", voort.

1041. Swanson, *Dictionary*.

1042. Die woord "aarde" (Gr: γῆ) kom 3073 keer in die LXX voor (ingesl. die Apokriewe boeke).

1043. Louw and Nida, *Lexicon*, 9.

1044. Matt. 13:5, 8, 23; Mark. 4:5, 8, 20, 26, 28, 31; Luk. 13:7; Joh. 12:24.

1045. Arndt et al., *Lexicon*, 196.

1046. Brown et al., *Genesis–Deuteronomy*, 59.

1047. John H. Sailhamer, *Genesis. The Expositor's Bible Commentary with the New International Version* (Grand Rapids: Zondervan Academic, 1990), 56–57.

1048. Hoogendyk, *Analytical Lexicon*.

1049. Sailhamer, *Genesis*, 53.

1050. Swanson, *Dictionary*.

## ○ Veldplante

Die "plante van die veld" wat die mens na die sondeval eet (Gen. 3:18), verwys nie na 'n romantiese manier om van die wilde veld te lewe nie. "Plante" (Heb: עֵשֶׂב, ʿēśeḇ) is "groen plante, plantegroei, kruie, d.w.s. enige van verskeie kruie, grasse, saaddraende plantegroei vir menslike of diereverbruik".[1051] Die "veld" (Heb: שָׂדֶה, śāḏẹ̄) is 'n "stuk grond [*wat*] van bome skoongemaak en gewoonlik toegemaak [*is*]".[1052] Die "veld" is 'n "bewerkte gebied vir die groei van dinge",[1053] of 'n:

> stuk grond wat oop en sonder struike, bosse of bome is. Dit hoef nie te verwys na grond wat spesifiek vir landboudoeleindes gebruik word nie, maar dit doen dit dikwels wel.[1054]

Op bewerkte stukke land, wat baie voorbereiding, onderhoud en swaarkry vereis, word voedsel onder die vloek van die sondeval geproduseer. Dit is opvallend dat die eerste mensemoord op Abel in 'n "veld" gebeur het (Gen. 4:8), wat tot verdere vervloeking en verbanning van die grond lei – Kain word 'n "doellose swerwer" (Gen. 4:11).

## ○ Swaarkry, pyn

Die ongewone Hebreeuse woord *īṣṣāḇôn* (Heb: עִצָּבוֹן) wat met "swaarkry", "moeite" of "pyn" vertaal is, kom slegs drie keer in die Hebreeuse OT voor (Gen. 3:16, 17; 5:29). In Genesis 3:16, word in die konteks van swangerskap na "pyn, lyding, dit wil sê die fisiese sensasie van [...] skerp pyne" (van barensnood) verwys, terwyl vers 17 en 5:29 verwys na:

> harde werk, swoeg, d.w.s. arbeid wat baie intens is en so baie energie spandeer, met 'n spesiale fokus op die fisiese pyn wat voorkom in baie strawwe werk, let op: in konteks, plaaswerk.[1055]

Die LXX gebruik die woord *lýpē* (Gr: λύπη) wat "pyn" of "hartseer" beteken,[1056] (ook in Gen. 3:16, 17 en 5:29),[1057] met die Hebreeuse ekwivalente *yāḡôn* (Heb: יָגוֹן), *ʿaṣṣẹḇẹṯ* (Heb: עַצֶּבֶת) of *rāʿâ* (Heb: רָעָה).[1058] Die Hebreeuse woord *yāḡôn* beteken egter "hartseer, angs, dit wil sê, hartseer as 'n emosie of

---

1051. Ibid.

1052. Hoogendyk, *Analytical Lexicon*.

1053. Swanson, *Dictionary*.

1054. William A. Williams, "Agriculture", in *Lexham Theological Wordbook*, Lexham Bible Reference Series, eds. Douglas Mangum et al. (Bellingham: Lexham Press, 2014).

1055. Swanson, *Dictionary*.

1056. Brannan, *Research Lexicon*.

1057. Asook ander kerntekste soos Gen. 42:38; Spr. 10:1; 14:13; 15:13; 24:74; Joh. 4:1; Jes. 1:5; 35:10; 40:29; 50:11; 51:11.

1058. Brannan, *Research Lexicon*.

gesindheid".[1059] Die LXX se gebruik van *lýpē* as weergawe van verskeie Hebreeuse terme se betekenis verskil egter van mekaar en sluit woorde soos "fisiese inspanning, moeilikheid, pyn, hartseer, angs en ergernis" in.[1060] Die Hebreeuse gebruik van die woord waak dus teen 'n blote sielkundige benadering tot pyn:

> Die werklike fokus van die OT is egter nie sielkundig nie maar prakties, dit wil sê op die dinge wat vreugde of hartseer veroorsaak. God lê pyn op (Gen. 3:16–17), maar in die laaste tyd sal dit verdwyn (Jes. 35:10; 51:11).[1061]

*Die "moeite en uitputting" wat met die swaarkry van die lewe saamgaan, bly intens aards en prakties; dit staan teenoor die "aangename arbeid" van die mens voor die vloek van die sondeval.*[1062]

## Stof en dood

Die Hebreeuse woord *ʿāpār* (Heb: עָפָר) wat met "stof" vertaal is, is niks anders as die fisiese, aardse grond waarna verwys word nie.[1063] Die sin in Genesis 3 waarna verwys word, is "die deel van die aarde se oppervlak wat uit humus en gedisintegreerde rots bestaan".[1064] Die frase om terug te keer "na die grond" kom net in vier tekse in die OT voor (Gen. 3:19; Job 10:9; Ps. 104:29; Pred. 3:20). Mens en dier is gelyk daarin dat hulle uit stof gemaak is en sal terugkeer na stof toe. Belangrik is die voegwoord *kî* – wat met "want" ("*for*") vertaal kan word: "*Want* stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer" (sien Gen. 3:19 – AFR33/53). *Die mens is reeds sedert die skepping uit stof gemaak; daaraan verander niks nie. Die terugkeer na stof is die nuwe gedagte.* In Genesis 3: 17–19 word die woord "dood" nie pertinent as deel van die vloek genoem nie. Hierdie nuwe werklikheid sal uit ander verse (soos Gen. 2:17; 3:3, 5; 4:8; 5:5, 8, 11, 14, 17, 20, 27, 31 ens.) afgelei moet word.[1065] Of die dood na die sondeval nou ook vir die eerste keer vir diere en plante geld, is nie duidelik uit die teks nie, en 'n mens sou te ver gaan om dit daarvan af te lei.[1066]

1059. Swanson, *Dictionary*.

1060. Kittel et al., *Dictionary*, 540–542.

1061. Ibid.

1062. Calvin and King, *Genesis*, 174.

1063. Swanson, *Dictionary*.

1064. Hoogendyk, *Analytical Lexicon*.

1065. Die Hebreeuse lemma vir "dood" (Heb: מות, *mwṯ*) kom 844 keer in die OT voor.

1066. Oswald T. Allis, *God Spake by Moses: An Exposition of the Pentateuch* (Phillipsburg: Presbyterian and Reformed Publishing Co., 1951), 19.

## Verhouding met die res van die Bybel

Die res van die Bybel kan nie korrek gelees word sonder 'n aanvaarding van die fundamentele verandering wat met die sondeval teweeg gebring is "… aangesien die mens niks anders as 'n slaaf van die sonde is nie".[1067] Dit is net Christus wat só vervloek is om die vervloeking wat op die mens rus, te kan dra (Gal. 3:13). Deur sy opstanding is sy oorwinning oor die dood gedemonstreer (Hand. 2:24; 1 Kor. 15:54–57).[1068] In Christus is die vloek van die sonde weggeneem en die dood oorwin vir almal wat in Hom glo.

Enige verligting van die pyn en swaarkry in die lewe is toe te skryf aan God se barmhartigheid. Calvyn skryf:

> En tog word die strengheid van hierdie straf ook versag deur die genade van God, omdat iets van genot vermeng is met die arbeid van mense, sodat hulle nie heeltemal ondankbaar sou wees nie.[1069]

Die NT sien pyn en hartseer (Gr: λύπη, *lýpē*) in teenstelling met vreugde (Gr: χαρά, *chará*). Pyn en hartseer is "nie […] 'n hindernis nie, maar […] 'n geleentheid vir groei in die krag van Christus se dood en opstanding". Die aanvaarding van pyn en hartseer in hierdie sin, is 'n "aanneming van die kruis (Gal. 6:14; Fil. 3:10–11; 2 Kor. 4:8–9)".[1070]

## Teologiese belang

### Teologie van die aarde

Die vloek werk deur in die veranderde karakter van die grond waaruit die mens moet eet. Die vrugbaarheid en stabiliteit van die grond is nie meer verseker nie, en kan alleen deur 'n geswoeg en gesweet van die mens in sy lewensbehoeftes voorsien. *Niks in hierdie teks dui egter daarop dat die aarde ontologies, dit is in die aard van die geskape wese van die aarde, vervloek is nie.*

Deur die mens se toedoen is die kultuuropdrag tot vrugbaarheid, vermeerdering en heerskappy oor die aarde (Gen. 1:28) nog moontlik, maar op 'n verminderde wyse. Man en vrou staan nog steeds in verhouding met mekaar (Gen. 5:2). Die vrou het nog steeds ruimte om vrugbaar wees en kinders voort te bring en die mens (man en vrou) het nog steeds ruimte om oor die aarde en die diere te heers, alhoewel nou met pyn en swaarkry. Die mens en sy vrou se gesamentlike heerskappy oor

1067. Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 14.

1068. Packer, *Concise*, 125–126.

1069. Calvin and King, *Genesis*, 174.

1070. Kittel et al., *Dictionary*, 540–542.

en onderwerping van die aarde en die diere, verval na die sondeval in ’n oorheersing van mekaar (Gen. 3:16), en in die uitbuiting van die aarde (Gen. 9:2–6).[1071] Vir laasgenoemde is daar goeie voorbeelde in die moderne ekonomie: “sistematiese wreedheid teenoor diere is algemeen, hetsy in die wetenskaplike laboratorium, onder bestaansboere, of in die outomatiese produksie van voedsel”.[1072] Jesaja (24:4–5) se profesie spreek vandag nog boekdele: “die aarde verdroog en dit verskrompel, die bewoonde wêreld kwyn weg [...] die aarde lê besoedel onder sy inwoners”.

### ○ Teologie van eet

Alles wat die mens eet na die sondevloek word as ’t ware uit die grond uit geworstel. Tye van oorvloed en genot wat die mens daaruit put, kan alleen met danksegging aanvaar word uit die hand van ’n God wat genadig en barmhartig is.

### ○ Teologie van swaarkry en pyn

Swaarkry, pyn en hartseer spruit uit die vloek op die sonde wat deur God opgelê word. Op grond van God se betroubare beloftes weet ons dat dit ook weer eendag heeltemal sal verdwyn. Hierdie besef erken dat pyn en swaarkry ’n praktiese en aardse karakter het wat as ’n gegewe ’n uitwerking op die mens het. Swaarkry in die lewe is nie in teenstelling met *hēdonḗ* soos die Griekse siening nie.[1073] Die oplossing vir swaarkry en pyn is nie om verhef te word tot ’n werklike, hoëre spirituele *hēdonaí*, weg van die laer pyn en vreugdes van die lewe (soos in Platonisme, spiritualisme of die mistieke), of om pyn en swaarkry as deel van menslike passies te sien waarvan die wyses hulleself moet bevry nie (soos in Stoïsisme). Die gegewenheid van die sondevloek maak pyn en swaarkry ’n realiteit, maar wat nie sonder doel is nie. Calvyn skryf:

> [...] al die lyding waaraan die lewe van mense onderworpe is en onaangenaam is, is noodsaaklike oefeninge, waardeur God ons deels tot bekering nooi, deels ons in nederigheid onderrig, en deels versigtiger en meer oplettend maak in die waaksaamheid teen die aanloklikhede van sonde in die toekoms.[1074]

## ☐ Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Die implikasie van hierdie teks vir skeppingsorg word nou van nader beskou:

1071. Sherlock, “Humanity”, 42–43.

1072. Ibid., 99–100.

1073. Kittel et al., *Dictionary*, 540–542.

1074. Calvin and King, *Genesis*, 179.

Eerstens kan skeppingsorg slegs gedoen word deur die sondevloek oor die grond as 'n gegewe aardse realiteit goed in gedagte te hou. Die kultuurmandaat met die klem op vrugbaarheid, vermeerdering en heerskappy oor die skepping, hoe mooi ook al verpak in die versagtende terme van versorging, bewaring en herstel, kan nie die vloek oor die grond misken of probeer oorskadu nie. Die vloek is 'n aardse werklikheid wat eendag, op die onwrikbare gesag van God se beloftes, tot 'n einde sal kom.

Tweedens, sorg vir die skepping sal met swaarkry en pyn gepaard gaan. Die mens se gebroke heerskappy oor die aarde is met dorings en distels besaai, en dra dikwels maar weinig vrug.

Derdens, sorg vir die skepping in tye van ingrypende verwoesting van die skepping bring die besef duidelik na vore dat die aarde se verlossing nie in die hande van mense is nie, maar alleen by Christus te vinde is. Hy het alreeds die sondevloek gedra deur aan 'n hout te hang. Hy het die dood oorwin om ewige lewe moontlik te maak vir almal wat in Hom glo. Eendag sal die nuwe aarde ook heeltemal verlos wees van die vloek deur mense se toedoen.

Vierdens, om te groei in die krag van Christus se dood en opstanding beteken om erns te maak met die kultuurmandaat soos deur Hom in sy volheid opgeneem. Die pad na skeppingsorg is een van bekering. Individue, groepe, gemeenskappe en nasies is verantwoordelik vir die sondige beheersing van die aarde en van die diere. Baie Christene, en daarby is die skrywer ingesluit, moet hulle daagliks bekeer van lewenstyle wat gebroke verhoudings met die natuurlike wêreld, veral met diere, ondersteun en aanmoedig.[1075]

## Genesis 9:7–11: God se verbond met alles wat leef

### Opsomming

Na die sondvloed word die opdrag aan die mens om vrugbaar te wees en te vermeerder twee keer herhaal. Die woord "wemel", wat in die skeppingsverhaal gebruik word met verwysing na voëls en visse, word ook gebruik om ontelbare hoeveelhede aan te dui. Die opdrag om die aarde te "vul", word na die vloed nog sterker beklemtoon. In Genesis 9 word die kultuurmandaat van 1:28 herbevestig – al is dit in 'n spanningsvolle verhouding met die diere en in teenstelling met die aanvanklik opdrag om oor die diere te heers en die aarde te onderwerp. Ten spyte van die sonde van die mens en die vloek oor die grond, het God egter nie sy verhouding met die skepping verbreek nie. God het die offer van Noag aangeneem en

1075. Sherlock, "Humanity", 99–100.

besluit om die grond nooit weer te vervloek vanweë die mens se sonde nie. Dit beteken nie dat die vloek in Genesis 3:17 opgehef is nie, maar dat die vloek oor die grond beperk word en nuwe seëninge uitgegiet word oor mens en dier. Die mens kry sekere verordenings vir die lewe, naamlik om die aarde te bevolk, om verantwoordelik in lewensonderhoud te voorsien met 'n beperking op die neem van dierelewens, en om menselewe op aarde te beskerm. Die verbond wat Yahweh hier maak, is vasgestel met die mensdom, met al die lewende wesens en met die aarde self. God se genade reik nou uit na die hele mensheid en die hele aarde – die aardse orde sal nie voortydig eindig nie. God sluit 'n verbond met diere wat duidelik maak dat die geldigheid daarvan nie afhanklik is van die vermoë om dit aan te neem al dan nie. Elke dier op aarde wat al ooit bestaan het en wat wat nog sal bestaan, is een van God se (ver)bondsgenote. Diere het intrinsieke waarde by God wat verder gaan as hulle instrumentele waarde vir die mens. Die Noagitiese verbond is die enigste eksplisiete bybelse verbond wat van universele omvang is. Die skeppingsverbond is nie spesifiek opgeteken nie en moet uit ander bybelgegewens afgelei word. Die Nuwe Verbond word in die persoon Christus vervul en kring dan verder uit na sy aangenome kinders om eskatologies ook weer universeel vervul te word met die koms van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. Skeppingsorg kyk na Christus wat alreeds volkome gehoorsaam was aan die bepalings van die verbond met Noag en elke lewende wese, wat die vloek wat op die grond rus deur die mens se toedoen, weggeneem het, en wat gerig is op die voortgang en onderhoud van lewe vir mens en dier.

## Inleiding

Na die vloed sluit God 'n verbond met Noag, sy seuns en alle lewende wesens. Nooit weer sal die grond vervloek word nie, nooit weer sal daar 'n vloed wees wat die aarde verdelg nie. 'n Vaste orde op aarde word belowe. Dit is opvallend dat alle diere hierby ingesluit word. Die mandaat by die skepping om vrugbaar te wees en die aarde te vul, word weereens bevestig, en die lewe van die mens as beelddraer van God word herbevestig. Daar is weer hoop, en die groot verhaal van die Bybel gaan voort op pad na Christus, wat ook hierdie verbond vervul het en dit tot volmaaktheid bring met die koms van die nuwe hemel en nuwe aarde. Die feit dat God 'n verbond het met alles wat leef, het implikasies vir die mens se sorg vir die skepping.

# Eksegese

## Wat sê die teks?

In Genesis 9:7 vertaal die LXX die laaste woord van die teks met "daarop",[1076] terwyl daar in die LXX Apparatus wel aangedui word dat die woorde "op die aarde", soos ook in die MT opgeteken, ondersteuning vanuit getuienis in die Codex Alexandrinus het.[1077]

In dieselfde vers meld die BHS Apparatus dat die Hebreeuse woorde wat met "wemel" (Heb: שִׁרְצוּ) en "vermeerder" (Heb: וּרְבוּ) vertaal kan word (AFR20), getuienis het in 'n paar middeleeuse manuskripte van die Hebreeuse Bybel, en ook ondersteun word deur die getuienis van die Samaritaanse Pentateug. Die herhaling van "vermeerder" in die plek van "wemel" sou in navolging van Genesis 1:28 kon wees.[1078] Die BHS met die spesifieke verwysing na "wemel", word hier gevolg.

'n Teksvariant kom in Genesis 9:10 voor waar die LXX, in teenstelling tot die MT, nie die laaste woorde "al die diere op die aarde" insluit nie.[1079] Die MT word hier gevolg[1080] deur wel hierdie frase in te sluit (soos vertaal in AFR20 en AFR33/53).[1081]

In Genesis 9:11 word die Hebreeuse woord *măb·bûl* (Heb: מַבּוּל) verskillend vertaal met "oorstroming" (AFR83), "vloed" (AFR20; AFR33/53) of "watervloed" (ABD07), terwyl die Hebreeuse woord *šā·ḥăṯ* (Heb: לְשַׁחֵת) met "oorweldig" (AFR83), "verdelg" (AFR20; AFR33/53) of "verwoes" (ABD07) vertaal is.[1082]

## Wat beteken die teks?

### Vorm

Die genre van Genesis word as "teologiese geskiedenis", oftewel "geskiedenis [...] met 'n goddelike doel", omskryf.[1083] Genesis 9:7–11 vorm

1076. Alfred Rahlfs, *Septuaginta: With Morphology*, electronic ed. (Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft, 1979), Ge 9:7.

1077. Alfred Rahlfs and Robert Hanhart, eds., *Septuaginta: Apparatus Criticus* (Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft, 2006), Ge 9:7.

1078. Weil et al., *BHS*, 13.

1079. Brannan and Loken, *Textual Notes*, Ge 9:10.

1080. Paul W. Ferris Jr., *A Guide to the Use of the BHS Critical Apparatus* (Bethel Seminary), 2.

1081. Die AFR83- en ABDO7-vertaling volg die LXX.

1082. Engelse vertalings vertaal met "flood" en "destroy" (NIV, ESV, NLT, KJV1900, NRSV, NKJV).

1083. Kyk ook eksegese van Genesis 1:26–28 en 3:17–19.

deel van die verhaal van Noag en die vloed wat deur die "*toledoth*"-formulering van Genesis 6:9 ingelei word. Die literêre tipe is 'n "verhaal", gedefinieer as "'n geskrewe narratief wat die ervaring van die karakters uitbeeld". Hierdie verhaal van die "familiegeskiedenis" van Noag strek vanaf Genesis 6:9 tot 9:29.[1084] Die verhaal van die sondvloed in die voorbereiding tot sowel as die vloed self (Gen. 6:9–8:19), maak deel uit van hierdie geskiedenis.

## Struktuur

Die geskiedenis van Noag kan soos volg opgedeel word: voorbereiding vir die vloed (Gen. 6:9–7:10); die vloed en verlossing (Gen. 7:11–8:19); God se verbond om nie weer die aarde te vernietig nie (Gen. 8:20–9:17); en laastens, profesieë oor Noag se seuns (Gen. 9:18–29).[1085] Die teksgedeelte oor God se verbond kan weer verder opgedeel word in die volgende tekseenhede: Noag bou 'n altaar (Gen. 8:20–22); God seën vir Noag (Gen. 9:1–7); en God stel die verbond vas (Gen. 9:8–17).[1086] Die teksgedeelte in Genesis 9:7–11 moet dus geïnterpreteer word teen die agtergrond van die geskiedenis van die sondvloed, God se aanneming van Noag se offer, die daaropvolgende uitspraak dat Hy "nooit weer die grond [*sal*] vervloek vanweë die mens nie" (Gen. 8:21), en die herhaling van God se oorspronklike seën by die skepping (Gen. 1:28).[1087]

## Woorde en konsepte

### Wemel

Die opdrag aan die mens om "vrugbaar te wees en te vermeerder" word, met terugverwysing na Genesis 1:28, twee keer herhaal (Gen. 9:1, 7). Teen die agtergrond van waarskuwings teen die neem van 'n lewe, volg die mandaat om lewe voort te bring.[1088] Die Hebreeuse woord *šāraṣ* (Heb:שׁרץ), wat met "wemel" vertaal word, is in die skeppingsverhaal gebruik met verwysing na voëls en visse (Gen. 1:20, 21). Die woord beteken om ontelbaar te wees; dit is in "baie oorvloedige hoeveelhede".[1089] Dieselfde woord word ook gebruik

1084. Mangum, *Literary Types*.

1085. Sproul, *Study Bible*, 10.

1086. Douglas Mangum, Miles Custis and Wendy Widder, *Genesis 1–11*, Lexham Research Commentaries (Bellingham: Lexham Press, 2012), Ge 8:20–9:28.

1087. Vir lg. punt kyk Mangum et al., *Genesis 1–11*, Ge 8:20–9:28.

1088. Biblical Studies Press, *NET Bible*, Ge 9:7. Die grammatikale disjunktief ("Julle dan …") beklemtoon die mandaat om lewe voor te bring.

1089. Swanson, *Dictionary*.

met verwysing na die gewemel van paddas tydens die tweede plaag in Egipte (Eks. 8:3; Ps. 105:30), en na krioelende lewende wesens in lewende water (Eseg. 47:9). *Die opdrag om die aarde te "vul"* (Heb: מָלֵא, *mālēʾ*) *(Gen. 1:28; 9:1), word in 9:7 nóg sterker bevestig*.

Hierdie opdrag is egter verontagsaam na die vloed toe die inwoners van die aarde 'n stad gebou het sodat hulle nie oor die aarde sal versprei nie (Gen. 11:4).[1090] Nadat God ingegryp het en die mense oor die hele aarde versprei het (Gen. 11:8), en daarna vir Abram geroep het om 'n groot nasie te word (Gen. 12:2), is die opdrag uitgevoer toe dit blyk hoe "besonder talryk" (Heb: וַֽיִּשְׁרְצ֛וּ וַיִּרְבּ֖וּ, *wayyīšrᵉṣû wayyīrbû*)[1091] (let op die woord *šāraṣ*) die volk Israel geword het in Egipte (Eks. 1:7). Met die herbevestiging van die opdrag om vrugbaar te wees en te vermeerder, en selfs om te wemel op die hele aarde, word die grootste probleem na die vloed nie gesien as 'n oorbevolking van mense wat deur die natuur of deur God in bedwang gehou moet word nie.[1092]

## ○ Verbond

Die Hebreeuse lemma *bᵉrîṯ* (Heb: בְּרִית) wat met "verbond" vertaal word, kom algemeen (284 keer) in die Hebreeuse Bybel voor, en word die eerste keer in Genesis 6:18 en daarna sewe keer in 9:9, 11, 12, 13, 15, 16, 17 gebruik. Die woord beteken "verbond, verdrag, ooreenkoms, dit wil sê 'n ooreenkoms tussen twee partye (Gen. 6:18; 14:13), let wel: die presiese verhoudings van die twee partye sal verskil volgens konteks".[1093] In Genesis 9:16 word daarna verwys dat hierdie verbond "ewigdurend" (Heb: עוֹלָם, *ʿôlām*) is (sien ook Jes. 40:8, 28; 61:7–8; 63:12; Dan. 9:24; 12:2–3; Hab. 3:6).[1094] Die "verbond" is duidelik 'n baie belangrike aangeleentheid in Genesis 9 en word selfs grammatikaal deur 'n merker van onmiddelike betekenis demonstratief in Genesis 9:9 ingelei[1095] ("En Ek, *kyk* [Heb: הִנֵּה, *hīnnẹ̄*] ...") om God se verbond te beklemtoon.[1096,1097]

1090. Barry et al., *Study Bible*, Ge 9:7.

1091. Logos Software, *The Lexham Hebrew Bible* (Bellingham: Lexham Press, 2012), Ex 1:7.

1092. God se aankondiging staan in skerp kontras met die *Atrahasis Epic*, waarin gemeld word dat "na die vloed die gode besluit het om 'n rem op menslike bevolkingsgroei te plaas deur sommige vroue onvrugbaar te maak en om ander stilgeboorte te laat ly" (Wenham, *Genesis*, 45). Kyk ook Hamilton, *Genesis*, 313.

1093. Swanson, *Dictionary*.

1094. Hoogendyk, *Analytical Lexicon*.

1095. James Parks, *Hebrew Grammatical Constructions Documentation* (Bellingham: Faithlife, 2015).

1096. Swanson, *Dictionary*.

1097. Kyk bv. ook Jesaja 65:17 waar op soortgelyke manier ("*Ja*, Ek gaan ...") die aankondiging gemaak word dat God 'n nuwe hemel en nuwe aarde gaan skep.

*Die verbond wat Yahweh hier maak "is vasgestel met die mensdom, met al die lewende wesens en met die aarde self"*.[1098] Dit mag die instelling van 'n nuwe verhouding wees of die implementering van 'n vorige belofte (bv. Gen. 6:18).[1099,1100] God het belowe dat hy nooit weer die grond sal vervloek nie (Gen. 8:21). Daaruit kan nie afgelei word dat die vloek in Genesis 3:17 nou opgehef is nie,[1101] maar op grond van Jesaja 54:9 word afgelei dat Hy belowe het om "nooit weer die wêreld deur 'n vloed te vernietig nie".[1102] God se genade aan Noag bereik nou die hele mensheid en die hele aarde (Gen. 8:22): "God sal die aarde bewaar tot die finale oordeel toe (2 Pet. 3:7, 13); die aardse orde sal nie voortydig eindig nie" (Gen. 8:22).[1103]

Die geheime voorneme van God (Gen. 8:21) word openlik bekragtig in die vasstelling van die verbond met Noag, sy familie, sy nageslag en alle lewende wesens (Gen. 9:9–10, 15).

## ○ Lewende wesens

Die Hebreeuse woord vir "wesens" (Heb: נֶ֫פֶשׁ, *nęp̄ęš*) word wyd gebruik om te verwys na "siel, lewende wese, lewe, self, persoon, begeerte, aptyt, emosie en passie".[1104] Die betekenis van die woord in Genesis 9:10, 12, 15 en 16 is spesifiek in die betekenis van 'n lewendige ding, soos ook meermale in die skeppingsverhaal opgeteken (Gen. 1:20, 21, 24, 30; 2:7, 19).[1105] Die "wesens" word lewendig deur God se asem (Gen. 2:7, 19; Ps. 104:29–30), en sluit duidelik al die diere in.[1106]

Hoe God 'n verbond met redelose diere sonder 'n gees kan sluit, mag vrae oor God se regering van die aarde laat ontstaan. In die historiese bespreking van sulke vrae is egter te veel op die voorwaardelikheid van die verbond gelet,[1107] of dat God se verbond met sogenaamde "brute diere" net oor die behoud van hulle lewens mag gaan sonder om sin en intelligensie

1098. Barry et al., *Study Bible*, Ge 9:9–13.

1099. Hamilton, *Genesis*, 316.

1100. Sien ook Brian Collins, "The Noahic Covenant", in *Lexham Survey of Theology*, eds. Mark Ward et al. (Bellingham: Lexham Press, 2018).

1101. Sproul, *Study Bible*, 26.

1102. Calvin and King, *Genesis*, 283.

1103. Sproul, *Study Bible*, 26.

1104. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 659.

1105. Hoogendyk, *Analytical Lexicon*. Kyk ook Lev. 11:10, 46; 24:18; Eseg. 47:9.

1106. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 659.

1107. Kyk bv. John L. Thompson, Timothy George, and Scott M. Manetsch, eds., *Genesis 1–11: Old Testament*, Vol. 1, Reformation Commentary on Scripture (Downers Grove: IVP Academic, 2012), 297–298.

na diere oor te dra.[1108] *Die geldigheid van die verbond is egter nie afhanklik van mense of diere se vermoë om die verbond aan te neem al dan nie*.[1109]

God se barmhartigheid geld vir alle lewende wesens en elkeen afsonderlik, diere ingesluit. Dit het enorme implikasies vir hoe mense oor hulleself moet dink in verhouding tot die skepping:

> Sulke oorwegings kan die trots van die mens skade berokken; maar niemand wat glo dat die Bybel 'n ware openbaring van die wil van God is, kan oor die feit nadink sonder om hoër sienings te verkry van die pligte van daardie verhouding waarin hy staan teenoor die laer diere, en geïnspireer te word met die welwillendheid wat dus wydverspreid is oor die skepping.[1110]

Die mens se verhewenheid as beeld van God beteken nie onafhanklikheid van die skepping nie; inteendeel:

> God se verbond met die skepsels, sowel as met die mensdom, suggereer die gedagte van die interafhanklikheid tussen die dierewêreld en die menslike ras. Goedheid en vriendelikheid teenoor die mens behels 'n ooreenstemmende seën op die dierewêreld. Liefde is allesoorheersend.[1111]

*Elke dier op aarde wat al ooit bestaan het en wat nog sal bestaan, is ook een van God se (ver)bondsgenote.*

## ○ Die ark en 'n vloed wat verdelg

Die Hebreeuse woord *tēḇâ* (Heb: תֵּבָה) word met "ark" vertaal.[1112] Die verwysings in Eksodus 2:3 en 5 dra die betekenis van "mandjie" in die konteks van Moses se redding as babaseuntjie. Die keuse van die woord "mandjie" verwys "waarskynlik na die veiligheid en voorsiening van die ark van Noag".[1113] In beide gevalle word na 'n reghoekige en boksvormige boot of mandjie verwys, wat in albei gevalle redding bring.

Die spesifieke Hebreeuse woord *mabbûl* (Heb: מַבּוּל) wat in Genesis 9:11, 15 en 28 vir die "vloed" gebruik word, kom slegs 14 keer in die Hebreeuse OT (LHB) voor (almal in Genesis behalwe een in Ps. 29:10). Hierdie woord moet onderskei word van ander woorde vir vloed.[1114] Die verwysing na die "vloed" (Engels: "*deluge*") in die teks verwys na die unieke gebeurtenis

1108. Kyk bv. Calvin and King, *Genesis*, 297–298.

1109. Hamilton, *Genesis*, 316.

1110. Brown et al., *Genesis-Deuteronomy*, 106.

1111. Herbert E. Ryle, *The Book of Genesis in the Revised Version with Introduction and Notes*, The Cambridge Bible for Schools and Colleges (Cambridge: Cambridge University Press, 1921), 124.

1112. Hoogendyk, *Analytical Lexicon*.

1113. Swanson, *Dictionary*.

1114. Kyk bv. Jos. 3:15; 4:18; Job 20:28; 22:11, 16; 27:20; Ps. 124:4; Jes. 28:2; 59:19; 66:12; Dan. 9:26.

van “water wat in oorweldigende proporsies gewoonlik droë land bedek en oorstroom”.[1115]

Die Hebreeuse woord *šḥṯ* (Heb: שׁחת) wat met “verdelg” vertaal is in Genesis 9:11 en 15, beteken (in die *piʿʿēl* stam van die woord soos hier gebruik) om “heeltemal te vernietig; [*die*] skade [*is*] onherstelbaar”.[1116] Dieselfde betekenis word ook gebruik met verwysing na die verdelging van Sodom en Gomorra (Gen. 13:10; 19:13, 29).[1117]

*Die aankondiging dat God nooit weer die aarde met ’n vloed sal verdelg nie, moet dus teen hierdie agtergrond nie verwar word met oorstromings en verwoesting wat nog steeds op aarde plaasvind nie. Die sondvloed was duidelik in ’n ander kategorie.*

## ☐ Histories-kulturele konteks

Die sluiting van ’n verbond was ’n “wydverspreide gebruik regdeur die ANO en Grieks-Romeinse kultuur”. Daar heers ’n wye konsensus dat “verbonde in die oudheid … die verseëling van heilige verwantskapsbande tussen twee partye deur middel van beide wetlike sanksies en liturgiese rite [*verteenwoordig*]”.[1118] Sulke wetlike verdrae tussen ’n koning (*suzerein*) en onderdaan (*vasal*) word dan ook dikwels gebruik om parallelle met verbonde soos in die Bybel opgeteken is, aan te toon.[1119,1120] Behalwe *suzerein-vasal* verdrae word daar ook ander tipe verbonde of verdrae in die ANO onderskei, naamlik wanneer onvoorwaardelike koninklike toekennings gemaak word, of wanneer ’n verbond tussen gelykes gesluit word.[1121] Die verbond met Noag word in so ’n tipologie gesien as ’n onvoorwaardelike koninklike belofte van God om nie weer die aarde te verdelg nie.

Die gedagte dat die skrywers van die Bybelboeke sulke verbondsbeskrywings as bronne sou gebruik het om God se verbondsaktiwiteite te beskryf, word nie oortuigend deur bybelse gegewens ondersteun nie. Die sterk ooreenkomste wat daar is tussen verbonde in die ANO en in die Bybel mag eerder dui op “God [*as*]

1115. Swanson, *Dictionary*.

1116. Brannan, *Research Lexicon*.

1117. Die woord kom 142 keer in die Hebreeuse OT (LHB) voor, waarvan slegs 39 keer in die *piʿʿēl* stam.

1118. Scott Hahn, “Covenant”, in *The Lexham Bible Dictionary*, eds. John D. Barry et al. (Bellingham: Lexham Press, 2016).

1119. Ibid.

1120. Sproul, *Study Bible*, 37.

1121. Keener and Walton, *Cultural*, 23.

die bron en skepper van die hele verbondsbegrip en – verskynsel".[1122] Verbondverhoudings is al by die skepping ingesluit.

## Verhouding met die res van die Bybel

Die verbond met Noag is die enigste eksplisiete bybelse verbond wat universeel in omvang is. Die skeppingsverbond staan nie pertinent opgeteken nie en moet uit ander bybelgegewens afgelei word. Die verbonde wat volg is almal nouer op groepe of individue gerig.[1123] Die Nuwe Verbond waarvan Jeremia (31:31–34) profeteer, word in die persoon van Christus vervul (Matt. 26:28; Luk. 22:20; Heb. 7:22) en kring dan verder uit na sy aangenome kinders in die verbond (2 Kor. 3:6) om eskatologies universeel met die koms van 'n nuwe hemel en nuwe aarde vervul te word. Die universele horison van die dienskneg se verlossende werk is 'n tema wat ook sterk in die profeet Jesaja beklemtoon word.[1124]

## Teologiese belang

### Teologie van die verbond

Die verbond met Noag en alle lewende wesens is 'n bevestiging van God se verhouding met die hele skepping en die rol wat mense het as sy beeldraers in die skepping (Gen. 9:5–6).[1125] Ten spyte van die sonde van die mens en die vloek oor die grond, het God nie sy verhouding met die skepping verbreek nie. God het die offer van Noag aangeneem en besluit om die grond nooit weer te vervloek vanweë die mens se sonde nie (Gen. 8:21).

*Die vloek oor die grond word beperk en nuwe seëninge word oor mens en dier uitgegiet*.[1126] In Genesis 9 word die kultuurmandaat van Genesis 1:28 herbevestig – al is dit in 'n spanningsvolle verhouding met die diere en in teenstelling tot die aanvanklike opdrag om oor die diere te heers en die aarde te onderwerp. Die mens kry sekere verordeninge vir die lewe, naamlik om die aarde te bevolk (Gen. 9:1), om verantwoordelik in lewensonderhoud

1122. Gerard Van Groningen, "Covenant", in *Evangelical Dictionary of Biblical Theology*, ed. Walter A. Elwell, electronic ed., Baker Reference Library (Grand Rapids: Baker Book House, 1996), 125.

1123. Mangum et al., *Genesis 1–11*, Ge 8:20–9:28.

1124. Seifrid, "Romans", 677.

1125. Peter J. Gentry and Stephen J. Wellum, *God's Kingdom through God's Covenants: A Concise Biblical Theology* (Wheaton: Crossway, 2015), 263–264.

1126. Sherlock, "Humanity", 132.

te voorsien met die beperking op die neem van dierelewens (v. 4), en om menselewe op aarde te beskerm (v. 5).[1127]

Alhoewel die woord "verbond" nie in Genesis 1:1–6:17 voorkom nie, beteken dit nie dat daar geen verbond was nie. Sekere kommentators verwys na Adam se verbreking van die verbond (Hos. 6:7),[1128,1129] alhoewel daar sterk aanduidings mag wees dat hier na 'n dorp genaamd Adam verwys word en nie na die persoon Adam nie (sien ook Jos. 3:16).[1130,1131] In Jeremia (33:20, 25) word wel duideliker na die verbond (*b^e^rîṯ*) van God verwys met die nag en die dag wat nie verbreek kan word nie, wat as verwysing na die skepping van dag en nag verstaan word (Gen. 1:3–5, 14). God se verhouding met die natuurlike orde in die skepping gaan nie ophou solank as wat die aarde nog daar is nie (Gen. 8:22; Jer. 5:24). Ook in die verbondsluiting met Dawid (2 Sam. 7) kom die woord "verbond" nie voor nie, en word dit eers later aangehaal in Dawid se laaste woorde (2 Sam. 23:5) en in verwysing na die verbond met God se uitverkore dienskneg, Dawid (Ps. 89:4).

Jeremia (30:1–33:26) het geprofeteer dat die verbond sal bly voortgaan ten spyte van die ballingskap van die volk. Daar kom 'n Nuwe Verbond met Israel en Juda (Jer. 31:31–34), waar die wet op hulle harte geskryf sal word. Hierdie Nuwe Verbond sal kom so seker soos die verbond met die skepping (Jer. 33:20, 25), met koning Dawid (vv. 17, 21), en met die Levietiese priesters (vv. 18, 21). Die Nuwe Verbond is 'n verlengstuk van die Ou Verbond, en is deur die Middelaar van die Nuwe Verbond, Jesus Christus ingewy.[1132] Hy is die enigste hoëpriester wat die volmaakte offer gebring het, Hy is die Middelaar van 'n uitnemender verbond (Heb. 8:6), en Hy is die enigste Koning wat op die troon van Dawid regeer. Die laaste deel van die Nuwe Verbond is die nuwe hemel en nuwe aarde wat nog moet kom.

In die teologie van die verbond is tradisioneel onderskeid gemaak tussen 'n voorwaardelike (bv. *suzerein-vasal*) en onvoorwaardelike (bv. koninklike toekenning) verbond, oftewel tussen 'n werks- en genadeverbond.[1133] Die verbonde met Adam en die skepping, en die volk Israel word in so 'n skema gesien as voorwaardelik, terwyl die verbonde

1127. Kyk Richard C. Gamble, *God's Mighty Acts in the Old Testament*, Vol. 1, The Whole Counsel of God (Phillipsburg: P&R Publishing, 2009), 299–301.

1128. Gentry and Wellum, *Covenants*, 257–263.

1129. Van Groningen, "Covenant", 124–132.

1130. Brannan, *Research Lexicon*.

1131. Hoogendyk, *Analytical Lexicon*.

1132. Van Groningen, "Covenant", 124–132.

1133. Kyk bv. Archibald Alexander Hodge and J. Aspinwall Hodge, *The System of Theology Contained in the Westminster Shorter Catechism: Opened and Explained* (New York: A.C. Armstrong and Son, 1888), 27–28.

met Abram, Dawid en die Nuwe Verbond as onvoorwaardelik gesien word. Hierdie gereduseerde siening van die verbond voed egter 'n problematiese kontras tussen wet en evangelie. Alle bybelse verbonde openbaar enersyds die "genadige drie-enige God wat die beloftemaker en bewaarder is en wat eensydig waarborg dat Sy beloftes nooit sal misluk nie",[1134] en andersyds vereis dit 'n gehoorsame (ver)bondsgenoot wat deur die gehoorsaamheid van Christus Jesus en sy dood aan die kruis volmaak nagekom is (Fil. 2:6–8). God is die enigste getroue verbondsgenoot, terwyl alle menslike verbondsmiddelaars (Adam, Noag, Abraham, Israel, Dawid) faal. Dit is net in Christus dat alle verbonde, ook die universele verbond met Noag en alle lewende wesens, vervul word. Noudat Christus gekom het en die ou verbonde heeltemal vervul het, moet die betekenis van die bybelse verbonde vir gelowiges in die lig van Christus beskou en toegepas word.[1135]

### ○ Teologie van diere

Die verbond met Noag is universeel en sluit alle diere in. Asof in weerwoord op die destruktiewe, selfgerigte eienskappe van 'n gevalle mensheid, sluit God 'n verbond met alle diere, wat God se voortdurende toewyding aan die hele skepping wys. Dit word as wysheid geag vir die regverdige om te sorg vir sy diere (Spr. 8:10). Jesus wys later ook op die waardige behandeling van diere op die Sabbat (Matt. 12:11–12).[1136] Diere het intrinsieke waarde by God wat verder gaan as hulle instrumentele waarde vir die mens.

## □ Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Die implikasie van hierdie teks vir skeppingsorg word nou van nader beskou:

Eerstens, skeppingsorg moet Christus-gesentreerd te wees. Christus was alreeds volmaak gehoorsaam aan die bepalings van die verbond met Noag en elke lewende wese, en in Hom is daardie bepalings vervul. Net deurdat gelowiges in Hom is, kan skeppingsorg se ware inhoud en doel herken word.

Tweedens, skeppingsorg se reaksie op die vloek oor die grond vind net uitkoms in Christus. Die vloek wat op die grond rus deur die mens se toedoen is ook deur Christus weggeneem. Die finale vervolmaking sal bereik word deur die herskepping van 'n nuwe hemel en nuwe aarde.

1134. Gentry and Wellum, *Covenants*, 254.

1135. Ibid.

1136. Trebilco, "Animals", 25.

Derdens, skeppingsorg is gerig op die voortgang en onderhoud van lewe vir mens en dier. As God sy toewyding aan die skepping en diere wys deur 'n verbond te sluit, hoe sal die mens dit kan waag om net op hom- of haarself te fokus?

Hoofstuk 10

# Profesie

## Inleiding

Profete was boodskappers wat God se woorde gespreek het. Hulle is deur God geroep, en het die Woord van God gespreek op God se gesag (Deut. 18:15, 19). Dit is nie verniet dat hulle telkens begin het met die woorde: "So spreek die HERE" nie. Alhoewel sekere profete by tye wel voorspel het wat in die toekoms gaan gebeur, was dit nie hulle hoofdoel nie.[1137] Hulle doel was om God se woorde direk aan mense, elk in hulle eie situasie, te laat spreek.[1138] As daar wel 'n blik op die toekoms gegee word, was dit gewoonlik gemik op die onmiddellike toekoms van Israel, Juda en die ander nasies.[1139] Die boodskap wat die profete gebring het, was "aankondigings van goddelike oordeel aan 'n sondige en selfvoldane volk saam met proklamasies van toekomstige verlossing wat verder gaan as die goddelike straf".[1140]

Die profete in Israel en Juda se primêre rol was om die volk te bly wys op die belangrikheid van die nakoming van die verbond. Indien Israel God nie gehoorsaam nie, sal die vloek van die verbond oor hulle uitgegiet word

1137. Fee and Stuart, *How to Read*, 199.

1138. Wright, *How to Preach*, 187.

1139. Fee and Stuart, *How to Read*, 182.

1140. Vanhoozer et al., *Dictionary*, 627.

**How to cite:** De Wit MP 2024, 'Profesie', *Skeppingsorg: 'n Aanset tot interpretasie van sekere Bybeltekste oor die mens se verhouding tot die natuurlike omgewing*, ITUTA Books, Cape Town, pp. 247–296. https://doi.org/10.4102/aosis.2024.BK502.10

(Lev. 26:14–39; Deut. 4:15–28; 28:15–32:42).[1141] In wese was daar geen nuwe konsepte in die profete se boodskap wat nie reeds in die Wet aan die volk bekend gemaak is nie. Ook die Wet het reeds gespreek van 'n Messias (Deut. 18:18; Joh. 1:45),[1142] en Genesis was ook reeds bekend as openbaring van God se skepping in die begin van die geskiedenis van die wêreld.[1143] Vanuit hierdie grondwaarhede kyk die profete, deur die Gees geïnspireerd, vorentoe. Alle beloftes van God wat daar is, is uiteindelik 'n "Ja" in Hom (2 Kor. 1:20). In daardie sin kan gestel word dat alle profesie om Jesus Christus gesentreer is.[1144]

## ■ Wat is profesie?

In die Christelike Bybel word onderskeid gemaak tussen die groot Profete (Jesaja, Jeremia, Esegiël en Daniël) en die klein Profete (Hosea, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Haggai, Sagaria, Maleagi).[1145] In die Hebreeuse Bybel word die profete die *nevi'im* (Heb: נְבִיאִים) genoem wat in twee afdelings verdeel word: die vorige Profete (Josua, Rigters, 1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings) en die Laaste Profete (alle Groot en Klein Profete met uitsondering van Daniël).[1146] God het verskeie ander profete en profetesse gestuur, en baie het nie boeke wat na hulle vernoem is nie: Moses, Miriam, Samuel, Nathan, Elia, Elisa, Debora, Hulda – die vrou van Jesaja – en Noadja.[1147] Hulle was almal manne en vroue wat namens God gepraat het.

## ■ Hoe interpreteer ons profesie?

Die historiese konteks waarin die profete opgetree het, is belangrik om die boeke reg te verstaan. Die profetiese boeke van die OT speel almal af in die tydgleuf van ongeveer 300 jaar tussen die agtste tot die sesde eeu v.C. Dit is veral in hierdie onstuimige tyd wat gepaard gegaan het met ongeloof en wetteloosheid dat dit weer nodig was om die toepassing van die verbond te bemiddel.[1148]

---

1141. Fee and Stuart, *How to Read*, 184.

1142. Ibid., 187.

1143. Kyk Wenham, *Genesis*.

1144. Longman III, *Reading*, 179.

1145. In sekere klassifikasies word Klaagliedere ook as as 'n Groot Profeet ingesluit.

1146. John D. Barry et al., eds., "Nebiim", in *The Lexham Bible Dictionary* (Bellingham: Lexham Press, 2016).

1147. Wright, *How to Preach*, 185–186.

1148. Fee and Stuart, *How to Read*, 191.

Die profete se aankondigings van oordeel en verlossing word egter nie bewaarheid in 'n goue eeu vir Israel nie, maar vind vervulling in Christus en in sy kerk tot by die wederkoms (Luk. 24:44; Hand. 3:24; 1 Pet. 1:10) met die finale voleinding by die laaste oordeel en die koms van die eskatologiese nuwe hemel en nuwe aarde waar koninkryk en skepping gelyktydig gaan bestaan.[1149] Daar kan dus drie horisonne uit die profete se woorde beskryf word: die OT era, die NT era en die nuwe skepping.[1150] Die meeste profesieë vind egter wel 'n meer onmiddellike vervulling, soos die terugkeer van Israel uit die ballingskap of die simboliese Gog en Magog (Eseg. 38 en 39).[1151] Die spekulatiewe neiging om Ou-Testamentiese profesie direk toe te pas op moderne gebeurtenisse is gewoonlik verkeerd en moet amper altyd bevraagteken word.[1152]

Profetiese woorde is dikwels in poëtiese vorm waar baie met min woorde en sterk grafiese beelde gesê word en waar gebruik gemaak word van poëtiese vorms soos metafoor, hiperbool en simboliek. Wanneer'n tweede voller betekenis (*sensus plenior*) in die NT aan profetiese woorde toegeken word, gebeur dit deur die inspirasie van die Heilige Gees (kyk bv. Matt. 1:22–23 [Jes. 7:14]; Matt. 2:15 [Hos. 11:1]; Matt. 2:17–18 [Jer. 31:15]; Joh. 12:15 [Sag. 9:9]). Dit beteken nie dat die leser en prediker vandag ook die ruimte het om allerhande allegoriese interpretasies aan profetiese uitsprake te koppel nie. Ons eie gedagtes en insigte is nie op dieselfde vlak van inspirasie deur die Heilige Gees as die Bybelskrywers nie wat duidelike beperkings plaas op die inlees van allegoriese toepassings van profetiese woorde vir vandag.[1153]

## ■ Wat leer ons uit die profesie vir ons tyd?

Die Ou-Testamentiese profete bly ons vandag steeds herinner aan God se verbondsverhouding met sy kinders wat in die Nuwe Verbond nie 'n spesifieke volk is nie, maar uit elke volk, stam en taal kom. Die profete bly ons daaraan herinner dat God die hoofprioriteit van ons lewens moet bly. Selfs wanneer dit lyk asof ongelowiges en onregverdiges 'n goeie lewe het, bly die profete se boodskap dat die huidige werklikheid nie die uiteindelike werklikheid is nie.[1154] Net soos die profete, kan ons vandag onreg en onderdrukking aan die lig bring en opstaan vir die armes en

1149. Bruce K. Waltke, *A Commentary on Micah* (Grand Rapids: Eerdmans, 2007), 206–208.

1150. Wright, *How to Preach*, 212.

1151. Fee and Stuart, *How to Read*, 200.

1152. Wright, *How to Preach*, 216.

1153. Fee and Stuart, *How to Read*, 202–203.

1154. Longman III, *Reading*, 175.

kwesbares in die samelewing. Die Nuwe Verbond vra, net soos in die Ou Verbond, dat opregte geloof oorgaan tot opregte dade (Jak. 1:17; 2:18; Ef. 2:8–10).[1155]

# Hosea 4:1–3: Die skepping kwyn weg weens 'n gebrek aan kennis van God

## Opsomming

Hosea 4:1–11 is geskryf in die styl van 'n verhoor waar wetlike terme en prosedures gebruik word om die verbreking van die verhouding tussen Israel en Yahweh te beskryf in terme van 'n formele regsaak met getuies, getuienis en 'n regter. God verskyn as aanklaer, verdediger en regter. Die regsaak is met alle inwoners wat doelbewus verbind word met die land waarin hulle woon. Die woordspelings op die name van Hosea se drie kinders domineer die patroon van sy profesie, in hierdie geval beperk tot die oudste kind Jisreël, wat "God saai" beteken. Histories het baie bloedvergieting juis in die vrugbare vallei van Jisreël plaasgevind. Die afwesigheid van waarheid, troue liefde en kennis manifesteer in oortredings van die verbondswet wat daar is om 'n goeie lewe te verseker. Die afwesigheid van die seëninge van die kultuurmandaat is opvallend: wat geëet word, sal nie meer versadig nie, en hoerery sal nie laat uitbreek in menigte nie. Menslike sonde veroorsaak 'n krisis in die natuurlike orde van dinge wat alle lewe bedreig. Die vernietiging is so groot dat self die visse van die see verdwyn. God se skeppende werk word omgekeer. Die groot droogte waarna verwys word, toon aan dat dit nie Baäl is nie, maar die HERE wat soewerein die vrugbaarheid beheer: Hy gee die land as geskenk, Hy seën en maak vrugbaar. Deur die gebrekkige kennis dat dit God is wat hierdie vrugbare land gegee het, en dat dit Hy is wat in ryke oorvloed die vrug van die liggaam, diere en grond gee, en deur die gepaardgaande minagting van sy gebooie, kom daar 'n vloek wat lankal voorspel is oor die land. In die verbondsverhouding is die gebrek aan kennis van God die bron van sosiale en ekologiese onreg in die land. Morele verval van die volk spruit uit 'n gebrek aan kennis van God. Dit is opmerklik hoe die beeld van die grond wat treur en die lewe wat wegkwyn al in die tyd van die profete na die hele aarde uitgebrei word. Met die erkenning dat dit God is wat die aarde vrugbaar hou, kom daar die menslike verantwoordelikheid om met danksegging die aarde vrugbaar te laat bly, en om daaroor te sorg en te heers met alles wat Hy aan sy kinders toevertrou het. Ook in die Nuwe Verbond kom die oordeel oor die ongehoorsame mens, en daardeur ook oor alle lewende wesens en die aarde, maar dit is wel 'n oordeel wat, net soos later in Hosea, nie sonder hoop is nie. Skeppingsorg is 'n antwoord aan God. Die vloek oor die grond mag nie maar

1155. Fee and Stuart, *How to Read*, 202–204.

net gelate of gemaklikheidshalwe aanvaar word nie. Die kultuuropdrag om vrugbaar te wees, te vermeerder en versorgend te heers, bly van toepassing.

## Inleiding

Op die oog af lees 'n mens Hosea 4:1–3 asof dit 'n treurende, verdorde land is waar almal wegkwyn as gevolg van morele verval. Droogtes wat mens en dier laat wegkwyn, word deur so 'n uitleg gekoppel aan oortredings soos om vals te sweer, bedrog te pleeg, om aan moord, diefstal, owerspel, egbreuk, en aan 'n deurlopende bloedbad skuldig te wees. Die gevolgtrekking kan dan gemaak word dat God die land straf wanneer sy wette nie onderhou word nie. Die feit dat die teksgedeelte ingelei word deur die profetiese oproep om na die woorde van die Here te luister – 'n oproep wat net in Hosea 4:1 en Amos 7:16 in die klein profete te vinde is[1156] – gee groot gewig aan hierdie teks. As droogtes en natuurrampe inderdaad aan oortredings van die wet gekoppel is, sou sorg vir die skepping vinnig die gevaar loop om teen die straf van God in opstand te kom. Dit is egter 'n verkeerde verstaan van die teks. Die boodskap van die teks skets 'n veel ryker beeld van wie God is en hoe die mens, alle lewende wesens, en die land in 'n verbondsverhouding met Hom staan. Hierdie insig het ingrypende implikasies vir skeppingsorg vandag.

## Eksegese

### Wat sê die teks?

In Hosea 4:1 tref ons subtiele verskille aan in die vertalings vir "betroubaarheid", "troue liefde" en "kennis" (AFR20), "trou", "liefde" en "kennis" (AFR33/53), "trou", "liefde" en "toewyding" (AFR83), en "doen verkeerd", "doen nie wat belowe is", en "nie lief vir" (ABD07). Engelse vertalings vertaal dit met "*faithfulness*" (ESV, NIV, NLT, NRSV) of selfs met "*truth*" (KJV1900, NKJV), en met "*love*" (ESV, NIV), "*kindness*" (NLT), "*mercy*" (KJV1900, NKJV) of "*loyalty*" (NRSV) sowel as met "*knowledge*" (ESV, NLT, KJV1900, NKJV, NRSV) of selfs met "*acknowledgement*" (NIV).

In die lys van oortredings wat genoem word in Hosea 4:2 staan die frase "hulle breek in" (AFR33/53), "hulle hou aan" (ABD07), "hand oor hand toegeneem" (AFR83), of net "toegeneem" (AFR20). Engelse vertalings sluit in "*they break all bounds*" (NIV, ESV), "*break out*" (NRSV), "*they break out*" (KJV1900), of "*there is violence everywhere*" (NLT).

Dit is opvallend dat vertalings in Hosea 4:3 aangetref word wat dui op die uiteenlopende begrippe van treuring of droogte: "treur" (AFR33/53;

1156. E. Ray Clendenen, "Hosea", in *CSB Study Bible: Notes*, eds. Edwin A. Blum and Trevin Wax (Nashville: Holman Bible Publishers, 2017), 1355.

Engels: "*mourn*" [NRSV] "*mourns*" [ESV, NRSV], "*is in mourning*" [NLT]), of "verdor" (AFR20; AFR83), en "is dit so droog" (ABD07) (Engels: "*dries up*" [NIV]). Al hierdie variasies vereis verdere woordstudie.

Ook in Hosea 4:3 is dit opvallend dat die volgorde waarin lewe wegkwyn, nl. mense, diere, voëls en visse teenoorgesteld is van die volgorde waarin dieselfde skepsels geskape is, nl. visse, voëls, diere en mense (Gen. 1:20–27).

## Wat beteken die teks?

### Genre en vorm

Die genre van die boek Hosea is profesie.[1157] Die gedeelte van Hosea 1:1–13:15 is in die vorm van 'n orakel, 'n oordeel, wat omskryf word as "... 'n [*p*]rofetiese uitspraak van Yahweh se oordeel teen Israel, Juda of ander nasies op grond van hulle sonde en rebellie".[1158] Hosea 4:1–11:11 is in poëtiese vorm opgeteken. Dit is "[*l*]iterêre komposisies gekenmerk deur figuurlike taal, woordspel, ritme, balans en emosionele uitdrukking wat geskep is om 'n emosionele reaksie by die leser te produseer".[1159] Alhoewel die skryfstyl 'n mengsel van prosa en poësie is, is dit veral in Hosea 4–14 oorwegend poëties.[1160] Hosea 4:1–11 spesifiek word ook gekenmerk deur die styl van 'n verhoor, oftewel:

> 'n [*b*]eskrywing wat wetlike terme en prosedures gebruik om die verbreking van die verhouding tussen Israel en Yahweh te beskryf in terme van 'n formele regsaak met getuies, getuienis en 'n regter.[1161]

### Struktuur en literêre konteks

Hosea 4–14 is al beskryf as "van die moeilikste in die hele Bybel".[1162] Hosea 4–14 kan alleen in breë lyne gestruktureer word met die gebruik van verskeie beelde.[1163] Tog beteken dit nie dat daar 'n goed gekonstrueerde sleutel tot die interpretasie van die boek is nie. Ten spyte hiervan word Hosea beskryf as 'n "literêre meesterstuk" wat as 'n eenheid gelees moet word.[1164] 'n Vrugbare benadering tot die lees van die boek is om te volg hoe

1157. Longman III and Dillard, *Introduction*, 403.

1158. Mangum, *Literary Types*.

1159. Ibid.

1160. Sproul, *Study Bible*, 1492.

1161. Mangum, *Literary Types*.

1162. Longman III and Dillard, *Introduction*, 397.

1163. Ibid., 404.

1164. Duane A. Garrett, *The New American Commentary. Vol 19a Hosea, Joel,* ed. Ray Clendenen (Nashville: Broadman and Holman Publishers, 1997), 107.

die temas wat in die eerste drie hoofstukke ingelei word, verder in die res van die boek uitgewerk word.[1165]

Woordspelings op Hosea se drie kinders se name domineer die patroon van sy profesie en is 'n belangrike beeld vir die interpretasie van Hosea 4:1–3.[1166] Die analise in hierdie teks is beperk tot die oudste kind, Jisreël. Die naam Jisreël word in 'n etimologiese woordspeling deur Hosea gebruik as verteenwoordigend van Israel.[1167] Jisreël was ook 'n fisiese stad in die grondgebied van Issaskar op die noordwestelike uitloper van die berg Gilboa – op die plek van die moderne Zerin, geleë in die Vallei van Jisreël. Hierdie vallei is die vrugbaarste deel van Palestina, met goeie grond en reënval wat dit baie geskik maak vir die verbouing van koring.[1168] Die streek is ook bekend vir grondwater en sterk fonteine (1 Sam. 29:1).[1169] Die naam Jisreël, wat "God saai" beteken, kan toegepas word op die hele vallei.[1170] Hierdie vrugbare grond is 'n kosbare besitting, en het die terrein van soveel veldslae geword (1 Kon. 20:26–30; 2 Kon. 9:15–27). Dit is juis op hierdie uitgesoekte grond wat aan God behoort en wat Hy aan sy volk gegee het as erfdeel, waar "bloedbad volg op bloedbad" (Hos. 4:2).

Die oorbeklemtoning van bloedvergieting in Hosea 4:2 verwys terug na die orakel oor Hosea se oudste seun, Jisreël (Hos. 1:4–5).[1171] In Hosea 1:5 word verwys na Jehu se bloedige vernietiging van die huis van Agab (Hos. 1:4–5; 2 Kon. 9–10).[1172] Op die grond van Jisreël was daar ook die moord deur Isébel op die profete (1 Kon. 18:4; 2 Kon. 9:6–10), Agab se moord op Nabot (1 Kon. 21:19), en dit is ook die plek waar Isébel en die res van Agab se huishouding doodgemaak is (2 Kon. 9:30–10:11).[1173,1174]

Dit is op hierdie selfde grond in Jisreël waar Israel gebreek sal word uit wraak vir die moorde wat daar gepleeg is (Hos. 1:5),[1175,1176] in skerp teenstelling tot die geskiedkundige oorwinnings wat Debora en Barak oor

1165. Kyk bv. Van Alten, *Profete*, 89.

1166. Garrett, *Hosea, Joel*, 107.

1167. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 283 en Whitaker et al., *Abridged*.

1168. Fensham en Oberholzer, *Aardrykskunde*, 55.

1169. Easton, *Dictionary*, 379.

1170. Ian H. Eybers, *A Geography of Biblical Israel and Its Surroundings* (Pretoria: NG Kerkboekhandel, 1978), 74–75.

1171. Garrett, *Hosea, Joel*, 112.

1172. Watson E. Mills, "Jezreel", in *Eerdmans Dictionary of the Bible*, eds. David Noel Freedman, Allen C. Myers and Astrid B. Beck (Grand Rapids, MI: W.B. Eerdmans, 2000), 714.

1173. Easton, *Dictionary*, 379.

1174. Mills, "Jezreel", 714.

1175. Ibid.

1176. Easton, *Dictionary*, 379.

die Kanaäniete (Jos. 17:16; Rig. 4–5), en later Gideon met 300 manne in die Vallei van Jisreël oor die Mideaniete, behaal het (Rig. 6:33–7:23).

*Die naam van Hosea se oudste seun, Jisreël, die etimologiese woordspelings daarop, en assosiasies met die Vallei van Jisreël en die historiese gebeure wat daar afgespeel het, is beelde wat help met die interpretasie van Hosea 4:1–3.*

## ○ Woorde, konsepte en grammatika

Daar is 'n paar belangrike woorde en frases wat verdere toeligting nodig het om die teks beter te verstaan:

## ○ Regsaak

Die Hebreeuse woord *rîḇ* (Heb: רִיב), wat met "regsaak" of "aanklag" (Engels: "*charge*" of "*indictment*") vertaal word, kan in nie-wetlike (dispuut, kontroversie, rusie) en wetlike (regsaak) kontekste gebruik word.[1177] Of dit hier oor 'n duidelike verbondsregsaak gaan, word soms betwyfel, gegewe 'n gebrek aan standaard literêre struktuur en terminologie, en probleme met die gedagte dat Yahweh die inisieerder van die die regsaak sowel as die regter is.[1178] Laasgenoemde probleem is egter te betwyfel. God verskyn as aanklaer, verdediger en regter in verskeie kontekste in die OT. In Hosea 4:1 kla Hy aan (vgl. Jes. 57:16; Miga 6:2; Mal. 2:14), maar Hy kom ook tot 'n regverdige uitspraak op grond van eie getuienis (Hos. 12:3, vgl. Miga 6: 9–16; Mal. 3:5). Maar, selfs "as aanklaer en regter is God se genadige liefde steeds van krag" (Ps. 103: 9–10).[1179] Die verwysing na 'n verbondsregsaak in Hosea 4:1 kan wel gehandhaaf word, sonder om daarmee 'n voorwaardelike *suzerein-vasal* verbondsverhouding te probeer impliseer.[1180,1181]

## ○ Inwoners van die land

Die regsaak is met die "inwoners van die land" (Hos. 4:1). Almal in die hele Israel word hier ingesluit (sien Miga 6:2),[1182] wat doelbewus verbind

1177. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

1178. Richard D. Patterson and Andrew E. Hill, *Cornerstone Biblical Commentary, Vol 10: Minor Prophets, Hosea–Malachi* (Carol Stream: Tyndale House Publishers, 2008), 29. Duane Garrett voer aan dat God die kinders van Israel oproep om sy griewe te hoor teen die inwoners van die land – wat ook Israeliete is. Sy oplossing is dat 'n oorblyfsel van die kinders van Israel geroep is as getuies van die waarheid van God se aanklag (Garrett, *Hosea, Joel*, 108–109). Dit is egter problematies dat die verwantskap met die seën en vloek van die verbond, en daardeur ook die groter visie op land met so 'n verklaring verlore gaan.

1179. H. Douglas Buckwalter, "Testimony", in *Evangelical Dictionary of Biblical Theology*, electronic ed., Baker Reference Library (Grand Rapids: Baker Book House, 1996), 766.

1180. Contra Biblical Studies Press, *NET Bible*, Ho 4:1.

1181. Kyk eksegese van Genesis 9 en Deuteronomium 28.

1182. "[*H*]e means the whole body of the people; as though he said, 'Not a few men have become corrupt, but all kinds of wickedness prevail everywhere'". (John Calvin and John Owen, *Commentaries on the Twelve*

word met die land waarin hulle woon.[1183] Die land verwys hier na fisiese grondgebied net soos in verskeie ander plekke in die boek (Hos. 1:2, 5; 2:17, 22; 4:3; 9:3; 10:1; 13:5).

## ○ Betroubaarheid, troue liefde en kennis

Die rede vir Yahweh se regsaak is dat daar geen ʾęmęṯ (Heb: אֱמֶת) (getrouheid, betroubaarheid, of "vastigheid, getrouheid, waarheid"),[1184,1185] geen ḥęsęḏ (Heb: חֶסֶד) (troue liefde, of "lojale liefde, onfeilbare vriendelikheid, toewyding"),[1186] en geen *daʿaṯ* (Heb: דַּ֫עַת) ("verstand, wysheid", of "kennis, dit wil sê inligting van 'n persoon, met 'n sterk implikasie van verhouding tot daardie persoon")[1187] in die land is nie.[1188] Die volk aanbid nog steeds, maar hulle gedrag word hier ondersoek volgens die pligte van die liefde: "Julle is regte aanbidders van God, julle is hoogheilig; maar intussen, waar is waarheid, waar is wedersydse getrouheid, waar is vriendelikheid?"[1189]

*Die fontein waaruit al hierdie oortredings voortspruit, is dat daar geen kennis van God is nie* (Hos. 4:6; 6:6).[1190] Kennis van God is getrouheid aan die verbond (Ps. 25:10), soos uitgebeeld in die huwelik (ook van Hosea), en soos wat onderrig moet word deur die priesters (Hos. 4:6; Jer. 2:8).[1191]

Uit hierdie afwesigheid van getrouheid, troue liefde en persoonlike kennis van God kom daar meineed en bedrog, moord, diefstal en egbreuk voort (Hos. 4:2). Die "sedelike fondamente" van die samelewing word geskud wanneer die wil van God, soos saamgevat in die Dekaloog as fundamentele

---

*Minor Prophets*, Vol. 1 (Bellingham: Logos Bible Software, 2010), 139.

1183. Contra sekere verklaarders wie meen dat die land slegs 'n metoniem vir die volk is (J. Andrew Dearman, *The Book of Hosea* [Grand Rapids and Cambridge: William B. Eerdmans, 2010]).

1184. Hoogendyk, *Analytical Lexicon*.

1185. Whitaker et al., *Abridged*.

1186. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

1187. Ibid.

1188. "Die kern bybelse terme vir kennis veronderstel 'n persoonlike vertroudheid, selfs 'n intieme betrokkenheid, met die bekende voorwerp". (Timothy R. Phillips, "Knowledge of God", in *Evangelical Dictionary of Biblical Theology*, electronic ed., Baker Reference Library [Grand Rapids: Baker Book House, 1996], 458.)

1189. Calvin and Owen, *Minor Prophets*, 140.

1190. Ibid., 141.

1191. Dearman, *Hosea*, Hos 4:1–3.

verbondsdokument, nie meer geken word nie.[1192] Bloedbad op bloedbad breek uit.

## ○ Uitbreek of toegeneem

Die Hebreeuse woord *p̄rṣ* (Heb: פרץ) beteken om "vyandig [te] wees, formeel: uitbreek, d.w.s. in 'n toestand van opposisie [*te*] wees wat skade of doodmaak van 'n ander kan insluit".[1193] 'n Ander, meer neutrale omskrywing is "om te vermeerder (verandering [*te*] ondergaan), om groter, of groter in hoeveelheid, te word".[1194] Die konteks in Hosea 4:2 gee die betekenis van geweld aan die werkwoord *p̄rṣ*.[1195] Die vorm waarin die woord *pārāṣû* (Heb: פָּרָ֫צוּ) hier gebruik word, suggereer dat 'n oormaat van meineed en bedrog, moord, diefstal en egbreuk *uitbreek* in "gewelddadige en goddelose optrede" – bloedbad volg op bloedbad.[1196] Die afwesigheid van die seëninge van die kultuurmandaat is opvallend (Gen. 1:28; 9:1, 7); wat geëet word sal nie meer versadig nie, en hoerery sal nie laat uitbreek in menigte nie (Hos. 4:10 – AFR33/53).

Die gewelddadige konteks waarin die woord "uitbreek" gebruik word, staan in sterk teenstelling met dieselfde woord wat seëninge aandui: 'n eksplosiewe uitbreiding van Jakob se nageslag (Gen. 28:14), Israel se vermeerdering en verspreiding in Egipte (Eks. 1:12), 'n nageslag wat so uitbrei dat dit nasies in besit sal neem (Jes. 54:3), die uitbreiding van veestapels onder God se beskerming (Gen. 30:30, 43; Job 1:10), en oorvol graanskure (Spr. 3:10).[1197]

*Samevattend, die afwesigheid van waarheid, troue liefde en kennis, manifesteer in oortredings van die verbondswet wat daar is om 'n goeie lewe te verseker.*

## ○ Die land treur en kwyn weg

Die Hebreeuse lemma *ʾḇl* (Heb: אבל), kan as "treur" of "verdor" vertaal word. In Hosea 4:3 word die betekenis van die woord (in *Qal* vorm) as

1192. Jan Ridderbos. *De Kleine Profeten. Hosea, Joel, Amos. Korte Verklaring der Heilige Schrift Met Nieuwe Vertaling*. Tweede druk (Kampen: J.H. Kok, 1952), 56–57.

1193. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

1194. Hoogendyk, *Analytical Lexicon*.

1195. Thomas Edward McComiskey ed., *The Minor Prophets. An Exegetical and Expository Commentary. Vol 1 Hosea, Joel, Amos* (Grand Rapids: Baker Academic, 2006), 57.

1196. Koehler, *Lexicon*, 972.

1197. Ibid., 972.

’n verpersoonliking van die land se emosionele reaksie op ’n hartseer situasie[1198,1199] sowel as ’n fisiese droogte in die land verstaan.[1200,1201]

Die Hebreeuse lemma *ʾml* (Heb: אמל), word as “kwyn weg” of “versmag” vertaal. Die betekenis van die woord (in *Pu’al* vorm) is om swak te word (1 Sam. 2:5; Jes. 19:8; 24:4; 33:9; Jer. 15:9; Klaagl. 2:8), te verskrompel sonder vog (Jes. 16:8; 24:7; Joël 1:12), om te kort te skiet (Jer. 14:2; Joël 1:10), om lewenskrag te verloor (Nah. 1:4),[1202] of in ’n “verswakte fisiese toestand van lewe te wees” (vgl. Jer. 15:9).[1203]

Die beloofde land van rus is die fisiese grondgebied wat deur God aan Israel geskenk is by die intog in Kanaän. Dit is nie verniet dat die regsaak gevoer word met die “inwoners van die *land*” [*skuinsdruk toegevoeg*] (Hos. 4:1) nie. Die klag is dat die Israeliteite wel in die land leef, maar nie volgens die verbondsbepalings nie. *Die verhouding met die lewende God word beliggaam en in die fisiese land onder die lewegewende Wet uitgewerk*.[1204]

Sou die verbondsbepalings nie nagekom word nie, word die “deur oopgemaak vir die verbondsvervloekinge soos wat deur Moses voorsien is” (Deut. 28:15).[1205] Die vervloekings van die verbond affekteer die hele land, en by implikasie ook alle lewe in daardie land (Deut. 28:18, 23–24).[1206] *Menslike sonde veroorsaak ’n krisis in die natuurlike orde van dinge, wat alle lewe bedreig* (Lev. 18:28; Jes. 24:4–5). Die groot droogte waarna verwys word, toon aan dat dit nie Baäl is nie, maar die HERE wat soewerein die vrugbaarheid beheer.

## ○ Almal (wat in die land woon), diere, voëls, visse

Die vernietiging is so groot dat self die visse van die see verdwyn. Die orde waarin die diere en die mens genoem word, is presies die teenoorgestelde van die skeppingsverhaal (Gen. 1:20–26).[1207] God se skeppende werk word omgekeer (vgl. Jer. 4:23–28).[1208]

1198. Vgl. Job 14:22; Jes. 3:26; 19:8; 33:9; Jer. 4:28; 14:2; Hos. 10:5; Joël 1:9; Amos 8:8.

1199. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

1200. Vgl. Jes. 24:4, 7; Jer. 12:4; 23:10; Amos 1:2.

1201. Hoogendyk, *Analytical Lexicon*.

1202. Ibid.

1203. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

1204. Kyk eksegese van Deut. 28.

1205. McComiskey, *Minor Prophets*, 57.

1206. Barry et al., *Study Bible*, Ho 4:3.

1207. Bauckham, *Ecology*, 91.

1208. Patterson and Hill, *Minor Prophets*, 30.

## ☐ Histories-kulturele konteks

Hosea was aktief in die tweede helfte van die agtste eeu v.C. Hy het opgetree in die tyd van Jerobeam II in Israel, en in die tyd van Ussia, Jotam, Agas en Hiskia in Juda (Hos. 1:1). Saam met Amos en Miga was hy die eerste van die klein profete, en het hy in gedeeltelike oorvleueling met Jesaja opgetree.

Die boek speel af in die noordelike koninkryk. Dis opvallend dat Hosea soveel aandag gee aan die topografie (Hos. 2:22; 10:8), geografie (Hos. 4:15; 5:1, 8; 6:8, 9; 9:15; 10:5; 12:12) en die geskiedenis (Hos. 5:13; 7:7, 11; 8:4, 8–14) van die land.[1209] Hosea is nie afsydig en teoreties nie, maar het ’n goeie begrip vir die volk se lewe op voetsoolvlak soos uitgedruk in gereelde sinspelings op historiese gebeurtenisse, plekke en sy eie persoonlike betrokkenheid.[1210]

Die begin van Hosea se optrede was ’n tyd van militêre sukses, gebiedsuitbreiding en ekonomiese voorspoed onder Jerobeam II (2 Kon. 14:25, 28).[1211] Hierdie periode is egter opgevolg deur politieke en sosiale chaos sowel as godsdienstige agteruitgang onder die volgende ses konings, waarvan vier vermoor is deur hulle opvolgers en wat gesamentlik maar net 25 jaar geregeer het (2 Kon. 15:8–17:41).[1212]

Die Israeliete se geloof in Yahweh is binnegedring deur die Kanaänitiese vrugbaarheidsgeloof wat gefokus was op die “aanbidding van Baäl, ’n god wat vereer word as die gewer van reën en vrugbaarheid”. Israel het aspekte van hierdie vrugbaarheidsgodsdiens geïnkorporeer in hulle geloof, veral “seksuele rites wat rituele prostitusie en dronk orgies ingesluit het” (Hos. 4:10–13).[1213] Die land se leiers het nagelaat om die mense in die ware geloof te onderrig, en gefaal om op te tree teen sinkretisme (Hos. 4:4–13; 5:1; 6:9). Hosea se huwelik met ’n prostituut word “deur God gebruik om beide Sy walging en liefde vir Sy verbondsvolk aan te dui”.[1214]

Alhoewel Ugaritiese tekste op ’n kultuur dui wat geglo het in ’n konneksie tussen die welvaart van die koning en die welvaart van die land[1215] en wat ook die Israeliete in Hosea se tyd beïnvloed het, is daar ’n skerp teenstelling met so ’n visie en met ’n soewereine God wat die land as geskenk gegee het en wie seën en vrugbaar maak.

1209. Sproul, *Study Bible*, 1491.

1210. Robert D. Spender, “Hosea, Theology of”, in *Evangelical Dictionary of Biblical Theology*, electronic ed., Baker Reference Library (Grand Rapids: Baker Book House, 1996), 357.

1211. Longman III and Dillard, *Introduction*, 400.

1212. Sproul, *Study Bible*, 1491.

1213. Ibid., 1492.

1214. Longman III and Dillard, *Introduction*, 403.

1215. Keener and Walton, *Cultural*, 1460.

## Verhouding met die res van die Bybel

Daar is geen direkte aanhalings van Hosea 4:1–3 in die NT nie. Tog is daar heelwat aanhalings van soortgelyke tekse en sinspelings op hierdie gedeelte. Die verbondskenmerke van betroubaarheid, troue liefde en persoonlike kennis van God (Hos. 4:1), wat bo offers en opofferings vereis word (Hos. 6:6), word deur Jesus self aangehaal (Matt. 9:13; 12:7; 12:33). Liefde vir God en die naaste is veel belangriker as alle opofferings saam. Net soos in die OT is die fokus in die NT op persoonlike kennis en troue liefde: "[*w*]ees hartlik lief vir God as jou man, moenie hom net as jou Here dien nie".[1216,1217]

Die belofte van 'n nuwe verhouding (Hos. 2:13–22) word in die NT aangehaal en toon aan dat die heidene ook deel van God se volk word (Rom. 9:25; 1 Pet. 2:10). Die negatiewe van Hosea se kinders se name, word positief aangehaal.[1218] Die land waarin hulle (deur God) gesaai word (Hos. 2:22), is per implikasie nou nie meer die vlakte van Jisreël as aanduiding van Israel nie, maar die hele aarde waar die heidene woon. Die lewende God ontferm Hom oor sy kinders (teenoor Lo-Rugama) wat soos die sand van die see (Hos. 1:10; Rom. 9:26) oor die hele aarde versprei is en sy volk word (teenoor Lo-Ammi) (Hos. 2:22).

Die beloftes van herstel (Hos. 1:10; 2:22) word vervul in die Nuwe Verbond deur Jesus Christus.[1219] Aan Hom is alle mag "in die hemel *en op aarde*" (Matt. 28:18) gegee, waarna die sendingsopdrag volg om *alle nasies* dissipels te maak deur hulle te doop en te leer wat Hy beveel het (Matt. 28:19). 'n Gebrek aan kennis van God en sy troue verbondsliefde mag daar nie meer wees op die aarde nie. In plaas van 'n verdorde land waar almal wegkwyn (Hos. 4:3), en 'n skepping wat nog steeds sug (Rom. 8:19–23),[1220] is daar in Hosea alreeds die belofte van totale herstel wat met die sendingopdrag begin en met die nuwe skepping vervolmaak sal wees.

## Teologiese belang

### Teologie van die verbond

God gee om vir Sy kinders soos 'n man vir sy vrou (Hos. 1:15) en 'n vader vir sy kinders (Hos. 11:1–4). Die hele boek is 'n kommentaar op daardie verhouding:

1216. John Piper, *Sermons from John Piper (1980–1989)* (Minneapolis: Desiring God, 2007).

1217. Baäl se naam beteken letterlik "heer" of "meester" (Sproul, *Study Bible*, 1492).

1218. Longman III and Dillard, *Introduction*, 408.

1219. Sproul, *Study Bible*, 1493.

1220. Kyk eksegese van Romeine 8.

> Dit beweeg van die hoogtes van 'n intieme kennis, gesimboliseer deur die huwelik en vaderlike liefde, na die dieptes van angs en wanhoop oor Israel se afvalligheid en afgodery soos uitgebeeld deur die owerspel van Gomer.[1221]

Die huweliksverhouding is analoog aan die verbondsverhouding van God met sy volk. Israel het die verbondsbepalings bly oortree (Hos. 4:1–2, 6:7, 8:1) wat vervloekings tot gevolg het (Deut. 28). Die vrug van die land wat 'n seëning van God is, word deur die volk toegeskryf aan Baäl as die bron daarvan (Hos. 2:7; 11:2).[1222] Deur die gebrek aan kennis dat dit God is wat hierdie vrugbare land gegee het, en dat dit Hy is wat in ryke oorvloed die vrug van die liggaam, diere en grond gee (Deut. 28:4, 11) en deur die gepaardgaande minagting van sy gebooie, kom daar 'n lank voorspelde vloek oor die land (Deut. 28:18; Hos. 4:3).

In die verbondsverhouding is die gebrek aan kennis van God die bron van sosiale onreg en ekologiese onreg in die land. Morele verval van die volk spruit uit 'n gebrek aan kennis van God.[1223] Om byvoorbeeld te weet dat God lief is vir die diere wat hy gemaak het, beteken dan ook dat dit *regverdig* is om die behoeftes van jou diere te ken (Spr. 12:10).

Hosea (14:2–9) se finale oproep is tot bekering en verbondsvernuwing, waaruit God se lankmoedigheid en geduld blyk: "Israel se ontrouheid word uiteindelik oorskadu deur God se getrouheid".[1224] Waar daar egter geen bekering is nie, volg God se oordeel.[1225]

## ○ Teologie van oordeel en verlossing

Ongehoorsaamheid manifesteer op verskeie maniere in die oortreding van God se gebooie (Hos. 4:2), maar onderliggend tot dit alles is Israel se afvalligheid. Die Tien Gebooie is die fondasie van die verbondsverhouding – dit is "wetlik bindend as 'n uitdrukking van Israel se *reaksie van liefde vir Yahweh*" [*skuinsdruk toegevoeg*].[1226] Die sonde is om Yahweh nie meer te ken en te vrees nie; dit is om geen ag meer op Hom te slaan nie. Sonde is die afwesigheid van die ideaal van huweliksliefde en lojaliteit.[1227] Die oordeel

1221. Spender, *Hosea*, 357–358.

1222. Ibid., 358.

1223. Christopher J.H. Wright, *Living as the People of God. The Relevance of Old Testament Ethics* (Leicester: InterVarsity Press, 1983), 146.

1224. Sproul, *Study Bible*, 1493.

1225. Gamble, *Mighty Acts*, 594–596.

1226. Pao and Schnabel, "Luke", 351.

1227. Geerhardus Vos, *Biblical Theology: Old and New Testaments* (Eugene: Wipf and Stock Publishers, 2003), 276.

vir Israel was om van hulle land weggeneem te word en terug te keer na die woestyn (Hos. 2:13), soos wat vervul is in die ballingskap.[1228]

Die hoop op verlossing word in Hosea 11:8–9 aangekondig wat 'n aangrypende teks is waaruit God se getrouheid en deernis blyk. Sy volk sal 'n tweede eksodus meemaak en terugkom na die land toe. Die verbond met die skepping sal weer hernu word (Hos. 2:17; vgl. Gen. 9:9–16). Israel sal wortel skiet, bloei soos 'n veldblom, en sy lote uitsprei. Koring sal verbou word, en die volk sal soos 'n wingerdstok uitspruit (Hos. 14:6–8).

## Teologie van die land

Die land, alle lewende wesens, en die gedrag van mense is nóú met mekaar verweef. Dit was reeds sedert die sondeval so: die eerste menslike sonde het reeds al tot 'n vloek oor die grond gelei (Gen. 3:17–19).[1229] Die grond wat die bloed van Abel ontvang het, word weer vervloek deur nie meer langer sy opbrengs te gee nie (Gen. 4:11–12; vgl. Hos. 1:4; 4:2–3).[1230] Die mens wil outonoom wees en dit gaan gepaard met eskalerende geweld teen ander mense (Hos. 4:2), teen ander lewende wesens, en teen die land (Hos. 4:3; Hab. 2:17). Die hele skepping word deur die mens se sondige drang tot selfhandhawing (soos dit bv. manifesteer in gierigheid, magswil, arrogansie en agressie) besoedel. Veral 'n oorlog, met alle gepaardgaande geweld, het 'n groot impak op die natuurlike wêreld.[1231]

Dit is veral die profete van voor die ballingskap wat aandui dat God die een is wat die orde in die skepping laat vaar as deel van sy oordeel. Die verwoesting van die land en ekologiese vernietiging word as 'n direkte gevolg van menslike sonde geëien (Hos. 4:3; vgl. Jes. 24:1–13).[1232] In die hedendaagse konteks van die globale omgewingskrisis neem tekste soos Hosea 4:3 'n nuwe realiteit aan.

God bly egter sy land teen menslike sonde beskerm. Die ballingskap het aan die land die geleentheid gegee om verlore sabbatsjare in te haal deur te herstel van jare se mishandeling as gevolg van oorbewerking (2 Kron. 36:21; Lev. 26:34–35).

Profesie is nie alleen beperk tot 'n bepaalde land of grondgebied in Israel nie. Dit is opmerklik hoe al in die profete (Jes. 24:4–5; Jer. 4:27–28) die beeld

1228. Longman III and Dillard, *Introduction*, 407.

1229. Kyk eksegese van Genesis 3.

1230. Sherlock, "Humanity", 116.

1231. Wright, *People of God*, 136.

1232. Lawrence H. Osborn, "Creation", in *New Dictionary of Biblical Theology*, eds. T. Desmond Alexander and Brian S. Rosner, electronic ed. (Downers Grove: InterVarsity Press, 2000), 431–432.

van die grond wat treur en die lewe wat wegkwyn na die hele aarde uitgebrei word.[1233] Ook in die Nuwe Verbond gaan die oordeel oor die ongehoorsame mens, en daardeur oor alle lewende wesens en die aarde voort, maar wel 'n oordeel wat, net soos in Hosea, nie sonder hoop is nie (vgl. Rom. 8:19–23).[1234]

## Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Die implikasie van hierdie teks vir skeppingsorg word nou van nader beskou:

Eerstens, skeppingsorg is in die konteks van God se verbondsverhouding met sy kinders, en begin daarom met 'n persoonlike kennis van God. Om God te ken, beteken om altyd te bly besef dat God sy kinders liefhet as Vader, as Voorsiener en as Verlosser. God se liefde is onmeetlik groter as sy kinders se ontrouheid. So begryp, neem skeppingsorg dan ook vorm aan binne die ideaal van huweliksliefde en volkome lojaliteit – dit gaan uitsluitlik oor wat God wil en om dit dan ook so te doen (vgl. Spr. 9:10; Pred. 12:1, 13–14).[1235] In die konteks van skeppingsorg soek God nie allerlei groen opofferings nie, Hy soek die hart. Die woorde: "Laat ons daarna streef om die HERE te ken" (Hos. 6:3), kan net sowel die slagspreuk van enige Christelike skeppingsorg-organisasie, -beweging, -projek of -aksie wees.

Tweedens, skeppingsorg gaan eerstens nie daaroor om sosiale of ekologiese uitkomste te bereik nie; die onderhouding van God se verbondswette – ook waar dit die grond, land of aarde betref – moet uit die liefde van en vir God gemotiveer word. Enige ander vorm van aanbidding en moraal wat gemik is op beter uitkomste (soos om die vrugbaarheid van die land te verseker)[1236] sonder liefde vir en erkenning van God is 'n belediging van God self.[1237] Met die erkenning dat dit God is wat die aarde vrugbaar hou, kom daar die menslike verantwoordelikheid om met danksegging die aarde vrugbaar te laat bly, en om daaroor te sorg en te heers met alles wat Hy aan sy kinders toevertrou het.

Derdens, skeppingsorg moet realisties gegrond bly op die verwoestende effek van menslike sonde op alle lewende wesens en die hele aarde. Ekologiese vernietiging bly ten diepste 'n gevolg van die sonde. Daar is egter altyd weer God se geduldige oproep tot bekering, ook wanneer daar

1233. Kyk vir die betekenis van woordgebruik *Lexham Analytical Lexicon*, en vir 'n bybels-teologiese interpretasie Moo and Moo, *Creation Care*, 106.

1234. Kyk eksegese van Romeine 8.

1235. Vir 'n bespreking oor etiek, kyk Reginald E.O. White, "Ethics", in *Evangelical Dictionary of Biblical Theology*, electronic ed., Baker Reference Library (Grand Rapids: Baker Book House, 1996), 213.

1236. Baälverering moenie as 'n antieke ritueel afgemaak word nie, maar is net so relevant in vandag se tyd – al is dit in ander vorms.

1237. White, *Ethics*, 213.

geen kennis van God se wil oor sy aarde is nie. Ter vertroosting openbaar God wel aan sy kinders dat volmaakte hoop vir die aarde net te vinde is by die volledige herskepping in en deur Jesus Christus.

Vierdens, God bewerk in die land en beskerm die aarde om die goeie te bly voorsien (ook deur die sorgsame optrede van sy kinders). Wanneer die skepping vrugbaar is, is dit 'n antwoord op God wat plant. Skeppingsorg is 'n antwoord aan God. Die vloek oor die grond mag nie maar net gelate of gemaklikheidshalwe aanvaar word nie. Die kultuuropdrag om vrugbaar te wees, te vermeerder en versorgend te heers, bly staan.

## Joël 2:21–27: Verlossing en herstel van die land

### Opsomming

Joël 2:21–27 beskryf spesifiek die fisiese herstel van die land. 'n Oproep tot ware bekering gaan die ommeswaai van oordeel na verlossing, wat ook die land insluit, vooraf. Op grond van die volk se skuldbelydenis en bekering, belowe God om dit wat in die sprinkaanplaag en veel meer verlore gegaan het, weer te herstel. Die seëninge van die verbond word herstel oor die volk se hele land. Die hele omgewing word beïnvloed – mense sowel as diere. Die vroeë reën gee selfs onderrig in regverdiging. Die komende reën en die hervatting van die gewone landbousiklus word 'n medium van goddelike onderrig aangaande die Here se getroue voorsiening vir sy berouvolle en bekeerde volk. 'n Veilige land met "nuwe wyn" is 'n teken van vrugbaarheid en 'n seëning van die verbond. Die skade van 'n sprinkaanplaag, die grootste ekologiese ramp van daardie tyd, word herstel. Opvallend is hoe die vermeerdering van sprinkane nou in sterk kontras staan tot die vrugbare vermeerdering onder die seën van God. Die oordadige beelde van vrugbaarheid in oorvloed wys heen na die herskepping van die natuurlike orde. Net so gaan die uitstorting van die Gees met kosmiese verskynsels gepaard en is dit op alle mense gerig. Die fisiese-materiële en die geestelike aspekte van God se koninkryk loop hand aan hand en word op die dag van die Here deur oordeel en verlossing saam gevestig. Menslike gedrag het 'n impak op die natuur. Skeppingsorg manifesteer as 'n werk wat by bekering pas. Enige omgewingskrisis staan onder God se volstrekte beheer en word deur Hom geduld. Die mens en die natuur treur en verskrompel saam, maar kan ook weer in God se ontferming en genade saam herstel.

### Inleiding

Die naam Joël (Heb: יוֹאֵל, *yo'el*) beteken "Yahweh is God".[1238] In Joël 2:21–27 word dit duidelik dat die groot dinge wat Yahweh doen ook landerye, wilde

1238. Brenda Heyink, "Joel, Book of", in *The Lexham Bible Dictionary*, eds. John D. Barry et al. (Bellingham: Lexham Press, 2016).

diere, vrugtebome, vyebome, wingerdstokke, asook die reëns, graan, wyn en olie insluit. Om oorgenoeg te mag eet en versadig te word, is een van die "wonderlike dinge" (Joël 2:26) wat Yahweh met sy volk sal laat gebeur. God se beloftes sluit die verlossing en herstel van die land in. Die welsyn van sy mense en die res van die skepping gaan hand aan hand. Enige omgewingskrisis, net soos die sprinkaanplaag in Joël, is onder God se volstrekte beheer.

## Eksegese

### Wat sê die teks?

In Joël 2:23 is daar 'n ooglopende verwysing na "geregtigheid" in 'n teks wat andersins gefokus is op die vreugde wat met goeie reëns gepaard gaan. Daar is vertalings wat die direkte verband tussen geregtigheid en reën aandui: "reën as teken van geregtigheid" (AFR20), of wat dui op vryspraak van alle blaam (Engels: "*early rain for your vindication*" [ESV, NRSV]). Daar is ook vertalings wat "geregtigheid" afsonderlik beklemtoon: "Hy gee julle die leraar tot geregtigheid, en laat op julle neerdaal die reën" (AFR33/53). Ander vertalings beklemtoon weer die regte tyd waarop die rëen kom: "reën betyds laat kom" (AFR83) en "reën op die regte tyd" (ABD07). Sekere Engelse vertalings wys weer op God se betroubaarheid in die gee van reën: "*he has given you the autumn rains because he is faithful*" (NIV), en "*the rain he sends demonstrates his faithfulness*" (NLT) en "*He has given you the former rain faithfully*" (NKJV). Een vertaling fokus op die hoeveelheid reën: "*he hath given you the former rain moderately*" (KJV1900).

Die sprinkane (en dalk ander insekte?) wat in Joël 2:25 genoem word, getuig ook van verskille tussen die vertalings. Die AFR20 en AFR33/53 stem ooreen met "treksprinkane, voetgangers en kaalvreters", maar verskil oor "ruspes" (AFR20) en "afknypers" (AFR33/53). Die AFR83-vertaling vermy moontlik verskille deur net te verwys na "sprinkaanswerm op spinkaanswerm". Engelse vertalings is ook verdeeld daaroor of net sprinkane aangedui word en of daar ook ander insekte betrokke is.[1239]

Daar is ook 'n paar kleiner verskille wat die aandag trek. In Joël 2:21 word verskillend verwys na "aarde" (AFR33/53), "landerye" (AFR20), "ploegland" (AFR83) of "mense van die land" (ABD07). Engelse vertalings verwys na "*land*" (ESV, NLT, KJV1900), "*soil*" (NRSV) of selfs na "*land of Judah*" (NIV). In Joël 2:24 word verder ook verskillend verwys na "nuwe

1239. Engelse vertalings wat verwys na sprinkane: "*great locust*, *young locust*, *other locust*, *locust swarm*" (NIV), "*swarming locust*, *crawling locust*, *consuming locust, chewing locust*" (NRSV), "*swarming locusts*, *hopping locusts*, *stripping locusts*, *cutting locusts*" (NLT) of "*swarming locust*, *crawling locust*, *consuming locust*, *chewing locust*" (NKJV). Engelse vertalings wat ander insekte insluit: "*locust*, *hopper*, *destroyer*, *cutter*" (ESV), en "*locust*, *cankerworm*, *cutter worm*, *palmerworm*" (KJV1900).

wyn" (AFR20; Engels: "*new wine*" [NIV, NLT, NKJV]), na "wyn" (ABD07; Engels: "*wine*" [ESV, NRSV, KJV1900]) of na "mos" (AFR33/53).

In die woordstudies wat volg, word meer aandag gegee aan die belangrikste verskille.

## Wat beteken die teks?

### Vorm en struktuur

Joël 2:18–3:21 is opgeteken in die vorm van 'n "orakel van verlossing"; dit is 'n "profetiese aankondiging van Yahweh se intensie en krag om redding, verlossing en herstel [te bring] vir Israel, Juda of die wêreld".[1240] Joël 2:21–27 beskryf spesifiek die fisiese herstel van die land.[1241] Die groter konteks tot hierdie vorm is gegrond op die verbondsverwagting dat Israel se lot verander word indien hulle terugkeer na die Here toe (Deut. 30:1–10).[1242]

### Literêre konteks

Die boek Joël het 'n verskeidenheid van literêre vorms, maar kan as 'n literêre eenheid gelees word as die boodskap van een profeet.[1243, 1244] Volgens hierdie benadering is die middelpunt van die boek in Joël 2:17–18. Die profesie tot voor hierdie verse gaan oor oordeel, en daarna oor verlossing. Hierdie teenstelling van oordeel en verlossing is nie ongewoon in die profete nie.[1245] 'n Oproep tot *ware* bekering (Joël 2:12–17) gaan die ommeswaai vooraf: "Skeur julle harte, en nie julle klere nie" (Joël 2:13).

Die taal van verlossing en herstel wat in Joël 2:18–27 gebruik word, sluit nóú aan by die voorafgaande beskrywing van die sprinkaanplaag (Joël 1:2–2:17). Die vroeëre beelde van verwoesting word nou stelselmatig omgekeer.[1246] Koring, wyn en olie word herstel, en die land word opgeroep tot vreugde (Joël 2:19, 21; vgl 1:10). Die diere sal weer weiding kry (Joël 2:22; vgl 1:19–20). Die bome, vrugtebome en wingerde sal weer groei en opbrengs lewer (Joël 2:22; vgl. 1:12). Alles wat deur die sprinkane opgevreet is, word herstel (Joël 2:25; vgl 1:4). Daar sal lofprysing wees in die plek van 'n gehuil

---

1240. Mangum, *Literary Types*.

1241. Shawn C. Madden, "Joel", in *CSB Study Bible: Notes*, eds. Edwin A. Blum and Trevin Wax (Nashville: Holman Bible Publishers, 2017), 1369.

1242. Douglas Stuart, *World Biblical Commentary, Vol 31. Hosea-Jonah* (Waco: Word Books Publisher, 1987), 257.

1243. Theodore Hiebert, "Joel, Book of", in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman (New York: Doubleday, 1992), 874.

1244. Die herhaling in Joël 2:27 en Joël 3:17 gee ook literêre ondersteuning aan die eenheid van die boek.

1245. Hiebert, "Joel", 874.

1246. Ibid., 875.

(Joël 2:26; vgl. 1:5, 11, 13).[1247] Op grond van die volk se skuldbelydenis en bekering, belowe God om dit wat in die sprinkaanplaag vernietig is, en veel meer, weer te herstel.[1248]

Die eenheid van die boek word verder beklemtoon deurdat die sprinkaanplaag en die herstel in die eerste deel van die boek (Joël 1:1–2:27) ’n teken van die komende apokalips is (Joël 2:28–3:21). Vyandige nasies word verslaan en geoordeel, maar Juda sal weer geregverdig word. In beide gevalle word na die “dag van die Here” verwys (Joël 1:15; 2:1, 11, 31; 3:14).[1249]

## Woorde, konsepte en grammatika

Daar is ’n paar belangrike woorde en frases wat verdere toeligting nodig het:

### Land, grond of aarde

Die Hebreeuse woord *ʾaḏāmâ* (Heb: אֲדָמָה) kan “aarde”, “land”, “bewerkbare grond”, “grondgebied”, of selfs “onderwêreld” beteken. In Joël 2:21 word “grondgebied” bedoel, oftewel “’n gebied wat verstaan word as ’n aparte geografiese entiteit waaroor beheer uitgeoefen kan word deur een of meer politieke entiteite”.[1250] Die seëninge van die verbond sal vir die hele land van die volk herstel word (Deut. 11:13–15),[1251] en die hele omgewing, mense sowel as diere, word beïnvloed (Joël 2:22).[1252]

### Leraar in geregtigheid of regverdiging

Die Hebreeuse woord *ṣeḏāqâ* (Heb: צְדָקָה) in Joël 2:23, word meestal in die sin van “geregtigheid” verstaan. Die betekenis van “regverdiging”, oftewel “die handeling van regverdiging of verdediging” is uniek tot Joël 2:23 en nog drie ander tekste in die OT (Ps. 69:28; Jes. 54:17; Jer. 51:10).[1253] In die Hebreeuse teks van Joël 2:23 staan daar ’n frase wat baie moeilik is om

1247. Ibid.

1248. Patterson and Hill, *Minor Prophets*, 130–131.

1249. Hiebert, “Joel”, 874.

1250. Hoogendyk, *Analytical Lexicon*.

1251. Madden, “Joel”, 1373.

1252. Patterson and Hill, *Minor Prophets*, 129.

1253. Hoogendyk, *Analytical Lexicon*.

te vertaal.[1254,1255] Letterlik sou daar iets staan in die sin van "die *leraar in regverdiging*, wat afbring in verband met *reën, die leraar, die laat reen*, soos by die begin". Dit is om hierdie rede dat sekere vertalings 'n verwysing na 'n "leraar tot geregtigheid" ("*Teacher of Righteousness*") insluit (bv. AFR33/53).[1256,1257] Die vertaling van "leraar in regverdiging" sou ook onpersoonlik as deelwoord vertaal kon word na "dit wat onderrig gee in regverdiging".[1258]

Die normale woord vir "vroeë reën" in Hebreeus is egter nie "*môrę*" nie, maar "*yôrē̜*" (vgl. Deut. 11:14; Jer. 5:24). Die woordspeling (*paranomasia*) wat hier gebruik word, is nie toevallig nie,[1259] en beklemtoon dat *die vroeë reën onderrig gee in regverdiging*. Die verband tussen regte lering en reën wat verlossing en herstel bring, is ook in Salamo se gebed by die inwyding van die tempel gemaak en kon as agtergrond vir Joël se woordspeling gedien het (1 Kon. 8:35–36).[1260]

'n Verantwoordelike interpretasie sal van die konteks afgelei moet word. Die konteks dui op 'n groter prentjie as net 'n fokus op die vroeë reën spesifiek. Die teoloog, R.C. Sproul, werp groter duidelikheid op die teks:

> die komende reën en die hervatting van die gewone landbousiklus sal 'n medium van goddelike onderrig vir die mense wees aangaande die Here se getroue voorsiening vir Sy berouvolle en herstelde volk.[1261]

1254. *"aʾęṯ-hammôrę līṣḏāqâ wayyôręḏ lāḵęm gęšęma môrę ûmalqôš bārīʾšônd"* (Heb: אֶת־הַמּוֹרֶ֥ה לִצְדָקָ֖ה וַיּ֣וֹרֶד לָכֶ֗ם גֶּ֛שֶׁם מוֹרֶ֥ה וּמַלְק֖וֹשׁ בָּרִאשֽׁוֹן) (*Biblia Hebraica Stuttgartensia*, electronic ed. (Stuttgart: German Bible Society, 2003), Joel 2:23).

1255. Sproul, *Study Bible*, 1527.

1256. Die Septuagint en Pesjitta bring "*môrę*" in verband met woorde wat oor voedsel handel, terwyl die Vulgaat (en een uitgawe van die LXX) "Teacher [*of Righteousness*]" lees. (Patterson and Hill, *Minor Prophets*, 130). Die Septuagint lees: "διότι ἔδωκεν ὑμῖν τὰ βρώματα εἰς δικαιοσύνην, καὶ βρέξει ὑμῖν ὑετὸν πρόιμον καὶ ὄψιμον καθὼς ἔμπροσθεν," wat vertaal kan word as: "want Hy het vir julle die *voedsel van geregtigheid* gegee, en sal dit vir julle laat reën met vroeë en laat reën soos voorheen" (*skuins*druk *toegevoeg*) (Randall K. Tan, David A. deSilva and Isaiah Hoogendyk, *The Lexham Greek-English Interlinear Septuagint: H.B. Swete Edition* [Bellingham: Lexham Press, 2012], Joe 2:23).

1257. "Sommige skrywers verkies steeds 'n weergawe soos 'die leraar vir geregtigheid' en vind hier 'n direkte Messiaanse profesie, soos baie vroeë kommentators gedoen het. Die Qumran-gemeenskap, wat die Dooie See-rolle gekopieer het, het van hierdie frase hul titel vir hul stigter of leier afgelei: die 'Teacher of Righteousness'" (kyk Sproul, *Study Bible*, 1527).

1258. Kyk na 'n argument deur Richard D. Patterson, *The Expositor's Bible Commentary with the New International Version* (Grand Rapids: Zondervan, 1985), 254.

1259. Kyk Anthony Gelston, "Joel", in *Eerdmans Commentary on the Bible*, eds. James D.G. Dunn and John W. Rogerson (Grand Rapids and Cambridge: William B. Eerdmans Publishing Company, 2003), 688.

1260. Kyk Garrett, *Hosea, Joel*, 363.

1261. Sproul, *Study Bible*, 1527.

Die beloftes van die verbond (Lev. 26:3–4; Deut. 11:13–15) word uitgevoer: "Joël beskryf God se verbondslojaliteit teenoor Israel met betrekking tot die bring van reën".[1262]

## ○ Nuwe wyn

Die Hebreeuse woord *îrôš* (Heb: תִּירוֹשׁ) vir "nuwe wyn" moet onderskei word van die woord *yayīn* (Heb: יַיִן) wat net "wyn" beteken. "Nuwe wyn" is in die beginstadium van fermentasie.[1263] Dit is een van die eerste landbouprodukte wat as offers vir die priesters en Leviete gebring is (Num. 18:12).[1264] Verskeie verwysings na "wyn" in die Bybel reflekteer op die goeie van die lewe. Om wyn te drink (en brood te eet) was "simbole van vrede en voorspoed" (2 Kon. 18:31–32; Spr. 3:10). In Joël 2:19 en 24 en ander tekste word "Israel se herstel van oordeel en ballingskap … in die vooruitsig gestel as 'n tyd van oorvloedige opbrengs uit die wingerde" (Jer. 31:12; Amos 9:13–14).[1265] 'n Veilige land met "nuwe wyn" is 'n teken van vrugbaarheid (Gen. 27:28, 37), en 'n seëning van die verbond (Deut. 33:28).

## ○ Sprinkane, sprinkane …

In Joël 2:25 (vgl 1:4) word verskeie Hebreeuse woorde gebruik om die sprinkaanplaag mee aan te dui, naamlik *ʾarbę̄* (Heb: אַרְבֶּה), *yęlęq* (Heb: יֶלֶק), *ḥāsîl* (Heb: חָסִיל), en *gāzām* (Heb: גָּזָם). Die assosiasie met *ʾarbę̄* is 'n swerm vernietigende indringers (Eks. 10:4–19; 1 Kon. 8:37; 2 Kron. 6:28; Ps. 78:46; 105:34),[1266] wat as 'n vervloeking optree wanneer die verbondsbepalings nie gehou word nie (Deut. 28: 38). Ontelbare groot getalle word geassosieer met *yęlęq* (Ps. 105:34; Jer. 51:14, 27; Nah. 3:15, 16).[1267] Die *ḥāsîl* verorber alles en is destruktief (1 Kon. 8:37; 2 Kron. 6:28; Ps. 78:46; Jes. 33:4),[1268] terwyl die *gāzām* kaal vreet wat nog oorgebly het (Amos 4:9).

Die wortel *rḇh* (Heb: רבה) in *ʾarbę̄* (Heb: אַרְבֶּה) – die algemeenste naam vir sprinkane in die OT – beteken om te vermeerder. Dit is opvallend hoe

1262. Keener and Walton, *Cultural*, 1475.

1263. Hoogendyk, *Analytical Lexicon*.

1264. R. Dennis Cole, "Wine", in *Eerdmans Dictionary of the Bible*, eds. David Noel Freedman, Allen C. Myers and Astrid B. Beck (Grand Rapids: W.B. Eerdmans, 2000), 1380.

1265. Ibid., 1380.

1266. Brown et al., *Brown-Driver-Briggs*, 916.

1267. Kyk Swanson, *Dictionary Hebrew*.

1268. Ibid.

die vermeerdering van sprinkane in sterk kontras staan tot die vrugbare vermeerdering onder die seën van God (Gen. 1:28; 9:1, 7).[1269]

Die tendens in Bybelvertaling was om *yęlęq* (Heb: יֶלֶק), *ḥāsîl* (Heb: חָסִיל), en *gāzām* (Heb: גָּזָם) óf as fases in die metamorfose van ’n sprinkaan te sien óf as verskillende soorte ruspes. *Yęlęq* is dan die nimf, met *ḥāsîl* en *gāzām* as twee opeenvolgende stadiums van die jong sprinkaan, en *ʾarbę̄* die volwasse sprinkaan wat in staat is om in groot swerms te vlieg. Die probleem met hierdie interpretasie is dat die verskillende terme onderling uitgeruil en nie met genoegsame presisie gebruik word nie (kyk Nah. 3:15–17; Ps. 78:46; 105:34).[1270] Histories is daar alternatiewelik ook verskillende soorte ruspes geïnterpreteer in Engelse vertalings: *gāzām* as “*palmerworm*”, *yęlęq* as “*cankerworm*” en *ḥāsîl* as “*caterpillar*” (KJV1900).[1271]

’n Algemene beskrywing van sprinkane as “[*s*]wermende, springende insek[*te*] wat in staat is om groot verwoesting aan gewasse en ander plantlewe te veroorsaak” lyk die relevantste.[1272] Die spesie waaraan gedink word, is die woestynsprinkaan (*Schistocerca gregaria* Forsk.),[1273] “wat gereeld Palestina binnedring vanaf sy broeiplekke langs die Rooi See en in die Sahara-Sahel streek”.[1274] ’n Meer onlangse herklassifikasie plaas die woestynsprinkaan as *Schistocerca americana, subspecies gregaria.*[1275]

Die skade wat sulke sprinkaanswerms aanrig, is enorm: “Daar is in feite geen dier wat die mensdom soveel skade kan berokken as die sprinkaan nie”.[1276] Die bedreiging is “net so ernstig soos ’n militêre inval, waarmee dit in werklikheid vergelyk word (Joël 1:6; 2:1–11)”.[1277] *Met reg sou ’n sprinkaanplaag as die grootste omgewingsramp van daardie tyd beskou kon word.*

## ☐ Histories-kulturele konteks

Die datering van die boek Joël is moeilik om af te lei. Die eerste helfte van die boek fokus op ’n omgewingskrisis en bevat geen historiese data nie.

1269. Kyk eksegese van Genesis 1:26–28 en Genesis 9:7–12.

1270. Ronald A. Simkins, “Locust”, in *Eerdmans Dictionary of the Bible*, eds. David Noel Freedman, Allen C. Myers and Astrid B. Beck (Grand Rapids: W.B. Eerdmans, 2000), 818.

1271. Hart, *Animals*, 153–154.

1272. John D. Barry et al., eds., “Locust”, in *The Lexham Bible Dictionary* (Bellingham: Lexham Press, 2016).

1273. Koehler et al., *Lexicon*, 83.

1274. Simkins, “Locust”, 818.

1275. Hiebert, “Joel”, 876.

1276. Hart, *Animals*, 152.

1277. Hiebert, “Joel”, 876.

Die tweede helfte verwys na Israel se vyande in algemene of simboliese sin.[1278] Sterk verwantskappe tussen Joël, Sefanja en Jeremia veronderstel 'n datum ongeveer 600 v.C. Die vergelyking van Joël met die ander profete dui op ongeveer die agste eeu v.C. in die Hebreeuse sowel as Griekse kanon. Dit veronderstel Joël as 'n profeet van voor die ballingskap. Die sentrale boodskap van die boek is egter nie in gedrang nie: "Gelukkig hang Joël se boodskap nie af van die datum nie. Joël se boodskap is belangrik ten spyte van die huidige onvermoë om sy historiese agtergrond met akkuraatheid te rekonstrueer".[1279]

Die klimaat in Palestina in Joël se tyd gee 'n belangrike agtergrond om die boek beter te verstaan. Die vroeë (herfs) reëns (*yôrę̄*) en laat (lente) reëns (*malqôš*),[1280] val in die oorgangstyd wat die begin en einde van die nat winterseisoen in die Meditereense Palestina kenmerk.[1281] Sowat 70% van alle reën in hierdie streek val van November tot Februarie. Vroeë sowel as laat reëns is krities vir die landbou in Palestina, en dat albei betyds en genoegsaam val word teologies as 'n verbondseëning gesien (Deut. 11:14).[1282]

## Verhouding met die res van die Bybel

In die NT word Joël 2:28–32 direk deur Petrus aangehaal in sy Pinkstertoespraak: Die Gees word dan ook uitgestort op alle mense. Om egter Joël 2:28–32 afsonderlik van die voorafgaande herstel van die land te lees, is om 'n onnodige wig tussen fisiese en geestelike seëninge te dryf. 'n Nuwe era van herstel en verlossing gaan gepaard met groot vreugde (Luk. 6:21; vgl Jes. 9:3; Joël 2:21; Sef. 3:14–17; Sag. 9:9), wat volg op 'n tyd van treur en huil (Luk. 6:25; Joël 1:5, 11, 13).[1283] Die "nuwe wyn" van 'n Messiaanse era is simbolies ingelei deurdat Jesus die steriele water in wyn verander het by Kana (Mark. 2:22).[1284] Nie net die bome op die grondgebied van Israel sal vrugbaar wees nie (Joël 2:22), maar die hele aarde word eendag nuut met 'n boom wat elke maand vrug dra (Op. 22:2).

1278. Ibid., 878.

1279. Lasor et al., *Survey*, 439.

1280. Van die Hebreeuse *lqs* "laat gesaaides" (Frank S. Frick, "Rain", in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman [New York: Doubleday, 1992], 612.)

1281. Frick, "Rain", 612.

1282. Ibid.

1283. Kyk Pao and Schnabel, "Luke", 296.

1284. Ladd, *Theology*, 310.

Die sprinkaanswerms wat eens Egipte (Eks. 10), en later Israel (Joël 1; vgl Deut. 4:30; 28:38–39, 42) geteister het, word in die NT in lewendige beelde opgeroep om ongelowiges te teister, maar *nie die aarde of die plante wat daarop voorkom* nie (Op. 9:4). Openbaring 9:7–9 is gebaseer op Joël 1–2, waar die komende ramp ingelei word deur op die "ramshoring" (Joël 2:1, 15, vgl. Op. 9:1 "trompet") te blaas.[1285]

## ☐ Teologiese belang

### ○ Teologie van oordeel en verlossing

Joël se sentrale tema kan saamgevat word as "die dag van die Here" (Joël 1:15; 2:1, 11, 31; 3:14).[1286] Daardie dag is 'n dag van oordeel oor die nasies, maar ook van ontferming en genade vir "elkeen wat die Naam van die Here aanroep" (Joël 2:32). Die doel van hierdie dag is dat God in die wêreld sal ingryp om sy koninklike heerskappy te vestig.[1287] Hierdie dag is nie net 'n eenmalige apokaliptiese gebeurtenis wat uitsluitlik deur die lens van Joël 3 geïnterpreteer moet word nie, maar wat ook destyds in Israel gebeur het (Joël 1:15; 2:1, 11).[1288] Die betekenis van die dag van die Here in Joël 3 is ook apokalipties van aard en dui op 'n "kosmiese intervensie" en 'n "radikale verandering". Die oordadige beelde van oorvloedige vrugbaarheid (Joël 3:18) wys heen op die herskepping van die natuurlike orde.[1289] Net so is die visie van die uitstorting van die Gees op alle mense 'n werklikheid wat ver buite die ervaringsveld van die Israeliete was. Beide profesieë gee iets weer van die koninklike heerskappy van God wat in die wêreld gaan aanbreek. Die fisies-materiële en die geestelike aspekte van God se koninkryk loop hand aan hand en word op die dag van die Here deur oordeel en verlossing saam gevestig.

### ○ Teologie van die natuur

Daar is drie aspekte wat uitgelig kan word: God se totale beheer oor die natuur; die mens se interafhanklikheid van die natuur; en hoe geesvervulde mense met die natuur omgaan.

Eerstens is daar geen omgewingskrisis wat aan kragte buite God se beheer toegeskryf kan word nie. Sprinkaanplae wat tot enorme verwoesting van die land Israel gelei het, was God se eie magte. God is nie op 'n

1285. Beale and McDonough, *Revelation*, 1114.

1286. Gamble, *Mighty Acts*, 603.

1287. Ibid.

1288. Hiebert, "Joel", 877.

1289. Ibid.

panteïstiese manier binne-in sy skepping nie. God is HEER oor alles, maar ook aktief in alles.[1290]

Tweedens, die mens is interafhanklik van die natuur. Die oordeel oor menslike sonde het 'n impak op die natuur, terwyl bekering en herstel nie net vergewing bring nie, maar ook voorspoed en vrugbaarheid (Joël 3:18). Die mens en die natuur is nou aan mekaar verweef. Die profeet Joël se antwoord op die omgewingskrisis van daardie dae dra op 'n unieke manier by tot 'n visie van die integriteit van die skepping.[1291] Die gebruik van dieselfde beelde in Joël vir die antwoord van mens en die natuur op die sprinkaanplaag, dui daarop dat menslike lewe nóú verbonde is aan wat op aarde gebeur. Die priesters en die land treur (Joël 1:9–10), die wingerdstok en die boere verskrompel (vv. 11–12), en die diere kla (vv. 19–20). Die herstel geld vir land, diere en mense (Joël 2:18, 21, 22).[1292] Die aarde en lewende diere tree reeds op volgens God se wil, terwyl mense traag is om hulle te bekeer.[1293]

Derdens, die uitstorting van die Gees gaan met kosmiese verskynsels gepaard (Joël 2:30–31). Vanaf hierdie dag is dit die Here wat dit moontlik maak dat sy kinders, nou uit alle volke, die verbond kan onderhou. Hierdie profesie van Joël is gedeeltelik vervul op Pinkster, gaan voort deur die kerk (Rom. 10:13), en word eendag finaal vervul (Rom. 11:26–27).[1294] Die volheid van God se seën geld nou vir alle mense en strek oor die hele aarde.

## ☐ Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Die implikasie van hierdie teks vir skeppingsorg word nou nader beskou:

Eerstens, skeppingsorg manifesteer as 'n werk wat by bekering pas. Vanuit skuldbelydenis en bekering gee die soewereine God seëninge wat oor die vrugbaarheid van die hele aarde strek. Enige omgewingskrisis staan onder God se volkome beheer en word deur Hom geduld.

Tweedens behels skeppingsorg om die interafhanklikheid met die natuur raak te sien en daarvolgens op te tree. Menslike gedrag het 'n impak op die natuur. Die mens en die natuur treur en verskrompel saam, maar kan ook weer deur God se ontferming en genade saam herstel – nou nog maar ten dele, maar eendag sal daar vrugbaarheid en opbrengs in oormaat wees.

1290. Lasor et al. *Survey*, 442.

1291. Hiebert, "Joel", 876.

1292. Ibid., 876–877.

1293. Heyink, "Joel".

1294. Madden, "Joel", 1373.

# Jesaja 40:21–22, 26: 'n Sigbare openbaring van God se heerlikheid in die skepping

## Opsomming

Jesaja 40:12–31 is 'n dispuut wat gekenmerk word deur aanhoudende bevraagtekening. Die retoriese vrae wat in hierdie verse voorkom, kom van God self, en het ten doel om die uniekheid van God te demonstreer. Die sentrale tema is God se onvergelykbaarheid. Die herstel na die ballingskap lui 'n nuwe era in. Daar moet weer terdeë kennis geneem word van God se betroubare woord, net soos toe Hy in die begin die hemel en aarde geskep het deur sy kragtige woord. God se heerlikheid en krag word geopenbaar in die natuur, wat sy skepping is. God het nie net die aarde geskep nie, maar troon ook voortdurend daaroor as Koning. Nie een van die triljoene hemelliggame ontbreek in die spreekwoordelike hemelse leër nie, omdat God se mag elkeen in stand hou. God is die Skepper wat die sterre in die hemel geplaas het, en elkeen by die naam getel en geroep het. In teenstelling met die volk Israel kyk Abraham op na die sterre in die hemel en hy glo. Die aarde met sy fondamente, die oopgespande hemel, die leërskare van sterre is almal skepsels en getuig van God se krag om getrou te bly aan sy verbondsbeloftes. Die duidelikste visie op God se krag, heerlikheid en grootheid kom dus van sy dade in die skepping. Om beter te verstaan wie God is, beteken om oral met oop ore en oë te leef. Vir die profeet Jesaja is dit 'n fundamentele waarheid dat God die Skepper heeltemal vry is om sy volk te bevry op 'n manier wat Hy wil, en 'n herskepping aan te kondig wat alle nasies insluit. Skepping en verlossing moet bymekaargehou word as sigbare openbarings van die heerlikheid van God. Skeppingsorg kan so behep raak met allerhande menslike aksies dat die krag, heerlikheid en grootheid wat God verlore gaan. God bring uiteindelik herstel van die skepping en verlossing op 'n manier wat Hy wil. Skeppingsorg moet gekenmerk word deur 'n aktiewe luister, raaksien en begrip van al die heerlike werke van die skepping, verlossing, voorsiening en koninklike regering waarmee God besig is, en om vervolgens ook dan daaraan saam te werk. Moderne filosofiese dualismes tussen verstand en liggaam, tussen rede en emosies, en tussen mens en die natuur het dieselfde bedreiging vir die Christen: Dit ontneem hom of haar van die begrip van God se openbaring in skepping, onderhouding en koninklike regering van alles,[1295] en vind dikwels weerklank in 'n obsessie met die geestelikheid van sonde en verlossing.

1295. Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 2.

## Inleiding

God argumenteer met ’n volk wat dink dat hulle deur God verlaat is soos Hy sy oordele voltrek (Jes. 40:27). In antwoord, laat God Hom ken as die HERE van die geskiedenis en van die skepping. Dit is opvallend hoeveel keer daar in Jesaja 40–66 na die skepping verwys word om die kragtige heerskappy van Yahweh te illustreer. In Jesaja 40:3–4 is dit die skepping – die woestyn, berge, heuwels, hobbelrige grond en rotsagtige terrein – wat aan die Koning van Sion, die toekomstige heerlikheid van die HERE, onderwerp word. Die taal in Jesaja 40:21 (soos herhaal in Jes. 41:4, 26; 48:16) verwys terug na die skepping aan die begin van die wêreldgeskiedenis. Deur sy *woord* het die Skepper die hemel en aarde gemaak, en deur sy *woord* is verbonde gesluit – dit is dieselfde *woord* wat destyds deur die profeet na die volk Israel gekom het en ook vandag na ons toe kom (Jes. 40:8; 55:11; 2 Pet. 1:21; vgl. Deut. 18:15, 19). In ’n taalgebruik wat met die Psalms ooreenstem, herinner die HERE daaraan dat Hy die hemel oopspan (Jes. 40:22; vgl. Ps. 19:2) en elke ster op die naam roep (Jes. 40:26; vgl. Ps. 147:4). Die HERE sien toe dat sy heerlikheid sigbaar aan alle mense geopenbaar word (Jes. 40:5). Sy openbaring spreek deur skepping sowel as deur verlossing. Jesaja 40–66 kan duidelik nie hoofsaaklik tot ’n teks oor verlossing gereduseer word nie. Die openbaarmaking van die heerlikheid van God spreek van sy aktiwiteit in die skepping (bv. Jes. 55:8–13; vgl. Ps. 19; 29; 97; 104) en in die verlossing deur die geskiedenis (bv. Jes. 53; vgl. Ps. 66; 105; 145:4–12), asook in sy roemryke Koningskap (Ps. 24:7–10) vir alle mense om te sien (Jes. 35:5; 40:5; 60:1–3). Die hele skepping sal met vreugde jubel tot roem van die HERE (Jes. 55:12–13). Om as skepsels besig te wees in God se skepping is om te sien en te hoor en te weet dat God deur sy woord Homself ook deur die skepping in heerlikheid openbaar. Die paar verse in Jesaja 40 waaraan hier aandag gegee word, sê iets meer oor hoe daardie openbaring plaasvind en wat die konsekwensies is vir skeppingsorg.

## Eksegese

### Wat sê die teks?

In Jesaja 40:21 word in sekere vertalings na die aarde se “fondamente” (AFR20, AFR33/53; Engels: “foundations of the earth” [ESV, KJV1900, NRSV, NKJV]) verwys en in ander vertalings na die “ontstaan” van die aarde (AFR83; Engels: “*earth was founded*” [NIV], “*before the world began*” [NLT]), of hoe die aarde “gemaak” is (ABD07).

In Jesaja 40:22 word onderskeidelik verwys na die “ronde skyf van die aarde” (AFR20), die “kring van die aarde” (AFR33/53; Engels: “*circle of*

*the earth*" [NIV, ESV, KJV1900, NKJV, NRSV, NLT], na die "hemelkoepel" (AFR83) of die "hemeldak" (ABD07). In dieselfde vers word, interessant genoeg, na die aarde se bewoners as "koringkrieke" (AFR20) of meestal as "sprinkane" (AFR33/53, AFR83, ABD07; Engels: "*grasshoppers*" [NIV, ESV, KJV1900, NKJV, NRSV, NLT]) verwys.

In Jesaja 40:26 is dit opvallend dat die woord "ster" of "sterre" oorwegend nie voorkom nie, alhoewel dit wel uit die teks afgelei kan word. Uitsonderings is die ABD07 se verwysing na "sterre" en die Engelse "*starry host*" (NIV).

## Wat beteken die teks?

### Vorm en struktuur

Jesaja 40:12–31 kan geklassifiseer word as 'n dispuut, oftewel 'n "[*t*]eks wat gekenmerk word deur aanhoudende bevraagtekening of stryery".[1296] Die retoriese vrae wat in hierdie verse voorkom, kom van God self, en het ten doel om die "uniekheid van die een, ware God te demonstreer".[1297] Die sentrale tema is God se onvergelykbaarheid: "Met wie wil julle God/My vergelyk?" (Jes. 40:18, 25).[1298] Die groter tekseenheid vanaf Jesaja 40:1–55:13 kan geklassifiseer word as 'n tipe instruksie, oftewel 'n "[*b*]eskrywing gefokus op die oordrag van kennis, soos leiding vir behoorlike gedrag of regulasies wat nagekom moet word".[1299] God is aan die woord, Hy vra die vrae en gee die instruksies.

Die gedeelte van Jesaja 40:1–48:21 is hoofsaaklik in poëtiese vorm opgeteken met kenmerkende figuurlike taalgebruik, woordspelings en emosionele uitdrukkings.[1300]

Die teksgedeelte van Jesaja 40:18–28 vorm 'n chiastiese struktuur georganiseer rondom die sentrale vraag met wie julle God wil vergelyk (Jes. 40:18, 25).[1301] Jesaja 40:18–20 dryf die spot met afgodsbeelde, terwyl vers 25–26 dit duidelik maak dat die hemelliggame – wat deur verskeie volke aanbid word,[1302] deur God beheer word. Jesaja 40:21–24 maak die sentrale argument dat God die Heer is van die natuur wat Hy geskape het

1296. Mangum, *Literary Types*.

1297. Tremper Longman III, "Isaiah", in *CSB Study Bible: Notes*, eds. Edwin A. Blum and Trevin Wax (Nashville: Holman Bible Publishers, 2017), 1099.

1298. Brevard S. Childs, "Isaiah: A Commentary", in *The Old Testament Library*, eds. William P. Brown, Carol A. Newsom and Brent A. Strawn (Louisville: Westminster John Knox Press, 2001), 309–310.

1299. Mangum, *Literary Types*.

1300. Ibid.

1301. Rick Watts, *BIBL 628: Isaiah* (Regent College, Unpublished Notes, 2020).

1302. Keener and Walton, *Cultural*, 1181.

en bly onderhou (Jes. 40:21–22), en ook Heer is oor die menslike regeerders en maghebbers van alle tye (Jes. 40:23–24).

Die herstel na die ballingskap lui ’n nuwe era in op grond van die onvergelykbare God se betroubare woord waarvan terdeë kennis geneem moet word – net soos toe Hy in die begin die hemel en aarde geskep het deur sy kragtige woord.[1303] God se woord kan breedweg beskryf word as God se “kragtige, gesaghebbende selfuitdrukking,”[1304] wat, só gesien, ook beter ruimte laat vir God se openbaring in die “skepping, onderhouding en regering”[1305] van die wêreld – ’n werklikheid wat deur die vorm en struktuur van hierdie teksgedeelte ondersteun word.

## Woorde, konsepte en grammatika

Daar is ’n paar belangrike woorde en konsepte wat meer toeligting nodig het:

### Van die begin af

Die Hebreeuse woord *mērōʾš* (Heb: מֵרֹ֫אשׁ) (Jes. 40:21) beteken die “eerste deel of gedeelte van iets”.[1306] God is die begin van alles (Op. 1:8), Hy het alles geskep aan die begin.[1307] Hy het daarvoor gesorg dat ook hierdie skeppingswoord deur die Heilige Gees se werking oor die eeue heen uitgespreek (2 Pet. 1:21) en op skrif gestel is.[1308]

### Fondament

Die Hebreeuse woord *môsāḏâ* (Heb: מוֹסָדָה), wat vertaal is met “fondament”, kan gedefinieer word as die “basisdeel van ’n struktuur, wat impliseer [*dat*] dit die eerste ding is wat in ’n konstruksie gemaak word”.[1309] In Jesaja 40:21 word spesifiek na die “tyd toe die fondamente van die aarde geskep is” verwys.[1310] In figuurlike taalgebruik word God se heerlikheid en krag

1303. John M. Frame, *Salvation Belongs to the Lord: An Introduction to Systematic Theology* (Phillipsburg: P&R Publishing, 2006), 44.

1304. Ibid., 43.

1305. Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 2.

1306. Hoogendyk, *Analytical Lexicon*.

1307. Jamieson et al., *Commentary*, 474.

1308. Kyk ook Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 3.

1309. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

1310. Hoogendyk, *Analytical Lexicon*.

geopenbaar in die natuur wat sy skepping is.[1311,1312] Die skepping self moes "genoeg van 'n getuienis gewees het vir mense om te verstaan dat daar 'n Skepper was (vgl. Rom. 1:19–20)".[1313]

## ○ Kring

Die ongewone Hebreeuse woord *ḥûg̱* (Heb: חוּג) (Jes. 40:22), wat met "ronde skyf" (AFR20), "kring" (AFR33/53), "hemelkoepel" (AFR83) of "hemeldak" (ABD07) vertaal is, kom slegs drie keer in die Hebreeuse OT voor (Job 22:14; Spr. 8:27; Jes. 40:22).[1314] Hier moet waarskynlik gedink word aan 'n gewelf, oftewel "'n groot hemelse koepel of sirkelvormige troonkamer in die lug".[1315] God het nie net die aarde geskep nie, maar heers ook voortdurend daaroor as Koning.[1316]

## ○ Sprinkane, koringkrieke en bewoners

Meerdere woordspelings vind plaas in Jesaja 40:22. Die keuse vir die Hebreeuse woord *ḥag̱āḇîm* (Heb: חֲגָבִים), vertaal as "koringkrieke" (AFR20) of "sprinkane" (AFR33/53) om die bewoners van die aarde mee te vergelyk, is waarskynlik 'n woordspeling op die vroeëre woord *ḥûg̱* (Heb: חוּג) ("sirkel", "ronde skyf") deur die herhaling van konsonante.[1317] Die sterk kontras tussen Hy wat "troon" (*hayyōšēḇ*, Heb: הַיֹּשֵׁב) bo die aarde, en die "bewoners" (*wᵉyōšᵉḇêhā*, Heb: וְיֹשְׁבֶיהָ) daarvan, word ook deur die aangetoonde Hebreeuse woordspeling onderstreep.[1318]

## ○ Oopspan en oopsprei

Die Hebreeuse woord *mṯḥ* (Heb: מתח) (Jes. 40:22) wat met "oopsprei" vertaal kan word (AFR20), kom net een keer voor in die hele Hebreeuse OT (*hapex legomenon*).[1319] Die woord *nṭh* (Heb: נטה) wat eerder in dieselfde sin met

1311. Sproul, *Study Bible*, 1194.

1312. John Calvin and William Pringle, *Commentary on the Book of the Prophet Isaiah*, Vol. 3 (Bellingham: Logos Bible Software, 2010), 226.

1313. Barry et al., *Study Bible*, Is 40:21.

1314. Kyk eksegese van Spreuke 8:22–31.

1315. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

1316. Calvin and Pringle, *Isaiah*, 227.

1317. John L. Mackay, *A Study Commentary on Isaiah. Volume 2: Chapters 40–66* (Welwyn Garden City: EP Books, 2009), 39.

1318. Kyk Shalom M. Paul, *Isaiah 40–66: Translation and Commentary*, Eerdmans Critical Commentary (Grand Rapids and Cambridge: William B. Eerdmans Publishing Company, 2012), 149.

1319. Ibid., 150.

"oopspan" (AFR20) vertaal kan word, kom wel talle kere in die Hebreeuse OT voor. Gegewe die poëtiese vorm van hierdie teks, kan dit nie uitgesluit word dat hierdie 'n geval is van *sinonieme parallelisme* nie, oftewel "die eenvoudige herhaling van dieselfde gedagte in effens verskillende woorde".[1320]

## Leërskare en skep

Die Hebreeuse woord *ṣāḇāʾ* (Heb: צָבָא), vertaal met "leërskare" (Jes. 40:26) verwys primêr na 'n "groot aantal mense wat vir militêre doeleindes vergader is, dit wil sê 'n leër".[1321] Die engele en hemelliggame, soos die son, maan en sterre, word soms die *ṣāḇāʾ* van die hemele genoem (kyk bv. Gen. 2:1; Ps. 33:6; 148:2; Neh. 9:6).[1322] In God se groot wysheid is elkeen geskep en Hy roep almal by die naam (vgl. Ps. 147:4–5).[1323] *Nie een van die triljoene hemelliggame ontbreek in die spreekwoordelike parade nie, omdat God se mag elkeen in stand hou.*[1324]

Die woord vir "skep" wat in Jesaja 40:26 gebruik word, is *ḇārāʾ* (Heb: בָּרָא) wat beteken om "tot stand te bring" met God as die subjek.[1325] Dit is opvallend dat, in hierdie betekenis, die woord *ḇārāʾ* net 30 keer in die Hebreeuse OT voorkom, waarvan nege keer in Genesis,[1326] en 14 keer in Jesaja 40–66.[1327] Die wortel van die woord (*ḇrʾ*, Heb: ברא) kom 50 keer in die Hebreeuse OT voor waarvan 16 keer in Jesaja 40–66 en 11 keer in Genesis. *Dit is 'n fundamentele waarheid vir Jesaja dat God die Skepper heeltemal vry is om sy volk te bevry op 'n manier wat Hy wil,*[1328] *en 'n herskepping aan te kondig wat alle nasies insluit.*

## Histories-kulturele konteks

Jesaja het geprofeteer in die tydperk vanaf Ussia tot Hiskia se koningskap in Juda (Jes. 1:1; 7:3; 37:1–2; 38:1; 39:3). Die tydperk van sy profesie strek vanaf 740 tot 690 v.C. Ná sowat 20 jaar se profesie is die noordelike koninkryk van Israel deur Assirië vernietig en in ballingskap weggevoer (722 v.C). Die suidelike

1320. Cross and Livingstone, *Dictionary*, 1227.

1321. Hon-Lee Kwok, "Warfare", in *Lexham Theological Wordbook*, Lexham Bible Reference Series, eds. Douglas Mangum et al. (Bellingham: Lexham Press, 2014).

1322. Ibid.

1323. Paul, *Isaiah 40–66*, 151–152.

1324. Mackay, *Isaiah*, 40.

1325. Ibid., 41.

1326. Gen. 1:1, 21, 27 (3x); 2:3; 5:1, 2; 6:7.

1327. Jes. 41:20; 42:5; 43:1, 7, 15, 45:7 (2x), 12, 18 (2x); 54:16; 57:19; 65:17, 18.

1328. John N. Oswalt, *The Book of Isaiah. Chapters 40–66* (Grand Rapids: William B. Eerdmans, 1998), 69.

koninkryk, waar Jesaja hoofsaaklik aktief was, het teen die agtergrond van hierdie gebeure weinig hoop in die HERE se mag oor die nasies gehad.[1329]

So 'n datering veronderstel dat sekere dele van die boek 'n voorspelling is van persone en gebeure wat sowat 150 jaar later gebeur het. Koning Kores van Persië het Babilonië eers in 539 v.C. oorwin, maar word deur Jesaja spesifiek al by die naam genoem (Jes. 44:28; 45:1). Dit sou Jesaja die eerste en enigste profeet maak wat die naam van 'n toekomstige koning in sy eie leeftyd sou aankondig.[1330] Om Jesaja as outeur van die hele boek te sien, word bevraagteken en verskeie alternatiewe kritiese interpretasies oor die aantal outeurs of latere redaksionele toevoegings om die vervulling van Jesaja se profesie aan te dui, is al voorgestel.[1331] In die 20ste eeu is kritiese metodes van interpretasie gebruik om die woorde van veronderstelde vroeëre en latere outeurs van Jesaja in die boek van mekaar te probeer onderskei.[1332] Verskillende temas, skryfstyle en vorms soos narratiewe, poësie of poëtiese narratiewe, is al vir verskillende dele van Jesaja aangevoer.[1333] Meer onlangs het 'n kanonieke interpretasie as weerwoord teen die histories-kritiese metode begin fokus op elemente van eenheid in die finale vorm van die hele boek, met die doel om die teologiese boodskap te identifiseer.[1334] 'n Fokus op die finale vorm het wel die voordeel dat die eenheid van die boek en 'n fokus op die teologiese boodskap weer teruggewen word, maar dit los nie die blywende kontroversie op of die boek Jesaja 'n enkele of meerdere outeurs gehad het nie. Dit is positief dat die strekking van die debat egter weg van die dissektering van die teks verskuif het na pogings om die samehang en eenheid van die teks uiteen te sit.[1335]

Die tradisionele interpretasie wat onbestrede tot die 18de eeu was, is dat daar een Jesaja was. Vroeë teksgetuienis in die NT (kyk Matt. 3:3; Hand. 28:25; Rom. 9:27–29; 10:16, 20), asook die Dooie See-rolle wat in die 20ste eeu ontdek is, hanteer Jesaja as een boek.[1336] Die probleem van voorspelling en tydsduur kan in so interpretasie as 'n geloofsgebaseerde argument hanteer word:

---

1329. John D. Barry, "Isaiah, Book of", in *The Lexham Bible Dictionary*, eds. John D. Barry et al., (Bellingham: Lexham Press, 2016).

1330. Ibid.

1331. Ibid.

1332. Stephen J. Bennett, "Isaiah, Book of Critical Issues", in *The Lexham Bible Dictionary*, eds. John D. Barry et al. (Bellingham: Lexham Press, 2016).

1333. Barry, "Isaiah".

1334. Childs, "Isaiah", 289.

1335. Longman III and Dillard, *Introduction*, 309.

1336. Barry, "Isaiah".

> Vir diegene wat glo dat God die toekoms ken en dit aan Sy dienaars kan openbaar, is dit nie problematies dat God deur Jesaja die opkoms van Babilon, Sy oorwinning teen Juda, die ballingskap en die terugkeer voorspel het nie.[1337]

God is soewerein en profete spreek nie mensewoorde nie, maar net dit wat van God afkomstig is (2 Pet. 1:21). Profete wie deur God geïnspireer is, se woorde word bewaarheid (Deut. 13:1–3; 18:20–22; Num. 16:28–30).[1338] God ken die toekoms en kan Homself op 'n baie duidelike en spesifieke manier openbaar as Hy wil (vgl. Jes. 42:9; 45:21; 48:3, 5; Eseg. 37:14). Daarmee sou geen gelowige Christen 'n probleem kan hê nie; dit sou impliseer dat God se alwetendheid beperk word.[1339] Die onaanvaarbare Skrifkritiese argument dat profesie (en dan veral spesifieke voorspellings) op sigself ongeloofwaardig is, word met die verlies aan invloed van die histories-kritiese metode, ook nie meer so algemeen aangevoer soos met die debat vir en teen supernaturalisme in die 18de en 19de eeue die geval was nie.[1340]

Die huidige debat is meer genuanseerd as om meerdere outeurs of 'n redaksie van die boek Jesaja se argumente teenoor die aanvaarding van die Skrifgesag te stel. Skrifgetroue kommentators kom ook by verskillende antwoorde uit. Die argument dat 'n latere outeur vir die skryf van sekere tekste wel moontlik kon wees, is *in beginsel* nie verskillend van die aanvaarding van die boek Spreuke as 'n bloemlesing uit verskillende bronne nie,[1341] of van 'n latere invoeging oor Moses se dood in Deuteronomium 34, 'n hoofstuk wat moeilik deur Moses self geskryf kon gewees het.[1342] Dat daar van hierdie enkele punt afgelei kan word dat Jesaja 40–66 ook deur 'n ander outeur geskryf moes wees, sou onverantwoordelik wees, maar minstens dwing sulke argumente tot versigtigheid om die debat oor outeurskap as 'n "toets vir ortodoksie"[1343] te laat funksioneer. Die eindresultaat van hierdie debat is in sekere opsigte ook nie so opspraakwekkend nie. Jesaja 40–66 gaan grotendeels oor 'n eerste vervulling in en na die ballingskap, en vanaf Jesaja 48 as 'n vooruitsig vir die volk na 'n nuwe Sion.[1344] 'n Skerp, genadelose debat oor outeurskap kan die werklike aanspraak van die boek vertroebel. Dit is belangriker om die boek as

1337. Longman III, *Isaiah*, 1040.

1338. Robert W. Yarbrough, "Revelation", in *New Dictionary of Biblical Theology*, eds. T. Desmond Alexander and Brian S. Rosner, electronic ed. (Downers Grove: InterVarsity Press, 2000), 736–737.

1339. God kan nie beperk word nie. Kyk Packer, *Concise*, 28.

1340. Watts, *Isaiah*.

1341. Kyk die eksegese van Spreuke 8:22–31.

1342. Vir die verdere uitwerking van hierdie argument, kyk Longman III and Dillard, *Introduction*, 310.

1343. Ibid., 311.

1344. Longman en Dillard beklemtoon Israel se historiese ervarings (Longman III and Dillard, *Introduction*, 311). Vir die verdere beklemtoning van die transformasie van Jerusalem onder die Dawidiese konings as stad van onreg en bloedvergieting na Sion, die stad van die Groot Koning as lig vir die nasies deur sy

eenheid te lees en te interpreteer om die plek van Jesaja tot die res van die Bybel en die sentrale teologiese temas wat in oënskou geneem word, beter te probeer verstaan, en om die vraag te vra hoe die tekste steeds vandag van toepassing is as God se openbaring aan ons.

## Verhouding met die res van die Bybel

Elke boek in die NT bevat aanhalings uit of sinspelings op tekse in Jesaja.[1345] Jesaja kan nie net in oorspronklike historiese konteks gelees word nie, maar moet ook pertinent deur die lens van die NT gelees en verstaan word.

In Markus 8:18 sinspeel Jesus daarop dat sy dissipels op hulle hoede moet wees vir Herodus en die Fariseërs, wat soos Israel in ballingskap, gesien en gehoor het, maar nie verstaan het nie (vgl. Jes. 40:21, 28).[1346]

Paulus se toespraak in Athene (Hand. 17:29) sinspeel op die gedagte dat God nie in 'n beeld vasgevang kan word nie (vgl. Jes. 40:18–20).[1347]

Jesaja 40:26 sinspeel verder op gebeure in die OT wat in die NT aangehaal word. Die verbond met Abraham, met die gepaardgaande belofte van 'n groot nageslag, word ondersteun deur die opdrag om na die sterre te kyk en hulle te probeer tel (Gen. 15:5; Rom. 4:13–25).[1348] God is die Skepper wat die sterre in die hemel geplaas het, ontelbaar vir Abraham, maar elkeen getel en by die naam geroep deur God alleen (vgl. Jes. 40:26). In teenstelling met die volk Israel, sien Abraham God se skepping en hy glo. Abraham "... was vas daarvan oortuig dat God dit wat Hy beloof het, ook kan doen" (Rom. 4:21), en "Hy het dit vir hom as geregtigheid toegereken" (Gen. 15:6; vgl. Rom. 4:22).

## Teologiese belang

### Teologie van wie God is

God openbaar Homself deur sy woord. Hy kan op so 'n manier geken word. Al God se dade kom tot uitvoer deur sy woord te spreek. Dit geld vir die skepping, voorsienigheid, oordeel, genadige verlossing – vir alles wat God doen.[1349] *Om beter te verstaan wie God is, beteken om met oop ore en oë te leef.*

hernude diensbare volk, en ander bybels-teologiese temas, kyk Watts, *Isaiah*, opsommend: "Die klem in Jesaja gaan nie oor hoe om in die hemel te kom nie, maar om die hemel hier te kry".

1345. Barry, "Isaiah".

1346. Watts, *Mark*, 174–175.

1347. Jones, *Quotations*, Is 40:18–Ac 17:29.

1348. Seifrid, "Romans", 627.

1349. Frame, *Salvation*, 46–47.

God is soewerein en magtig. Hy het alles geskape, Hy bly voorsien en Hy heers oor alles, ook oor elke maghebber en regeerder van die aarde. Hy is uniek – daar is niks wat met Hom vergelyk kan word nie. Geen afbeelding kan langs Hom gemaak word nie. *Die duidelikste visie op God se krag, heerlikheid en grootheid kom van sy dade in die skepping*, en dan veral teenoor sy mense.[1350]

Jesaja verwys meer dikwels na God as die Heilige (van Israel) as enige ander boek in die OT (kyk bv. Jes. 40:25).[1351] Hierdie benaming beklemtoon "God se apartheid, God se andersheid, God se verborgenheid".[1352] God is heeltemal anders, ook as Israel. In die NT word Jesus ook die "Heilige van God" (Mark. 1:24; Luk. 4:34; Joh. 6:69), of die "Heilige" genoem (Op. 3:7).

### Teologie van die natuur

Daar is 'n fundamentele, kwalitatiewe verskil tussen God en die natuur.[1353] God troon bo die aarde. Hy is nie in die natuur nie (panteïsme). Enige vorm van natuurverering is afgodery. Dit beteken nie dat God afsydig en sonder enige belangstelling in die natuur is nie. Hy ken dan selfs elke ster by die naam.

Die natuur is al van die begin af daar en openbaar die waarheid van God. Dit is belangrik om van die skepping te weet en 'n begrip te hê daarvan. Dit is belangrik om te hoor en te sien hoe God Homself openbaar.[1354] Om boontoe te kyk en die sterre te sien, is nie maar net 'n oulike natuuraktiwiteit nie, maar 'n daad van geloofsgehoorsaamheid om beter te besef wie God is en wat Hy kan doen. *Die aarde met sy fondamente, die oopgespande hemel, die leërskare van sterre is almal skepsels en getuig van God se krag om getrou te bly aan sy verbondsbeloftes*.

### Teologie van skepping en verlossing

Skepping en verlossing word veral in die boek Jesaja gekombineer. *Skepping sowel as verlossing is sigbare openbarings van Yahweh se heerlikheid deur sy blywende woord* (Jes. 40:5, 8). Yahweh het vir Israel geskep en verlos. Die boek Jesaja is vol beelde uit die eerste eksodus wat heenwys na 'n tweede eksodus van terugkeer uit Babiloniese ballingskap, en wat saam

1350. G. Michael Hagan, "Greatness", in *Evangelical Dictionary of Biblical Theology*, ed. Walter A. Elwell, electronic ed., Baker Reference Library (Grand Rapids: Baker Book House, 1996), 318.

1351. Longman III and Dillard, *Introduction*, 312.

1352. Mitchell G. Reddish, "Holy One", in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman (New York: Doubleday, 1992), 258.

1353. Sherlock, "Humanity", 200–202.

1354. Yarbrough, "Revelation", 732–733.

met verwysings na die skepping genoem word (bv. Jes. 43:14–21). Die fokus is egter nie in die eerste plek op Israel se terugkeer uit die ballingskap nie, maar op die koms van God self na Sion toe om volkome verlossing en herstel te bewerk en sy heerlikheid aan alle nasies te openbaar.[1355] Yahweh, die Skepper, verklaar Homself dan ook absoluut soewerein in die hele skepping en in die geskiedenis.[1356] Hy het mag oor al die nasies en gaan sy volk verlos en sy koninkryk in Sion vestig op 'n manier wat Hy wil. *'n Teologie van skepping en verlossing moet daarna bly streef om albei bymekaar te hou as sigbare openbarings van die heerlikheid van God.*

In die moderne teologie is die skeppingsleer as 'n sentrale tema geïgnoreer of uitgestoot[1357,1358] – 'n tendens wat veral in die liberale bevrydingsteologie geld, maar ook by ortodokse teoloë wat nie die skepping as 'n sentrale tema (ook nie in Jesaja) hanteer nie.[1359,1360] 'n Teologiese teenstroom het meer onlangs wel weer momentum begin kry, deur te beweer dat skeppingsgeloof 'n groot of selfs onafhanklike rol van verlossing speel: Die kanonieke vorm van die OT getuig teen vroeëre tradisies,[1361] en Genesis 1 is openbaring oor die begin van die geskiedenis van die wêreld.[1362] Dit is met die besef dat

1355. Childs, "Isaiah", 299–301.

1356. Robert J. V. Hiebert, "Create, Creation", in *Evangelical Dictionary of Biblical Theology*, ed. Walter A. Elwell, electronic ed., Baker Reference Library (Grand Rapids: Baker Book House, 1996), 135–136.

1357. George M. Landes, "Creation and Liberation", in *Creation in the Old Testament,* ed. Bernard W. Anderson (London and Philadelphia: Fortress Press and SPCK, 1984), 140.

1358. Onder invloed van die moderne tradisie-historiese metode was die tendens in die Bybelwetenskappe om Jes. 40–66 primêr as 'n teks van verlossing te interpreteer. Sekere kenmerke van hierdie benadering was 'n fokus op die belang van 'n Babiloniese kosmogonie om die skeppingsverhaal van Genesis te interpreteer en dat Israel se skeppingsgeloof net as 'n bykomende funksie gesien is. Primitiewe geskiedenis is nagespeur deur die gebruikmaking van 'n hermeneutiese siening wat ruimte laat vir 'n sogenaamde "ontologies-gebaseerde mitiese struktuur" om die interpretasie van die teks te beheer. Vir toonaangewende publikasies, kyk Bernard W. Anderson, ed., *Creation in the Old Testament* (London and Philadelphia: Fortress Press and SPCK, 1984); Hermann Gunkel, "*The Influence of Babylonian Mythology Upon the Biblical Creation Story*," in *Creation in the Old Testament,* ed. Bernard W. Anderson (London and Philadelphia: Fortress Press and SPCK, 1984), 25–52; Gerhard Von Rad, "The Theological Problem of the Old Testament Doctrine of Creation," in *Creation in the Old Testament,* ed. Bernard W. Anderson (London and Philadelphia: Fortress Press and SPCK, 1984), 53–64 en in 'n latere verdediging van Von Rad, ook B.D. Napier, "On Creation Faith in the Old Testament, A Survey," *Interp* 16 (1962): 21–42.

1359. Kyk bv. Longman III and Dillard, *Introduction*, 312–317 en Lasor *et al.*, *Survey*, 379–395.

1360. Berkhof het opgemerk dat skeppingsgeloof na die Tweede Wêreldoorlog minder duidelik geword het; hy merk op dat Barth die skepping ontleen het aan die openbaring van Christus en Noordmans die kruis in die middel van die skepping geplaas het. Kyk Hendrikus Berkhof, *Christelijke Geloof. Een Inleiding tot de geloofsleer* (Nijkerk: Callenbach, 1973), 158. Ook Berkhof werk egter nog in die oorheersende tweedeling van skepping en verlossing.

1361. Wenham, *Genesis 1–15*.

1362. Vir 'n bespreking, kyk Hans Schaeffer, *Createdness and Ethics* (Berlin: Walter de Gruyter, 2006), 199–200. Herman Bavink verwys na die skepping as 'n "fundamenteele dogma; het [*de schepping*] staat heel de Schrift door op den voorgrond" (Herman Bavinck, *Gereformeerde Dogmatiek*, Tweede Deel, Vierde Druk (Kampen: J.H. Kok, 1928), §33.259, 402).

skepping nie die enigste of onafhanklike openbaring kan wees nie dat Calvyn sy skeppingsleer begin het: "dit is onwys om nie te weet wie die ware God is buite die fondamente van die aarde en die uitspansel van die hemel nie."[1363]

### Hermeunetiese uitgangspunte

God se woord is nie maar net 'n objek van studie nie. God se woord van skepping, voorsiening, regering, oordeel en verlossing kom van 'n Persoon af wat roep dat ons moet hoor, moet sien en begryp wie Hy is. Samuel se reaksie is daarby normatief: "Spreek, want u dienskneg luister" (1 Sam. 3:9).[1364] Die interpretasie van God se woord begin met 'n eerbiedige luisterhouding (Jes. 40:21).

## Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Die implikasie van hierdie teks vir skeppingsorg word nou nader beskou:

Eerstens, skeppingsorg moet begin by 'n gelowige en gehoorsame luister na en onderwerping aan die openbaring van God deur sy blywende woord. Om nie te luister nie, om nie te sien en om nie God te verheerlik nie, bring wanorde en verwerping voort. Aanbidding en skeppingsorg kan nie anders as om hand aan hand te gaan nie.

Tweedens, skeppingsorg kan so behep raak met allerhande menslike aksies dat die krag, heerlikheid en grootheid wat God aan ons openbaar in die skepping, verlore gaan. God is die aktiewe agent, Hy maak iets nuuts in en deur Christus. Dit is Hy wat uiteindelik herstel vir die skepping gaan bring op 'n manier wat Hy wil en wat Hy aan sy kinders openbaar. Skeppingsorg moet gekenmerk word deur 'n aktiewe luister, raaksien en begrip van dit waarmee God besig is, en om vervolgens dan ook daaraan saam te werk.

Derdens, 'n goeie begrip van hoe die natuur werk is belangrik vir verantwoordelike sorg. Die feit dat die natuur deur God se woord geskape is en Hy homself ook daardeur openbaar, maak natuurkennis selfs meer belangrik as wat die natuurwetenskappe sou kon voorhou.

Vierdens, 'n fokus op die skepping en die sorg daarvan moet interafhanklik bly met 'n fokus op God se ander heerlike werke van verlossing, voorsiening en koninklike regering vir elkeen afsonderlik en alles saam. Wanneer aandag vir die sorg vir God se skepping beklemtoon word ten koste van ander aspekte van God se geopenbaarde woord, is dit besig om die fokus op God

1363. Johannes Calvyn, *Institusie van die Christelike Godsdiens* (Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds, 1984 [1559]), §1.14.1. Kyk ook Bavinck: "De leer der schepping wordt alleen uit de openbaring gekend; ze wordt verstaan door het geloof, Hebr. 11:3" (Bavinck, *Dogmatiek*, §33.251, 371).

1364. Frame, *Salvation*, 47–50.

se heerlikheid te verloor, en loop dit dus ernstige gevaar om na natuur- of menseverheerliking weg te dwaal.

Die teendeel is ook waar. Moderne, filosofiese dualismes tussen verstand en liggaam, tussen rede en emosies, en tussen mens en die natuur ontneem die begrip van God se openbaring in die skepping, onderhouding en koninklike regering van alles, en vind weerklank in geestelike obsessies met die self en ander se verlossing. Ook hier gaan die visie op God se heerlikheid verlore, en dwaal dit uiteindelik weg na óf geestelike aktivisme en menseverheerliking, óf 'n verlammende geestelike passiwiteit en mensverguising. In beide gevalle is daar soveel obsessie met die self dat daar geen plek vir die natuur is nie. Ongelukkig is veel van die Westerse Christendom (liberaal en ortodoks) vandag vasgevang in so 'n skrale sielkundige benadering tot die geloof. Sorg vir die skepping funksioneer in so 'n konteks dalk nog as goeie werke om verlossing te bewerk, of as tekens van innerlike geestelike groei, maar kom nie op 'n bybels en teologies verantwoordbare manier op dreef nie.

## Jesaja 65:17, 25: 'n Nuwe hemel en 'n nuwe aarde

### Opsomming

Jesaja 65:1–25 is 'n orakel van verlossing, oftewel 'n profetiese aankondiging van Yahweh se voorneme en krag om die wêreld te red, te verlos en te herstel. Die "nuwe hemel en die nuwe aarde" wat aangekondig word, geld egter nie vir almal nie. Die boek sluit later af met verwysing na God se oordeel wat wag op hulle wat teen Hom oortree het. Die vooruitsig is 'n hernude fisiese wêreld vir diere en mense waar almal in harmonie en geluk sal saamleef. 'n Vollediger prentjie kom eers in die NT, maar dit wil alreeds uit hierdie teks voorkom dat 'n toekomstige lewe vir God se kinders op 'n getransformeerde aarde sal plaasvind, en nie weg van die aarde in die hemel nie. Die verwysing na "vroeëre" in Jesaja 65:17 dui op die kollektiewe smarte wat deur die sondeval oor die hele aarde gekom het. In die hernude skepping sal die verhouding tussen roofdier en prooi sodanig verander dat daar vrede sal wees. In die nuwe hemel en aarde sal die slang magteloos wees om te mislei. Die verhouding met God is herstel waar mense nie meer kwaad sal aanrig of hulle wangedra nie. Die nuwe skepping word direk met die Messiaanse vredesryk geïdentifiseer. Adam se koninklike heerskappy wat deel was van die kultuurmandaat by die skepping, word onder die regering van die Messias weer moontlik. Die sentrale punt is dat God se heerlikheid tot volle openbaring kom met die nuwe skepping, waar nie net mense nie, maar die hele aarde hernuwe sal word. God het sy verlossende heerskappy al geopenbaar deur die koms van Jesus Christus om die

skepping reg te stel. Die Nuwe Verbond in Christus bring die vervulling van al God se beloftes wat die effekte van sonde en dood omkeer, en 'n nuwe skepping vestig. Die koninkryk van God sal alle sonde en rebellie uitsluit, maar alles insluit wat verlos is deur God se genade. Die herstel van wat goed was by die skepping en die transformasie na 'n heerlike vryheid van die hele skepping, word ten volle bereik wanneer die nuwe hemel en die nuwe aarde aanbreek. Die uiteindelike bestemming van die mensdom is 'n nuutgemaakte aardse een. Verloste mense gaan uit die dode opstaan in verheerlike liggame. Ook in die volmaakte koninkryk bly mense God se skepsels op 'n aarde wat verlos is en herskep is tot 'n nuwe aarde. Jesaja se profesie lui alreeds die einde van die geskiedenis in: 'n verloste samelewing wat op 'n nuwe aarde woon wat van alle kwaad gesuiwer is, en met God wat in die midde van sy mense woon. Skeppingsorg in hierdie sondige en gebroke wêreld moet altyd 'n onwrikbare perspektief bly behou op die vernuwing van die skepping wat nog tot volmaakte, heerlike vervulling gaan kom. God gaan nie die uitbuiting en misbruik van die aarde bly duld nie. Daar sal geen omgewingskrisis of weghol-klimaatsverandering meer wees in God se ewigdurende koninkryk nie. Die staat van die gelowige om gekruisig te wees vir die wêreld en om deel te neem aan die nuwe skepping, vorm egter die hartklop van skeppingsorg. Goeie sorg vir die skepping begin by God se openbaring van sy heerlikheid aan ons, waarvan Christus die betroubaarste getuie is. Die volle openbaring van God se heerlikheid met die koms van 'n nuwe hemel en die nuwe aarde is 'n profesie wat volkome vas staan.

## Inleiding

Die Here kondig aan dat Hy 'n nuwe hemel en nuwe aarde gaan skep. Iets nuuts gaan tot stand gebring word. In groot afwagting wil 'n mens hierdie teksgedeelte in Jesaja 65 begin lees: *Iets baie groots gaan gebeur*! Athanasius het eens geskryf dat die hernuwing van die skepping die werk van dieselfde *woord* is wat dit aan die begin gemaak het.[1365] Gaan God weer spreek soos by die eerste skepping en iets totaal nuuts maak? Dieselfde woord vir skep (Heb: בָּרָא, *bā·rā*) as wat in Genesis 1:1 gebruik is, word inderdaad in Jesaja 65:17 ook gebruik, maar die vorm waarin dit gebruik word suggereer eerder dat iets gevorm word uit elemente wat reeds bestaan.[1366] Net soos die mens eertyds uit die stof van die aarde gemaak is, so maak God nou ook iets nuut. Die resultaat bly wel iets wat net God kan skep.[1367]

1365. Elliot Ritzema, *300 Quotations for Preachers from the Early Church*, Pastorum Series (Bellingham: Lexham Press, 2013).

1366. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

1367. Berkhof, *Theology*, 128–129.

Wat die teks nog meer besonder maak, is dat die hele skepping hier ter sprake is, met God se volk en sy stad wat saam vreugdevolle lof aan die Skepper bring.[1368] In aardse, amper tasbare taalgebruik word in Jesaja 65:17–25 verwys na hemel en aarde, na suiglinge, jonges en bejaardes, na huise, wingerde, bome en vrugte, na arbeid en die verwekking van kinders, na wolf en lam, na leeu en bees, na slang en stof, na Jerusalem en God se heilige berg. Om dit alles figuurlik te lees, word nie as 'n volhoubare opsie beskou nie.[1369] Maar wat beteken hierdie verse dan wel? En het dit enige waarde vir ons plek en verantwoordelikheid in die skepping vandag? Met spesifieke verwysing na Jesaja 65:17 en 25, word hier gepoog om verder insig te bekom oor wat werklik met 'n "nuwe hemel en nuwe aarde" bedoel word en wat vandag die konsekwensies vir gelowiges se sorg vir die skepping is.

## Eksegese

### Wat sê die teks?

In Jesaja 65:17 is dit nie op die oog af duidelik wat die "vroeëres" (AFR20) of "vorige dinge" (AFR33/53; Engels: "*former things*" [NIV, ESV, NRSV] of "*the former*" [KJV1900; NKJV]) is waaraan nie meer gedink word nie (vgl. "aan dié wat daar nou is, sal daar nie meer gedink word nie" [AFR83] en "[*n*]iemand sal weer dink aan hierdie hemel en aarde wat nou hier is nie" [ABD07]; Engels: "*no one will even think about the old ones anymore*" [NLT]). Dit wil dus voorkom of sekere vertalings pertinent terugverwys na die ou hemel en die ou aarde waaraan nie meer gedink word nie, terwyl ander dit meer algemeen by "vorige" dinge (of tye?) laat.

In Jesaja 65:25 is dit uit verskeie vertalings ook nie duidelik dat daar na mense of na die slang of ander diere verwys word as oorsaak vir die kwaad wat nie meer op God se "heilige berg" gedoen sal word nie. Sommige vertalings vertaal dit met "mense" (AFR20), terwyl ander verwys na "hulle" in oënskynlike verwysing na voorafgenoemde diere (AFR33/53, ABD07; Engels: "*they*" [NIV, ESV, KJV1900, NRSV, NKJV]). Ander vertalings stel net die feit: "[*o*]p my heilige berg sal niks verkeerds gedoen word nie" (AFR83; Engels: "no one will be hurt or destroyed" [NLT]).

1368. Yongbom Lee, "New Creation", in *The Lexham Bible Dictionary*, eds. John D. Barry et al. (Bellingham: Lexham Press, 2016).

1369. Frederick H. Wines, ed., *Systematic Theology: A Series of Questions upon the Lectures Delivered to the Students in Princeton Theological Seminary* (Philadelphia: Alfred Martien, 1865), 114.

# Wat beteken die teks?

## Vorm en struktuur

Jesaja 65:1–25 kan gekategoriseer word as ’n orakel van verlossing, dit is ’n “… profetiese aankondiging van Yahweh se voorneme en krag om Israel, Juda of die wêreld te red, te verlos en te herstel.”[1370] In veral die laaste deel van die boek (Jes. 55–66) word God se verlossing aan sy volk bekend gemaak en hoe sy heerlikheid selfs na hulle buite Israel uitgebrei word.[1371]

Dit wil voorkom of Jesaja 65–66 die Here se antwoord is op die pleitende gebed in Jesaja 64. Hy beloof om nie stil te wees nie (Jes. 65:6, 24). Sy antwoord is een van oordeel, en van ontferming oor ’n oorblyfsel van Israel wat geseën sal word (Jes. 65:13–16), alhoewel eers later in die toekoms (vv. 17–25).[1372] Om die konteks van die “nuwe hemel en nuwe aarde” te interpreteer, is altyd met verwysing na hulle wie aan God getrou bly en ook nou reeds in hierdie wêreld iets mag ervaar van “die toetrede van God se heerskappy binne [*’n*] getransformeerde Jerusalem”.[1373]

Jesaja 65 is nie ’n “apokaliptiese vlug na ’n verbeeldingryke wêreld van fantasie” nie, maar “die vervulling van God se wil wat vorm aanneem deur die hele boek Jesaja.”[1374] Dit is veral in die teksgedeelte van Jesaja 65:13–66:24 waar dit duidelik gemaak word dat Yahweh se “diensknegte” (Jes. 65:13–15) ’n nuwe hemel en nuwe aarde sal ontvang (v. 17; 66:22) waar almal Hom sal aanbid (vv. 19–23).[1375] Dit is egter gou duidelik dat hierdie “nuwe hemel en nuwe aarde” nie universeel is en vir almal geld nie. Die boek sluit af met verwysing na God se oordeel wat op die wag wat teen Hom oortree het (Jes. 66:24).

## Woorde, konsepte en grammatika

Daar is ’n paar belangrike woorde en konsepte wat meer toeligting nodig het:

1370. Mangum, *Literary Types*.

1371. Lim T.N. Timothy, “Land”, in *The Lexham Bible Dictionary*, eds. John D. Barry et al. (Bellingham: Lexham Press, 2016).

1372. Larry L. Walker and Elmer A. Martens, *Cornerstone Biblical Commentary: Isaiah, Jeremiah, & Lamentations*, Vol. 8 (Carol Stream: Tyndale House Publishers, 2005), 279.

1373. Childs, “Isaiah”, 538.

1374. Ibid.

1375. Barry, “Isaiah”.

## ○ Skep

Die Hebreeuse woord vir "skep" wat in Jesaja 65:17 gebruik word, is *ḇārā͗* (Heb: בָּרָא) wat beteken om iets "tot stand te bring",[1376] of om iets "te maak wat nog nie voorheen bestaan het nie".[1377,1378] Die woord *ḇārā͗* kan gebruik word om te verwys na die skepping van iets wat nog nie voorheen bestaan het nie (Gen. 1:1), of om iets te maak of te vorm uit elemente wat alreeds bestaan (Gen. 6:7; Jes. 65:17; Jer. 31:22).[1379] Die verwysing na God as Skepper van hemel en aarde is 'n dominante tema in Jesaja (bv. Jes. 42:5; 45:7, 12, 18) en verwys nie net na God se eerste skepping van hemel en aarde nie, maar ook na sy voortdurende instandhouding en bewaring daarvan (Jes. 42:5–6).

## ○ Nuwe hemel, nuwe aarde

Die Hebreeuse woord *ḥāḏāš* (Heb: חָדָשׁ), wat met "nuwe" vertaal is, kom 53 keer in die Hebreeuse OT (BHS) voor, waarvan 10 keer in die boek Jesaja (Jes. 41:15; 42:9, 19; 43:19; 48:6; 62:2; 65:17 [2x]; 65:22 [2x]). Die woord verwys na iets wat "nuut" of "vars" is,[1380] of na iets "wat relatief en onlangs tot stand gekom het of gemaak, verkry of ontdek is".[1381]

Die hemele (Heb: שָׁמַיִם, *šāmayīm*) is die "woonplek van God en die engele",[1382] maar kan ook in ander kontekste verwys na die lug. Alhoewel die konsep van 'n herstelde heelal in verskeie Bybeltekste voorkom,[1383] kom die frase "nuwe hemel" slegs vier keer in die Bybel voor (Jes. 65:17; 66:22; 2 Pet. 3:13; Op. 21:1).[1384]

Die konteks van Jesaja 65:17–25 het alreeds in Israel se tyd begin, maar strek tot ver in die toekoms.[1385] Die nuwe skepping sal aan die einde van die geskiedenis ontstaan en word gekenmerk deur God se teenwoordigheid (Op. 21:3), die permanente aard daarvan (Jes. 66:22), en aan die feit dat

1376. Hoogendyk, *Analytical Lexicon*.

1377. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

1378. Kyk eksegese van Jesaja 40.

1379. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

1380. Koehler et al., *Lexicon*, 294.

1381. Hoogendyk, *Analytical Lexicon*.

1382. Ibid.

1383. Kyk Jes. 51:16; Matt., 19:28; 24:29–31; 26:29; Mark. 13:24–27, 31; Hand. 3:20–21; Rom. 8:19–23; 2 Kor. 5:17; Heb. 12:26–28; 2 Pet. 3:10–13.

1384. Paul E. Robertson, "Heavens, New", in *Holman Illustrated Bible Dictionary*, eds. Chad Brand et al. (Nashville: Holman Bible Publishers, 2003), 734–735.

1385. Walker and Martens, *Isaiah, Jeremiah, & Lamentations*, 280.

die gevolge van die sondeval omgekeer sal word (Jes. 65:20, 23, 25).[1386] 'n Nuwe hemel en 'n nuwe aarde breek aan wanneer die skepping gereinig is van alle sonde (Rom. 8:18–22; Op. 21:27; 22:14–15), en wanneer geregtigheid daar woon (2 Pet. 3:13).[1387]

Die vooruitsigte wat in Jesaja geskets word, is van 'n hernude

> fisiese, dierlike en menslike wêreld, waar almal in harmonie en geluk sal saamleef (Jes. 11:6–9; 65:17–25), en waar selfs die dood "verswelg" kan word (Jes. 25:8, alhoewel vgl. 65:20).[1388]

Alhoewel Jesaja nog nie 'n volledige prentjie gee nie, en verdere eskatologiese openbaring in die NT plaasvind, wil dit uit hierdie teks reeds voorkom dat 'n *toekomstige lewe vir God se kinders op 'n getransformeerde aarde plaasvind, en nie weg van 'n aarde in die hemel nie.*

## ○ Vorige dinge

In Jesaja 65:17 (asook 41:22; 42:9; 43:9, 18; 46:9; 48:3) verwys die Hebreeuse woord *rīʾšôn* (Heb: רִאשׁוֹן) na 'n "gebeurtenis wat in die verlede plaasgevind het".[1389] In Jesaja 60:9 (asook 1:26; 52:4) dra die woord die betekenis van 'n "gebeurtenis wat bestaan uit die begin van iets". In Jesaja 65:7 en 16 (asook 8:23; 61:4) word dit as 'n byvoeglike naamwoord gebruik wat die betekenis het om "aan 'n vorige tyd [*te*] behoort".[1390] In Jesaja 41:4 (asook 43:27; 44:6; 48:12) word ook 'n byvoeglike naamwoord gebruik met weer 'n ander betekenis in die sin van "wat alle ander voorafgaan in tyd of ruimte of graad".[1391]

Uit hierdie genuanseerde bybelse betekenisse, lyk dit of daar in die konteks van Jesaja 65:17 na 'n gebeurtenis uit die verlede gesoek moet word om die teks te verklaar.[1392] Die verwysing na die ou hemel en ou aarde wat in sonde geval het as die "vorige dinge", lyk na die mees voor die hand liggende verklaring.[1393] Die vroeëre hemel en aarde verwys na die kollektiewe smarte wat deur die sondeval oor die *hele aarde* gekom het:

1386. Manser, *Bible Themes*.

1387. Duane F. Watson, "New Earth, New Heaven", in *The Anchor Yale Bible Dictionary*, ed. David Noel Freedman (New York: Doubleday, 1992), 1094–1095.

1388. Philip S. Johnston, "Heaven", in *New Dictionary of Biblical Theology*, eds. T. Desmond Alexander and Brian S. Rosner, electronic ed. (Downers Grove: InterVarsity Press, 2000), 541–542.

1389. Hoogendyk, *Analytical Lexicon*.

1390. Ibid.

1391. Ibid.

1392. In Jes. 43:18 bv. is die "dinge van vroeër" waarna verwys word, die eksodus van Israel uit Egipte.

1393. Die tradisie om hier na verlossing of 'n persoon se sondes te verwys, is algemeen onder sekere gereformeerde en presbiteriaanse verklaarders. Calvyn skryf oor hierdie teks:

Die vroeëre smarte van die aarde, onder die sondeval, sal so ver van herhaling wees, dat hulle herinneringe uitgewis sal word deur die baie barmhartighede wat God aan die nuwe aarde sal bewys (Op. 21:4–27).[1394]

## ○ Gedink word … gedagtes/hart opkom

Twee klein maar belangrike Hebreeuse woordjies wat in Jesaja 65:17 gebruik word, is *zḵr* (Heb: זכר) en *lēḇ* (Heb: לֵב). Die woord *zḵr* beteken om onthou te word, om in gedagtes opgeroep te word.[1395] Die woord *lēḇ* verwys na die hart wat in Hebreeuse taalgebruik na "die lokus van 'n persoon se gedagtes (verstand), wil, emosies en kennis van reg van verkeerd (gewete)" verwys.[1396] Sekere vertalings gebruik woorde soos "gedagtes" en "onthou", maar dit gee nie die werklike betekenis van die woord *lēḇ* weer nie. Met sulke vertalings is daar die gevaar dat die intellek bo die wil en emosies waardeer word. Die hart in Ou-Testamentiese taal is egter die sentrum van persoonlikheid – dit is wie ons regtig is soos wat God ons sien (vgl. Spr. 4:23).[1397]

## ○ Wolf en lam wat saam wei, leeu en bees wat hooi eet

Die verhouding tussen roofdier en prooi, tussen wolf (Heb: זְאֵב, *zᵉʾēḇ*) en lam (Heb: טָלֶה, *ṭālę̄*), word gebruik om die *vrede in die hernude skepping* uit te beeld (Jes. 65:25).[1398] Hulle sal selfs saam wei (Heb: רעה, *rʿh*). Grammatikaal word die eenheid uitgedruk deur die gebruik van woorde wat verband hou met die Hebreeuse woord *ʾḥḏ* (Heb: אחד) – in hierdie geval *ḵᵉʾęḥāḏ* (Heb: כְּאֶחָד), wat beteken dat die wolf en die lam sal wei *soos een*.[1399]

In God se koninkryk leef die leeu (Heb: אַרְיֵה, *ʾaryę̄*) en ander groot troppe soogdiere (soos bv. beeste [Heb: בָּקָר, *bāqār*]),[1400] (asook kinders) in vrede

Sommige verwys hierdie woorde na hemel en aarde; asof hy gesê het dat hulle voortaan geen beroemdheid en geen naam sal hê nie. Maar ek kies om hulle eerder na die vroeëre tye te verwys; want hy bedoel dat die vreugde om herstel te word so groot sal wees dat hulle *nie meer hul ellende sal onthou nie* (Calvin and Pringle, *Isaiah*, 398–399).

Sproul skryf: "die vorige dinge; [*d*]ie teëspoed en skande wat sonde meebring, veral die oordeel van die ballingskap" (Sproul, *Study Bible*, 1246).

1394. Jamieson et al., *Commentary*, 503.

1395. Hoogendyk, *Analytical Lexicon*.

1396. Ibid.

1397. Frame, *Salvation*, 94.

1398. Barry et al., *Study Bible*, Is 11:6.

1399. Waltke and O'Connor, *Syntax*, 275.

1400. Swanson, *Dictionary Hebrew*.

met mekaar (Ps. 91:13; Jes. 11:6–8; 65:25).[1401] Die leeu eet hooi (Heb: תֶּבֶן, *tęḇęn*) soos ’n bees – ’n woord wat die Israeliete sou herinner aan die hooistoppels wat hulle voorvaders eens in slawerny moes gebruik om bakstene in Egipte te maak (Eks. 5:6–13).[1402]

## ○ Slang en stof

Die slang (Heb: נָחָשׁ, *nāḥāš*) sal nie deel aan die nuwe vrede nie en sal stof (Heb: עָפָר, *ʿāp̄ār*) eet (Jes. 65:25) in ’n sinspeling op die vloek oor Satan.[1403] Net soos wat die slang in die tuin van Eden vervloek is om stof te eet (Gen. 3:14), so sal God se vyande, in die figuurlike taalgebruik van agteruitgang, ook stof lek (Ps. 72:9; Jes. 49:23; Miga 7:17).[1404,1405] *In die nuwe hemel en aarde sal die slang magteloos wees om te mislei*.[1406]

## ○ Heilige berg

Die Here se heilige (Heb: קֹדֶשׁ, *qōḏęš*) berg (Heb: הַר, *har*) (Jes. 65:25) verwys na Sion, oftewel die nuwe Jerusalem.[1407,1408] Op verskeie plekke in die OT kom die beeld van Jerusalem of Sion as ’n baie hoë berg voor (Ps. 78:68–69; Eseg. 40:2; Sag. 14:10).[1409] Die frase, “heilige berg”, word 19 keer in die Hebreeuse OT gebruik met verwysing na Jerusalem, veral in verband met die herstel na die Babiloniese ballingskap (Jes. 56:7; 65:25; Eseg. 20:40; Dan. 9:16, 20; 11:45; Sef. 3:11; Sag. 8:3).[1410] Eskatologies gesien, is Sion die middelpunt van God se heerskappy oor al die nasies (Jes. 2:2–4; 25:6–10; Miga 4:1–4; Sag. 8:20–23).[1411] Die verhouding met God is herstel: mense sal nie meer kwaad aanrig of hulle wangedra nie.

1401. Carrie Sinclair Wolcott, “Lion”, in *The Lexham Bible Dictionary*, eds. John D. Barry et al. (Bellingham: Lexham Press, 2016).

1402. Chad Brand et al., “Straw”, in *Holman Illustrated Bible Dictionary*, eds. Chad Brand, Charles Draper, and Archie England (Nashville: Holman Bible Publishers, 2003), 1536.

1403. Sproul, *Study Bible*, 1247.

1404. Phillips, “Serpent”.

1405. Jamieson et al., *Commentary*, 503.

1406. Charles L. Quarles, “A Theology of Matthew: Jesus Revealed as Deliverer, King, and Incarnate Creator”, in *Explorations in Biblical Theology*, ed. Robert A. Peterson, (Phillipsburg: P&R Publishing, 2013), 183–184.

1407. Jes. 2:2–4; 4:5; 11:9; 25:6–8; 56:7; 57:13; 65:11, 25.

1408. Gentry and Wellum, *Covenants*, 89.

1409. Barry et al., *Study Bible*, Is 2:2.

1410. William Osborne, “Mountains”, in *New Dictionary of Biblical Theology*, eds. T. Desmond Alexander and Brian S. Rosner, electronic ed. (Downers Grove: InterVarsity Press, 2000), 673–674.

1411. Ibid.

## Histories-kulturele konteks

Omdat daar vir so lank in die Bybelwetenskappe 'n "soektog na die historiese Jesaja" was, het die moontlikheid om die teologiese eenheid van die boek raak te sien, verlore gegaan. Vanaf die 1970s het daar egter 'n ommeswaai gekom met die ondersoek na die samebindende elemente in die boek.[1412] Daar is 'n ontwikkeling van die profesie deur die hele boek, maar dit bly moeilik om groter strukturele patrone te identifiseer en om tussen geskiedenis en eskatalogie te onderskei. 'n Voorgestelde strategie teen die agtergrond van 'n ontwikkelende historiese konteks is om opeenvolgend deur die boek te lees, deur "afdeling-vir-afdeling te sintetiseer hoe hooftemas ontwikkel word deur die herhaling van sleutelwoorde, beelde en motiewe, intertekstuele skakels en narratiewe analogieë".[1413] Sentrale temas wat histories deur die boek ontwikkel in 'n noukeurige geredigeerde komposisie, sluit in: "Jerusalem en Sion", "geloof", "oordeel" en "verlossing".[1414] Die beklemtoning van die "nuwe hemel en nuwe aarde" en die verwysing na "Jerusalem" en "Sion" is ook twee samebindende temas.[1415] Die boek Jesaja ontwikkel op 'n historiese-verlossende lyn vanaf Jerusalem in 'n sosiaal-politiese konteks in Jesaja se tyd tot by die terugkeer onder Kores, en daarna verder na die "vernuwing en verheerliking van Sion in die konteks van die nuwe hemele en die nuwe aarde".[1416]

Die konneksie tussen die verwagte Messias en die nuwe skepping kan verder ook intertekstueel ondersteun word. Deur dieselfde woorde as in Jesaja 11 te gebruik, word die nuwe skepping in Jesaja 65 direk met die Messiaanse vredesryk geïdentifiseer.[1417] Adam se koninklike heersersmag wat deel was van die kultuurmandaat by die skepping (Gen. 1:28; vgl. 2:8–17), word onder die regering van die Messias weer moontlik.

## Verhouding met die res van die Bybel

Die frase "nuwe hemel en nuwe aarde" (Jes. 65:17) word ook in 2 Petrus 3:13,[1418] en in Openbaring 21:1 gebruik.[1419,1420] Openbaring 21:1–5 begin en eindig met

1412. Vir 'n verdere bespreking van die histories-kulturele konteks van die boek Jesaja, kyk die bespreking van Jesaja 40:21–28.

1413. Vanhoozer et al., *Dictionary*, 338.

1414. Ibid., 341.

1415. Ibid., 338.

1416. Ibid., 341.

1417. Childs, "Isaiah", 538–539.

1418. Kyk eksegese van 2 Petrus 3.

1419. Jones, *Quotations*, Is 65:17–Php 2:16.

1420. Kyk eksegese van Op 21.

verwysing na die oue wat verbygaan en die nuwe wat kom. In 2 Petrus 3:13 word beklemtoon dat daar geregtigheid in die nuwe hemel en nuwe aarde is. Die belofte aan Jesaja word in albei hierdie tekste herbevestig.[1421] Die ou ryk van dood en duisternis vlug weg voor God se nuwe skepping.[1422] Die profesie van Jesaja word in hierdie Nuwe-Testamentiese verwysings verder bevestig in ’n eskatologiese vervulling wat nog moet kom. Die nuwe skepping is die klimaks van verlossing in die hele geskiedenis.[1423] Die boek Openbaring moedig Christene dan ook aan om getrou te bly tot die einde toe.[1424]

## Teologiese belang

### Teologie van heerlikheid

Die heerlikheid van die Here word geopenbaar op die heilige berg Sion. Waar Jesaja (65:18) alreeds profeteer oor Jerusalem wat nuut geskep gaan word, kom die vervolmaking wanneer die heilige stad, die Nuwe Jerusalem, uit die hemel neerdaal en God sy woonplek by die mense maak (Op. 21:2–3). Hy is God vir sy volk, wat “die sentrale element van God se verbond met Sy volk deur die hele verloop van die verlossingsgeskiedenis [*is*]”.[1425] Die Gees is uitgestort om sy kinders ook te verheerlik (2 Kor. 3:17–18). Die mens, Christus, is alreeds verheerlik deur die opstanding en transformasie van menswees (Joh. 17:1, 5, 24).[1426] *God se heerlikheid kom tot volle openbaring met die nuwe skepping, waar nie net mense nie, maar die hele aarde hernuwe sal word* (vgl. Ps. 104:30).

### Teologie van koninkryk en skepping

God se regverdige heerskappy oor die hele skepping is met die sondeval deur die mens verwerp. God bly egter wel die soewereine heerser oor die hele skepping, maar openbaar nou sy verlossende heerskappy deur die “koms van ’n Verlosser om die skepping reg te stel”.[1427] *Die kruis is sentraal omdat dit die manier is hoe die nuwe skepping ingewy word*. Die ware Israel

1421. Peter H. Davids, “2 Peter”, in *New Dictionary of Biblical Theology*, eds. T. Desmond Alexander and Brian S. Rosner, electronic ed. (Downers Grove: InterVarsity Press, 2000), 350.

1422. Mark H. Taylor, “New Jerusalem”, in *The Lexham Bible Dictionary*, eds. John D. Barry et al. (Bellingham: Lexham Press, 2016).

1423. Gregory K. Beale, “Revelation (Book)”, in *New Dictionary of Biblical Theology*, eds. T. Desmond Alexander and Brian S. Rosner, electronic ed. (Downers Grove: InterVarsity Press, 2000), 357–358.

1424. Ibid., 358.

1425. Ladd, *Theology*, 681–683.

1426. Sinclair B. Ferguson, “The Holy Spirit”, in *Contours of Christian Theology*, ed. Gerald Bray (Downers Grove: InterVarsity Press, 1996), 248–250.

1427. Gentry and Wellum, *Covenants*, 244–245.

is nie meer die volk Israel en die proseliete nie, maar alle mense wat gekruisig is vir die wêreld en wat *aan die nuwe skepping* deelneem (Gal. 6:14–16).[1428] Die *Nuwe Verbond in Christus bring die vervulling van al God se beloftes wat die gevolge van sonde en dood omkeer, en 'n nuwe skepping vestig*.[1429]

Die koninkryk van God sal alle sonde en rebellie uitsluit, maar alles insluit wat verlos is deur God se genade. Die herstel van wat goed was by die skepping (Gen. 1) en die transformasie na 'n heerlike vryheid van die *hele skepping* (Rom. 8:21), word bereik wanneer die nuwe hemel en die nuwe aarde aanbreek (Jes. 65:17; 2 Pet. 3:13; Op. 21–22).[1430]

*Die finale staat van die Koninkryk van God is die nuwe hemel en die nuwe aarde*. 'n Teologie van die skepping word regdeur die OT, en veral ook in Jesaja, op 'n sterk manier uitgedruk. Die uiteindelike bestemming van die mensdom is 'n aardse een. Verloste mense gaan uit die dode opstaan in verheerlike *liggame*. Die opgestane Christus is die getroue en ware getuie.[1431] Wat nuut geskep word, is die waarheid (vgl. Jes. 43; 65:17–18). *Ook in die volmaakte koninkryk bly mense God se skepsels op 'n aarde wat verlos is en herskep is na 'n nuwe aarde toe*. Die NT openbaar nog meer van hierdie radikale visie (Matt. 19:28; Rom. 8:20–21; Op. 21:1–5). Die teoloog, John Frame, verwoord die implikasies soos volg:

> Met die nuwe hemele sal 'n *nuwe aarde* kom, 'n *fisiese werklikheid* waarin ons 'n *materiële bestaan* sal lei (Jes. 65:17, 66:22; 2 Pet. 3:13). Moenie die ewige lewe as 'n spookagtige, immateriële bestaan voorstel nie. In die nuwe bedeling sal ons *eet en drink* (Op. 19:9), God loof met ons *opgestane stemme* en Hom dien met ons *opgestane hande en voete* [*skuinsdruk toegevoeg*].[1432]

Die middelpunt van die nuwe aarde is die heilige stad, die Nuwe Jerusalem. Die verlostes leef op 'n nuwe aarde en ontvang die grootste seëning om God se aangesig te mag sien (Op. 22:4). Jesaja se profesie lui reeds die einde van die geskiedenis in, soos die teoloog, George Ladd, dit mooi verwoord:

> En so eindig die Bybel, met 'n verloste samelewing wat op 'n *nuwe aarde* woon wat van alle kwaad gesuiwer is, met *God wat in die midde van Sy mense woon*. Dit is die doel van die lang verloop van verlossingsgeskiedenis. Soli Deo gloria! [*skuins*druk *toegevoeg*].[1433]

---

1428. Thomas R. Schreiner, *Paul, Apostle of God's Glory in Christ: A Pauline Theology* (Westmont: IVP Academic, 2006), 269.

1429. Gentry and Wellum, *Covenants*, 269.

1430. Ibid., 244–245.

1431. Richard C. Gamble, *God's Final Revelation, Vol. 2, The Whole Counsel of God* (Phillipsburg: P&R Publishing, 2018), 89–90.

1432. Frame, *Salvation*, 92.

1433. Ladd, *Theology*, 681–683.

## Hoe spreek die teks tot ons en hoe is dit van toepassing?

Die implikasie van hierdie teks vir skeppingsorg word nou van nader beskou:

Eerstens, gelowiges se sorg vir die skepping staan altyd in die konteks van die verheerlikte Jesus Christus van wie die Gees in gelowiges se harte getuig met die uiteindelike doel om hulle ook te verheerlik. Omdat die nuwe skepping, en die gepaardgaande hernuwing van die hele aarde God se heerlikheid ten volle gaan openbaar, het *skeppingsorg in hierdie sondige en gebroke wêreld altyd ’n onwrikbare perspektief op die vernuwing van die skepping wat nog tot volmaakte, heerlike vervulling gaan kom*. God gaan nie duld dat mense kwaad doen in sy heilige koninkryk nie. Hy gaan ook nie uitbuiting en misbruik van die aarde duld nie. *Daar sal geen omgewingskrisis of weghol-klimaatsverandering meer wees in God se ewigdurende koninkryk nie*.

Tweedens, die weg na getroue sorg vir die skepping in hierdie wêreld wat in sonde verval het, is slegs deur die erkenning van Christus as Verlosser. Die kruis is die manier hoe die nuwe skepping ingewy word. Die staat van die gelowige om gekruisig te wees vir die wêreld en om deel te neem aan die nuwe skepping, vorm die hartklop van skeppingsorg. Goeie sorg vir die skepping begin by God se openbaring van sy heerlikheid aan ons, waarvan Christus die betroubaarste getuie is.

Derdens, die visie van ’n nuwe aarde as fisiese werklikheid, waarop ons eendag ’n materiële bestaan gaan hê, roep op om ernstig na te dink en van harte oortuig te wees van die belang van God se hele skepping. Gelowiges is nie uiteindelik op pad hemel toe nie; die koninkryk sal uit die hemel neerdaal na die nuwe aarde toe. Die nuwe aarde sal so goed en heilig wees dat God by die mense kan kom woon. *Hoe kan ’n erkenning van God se heerskappy oor en die komende vervolmaking van die aarde nie nou reeds aanspoor tot ’n lewe van sorgvuldige omgang met sy skepping nie?*

Hoofstuk 11

# Opsomming en gevolgtrekkings

## Opsomming

Wat sê God in sy Woord oor Christene se deelname aan die bewaring van die aarde? Gee die Bybel 'n motivering en visie vir skeppingsorg? In hierdie boek is 'n eksegetiese benadering tot hierdie vrae gevolg om duidelik te hoor en dan ook te doen wat God se wil is. 'n Vertrekpunt vanuit die eksegese van 25 geselekteerde tekste, is gegee. Opsommend kan die vrug van die eksegese puntsgewys soos volg saamgevat word.

### Briewe

1. Sorg vir die skepping begin by 'n hoë Christologie. Die hermeneutiese uitgangspunt is die vervulling van die OT deur die Seun. Die gebruik van proeftekste vir skeppingsorg sonder om die openbaarmaking deur die Seun in die eindtyd in ag te neem, moet afgewys word.
2. Die geliefde Seun is ook die Koning wat heers oor alles. Hy is die ware Seun en beeld van God – daardie status kom nie die natuurlike mens toe nie. Die nuwe skepping is alreeds ingelei deur sy opstanding uit die dood, maar sal eendag in volle heerlikheid openbaar word.

**How to cite:** De Wit, MP 2024, 'Opsomming en gevolgtrekkings', *Skeppingsorg: 'n Aanset tot interpretasie van sekere Bybeltekste oor die mens se verhouding tot die natuurlike omgewing*, ITUTA Books, Cape Town, pp. 297–311. https://doi.org/10.4102/aosis.2024.BK502.11

3. God se vloek oor die skepping wat deur die mense se sonde ontstaan het, is nie finaal nie; inteendeel, dit is ’n onderwerping deur God self wat die skepping nooit sonder hoop laat nie. God bly getrou aan sy beloftes, ook vir die skepping, wat rede gee vir ’n ryke en diverse lewe van vreugde en lof.
4. Die aankondiging van die evangelie hou verband met die aankondiging deur die skepping self. Verlossing en versoening is nie net beperk tot mense nie, die ganse skepping deel daarin.
5. Die heiliges is alreeds verplaas na die koninkryk van die Seun. Hy woon nie in ’n tempel ver weg of in die eerste skepping nie, maar sy tempel is in die universele kerk en in individuele gelowiges. Die sorg vir die skepping is ’n deelname aan sy heerskappy vanuit die tempel waar God woon.
6. Die uiteinde van hierdie koninkryk is ’n allesomvattende kosmiese erfdeel waarin heiliges mag deel. Die status van die heiliges is om nou reeds aangenome kinders van God te wees, terwyl ons uitsien na die volle aanneming.
7. Lyding en swaarkry, hetsy van die skepping of die heiliges, weeg nie op teen die heerlikheid wat gaan kom nie. Die onderwerping van die skepping aan die verganklikheid bevat alreeds die saad van hoop tot bevryding, waarvan die skepping reeds getuig. Die omgewingskrisis laat gelowiges nie sonder hoop nie.
8. Die sugtende skepping maak aanspraak op die heiliges om iets van ons aangenome status te begin sien – al is dit ten dele en eendag ten volle – veral in ’n tyd waar die effek van menslike sonde so rampspoedig in die omgewingskrisis waarneembaar is.
9. Aangenome heiliges se lewe in die Gees het ’n bepaalde inhoud, naamlik geloofsgehoorsaamheid wat tot ’n vernuwing van denke lei en dan ook hoe ons leef – ook in verhouding met God se skepping.
10. ’n Verkeerde teologie oor die wederkoms en oordeel bring ’n verkeerde moraliteit en lewenstyl. Die beeld van vuur as deel van God se vernietigende oordeel en as deel van God se reinigingswerk, waak enersyds teen ’n morele ekogodsdiens om die planeet te red, en andersyds teen ’n inwaarts gerigte, vergeestelike lewe wat oneffektief is in Christus se allesomvattende koninkryk.

## Evangelies

1. Skeppingsorg bestaan in die konteks van die Vader-kind verhouding wat gekenmerk word deur God se onmeetlike goedheid en liefde asook sy kinders se diepe afhanklikheid en vertroue.

2. Skeppingsorg staan in die konteks daarvan om "die koninkryk van God te sien". God se koninkryk word reeds op aarde ingehuldig, ook in sy versorging in ons materiële noodsaaklikhede soos daaglikse brood.
3. Skeppingsorg sluit in om baie mooi op die natuur te let om werklik te kan verstaan wat sorg is. Kraaie en veldblomme leer ons om te verstaan wat onbesorgdheid is.
4. Skeppingsorg is deel van koninkrykswerk met 'n ewige perspektief. Die enigste manier om op aarde werklik bruikbaar te wees in die koninkryk, is om *in Christus* te wees wat die afstand tussen hemel en aarde oorbrug het.
5. Skeppingsorg hou in om dankbaar en tevrede te mag deel in God se voorsieningswerk. Dit is werk wat gekenmerk word deur rus in God en nie deur ons eie geswoeg nie.
6. Skeppingsorg sonder geloof in Christus is van nature vyandig teenoor die Skepper en verval in die duisternis van *kosmos*-verering.
7. Skeppingsorg mag nooit ontaard in verslawing binne die materiële van die *kosmos* nie, maar is altyd in die konteks van die verlossing van die hele *kosmos* wat reeds begin het en eendag volkome sal wees.
8. Skeppingsorg is nie deel van 'n gnostiese vermyding van die wêreld nie, maar 'n lewe voluit in die wêreld, gemotiveer deur die liefde van God.
9. Skeppingsorg vra vir 'n totale lewensverandering in die ekonomie weg van ongelowige opgaardery na gelowige genoegsaamheid.
10. Sorg vir die skepping beteken om nie meer uit die skepping te haal as wat nodig is nie, of om nie dit wat God aan ons toevertrou het, onoordeelkundig te gebruik nie.

## Handelinge

1. Die boek Handelinge bied nie net histories en teologiese perspektiewe op God se hand in die geskiedenis van die verlossing wat alle nasies insluit nie, maar maak ook die belang van die Skepper en skepping 'n eksplisiete onderdeel van die prediking aan die heidene.
2. In 'n wêreld (en in die kerk) waar verhewe rasionele redevoerings, 'n fokus op die materiële, 'n fokus op plesier en op vermyding van pyn en emosionele steurnisse, of waar politieke magspeletjies geldende invloed het, is 'n bybelse teologie van die skepping onontbeerlik.
3. Waar die skepping nie meer as 'n aktiewe vooronderstelling in die kerk funksioneer nie en waar die fokus verskuif het na slegs 'n spesifieke geskiedenis en na die verbond, word 'n bybelse regstelling deur prediking en onderrig van 'n skeppingsteologie dringend benodig.

## Apokalips

1. Die bybelse visie op die ewigheid is 'n nuwe aarde waarop God se kinders is. Dit is nie weg van die aarde in 'n hemelse sfeer nie. Die mens se geskiedenis kom tot 'n hoogtepunt op die plek waar dit ook begin het, naamlik hier op aarde. 'n Wonderlik nuwe hemel en aarde gaan werklik kom, en God gaan werklik afdaal om by die mense sy woonplek te maak. Die hele nuwe skepping word voorberei dat God hier kan kom woon. Hierdie siening impliseer dat Christene die huidige aarde moet respekteer omdat God die Skepper en die Herskepper daarvan is. Respek is egter nie waar dit stop nie. God as soewereine Skepper en Herskepper is ons aanbidding en lofprysing tydens ons hele lewe volkome waardig – waarvan skeppingsorg ook deel is.
2. *Natuurrampe is nie 'n aanslag van God op die natuur nie*, maar simbole van die groot verlossing soos wat God die wil van wêreldse magte verbreek wat Christus teëstaan. Die natuurkragte word ingespan deur 'n lankmoedige God om te dien as waarskuwing vir die sondige mensdom. God stel egter perke aan natuurrampe sodat 'n simboliese twee-derdes van die aarde ongeskonde bly en steeds versorg moet word.
3. Daar is ook 'n *waarskuwing aan die kerk om waaksaam te wees* om nie deur die maghebbers van die aarde, die valse profete en die draak meegesleur te word nie. Babilon se onbesonne drang na oordadige luuksheid, en die skeppingsverwoesting wat daarmee saamgaan, is 'n wesenlike bedreiging vir die kerk in die tyd waarin ons leef.
4. Ons *mag nie op die natuur of op ons eie kragte en insigte vertrou om die natuurkragte te beheer* nie. Die skepping is aan die mens gegee om oor te heers, nie om in menslike outonomiteit te oorheers nie.

## Wysheidsliteratuur

1. Skeppingsorg het groot wysheid nodig, maar kan gou verval in die verstaan dat wysheid geluk en 'n goeie lewe impliseer. In hierdie sin is Christene net so geneig daartoe om "dom dinge" te doen as enige iemand anders. Die verskil lê egter daarin dat ware wysheid beteken om alles *in die lig van Christus te probeer verstaan*. Om werklik wys te kan word, kan net gebeur wanneer ons wysheid van Jesus Christus kom. *Die uitgangspunt van skeppingsorg moet dus hoofsaaklik in die lig van die wysheid van Jesus Christus gesien word, en nie in die lig van menslike wysheid nie.*
2. In die lig van geloof in die Persoon, Jesus Christus, streef gelowiges na groei in kennis oor die skepping se funksionering op alle terreine. Die wetenskap van lewe en skepping is 'n belangrike gebied waarin gegroei moet word om die werklikheid beter te begryp. Jesus Christus was self getrou teenwoordig by die skepping. Die wetenskappe oor al

die verskillende velde kan met vrug ingespan word in die soeke na wysheid *as 'n eienskap van 'n persoonlike Jesus Christus*, maar mag en kan nie van Hom losgemaak word in 'n drang tot eie outonomiteit nie. *In die lig van die geloof in 'n wyse God wat skep en herskep, moet die resultate van die mens- en natuurwetenskappe voortdurend geweeg en toegepas word as deel van 'n verantwoordelike sorg vir die skepping.*

3. Wysheid is nodig en waardevol in verantwoordelike skeppingsorg, maar terselfdertyd moet ons weet dat *die mens nie God se weë kan verstaan nie*. Daar is beperkings aan die mens se logika en rasionaliteit, en aan hoe ver ons regte op aarde strek. In geloof mag ons weet dat God die reg sal handhaaf. 'n Gelowige ontsag en vertroue op God, gehoorsaamheid aan sy gebooie en 'n gesonde siening van die oordeel, kenmerk die lewe van die gelowige.
4. Dit is duidelik dat die *vernietigende effek van die sondeval* ook deurwerk in skeppingsorg "onder die son". Behalwe dat ons wysheid en inspanning as mense beperk en kortstondig is, sal dit meer kere lyk of die skepping nie wil saamwerk nie (of dikwels anders gestel: buig na ons wil nie). Die natuur bly aan die worstel; 'n mens kan dit eenvoudig soms nie verklaar nie.
5. Al weet ons dat alles kortstondig is en al weet ons dat die dood vir ons wag, is die *alledaagse lewe in hierdie skepping nog steeds 'n geskenk van God*. Hy gee wysheid, kennis en vreugde aan diegene wat Hy aanvaarbaar vind. God besluit vir wie hy die geleentheid gee om te geniet. Ook in skeppingsorg mag ons die goeie as geskenk van God geniet by al ons inspanning. Ons inspanning in die sorg vir die skepping is nie verniet nie. In Christus is daardie arbeid ook nie tevergeefs nie, ongeag die aardse resultate. Die vloek oor die skepping mag nooit so fundamenteel en onvermydelik gesien word dat die mooie en goeie daardeur uitgesluit word nie.
6. Skeppingsorg moet hand aan hand gaan met 'n *diepe afhanklikheid van en vertroue in God*. Die *mens moet sy plek ken*. Christelike skeppingsorg is net so deel van die lewe as bekering en onderwerping aan God. Die plek waar sterflinge en God ontmoet, is 'n plek van God se oorweldigende vryheid – 'n plek waar ons eenvoudige logiese, wetenskaplike, teologiese, of morele oplossings nie substansie het nie. Met gebruikmaking van die wetenskappe kan die mens die orde en norms in die skepping naspeur en selfs vorder in die opdrag om die aarde te bewerk en te bewaar, maar daar is radikale beperkings aan die mens se outonomie wanneer dit vergelyk word met die oorweldigende vryheid wat volledig aan God behoort. God is nie gebind aan die wette wat die mens vir homself, vir ander mense of vir die res van die skepping bewerkstellig nie.
7. Skeppingsorg mag *nie gemotiveer word uit 'n begeerte vir beloning, uit vrees vir straf of 'n begeerte om aan sekere menslike of goddelike*

*standaarde te voldoen* nie. Alhoewel dit algemeen geldig is dat harde werk in die bewerking en bewaring van die skepping beloon sal word, is dit geen algemene wet of reël nie.

8. Die *skepping, wat alle diere insluit, is die objek van God se sorg*. Menslike logika, wetenskap, teologie en moraliteit kan nie gebruik word as standaard vir skeppingsorg nie. Die skepping hoef nie mak gemaak te word sodat die mens dit kan beheer nie. Vrugbaarheid sowel as gewelddadige bloedvergieting is deel van God se voorsienige sorg. Selfs die leeu en die wilde leviatan staan onder God se beheer en voorsienigheid.
9. Die huidige *lyding in die skepping is ook in God se goeie hande*. Ons kan vryheid daarin vind as ons God se vryheid ook werklik daarin wil aanvaar en erken. Satan en alle boosheid is onder God se beheer.

## Psalms en poësie

1. Sorg vir die skepping kan *nie losgemaak word van God as Koning, as Skepper en as Verlosser* nie, soos geopenbaar in Jesus Christus deur die werking van die Heilige Gees. Sorg vir die skepping moet inherent deel bly van die verhouding tussen die drie-enige God en die mens, en is nie iets wat die mens op enige manier kan aanpak sonder God nie.
2. Verskeie skepsels word uit genade aan swak, sterflike mense gegee in God se goeie voorsienigheid. Die goeie sorg van God se skeppingsgawes, ’n diep respek vir alle skepsels in die hemel en op die aarde wat God se almag en heerlikheid aandui, en dankbaarheid vir al die goeie wat God in die skepping aan die mens skenk, is ’n houding wat by *onderheersers in Christus* pas.
3. Die *mens is ’n skepsel en ook deel van die skepping*. Skeppingsorg moet gekenmerk word deurdat die mens sy plek as skepsel ken. ’n Groot respek vir elke skepsel se aard en onafhanklike doel in God se wyse skepping moet die mens se opdrag tot skeppingsorg kenmerk.
4. Die *onderwerping van die skepping behoort nie meer by die “seuns van Adam” nie, dit is net waardig vervul in Christus* – die laaste Adam. Enige versoeking om die skepping kragtig te oorheers en na die mens se wil te laat buig deur wetenskaplike, tegnologiese, ekonomiese kragte of deur watter manier ook al, moet die Christen tot groot versigtigheid stem. Aardse konings en regters staan dikwels in konfrontasie met die enigste ware Koning, Jesus Christus - Hy heers in werklikheid oor alles!
5. Skeppingsorg sluit ook in om *nie ander skepsels uit te buit* nie. Die realiteit is dat boosheid die skepping binnegedring het deur die sonde. Skeppingsorg, net soos enige ander faset van die Christen se lewe, bly ’n voortdurende stryd teen die boosheid en die sonde – ook die boosheid en sonde wat teenoor ander skepsels begaan word.

6. Die *grootsheid van God in die orde, verskeidenheid en skoonheid van die skepping en sy onderhouding daarvan, vra vir lof* uit die diepste van ons menswees. Om deeglik op die skepping te let, bring lofprysing voort. In sang en lied wil ons God prys vir elke skepsel en die hele natuur. Skeppingsorg is deel van ons diepste lofprysing aan 'n God wat vir alles sorg.
7. Sorg vir die skepping staan in die konteks van *aanbidding en lofprysing saam met die hele skepping aan die HERE*. Skeppingsorg is ook "koorbegeleiding" in die wete dat elke deelnemer, ongeag hoe angswekkend en wild, skepsels is wat die HERE loof.
8. Skeppingsorg is gebaseer op *God se voorsienige inperkings van natuurkragte, maar sy skepsels hoef nie verslae te wees as sulke kragte wel groot verwoesting aanrig* nie. God gee wel vryhede aan sy skepsels in sy soewereine wysheid, wat ons as onderheersers dalk nie aan ander skepsels sou gegun het nie. Sorg vir die skepping mag daarom nooit uitsluitlik bepaal word deur filosofies-wetenskaplike interpretasies van natuurlike wette en wetmatighede nie.

## Wet

1. Skeppingsorg begin by *verhoudings wat deur liefde in die hart en siel gekenmerk word*: eerstens, 'n opregte verhouding met God in gemeenskap met Christus deur die werking van die Heilige Gees; tweedens, 'n opregte verhouding met ons naaste; en derdens, 'n opregte verhouding met ons eie liggame, die grond waar ons woon en al die ander skepsels.
2. Skeppingsorg vir God se kinders begin met 'n *innerlike houding van die hart wat deur liefde gekenmerk* word. Só verstaan, word skeppingsorg gekenmerk deur die voorkoming van die geringste begeertes of gedagte wat teen *God se gebod tot goeie sorg en ontferming oor diere* ingaan. Al is die begin hoe gering, moet 'n ernstige voorneme gemaak word om volgens hierdie gebod van God te lewe.
3. Sorg vir die skepping is 'n *wetlike vereiste wat deur Christus self voldoen* is. Deur die werking van die Heilige Gees word sy kinders vernuwe na Christus se beeld – ook wat sorg vir en die ontferming oor diere betref.
4. Sorg vir die skepping is *deelname aan Christus se vestiging van die nuwe skepping onder Hom*. Die seuns van God tree op as aangenome mede-erfgename in gemeenskap met Christus; die gelowige se verlange na God reflekteer Christus se verlange na God. Om ingeplant te wees in Christus beteken dat skeppingsorg nie onafhanklik van Christus kan plaasvind nie.
5. Die heiliging van die *rusdag plaas 'n beperking op die uitbuiting van mens, dier en die res van die natuur*. Die rusdag plaas 'n beperking op

produksie en verbruik en is ’n daad van sorg vir die skepping. Mens en dier kan ontspan en ook beter leer om God se vreugde in sy skepping te deel.

6. Skeppingsorg mag met groot *dankbaarheid en met ’n geruste hart uitgevoer* word, omdat dit gevul is met God se liefde vir sy kinders. Sy kinders hoef nooit verplig te voel om ons liefde vir God, of die aarde wat aan Hom behoort, te bewys nie. Christus, ons Middelaar, is die werklike onderhouder van die skepping van die begin tot die einde toe.
7. In gemeenskap met Christus kan die seuns en dogters van God dan die *wysheid van wetenskap, kennis en tegnologie gebruik om die aarde met omsigtigheid te bewerk en te bewaar sodat dit vrug bly lewer*. Om met hart en siel lief te hê, beteken om te fokus op die onderhouding en herstel van onderlinge verhoudings, en tussen mense en die aarde, die natuur, en ander skepsels.
8. Sorg vir die skepping beteken dat die *mens sekere basiese verpligtings teenoor diere en die natuur het*. Die mens het ’n verantwoordelikheid teenoor diere en die natuur wat in die huidige konteks van die moderne globale ekonomie, met sy gepaardgaande omgewingskrisis, pertinent aandag nodig het. Die uitwerking van ’n Christelike omgewingsetiek verdien veel meer aandag ter ondersteuning van ’n verantwoordelike sorg vir die skepping.

## Historiese narratief

1. Dat die mens na die beeld van God geskape is, is enersyds ’n gegewe in die skepping en andersyds iets wat gevorm word na Christus se beeld. Ware, gelowige sorg vir die skepping kom vanuit gehoorsaamheid aan God se Woord, wat begin vrug dra deur elke goeie werk van liefde en besorgdheid oor die welsyn van die aarde en die lewende wesens wat deur God daarop geplaas is.
2. Die beheersing en onderwerping van die aarde kan nie begrond word op die mens se status as onafhanklike plaasvervanger en God se verteenwoordiger op aarde nie. God het sy eie Seun gegee as mens om ook daardie rol van koning te vervul. Net in Christus se regering oor die aarde, wat alreeds begin het en eendag vervolmaak sal wees, vind gelowiges hulle rol as koninklike versorgers van die aarde.
3. Skeppingsorg moet dus Christusgesentreerd wees. Christus was alreeds volmaak gehoorsaam aan die bepalings van die verbond met Noag en elke lewende wese, en in Hom is daardie bepalings vervul. Net deurdat gelowiges *in Hom* is, kan die ware doel van skeppingsorg gevind word.
4. Skeppingsorg kan alleen plaasvind deur die sondevloek oor die grond as ’n gegewe aardse realiteit, goed in gedagte te hou. Die kultuurmandaat met sy klem op vrugbaarheid, vermeerdering en heerskappy oor die

skepping, hoe mooi ook al verpak in die versagtende terme van versorging, bewaring en herstel, kan nie die vloek oor die grond misken of probeer oorskadu nie.

5. Sorg vir die skepping in tye van ingrypende verwoesting van die skepping, bring die besef duidelik na vore dat die aarde se verlossing nie in die hande van mense is nie, maar net by Christus te vinde is. Die goeie nuus is dat Hy alreeds die sondevloek gedra het deur aan die kruishout te hang.
6. Skeppingsorg se reaksie op die vloek oor die grond vind dus net uitkoms in Christus. Die werklikheid van die vloek oor die grond deur die toedoen van die mens, is ook deur Christus weggeneem. Eendag sal ook 'n nuwe aarde heeltemal verlos wees van die vloek deur mense se toedoen.
7. Sorg vir die skepping sal tot Christus se wederkoms met swaarkry en pyn gepaard gaan. Die mens se gebroke heerskappy oor die aarde is met dorings en distels besaaid, en dra dikwels maar weinig vrug.
8. Om te groei in die krag van Christus se dood en opstanding, beteken om *erns te maak met die kultuurmandaat soos in Hom in sy volheid opgeneem*. Die *pad na skeppingsorg is een van bekering*. Individue, groepe, gemeenskappe en nasies is verantwoordelik vir die sondige oorheersing van die aarde en van die diere. Baie Christene, en daarby is die skrywer ingesluit, moet hulle daagliks bekeer van lewenstyle wat gebroke verhoudings met die natuurlike wêreld, veral met diere, ondersteun en aanmoedig.
9. Skeppingsorg, is dus gerig op die voortgang en die onderhoud van lewe vir mens en dier. As God sy toewyding aan die skepping en diere wys deur 'n verbond te sluit, hoe sal die mens dit kan waag om net op hom- of haarself te fokus?

## Profesie

1. God openbaar sy heerlikheid op verskeie maniere. 'n Fokus op die skepping en die sorg daarvan moet interafhanklik bly, met 'n fokus op God se ander heerlike werke van verlossing, voorsiening en koninklike regering.
2. Wanneer aandag vir die sorg vir God se skepping beklemtoon word ten koste van ander aspekte van God se geopenbaarde Woord, is dit besig om die fokus op God se heerlikheid te verloor, en dus loop dit ernstige gevaar om na natuur- of menseverheerliking weg te dwaal.
3. Die visie op God se heerlikheid gaan ook verlore onder die invloed van filosofiese dualismes tussen verstand en liggaam, tussen rede en emosies, en tussen mens en die natuur. 'n Beperkte visie op God se openbaring in die skepping, onderhouding en koninklike regering van alles, kan gou weerklank vind in geestelike obsessies met die self of met

ander se verlossing. Ongelukkig is veel van die Westerse Christendom (liberaal en ortodoks) vandag vasgevang in so ’n skrale sielkundige benadering tot die geloof. Sorg vir die skepping funksioneer dalk nog as goeie werke om verlossing te bewerk, of as tekens van innerlike geestelike groei, maar kom nie werklik op ’n bybels en teologies verantwoordbare manier op dreef nie.

4. Skeppingsorg staan binne die konteks van God se verbondsverhouding met sy kinders, en begin daarom met ’n persoonlike kennis van God. Om God te ken, beteken om altyd te bly besef dat God sy kinders liefhet en hulle nooit sal verlaat nie. God se liefde is onmeetlik groter as sy kinders se ontrouheid. So begryp, neem skeppingsorg dan ook vorm aan binne die ideaal van huweliksliefde en volkome lojaliteit – dit gaan uitsluitlik oor wat God wil, en om dit dan ook so te doen. In die konteks van skeppingsorg soek God nie allerlei (ook groen) opofferings nie, maar Hy soek ons hart.
5. Skeppingsorg gaan nie eerstens daaroor om sosiale of ekologiese uitkomste te bereik nie. Die onderhouding van God se verbondswette – ook waar dit die grond, land of aarde betref – kan net gemotiveer word uit die liefde van en vir God. Enige ander vorm van aanbidding en moraal wat gemik is op beter uitkomste (soos om die vrugbaarheid van die land te verseker), sonder liefde vir en erkenning van God, is ’n belediging vir God self.
6. Met die erkenning dat dit God is wat die aarde vrugbaar hou, kom daar die menslike verantwoordelikheid om met danksegging die aarde vrugbaar te laat bly, en om daaroor te sorg en te heers met alles wat Hy aan sy kinders toevertrou het. God saai in die land en beskerm die aarde om die goeie te bly voorsien, deur die sorgsame optrede van sy kinders.
7. Wanneer die skepping vrugbaar is, is dit ’n antwoord op God wat plant. Skeppingsorg is ’n antwoord aan God. Die vloek oor die grond mag nie maar net gelate (of gemaklikheidshalwe?) aanvaar word nie. Die kultuuropdrag om vrugbaar te wees, te vermeerder en versorgend te heers, het ook na die sondeval bly staan, en is God se soewereine seëninge op die verbond hier op die planeet Aarde wat Hy aan ons gegee het om in te woon.
8. Skeppingsorg moet begin by ’n gelowige en gehoorsame luister na en onderwerping aan die openbaring van God deur sy blywende Woord. Om nie te luister, om nie te sien en om nie God te verheerlik nie, bring net wanorde en verwerping voort. Aanbidding en skeppingsorg kan nie anders as om hand aan hand te gaan nie.
9. Skeppingsorg moet realisties gegrond bly op die verwoestende effek van menslike sonde op alle lewende wesens en die hele aarde. Ekologiese vernietiging bly ten diepste ’n gevolg van die sonde. Daar is egter altyd weer God se geduldige oproep tot bekering, ook wanneer daar geen

kennis van God se wil oor sy aarde is nie. Ter vertroosting openbaar God wel aan sy kinders dat volmaakte hoop vir die aarde net te vinde is by die volledige herskepping in en deur Jesus Christus.

10. Skeppingsorg kan so behep raak met allerhande menslike aksies dat die krag, heerlikheid en grootheid wat God aan ons openbaar in die skepping, verlore gaan. God is die aktiewe agent, Hy maak iets nuut in en deur Christus. Dit is Hy wat uiteindelik herstel van die skepping gaan bring op 'n manier wat Hy wil en wat Hy aan sy kinders openbaar. Skeppingsorg moet gekenmerk word deur 'n aktiewe luister, raaksien en begrip van dit waarmee God besig is, en om vervolgens ook dan saam daaraan te werk.
11. Die *pad na gelowige sorg vir die skepping gaan in hierdie sondige wêreld net deur die erkenning van Christus as Verlosser*. Die kruis is die manier hoe die nuwe skepping ingewy word – enige ander teologie van skeppingsorg wat die belang van die kruis misken, moet as 'n dwaling verwerp word. Die staat van die gelowige om gekruisig te wees vir die wêreld en om deel te neem aan die nuwe skepping, vorm die hartklop van skeppingsorg. Goeie sorg vir die skepping begin by God se openbaring van sy heerlikheid aan ons, waarvan Christus die betroubaarste getuie is.
12. Skeppingsorg kom na vore as 'n werk wat by bekering pas. Vanuit skuldbelydenis en bekering gee die soewereine God seëninge wat oor die vrugbaarheid van die hele aarde strek. Enige omgewingskrisis staan onder God se volstrekte beheer, maar word deur Hom geduld weens die sonde van die mens.
13. 'n Goeie begrip van hoe die natuur werk, is belangrik vir verantwoordelike sorg. Die feit dat die natuur deur God se woord geskape is en Hy Homself ook daardeur openbaar, maak natuurkennis selfs belangriker as wat die natuurwetenskappe sou kon voorhou.
14. Skeppingsorg hou in om die interafhanklikheid met die natuur raak te sien en daarvolgens op te tree. Menslike gedrag het 'n impak op die natuur. Die mens en die natuur treur en verskrompel saam, maar kan ook weer deur God se ontferming en genade saam herstel, nou nog maar ten dele, maar eendag sal vrugbaarheid en opbrengs in oormaat wees.
15. Die sorg van gelowiges vir die skepping staan altyd in konteks met die verheerlikte Jesus Christus van wie die Gees in gelowiges se harte getuig met die uiteindelike doel om hulle ook te verheerlik. Omdat die nuwe skepping, en die gepaardgaande hernuwing van die hele aarde, God se heerlikheid ten volle gaan openbaar, het *skeppingsorg in hierdie sondige en gebroke wêreld altyd 'n onwrikbare perspektief op die vernuwing van die skepping wat nog tot volmaakte, heerlike vervulling gaan kom*. God gaan nie duld dat mense kwaad doen in sy heilige

koninkryk nie. Die uitbuiting en misbruik van die aarde sal ook nie geduld word nie. *Daar sal geen omgewingskrisis of weghol-klimaatsverandering meer wees in God se ewigdurende koninkryk nie*.

16. Die visie van 'n *nuwe aarde as fisiese werklikheid, waarop ons eendag 'n materiële bestaan* gaan hê, roep ons op om ernstig na te dink en van harte oortuig te wees van die belang van God se hele skepping. Gelowiges is nie uiteindelik op pad hemel toe nie; die koninkryk sal uit die hemel neerdaal na die nuwe aarde toe. Die nuwe aarde sal so goed en heilig wees dat God by die mense kan kom woon. Hoe kan 'n erkenning van God se heerskappy oor die aarde en die komende vervolmaking daarvan nie nou al 'n aansporing wees tot 'n lewe van sorgvuldige omgang met sy skepping nie?

## Voorlopige gevolgtrekkings

Die hele Bybel vorm saam 'n eenheid en word ook so gelees deur geloof in die God van die Bybel. Heelwat duplisering en oorvleueling kan dus verwag word uit die verskillende genres. Die implikasie is dat die vrug van die eksegese van hierdie verskillende tekste nie op hulle eie kan bly staan nie, maar versamel en geïntegreer moet word in 'n sintetiese vorm en daarna op twee maniere toegepas word, naamlik deur uiteensetting vanaf die kansel, en op 'n ander vlak, in die samespraak met die teologie.[1434]

Op een vlak is die gevolgtrekkings wat uit die eksegese, soos in hierdie boek voorgehou word, onderworpe aan die suiwer prediking van God se Woord uit hierdie tekste. Op 'n ander vlak is daar die sintetiese werk in die teologie en etiek, en die vertaling na die praktyk, wat nog voorlê. Die teoloog, James I. Packer, wys op die toepasbaarheid van God se Woord vir ons vandag: Die geopenbaarde wil van 'n onveranderlike God beteken dat die "besonderhede van God se handelinge … universele betekenis [*het*] as paradigmas van hoe Hy nou altyd met Sy menslike skepsels sal omgaan".[1435] Die Woord van God kom egter as teëstander van die natuurlike mens – dit funksioneer nie net as onderrig en opvoeding nie, maar ook tot weerlegging en teregwysing (2 Tim. 3:16–17).

Alhoewel die formele hantering van sintese en toepassing toekomstige werk is, word hier wel 'n aanvanklike beligting van die vier kritieke areas onderneem, waar Christelike vroomheid die sorg vir die skepping sou kon teenwerk, soos wat in die inleiding van die boek vermeld word. Die resultaat moet egter as voorlopig beskou word.

1434. Kyk James I. Packer, "Infallible Scripture and the Role of Hermeneutics", in *Scripture and Truth*, eds. D.A. Carson and John D. Woodbridge (Grand Rapids: Baker Book House, 1992), 345.

1435. Ibid., 345–346.

Eerstens, as sekere Christene 'n beperkte visie op die verhouding tussen God en die wêreld het as transendent en afsydig, moet dit as onbybels bestempel word. Die eksegese wat gedoen is, gee geen ondersteuning vir so 'n beskouing nie. God is onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig en almagtig,[1436] maar dit beteken nie dat Hy ver weg en afsydig van sy skepping staan nie. God openbaar Homself as die drie-enige God in 'n liefdevolle verbondsverhouding met sy kinders en met alle lewende wesens. Die pad na die Vader word nie geblokkeer deur die eis van die Wet of die mens se onvermoë om die Wet te onderhou nie, maar is volbring in Christus. Hy is Koning, Skepper en Verlosser. Sy koninkryk is reeds ingehuldig in die tempel as universele kerk en in elke individuele gelowige. Hy onderhou die hele wêreld, hou dit vrugbaar en voorsien in die daaglikse brood. Christus het die afstand tussen die hemel en die aarde finaal oorbrug. Die hele skepping is die objek van God se sorg. Hy het 'n verbond met alle lewende wesens. Ook in die Wet is daar voorsiening gemaak dat mens en dier moet rus. In gemeenskap met Christus het gelowiges in diepe afhanklikheid en volle vertroue toegang tot God die Vader onder waarborg en deur die werking van die Heilige Gees.

Tweedens, 'n dualistiese visie op die mens word ook nie deur die eksegese ondersteun nie. Die hele mens is na die beeld van God geskape, die hele mens het dit alles verloor met die sondeval, en die hele mens word volledig herstel as gelowiges in Christus. Christus bring die hele nuwe skepping saam onder Hom – nou net ten dele in die universele kerk en in elke individuele gelowige, en eendag in 'n volmaakte nuwe hemel en nuwe aarde. Alle mense word opgeroep tot bekering, wat ook die sondes in die oorheersing, onderwerping en uitbuiting van die skepping insluit. Om in Christus God se beelddraer te wees, beteken om onderheerser oor die skepping te wees, maar een wat nie outonoom na eie goeddunke optree nie. Die onderheerser moet deur sugtende skepsels aangeroer word om iets te laat sien van hulle status in Christus; moet opgeroep word tot 'n vernuwing van denke en lewe; moet saam met elke skepsel in lofprysing aan God die Skepper uitbreek; en moet deur niemand anders as Jesus self daarop gewys word om baie mooi op die natuur te let. Die alledaagse lewe in die skepping bly 'n geskenk van God wat met groot dank geniet mag word. Die bybelse beeld wat geskets word, is iets heel anders as 'n gnostiese dualisme waar die materiële ondergeskik aan die geestelike gestel word.

Derdens, die gedagte dat Christelike vroomheid verlossing net sien as gerig op menslike welsyn en geneig is om te fokus op verlossing weg van hierdie aarde en nie ook *van* die aarde nie, is 'n ongelukkige syspoor wat ook nie deur die eksegese ondersteun word nie. Die aarde op sigself het

1436. Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 1.

nie in sonde geval nie (die mens het). Die grond, die land en die hele aarde treur weens die mens se sonde en morele verval, en die skepping steun en sug onder die las van die mens se vergrype. Die verwoesting van die natuur wat deur die mens veroorsaak word, is ten diepste die gevolg van die sonde, maar deur die verlossing en herskepping van die gevalle mens in Christus is daar vir die skepping ook hoop. Geen mens of ander skepsel kan daardie verlossing bewerk nie. Die kruisiging en opstanding van Christus is die enigste manier hoe die skepping vernuwe sal word. Die goeie nuus van die evangelie het dus gevolge vir die hele skepping. Die skepping getuig reeds van daardie hoop tot bevryding wat eendag volkome sal wees.

Vierdens, die gedagte dat Christene van die aarde na die hemel sal wegbreek, word ook nie deur die eksegese ondersteun nie. Die visie wat geskets word, is een van ’n nuwe aarde waarnatoe God sal afdaal om by die mense te kom woon. Die ganse skepping se vernuwing wag. Die beeld van vuur by die wederkoms spreek enersyds van God se vernietigende oordeel en andersyds van sy reinigingswerk. Die nuwe aarde ontstaan uit die ou aarde as fisiese, materiële werklikheid, gelouter van alle boosheid en sonde. Daardie nuwe skepping is alreeds daar in Christus en sal met sy wederkoms vervolmaak word.

Hierdie kort bespreking toon aan dat daar inderdaad ’n regstelling nodig mag wees onder sekere Christene in hulle siening van God en sy skepping, die mens se plek daarin en toekomsverwagting, en hoe dit die lewe op hierdie aarde beïnvloed. Daar kan gunstig reageer word op die analises van misinterpretasies in die Skrifuitleg oor die mens se verhouding met God se skepping, waarmee hierdie boek begin het. Die gevolgtrekking van sekere stromings in die ekoteologie dat die bybelse teks in wese behep is met menslike welstand ten koste van ander skepsels, en dat die die Bybel daarom met agterdog gelees moet word, word egter nie deur die bybelse eksegese wat hier aangeraak word, ondersteun nie. Sodra ’n standpunt ingeneem word dat die betroubaarheid en gesag van God se openbaring deur sy Woord nie onder verdenking is nie, soos in hierdie boek gepoog is om duidelik te maak, word die leser en die hoorder deur die teks *aangespreek* op ’n manier wat roep tot *inkeer en vernuwing*.

# Beperkings en verdere studie

## Beperkings

Hierdie studie het verskeie beperkings. ’n Punt van kritiek wat gelewer kan word, is dat die gebruik van sekere proeftekste die opsomming en tentatiewe gevolgtrekkings bepaal. Die gebruik van proeftekste op grond van sekere kernwoorde of gedagtes is inderdaad kwalik ’n manier van bybelse interpretasie. Dit beteken egter nie dat die eksegetiese gebruik van

sekere tekste summier uitgesluit moet word nie. Bybeltekste kan met groot vrug aangehaal word solank die eksegese binne konteks gedoen word om die sentrale punte wat gemaak word, te ondersteun.[1437] Die beperking is altyd dat die konteks verder uitgebrei en beter bestudeer kon word, maar dit is ’n beperking in graad en nie in metode nie. ’n Tweede beperking is die seleksie en aantal tekste wat gekies is vir eksegese. Alhoewel die meeste oorhoofse Bybelgenres ingesluit is, is daar wel verskeie Bybelboeke wat uitgesluit is in die eksegese wat hier aangebied is. In die uitsluiting wat noodgedwonge gemaak moes word, is die seleksie verder gelei deur toonaangewende boeke se tematiese keuses in die verhouding tussen die mens en die skepping vanuit ’n bybelse perspektief. Verdere hermeneutiese beheer is toegepas deur die tekste wat geselekteer is in konteks van die bepaalde Bybelboek en in samehang met die res van die bybelse kanon krities te interpreteer. ’n Derde beperking lê in die persoon van die eksegeet en die metode van eksegese self. Geen eksegetiese werk kan daarop aanspraak maak om ’n finale woord te spreek nie. Die uiteindelike beheer van die eksegese berus nie by die eksegeet self nie, maar by die gesag van die Skrif en moet deurentyd daaraan getoets word.

## Verdere studie

Verdere studie word beoog om die wins van die eksegese eerstens in die teologie en etiek, maar ook in toepassing na die praktyk verder uit te werk. Daarby sal gebruik gemaak moet word van ander toonaangewende bronne in bybelse en historiese eksegese en teologie. Die vooronderstelling wat op die teks toegepas word, dien egter altyd as kontrole in hierdie proses: *’n oortuiging van die Christelike waarheid en die absolute gesag van die Woord van God wat gevorm word deur die prediking en belydenisse van die kerk*. Die uitdagings wat hierdie proses sal inhou, vereis verdere eksegese van relevante tekste in die lig van die vrae wat na vore sal kom. Omdat die Skrifte deur één God aan ons geopenbaar word, is daar ’n “beginsel van harmonie” wat rigting verleen aan die taak van teologiese sintese. Omdat hierdie God onveranderlik en konsekwent is, word die taak van praktiese toepassing verder bevorder deur ’n “beginsel van universele toepassing”. Die outeur van die beoogde verdere studie sien dit as ’n verantwoordelikheid om die waarheid oor God (in hierdie geval gefokus op die vraag na die sorg van sy skepping), in soverre dit aan die mens bekend gemaak is, te identifiseer en toe te pas.

1437. Packer, “Infallible”, 334.

# Literatuurlys

Adams, Jay E. *Compassionate Counseling*. Cordova: Institute for Nouthetic Studies, 2020.

Aland, Kurt, Matthew Black, Carlo M. Martini, Bruce M. Metzger, and Allan Wikgren. "Introduction." In *Novum Testamentum Graece*. Stuttgart: Deutsche Bibelstiftubg, 1979.

Albright, William Foxwell. "Archaeology Confronts Biblical Criticism." *AmSch* 7 (1938): 176–188.

Allis, Oswald T. *God Spake by Moses: An Exposition of the Pentateuch*. Phillipsburg: Presbyterian and Reformed Publishing Co., 1951.

Anderson, Bernard W. ed. *Creation in the Old Testament*. London and Philadelphia: Fortress Press and SPCK, 1984.

Anderson, John E. "Creation." In *The Lexham Bible Dictionary*, edited by John D. Barry, David Bomar, Derek R. Brown, Rachel Klippenstein, Douglas Mangum, Carrie Sinclair Wolcott, and Lazarus Wentz. Bellingham: Lexham Press, 2016.

Anderson, Mic. "Corvidae." In *Brittanica*. Besoek 18 Maart 2022. https://www.britannica.com/animal/Corvidae.

Anon. *Hebrew Poetry*. Besoek 08 September 2022. https://www.encyclopedia.com/religion/encyclopedias-almanacs-transcripts-and-maps/hebrew-poetry.

Anon. *Morphology Charts*. Bellingham: Faithlife, 2014.

Anon. "Natural Theology." In *Brittanica*. Besoek 04 April 2022. https://www.britannica.com/topic/natural-theology-philosophy.

Arndt, William F., Felix W. Gingrich, and Frederick W. Danker. *A Greek-English Lexicon of the New Testament and Other Early Christian Literature*. Chicago: University of Chicago Press, 2000.

Augustine of Hippo. "The City of God." In *St. Augustin's City of God and Christian Doctrine*, edited by Philip Schaff, Translated by Marcus Dods, Vol. 2, A Select Library of the Nicene and Post-Nicene Fathers of the Christian Church, First Series. Buffalo: Christian Literature Company, 1887.

Austin, Benjamin M. "Animals." In *Lexham Theological Wordbook*, Lexham Bible Reference Series, edited by Douglas Mangum. Bellingham: Lexham Press, 2014.

Austin, Benjamin M. "Booths, Feast of." In *The Lexham Bible Dictionary*, edited by John D. Barry, David Bomar, Derek R. Brown, Rachel Klippenstein, Douglas Mangum, Carrie Sinclair Wolcott, and Lazarus Wentz. Bellingham: Lexham Press, 2016.

Austin, Benjamin M. "Divine Presence." In *Lexham Theological Wordbook*, Lexham Bible Reference Series, edited by Douglas Mangum. Bellingham: Lexham Press, 2014.

Balfour, John Hutton. *The Plants of the Bible*. London; Edinburgh; New York: T. Nelson and Sons, 1885.

Barr, James. *The Semantics of Biblical language*. Oxford: Oxford University Press, 1961.

Barrett, Michael P. V. *Beginning at Moses: A Guide to Finding Christ in the Old Testament*. Grand Rapids: Reformation Heritage Books, 2018.

Barry, John D., David Bomar, Derek R. Brown, Rachel Klippenstein, Douglas Mangum, Carrie Sinclair Wolcott, and Lazarus Wentz, eds. "Cedar." In *The Lexham Bible Dictionary*. Bellingham: Lexham Press, 2016.

Barry, John D., David Bomar, Derek R. Brown, Rachel Klippenstein, Douglas Mangum, Carrie Sinclair Wolcott, and Lazarus Wentz, eds. "Ibex." In *The Lexham Bible Dictionary*. Bellingham: Lexham Press, 2016.

Barry, John D., David Bomar, Derek R. Brown, Rachel Klippenstein, Douglas Mangum, Carrie Sinclair Wolcott, and Lazarus Wentz, eds. "Locust." In *The Lexham Bible Dictionary*. Bellingham: Lexham Press, 2016.

Barry, John D., David Bomar, Derek R. Brown, Rachel Klippenstein, Douglas Mangum, Carrie Sinclair Wolcott, and Lazarus Wentz, eds. "Nebiim." In *The Lexham Bible Dictionary.* Bellingham: Lexham Press, 2016.

Barry, John D., David Bomar, Derek R. Brown, Rachel Klippenstein, Douglas Mangum, Carrie Sinclair Wolcott, and Lazarus Wentz, eds. "Ox." In *The Lexham Bible Dictionary*. Bellingham: Lexham Press, 2016.

Barry, John D., David Bomar, Derek R. Brown, Rachel Klippenstein, Douglas Mangum, Carrie Sinclair Wolcott, and Lazarus Wentz, eds. "Sparrow." In *The Lexham Bible Dictionary*. Bellingham: Lexham Press, 2016.

Barry, John D. "Isaiah, Book of." In *The Lexham Bible Dictionary*, edited by John D. Barry, David Bomar, Derek R. Brown, Rachel Klippenstein, Douglas Mangum, Carrie Sinclair Wolcott, and Lazarus Wentz. Bellingham: Lexham Press, 2016.

Barry, John D., Douglas Mangum, Derek R. Brown, and Michael S. Heiser, eds. *Faithlife Study Bible*. Bellingham: Lexham Press, 2012, 2016.

Barth, Karl, Geoffrey William Bromiley, and Thomas F. Torrance. *Church Dogmatics: The Doctrine of Reconciliation, Part 3.1*, Vol. 4. London; New York: T&T Clark, 2004, 3-38.

Bartholomew, Craig C. and Michael W. Goheen. *The Drama of Scripture. Finding our Place in the Biblical Story*. Grand Rapids: Baker Academic, 2004.

Bauckham, Richard. *Bible and Ecology. Rediscovering the Community of Creation*. Waco: Baylor University Press, 2010.

Bavinck, Herman. *Gereformeerde Dogmatiek*. Tweede Deel. Vierde Druk. Kampen: J.H. Kok, 1928.

Beal, Matthew S. "Ten Commandments." In *The Lexham Bible Dictionary* edited by John D. Barry, David Bomar, Derek R. Brown, Rachel Klippenstein, Douglas Mangum, Carrie Sinclair Wolcott, and Lazarus Wentz. Bellingham: Lexham Press, 2016.

Beale, Gregory K. "Colossians." In *Commentary on the New Testament Use of the Old Testament*. Grand Rapids; Nottingham: Baker Academic; Apollos, 2007.

Beale, Gregory K. "Revelation (Book)." In *New Dictionary of Biblical Theology*, edited by T. Desmond Alexander and Brian S. Rosner, electronic ed. Downers Grove: InterVarsity Press, 2000.

Beale, Gregory K., and Sean M. McDonough. "Revelation." In *Commentary on the New Testament Use of the Old Testament*, edited by Gregory K. Beale and Donald A. Carson. Grand Rapids and Nottingham: Baker Academic and Apollos, 2007.

Beeke, Joel R. "Revelation." In *The Lectio Continua Expository Commentary on the New Testament*, edited by Joel R. Beeke and Jon D. Payne. Grand Rapids: Reformation Heritage Books, 2016.

Bennett, Stephen J. "Isaiah, Book of Critical Issues." In *The Lexham Bible Dictionary*, edited by John D. Barry, David Bomar, Derek R. Brown, Rachel Klippenstein, Douglas Mangum, Carrie Sinclair Wolcott, and Lazarus Wentz. Bellingham: Lexham Press, 2016.

Berkhof, Hendrikus. *Christelijke Geloof. Een Inleiding tot de Geloofsleer*. Nijkerk: Callenbach, 1973.

Berkhof, Louis. *Systematic Theology*. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans, 1938.

Berkouwer, Gerrit Cornelis. *General Revelation Studies in Dogmatics*. Grand Rapids: W.B. Eerdmans, 1955.

*Biblia Hebraica Stuttgartensia*, electronic ed. Stuttgart: German Bible Society, 2003.

Biblical Studies Press, *The NET Bible First Edition Notes*. Richardson, TX: Biblical Studies Press, 2006.

Blocher, Henri A. G. "Evil." In *New Dictionary of Biblical Theology*, edited by T. Desmond Alexander and Brian S. Rosner, electronic ed. Downers Grove: InterVarsity Press, 2000.

Blomberg, Craig L. "Matthew." In *Commentary on the New Testament Use of the Old Testament*. Grand Rapids and Nottingham: Baker Academic and Apollos, 2007.

Blomberg, Craig L. *The Historical Reliability of John's Gospel. Issues & Commentary*. Downers Grove: IVP Academic, 2001.

Bochart, Samuel. *Hierozoicon, Sive, Bipertitum Opus De Animalibus Sacrae Scripturae*. Londini: Excudebat Tho. Roycroft ... impensis Jo. Martyn et Jac. Allestry, 1663.

Bodenhamer, Kim Williams. "Poetry, Biblical." In *The Lexham Bible Dictionary*, edited by John D. Barry, David Bomar, Derek R. Brown, Rachel Klippenstein, Douglas Mangum, Carrie Sinclair Wolcott, and Lazarus Wentz. Bellingham: Lexham Press, 2016.

Boersma, Tjeerd. *Middenin de Eindstrijd. Een praktische uitleg van Openbaring*. Barneveld: de Vuurbaak, 1985.

Bonnhoeffer, Dietrich. *Life Together. The Classic Exploration of Christian Community*. New York: HarperOne, 1954.

Bookless, Dave. *Making a World of Difference*. Teddington, UK: Tearfund, 2023.

Bouma-Prediger, Steven. *For the Beauty of the Earth. A Christian Vision of Creation Care*. Grand Rapids: Baker Academic, 2008.

Brand, Chad, Charles Draper, and Archie England. "Straw." In *Holman Illustrated Bible Dictionary*. Nashville: Holman Bible Publishers, 2003.

Brannan, Rick. *Lexham Research Lexicon of the Hebrew Bible*. Bellingham: Lexham Press, 2020.

Brannan, Rick, and Israel Loken. *The Lexham Textual Notes on the Bible*. Lexham Bible Reference Series. Bellingham: Lexham Press, 2014.

Brown, Francis, Samuel Rolles Driver, and Charles Augustus Briggs. *Enhanced Brown-Driver-Briggs Hebrew and English Lexicon*. Oxford: Clarendon Press, 1977.

Brueggeman, Walter. *Theology of the Old Testament*. Minneapolis: Fortress Press, 1997.

Buckwalter, H. Douglas. "Testimony." In *Evangelical Dictionary of Biblical Theology*, electronic ed., Baker Reference Library. Grand Rapids: Baker Book House, 1996.

Calvin, John. *Commentary on 2 Peter*. Besoek 25 April 2022. https://biblehub.com/commentaries/calvin/2_peter/3.htm.

Calvin, John. *Commentary on Hebrews.* Besoek 03 Februarie 2022. https://biblehub.com/commentaries/calvin/hebrews/1.htm.

Calvin, John. "John." In *The Crossway Classic Commentaries*, edited by Alistair McGrath and James I. Packer. Wheaton and Nottingham: Crossway Books, 1994.

Calvin, John. *Institutes of the Christian Religion*, edited by John T. McNeill, Translated by Ford Lewis Battles, Vol. 1, The Library of Christian Classics. Louisville: Westminster John Knox Press, 2011.

Calvin, John, and Charles William Bingham. *Commentaries on the Four Last Books of Moses Arranged in the Form of a Harmony*, Vol. 3. Bellingham: Logos Bible Software, 2010.

Calvin, John, and James Anderson. *Commentary on the Book of Psalms*, Vol. 1. Bellingham: Logos Bible Software, 2010.

Calvin, John, and John King. *Commentary on the First Book of Moses Called Genesis*, Vol. 1. Bellingham: Logos Bible Software, 2010.

Calvin, John, and John Owen. *Commentaries on the Twelve Minor Prophets*, Vol. 1. Bellingham: Logos Bible Software, 2010.

Calvin, John, and William Pringle. *Commentary on the Book of the Prophet Isaiah*, vol. 3. Bellingham: Logos Bible Software, 2010.

Calvyn, Johannes. *Institusie van die Christelike Godsdiens,* vertaal deur H.W. Simpson met medewerking van C.M.M. Brink. Potchefstroom: CJBF, 1988 [1559].

Carpenter, Eugene E., and Philip W. Comfort. *Holman Treasury of Key Bible Words: 200 Greek and 200 Hebrew Words Defined and Explained*. Nashville: Broadman & Holman Publishers, 2000.

Carroll, John T. “Eschatology.” In *Eerdmans Dictionary of the Bible*, edited by David Noel Freedman, Allen C. Myers, and Astrid B. Beck. Grand Rapids: W.B. Eerdmans, 2000.

Carson, Donald A. “2 Peter.” In *Commentary on the New Testament Use of the Old Testament*, edited by Gregory K. Beale and Donald A. Carson. Grand Rapids and Nottingham: Baker Academic and Apollos, 2007, 1047–1061.

Carson, Donald A. “Revelation – Part 13.” In *D. A. Carson Sermon Library*, edited by Faithlife. Bellingham: Faithlife, 2016.

Carson, Donald A., and Douglas J. Moo. *An Introduction to the New Testament*. 2nd Ed. Grand Rapids: Zondervan, 2005.

Chester, Tim. “*Exodus for You*.” In *God’s Word for You*, edited by Carl Laferton. Surrey: The Good Book Company, 2016.

Chester, Tim. “*Revelation for You*.” In *God’s Word for You*, edited by Carl Laferton. Surrey: The Good Book Company, 2019.

Childs, Brevard S. “*Isaiah: A Commentary*.” In *The Old Testament Library*, edited by William P. Brown, Carol A. Newsom, and Brent A. Strawn. 1st Ed. Louisville: Westminster John Knox Press, 2001.

Childs, Brevard S. “Review. The Semantics of Biblical Language by James Barr.” *Journal of Biblical Literature* 80, no. 4 (1961): 374–377.

Chrysostom, John. “Homilies of St. John Chrysostom, Archbishop of Constantinople, on the Epistle of St. Paul the Apostle to the Colossians.” In *Saint Chrysostom: Homilies on Galatians, Ephesians, Philippians, Colossians, Thessalonians, Timothy, Titus, and Philemon*, edited by Philip Schaff, Translated by J. Ashworth and John Albert Broadus, Vol. 13, A Select Library of the Nicene and Post-Nicene Fathers of the Christian Church, First Series. New York: Christian Literature Company, 1889, 257–321.

Chrysostom, John. “Homilies of St. John Chrysostom, Archbishop of Constantinople on the Gospel according to St. Matthew.” In *Saint Chrysostom: Homilies on the Gospel of Saint Matthew*, edited by Philip Schaff, Translated by George Prevost and M.B. Riddle, Vol. 10, A Select Library of the Nicene and Post-Nicene Fathers of the Christian Church, First Series. New York: Christian Literature Company, 1888, 1–534.

Ciampa, Roy E., and Brian S. Rosner. “1 Corinthians.” In *Commentary on the New Testament Use of the Old Testament*. Grand Rapids; Nottingham: Baker Academic; Apollos, 2007, 695–752.

Clem, H. Eldon. “Megilloth.” In *The Anchor Yale Bible Dictionary*, edited by David Noel Freedman. New York: Doubleday, 1992.

Clements, Ronald E. “Proverbs.” In *Eerdmans Commentary on the Bible*, edited by James D.G. Dunn and John W. Rogerson. Grand Rapids; Cambridge: William B. Eerdmans Publishing Company, 2003.

Clendenen, E. Ray. “Hosea.” In *CSB Study Bible: Notes*, edited by Edwin A. Blum and Trevin Wax. Nashville: Holman Bible Publishers, 2017.

Cline, Eric H. *From Eden to Exile. Unravelling Mysteries of the Bible*. Washington, BC: National Geographic, 2007.

Cole, R. Dennis. “Wine.” In *Eerdmans Dictionary of the Bible*, edited by David Noel Freedman, Allen C. Myers and Astrid B. Beck. Grand Rapids: W.B. Eerdmans, 2000.

Collins, Brian. “The Mosaic Covenant.” In *Lexham Survey of Theology*, edited by Brannon Ellis and Mark Ward. Bellingham: Lexham Press, 2018.

Collins, Brian. “The Noahic Covenant.” In *Lexham Survey of Theology*, edited by Brannon Ellis and Mark Ward. Bellingham: Lexham Press, 2018.

Comfort, Philip W. *New Testament Text and Translation Commentary: Commentary on the Variant Readings of the Ancient New Testament Manuscripts and How They Relate to the Major English Translations*. Carol Stream: Tyndale House Publishers, Inc., 2008.

Conradie, Ernst. *Christianity and Earthkeeping. In Search of an Inspiring Vision.* Resources in Religion and Theology, 16. Stellenbosch: SUNMedia, 2011.

Crenshaw, James L. "Job, Book of." In *The Anchor Yale Bible Dictionary*, edited by David Noel Freedman. New York: Doubleday, 1992.

Cross, Frank L., and Elizabeth A. Livingstone, eds. *The Oxford Dictionary of the Christian Church*. Oxford; New York: Oxford University Press, 2005.

Curry, J. Christians. "Climate Change: A Social Framework of Analysis." *Perspectives on Science and Christian Faith* 60, no. 3 (2008): 156–164.

Curtis, Edward M. "Image of God (OT)." In *The Anchor Yale Bible Dictionary*, edited by David Noel Freedman. New York: Doubleday, 1992.

Davids, Peter H. "2 Peter." In *New Dictionary of Biblical Theology*, edited by T. Desmond Alexander and Brian S. Rosner, electronic ed. Downers Grove: InterVarsity Press, 2000.

Day, John. "Leviathan." In *The Anchor Yale Bible Dictionary*, edited by David Noel Freedman. New York: Doubleday, 1992.

Dearman, J. Andrew. *The Book of Hosea*. Grand Rapids; Cambridge: William B. Eerdmans, 2010.

Dell, Katharine J. "Job." In *Eerdmans Commentary on the Bible*, edited by James D.G. Dunn and John W. Rogerson. Grand Rapids; Cambridge: William B. Eerdmans Publishing Company, 2003.

DeMaris, Richard E. "Element, Elemental Spirit." In *The Anchor Yale Bible Dictionary*, edited by David Noel Freedman. New York: Doubleday, 1992.

Deppe, Dean. *The Lexham Clausal Outlines of the Greek New Testament: SBL Edition*. Bellingham: Lexham Press, 2011.

Driver, Samuel R., and George B. Gray. *A Critical and Exegetical Commentary on the Book of Job*. Edinburgh: T.&T. Clark, 1964.

Du Plessis, Phillipus J. and Bernard C. Lategan. *Agtergrond en geskiedenis van die Nuwe Testament*. Pretoria, Kaapstad, Johannesburg: Academia, 1983.

Duncan, Dawid E. *The Calender. The 5000-year struggle to Align the Clock and the Heavens—and What Happened to those Missing Ten Days*. London: Fourth Estate, 1998.

Dunne, John Anthony "Enuma Elish." In *The Lexham Bible Dictionary*, edited by John D. Barry, David Bomar, Derek R. Brown, Rachel Klippenstein, Douglas Mangum, Carrie Sinclair Wolcott, and Lazarus Wentz. Bellingham: Lexham Press, 2016.

Easton, Matthew G. *Illustrated Bible Dictionary and Treasury of Biblical History, Biography, Geography, Doctrine, and Literature*. New York: Harper & Brothers, 1893.

Edwards, James R. *The Gospel According to Mark*. The Pillar New Testament Commentary. Grand Rapids; Leicester: Eerdmans; Apollos, 2002.

Elliott, John H. "Peter, Second Epistle of." In *The Anchor Yale Bible Dictionary*, edited by David Noel Freedman. New York: Doubleday, 1992.

Erickson, Richard J. *A Beginner's Guide to New Testament Exegesis. Taking the Fear Out of Critical Method*. Downer's Grove: InterVarsity Press, 2005.

Evans, C. Stephen. *Pocket Dictionary of Apologetics & Philosophy of Religion*. Downers Grove: InterVarsity Press, 2002.

Evans, Mary J. "Blessing/Curse." In *New Dictionary of Biblical Theology*, edited by T. Desmond Alexander and Brian S. Rosner, electronic ed. Downers Grove: InterVarsity Press, 2000.

Eybers, Ian H. *A Geography of Biblical Israel and its surroundings*. Pretoria: NG Kerkboekhandel, 1978.

Faithlife Corporation. "Legalism." In *Logos Bible Software, Computer Software. Logos Bible Software Factbook.* Bellingham: Faithlife Corporation, 2022.

Faithlife Corporation. "Light (source of)." *Logos Bible Software, Computer Software. Logos Bible Software Bible Sense Lexicon*. Bellingham: Faithlife Corporation, 2022.

Fausset, R. *A Commentary, Critical, Experimental, and Practical, on the Old and New Testaments: Job–Isaiah*, Vol. III. London; Glasgow: William Collins, Sons, & Company, Limited, n.d.

Fee, Gordon D., and Douglas Stuart. *How to Read the Bible for All Its Worth.* 3rd ed. Grand Rapids: Zondervan, 2003.

Fensham Frank C., and Johannes P. Oberholzer. *Bybelse Aardrykskunde, Oudheidkunde en Opgrawings*. Pretoria, Potchefstroom, Kaapstad: Interkerklike Uitgewerstrust, 1972.

Ferguson, Sinclair B. "The Holy Spirit." In *Contours of Christian Theology*, edited by Gerald Bray. Downers Grove: InterVarsity Press, 1996.

Ferris Jr., Paul W. *A Guide to the Use of The BHS Critical Apparatus*. Arden Hills, MN: Bethel Seminary, n.d.

Finger, Thomas. "In the Name of Sophia." *Christianity Today*, November 14, 1994. Besoek 15 Julie 2022. https://www.christianitytoday.com/ct/1994/november14/4td044.html.

Fiorenza, Elisabeth S. *The Book of Revelation. Justice and Judgement*. Philadelphia: Fortress Press, 1985.

Frame, John M. "Infralapsarianism." In *Encyclopedia of the Reformed Faith*. Louisville; Edinburgh: Westminster/John Knox Press; Saint Andrew Press, 1992.

Frame, John M. *Salvation Belongs to the Lord: An Introduction to Systematic Theology*. Phillipsburg: P&R Publishing, 2006.

Freedman, David Noel ed. "Enos (Person)." In *The Anchor Yale Bible Dictionary*. New York: Doubleday, 1992.

Freeman, James M., and Harold J. Chadwick. *Manners & Customs of the Bible*. North Brunswick: Bridge-Logos Publishers, 1998.

Frick, Frank S. "Rain." In *The Anchor Yale Bible Dictionary*, edited by David Noel Freedman. New York: Doubleday, 1992.

Futato, Mark D. "The Book of Psalms." In *Cornerstone Biblical Commentary, Vol. 7: The Book of Psalms, The Book of Proverbs*. Carol Stream: Tyndale House Publishers, 2009.

Gabrielson, Timothy A. "Law." In *Lexham Theological Wordbook*, Lexham Bible Reference Series, edited by Douglas Mangum. Bellingham: Lexham Press, 2014.

Gaffin Jr., Richard B., "Glory." In *New Dictionary of Biblical Theology*, edited by T. Desmond Alexander and Brian S. Rosner, electronic ed. Downers Grove: InterVarsity Press, 2000.

Gamble, Richard C. *God's Final Revelation*, *Vol. 2, The Whole Counsel of God.* Phillipsburg: P&R Publishing, 2018.

Gamble, Richard C. *God's Mighty Acts in the Old Testament*, Vol. 1, The Whole Counsel of God. Phillipsburg: P&R Publishing, 2009.

Garrett, Duane A. "Hosea, Joel." In *The New American Commentary. Vol. 19a,* edited by E. Ray Clendenen. Nashville: Broadman & Holman Publishers, 1997.

Gay, Craig M. *The Way of the (Modern) World. Or, Why It's Tempting to Live As If God Doesn't Exist*. Grand Rapids: W.B. Eerdmans, 1998.

Gelston, Anthony. "Joel." in *Eerdmans Commentary on the Bible*, edited by James D.G. Dunn and John W. Rogerson. Grand Rapids; Cambridge: William B. Eerdmans Publishing Company, 2003.

Gentry, Peter J., and Stephen J. Wellum. *God's Kingdom through God's Covenants: A Concise Biblical Theology*. Wheaton: Crossway, 2015.

Gereformeerde Kerke in Suid Afrika (GKSA). "Heidelbergse Kategismus." In *Psalmboek*, geredigeer deur Deputate Calvyn Jubileum Boekefonds (CJBF). Sesde hersiene uitgawe. Wellington: Lux Verbi.BM, 2009.

Gereformeerde Kerke in Suid Afrika (GKSA). "Nederlandse Geloofsbelydenis." In *Psalmboek*, geredigeer deur Deputate Calvyn Jubileum Boekefonds (CJBF). Sesde hersiene uitgawe. Wellington: Lux Verbi.BM, 2009.

Gledhill, Thomas D. “Vanity.” In *New Dictionary of Biblical Theology*, edited by T. Desmond Alexander and Brian S. Rosner, electronic ed. Downers Grove: InterVarsity Press, 2000.

Goldingay, John. “Megilloth.” In *The Lexham Bible Dictionary*, edited by John D. Barry, David Bomar, Derek R. Brown, Rachel Klippenstein, Douglas Mangum, Carrie Sinclair Wolcott, and Lazarus Wentz. Bellingham: Lexham Press, 2016.

Goldsworthy, Graeme. “The Son of God and the New Creation.” In *Short Studies in Biblical Theology*, edited by D.C. Ortlund and Miles V. van Pelt. Wheaton: Crossway, 2015.

Goldsworthy, Graeme. *Christ-Centered Biblical Theology. Hermeneutical Foundations and Principles*. Nottingham: Apollos, 2012.

Goldsworthy, Graeme. *Preaching the Whole Bible as Christian Scripture: The Application of Biblical Theology to Expository Preaching*. Grand Rapids; Cambridge: William B. Eerdmans, 2000.

González, Justo L. *The Story of Christianity. Volume 1. The Early Church to the Dawn of the Reformation*. New York: HarperCollins, 1984.

Gorman, Michael J. *Reading Revelation Responsibly: Uncivil Worship and Witness: Following the Lamb into the New Creation*. Eugene: Cascade Books, 2011.

Grafius, Brandon. “Solomon, King of Israel.” In *The Lexham Bible Dictionary*, edited by John D. Barry, David Bomar, Derek R. Brown, Rachel Klippenstein, Douglas Mangum, Carrie Sinclair Wolcott, and Lazarus Wentz. Bellingham: Lexham Press, 2016.

Grenz, Stanley, David Guretzki, and Cherith Fee Nordling *Pocket Dictionary of Theological Terms*. Downers Grove: InterVarsity Press, 1999.

Grosheide, Frederik W. *De Brief aan de Hebreeën en de Brief van Jakobus*. Tweede herziene druk. Kampen: J.H. Kok, 1966.

Gunkel, Hermann. “The Influence of Babylonian Mythology Upon the Biblical Creation Story.” In *Creation in the Old Testament,* edited by Bernard W. Anderson. London and Philadelphia: Fortress Press and SPCK, 1984.

